

Prof. B.B. Keet (1885 tot 1974)

**Leraar en Hoogleraar
in die
Nederduitse Gereformeerde Kerk**

J.C. de Beer

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Teologie (Ekklesiologie)



aan die

Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. E. Brown

MAART 1992



PROF. DR. B. B. KEET

Kweekskool Stellenbosch 1919 — 1959

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

1 Desember 1991

OPSOMMING

Hierdie wetenskaplike biografie handel oor die lewe van prof. Barend Bartholomeus Keet. Daar is probeer om na die grondliggende karaktertrek in sy lewe deur te dring. In samehang hiermee is die vraag waarom prof. Keet dit nodig gevind het om standpunte in te neem, wat hom in die kerk en samelewing in gedrang gebring het, nagevors. Die invloed wat hy in dié verband uitgeoefen het, kon ook nie verbygegaan word nie.

Sy lewensloop is aan die hand van historiese verbande beskryf. Gebeurtenisse en debatte waaraan hy deelgeneem het, is onderken en beredeneer, ten einde tot 'n sintese te kom.

Uiteindelik is tot die slotsom gekom dat prof. Keet se lewe beheers is deur sy verstaan van sy roeping, nl. om die weg wat die Skrif in die samelewing aanwys, te verwoord. Hierin het drie persoonlikheidstrekke, nl. sy beredeneerde denke, sin vir geregtigheid en afkeer van partyskappe en verdeeldhede 'n deurslaggewende rol gespeel. Daarnaas was dit vir hom van kardinale belang dat hy hom as teoloog skriftuurlik en in 'n gereformeerde sin verantwoord.

Prof. Keet se invloed was veral daarin geleë dat hy die teologiese uitgangspunte van die Vrye Universiteit van Amsterdam in die Ned. Geref. Kerk ingedra het. Hy was egter versigtig dat die verkondiging van hierdie uitgangspunte nie tot 'n "engheid van denke" sou lei nie. Vir veertig jaar het hy voornemende predikante prinsipiëel onderrig. By sy aftrede het hy die voorreg gesmaak dat al die dosente aan die Teologiese inrigtings te Stellenbosch en Pretoria sy oudstudente was!

Verder het hy as etikus groot invloed uitgeoefen om die Ned. Geref. Kerk te oortuig dat die staatsbeleid van apartheid nie Skriftuurlik verantwoord kon word nie.

Ten slotte kan gesê word dat sy eie woorde: "Die kerk moet hom nie laat lei deur ander instansies nie, maar hy moet die weg aanwys vir andere", hierdie man se uitgangspunt in die lewe

was. Daarom was die woorde wat by sy begrafnis as teksvers gebruik is, so van toepassing: "Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare." (Mal. 2:7).

SUMMARY

This scientific biography deals with the life of Prof. Barend Bartholomeus Keet. An attempt is made to penetrate to the fundamental characteristics of his life, and to establish why Prof. Keet found it necessary on occasion to take a stand which brought him into conflict with the church and society. His influence on others in this regard is not ignored either.

The course of his life is described in its historical context. Events and discussions in which he took part are identified and discussed with a view to reaching a synthesis.

The conclusion arrived at is that Prof. Keet's life was governed by his interpretation of his calling, namely to verbalise the will of the Lord for society according to the Scriptures. Three of his personality traits, namely his formidable reasoning abilities, his sense of justice and his aversion to dissension, played a decisive role in this respect. It was therefore vitally important to him, as a theologian, always to be accountable to the Scriptures and the reformed tradition.

Prof. Keet's influence was especially evident in his introduction into the Dutch Reformed Church of the theological principles set by the Free University of Amsterdam. He was very particular, however that advocacy of these principles should not lead to a pedantic approach. For forty years he instructed future ministers in these principles. When he retired, he could take pleasure in the fact that all the lecturers at the Theological institutions at Stellenbosch and Pretoria were past students of his!

As an ethicist he exerted his influence to great effect to convince the Dutch Reformed Church that the State's policy of apartheid could not be substantiated by the Scriptures.

In conclusion it can be said that his own words "The church must not allow itself to be led by others; it should rather show others the way", serve to describe the fundamental

principle of his life. That is why the text used at his funeral was so appropriate: "It is the duty of priests to teach the true knowledge of God. People should go to them to learn my will, because they are the messengers of the Lord Almighty." (Mal.2:7)

VOORAF

Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat ek hierdie studie voltooi. Dit was 'n voorreg om die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk die afgelope eeu aan die hand van die studie oor die lewe van prof. B.B. Keet beter te leer ken.

Dit is vir my aangenaam om teenoor my promotor, prof. E. Brown, 'n woord van besondere dank uit te spreek. Ek beskou dit as 'n eer om die proefskrif onder sy leiding te kon voltooi. Sy wetenskaplike benadering, grondige teologiese kennis en insig, asook sy liefde vir die gereformeerde leer het 'n blywende indruk gemaak. Die vriendelikheid waarmee hy my altyd ontvang het, sal my eweneens bybly. Ook aan mev. Brown, wat my te alle tye met hartlikheid aan huis verwelkom het, my opregte dank.

In erkentlikheid dink ek aan my ouers en skoonouers, aan familiebetrekkings en vriende wat my met hul opregte belangstelling ondersteun het. My vrou het my voortdurend besielend bygestaan. Aan haar en ons kinders, wat tevrede moes wees om vir 'n hele aantal jaar baie min vakansie te neem, rig ek in besonder my dank.

Verder wil ek ook net aan die familie van prof. Keet my dank betuig vir hul vriendelike medewerking. Aan mev. Jessie Keet (eggenote) en mnr. B.B. Keet (seun) in die besonder, wil ek dankie sê vir hul bydrae.

In die laaste instansie sal ek ons getroue Hemelse Vader, wat my die geleentheid en die vermoë daartoe verleen het, innig dankbaar bly. My bede is dat hierdie werk die Kerk van Christus tot voordeel mag strek.

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING

HOOFSTUK 1: AFKOMS EN KINDERJARE (1885-1901)	4
1.1. Stamvader	4
1.2. Voorsate	5
1.3. Ouers	7
1.4. Kinderjare op Alice	9
1.5. Skoolloopbaan op Humansdorp	10
1.6. Matrikulering te Kaapstad	13
HOOFSTUK 2: NASKOOLSE STUDIELOOPBAAN IN S.A. (1902-1910)	17
2.1. Aan die Suid-Afrikaanse Kollege, Kaapstad	17
2.2. Aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch	20
2.3. Kulturele betrokkenheid op Stellenbosch	31
HOOFSTUK 3: NAGRAADSE STUDENT (1910-1913)	38
3.1. 'n Paar maande aan die Teologiese Seminarium van Princeton	38
3.2. Studentelewe te Amsterdam	40
3.3. Die teologiese uitgangspunte van die Vrye Universiteit van Amsterdam	41
3.4. Die verdediging van 'n proefskrif oor Troeltsch	47

HOOFSTUK 4: GEMEENTEBEDIENING AS HULPPREDIKER (1914-1916)	53
4.1. Hervatting van ou bande in Suid-Afrika	53
4.2. Hulpprediker te Noorder-Paarl	54
4.3. Bevordering van die ideaal van 'n eie Afrikaanse Bybelvertaling.	56
4.4. Die ontvangs van verskeie beroepe	62
HOOFSTUK 5: GEMEENTEBEDIENING AS LERAAR VAN GRAAFF-REINET (1916-1919)	70
5.1. Bevestiging	70
5.2. Lief en leed	72
5.3. Bybelvertaling gepaardgaande met gemeente-arbeid	74
5.4. Die groot griep	77
5.5. 'n Vredespreek bring onvrede	79
HOOFSTUK 6: BEROEPING NA EN BEVESTIGING AS HOOGLERAAR AAN DIE TEOLOGIESE SEMINARIUM TE STELLENBOSCH (1919- 1920)	84
6.1. Die beroep	84
6.2. Nadraai van 'n omstrede preek	85
6.3. Die Kaapse sinode se erkenning van Afrikaans as kanseltaal	87
6.4. Bevestiging te Stellenbosch	89

HOOFSTUK 7: DIE EERSTE JAAR TE STELLENBOSCH (1920)	96
7.1. 'n Mooi verhouding met studente	96
7.2. Skriba van die Raad van Professore	98
7.3. Spreker op die stigtingsvergadering van die ATV aan die Universiteit van Kaapstad.	100
7.4. Vervanging van 'n dogmatiekhandboek	102
7.5. Navolging van Geesink in die etiek	103
7.6. "Uit die buiteland"	103
HOOFSTUK 8: DIE JONG DOSENT AAN DIE KWEEKSKOOL ONDERSKEI HOMSELF (1921-1924)	107
8.1. Liefde vir jongmense	107
8.2. Voorsitter van die CSV	110
8.3. Die teleurstellende ontvangs van die "Proefbybel" in Afrikaans	112
8.4. Voltydse Bybelvertaling nie moontlik nie	114
8.5. Afname in betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans	118
HOOFSTUK 9: TEENSTAND TEEN PROF.KEET SE INTERPRETASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKREG (1924)	124
9.1. Agtergrond	124
9.2. Prof. Bennie se frustrasie	128
9.3. Vervanging van Macpherson met eie klasnotas	129
9.4. Reaksie op die redakteur van Die Kerkbode se siening van die kerkreg	132

9.5.	Die sluitingsrede van 1924	133
9.6.	Reaksie op prof. Keet se standpunte oor die kerkreg	136
HOOFSTUK 10: STADIGE VORDERING MET DIE VERTALING VAN DIE BYBEL, TERWYL ONWEERSWOLKE OOR DIE KWEESKOOLO SAAMPAK (1925-1927)		144
10.1.	'n Biografie oor sy vriend Tobie Muller	144
10.2.	Eindvertaler	146
10.3.	Onrustigheid oor Du Plessis se lering en stellings	149
10.4.	Lid van die Universiteitsraad en Universiteitsenaat	152
HOOFSTUK 11: 'N VERSOENINGSROL IN "DIE DU PLESSISSAAK" (1928- 1930)		156
11.1.	'n Bewuswording van die suiwer leer in die CSV	157
11.2.	Konvenor van 'n kommissie oor tweetaligheid op die S.U. kampus	158
11.3.	'n Voorlopige uitgawe van die Evangelies en Psalms	159
11.4.	Die Kuratorium se klagskrif i.v.m die leer van prof. J. du Plessis	160
11.5.	Die sluitingsrede van 1928	162
11.6.	Die Christelik-nasionale Bond van Calviniste in SA	166
11.7.	'n Akte van beskuldiging deur die Ringskommissie	167

11.8.	Die ringsitting	168
11.9.	Prof. Bennie Keet se voorstel aan die sinode	172
11.10.	Die sinode se standpuntinname teen prof. Du Plessis	174
HOOFSTUK 12: GESPANNE VERHOUDINGE (1930)		179
12.1.	Vertroebelde verhoudinge a.g.v. die leergeskil	180
12.2.	'n Junievakansie om te onthou	184
12.3.	Steeds in die gedrang	185
HOOFSTUK 13: 'N NUWE SITUASIE OP STELLENBOSCH (1931-1933)		190
13.1.	'n Tweede huwelik	190
13.2.	Sy eggenoot se betrokkenheid by die gemeenskap	191
13.3.	'n Nuwe situasie aan die Kweekskool	193
13.4.	Die afhandeling van die Du Plessissaak	195
13.5.	'n Nuwe Blad	201
13.6.	Begeleiding van die studente	201
13.7.	Die afhandeling van die Bybelvertaling	203
HOOFSTUK 14: VERSET TEEN ENGHEID IN DENKE (1933-1938)		207
14.1.	Die Keetgesin geniet agting by die inwoners van Stellenbosch	207

14.2.	Verontrusting oor konfessionele studente in die Kweekskool, wat as "elite groep" getipeer is	210
14.3.	Versoening	212
14.4.	Die afsterwe van prof. Du Plessis	213
14.5.	Die geval "Jordaan"	215
14.6.	'n Soeke na die ware aard van die Calvinisme	216
14.7.	Die CSV se gebondenheid aan die Ned. Geref. Kerk	220
14.8.	Spesialisasiemoontlikhede vir studente	224
14.9.	Waarskuwing teen sektarisme	226
HOOFSTUK 15: WEGWYSER IN 'N TYD VAN SOEKE NA GRONDLIGGENDE UITGANGSPUNTE (1939-1942)		233
15.1.	Besorgdheid oor die gevare van verkeerde nasionalisme	233
15.2.	"Ons kerklike regering"	236
15.3.	Oproep tot die adel in die Volkslewe	238
15.4.	'n Nuwe wêreldorde	240
15.5.	Teenkanting teen totalitarisme	241
15.6.	Die roeping van die Kerk	243
HOOFSTUK 16: RIGTINGGEWENDE TEOLOOG IN DIE KERK EN CSV (1942-1949)		248
16.1.	Uitreiking na anderskleuriges	248
16.2.	Leiding aan die Kerk deur Die Kerkbode	251

16.3.	Die CSV as vrye vereniging	255
16.4.	Segregasie in die CSV	258
16.5.	'n Nuwe situasie in Suid-Afrika	260
16.6.	Uittrede as voorsitter van die CSV	262
HOOFSTUK 17: "BROERS IN CHRISTUS, BEPERK" (1949-1955)		265
17.1.	Die Heilige Skrif en apartheid	266
17.2.	'n Getuie vir die ekumene	275
17.3.	Debat tussen teoloë	279
HOOFSTUK 18: OMSTREDE AFRIKANER (1956)		290
18.1.	"Suid-Afrika - Waarheen?"	290
18.2.	Reaksie op "Suid-Afrika - Waarheen?"	295
18.3.	Blanke Voogdyskap	297
HOOFSTUK 19: OMSTREDE, MAAR GERESPEKTEERDE HOOGLERAAR (1957-1959)		304
19.1.	Die sg. "Kerk-artikel"	304
19.2.	Die Hoernlé- gedenklesing	306
19.3.	Reaksie op die Hoernlé-gedenklesing	309
19.4.	Verering in sy laaste dosentejare	311
HOOFSTUK 20: DAADCHRISTENE GEVRA (1960-1963)		319
20.1.	Steeds betrokke	319

20.2.	Vernietigende brand in die Keetwoning	325
20.3.	Orde in die Kerk	326
HOOFSTUK 21: GEORGANISEERDE VERDEELDHEID (1963-1966)		331
21.1.	In die bres vir ds. Beyers Naudé	331
21.2.	Die verdeling van die CSV	339
21.3.	Uittrede uit die Universiteitsraad en -senaat	342
HOOFSTUK 22: DIE LAASTE JARE AS OMSTREDE, MAAR GERESPEKTEERDE TEOLOOG VAN DIE NED. GEREF. KERK (1966-1974)		345
22.1.	'n Noodsaaklike herinnering	345
22.2.	Verswakking van gesondheid	349
22.3.	Die einde van 'n sinvolle lewe	349
SAMEVATTING		353
CONCLUSION		371
BRONNELYS		389

PROF. B.B. KEET (1885 TOT 1974): LERAAR EN HOGLERAAR IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

INLEIDING

'n Biografie handel oor die lewe van 'n historiese figuur. Daarom moet 'n wetenskaplike biograaf probeer deurdring tot die grondliggende karaktertrek van so 'n persoon se lewe. Vervolgens moet hy dit sintetiseer met verwysing na gebeurtenisse waaraan die persoon deelgeneem het, sowel as sy beredenering daarvan.

'n Biografie oor B.B. Keet het vandag noodsaaklik geword vir die verstaan van ontwikkelinge in die teologie, asook ontwikkelinge in die Ned. Geref. Kerk. Keet was 'n leidinggewende en invloedryke akademikus en teoloog. Hy het die gangbare opvattinge in die kerk en samelewing voortdurend prinsipiële en Skriftuurlik onderken en beoordeel. Sy oortuiging was telkens in die gedrang by sommige mense. Tog moes hulle sy benadering en standpunte met erns bejeën. Hy het bykans in elke opsig die weg gewys, byvoorbeeld met betrekking tot Afrikaans as Bybel- en kerktaal, die belang van die plaaslike gemeente in die regering van die Kerk, asook die noodsaaklikheid van Skriftuurlike verantwoording in die ordening van die samelewing in 'n politieke sin en die kerkverband in 'n teologiese sin. Hoewel hy in bepaalde opsigte omstrede was, skyn dit asof die geskiedenis hom steeds meer gelyk gee.

In sy proefskrif oor prof. J. du Plessis het A.S. Erasmus gewys op die behoefte om Keet se lewe na te vors. Volgens hom het prof. Keet 'n alternatiewe gebied, toe die teologiese oortuiging van Du Plessis deur die Kerk afgewys is.¹

'n Probleem waarmee die biograaf worstel, is die feit dat prof. Keet nog so na aan ons tyd staan. Daar is dus min afstand om 'n objektiewe oordeel te vel. Verder word sy beeld algaande aangevul, wat die vraag oproep of dit werklikheidsgetrou is. Die biograaf kan maklik in die slagat trap om met sy eie inbeelding Keet hermeneuties te verstaan.

Die doel van die studie is daarom om op wetenskaplik-historiese wyse na te gaan wie prof. Keet werklik was, hoe hy aan sy uitgangspunte gekom het en waarom hy soveel aanklank sowel as teenstand ondervind het.

Die kernvraag is waarom prof. Keet dit nodig gevind het om standpunte in te neem wat hom in die kerk en samelewing in gedrang gebring het. In samehang hiermee moet uitgemaak word in watter sin hy invloed uitgeoefen het. Opvallend is die feit dat hy nie uitgesproke dissipels gehad het nie.

As hipotese word aangevoer dat hy die roeping aanvaar het om as wegwyser in die samelewing op te tree. Hierin het drie persoonlikheidstrekke, nl. sy beredeneerde denke, sin vir geregtigheid en afkeer van partyskappe 'n deurslaggewende rol gespeel. Daarnaas wou hy hom as teoloog in 'n gereformeerde sin Skriftuurlik verantwoord.

Die studie is 'n biografie van 'n teoloog, wat 'n teologiese begrip en beoordeling noodsaaklik maak. 'n Poging is aangewend om alle publikasies van prof. Keet, asook tersaaklike literatuur en argivale materiaal wat op hom en sy tyd betrekking het, te bestudeer, ten einde so ver moontlik 'n korrekte beeld van sy persoon en optrede te verkry.

Die beoordeling van prof. Keet is vanuit 'n gereformeerde oogpunt gedoen, meer spesifiek vanuit die perspektief van 'n lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde kerk. Keet self

¹ Erasmus, A.E.: Die bediening van Johannes du Plessis (1868-1935) in die Ned. Geref Kerk, met besondere verwysing na sy teologiese denke; ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, p.x

was eweneens leraar en hoogleraar namens die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Tog wil die biografie wetenskaplik verantwoord wees in die wyse waarop sy persoon, sy standpuntstelling en sy lewensbeskouing uitgeklaar word.

Ten slotte moet beklemtoon word dat hierdie 'n kerkhistoriese studie en wetenskaplike biografie is. Daar word ingevra op sy lewe in omvattende sin, maar nie omvattend t.o.v. een van sy betrokkenhede nie. Dit gaan nie om 'n sistematisering of 'n gespesialiseerde studie van Keet nie. Die skrywer wil bv. seker maak dat hy Keet as dogmatikus en etikus verstaan, maar Keet word nie beskryf as dogmatikus of etikus nie. Die navorsing moet dus nie beoordeel word asof dit gaan oor Keet as dogmatikus of etikus nie.

PROF. B.B. KEET(1885-1974): LERAAR EN HOOGLERAAR IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

HOOFSTUK 1: AFKOMS EN KINDERJARE(1885-1901)

In die hoofstuk word nagegaan waar die man Barend Bartholomeus Keet, wat later standpunte ingeneem het wat hom in die kerk en samelewing in gedrang gebring het, vandaan kom. Daar word nagespoor wie sy voorouers en ouers was en watter invloed hulle op hom gehad het. Sy kinderjare te Alice, Humansdorp en Kaapstad word ook bespreek. Daar word ook ingevra na die moottlike oorsprong van sekere van sy prominente karaktertrekke en standpunte, wat later sy lewensloop sou beïnvloed het. Waar kom sy onafhanklike denke vandaan? Waar kom sy ruim ekumeniese gees vandaan? Hoe het dit gekom dat hy die kultuurskatte van die Afrikaner leer hoogag het? Waar lê die wortels van sy godsdienssin en latere strewe om hom as teoloog in 'n gereformeerde sin Skriftuurlik te verantwoord? Die inhoud van hierdie hoofstuk probeer op hierdie vrae lig werp.

1.1 Stamvader

Bennie Keet se voorsate was Duitsers.¹ Die stamvader van die Keetfamilie in Suid-Afrika is Johannes Reinhardt Köth, oorspronklik vanaf Bingen. Hy het in 1755 as matroos in die Kaap aangekom.² Die eerste paar jaar was hy in diens van die Kompanjie. Sy naam verskyn in die "Generale Monsterrolle" onder die 90 man wat ingedeel is by "De Zeevaart". Vier maande na sy aankoms staan hy ingeskryf as "Rynhard Keet".³

Hy moes as "stuwadoor" of as handlanger by die skeepsherstel werk tot in 1762. Daarna het hy vryburgerskap aangevra en dit

¹ Sien Schmidt-Pretoria, W: *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes*; Hansche Verlagsbuchhandlung, Hannover, 1938.

De Villiers, C.C. en C.Pama: *Genealogies of old South African families*, Kaapstad, 1981, vol. 1, p. 384, meld dat sy vader 'n skipper te Bingen was.

² *Generale monsterrolle in staatsargief*, Kaapstad (1750 - 1755), VC44, 26.

³ Dieselfde.

ontvang.⁴ Soos so baie ander Kompanjiewerknemers in daardie tyd, het hy onder kontrak plaasarbeider en tegelyk private onderwyser vir een of meer vryboere geword. In dieselfde jaar trou hy met Johanna Roos⁵. In 1766 doen hy aansoek by goewerneur Ryk Tulbagh om herindiensneming by die Kompanjie, waarskynlik weens die insinking in die Kaapse voorspoed vanaf 1763.⁶ Hy het nooit weer die Kaap verlaat nie en is op 18 Julie 1787 te Kaapstad oorlede.⁷

Die stamvader se kleinseun, Gysbertus Keet, was Bennie Keet se oupagrootjie. Prof. Keet was dus die vyfde geslag van die Keetfamilie in Suid-Afrika.

1.2. Voorsate

Die Keet-geslagte was lief vir onderrig, hetsy as onderwyser of as leraar. Dit is reeds duidelik by die stamvader. Die stamvader se seun, Marthinus, het as voorleser ook die gemeente-onderwys te Tulbagh behartig.⁸ Later het hy na Montagu verhuis, waar hy, soos in Tulbagh, voorleser, maar ook sendeling was.

Marthinus se broer, Albert Erasmus van Wyk Keet, het ook uit Tulbagh na Montagu verhuis, waar hy ook 'n sendeling was. 'n Derde broer, Bernardus Johannes Keet, prof. B.B. Keet se oupa het soortgelyks van Tulbagh na Montagu getrek en was voorleser

⁴ Politieke Raad: Rekweste en nominasies, 1766, vol. 1145, 57, rekwest no. 65.

⁵ Huweliksregister, Kaapstad-gemeente, 1762, 18.

⁶ Politieke Raad: Rekweste en nominasies, 1766, 57, rekwest no. 65.

⁷ Schmidt-Pretoria, W.: **Der kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Buren volkes**, Hansche Verlagsbuchhandlung, Hannover, 1938, gee meer inligting oor hierdie tydperk.

⁸ Notule Kerkraad van Roodezand, 9 Junie 1816 en 9 Julie 1817; Gwen en Gawie Fagan se boek: **Kerkstraat in't Land van Waveren**, vertel oor die bydrae van die Keetfamilie te Tulbagh. Sien ook: Hoge, J.: **Personalia of the Germans at the Cape**, 1652-1806 (Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis, 9de jaargang, 1946.

daar(1869-1869). 'n Vierde broer, Johannes Rynhard Keet, was sendeling te Swellendam.

In hierdie jare is die "Independente Kerk" in Bredasdorp gestig deur beswaardes. In 1863, kort na die aankoms van ds. C. Marais as leraar van die Ned. Geref. Gemeente Bredasdorp, het 'n aantal bruin lidmate van die gemeente by die kerkraad aansoek gedoen om 'n eie sendeling. Die kerkraad het die versoek geweier. Dit sou blyk dat agter die versoek sekere blanke lidmate; o.a. die here W. Helm en P.J. Badenhorst, gesit het. Wat hulle ware motiewe was, is nie duidelik nie. Het hulle dalk ds. Marais van liberalisme verdink? Op 25 Junie 1863 het 24 beswaardes 'n vergadering op Bredasdorp gehou om 'n "Independente gemeente" te stig. Alle pogings om die skeuring te vermy, het misluk. Op 4 Februarie 1864 het die formele stigting van die gemeente plaasgevind, "om geen andere reden dan om de zuivere leer van de aloude Gereformeerde kerk in dit land te behouden". Aanvanklik het die gemeente uit tien persone, almal blankes, bestaan, maar dit het geleidelik tot 22 aangegroei.⁹

As eerste "predikant" het die Independente Kerk J.R. Keet, sendeling van Swellendam, beroep. Hy het vanaf 1868-1869 daar gedien. Hy is opgevolg deur sy broer B.J. Keet van Montagu(1869-1875), wat weer gevolg is deur hul broer, A.E. van W. Keet van Montagu (1875 tot met die Ind. Kerk se ontbinding in dieselfde jaar). Om begryplike redes was die Independente kerkgeboutjie te Bredasdorp bekend as die "Keetkerk".¹⁰

Dit blyk dus dat die Keetvoorsate godsdienstig aktiewe mense was, mense wat die Here gedien het. Hulle was egter

⁹ Oberholster, J.J. vertel in die boek **Die historiese monumente van SA**, Kaapstad, 1972, p.107 kortliks hierdie stuk geskiedenis van die Independente gemeente op Bredasdorp as hy handel oor die klein kerkie wat die lidmate daar gebou het en wat vandag 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Sien ook Dreyer, A: **Eufoes-gedenkboek van Bredasdorp**, 1838-1938, Kaapstad, 1938, 37-45.

¹⁰ vgl. Oberholster, J.J. **Historiese Monumente van SA**, Kaapstad, 1972, 107.

independente, wat hulle aan 'n plaaslike gemeente verbind het. In 'n omgewing waar die meeste mense tot die Ned. Geref. Kerk behoort het, moes hul hulself bewys as onafhanklike bedienaars van die evangelie.

Wat die ware motiewe was waarom hul hul vir bediening in 'n onafhanklike gemeente laat vind het, is onduidelik. Miskien was dit die feit dat dit vir hierdie broers die geleentheid gegee het om 'n blanke gemeentetjie te bedien, i.p.v hul kleurlinggemeentes, aangesien hulle weens gebrek aan die nodige kwalifikasies slegs "eerwaardes" was en nie "dominees" nie.

1.3. Ouers

Prof. Keet se vader was ook 'n leraar. Hy was dominee Barend Bartholomeus Keet, gebore 16 Augustus 1845. Hy het op Montagu grootgeword en het skoolgegaan te Paarl en Murraysburg. Tydens die geestelike herlewing van 1860 het hy onder die invloed van die plaaslike leraar, ds. Servaas Hofmeyr, tot bekering gekom.¹¹ Na sy skoolloopbaan gaan hy na Stellenbosch, waar hy hom as predikant bekwaam.

'n Skaarste aan gemeentes vir jong predikante noop hom om vir twee jaar hulpprediker te word vir ds. J. Pienaar van Uitenhage. Tegelykertyd het hy ook as skoolhoof van die kerkskool waargeneem.¹² In 1874 aanvaar hy 'n beroep na New Rush, die hedendaagse Kimberley.¹³ Dit was slegs ongeveer vier jaar na die ontdekking van diamante aldaar. 'n Gemeente is twee jaar tevore gestig. Dit het 'n verskeidenheid van mense gehad. Hulle was van oral afkomstig en het in haglike omstandighede hul fortuin kom soek. Vir die jong ds. Keet moes dit beslis 'n uitdaging gewees het. Na omtrent drie jaar op die diamantvelde is hy en Jacoba Petronella Herholdt op 8

¹¹ Inligting verkry vanaf mnr. B.B. Keet, prof. Keet se seun.

¹² *De Kerkbode*, 19 Sept. 1874, 292.

¹³ *De Kerkbode*, 19 Sept 1874, 292; sien ook Fullard, W.S.(sam.): *Eeufeusalbum van die Ned. Geref. Gemeente Kimberley, 1872-1972* vir meer gegewens oor Keet se vader se bediening te Kimberley.

Januarie 1878 getroud.¹⁴ Sy was 'n dogter van die destyds bekende ouderling M.J. Herholdt van Murraysburg.

Die ouers van genl. J.B.M. Hertzog was die Keets se bure op Kimberley. Die latere generaal en sy broers was in mev. Keet se Sondagskoolklas. Toe A.D. Keet, prof. Keet se broer, in later jare vir mediese opleiding na Nederland moes gaan, het genl. Hertzog glo gehelp om 'n klein beurs vir hom te bekom.¹⁵

Ds. Keet moes in Nederlands die Woord aan die myners bedien. Dit is 'n vraag of hy agtergekom het dat daar 'n verskil ontwikkel het tussen die Nederlands wat hy op die kansel moes besig en die omgangstaal. 'n Mens wonder ook in watter mate ds. Keet en sy gesin kennis geneem het van stemme wat begin opgaan het vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Op 7 September 1872 verskyn 'n artikel van Arnoldus Pannevis in *De Zuid-Afrikaan* oor "De Bijbel in het Afrikaansch." In 1873 publiseer C.P. Hoogenhout *Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en Huisouwers in hul eige taal geskrywe deur een vrind*.¹⁶ Op 7 November 1874 rig Pannevis 'n versoek aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap om die Bybel in "Kaaps-Hollands" uit te gee. Die B.B.B.G. was nie geneë om die Bybel in 'n "brabbeltaal" (soos Afrikaans deur Pannevis genoem is) te vertaal nie, maar het hul sekretaris in die Kaap, ds. G. Morgan, opdrag gegee om die saak te ondersoek. Ds. Morgan het in verbinding met ds. S.J. du Toit getree, waarop ds. Du Toit op 14 Augustus 1875 'n vergadering in die Paarl belê het om die saak te bespreek. Hierdie vergadering het besluit dat die tyd nog nie ryp was vir 'n Afrikaanse

¹⁴ Huweliksregister Murraysburg 1878, huwelik no.221; Kaapse Kerkargief G38 3/2.

¹⁵ Mondelinge mededeling deur mnr. B.B. Keet, seun van prof. Keet.

¹⁶ Vir meer inligting oor die strewe na 'n Afrikaanse Bybelvertaling gedurende die Eerste Taalbeweging, sien Nienaber, P.J.: **Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling**, Kaapstad, 1934, hfst. 2.

Bybelvertaling nie, maar het intussen oorgegaan tot die stigting van 'n Genootskap van Regte Afrikaners.¹⁷

In 1885 het die Genootskap die taak van Bybelvertaling aan ds. S.J. du Toit opgedra. Ds. Du Toit het baie van sy aandag aan die vertaling gewy en verskillende boeke uit die grondtale, Hebreeus en Grieks, vertaal. In 1889 het hy **Di Bybel in Afrikaans: Drie proewe** uitgegee. Daarna volg verskeie ander boeke. In 1893 verskyn **Di eerste boek van Moses, genoem Genesis**. Tot 1908 verskyn van ds. Du Toit se hand: **Genesis, Matteus, Openbaring, Psalme, Hooglied, Handeling** en **Markus**. Sy vertalings was egter nie populêr nie en met sy dood in 1911 het die werk tot stilstand gekom.¹⁸

Aan die einde van 1879 aanvaar ds. Keet 'n beroep na Alice. Hy is op 8 November 1879 daar bevestig.¹⁹

Te Alice is Barend Bartholomeus Keet op 20 Junie 1885 gebore. Min het sy ouers geweet dat hierdie seuntjie ds. Du Toit se ideaal van 'n eie Afrikaanse Bybelvertaling sou laat voortleef en ook baie energie aan die uitvoering daarvan sou bestee.

Bennie groei op in 'n pastorie, waar hy daaglik geestelik gevorm is deur 'n vader en moeder wat met groot toegewydheid geywer het vir die Heer. In die pastorie sou hy die lief en die leed van God se gemeente intens ervaar. Hier sou hy leer dat God se kinders nie almal engele is nie, maar dat die Heer van sy kinders verwag om aan elk van sy skepsele 'n plekkie in die son te gun.

1.4. Kinderjare op Alice

In die doopregister van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Victoria-Peddie staan onder datum 2 Augustus 1885 die doopnaam

¹⁷ Du Toit, S.J.: **Di Bybel in Afrikaans, Dri proewe**, Paarl, 1889, 5.

¹⁸ Nienaber, P.J.: **Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling**, Kaapstad, 1934, 29-41.

¹⁹ **De Kerkbode** 30 Augustus 1879, 292.

"Barend Bartholomeus Keet". Daarby is agt doopgetuies wat sy ouers se twee families en die wye vriendekring verteenwoordig.

Bennie Keet was die vyfde van sewe kinders. Een van sy broers was die later bekende digter-doktor van Senekal, A.D. Keet.

Die eerste paar jaar van sy lewe bring die jong seuntjie, Bennie, op Alice deur. Sy eerste onderwys ontvang hy van die twee dames "Brown" wat, by afwesigheid van 'n behoorlike skool, privaat-onderwys voorsien het.

Dit was van die begin af duidelik dat Ben skrander is. Hy het altyd op sy pa se skoot gesit as hy Bybel lees. Dit het seker gehelp dat hy lank voor ander kinders van sy ouderdom leer lees het.²⁰

1.5. Skoolloopbaan op Humansdorp

In 1894 het Bennie se vader 'n beroep na Humansdorp aanvaar.²¹ Vir die agtjarige seuntjie moes die gebeurtenis seker groot opgewondenheid veroorsaak het. Van die ophef wat van hul afskeid gemaak is, het hy dalk nie veel verstaan nie. Opmerklik was veral die hulde wat die Engelse inwoners aan die pastoriepaar gebring het.

Met die aankoms op Humansdorp was die gesin in die kollig. Die kinders is heel waarskynlik voor hul aankoms eers die leviete voorgelees oor hoe hul tussen die vreemde mense moes optree. Die nuwe leraar en sy gesin is met 'n groot aantal rytuie buite die dorp ontmoet en na die nuwe tuiste vergesel.

By die pastorie aangekom, sou die kinders 'n welkomslied vir die gesin sing. Daarna was daar toesprake deur die konsulent, asook deur die magistraat. Lg. het die nuwe leraar namens die publiek verwelkom.

²⁰ Mondelinge mededeling deur mev. J. Keet.

²¹ *De Kerkbode* 1894, 568.

Die Sondag was dit sy vader se intreepreek. Sy pa het na aanleiding van Handeling 10:30 en 33 gepraat en die aandag op vier punte gevestig: 1) 'n Gemeente deur die Gees berei; 2) 'n Prediker met die gees vervul 3) 'n Prediking deur die gees gesalf, en 4) Die seën van God op die prediking gestuur.²²

Te Humansdorp het die publieke skool, later bekend as die Milner Institute, vir meer doeltreffende onderwys aan die jong Bennie gesorg. Theo Pauw, seun van die destyds bekende eerw. J.C. Pauw van Wellington, was die skoolhoof. By hom het die jong pastorieseun onder andere Latyn geleer. Waar hy die enigste leerling in die Latynklas was, het dit dan ook dikwels gebeur dat die jongste nuusberigte oor die Anglo-Boere-oorlog, voor die aanvang van die les, eers druk bespreek is.²³

Bennie het goeie vriende met die "engelse predikant" se seun geword. Die Tsumi-rivier was vir hulle twee 'n bron van groot vermaak. Hulle twee het dan ook dikwels saam palings in die rivier gaan vang. Af en toe het hulle skool gebank om in die rivier te gaan swem.

So met die katterkwad en dinge het Humansdorp in die jong Bennie se hart ingekruip en het hy homself later altyd as 'n Humansdorper beskou. In sy volwasse jare het hy dikwels as hul daar verby ry, eers daar aangegaan.

Jare later, in 'n huldigingsboodskap in die **Suid-Ooster** van 5 Junie 1959, sê ds. J.L. Nel dan ook: "Dit is nie nodig om prof. dr. B.B. Keet aan ons op Humansdorp voor te stel nie. Hy is nog altyd een van ons. As hy gevra word om oor die radio te praat oor 'My kontrei', dan praat hy oor Humansdorp. Hy het my self eendag gesê dat hy na 40 jaar se verblyf op Stellenbosch nog nie 'n Bolander geword het nie. As hy voel hy moet 'n bietjie uitspan, dan is daar net een uitspanplek na sy hart en dit is hier by ons en ons viswaters. Hier byt vis vir hom

²² **De Kerkbode** 20 April 1894, p.568 het 'n berig oor die afskeid te Alice en ontvangs te Humansdorp.

²³ **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Junie 1965, 131: Lewensbeskrywing van prof. Keet deur prof. T. N. Hanekom.

anders en smaak pampoen soeter as êrens in die wêreld. Ons 'minse' is sy eie mense."

Humansdorp was die grootste gemeente in die Ring, van Tsitsikamma tot die Gamtoosvallei. Ds. Keet het dit sonder eie vervoer bedien. In 1898 was die lidmatetal 1571 met 'n sieletal van 2814.²⁴

Ds. Keet het van die begin af die leisels in die gemeente styf gehou. Mettertyd het hy die bediening na sy hand geskoei.

Reeds op sy eerste kerkraadsvergadering het die kerkraad besluit dat die dienste elke Sondag in Hollands sal geskied, behalwe op die tweede en die vierde Sondae, wanneer die aanddiens in Engels gehou sou word.²⁵ Op 2 Maart 1895 besluit die kerkraad om 3 maal per jaar Nagmaal in Engels aan te bied.²⁶

'n Groot deel van die kerkraadsvergaderinge se tyd gaan in die verkoop van kerkerwe in. Vir die Engelse kerk is 'n stuk grond geskenk om 'n kerk op te bou en vir die Episkopaalse Kerk 'n stuk grond vir 'n begraafplaas vir kleurlinge.²⁷ Geld is die wortel van alle kwaad, sou ds. Keet uitvind. So het die verkoop van die meentgrond aan die munisipaliteit bv. groot ongelukkigheid by een diaken, N.G. Human, veroorsaak, aangesien hy gereken het dat die grond te goedkoop verkoop is. Hy laat dan ook sy teenstem hieroor tydens die kerkraadsvergadering aanteken.²⁸

Ds. Keet se salaris was nie so dat die gesin rojaal kon lewe nie. Die kerkraad het hom heelwat minder as die ander predikante in die ring betaal. Toe die ring hulle later

²⁴ vir meer inligting oor ds. Keet se bediening te Humansdorp, sien Gerrytz, E. J.: **Humansdorp se groei en bloei, 1849-1949**, Stellenbosch, 1949, 44-51.

²⁵ Kerkraad van Humansdorp: Notule 7 April 1894.

²⁶ Dies., 54.

²⁷ Dies., 6 Okt. 1894, 46; 1 Junie 1895, 57; 29 Augustus 1896, 72.

²⁸ Dies., 29 Maart 1902, 162 .

daaroor aanspreek en vra dat hul moet oorweeg om sy salaris met 100 pond per jaar te verhoog, het die kerkraad sy weg net oopgesien om hom vir daardie spesifieke jaar 50 pond meer te gee.²⁹

Tog was die finansiële sy van die taak vir die Keetgesin nie alles nie. Toe ds. Keet in 1896 'n beroep na Amersfoort kry, bedank hy dit.³⁰

In Junie 1900 is die orreliste, mej. Pote, wat gesukkel het met die nuwe orrel, afgedank. Die kerkraad het besluit om mev. Keet te vra om die taak van orreliste op haar te neem, teen vergoeding van 22 pond per jaar.³¹

Dit was oorlogstyd. Die krygswet het ook sy invloed op die bediening gehad. Kerkraadsvergaderinge kon bv. nie gereeld gehou word nie.³²

Op Humansdorp kon leerlinge in daardie dae alleen middelbare onderwys geniet tot by die School Higher. Om die rede gaan die jong Bennie Keet, nog in die oorlogsjare, na Kaapstad, waar hy aan die South African College School (SACS) sy finale skoolopleiding kry.

1.6. Matrikulering te Kaapstad

Te Kaapstad sou Bennie leer om op eie voete te staan. Hier was nie 'n moeder of vader wat vir hom instaan nie. Hy moes leer om sy man te staan, om sy lewenswyse en lewenshouding te verdedig teen dié van die klomp verligte stadsjapies.

Tog is aan moedersknie 'n verantwoordelikeheidsin by hom gekweek, wat gemaak het dat hy hard bly leer het. Aan die

²⁹ Dies., 1 Des 1900, 154.

³⁰ **De Kerkbode**, 11 Julie 1896, 371.

³¹ Kerkraad van Humansdorp: Notule 7 Desember 1901, 161.

³² Dies., 1 Mei 1901, 156.

einde van 1901 slaag hy matriek. Hy staan vierde in sy klas. Saam met sy naam verskyn die van Tobie Muller.³³

Nadat Bennie weg is om in die Kaap te gaan studeer, sou hy altyd vakansies na sy ouers op Humansdorp terugkom terugkom.

Beoordeling

Vanuit sy afkoms, kan 'n paar afleidings gemaak word ten opsigte van die oorsprong van die persoon en karakter van Ben Keet.

Dit is duidelik dat hy sy onafhanklike oordeel van sy voorsate geërf het. Hiervan getuig die feit dat sy oupa en sy broers independente was. As die rede vir sy voorouers se onafhanklikheid m.b.t tot die Ned. Geref. Kerk dieselfde was as dié van die gemeente wat hul bedien het, nl. "om geen andere rede dan om de zuivere leer van de aloude gereformeerde kerk in dit land te behouden" in 'n tyd van toenemende liberalisme, dan kan afgelei word dat die wortels van Keet se strewe om hom as teoloog in 'n gereformeerde sin te verantwoord, reeds by sy voorouers te vinde was.³⁴

Beide Alice en Humansdorp het 'n sterk Engelse element in die gemeenskap gehad. Vir Bennie sou 'n Engelssprekende nie vreemd wees nie. Inteendeel, van sy maats het uit die geleedere gekom. Hy het geleer dat dit nie snaaks is as vriende 'n ander taal praat, na 'n ander kerk gaan en ander gewoontes in die huis het nie. Later sou dit hom 'n openheid van denke gee om positief te staan teenoor die ekumene, om nie eng oor die Afrikanervolk te dink nie, en ook om die nadelige invloed van apartheid op die anderskleurige bevolkingsgroepe raak te sien.

³³ Calender South African College School and S A College, 1901. Vir meer inligting oor Tobie Muller, sien Keet, B.B. en G. Tomlinson: *Tobie Muller, 'n inspirasie vir jong Suid-Afrika*, Kaapstad, 1925.

³⁴ sien Oberholster, J.J.: *Die historiese monumente van SA*, Kaapstad, 1972, 107.

Tog het dit hom bewus gemaak van 'n eie geloofsbeleving, taal en kultuur. Vir hierdie eiesoortige dinge het hy 'n liefde ontwikkel, wat hom sy lewe lank sou bybly.

Die hulde wat deur die Engelse inwoners aan Bennie Keet se ouers ten tyde van hulle vertrek vanaf Alice gebring is, 'n paar jaar voor die aanvang van die Anglo-Boereoorlog, dui daarop dat die pastoriepaar in hierdie spanningsvolle tyd daarin geslaag het om deur hulle optrede die respek van beide pole van die gemeenskap te behou. Hierdie atmosfeer van insiklikheid en onbevooroordeeldheid waarin Ben Keet grootgeword het, sou sy persoonlikheid grondliggend beïnvloed.

In sy ouerhuis te Humansdorp het hy gesien hoe sy ouers in die oorlogsjare beide Afrikaans- en Engelssprekendes bedien. By hulle was daar geen sprake van 'n bediening wat net eksklusief vir Afrikaners was nie. Die evangelie was bedoel vir alle mense. Moontlik het hierdie voorbeeld van sy ouers hom gelei in sy verset teen toenemende eksklusiwiteit by die Afrikaner. Dit was in stryd met sy opvoeding. Dit verklaar ook ten dele sy ruim ekumeniese gees.

Uit ds. Keet se intreepreek te Humansdorp is dit duidelik dat hy dit as sy roeping aanvaar het om deur die bediening van die Woord God se weg vir die gemeente se lewe aan te wys. Van hom sou sy seun die voorbeeld kry wat daartoe gelei het dat Bennie Keet jnr. as wegwysers in die samelewing sou uitstaan.

Bennie se vriendskap met die Engelse predikant se seun sou tiperend wees van sy lewe. Dit word gekenmerk deur hegte vriendskappe.

Die noue kontak wat hy reeds op jong ouderdom met verteenwoordigers van 'n ander kultuur gehad het, het later meegewerk dat hy hom nie in sy eie kultuurgroep teruggetrek het nie, maar met andere kon saamwerk vir die uitbreiding van Gods koninkryk. So het hy hom onder andere tuis gevoel in die inter-kulturele CSV en het hy hom ook nie laat vind vir die gedagte om die CSV net vir Afrikaner-Calviniste op te eis nie.

Tydens Bennie se jeugjare aan die "South African College School" ontstaan die vriendskapsverhouding tussen hom en die latere "volbloed" Afrikaner, Tobie Muller³⁵. Vanweë sy invloed sou Ben Keet later 'n vurige stryder vir die saak van Afrikaans word. Deur die stryd raak hy betrokke by die Afrikaanse Bybelvertaling, 'n taak wat hom 'n groot deel van sy lewe sou besig hou.

³⁵ Muller het op 21 Augustus 1914 'n toespraak gehou waarin hy die onderskeid gemaak het tussen "Volbloed versus pieperige nasionaliste". sien *Ons Moedertaal*, 15 September 1914, 61-66.

HOOFSTUK 2: NASKOOLSE STUDIELOOPBAAN IN SA (1902-1910)

In die hoofstuk word die jare wat Bennie Keet naskools in Kaapstad en Stellenbosch gestudeer het, ondersoek. Daar word gevra na die oorsprong van sy betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans, veral die invloed van sy vriend, Tobie Muller, asook die toespraak van dr. D.F. Malan. Het sy studies te Kaapstad iets met die ontwikkeling van sy sin vir geregtigheid gehad? Verder word ingevra op die teologiese onderrig van die Kweekskool te Stellenbosch, ten einde die invloed daarvan op Keet se latere standpunte na te speur. Die kernvraag in die hoofstuk vra dus na die bydrae van Bennie Keet se naskoolse opleiding op sy vorming om later as beredeneerde wegwyser in die Ned. Geref. Kerk op te tree.

2.1. Aan die Suid-Afrikaanse Kollege, Kaapstad (1902-1906)

In 1902 verskyn die sewentienjarige Bennie se naam onder die ingeskrewe studente van die klassieke departement ("Classical Department") aan die Suid-Afrikaanse Kollege.¹ Verblyf het hy gekry by Hofmeyrhuis in Rheederstraat.

Sy oogmerk was 'n loopbaan in die regte. Hy was gelukkig om 'n beurs van die South African College Union te kry, wat sy klasgeld gedek het.² Hy het hard geleer. In die eksamen aan die einde van die eerste sessie het hy 63% behaal. Die tweede sessie slaag hy daarin om sy punte op te skuif tot 74%, maar teen die derde sessie lê sy punte weer op 64%.³

Sy briljante skoolmaat, Tobie, het ook die kursus gevolg. Mettertyd het die twee 'n hegte vriendskap ontwikkel. Hulle het dieselfde belangstellings gedeel. Beide was verontrus oor

¹ South African College: Toelatingsregister 1902 - geen bladsyno's.

² SA College: Calender 1904, 15 en 17.

³ SA College: Puntereregister, Classical Department, 1900-1903.

die "minagting" van die Afrikaanse kultuur te Kaapstad en het gevoel dat iets gedoen moes word om dit te bevorder.⁴

Op die kampus het hulle hul Christenskap o.a. in die Christenstudentevereniging (CSV) uitgeleef. Tobie het vroeg as leier uitgestyg. So is hy dan in 1902 verkies as lid van die Sendingkomitee van die CSV se Uitvoerende Bestuur.⁵

Na die suksesvolle aflegging van die "Intermediate Class", het Bennie in 1903 met die Junior B.A.-klasse in die klassieke departement begin.⁶ Na die eerste sessie staan hy derde in die klas. Met die tweede sessie was hy afwesig, om een of ander onbekende rede. Dit moes hom baie teruggesit het, want in die derde sessie kon hy net 20% behaal. Met die vierde sessie het hy daarin geslaag om sy posisie weer tot derde te verbeter, met 'n persentasie van 48%.⁷

Bennie se vader se kragte was aan die afneem. Hy het reeds besluit om in April 1904 af te tree, maar hy sterf op 2 Desember 1903. Die aanleidende oorsaak was 'n lekhart, te wyte aan rumatiekkoors in sy jeug. Die roudiens op 4 Desember is waargeneem deur die konsulent en familievriend, ds. Pienaar van Uitenhage. Dit is bygewoon deur Afrikaners, Engelse en Jode uit die gemeenskap.⁸

Bennie sou sy vader baie mis. Hierdie raadgewer en vriend was nie meer daar nie. Sy vriende sou die leemte in sy lewe vul. Aanvanklik was dit Tobie en later sy eggenote. Sy moeder het op Humansdorp aangebly en nog baie jare die gemeente as orreliste gedien.

⁴ Keet se ervaring oor Afrikaans aan die Kollege Kaapstad, is te kry in sy toespraak by die stigting van die ATKV aldaar in 1920. Sien **Kwartaalblad Universiteit van Kaapstad** 1920, volume 3. no. 1 en 2; Argiewe van Universiteit Kaapstad.

⁵ CSV-Uitvoerende Bestuur: Notule 12 Februarie 1902, 54.

⁶ SA College: Toelatingsregister 1903 - geen bladsyno's.

⁷ SA College: Punteregister Classical Department, 1900-1903.

⁸ **Re-Echo**, 9 Desember 1903, bevat 'n verslag van die begrafnis.

Die volgende jaar, 1904, verander Bennie van kursus. Hy verlaat die "Classical Department" en sluit hom aan by die senior B.A.-klas in die "Mental and Moral Science Department".⁹

Die studies in "Mental and Moral Science" was blykbaar ingerig op voorbereiding vir die Kweekskool. Dit geskied onder leiding van hoogleraars soos C.E. Lewis(Grieks), W.S. Logeman en R.D. Nauta(Nederlands), J.C. Clark(Engels), H.E.S. Freemantle en T. Loveday(Filosofie). Sy dosent in Hebreeus was die hoofrabbi van Kaapstad, rabbi A.P. Bender.¹⁰ Laasgenoemde se deeglike werk het Bennie Keet in staat gestel om later aan die Bybelvertaling deel te neem, asook om vir 'n hele aantal jaar Hebreeus aan die Universiteit van Stellenbosch te doseer.

Die jaar gaan dit goed met sy studie. Hy kompeteer met een van sy klasmaats, Leopold Greenberg, om die beste punte. Aan die einde van die jaar behaal hy 'n brons medalje vir Filosofie. Die een vir Nederlands het Greenberg voor sy neus weggeraap.¹¹ Toe die Universiteit van Kaapstad jare later op 25 Junie 1954, 'n eredoktorsgraad aan hom toeken, is daar tegerlykertyd ook aan sy maat, toe regter L. Greenberg, 'n eredoktoraat verleen.¹²

Beide Bennie en Tobie het hul vir M.A. in Filosofie ingeskryf. Tobie het die M.A. reeds in 1906 behaal, maar Bennie sou 'n jaar langer neem.¹³

Dit bly 'n interessante vraag of Bennie Keet nie reeds aan die South African College vir G.B.A. Gerdener ontmoet het nie. Gerdener was drie jaar sy senior en het in 1898 matriek, 1899

⁹ SA College: Toelatingsregister, 1904, geen pagina no's.

¹⁰ Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Junie 1965, p. 132.

¹¹ SA College senate: Minute book, 1897-1908, 234.

¹² Universiteit van Kaapstad senaat: Notule, 19 Oktober 1953; Universiteitsraad: Notule 28 Oktober 1953 en 25 November 1953.

¹³ University of Good Hope, examining body for the colleges: Calender 1917-1918, deel 2, 31.

"Intermediate", 1901 B.A. en 1904 M.A. by dieselfde inrigting behaal.¹⁴

Terwyl Bennie nog by die kollege in Kaapstad was, het hy 'n hond met die naam van "Bones" gehad. Terwyl hy eendag met die trein ry, spring Bones by 'n stasie uit en daar trek die trein! Bennie is terug om te gaan soek, maar tevergeefs. Hartseer het hy huiswaarts gekeer. Verskeie kere het hy by die stasie verbygery, maar nooit was daar enige teken van Bones nie. Onverwags, omtrent 'n jaar later, ry hy weer by die stasie verby en daar staan 'n uitgeteerde hond. Hy het net een gil gegee: "Bones", toe spring Bones deur die venster by hom in die trein.¹⁵

Aan die kollege te Kaapstad was die dinge alte Engels. Die meerderheid dosente en studente was Engels. Die meerderwaardigheidsgevoel teenoor Afrikaners was iets wat hy moes verwerk. Hy het ervaar dat alles wat Afrikaans was, op neergesien is. Dit sou hom al meer daartoe bring om trots te wees op sy Afrikanerskap en dit met hand en tand te verdedig.

Sekerlik is daar ook gespot met die swak Nederlands wat die klomp Afrikaners gepraat het. Bennie Keet kon hom net op een manier verdedig, deur hierdie persone te probeer oortuig dat dit eintlik nie meer Nederlands is wat gepraat word nie, maar dat 'n eie taal onder die Afrikaners besig was om te ontwikkel.¹⁶

2.2. Aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch (1907-1910)

Hierna verskuif die studietoneel na Stellenbosch. Na die Admissie-eksamen op 24-25 Januarie 1906, saam met o.a. T.B.

¹⁴ University of Cape of Good Hope: Calender 1917 -1918, dl.2, 31.

¹⁵ Volgens mev.Keet het prof.Keet die verhaal van Bones dikwels vertel.

¹⁶ Keet se ervaring oor Afrikaans aan die Kollege Kaapstad, is te kry in sy toestraak by die stigting van die ATKV aldaar in 1920. Sien Kwartaalblad Universiteit van Kaapstad 1920, vol.3. no. 1 en 2; Argiewe van Universiteit Kaapstad.

Muller en E.E. van Rooyen, gaan Bennie Keet eers 'n tydjie skoolhou op Humansdorp. Vir hom sou dit heerlik wees om weer in die nabyheid van sy moeder te wees. Sedert sy vader se afsterwe in 1903, moes sy maar self regkom.¹⁷

Hy behou egter kontak met die CSV. Aan die einde van die jaar is hy dan ook verkies tot lid van die Bybelstudiekommissie van die CSV se Uitvoerende Bestuur.¹⁸

Vanaf 1907 tot 1909 studeer hy aan die Teologiese Seminarium.

Vir studie was fondse nodig. Sy weduweemoeder was nie in staat om dit alles te dra nie. So is daar om hulp aangeklop by 'n sekere oubaas Van der Ahee, 'n welgestelde boer van Murraysburg. Dit is onbekend óf hy verlangs familie, óf goeie vriende van prof. Keet se moeder was. Hy het die geld vir Bennie se studie voorsien. Dit is met verloop van tyd alles terugbetaal en tot verbasing van die Keet-gesin, het hy alles aanvaar!¹⁹

By sy vader sou Keet sy eerste kennis aangaande teologiese standpunte opgedoen het. Dit is 'n vraag hoe sy eerste ondervinding van teologie aan die Kweekskool met sy vader se standpunte ooreen gestem het. Kan dit aanvaar word dat die teologie wat die jong Bennie Keet aan die Kweekskool geleer het, nie veel verskil het nie van dié wat hy aan vadersknie geleer het?²⁰

Sy vader se dosente was proff. N.J. Hofmeyr en J. Murray, die eerste twee dosente aan die Kweekskool. Hulle, saam met ds. J.H. Neethling, het die laaste helfte van die negentiende eeu

¹⁷ Ned. Geref. Teologiese Tydskrif Junie 1965, 132.

¹⁸ CSV-Uitvoerende Bestuur: Notule, 5 November 1906, 140.

¹⁹ Inligting verkry vanaf prof. Keet se seun Bennie.

²⁰ Vir inligting omtrent die akademiese bestek in die vroeë jare van die Kweekskool, sien Ferreira, I.L.: **Die teologiese seminarium van Stellenbosch 1858 - 1963**, D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1972, 97-108.

as trio rigtinggewend in die Ned. Geref. Kerk opgetree.²¹ Die rigting waarin hulle leiding gegee het, word vandag getipeer as dié van die "evangeliesgesindes".

Die evangeliesgesindes het hulle oorsprong in die oortuiging dat die waarheid wat in die Skrif verwoord is, beleef en op alle lewensterreine uitgeleef moes word.²² In Engeland en Skotland het die Puriteine dit aanvanklik aangevoer. Later kom die Metodiste na vore en nog later word gepraat van die Evangeliesgesindes. In Nederland is dit die Nadere Reformasie genoem en later kom die Reveil na vore. In Duitsland was dit die Piëtiste en daarna die Erweckungsbeweging.²³

Vir die evangeliesgesindes het die Heilige Gees en sy uitsonderlike werking voorop gestaan. Die Woord bly vir die mens geslote, totdat Gods Gees dit open. 'n Gelowige kan slegs die Woord verstaan as hy vervul is met die Gees. Die Heilige Gees kom na die kerk deur "uitstortinge" of "herlewings".

Aan die Skrif as die Woord waarmee die Heilige Gees hom bedien, is vasgehou, veral toe dit in die gedrang gekom het by liberaalgesinde leraars.²⁴ Die evangeliesgesindes was uitgesproke teenstanders van die liberale rigting.

Klem is deur die evangeliesgesindes op gebed gelê. In die dienswerk van die kerk is sekere aksies, by name die sending en opvoeding uitgesonder as vrug van die Gees. Die bedienaars van die herlewing was ontevrede met die "toestand" van die

²¹ vgl. Brown, W: **Dominee Johannes Henoch Neethling (1851-1904), 'n yweraar vir Godsvrug**, ongepubliseerde proefskrif, Univ. van Stellenbosch, 1987, 340.

²² Graafland, : "Kernen en contouren van de Nadere Reformatie" in Malan, C.J.: **De Nadere Reformatie**, Potchefstroom, 1981, 351.

²³ Von Sauberzweig, H: **Er der Meister wir die Brüder**, Denkendorf, 1977, 24-42 wys daarop hoedat die Piëtiste 'n tiperende inslag in die onderskeie konfessionele kerke in Duitsland gehad het. So praat hy van 'n "reformierter Prägung".

²⁴ vgl. hierdie tendens by Runia, K: **Evangelisch-Reformatorisch-Gereformeed**, Appeldoorn, 1984, 20-21.

kerk in hul eie tyd. Slegs 'n herlewing, 'n uitstorting van die Gees kon dit red.

Die kerk moes herleef. 'n Herleefde kerk sou hom aan sy godsvrug laat ken. En godsvrug, of die vrug van die Gees, openbaar hom in die bekering van die sondaar en die heiliging van die lewe.²⁵

Bennie Keet se dosente was proff. N.J. Hofmeyr, P.J.G. de Vos, J.I. Marais, C.F.J. Muller en A. Moorrees. Dit was dus net prof. Hofmeyr wat aan beide Bennie en sy vader onderrig gegee het. Dit was ook net vir een jaar, want op 6 Februarie 1908 ontvang hy demissie.²⁶ Dit wil voorkom of al die professore gedurende Keet se studiejare positief gestaan het teenoor die evangeliese rigting. Hierdie invloed sou hulle ook op hul studente oordra en Keet is ook nie verbygegaan nie.

Bennie het 'n baie positiewe dunk van sy leermeesters gehad. Omtrent prof. Hofmeyr getuig hy later: "Nooit het hy hoogklinkende of kwasigeleerde taal in sy prediking gebruik nie; des te meer het dit opgeval hoe onder die eenvoudigste begrippe die diepste waarhede verkondig is, en dit is ten slotte die waarmerk van deeglikheid."²⁷

Ook prof. De Vos, vir wie Keet later sou opvolg, het 'n groot indruk op hom gemaak. In 'n lewenskets van die geëerde hoogleraar het hy sy groot nederigheid en beskeidenheid voorop gestel.²⁸

²⁵ Vgl. Graafland: "Kernen en contouren van de Nadere Reformatie" in Malan, C.J.: **De Nadere Reformatie**, Potchefstroom, 1981, 355.

²⁶ Prof. Hofmeyr sou nie lank na sy aftrede leef nie en op 2 September 1909 is hy oorlede. Hy sterf in die bekende Hofmeyerhuis net langs die CJV-saal. Op 4 September is twee dienste, een in die kerkgebou en die ander in die C.J.V-saal gehou om eer aan die ontslapene te bewys.

²⁷ **Eupeesuitgawe van die Kweekskool, Stellenbosch 1858-1959**, 27-31.

²⁸ Dieselfde.

Die Kweekskool was nou byna 'n halfeeou oud. Deur die jare heen het daar natuurlik 'n tradisie van onderrig ontwikkel.²⁹ Die Kweekskool moes vir homself 'n standpunt binne al die strominge wat op teologiese gebied in die wêreld aan die orde van die dag was, vind. Om die invloed van die Kweekskool op Bennie Keet tydens sy studentejare vas te stel, sal 'n paar vrae gevra moet word: Wat was die milieu waarbinne die teologie aan die Kweekskool in die eerste jare van die twintigste eeu gedoseer is? Watter plek het die Kweekskool binne die milieu ingeneem? Het Bennie Keet homself vereenselwig met die onderrig van hom, en het sy studie te Amsterdam later 'n kentering in sy denke gebring?

Die teologie wat aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch beoefen is, moet gesien word teen die agtergrond van die inrigting se ontstaan. Daar was verskeie redes vir die totstandkoming van die Kweekskool. In die eerste helfte van die negentiende eeu was daar 'n tekort aan leraars. Die hoë koste en taalprobleme het oorsese studie vir Suid-Afrikaners bemoeilik. Verder was in die Kerk 'n gegronde vrees vir die invloed van die liberaalgesinde Nederlandse leermeesters.³⁰ Deur die hele gereformeerde wêreld het in die negentiende eeu soortgelyke inrigtings ontstaan - onder andere in Skotland, Nederland, Switserland en Frankryk - om die modernistiese invloed teen te werk. 'n Mens sou dus verwag dat die Kweekskool in die beoefening van die teologie streng behoudend sou wees. Dit was ook so. Die Kweekskool was inderdaad 'n bolwerk teen buitelandse en binnelandse liberaal-teologiese invloed.³¹

²⁹ Vir 'n tipering van die Kweekskool, gedurende hierdie tyd, sien Erasmus, A.E.: **Die bediening van Johannes du Plessis (1868-1935) in die Ned. Geref. Kerk, met besondere verwysing na sy teologiese denke**, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 22-30.

³⁰ Hanekom, T.N.: "Die teologiese Kweekskool" in Smuts, F(red.): **Stellenbosch drie eeue**, Stellenbosch 1979, 316 en 317.

³¹ Sien bv. Van Rooyen, E.E.: **Die Teologiese Kweekskool en die handhawing van die gereformeerde leer (Gedenkboek van die Teologiese Seminarie, 128 e.v.)**.

'n Eie inkleding is aan hierdie anti-liberalisme gegee. In die beginjare is nie een teologiese skool van denke slaafs nagevolg nie. Studente is aan 'n wye spektrum teologiese beskouinge bekendgestel³². Volgens Thom was veral die Christologie wat aan die studente voorgehou is, kenmerkend van hierdie onderrig.³³ Volgens hom was beide J. Murray³⁴ en N.J. Hofmeyr³⁵ kenotici. Hulle het die menslikheid van Christus so beklemtoon dat Christus nie alwetend en alomteenwoordig hier op aarde was nie.

Vir sy dogmatiek het prof. J. Murray die boek van J.H.A. Ebrard **Christlike Dogmatik** gebruik. Ebrard was 'n aanhanger van die kenosisleer.³⁶ In 1883 is P.G.J. de Vos, wat te Edinburgh studeer het, as opvolger van Murray na die Kweekskool beroep. De Vos het in sy aanbieding van dogmatiek 'n meer behoudende en skolastiese Calvinisme as óf Hofmeyr, óf Murray verteenwoordig. Hy kan egter nie met S.J. du Toit gelyk gestel word nie.³⁷ Waar Murray en Hofmeyr die menslikheid van Christus beklemtoon het, het hy weer nadruk op sy goddelikheid gelê.³⁸ Aanvanklik het hy voortgegaan om Ebrard se **Christlike dogmatik** te doseer. Mettertyd het hy egter oorgeskakel na J.J. van Oosterzee se **Dogmatiek**, tesame met Charles Hodge se **Systematic Theology**.³⁹ Van Oosterzee was 'n voorstander van die kenosisleer, terwyl Hodge 'n uitgesproke teenstander daarvan was. Wat die Christologie

³² Onder meer Hodge, Kuyper, Ebrard, Martinsen, Tiele, Flint, Kuenen en Max Muller; Sien Moorrees se getuienis voor die hooggeregshof in Kaapstad; **Die Kerksaak**, 67).

³³ Thom, G.: **The development of theology at Stellenbosch from 1859 - 1919**, Doktorale proefskrif, Rhodes Universiteit, 324.

³⁴ Dies., 68.

³⁵ Dies., 185.

³⁶ Dies., 42.

³⁷ Dies., 297.

³⁸ Dies., 299.

³⁹ Dies., 295-299.

betref, kan egter met reg gesê word dat Keet die standpunt van Hodge geleer is.⁴⁰

Tog is dit waar dat die seminarium in die eerste twee dekades van die twintigste eeu, in sy afwysing van die teologiese liberalisme van sy tyd, wat die res van die teologie betref, sterk gesteun het op die "Bybels-apologetiese" standpunt van die Utrechtse skool in Nederland.

Hierdie skool het twee hoofwoordvoerders gehad: J.I. Doedes⁴¹ en J.J. van Oosterzee. Prof. P.J.G. de Vos het op Stellenbosch Van Oosterzee se **Christelike Dogmatiek** vir baie jare voorgeskryf. Soos reeds gesê, het hy die werk met ander dogmatiese beskouings aangevul, maar dit was die boek wat hy studente "laat leer" het.⁴²

Hierdie twee teoloë te Utrecht was die leiers van die "Bybels-apologetiese skool". In hul denke het vroomheid en redelikheid mekaar op 'n besondere wyse ontmoet. Hierdie twee akademici was ewe oud. Beide van hulle se opvattinge is gevorm in die spanning tussen, aan die een kant, die rasionalisme van hulle tyd en 'n star konfessionalisme aan die ander kant.

Die liberalisme van die negentiende eeu is 'n uitvloeisel van die Aufklärung. Denkers soos J.G. Fichte, G.W.F. Hegel, A. Comte, L. Feuerbach, en K. Marx het die gedagtes van die Aufklärung ideologies en filosofies gesistematiseer. Doedes en Van Oosterzee sou hierdie rasionalisme en gevaardgaande sekularisme afwys.

Tog wou die Bybels-apologetiese skool van Utrecht 'n oop gemoed vir moderne insigte behou. Daar moes 'n positiewe verwerking van die wetenskaplik-tegniese terrein wees. Daarom

⁴⁰ Dies., 299 en 319. Die volledige gegewens van die boeke is Ebrard, J.H.A.: **Christlike Dogmatik** (2 vols.), Königsberg, 1862 en 1863; Hodge, C.: **Systematic Theology** (3 vols.), London en Edinburgh, 1883; Van Oosterzee, J.J.: **Christelike Dogmatiek**, Utrecht, 1872.

⁴¹ vgl. Schram, P.L.: **Jacobus Isaac Doedes**, Wageningen, 1952.

⁴² vgl. Du Plessis se getuienis. Kyk **Die Kerksaak**, 47.

het Doedes en Van Oosterzee vir 'n bemiddelingsteologie gekies. Volgens hulle was die oud-supranaturalisme van hul voorgangers H.E. Vinke, H.J. Royaards en H. Bouwman uitgedien.⁴³ Hulle wou die winspunte van die Reveil veilig stel deur 'n moderne, positiewe Vermittlungsteologie.⁴⁴ Vir hulle was dit belangrik dat die vroeëre Supranaturalisme veredel moes word tot 'n moderne, Christelike supranaturalisme.⁴⁵ In navolging van A. Vinet en B. Pascal, en in aansluiting by "Vermittlungsteoloë" soos J.A.W. Neander, J.P. Lange, K. Ullman, H.L. Martensen, F.L. Godet en F.A.G. Tholuck, is 'n apologetiese benadering ter beveiliging van die Christelike geloof gestel.⁴⁶ Die Apologetiek moes "die laaste gronde van het geloof" ondersoek. Dit is van fundamentele betekenis beskou en het die grondslag vir die Dogmatiek gevorm.⁴⁷

Tiperend van die Vermittlungsteoloë is hul benadering tot die Skrifkritiek. Hulle het die radikale vorme van dié metode van ondersoek, soos voorgestaan en beoefen in die Tübingense skool, afgewys.⁴⁸ Tog wou hulle ruimte vir 'n legitieme en heilsame histories-kritiese metode vind. Die teologiese onderskeiding tussen Heilige Skrif en Woord van God sou dit bewerkstellig. In aansluiting by 'n personale inspirasiebeskouing, het Van Oosterzee dualisties 'n lyn getrek tussen Heilige Skrif en Woord, tussen die Goddelike en

⁴³ R.H. Bremmer: Johannes Jacobus van Oosterzee, in Nauta D. (red.): **Biographisch lexicon voor de geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme II**, 352 en 354.

⁴⁴ Haitjema, Th. L: **De nieuwere geschiedenis van Neerlands kerk der Hervorming**, 's Gravenhage, 1964, 213.

⁴⁵ van Oosterzee, J.J.: **Het leven van Jezus**, Utrecht, 1846, 233.

⁴⁶ van Rhijn, M: **Gemeenskap en Vereenzaming. Een studie over J.J. van Oosterzee**, Amsterdam, 1940, 108-123.

⁴⁷ Rasker, A.J.: **De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795**, Kampen 1974, 135.

⁴⁸ van Rhijn, M.: **Gemeenskap en Vereenzaming. Een studie over J.J. van Oosterzee**, Amsterdam, 1940, 170.

menslike in die Bybel. Om die Woord van God te onderken, is die Skrif histories-krities ondersoek.⁴⁹

Van Oosterzee en Doedes was nie net bekommerd oor die rasionalisme en teologiese modernisme van hulle tyd nie. Hulle wou ook die skeiding en verdeeldheid op kerklike terrein besleg. Omdat hulle 'n intellektuele formalisme en 'n verbroekeling van die Christelike geloof gevrees het, was hulle gedring om 'n bydrae te lewer tot die een groot stroom van die Christelike lewe. Daarom was die teoloë van Utrecht nie uitgesproke Luthers of gereformeerde nie.⁵⁰ Almal wat in hoofsake met die evangelie saamgaan, moes byeengebring word. Alhoewel hulle gekant was teen leervryheid, sou die konfessie nie vir Doedes en Van Oosterzee 'n hindernis in hierdie strewe wees nie. 'n Konfessionele stempel het by beide ontbreek. Van Oosterzee het 'n afkeer van Groen van Prinsterer (1801-1876)⁵¹ se "formulier-rechtzinnigheid" gehad.⁵² Doedes was krities teenoor die Hervormde Kerk se belydenisskrifte ingestel.⁵³

Die Gereformeerde gesindes het Van Oosterzee grensloos geïrriteer.⁵⁴ Vir Kuyper se standpunt oor die beperkte versoening, sy inspirasiebegrip, afwysing van die Skrifkritiek en sy eksklusiewe kerkbegrip, het Doedes en Van Oosterzee geen goeie woord gehad nie.⁵⁵ Vir hulle was die Gereformeerdes te eng. Die gereformeerde-konfessionele benadering van Kuyper was eenvoudig te beperkend vir hulle ruim, evangeliese aanslag.

⁴⁹ Haitjema, Th.L.: **De Nieuwere geschiedenis van Neerlandse Kerk der Hervorming**, 's Gravenhage, 1964, 213.

⁵⁰ Van Rhijn, M.: **Gemeenskap en Vereenzaming. Een studie over J.J. van Oosterzee**, Amsterdam, 1940, 170.

⁵¹ Vir meer oor hom, sien Mulder, H.W.J.: **Groen van Prinsterer: Staatsman en profeet**, Franeker, 1973.

⁵² Van Rhijn, M.: **Gemeenskap en Vereenzaming**, Amsterdam, 1940, 256.

⁵³ Haitjema, Th.L.: **De nieuwere geschiedenis van Neerlandse Kerk der Hervorming**, 's Gravenhage, 1964, 213.

⁵⁴ Van Oosterzee, J.J.: **Het Leven van Jesus I**, Utrecht, 1846, 233.

⁵⁵ Van Rhijn: **Gemeenskap en Vereenzaming: Een studie over J.J. van Oosterzee**, 108-123.

Volgens Van Oosterzee het Kuyper in sy strewende leer ten koste van die lewende oorbeklemtoon. Na sy oordeel was die Gereformeerde rigting op stuk van sake intellektualisties, formalisties en sektaries. Dit was 'n "bekrompe rigting", sonder enige toekoms.⁵⁶

Die dosente aan die Kweekskool te Stellenbosch het die Bybel veel sterker voorop laat staan. Dit is as vertrekpunt en kriterium geneem om die problematiek van geloof en rede op te los. So is probeer om aan die gevaar van die rasionalisme te ontkom. Daarom het die bibliologiese vakkegroep so prominent binne die teologiese ensiklopedie gefunksioneer.⁵⁷

Waar die belydenisskrifte vir Doedes en Van Oosterzee weinig meer as historiese formulerings was, is op Stellenbosch egter daarna verwys om aanvaarde leerstukke te verdedig. Daarmee is die teologie egter nie konfessioneel beoefen nie. Daar is nie eng oor die belydenisskrifte gedink nie. 'n Skotse student aan die Kweekskool stel dit so: "..... nothing that is widely apart from the Heidelberg Catechism is admitted."⁵⁸

Dit is duidelik te sien uit die bedenkinge van die dosente van die Kweekskool oor die historiese kritiek, dat die Bybels-apologetiese skool van Utrecht nie slaafs nagevolg is nie. By die Bybels-Apologesiese skool het hierdie metode meer sentraal gestaan. Ofskoon die metode en resultate hiervan aan die Seminarium aandag ontvang het, is dit alleen behandel, volgens Mackinnon "to be rejected".⁵⁹ Dit is nader aan die waarheid om te sê dat die problematiek wat hierdeur na vore gebring is, eenvoudig oor die hoof gesien is. Dit was in die konteks van die Ned. Geref. Kerk nie relevant nie!

⁵⁶ Dies., 170.

⁵⁷ Ferreira, I.L. **Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1958**, D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1972, 187.

⁵⁸ Mackinnon, J. **South African Traits**, Edinburgh, 1887, 24 en 25.

⁵⁹ Dieselfde.

Aan die Kweekskool self het die professore aanvanklik ook nie veel ooghere vir die teologie van Abraham Kuyper gehad nie. Een van die redes wat hiervoor aangevoer word, is dat Kuyper met S.J. du Toit geassosieer was. Omdat Du Toit 'n omstrede figuur was, het dit ook Kuyper in die oë van sommige leidinggewende groepe verdag gemaak.⁶⁰ So het F. Lion-Cachet in 1882-83 aan Kuyper geskrywe en onder meer gesê dat prof. Marais van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch "lijdt zeer aan mania-anti-Kuyperia" en het doelbewus studente afgeskrik om aan die Vrye Universiteit te studeer.⁶¹

Tot en met 1907 het studente wat verder wou studeer, hoofsaaklik na Utrecht gegaan. Na 1907 het die Vrye Universiteit egter die plek van Utrecht ingeneem vir studente wat verder wou studeer.⁶²

Die opsommende gevolgtrekking kan gemaak word dat Bennie Keet in Stellenbosch met verwysing na die Bybels-Apologetiese denkrigting van Utrecht opgelei is. Gepaardgaande hiermee was 'n evangeliesgesinde inslag en benadering.

Wat die kerkreg betref, is J. Macpherson se boekie **Presbyterianism** te Stellenbosch aan Keet gedoseer.⁶³ Die boekie is sedert 1886 deur prof. De Vos met die studente behandel. Moontlik is ook verwys na **The church and its policy** van C. Hodge.⁶⁴

Presbyterianism het die Skotse juridiese nuanse van die sinodale stelsel van kerkregering verteenwoordig. Volgens die nuanse kry die kerkvergaderinge voorrang. Die ouderlinge in

⁶⁰ Botha, M.E.: **Christelik-Nasionaal: Outentieke, ideologiese of gesekulariseerde nasionalisme?** Instituut van reformatoriese studie, P.U.C.H.O., Potchefstroom, 1982, 21.

⁶¹ Botha, M.E.: 1982, 21.

⁶² Odendaal, B.J. : **Die kerkregtelike betrekkings tussen Suid-Afrika en Nederland, 1652-1952, veral m.b.t die Ned. Geref. Kerk**, Franeker, 1957, 252.

⁶³ s.a.

⁶⁴ London, 1879. Dit sou verklaar waarom prof. Keet na Hodge verwys het in sy getuienis tydens die Du Plessissaak.

ampshoedanigheid, verteenwoordig die gemeentes op hoëre vergaderings. Vir Macpherson was hierdie vergaderinge kerklike howe, omdat hy dit benader het vanuit die regeertaak van die ouderlinge. Kerkreg, soos deur die dosente van die Vrye Universiteit van Amsterdam verteenwoordig, het nie aan die Kweekskool en Ned. Geref. Kerk aanklank gevind nie.⁶⁵

2.3. Kulturele betrokkenheid op Stellenbosch

Dit was nie net op teologiese gebied dat Stellenbosch 'n bepalende invloed op Keet sou hê nie. Die buitemuurse bedrywighede en vriende het 'n indruk op hom gelaat, wat sy hele lewe bepalend sou beïnvloed.

Kort na sy aankoms, in April 1907, het Bennie Keet die verteenwoordiger van Polumnia op die redaksie van die studentekoerant **Stellenbosch Students' Quarterly** geword.⁶⁶ Saam met hom op die redaksie was C.F. Kies en J.H. Eybers. Ander medewerkers was J.S. Marais, G.C. Tomlinson en D.F. Barnard. Aan die begin van sy redakteurskap het Bennie dit duidelik gestel dat hy nie kans gesien het om politiek in die blad te ontwyk nie. Hy het egter beloof dat hy sal probeer "to rise above narrow party politics and to view the situation from the broad principles of the national good". Hy skryf oor die verkiesings in Transvaal, oor die pragtige oorwinning wat die "Zuid-Afrikaanse Partij" behaal het. Nadat hy aan twee kwartale se uitgawes meegewerk het, neem J.S. Marais in September 1907 sy plek in as verteenwoordiger van Polumnia op die redaksie.⁶⁷

Op Stellenbosch was die seun van prof. C.F.J. Muller, Tobie, steeds een van Keet se boesemvriende. Hierdie vurige patriot en stryder vir Afrikaans as volkstaal, het 'n bepalende

⁶⁵ vir volledige bespreking van die kerkreg aan die kweekskool, sien hoofstuk 9.

⁶⁶ **Stellenbosch Students' Quarterly**, April 1907, 5.

⁶⁷ Dies., November 1907, 5.

invloed op Bennie Keet uitoefen. Tobie se onvermoeide ywer vir Afikaans sou hom ook inspireer. Omdat Keet na sy opleiding in Kaapstad eers gaan skoolhou het, was Tobie 'n jaar voor hom op Kweekskool. Uit Keet se latere lewe blyk dat dit sy natuur was om altyd alle kante van 'n saak teen mekaar op te weeg en dan 'n beredeneerde standpunt te formuleer. Hy het nooit sake gedryf nie. Eerder het hy probleme in standpunte uitgewys. Dit laat die vermoede dat hierdie sterk standpunt wat die jong Bennie Keet vir Afrikaans ingeneem het, deels die gevolg was van sy vriendskap met Tobie. Miskien het die voortvarendheid van die jeug ook daarin 'n rol gespeel.

Na die Anglo-Boereoorlog het daar onder die Afrikaners 'n nasionale beweging ontstaan om reg te laat geskied aan Afrikaans. Vanaf 1903 is verskeie takke van die Afrikaanse Taalvereniging(ATV) op verskillende plekke gestig. Hierdie vereniging het hom die bevordering van Afrikaans as doel gestel. Tobie Muller en sy vriende wou dus bitter graag 'n ATV-tak op Stellenbosch stig. Die groot hindernis was dat op Stellenbosch bloedweinig mense 'n aanvoeling vir Afrikaans gehad het. Die meerderheid van die Kweekskoolprofessore was gekant teen die beweging. So ook die professore aan die Victoria Kollege. Die ingesetenes self was byna eenparig teen die beweging gekant.⁶⁸ Tog het Tobie dit reggekry om op 24 Oktober 1907 'n tak met ongeveer 50 lede te stig. Hy is dan ook as eerste voorsitter gekies.⁶⁹

Op sy 85ste verjaardag het prof. Keet die jare in 'n onderhoud in *Die Burger* in herinnering geroep.⁷⁰ Volgens hom het D.F. Malan in 1908⁷¹ 'n toespraak met die tema "Het is ons ernst"

⁶⁸ Keet, B.B en G. Tomlinson.: *Tobie Muller*, 46.

⁶⁹ *Stellenbosch Students' Quarterly*, November 1907, 15.

⁷⁰ *Die Burger*, 20 Junie 1970.

⁷¹ Vir meer oor hom, sien Booyens, B: *Die lewe van D.F. Malan*, Kaapstad, 1969.

op Stellenbosch gelewer.⁷² By die geleentheid het Malan, in sy hoedanigheid as algemene voorsitter van die ATV voor die Stellenbosse tak gepleit dat Afrikaans die plek van Nederlands in Suid-Afrika moes neem.⁷³ Die rede daarvoor deur hom aangevoer, was dat taal die draer van die nasionale identiteit is. Hy het afgesluit met die versugting dat dit mag gebeur dat die jong Afrikaners wat hul eie taal liefhet, dit hul erns sou maak om die taal te beoefen. Aan hierdie oproep sou Bennie Keet gehoor gee. Die rede het hom so besiel dat hy hom by die Afrikaanse Taalvereniging aangesluit het.

Hy was baie betrokke by die vereniging. In 1910 is hy dan ook as voorsitter verkies.

Oor die invloed van die ATV en die betrokkenheid van Bennie Keet daarby, het prof. H.B. Thom hom baie jare later, by die verlening van 'n eredoktorsgraad aan Keet, soos volg uitgelaat: "Deur middel van die studente wat in werkkringe in verskillende rigtinge uitgegaan het, het hierdie vereniging groot invloed uitgeoefen en het dit dus, danksy die leiding van manne soos prof. Keet, 'n aansienlike bydrae tot die triomf van Afrikaans gelewer. Aangesien die vereniging ook veral onder leraars van die N.G. Kerk sterk steun gevind het, het dit in geen geringe mate nie bygedra tot die aanvaarding van Afrikaans as kanseltaal deur die Kerk."⁷⁴

In 1908 was Bennie Keet voorsitter van die Unie-debatsvereniging. 'n Wye reeks onderwerpe is gedebatteer - van sosialisme tot klassieke musiek.⁷⁵ Ook deur middel van hierdie vereniging het Bennie iets vir Afrikaans probeer doen. So het hy een aand 'n mosie ingedien, waarin hy die vergadering gevra het om Afrikaans as een van die amptelike

⁷² Die toespraak van 13 Augustus 1908 is opgeneem in Pienaar, s.w.: **Glo in u volk; Dr. D.F. Malan as redenaar, 1908-1954**, Kaapstad, 1964, 169-180.

⁷³ **Stellenbosch Students' Quarterly**, September 1908, 9.

⁷⁴ Vir die sitaat van die eredoktoraat, sien Universiteitsraad: **Notule**, 20 Junie 1959, 217 en 218.

⁷⁵ **Stellenbosch Students' Quarterly**, September 1908, 15

tale van die vereniging te erken. Op daardie stadium is 'n lid alleen toegelaat om Engels of Nederlands te gebruik. Dit is dus te verstane dat hierdie voorstel hewige diskussie uitgelok het. Die gevoelens het hoog geloop. Dit was net onbegryplik dat Bennie Keet so iets kon verlang. "Het hy dan geen agting vir sy vereniging, wat reeds so 'n ryke geskiedenis besit en sulke groot manne die wêreld ingestuur het nie? Dit was die gees van die vergadering. Dit was die gevoel van die jeug destyds...G'n wonder dat die mosie met 'n oorweldigende meerderheid afgestem is nie".⁷⁶ Die volgende jaar, 1909, het Keet as visevoorsitter van die vereniging gedien.⁷⁷

Dit was nie net studies en kultuur wat Bennie besig gehou het nie. Sport het ook nie agtergebly nie. Hy het aan voetbal en krieket deelgeneem. Oor een van die wedstryde van die Kweekskool teen die Victoria College, waarin hy gespeel het, het die studenteblyd rapporteer dat Tobie Muller die kaptein was. Oor Keet se spel het die blyd gesê: "Keet at full back for Seminary was sound, but the strength of the Seminary team lay in their forwards."⁷⁸ Wat die krieket betref, het hy in 1910 as onderkaptein van sy span gedien.⁷⁹

Aan die begin van 1909 het Bennie se vriend, Tobie Muller, die professore verstom toe hy 90% in die kandidaatseksamen behaal. Hy het net mooi 20% meer as die student naaste aan hom, E.E. van Rooyen, behaal.⁸⁰

In 1910 het Bennie sy teologiese studie aan die Kweekskool te Stellenbosch voltooi. Hy het nou wel nie soos sy vriend Tobie eerste in die klas gestaan nie, maar sy 74% in die

⁷⁶ Thom, H.B.(red.): **Stellenbosch 1866-1966: Honderd jaar van Hoër onderwys**, Kaapstad, 1966, 320.

⁷⁷ **Stellenbosch Students' Quarterly**, April 1909, 29.

⁷⁸ Dies., Junie 1908, 21.

⁷⁹ Dies., April 1910, 26.

⁸⁰ Raad van Professore: Notule, 18 Februarie 1909, 145.

kandidaatseksamen op 22 Februarie 1910 het aan hom 'n tweede plek besorg. Uit twaalf studente is dit nie te sleg nie.⁸¹

Beoordeling

Bennie Keet se studentejare, 1902 tot 1910, was 'n tydperk van volwassewording. Wat hy by sy ouerhuis aangeleer het, het hy nou in die studentejare sy eie gemaak. Sy ouers se beginsels het syne geword. So blyk dit bv. uit sy openheid vir ander kulture as sy eie. Tekenend van sy ouerhuis se openheid was die feit dat by sy pa se begrafnis Afrikaners, Engelse en Jode uit die gemeenskap teenwoordig was.

Verder is dit duidelik dat Bennie Keet gedurende sy studentejare baie sterk deur Tobie Muller beïnvloed is. Waar hy in sy ouerhuis geleer het om 'n oop gemoed teenoor andere se kultuurgoedere te behou, het hy in hierdie tyd, veral deur die invloed van Muller, tot die besef van die waarde van sy eie kultuurskatte gekom. Tobie sou hom meevoer in die stryd om die erkenning van die Afrikaanse taal.

Saam met Tobie Muller het Bennie Keet ook betrokke geraak by die Christenstudentevereniging. Die vereniging het 'n beslissende invloed op sy teologiese denke uitgeoefen. Dit sou hom later jare baie positief teenoor die ekumene stem. Verder sou dit sy evangeliese visie op die Skrif versterk.

Bennie se betrokkenheid by die redaksie van die Stellenbosch Student's Quarterly was die begin van sy optrede as wegwysers in die gemeenskap. Dit was ook die begin van 'n lang verbintenis met tydskrifte, as medium waardeur hy die weg probeer aanwys het.

Die toespraak van D.F. Malan op Stellenbosch het Keet oortuig om aan te sluit by die ATV. Hierdie stap het verreikende implikasies vir die res van sy lewe gehad. Dit sou hom bewus

⁸¹ Dies., 22 Februarie 1910, 150.

maak van die nood van 'n Afrikaanse Bybelvertaling, wat later baie jare van sy lewe in beslag sou neem.

Die vraag kan gevra word: Waarom het Bennie Keet hom aangetrokke gevoel tot die stryd rondom Afrikaans? Dit is so dat die invloed van sy vriend Tobie Muller veel daarmee te make gehad het. Dit kan egter ook aangeneem word dat Bennie ingesien het dat dit net nie reg is dat 'n volk hom altyd in 'n tweede taal moet uitleef nie. Hy sou die saak beredeneerd deurdink en insien dat dit vir sy volk nodig was dat hul bewus word van die eie taal wat onder hul ontwikkel het.

Dogmaties is Bennie Keet te Stellenbosch onderrig volgens die denke van Van Oosterzee se behoudende Bybels-apologetiese denkrigting. Alhoewel hy die teologie van Van Oosterzee en Doedes later sou verruil vir die gereformeerd-konfessionele benadering van die Vrye Universiteit van Amsterdam, was hy dit met die twee teoloë eens dat 'n mens jou nie so in jou teologiese standpunte moes verskans dat jy geen ruimte het vir ander Christene se standpunte nie. So sou hy in die dertigerjare hom nie heelhartig kon vereenselwig met die kritici van Du Plessis se enge opvattinge nie, ook nie met die Koers wat hulle in die krisis aangedui het nie.

Dit is ook duidelik dat wat die Christologie betref, Keet onderrig is in die standpunt van Charles Hodge, 'n uitgesproke teenstander van die kenosisleer. Dit verklaar gedeeltelik sy standpunte tydens die Du Plessissaak. Toe sou hy hom nie vereenselwig met Du Plessis se standpunt oor die aflegging van Christus van sy menslike eienskappe nie, maar eerder Bavinck se standpunt stel, wat aan beide die godheid en mensheid van Christus reg wil laat geskied. Daarteenoor het Du Plessis, wat langer onder Hofmeyr se invloed gestaan het, die kenosisleer verdedig.

Die Skots-juridiese nuanse van die presbiteriaal sinodale kerkregering, wat Keet tydens sy opleiding te Stellenbosch geleer is, sou hy later verruil vir die standpunte van die Vrye Universiteit. Nie die vergaderinge nie, maar die ampte moes die klem kry.

Die evangeliese benadering wat tiperend van die Kweekskool was, sou Keet sy lewe lank positief teenoor die CSV laat staan, ten spyte van die metodistiese inslag van die vereniging.

Ten slotte kan gesê word dat Bennie Keet in sy studentejare vertrouwd geraak het met die teologie wat in Suid-Afrika gangbaar was. Toe hy later, na sy buitelandse studie tot 'n ander standpunt gekom het, was hy deur sy voorgraadse studie goed toegerus om te weet waarin hy van die gangbare verskil het.

HOOFSTUK 3: NAGRAADSE STUDENT (1910-1913)

In Augustus 1910 vertrek die afgestudeerde Bennie Keet na die buiteland. Daar sou hy blootgestel word aan verskillende teologiese strominge. Is Keet in die tydperk so beïnvloed en in sy denke gevorm dat hy later in botsing gekom het met gangbare teologiese gedagterigtings in die Ned. Geref. Kerk. Was daar 'n verskil tussen die teologie wat in Stellenbosch en dié wat in Amsterdam gedoseer is? Indien wel, het Ben Keet hom laat vind vir die teologie van Amsterdam? Het hy aansluiting gevind by sy promotor, prof. Herman Bavinck? Wat was die invloed van sy navorsing oor die teologie van Ernst Troeltsch op sy lewe?

Die kernvraag oor hierdie lewensfase is: In watter sin het Bennie Keet se nagraadse studie daartoe bygedra dat hy later standpunte in Suid-Afrika gestel het wat hom by sommige in gedrang gebring het?

3.1 'n Paar maande aan die Teologiese Seminarium van Princeton

Bennie Keet het op 22 Februarie 1910 die kandidaatseksamen met onderskeiding afgelê. Hy het beplan om in die buiteland verder in die Wysbegeerte te studeer.

Aan die begin van Augustus 1910 verlaat hy sy vaderland. Hy en N.J. van der Merwe (1888-1940), latere bekende rondreisende spesiale evangelieprediker, het eers die Teologiese Seminarium in Princeton (VSA) besoek. Hul reis per skip is via Engeland na die VSA. Om die koste te besnoei, het hulle as deel van die bemanning van die skip as "Steeroids" gewerk.¹

Die reis op die Suevic het drie weke geduur. Vir Bennie was dit 'n ervaring. Die eerste paar dae wou hy byna dood van die seesiek. Hy kon nie naby die etenstafel kom nie. Later gaan dit beter. Die kos en drinkgoed op die skip was ook nie juis

¹ Re-Echo 5 Oktober 1910.

na wense nie. Aan die einde van die drie weke was hy al baie verveeld. Hy het hom soos volg uitgelaat: "Ik verlang al naar het einde van de reis, maar meer naar Zuid Afrika en Zuid Afrikaanse brood!"² Toe die skip in Plymouth in Engeland vasmeer, was 'n sekere heer Kies nie daar om hul te ontmoet nie. Hulle het alleen reggekome en losies by ene mev. Henning van Russel Square gekry. Die Dinsdag het hulle tot hul ontsteltenis ontdek dat hul name nie bespreek was op die skip wat hul na die VSA moes neem nie. Terwyl hul moes wag vir 'n plek, het hulle gebruik gemaak van die tydjie om Engeland 'n bietjie beter te leer ken. Hulle het die Westminster-abdy, Trafalgarplein, Piccadilly sirkus, die parlamentsgebou en die Teemsrivier besoek. Bennie het dit ook reggekry om vir 'n naweek na Nederland te gaan. Hier het hy by Willie Joubert en 'Bertie' in Amsterdam tuisgegaan. Willie was juis besig om hom voor te berei om sy proefskrif op 30 September 1910 te verdedig. Die onderwerp was: "De verhouding van geloof en weten in de Nederlandsche Theologie der negentiende eeuw, in het bijzonder bij Doedes en Van Oosterzee." Willie Joubert sou een van die eerste Suid-Afrikaanse studente wees wat aan die Vrye Universiteit doktoreer.³

Miskien is dit dié besoek wat hom laat begin twyfel het of hy nie sy studie in Nederland moes voortsit nie, eerder as in Amerika. Willie Joubert het hom heel moontlik ingelig het oor die resultate van sy navorsing. Miskien het hy ook vir Keet die teologiese plek van Amsterdam, Utrecht en ook Princeton uitgespel.

² Die Humansdorpse blad **Re-Echo** het vanaf 5 Oktober 1910 in drie agtereenvolgende artikels uittreksels uit Bennie se private briewe oor die reis gepubliseer. Die koerant het dit gedoen aangesien dit vir hom onmoontlik was om alles omtrent sy reis aan alle individuele bekendes te skryf.

³ Odendaal, B.J.: **Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland**, Franeker, 1957, 281-283 bevat 'n lys van studente in volgorde soos wat hul die verskillende teologiese skole gepromoveer het.

Sy boesemvriend Tobie was op daardie tydstip besig om aan die universiteit van Utrecht te studeer. Dit sou die keuse nog moeiliker maak om na die VSA te gaan.

Dit het dus 'n redelike tyd geneem voor Bennie uiteindelik in die VSA by Princeton aangekom het.

Alhoewel die kennismaking met voortreflike professore soos B.B. Warfield, C.W. Hodge en C.R. Erdman verrykend was, was Bennie Keet nie baie gelukkig met die situasie by Princeton nie. Dit het hom finaal laat besluit om eerder in Nederland te gaan studeer.

Keet het sy lewe lank 'n hoë dunk van die Teologiese Seminarium van Princeton, New Jersey, gehad. Dit blyk uit 'n artikel wat hy baie jare later in **Die Kerkbode** gepubliseer het. In die artikel het hy hom soos volg oor die Seminarium van Princeton uitgelaat: "Talle teologiese studente uit Suid-Afrika het vir korter of langer tye hulle daarheen gewend om onderrig in die gevorderde teologiese wetenskap by die uitstaande inrigting van die Presbiteriaanse Kerk in Amerika te ontvang. Die name Hodge, Alexander, Warfield, Eerdman, Mackay e.a. is ons welbekend, en hul geskrifte is in ons Teologiese Seminarium as handboeke voorgeskrywe en gebruik".⁴

3.2 Studentelewe te Amsterdam

Vanaf Januarie 1911 studeer hy dan aan die Vrye Universiteit van Amsterdam.

Hy het hom toegelê op Dogmatiek onder prof. H. Bavinck, Etiek, onder prof. W. Geesink en Kerkreg (onder prof. H.H. Kuyper).⁵

Aan studentelewe was daar genoeg om gesellig te wees, dikwels ook in die kringe van SASVIA, waar Afrikaners mekaar ontmoet het. In die tyd het later baie bekende name vanaf Suid-Afrika

⁴ **Die Kerkbode** 29 Januarie 1964, 141.

⁵ Keet, B.B.: **De Theologie van Ernst Troeltsch**, proefskrif, Amsterdam, 1913, voorwoord.

op die studenteregisters van Nederlandse Universiteite voorgekom. Te Amsterdam was o.a.: E.E. van Rooyen, W.F. de Vos, W. Nicol, J.A. van Aarde Smuts, J.S. Marais, L.J. Fourie, J.D. Roos en D.S.B. Joubert. Tobie Muller het in Utrecht studeer.⁶

Blykbaar het dit goed gegaan met die Afrikaners, want een na die ander promoveer hulle om na hul vaderland terug te keer. Op 1 Julie 1913 het Tobie Muller met sy proefskrif "De kennisleer van het Anglo-Amerikaanse pragmatisme" promoveer.⁷ Op 24 Oktober 1913 volg Keet se proefskrif oor die teologie van Ernst Troeltsch. Sy promotor was die befaamde geleerde, prof. Herman Bavinck.

Bennie, wat as kind - miskien by sy moeder - klavier leer speel het, het in Nederland darem nie net gestudeer nie. Hy het daar vir hom 'n ou klavier gekoop. In later jare sou hy glad nie meer klavier speel nie. Hy het egter altyd van mooi musiek gehou en dikwels musiekkonserte bygewoon.⁸

3.3. Die teologiese uitgangspunte van die Vrye Universiteit van Amsterdam

In Nederland was daar op hierdie stadium 'n hele aantal gereformeerde teologiese skole, by name Kampen, Leiden, Utrecht, Groninger en dan ook Amsterdam. Elkeen van hierdie skole het 'n eie teologiese standpunt gestel. Om die teologiese standpunt van die Vrye Universiteit van Amsterdam te verstaan, sal teruggegaan moet word na sy totstandkoming. Verder sal iets gesê moet word oor prof. Herman Bavinck, Ben Keet se promotor, asook oor H.H. Kuyper en W. Geesink.

⁶ 'n Meer volledige lys van studente wat in die tyd in Nederland studeer, verskyn in Odendaal, B.J.: **Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland, veral met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk**, Franeker, 1957, 281-283.

⁷ **De Kerkbode** 21 Augustus 1913, 700

⁸ Inligting van mev. Jessie Keet verkry.

In Nederland het die Hervormde Kerk in die negentiende eeu geworstel met die vraag hoe die kerk die evangelie en die kennis van die moderne wetenskap met mekaar kon versoen. Vir baie was die antwoord dat die teologie by die moderne wetenskap moes aanpas. Hierdie "Moderniste" het dan ook 'n liberale teologie beoefen. Die teologie moet redelik wees, anders is dit nie waar nie. Gevolglik het die absolute gesag van die Skrif as Woord van God in gedrang gekom.

Kerklik en teologies is hierdie liberale vertolking baie teengestaan. Veral die gewone gemeentelede was nie daarvoor te vinde nie.⁹ Die kerkregeringstelsel van die Hervormde kerk was egter in daardie dae so dat dit vir die beswaardes feitlik onmoontlik was om die verkondiging van die modernistiese teologie in die gemeentes te keer.

Dit het tot die "Afskeiding" in 1834 gelei, waar 'n aantal gemeentes naas die Hervormde kerk te staan gekom het.¹⁰ Hierdie gemeentes het hul later saamgevoeg in die Christelik Gereformeerde Kerk onder die Kruis. In 1854 het hulle 'n eie teologiese skool te Kampen geopen. Aan die inrigting is standpunt ingeneem teen die teologie van die Moderniste, veral soos dit in Leiden onder J.H. Scholten geleer is. Maar ook die bemiddelende teologie van Utrecht, wat deur Doedes en Van Oosterzee verwoord is in terme van 'n histories-apologetiese metode, sou afgewys word.

Intussen het die Hervormde Kerk self 'n predikant gekweek, wat die Nederlandse volk wou terugbring na die Skrif. Abraham Kuyper het hom met die mense van die Reveil vereenselwig, en was oortuig dat daar teruggekeer moes word na die Calvinisme. Hy wou 'n diepgaande reformasie in die Nederlandse volkslewe

⁹ Die liberale teologie en die reaksie daarteen kan nagelees word in Algra, H.: **Het Wonder van de negentiende eeuw, van vrije kerken en kleine luyden**, Franeker, 1965.

¹⁰ Algra, H.: **Het wonder van de negentiende eeuw**, 107 vv.

bewerkstellig, na die eise van 'n Calvinistiese lewensbeskouing.¹¹

Volgens Kuyper is daar geen duimbreedte van die werklikheid wat nie onder die koningskap van Christus val nie. Hierdie grondwaarheid van Calvyn het Kuyper verder ontwikkel in 'n totalitêre sisteem van beginsels.¹² Dit het hom laat werk met 'n begrip "die soewereiniteit van God", wat hy met verwysing na die Skrif beredeneer het. Die soewereiniteit moet tot uiting kom in die kringe waarin 'n bepaalde gesag gevoer word. So is die teorie van "soewereiniteit in eie kring" ontwerp. Hierdie soewereiniteitskringe is in die skepping self neergelê. Deur sy algemene genade onderhou God hierdie soewereine gesagskringe deur skeppingsordinansies. Hierdie skeppingsordinansies gee 'n bepaalde eie gesag, karakter en aard aan die onderskeie kringe. Die gesagskringe vertoon 'n groot verskeidenheid. Kuyper praat van die strewe na "uniformiteit" as die vloek van die moderne lewe. Hy werk die beginsel van verskeidenheid veral m.b.t. die volkereverskeidenheid verder uit. Volgens hom moet die kerk in sy vormasie hierdie beginsel van verskeidenheid eerbiedig.¹³

As gevolg van Kuyper se onvermoeide ywer, is "Die vereniging vir Hoër onderwys op gereformeerde grondslag" in 1878 binne die Ned. Hervormde Kerk gestig. In 1880 het hierdie vereniging oorgegaan tot die stigting van die Vrye Universiteit van Amsterdam. Daar was aanvanklik drie fakulteite, nl. Teologie, Lettere en Regte, met vyf hoogleraars, t.w. dr. A. Kuyper, F.L. Rutgers, Ph.J. Hoedemaker, F.W.J. Dilloo, en mnr. D.P.D. Gabius.

¹¹ Vir meer oor Kuyper, sien Winckel, W.F.A: **Leven en arbeid van dr. A. Kuyper**, Amsterdam, s.a.

¹² B. Goudzwaard, hoogleraar aan die Vrye Universiteit en 'n kenner van Kuyper, in sy boek **Soewereiniteit in eiger kring**, 1977, p.3, noem Kuyper "de groot sisteembouer."

¹³ Vir 'n uiteensetting van hierdie sisteem van beginsels, sien Botha, A.J.: **Die evolusie van 'n volksteologie**, Proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984, 420-436.

In 1886 vind die Doleansie plaas, met 'n hele aantal gemeentes wat hulle losgemaak het van die Ned. Hervormde Kerk. Aanvanklik wou hulle nie 'n eie kerk stig nie. Hulle wou net vry wees van die sinodale bestuurstelsel, sodat die plaaslike gemeente self oor sy lot kon besluit, veral t.o.v die handhawing van die gereformeerde leer.

Hierdie vrye gemeentes het by mekaar aansluiting gevind. In Januarie 1887 het hulle 'n kerklike kongres met mekaar gehou. Die twee dosente van die Vrye Universiteit, A. Kuyper en F.L. Rutgers, het sterk leiding geneem.

Rutgers was 'n kerkregtelike. Saam met E. Lohman het hy die Doleansiekerkreg aangelê, waarin vanuit die plaaslike kerk gedink is. Hulle was bedag op elke vorm van hiërargie. Hierin het hulle aansluiting by Voetius gevind, so is geglo.

Rutgers was oortuig dat die kerk geen klassikale of ander besture moes kies nie. Die kerke kon alleen deputate benoem en hulle moes alleen uitvoer wat die kerke aan hulle opgedra het. Daar is ook geen rangorde in die verhouding tussen kerkraad, ring en sinode nie. Die gesag van die sinode is nie die gesag van 'n hoëre vergadering nie, maar van 'n meerdere vergadering. Hy het hom sterk teen enige vorm van hoër gesag uitgespreek. O.l.v. Rutgers is besluit om geen nuwe kerkorde te skryf nie, maar dat die dolerendes na die Kerkorde van Dordt sou terugkeer.¹⁴

In 1892 het die kerke van die Doleansie met die Christelike Gereformeerde Kerk verenig, die kerk wat sy ontstaan na die afskeiding van 1834 gehad het. Die verenigde kerk kon sy predikante laat oplei by óf die teologiese skool van Kampen óf die Vrye Universiteit van Amsterdam.

¹⁴ oor die kerkreg wat Rutgers verwoord het, kan gelees word sy publikasies, o.a.: *Het Kerkverband*, 1882; *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*, 1890; *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*, 1889; *De geldigheid van de oude kerkenordeningen der Nederlandsche Gereformeerde kerken*, 1890; *Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt*, 1894; *De beteekenis van de gemeenteleden als zoodanig, volgens de beginselen, die Calvyn heeft toegepast*, 1906; *Kerkelijke adviezen*, 1921.

Een van Kampen se dosente ten tyde van die vereniging, was dr. Herman Bavinck, onder wie Bennie Keet, amper twintig jaar later sou studeer.

Herman Bavinck was 'n medestander van Abraham Kuyper en het sy ideaal van 'n nasionale Reveil gedeel. Saam met Kuyper het hy hom teen die Modernisme verset. Bavinck het ook Kuyper se teologiese uitgangspunt, nl. dat teruggekeer moes word na die Calvinisme, gedeel.¹⁵

Die beginpunt van Bavinck se dogmatiese aktiwiteit is sy intreerede by Kampen(1883).¹⁶ Hieraan blyk reeds sy meesterlike hantering van dogmatiese ontleding en sistematisering. Hy het sentrale vrae in die teologie aangespreek. In 1895 het die eerste deel van sy **Christelike Dogmatiek** verskyn. Anders as Kuyper het hy sy dogmatiek Skriftuurlik en histories gaan beoefen. Aan die patristiese en skolastiese teologie het hy meer aandag geskenk as aan protestantse dogmatici. Hy wou sy bondgenootskap met die voorgeslagte toon. Hy het geweier om te glo dat Irenaeus, Augustinus en Thomas uitsluitlik aan Rome behoort. Die volgende drie dele van sy **Christelike dogmatiek** het in 1897, 1898 en 1901 onderskeidelik verskyn.

In 1902 is Bavinck as opvolger van Kuyper na Amsterdam. Vanaf 1906 tot 1911 het die tweede druk van sy **Christelike Dogmatiek** verskyn. Dit verskil daarin dat die vorm verbeter is en dat ook van Troeltsch en ander moderne teoloë rekenskap gegee is.

Omstreeks 1910, juis toe Keet hom by die Vrye Universiteit aangesluit het, het 'n heftige stryd tussen die moderniste en die ortodoksie opnuut ontbrand. Aanleidend hiertoe was 'n aantal publikasies van prof. B.D. Eerdmans in die modernisties gesinde **Teologische Tijdschrift** in die jare 1909-1910, waarin

¹⁵ Die verhouding van Bavinck tot Kuyper, Rutgers en ander Nederlandse teoloë word onder andere bespreek in Bremmer, R.H.: **Herman Bavinck en zijn tijdgenote**.

¹⁶ Bavinck, H: **De wetenschap der heilige Godgeleerdheid**, Kampen, 1883.

hy 'n aanval gedoen het op die teologie van A. Kuyper. Daarnaas het in 1911 die boek van C.B. Hylkema: **Oud en nieuw Calvinisme** verskyn. Bavinck het op 20 Oktober 1911 in 'n lesing met die tema: "Modernisme en Ortodoksie" op Eerdmans reageer.¹⁷

Dit verbaas dus nie dat toe Keet vir Bavinck in 1910 nader om 'n onderwerp vir 'n doktorsale studie, dat Bavinck gedink het aan die teologie van Ernst Troeltsch nie. Die modernisme het Bavinck se persoon en sy uitgangspunte bevraagteken. Hyself het dus 'n behoefte gevoel dat 'n goed verantwoorde repliek moes kom op dit wat Troeltsch gesê het.

Bavinck het 'n geweldige invloed op Bennie Keet uitoefen. Tekenend hiervan was dat Keet vir die dogmatiek aan die Kweekskool Van Oosterzee se boek oor die dogmatiek met dié van Bavinck vervang het.

As 'n mens terugkyk na beide se lewens, is daar opvallende ooreenkomste. Beide het hul besig gehou met die brandende vraagstukke van hul tyd, bv. die Wêreldoorloë. So skryf Veenhof bv. dat "Bavinck zag het als zijn roeping zijn wetenschappelijke bezinning te concentreren op de brandende vraagstukken van de nuwe tijd en met resultaten daarvan een zo breed mogelijke kring te dien." Beide was ook aktief betrokke by jeugvereniginge.¹⁸

Keet se styl was ook tipies dié van Bavinck, nl. om eers alle standpunte op die tafel kry en dan na die prinsipiële weg te soek. Dit was so anders as die hantering van A. Kuyper, wat sy standpunt gestel het as die enigste moontlikheid, sonder om te veel aandag te gee aan presies wat die ander standpunte is. Bavinck het gewerk vanuit probleemstelling.

¹⁷ Bremmer, R.H.: **Herman Bavinck als dogmaticus**, Kampen, 1961, hfst. 3, verhaal die stryd.

¹⁸ Veenhof, J: **Revelatie en inspiratie**, Amsterdam, 1968, p. 100, vertel van Bavinck se simpatie met die Nederlandse Christelike Studenten vereniging.

Seker die belangrikste wat Keet by die dosente van Amsterdam geleer het, was in die kerkbeskouing. Die klem wat hy later op die outonomie van die plaaslike gemeente geplaas het, was van die Vrye Universiteit van Amsterdam afkomstig.

3.4. Die verdediging van 'n proefskrif oor Troeltsch.

Prof. Bavinck het die onderwerp: "De Theologie van Ernst Troeltsch" aan Keet voorgestel.¹⁹

Ernst Troeltsch (1865-1923) was 'n teoloog in Duitsland, wat hom teen dogmatiese standpuntstelling van die Christelike geloof verset het. Hy het vanaf 1894 tot 1923 in Heidelberg en Berlyn, onderrig gegee. Hy het ook 'n tyd lank as minister van onderwys in die Duitse regering gedien.

Gedurende sy werk aan die proefskrif het Bennie Keet agtergekom dat die onderwerp 'n goeie keuse was. Die teologie van Troeltsch was 'n lewende, aktuele onderwerp. Dit het hom gehelp om die teologiese strominge van sy tyd beter te onderskei en te beoordeel. Dit was seker gewaagd om te skrywe oor die teologie van 'n persoon wat op daardie stadium nog gelewe het.

Die proefskrif is 'n lywige boek met meer as 400 bladsye. Om die hoeveelheid stof bymekaar te kry, moes baie tyd en moeite geveer word. Die feit dat Troeltsch nog geleef het en deur Keet persoonlik geraadpleeg kon word, het die studie sekerlik vergemaklik.

As erkende geleerde "wat die moderne teologie van sy christelike karakter wil verseker," was Troeltsch sekerlik onder die voorste teologiese denkers van sy tyd.

Waarom het Bennie Keet hom laat lei om Troeltsch uit te kies as verteenwoordiger van die moderne rigting? Die vraag is in die voorwoord van die proefskrif beantwoord. Hy wou erns maak met die bewering dat die ou teologie uitgedien was, aangesien

¹⁹ sien voorwoord van proefskrif.

dit geen rekening gehou het met die wetenskaplike kennis van die moderne wêreld nie. Die moderne rigting het hom ten doel gestel om die godsdiens en wetenskap prinsipiëel te versoen. Daar was 'n veelheid van moderne teologiese voorveronderstellings, maar dit was tog so dat hulle almal oor hierdie motief eens was. Volgens Keet kon Troeltsch as die sistematikus van die moderne rigting beskou word, omdat hy aan die "religionsgeschichtliche" metode 'n teoretiese grondslag probeer gee het en dit sistematies probeer toepas het.²⁰

Dit was nie 'n maklike taak om Troeltsch se teologie te verstaan nie. Later tydens die ring van Stellenbosch se verhoor van prof. Du Plessis, sou prof Keet verwys na sy stryd om wat Troeltsch eintlik wou sê, te verstaan, en die Kerk versoek om Du Plessis te verstaan en hom nie sommer ongekwalifiseerd te veroordeel nie. Hy het vertel: "Ek het begin om sy boeke te lees, 'n hele reeks, want hy was 'n baie ywerige skrywer, en as ek u sê dat ek in die tyd waarin ek die man bestudeer het, vyf tot ses maal weer moes verander voordat ek kon besluit watter standpunt syne was en dat ek toe nog nie klaar was nie, sal u insien hoe moeilik dit is om iemand te verstaan en die standpunt wat hy inneem. Toe moes ek nog 'n brief aan hom skrywe in verband met twee dinge, wat ek nie bymekaar kon bring nie, en toe het hy sy bedoeling aan my geskrywe en het ek hom eindelijk begryp."²¹

Tien van die elf hoofstukke het Keet aan 'n uiteensetting van Troeltsch se standpunt gewy. In hierdie deel is sy beskouing oor die historiese wese van die Christendom uiteengesit. Eintlik was dit onvermydelik, aangesien die grootste gedeelte van sy geskryfte histories is en ook omdat Troeltsch se teologie in terme van 'n historiese metodiek gestel is.

Die laaste 50 bladsye van die proefskrif is aan 'n beoordeling gewy.

²⁰ Keet, B.B.: *De Theologie van Ernst Troeltsch*, Amsterdam, 1913, xiv.

²¹ Kaapse Kerk: *Handelinge van die Sinode*, 1930, 102.

In die eerste paragrawe het Keet die verband tussen Troeltsch en sy voorgangers aangedui. Volgens hom was Immanuel Kant sy voorvader. Troeltsch het egter teenoor Ritschl, sy leermeester van Göttingen, gestaan. Ritschl wou 'n skerp lyn trek tussen geloof en kennis. Troeltsch daarenteen, wou prinsipieel met die geskiedenis erns maak. Hy wou die christendom en die ander godsdienste volgens een en dieselfde beginsel wetenskaplik ondersoek en vergelyk.²²

Die skool van Troeltsch, bekend as die "Religionsgeschichtliche Schule", was 'n poging om die kloof tussen geloof en kennis weer te oorbrug. Sedert die tyd van Kant het teoloë gespartel om hierdie kloof te oorbrug. Daar is probeer om tot kennis van God op wetenskaplike wyse te kom op verskillende maniere. Troeltsch het die weg van die geskiedenis gevolg en die vergelykende Godsdienwetenskap gaan beoefen. Hy het van die veronderstelling uitgegaan dat daar geen heilsfeit of instelling eie aan die Christendom was, waarvan 'n mens nie ook elemente by die Jodendom of een of ander nie-christelike godsdienste kan vind nie. Al die historiese gebeure is gelyksoortig, christelik of nie-christelik. Analogie en korrelasie was die wagwoorde van hierdie rigting. Al die bosinnelike is afgewys. Die Christendom is dus nie een godsdienst teenoor alle ander nie, maar net een onder andere. Troeltsch het ook geglo dat hy die Christendom kon bewys as die hoogste vorm van godsdienst. En wat die Christendom nou was, dit moes die Religionsgeschichte juis ondersoek. Vergelyking en ondersoek het dus die waarde van 'n heilsfeit bepaal.

So het die waardering vir die betekenis van Jesus op 'n sosiaal-sielkundige wet berus. Die sonde was volgens hierdie skool 'n wesentlike deel van die wêreld, niks ongerymd, maar eie aan dinge. Reeds hierdie opvatting, het Keet gesê, was genoeg om die hele stelsel van Troeltsch te veroordeel.

Student Keet het die hele rigting gesien as die toepassing van die evolusionistiese wêreldbeskouing op die godsdienst.

²² Keet, B.B.: *De Theologie van Ernst Troeltsch*, 1913, 1-11.

Veral ten opsigte van die sending was die rigting van Troeltsch van kritieke belang. Volkere wat reeds 'n hoogstaande religie besit het, is uitgeskakel uit die "Gaan dan heen". Islam, Jodendom en Brahmanisme het nie meer in aanmerking gekom nie. Ewe min het die sendingbevel gegeld oor die wat nog nie gereed was om die boodskap van die Kruis te ontvang nie. Slegs waar dit gevra word, het die Christendom die reg gehad om te gaan. Geen wonder dat Warneck in 'n groot pennestryd met Troeltsch getree het.

In Keet se slotbeskouing het hy geoordeel dat die grondfout van Troeltsch daarin geleë was dat godsdienstige kennis vir hom ten diepste subjektief-simbolies gebly het. Geloof en kennis het by Troeltsch dualisties teenoor mekaar te staan gekom. Dit was die rede waarom hy die absoluutheid van die Christendom in 'n ideaal, wat in die toekoms lê, laat opgaan het.²³

In sy proefskrif het Keet negentien stellinge gemaak.²⁴ Daaronder vind ons ses oor Suid-Afrika, o.a.: "Het naast elkaar bestaan van een kerk voor blanken en een zoogenaamde Zendingkerk voor gekleurden op dezelfde plaats, zooals dat in Zuid-Afrika voorkomt, is niet in strijd met het Gereformeerde Kerkrecht.", asook: "Dat de Synode van de Hollandsche Kerken in Zuid-Afrika gezamentlik eene bevoegde commissie benoemen, om de overzetting van den Bijbel in het Afrikaansch te bewerken."

Op 24 Oktober 1913 het Keet gepromoveer.

Sy proefskrif is ook in Suid-Afrika met waardering ontvang. 'n Resensie daarop, uit die hand van G.B.A. Gerdener, het op 9 Februarie 1914 in *Die Kerkbode* verskyn.²⁵

Hiermee het hy aan die einde van sy formele opleiding in die teologie gekom. Sy proefskrif en promotor sou vir hom veel

²³ Keet, B.B.: *De Theologie van Ernst Troeltsch*, 402.

²⁴ p.405-407.

²⁵ p.165.

respek verseker en deure vir hom open. Dit sou in die jare vorentoe groot verantwoordelikheid van hom eis. Van hom is verwag om duidelik die wil van die Here uit te spel. Dit was sy roeping en dit het hy gedoen.

Beoordeling

Dit is baie duidelik dat Bennie Keet se studies in Amsterdam hom teologiese uitgangspunte geleer het, wat grondliggend van die gangbare standpunte in die Ned. Geref. Kerk verskil het. Dit sou een van die redes wees waarom hy by sommige in Suid-Afrika in gedrang sou kom. Dit kan ook help om die standpunte van sy sluitingsrede in 1924, asook sy standpuntstelling tydens die Du Plessissaak te verklaar.

Aan die Vrye Universiteit het hy die kerkregtelike belang van die plaaslike gemeente geleer. Dit sou hy by sy terugkeer in Suid-Afrika beklemtoon. Hy het later, in 1924, daaroor in die gedrang beland, maar by sy standpunt gebly. Vir veertig jaar sou hy die gesag van die plaaslike kerk as 'n uitgangspunt in die kerkreg aan die teologiese studente voorhou. Toe hy in 1963 sy boekie Orde in die Kerk publiseer, het dit ook voorop gestaan.

Daarnaas het sy promotor Herman Bavinck sy leermeester gebly. Aan die Kweekskool van Stellenbosch het hy die dogmatiekhandboek van Doedes en Van Oosterzee met dié van Bavinck vervang.

Die doen van so 'n groot stuk navorsing soos die proefskrif oor Troeltsch vereis het, laat geen mens dieselfde daarna nie. Ook Ben Keet sou daardeur 'n ryper teoloog wees. Die proefskrif het hom net nog meer oortuig van die uniekheid van die Openbaring in Jesus Christus, soos wat dit in die Skrif gevind word. Dit sou daartoe lei dat hy later jare baie aanklank gevind het by die teoloog Karl Bart.

Sy doktoraat was 'n baie goeie kwalifikasie agter sy naam. Dit het hom bo andere aanbeveel toe in 1919 besluit moes word

wie die nuwe professor in Dogmatiek, Etiek en Kerkreg aan die Teologiese Seminarium van Stellenbosch moes wees.

Dit kan ten slotte gesê word dat die jare 1910-1913 kardinaal was vir Ben Keet se teologiese vorming en voorbereiding vir sy lewenstaak as dosent op Stellenbosch. In hierdie jare is die leer by hom vasgelê, wat hy vir baie jare as dié weg sou aanwys.

HOOFSTUK 4: GEMEENTEBEDIENING AS HULPPREDIKER(1914-1916)

Hierdie hoofstuk vertel van die terugkeer van dr. B.B. Keet, sy hulpleraarskap te Noorder-Paarl, asook sy meelewing met die stryd vir die Afrikaanse taal, tot met sy beroeping na Graaff-Reinet. Die hoofstuk draai veral om sy toespraak in 1914, oor die wenslikheid van 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Die vrae wat in belig word, is: Op watter wyse het hy godsdiens en nasionalisme met mekaar verbind?. In watter sin het hy oor taal, kultuur en godsdiens gedink? Het hy die vertaling van die Bybel in Afrikaans funksioneel of teologies beredeneer? Is Ben Keet in sy bevordering van Afrikaans nie so deur sy vriende beïnvloed dat hy nie prinsipeel gedink het nie? Sy reaksie op die beroepe wat hy ontvang, word ook onderken. Is hy met 'n doelbewuste saak Paarl toe? Hoekom hou hy so vas aan die Paarl?

4.1. Hervatting van ou bande in Suid-Afrika.

Vir Keet moes dit baie lekker wees om weer terug in Suid-Afrika te wees. Hy was dan skaars weg uit sy vaderland, toe het hy al terug verlang.¹

Die feit dat hy oor 'n doktorsgraad in die teologie beskik het, het hom nie vanselfsprekend van 'n beroep in die Ned. Geref. Kerk verseker nie! Hy moes eers gelegitimeer word. Nog in dieselfde jaar, op 5 Desember 1913, het sy en Tobie Muller se name in *De Kerkbode* onder kandidate vir legitimasie voorgekom. Hulle is daarna in die amptelike blad van 11 Desember 1913, saam met ander, as beroepbare proponente aangekondig.

In *De Kerkbode* van 19 Februarie 1914 het die kerklike publiek kennis geneem van Keet se proefskrif, toe 'n resensie daarop verskyn het. Dit is deur G.B.A. Gerdener geskryf. Gerdener het heel positief teenoor die werk wat Keet gedoen het, gestaan. Hy maak egter die opmerking dat daar een van Keet se

¹ *Re-Echo*, 5 Oktober 1910, artikel: Seereis.

stellinge aan die einde van die proefskrif is, wat seker "niet algemeen bijval zal vinden, doch die vooral ten opzichte van ons kleurlinge van belang is: Dat de synoden van de Hollandsche Kerken in Zuid-Afrika gezamenlijk een bevoegde Commissie benoemen, om de overzetting van den Bijbel in het Afrikaansch te bewerking."²

4.2. Hulpprediker te Noorder-Paarl

Terwyl hy gewag het op 'n beroep, moes hy 'n inkomste hê. Hierin sou die gemeente Noorder-Paarl voorsien. Ds. W.A. Joubert het hom namens die kerkraad genader om as hulpprediker in die gemeente op te tree.³ Sy vriend, Tobie Muller, is 'n soortgelyke pos te Stellenbosch aangebied.⁴

Vir Bennie Keet het die hulpleraarskap in die gemeente Noorder-Paarl gepas. Dit was naby sy vriend Tobie, en hy kon inskakel by die aktiwiteite van die Afrikaanse Taalvereniging. Dit sou hom ook in staat stel om akademies nie te verroes nie. Die Victoria kollege het hom gou genader om op 'n tydelike basis Wysbegeerte te doseer.⁵

Met die nodige toestemming van die Ring, is dr. Keet toe op 25 Maart 1914 as hulpprediker in die gemeente georden.⁶

Die gemeente Noorder-Paarl het in 1875 ontstaan. Die stryd tussen verengelsing en die voortbestaan van Afrikaans was o.a. 'n oorsaak. Die gemeente is sonder grense afgestig. 'n Paar weke na die ontstaan van die gemeente is die Genootskap van Regte Afrikaners in die gemeente gestig. Die instelling sou

² **De Kerkbode** 19 Februarie 1914 , 166.

³ Kerkraad van Noorder-Paarl: Notule van Gemeentevergadering, in Kerkraadsnotuleboek, 19 Nov. 1913, 31.

⁴ **De Kerkbode** 5 Desember 1913.

⁵ Dies., 8 Mei 1919.

⁶ Ring van Paarl: Notule, 1914, 532; Kerkraad van Ned. Geref. gemeente Noorder-Paarl: Notule 12 Mei 1914, 37.

hom vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal en vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans beywer.⁷

In Noorder-Paarl het dr. Keet klaarblyklik 'n aangename werkkring gevind. Hy het onder leiding van die eerbiedwaardige leraar, ds. W. A. Joubert gewerk. Vir 'n anderhalf jaar sou hy hier arbei. Na sy vertrek in 1916 het die Kerkraad in die "Staat van Godsdienst" aangeteken dat dr. Keet, as hulpprediker, getrou en ywerig onder jonk en oud gearbei het.⁸

Een ding moes die jong "leraar" seker maar gepla het. Hy was al 29 jaar oud en nog steeds ongetroud. Hoewel hy nie daarmee te koop geloop het nie, was hy op die uitkyk vir 'n lewensmaat. Terwyl hy in Noorder-Paarl gehelp het, begin kuier hy dan ook by die gemeente se orreliste, wat ook musiekonderwyseres van La Rochelle skool in die Paarl was. Sy was Joeye van Aarde, dogter van ds. Van Aarde van die Kruisvallei-gemeente te Tulbagh.⁹

Vir Ben, wat juis so lief was vir mooi musiek, was die spel van die mooi juffrou een te veel. Hulle het begin uitgaan. Sou dit die huweliksmaat wees wat God vir hom uitgekies het?

Joeye se vader het vanaf 1895 tot met sy afsterwe op 61 -jarige leeftyd in Kruisvallei gestaan. Kruisvallei gemeente was die gemeente wat deur ontevrede lidmate in 1843 afgestig is, na 'n geskil met ds. Shand, veral oor die bediening van die sakramente.¹⁰

⁷ Olivier, P.L.: **Ons gemeentelike feesalbum**, Kaapstad, 1952, 99.

⁸ Staat van godsdienst van Gemeente Noorder-Paarl, in Ring van Paarl: Notule 1916, 776, R1/8.

⁹ Inligting van mev. Jessie Keet verkry. Vir meer inligting oor ds. Van Aarde, sien Dreyer, A: **Euufeest Album van de Nederduitse Gereformeerde kerk in Zuid-Afrika, 1824-1924**, Kaapstad, 1924.

¹⁰ Die geskiedenis van die ontstaan van die Kruisvallei-gemeente kan gelees word in: **Geschiedenis van het ontstaan der Ned. Geref. gemeente Kruisvallei**, saamgestel deur die plaaslike kerkraad, Kaapstad, 1886; Kok, J.H.M.: **De Ned. Gereform. Gemeente van Kruisvallei**, Paarl, 1899; Malan, F.S.: **Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Kruisvallei**, 1927; en Moorrees, A: **Die Ned. Geref Kerk in S.A.**, 1937, 662, vv.

4.3. Bevordering van die ideaal van 'n eie Afrikaanse Bybelvertaling.

Met Tobie Muller se aankoms terug in Suid Afrika het hy nuwe lewe in die Afrikaanse Taalvereniging op Stellenbosch kom blaas. Met hernude ywer is die stryd om die erkenning van Afrikaans aangepak.

Vir hom was dit 'n godsdienstige saak. Hy verklaar dit so: "Godsdiens sluit moraliteit in. Daarom is dit reeds hierom ook 'n godsdienstige plig om 'n nasionalis te wees. Buitendien, vir die Kristin en Teïs wat geloof dat aparte volke ontstaan, nie deur 'n blote toeval nie, maar met 'n sekere doel, het elke bepaalde nasie sy roeping en 'n besondere taak om te vervul in die wêreld. Uit hierdie oogpunt is papheid op nasionale gebied 'n religieuse oortreding, dit wil sê 'n sonde. Dit is dus letterlik waar, en nie maar beeldspraak nie, wanneer die Afrikaner sê dat die handhawing vir hom 'n deel van sy godsdiens is."¹¹

Vir hom is 'n selfstandige volkslewe nie 'n doel op sigself nie. Dit is slegs 'n middel om bepaalde versamelinge van mense in staat te stel om 'n gesonde sedelike lewe te lei en hul taak, wat God aan hulle gegee het, beter te vervul. Volgens hom verkies God 'n volk om 'n besondere deel van sy raad op aarde uit te voer. So het God die Afrikanervolk gekies om 'n invloed op die ander rasse in Suid-Afrika uit te oefen.¹²

Dr. Bennie Keet sou met sy terugkeer in Suid-Afrika, 'n maand of wat later, by sy vriend se stryd om Afrikaans aansluit. Hy word dan ook verkies tot voorsitter van die ATV-tak in die Paarl.¹³

¹¹ Muller, T.B.: Die geloofsbelydenis van 'n nasionalis. Voorlesing gehou in verband met die Afrikaanse Taalvereniging, Stellenbosch, 1913.

¹² Muller, T.B.: Nationaalbewustzijn en Godsbewustzijn. Preke geleverd door dr. T.B. Muller, s.l. 1914, 6.

¹³ Ons Moedertaal 15 Aug 1914, 29.

In die besonder sou hy ywer vir die totstandkoming van 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel. Hy wou die stelling in sy proefskrif, nl. dat die sinodes van die Hollandse kerke in Suid-Afrika gesamentlik 'n bevoegde kommissie moes benoem om die oorsetting van die Bybel in Afrikaans te bewerkstellig, verwerklik sien.¹⁴

Die stryd het in 1914 'n hoogtepunt bereik.¹⁵ Een van die eerste dinge wat hulle van die grond af gekry het, was 'n tydskrif om die saak van Afrikaans te bevorder. Die maandblad **Ons Moedertaal** sou vanaf middel 1914 verskyn, tot aan die einde van 1915.

'n Halwe jaar na dr. Keet se terugkeer, op 24 en 25 Julie 1914, het die ATV-kongres op Stellenbosch plaasgevind. Daar is senator F.W. Reitz tot voorsitter van die hoofbestuur van die ATV gekies, T.B. Muller as sekretaris en prof. J.J. Smith as vise-sekretaris. Onder die 35 raadslede van die hoofbestuur se name verskyn onder andere die van B.B. Keet, asook dr. D.F. Malan, dr. D.F. Malherbe, G.C. Tomlinson, J.B.M. Hertzog en adv. C.J. Langenhoven.¹⁶

Op hierdie kongres is onder meer die beskrywingspunte aangeneem: om in oorleg met ander bevoegde liggame, 'n geskikte vertaling in Afrikaans te maak en uit te gee; om onder die aandag van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk te bring die wenslikheid om Afrikaans naas Nederlands te erken as die offisiële taal van die Kerk; om die Ned. Geref. Kerk te versoek om studente toe te laat om hul eksamens in Afrikaans af te lê en dat lg. versoek ook aan die universiteitsraad gerig word.¹⁷

¹⁴ Keet, B.B.: *De Theologie van Ernst Troeltsch*, Amsterdam, 1946, 406, stelling XII.

¹⁵ In Keet, B.B. en G. Tomlinson: *Tobie Muller, 'n inspirasie vir jong Suid-Afrika*, 1925, word die verhaal van die stryd in vier hoofstukke vertel, vanaf p.45-68.

¹⁶ Notule van ATV-kongres, in *Ons Moedertaal*, 15 Augustus 1914.

¹⁷ Dieselfde.

Die besluite van hierdie kongres het die gemoedere hoog laat loop. Teenstanders daarvan het na hul penne gegryp. Op Stellenbosch was die aanvalle so hewig dat die ATV besluit het om 'n ope vergadering te hou, waar die standpunt van die ATV verdedig sou word en waar tegelyk 'n geleentheid aan teenstanders gegee sou word om hulle openlik uit te spreek. Twee lede van die hoofbestuur, dr. T. Muller en prof. J.J. Smit sou praat, terwyl die derde, as voorsitter van die tak, die stoel sou inneem. In sy plek as spreker is dr. Keet gevra, omdat, soos dr. Muller dit laggend uitgedruk het, "ou Bennie sal olie op die water gooi - Smith en ek sal dit sterk genoeg maak." Die onderwerpe wat die drie gedek het, was: "Die Bybel in Afrikaans" (dr. Keet); "Ons Skooltaal" (prof. Smith); en "Volbloed versus pieperige nasionalisme" (dr. Muller).¹⁸ Die vergadering is op 28 Augustus 1914 gehou.¹⁹

B.B. Keet sou met hierdie toespraak help om ds. Du Toit se ideaal van 'n eie Afrikaanse Bybelvertaling te laat voortleef. Hy het drie vrae in sy toespraak behandel, nl.: 1. Is 'n nuwe vertaling van die Bybel nodig? 2. Hoe moet die werk verrig word? en 3. Van wie moes dit uitgaan?

Keet het die vertaling van die Bybel in Afrikaans gemotiveer deur aan te toon dat die skrywers die Nuwe Testament in Hellenistiese Grieks, die volkstaal, geskrywe het. Dit was nie in Attiese Grieks, die taal van die geleerdes nie. Verder het Luther, in die tyd van die Hervorming, teen die standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk in, die Bybel in die volkstaal, Duits, vertaal. Dr. Keet het toe 'n beroep gedoen en gesê: "Laat ons oppas dat ons ons nie skaar aan die kant van pouse en konsilies nie, maar liever aan die kant van Luther en die apostele en die evangelieskrywers." Verder het hy gesê dat dit vir die armlankes, die kleurlinge en die plattelanders noodsaaklik was dat die Bybel in Afrikaans sou wees, sodat hul kon verstaan wat hul lees. Die Nederlands het volgens hom vir hulle 'n vreemde atmosfeer in die kerk geskep.

¹⁸ Keet, B.B. en G. Tomlinson: *Tobie Muller*, 1925, 60-62.

¹⁹ *Ons Moedertaal* 15 September 1914, 61-66.

Hy het die vertaling verder gemotiveer deur te sê dat die geestelike lewe vir hom dan ook werkliker, natuurliker, inniger en lewendiger sou wees. "Daar is ontsaglik veel onderskeid tussen 'n taal waarmee ek my kan behelp en 'n taal wat ek liefhet; en al was daar g'n ander rede nie, sou ek hierdie rede afdoende beskou om te streef naar die doel wat ek my voorstel."

Hy het die gevoel van eerbied vir die Bybel gerespekteer. Daarom wou hy nie deur die bevordering van die Afrikaanse vertaling die oorsaak van aanstoot wees nie. Om dit te voorkom, het hy 'n spesifieke metode van Bybelvertaling bepleit. Hy het drie redes gegee waarom hy gedink het dat die vertaling uit die Statevertaling gemaak moes word en nie uit die oorspronklike tale nie. Eerstens was die Statevertaling 'n goeie vertaling. Tweedens was daar nie in Suid-Afrika kundiges om 'n totaal nuwe vertaling aan te durf nie. Derdens was die Statevertaling so bekend dat 'n splinternuwe vertaling meer aanstoot sou gee.

Toe hy oor die derde punt van sy toespraak gehandel het, nl. van wie die vertaling moes uitgaan, het hy gepleit dat die sinodes van die Hollandse kerke in Suid-Afrika dit moes onderneem. Dit sou tyd- en kragverspilling vermy. Die sinodes was, volgens hom, ook die beste bevoeg om te oordeel wie die regte manne sou wees om so 'n vertaling te bewerk.

Teenoor die smalende verwyf wat baie van daardie dae gemaak het dat Afrikaans te armoedig plat en te veel van 'n kombuistaal was, het hy gesê dat die Bybel die taal sou verhef.²⁰ Met besliste toon het hy soos volg afgesluit: "En as ek dit seg, dan is dit nie om die godsdiens of die Bybel als propagandamiddel vir ons taal te gebruik nie, maar dit is 'n erkenning van die kragtige en suiwerende invloed, wat die Bybel oor alle tale laat blyk het. Ek kan my geen gesonder invloed oor die toekomstige bloei van ons taal voorstel nie, als juis die invloed wat die Bybel sal uitoefen. Daarom - die

²⁰ Dieselfde.

hand aan die ploeg en nie omkyk nie, voordat ons doel bereik is nie".²¹

Hierdie toespraak, tesame met die besluit van die ATV-kongres, het nuwe stukrag aan die poging om die Bybel in Afrikaans te vertaal, verleen.

Later het die indruk ontstaan dat dit eintlik Keet was wat deur sy toespraak die hele tweede Afrikaanse taalbeweging aan die gang gesit het. Dit is nie korrek nie. Keet self was in later jare maar beskeie oor die toespraak. In 1958 sê hy daaroor: "Hulle maak darem vandag te veel van die toesprake."²² Was hy reg? Dit lyk so. Die toespraak was nie al wat die bal aan die rol gesit het nie. Dit is egter baie duidelik in die geskiedenis dat die tweede beweging om die Bybel in Afrikaans te vertaal, hiermee groot stukrag gekry het.

Oor die toespraak skryf **Die Eikestadnuus** jare later in sy uitgawe van 2 Oktober 1959 dat die lesing gedien het as "spoorslag" tot die vertaling van die Bybel. Volgens die blad was dit die begin van 'n doelbewuste strewe om die Bybel te vertaal.

Die gedagte van Afrikaans as medium in die kerk en vir die Bybel is aanvanklik nie algemeen aanvaar nie. So het daar in 1915 nog 'n beskrywingspunt deur die Kaapstadse kerkraad voor die sinode gedien, wat gelui het: "De synode spreke hare afkeuring uit over het gebruiken van Afrikaansch als officieele taal van onze kerk, en het vertalen van den Bijbel in Afrikaansch".²³ Die reaksie op hierdie beskrywingspunt was fel vanaf die kant van die ATV. **Ons Moedertaal** het geskryf: "Dit verraai 'n merkwaardige miskenning van ons jongste volksontwikkeling, asook 'n sonderlinge teenstelling met die handelswyse van Christus, wat hom steeds van die volkstaal

²¹ Dieselfde.

²² **Die Burger** 27 Augustus 1958.

²³ Byvoegsel tot **De Kerkbode** 2 Sept 1915, Beskrywingspunte aan die sinode no. 50.

bedien het, of van die grote kerkhervormers als Luther, wat hul steeds beywer het om die leer van Christus te verkondig in 'n taal aan almal verstaanbaar..."²⁴

Die ATV het dan ook versoek dat 'n afvaardiging die sinode mag toespreek oor die beskrywingspunt. Omdat die kerkraad van Kaapstad die beskrywingspunt op die sinode teruggetrek het, het die sinode besluit om hierdie versoek nie toe te staan nie.²⁵

Redes aangevoer vir die teenkating teen Afrikaans, was dat Nederduitsch die erkende offisiële taal van die kerk is, dat Afrikaans nog nie genoegsaam ontwikkel is nie en dat dit sou aanleiding gee tot oppervlakkigheid en swakheid van karakter.²⁶

Selfs C.J. Langenhoven, met al sy geesdrif vir Afrikaans, was glo aanvanklik, wat die vertaling van die Bybel betref, so ortodoks-konserwatief dat hy verklaar het dat hy sou weier om 'n vertaling te onderneem - selfs al sou die kerk hom daartoe versoek het. "Dit sou vir my smaak 'n parodie wees. Ek sou die voorstel (hoe onlogies ook) beskou as heiligskennis."²⁷ Die waardige prof. P.G.J. de Vos van die Kweekskool het die jeugdige voortvarendes feitlik gesmeek: "In het belang van de zaak die mij na aan het hart ligt en met de meeste bescheidenheid zeg ik: Haast u toch langzaam."²⁸ By vele was daar immers groot vrees dat die kwessie van Afrikaans en meer bepaald van die Afrikaanse Bybel, in 'n tyd van groot

²⁴ **Ons Moedertaal** 15 September 1915, 23.

²⁵ Sinode van die Kaapse kerk: *Handelinge*, 1915, 110.

²⁶ sien bv. brief van H.C. de Wet, in **De Kerkbode** 23 September 1915, 915.

²⁷ **De Kerkbode** 30 September 1964, 21; **Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners, 1875-1925**, Potchefstroom, 1926, 169.

²⁸ **Ons Land**, 23 Julie 1914, artikel "Haast u Langzaam".

volksverdeeltheid volgende op die oorlogsverklaring, 'n verdere skeuring kon veroorsaak in die geledere van volk en kerk.²⁹

Die AT-viste het hulle egter nie deur prof. De Vos se waarskuwing laat keer nie. Tobie Muller se reaksie was: Prof. De Vos wil hê ons moet vinnig stilstaan."³⁰

4.4. Die ontvangs van verskeie beroepe

Terwyl dr. Keet hulpprediker te Noorder-Paarl was, het hy verskeie beroepe ontvang. Die eerste vier, na Thaba nChu, Fraserburg, Port Elizabeth en Sweizer-Reinecke, het hy bedank.³¹ Dit is 'n vraag waarom hy so baie beroepe bedank het. Hoekom het hy so aan die Paarl vasgehou? Het hy gewag vir iets? Of was sy taak t.o.v. Afrikaans by die ATV in die Paarl nog nie afgehandel nie?

Omtrent dieselfde tyd wat B.B. Keet die toespraak oor die Bybel in Afrikaans op Stellenbosch gehou het, het die Eerste Wêreldoorlog in Europa uitgebreek. Dit sou sy rimpelings in Suid-Afrika ook laat voel. Vir Keet persoonlik en sy latere lewensloop sou dit ook bepalend wees. Dit sou bepalend wees vir die beroep wat hy sou aanneem.

In hierdie tyd was die Afrikaanse politiek in 'n kookpot.³² Genl. Louis Botha, Eerste Minister, het probeer om versoening tussen Afrikaner en Engelsman te bewerkstellig. In die proses het hy hom van die Afrikaner vervreem. Toe Brittanje Suid-Afrika versoek het om Suidwes te annekseer, het die regering ingestem. Vir baie van die Afrikaners was dit te veel gevra

²⁹ **De Kerkbode** 30 September 1964.

³⁰ sien herinneringe van Keet op sy 85ste verjaardag, **Die Burger**, 20 Junie 1970.

³¹ **De Kerkbode** 22 Jan 1914, 64; **De Kerkbode** 10 September 1914, 850; **De Kerkbode** 14 Januarie 1915, 32; **De Kerkbode** 20 Mei 1915, 462, onderskeidelik.

³² Die politieke situasie in die tyd word bespreek in Muller, C.F.J.: **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis**, Pretoria, tweede uitgawe, 1975, 385 ev.

en omtrent 10 000 het rebelleer.³³ Die rebellie is onderdruk en een van die leiers, Jopie Fourie, is tereggestel. Dr. D.F. Malan, leraar van Graaff-Reinet was betrokke by pogings om ter elfder ure nog Fourie se lewe te red. Hierdie gebeure het 'n groot indruk op Malan gemaak.³⁴ Hy het uit die bediening bedank om 'n dagblad, *Die Burger*, op die been te bring. In sy afskeidsrede op 13 Junie 1914 het Malan die volgende gesê: "Maar ons verkeer tans seker in die ernstigste nasionale krisis wat ons nog ooit beleef het. Wat op die spel is, is nie alleen groot geestelike en sedelike beginsels nie, maar meer en meer kom dit daartoe.....of ons as Afrikanervolk nog reg van bestaan het, of dit nie miskien beter vir ons is om nasionale selfmoord te pleeg nie." Verder het hy gesê dat as die skeuring in die volkslewe nie geheel sou word nie, daar weinig kans sou bestaan dat die Kerk sy groot ideale kon bereik.³⁵

Vir Malan was Afrikanernasionalisme nie verwyderd van sy godsdiens nie. "Het nationaliteitsgevoel is iets goeds, iets goddeliks,ons nationaliteitsgevoel dat door God bedoeld is de grote drijfkracht te zijn tot de oplossing van onze grote dringende volkskwesties."³⁶ Hy het daarom uit die bediening bedank om die skeuring in Afrikanergeledere te probeer heel.

Op 19 Julie 1915 het die kerkraad van Graaff-Reinet onder die voorsitterskap van ds. P.K. Albertyn vergader. Die doel was om 'n tweede leraar vir die gemeente te beroep, in die plek van dr. D.F. Malan.³⁷

³³ Vir meer oor die rebellie, sien Du Toit, P.R.: **Die drie Afrikaanse kerke en die Rebellie**, Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1982.

³⁴ Malan, D.F.: **Afrikaner volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen**, Kaapstad, 1959, 19 ev.

³⁵ Afskeidsrede in Pienaar, S.W.(samesteller): **Glo in u volk: Dr. D.F. Malan as redenaar**, Kaapstad, 1964, 9-18.

³⁶ **Ons Land**, 29 Junie 1915.

³⁷ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule 19 Julie 1915, 258.

Op die nominasielys was dr. B.B. Keet, di. E. Domisse, A.F. Louw, J. Truter, J.S. Murray, I. Muller, P.G.J. Meiring, J.M. Hofmeyr, D. Marchand, G.L. van Heerden, J. Murray en M.P. Loubser. Na die eerste stemming het die tweetal uit dr. Keet en A.F. Louw bestaan, waarna eersgenoemde met 20 teen 11 stemme gekies is. Die salaris wat aan Keet aangebied is, is ook tydens die kerkraadsvergadering op 400 pond per jaar vasgestel.³⁸

Die nominasielys weerspieël baie van die voorkeure in die geledere van die gemeente Graaff-Reinet. Die gemeente was vir 81 jaar lank, van 1822 tot 1903, deur Murrays bedien. Eers was dit ds. Andrew Murray, vanaf 1822 tot 1866. Hy is opgevolg deur sy seun, Charles Murray, wat vir die volgende sewe-en-dertig jaar die bediening waargeneem het. Die Murrays het 'n groot invloed t.o.v. verengelsing in die gemeenskap gehad. Alhoewel die meeste inwoners van die dorp nie Engelssprekend was nie, het grootliks deur hul toedoen, Nederlands bv. geen plek in die skole op Graaff-Reinet gekry nie.³⁹ Met die opkomende nasionalisme van die Afrikaner, voor en ten tyde van die Anglo-Boereoorlog, het die teenkanting teen die verengelsing sterk toegeneem. Polarisering was die gevolg.

Tekenend van die gevoel teen Engels, was bv. die besluit van die kerkraad in 1901, dat daar voortaan nie meer in Engels in die gemeente gepreek sou word nie.⁴⁰ Charles Murray het oor hierdie besluit gesê dat in sy veertig jaar van bediening dit vir hom die bitterste beker was om te drink.⁴¹

³⁸ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule 19 Julie 1915, 258.

³⁹ Stodart, C. F. le R: **Die Nederduitse gereformeerde ring van Graaff-Reinet - 'n tipering en beskrywing van sy werksaamhede, 1824-1928**, ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 326 ev. bespreek die invloed t.o.v verengelsing van die Murrays.

⁴⁰ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule 8 Januarie, 5 Maart 1900, Staatsargief G.6 1/6.

⁴¹ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule, 8 Januarie, 5 Maart 1900, Staatsargief G.6 1/6.

Die gevolg daarvan was dat, na die vertrek van Charles Murray, die kerkraad begin het om landseuns as leraars te beroep. In die besonder is gekyk na persone wat teenoor Afrikaner-nasionalisme positief gestaan het. Hiervan getuig die beroepe van persone soos ds. P.K. Albertyn, dr. D.F. Malan en dan ook Keet.

In die gemeente en kerkraad was die twee strominge ook teenwoordig. Van die Murray-nageslag het nog prominente rolle in die gemeenskap gespeel. So was daar bv. mej. Helen Murray die skoolhoof van Midland Seminary vanaf 1876 tot 1916. Twee dogters van ds. Charles Murray, nl. mev. A.J. Asher en C.M. de Ville, het ook in die Graaff-Reinetse gemeente gewoon en was albei op 'n stadium orreliste in die gemeente.⁴² Dit is dan ook nie verbasend dat onder die genomineerdes vir die beroep die name van twee Murray-predikante getel het nie. Die Afrikaner-nasionaliste was egter in die meerderheid.

Keet moes die beroep sekerlik ernstig oorweeg het. Een oorweging wat in sy kop gedraai het, was dat dit naby aan sy tuisdorp Humansdorp was, waar sy moeder nog gebly het. Sy het ook nie jonger geword nie.

Tog bedank hy die beroep. Die redes hiervoor is nie heeltemal duidelik nie. Was die gemeente na die bediening van D.F. Malan so verdeeld dat hy nie daarvoor kans gesien het nie? In Malan se afskeidspreek het hy nie melding van grootskaalse verdeeldheid gemaak nie. Het Keet geweet dat hul beroeping van hom gehandel het oor sy standpunt oor Afrikaans, en nie oor sy teologie nie?⁴³ Het hy miskien gedink hul motiewe was nie suiwer in die beroeping nie? Of was dit miskien sy verhouding

⁴² Henning, C.G.: **A cultural history of Graaff-Reinet (1786-1886)**, ongepubliseerde D. Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971, 296.

⁴³ Dr. C.F. le R. Stoddart beweer in sy proefskrif: **Die Nederduitse Gereformeerde ring van Graaff-Reinet, 'n tipering en beskrywing van sy werksaamhede**, Universiteit van Stellenbosch, p.331, dat die beroep van Keet direk te make het met die gevoelens oor die belangrikheid van Afrikaans wat in daardie dae daar baie sterk geloop het.

met die mooi musiekonderwyseres, Joeye van Aarde, wat hom in die Paarl gehou het?

Op 6 September 1915 het die kerkraad van Graaff-Reinet weer vergader om 'n beroep uit te bring. 'n Mosie dat die beroep uitgestel moes word tot na die sinode, is verwerp.

Dr. B.B. Keet se naam het weer op die nominasielys verskyn. Met die eerste stemming het hy egter uitgeval en is die name van dr. Tobie Muller en ds. A.F. Louw op die tweetal. Ds. Louw is toe beroep.⁴⁴

Sommige kerkraadslede moes gemeen het dat dit deels oor die salaris is wat Keet die beroep bedank het, want by die vasstelling van die salaris is daar 'n mosie dat ds. Louw 500 pond aangebied moes word. Die kerkraad het egter gevoel dat 400 pond genoeg was.⁴⁵

Ook ds. Louw het die beroep bedank. Toe die kerkraad op 6 Desember 1915 weer beroep, het die stemming tydens die laaste stemming op Keet en ds. Stulting gestaak. Deur die lot is toe beslis om lg. te beroep.

Weer is 'n mosie ingedien om die salarisaanbod tot 500 pond per jaar te verhoog, maar dit is weereens verwerp.⁴⁶

Ook ds. Stulting het die beroep bedank. Die gemeente was nou al etlike maande sonder tweede leraar. Reeds by die eerste beroepingsvergadering is darem aan ds. Albertyn opdrag gegee om die hulp van 'n proponent te kry. Hy het toe vir prop. J.P. du Toit gekry om hom te help.

Interessant is dat tydens al vier beroepe wat uitgebring is, prop. Du Toit se naam nie op die groslys verskyn het nie. Eers tydens die volgende beroeping het sy naam op die groslys, wat weereens die naam van Keet ingesluit het, gekom. By die eerste stemming is die meeste stemme op Keet verenig, met 'n

⁴⁴ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule 6 September 1915, 262.

⁴⁵ Dies., 267.

⁴⁶ Dies., 274.

gelyke aantal stemme op ds. C.M. Hofmeyr en prop. Du Toit uitgebring. Daar is toe eers tussen laasgenoemde twee gestem, ten einde 'n tweetal te vorm. Ds. Hofmeyr het 17 stemme en prop. du Toit 15 gekry. Die tweetal het dus uit Keet en Hofmeyr bestaan. Met die finale stemming is dr. B.B. Keet beroep met 19 teenoor 14 stemme. Weer word die salarisaanbod op 400 pond per jaar gestel, maar hierdie keer is daar nie 'n voorstel op die tafel vir 500 pond nie.⁴⁷

Hierdie keer het prof. Keet die beroep aanvaar. Op 29 Maart 1916 het hy Noorder-Paarl verlaat, nadat die kerkraad aan hom die akte van demissie verleen het.⁴⁸ Sy vriend, Tobie Muller, het omtrent dieselfde tyd 'n beroep na Phillippolis aangeneem.⁴⁹

In daardie week, op 4 Mei 1916, het daar ook 'n verwikkeling aan die Kweekskool te Stellenbosch plaasgevind, nl. die aanvaarding deur prof. J.D. du Plessis van sy amp as professor.⁵⁰ J.D. du Plessis se standpunte is nie algemeen in die Kerk aanvaar nie. Dit het daartoe gelei dat prof. De Vos reeds voor Du Plessis se bevestiging te Stellenbosch 'n brief aan hom gestuur het. Daarin het hy sy verontrusting uitgespreek oor die toekomstige professor se standpunt dat die leer van die beperkte versoening "niet maar by my wil in", asook oor sy steun vir die Hoër Kritiek.⁵¹

Ben Keet sou die invloed van hierdie nuwe professor se bevestiging op sy persoonlike latere lewe nie kon raai nie.

⁴⁷ Dies., 7 Februarie 1916, 284 en 285.

⁴⁸ Staat van Godsdienst, Gemeente Noorder Paarl, in Ring van Paarl: Notule 1917.

⁴⁹ **De Kerkbode** 27 Julie 1916, 717.

⁵⁰ Raad van professore: Notule 25 Mei 1916, 191.

⁵¹ Inkomende Briewe P2/2/1: P.J.G. de Vos - J. du Plessis, 3 April 1916.

Beoordeling

Die tyd as hulpleraar in Noorder-Paarl was 'n periode van groter verantwoordelikheid in Keet se lewe. In hierdie tyd het hy die sorgelose bestaan van studentwees agtergelaat, terwyl hy geleidelik die verantwoordelikheid van leraarskap leer ken het.

Tobie Muller het in hierdie periode nog 'n groot invloed op hom uitgeoefen. Saam het hulle vir die Afrikaanse taal geywer.

Keet se hulpleraarskap in Noorder-Paarl moet beoordeel word in die lig van die rede vir die ontstaan van die gemeente, tesame met sy eie standpunte rondom Afrikaans. Die feit dat hy binne 'n paar maande na sy aankoms te Noorder-Paarl tot voorsitter van die ATV verkies is, bevestig hierdie vermoede. Die vraag wat bly hang, is: Het dit werklik vir ds. W.A. Joubert gegaan oor die beter bediening, of was die bevordering van Afrikaans die deurslaggewende motief? Indien Keet daarvan bewus was dat Afrikaans so 'n kardinale motief was, was dit reg van hom om die pos te aanvaar?

Ben Keet sou in die tweede Afrikaanse Taalbeweging 'n belangrike rol speel. Hy was egter baie versigtig om nie die teologie as trekperd vir die Taalbeweging in te span nie. Hy is ook daarop ingestel om nie daardeur mee te werk aan groter verdeeldheid nie. Daarvan getuig sy toespraak van 1914. Anders as sy vriend, Tobie Muller, sou hy nie die teenstanders van Afrikaans verkleineer nie. Van terme soos "papbroekige nasionaliste" was daar geen teken in sy toespraak nie. Dit is tipies van die persoon van Ben Keet. Hy het 'n afkeer van partyskappe gehad en was daarop ingestel om nooit verwydering te veroorsaak nie.

In hierdie toespraak het Keet hom van funksionele argumente, waarom die Bybel in Afrikaans vertaal moes word, bedien en nie van 'n teologiese argument nie. In vergelyking met D.F. Malan se afskeidsrede te Graaff-Reinet, blyk dit dat Keet veel meer genuanseerd was in sy siening van die verhouding kultuur-

godsdienst. Beide is deur die Christelik-Nasionalisme in Nederland beïnvloed.

Hy het in die tyd sy toekomstige eggenoot, wat in die toekoms sy steunpilaar sou wees, ontmoet. Betekenisvol is die feit dat sy uit 'n pastoriegesin, wat 'n afgeskeide gemeente bedien het, gekom het. Dit dui iets van die openheid en selfstandigheid in denke wat daar by B.B. Keet was, aan. Dit sou Keet by sy voorgeslagte erf, wat, soos reeds genoem, independente was.

Net soos die pos te Noorder-Paarl, kan dr. B.B. Keet se beroep na Graaff-Reinet ook met sy standpunte oor Afrikaans in verband gebring word. Dit is nogal 'n vraag of dr. D.F. Malan, saam met wie Keet op die ATV se hoofbestuur gedien het, nie 'n rol in sy beroeping gespeel het nie.

Die feit dat prof. Keet eers die tweede keer wat hy na Graaff-Reinet beroep is, dit aanvaar het, is in lyn met die karakter van prof. Keet, dat hy moeilik besluite geneem het, veral besluite wat sy eie lewensloop en die van ander beslissend sou beïnvloed.

HOOFSTUK 5: GEMEENTEBEDIENING AS LERAAR VAN GRAAFF-REINET (1916-1919)

In hierdie hoofstuk word dr. Bennie Keet se bediening op Graaff-Reinet bespreek. Dit vertel van sy bevestiging daar, sy huwelik, sy eggenote en Tobie Muller se afsterwe tydens die groot griep, asook van die aanvang van die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die kern van die hoofstuk draai om Keet se vredespraak. Vrae wat in die hoofstuk aan die orde gestel word, is die volgende: Hoe sou Keet, wat van nature ingestel was om die samelewing teologies te onderken en te beoordeel, op Graaff-Reinet vaar? Sou hy in staat wees om te bou aan die eenheid aan die gemeente, of sou sy lojaliteit aan die Afrikaanse taal die verdeeldheid in die gemeente verder vergroot? Waarom het hy dit nodig gevind om 'n preek oor die Vrede van Versailles te preek, wat hom aan die einde van sy bediening te Graaff-Reinet in die gedrang sou laat kom. Het hy politiek gepreek, of het die beswaardes 'n stuk etiek politiek beoordeel? Hoe het Keet die verhouding tussen oorlog en die Christelike geloof gesien? Watter karaktertrekke van dr. Keet kom in hierdie tyd na vore?

5.1 Bevestiging

Die week dat dr. B.B. Keet te Graaff-Reinet bevestig sou word, het byna ongekende reëns in die distrik geval. Vanweë die reën kon die plan van die gemeente, om dr. Keet in 'n optog van die naaste spoorweghalte te gaan afhaal en hom dan die Vrydagaand 'n ontvangs in die stadsaal te gee, nie ten uitvoering gebring word nie. Daarom is die ontvangs uitgestel tot Maandagaand.¹

¹ 'n Weergawe van die gebeure kry ons in *De Kerkbode*, 25 Mei 1916, 508. In dieselfde artikel word ook gemeld dat die kerkraad van Graaff-Reinet die aanstelling van prop. Du Toit, wat 'n tydelike hulpprediker was, permanent gemaak het.

Die bevestiging van die nuwe leraar het op Saterdagmiddag 6 Mei 1916 op Graaff-Reinet plaasgevind.² Weens die reën was die opkoms van die buitelede besonder swak. Ook kon nie een van die ringspredikante teenwoordig wees nie. Dr. Keet is deur sy kollega, ds. P.K. Albertyn, bevestig. Ook teenwoordig was ds. W.A. Joubert (Noorder-Paarl), 'n ds. Van Niekerk en prop. J.P. du Toit. Ds. Joubert het die bevestigingsrede na aanleiding van Mal. 2:7 gelewer: "Want de lippen des priesters zullen de wetenschap bewaren, en men zal uit zijn mond de wet zoeken; want hij is een engel des Heeren der Heirscharen." Jare later sou prof. J.J. Muller dieselfde teks vir die rede by prof. Keet se begrafnis gebruik.³

Die Sondagoggend het dr. Keet vir die eerste keer opgetree. Daar was 'n skare van oor die duisend toehoorders teenwoordig. Sy teks was 1 Kor. 3:9: "Want wij zijn Gods mede arbeiders; Gods akkerwerk, Gods gebouw zijt gij. " Met gespanne aandag is geluister na die eerste woord van die nuwe leraar, en die gemeente het gevoel dat hulle stof het om God te dank vir hierdie mede-arbeider, wat blyke gegee het van sy talente en van sy toewyding aan die werk van die Here.

Daardie namiddag het hy 'n kinderdienst waargeneem. Die opkoms van die kinders was pragtig. Saam met die een of tweehonderd volwassenes was daar 1066 siele teenwoordig. Dr. Keet het na aanleiding van Ps. 119:11 gepreek: "Ik heb Uwe rede in mijn hart verborgen, opdat ek tegen U niet zondigen zou".

Die Maandagmiddag het 'n groot skare gemeentelede hom toe op gesellige wyse ontmoet.⁴

² De Kerkbode 6 April 1916, 126 en 358.

³ Die Burger 27 Junie 1974.

⁴ De Kerkbode 25 Mei 1916, 508.

5.2 Lief en leed

Twee dae na sy bevestiging, op 8 Mei 1916, het die nuwe leraar sy eerste kerkraadsvergadering bygewoon. Op die vergadering is hy weereens verwelkom. Ds. Albertyn het ook sommer aan hom die voorsitterstoel gegee.

Soos wat hulle met die agenda besig geraak het, het die nuwe voorsitter agtergekom dat dit ook nie 'n sondelose gemeente was, waar alles altyd maanskyn en rose was nie. Sake wat op die agenda voorgekom het, was die windpomp in die kerkhof wat stukkend was, die stem van die orrel, asook die onenigheid tussen die broers Haarhof. Laasgenoemde is aan 'n kommissie en die leraars opgedra om by te lê. Die kerkraad het ook by hierdie vergadering besluit dat prop. Du Toit gevra sou word om as hulpprediker in die gemeente aan te bly.⁵

Die nuwe leraar het sy bediening in Graaff-Reinet in 'n polities gespanne tyd begin. Dit was die tyd van die eerste Wêreldoorlog(1914 - 1918), met die verowering van Suidwes-Afrika, die Rebelle en ander opspraakwekkende gebeurtenisse in ons land, wat ook in die kerklike lewe hul invloed laat voel het. Dr. Keet sou met groot versigtigheid eers sy voete moes vind en die gemeente se vertroue wen, voordat hy kontroversiële onderwerpe in sy prediking kon aanraak.

Werk was daar genoeg. Huisbesoek moes gedoen word tot op die verste grense van die gemeente. Daarby het gekom katkisasie, jeugbearbeiding, aandag vir die sending, Sondagskool, en armsorg. Kerkraads- en ringsnotules verraaï 'n aktiewe bediening van die Evangelie, met woord en daad. Vir die gemeente was dit 'n tyd van besliste vooruitgang.

Op 12 Oktober 1916 het die nuwe ringsbroeder die sitting van die Ring van Graaff-Reinet bygewoon. Sy kollega, wat ook die vorige jaar moderator van die sinode was, is tot praeses verkies.⁶

⁵ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule 8 Mei 1916, 290.

⁶ Ring van Graaff-Reinet: Notule 12 Oktober 1916, 88.

Vir die ongetroude leraar van Graaff-Reinet was dit seker maar moeilik om so alleen in die pastorie klaar te kom. Sy hart het ook met 'n punt getrek Paarl toe na Joeey van Aarde. 'n Paar maande na sy bevestiging op Graaff-Reinet, op 5 Desember 1916, is die nuwe leraar van die gemeente toe met Joeey getroud. Op daardie stadium was hy reeds 31 jaar oud. Sy was 23.⁷ Die troue is op Tulbagh gehou. Die strooijonker was Tobie Muller en die strooimeisie Leonora Smuts, dogter van ds. Smuts van Piketberg. Die onthaal is deur die Kruisvallei-gemeente aangebied.

Dit was in die tyd wat Bennie op Graaff-Reinet was dat hy op 'n dag by sy oudste suster, Annie, en haar man, Fred Koch, in Middelburg gaan kuier het. Fred het hom omgepraat om 'n gholfstok in die hand te vat. Dit was in die tyd lank voordat gholf in die Afrikanergeleedere ook 'n modespel geword het. Net daar het die bytjie gestee. Voortaan sou hy hierdie sport beoefen totdat hy op 82-jarige ouderdom die stokke weggepak het.⁸

Min het Ben geweet dat hierdie besoek die laaste aan sy suster sou wees. Nie lank na hierdie besoek nie, is Annie aan die koors oorlede.⁹

Op 18 Mei 1918 is vir die gesin Keet 'n seuntjie gebore. Hy is na sy oupa vernoem, m.a.w. ook Barend Bartholomeus Keet. Die vreugde wat die gesin belewe het, was intens. Min het hul geweet van die hartseer wat voor die deur gelê het.

⁷ Huweliksregister, Kruisvallei-gemeente, 5 Desember 1916 G43 5/1.

⁸ Volgens Keet se eie getuienis later jare in 'n onderhoud van **Die Burger** 20 Junie 1970 met hom.

⁹ Inligting van mev. Jessie Keet verkry. Volgens haar het Fred Koch later 'n tweede huwelik aangegaan en wel met Blanche Dixon, musiek-onderwyseres te Middelburg en tante van prof. Keet se tweede vrou, Jessie Reitz.

5.3 Bybelvertaling gepaardgaande met gemeentearbeid

In die tyd wat B.B. Keet hom te Graaff-Reinet gevestig het, het die vertaling van die Bybel in Afrikaans op dreef gekom. Drie weke na sy bevestiging het die Vrystaatse sinode besluit om Afrikaans naas Nederlands te erken.¹⁰ Die sinode het ook besluit om die Bybel in Afrikaans te vertaal, in medewerking met die ander Hollandse kerke. Die sinode het die werk opgedra aan 'n spesiale kommissie, wat met die ander Ned. Geref. kerke, asook die Hervormde en die Gereformeerde kerke se sinodale kommissies moes onderhandel vir hul medewerking aan die vertaling. Die lede was di. J.D. Kestell, C.D. Bam, J.A. Joubert, H. Pienaar en N.J. van der Merwe.¹¹

Op 22 November 1916 het die kommissie sy eerste vergadering te Bloemfontein gehou, nadat in onderhandeling met die susterskerke getree is en hulle gevra is om elk twee afgevaardigdes na die vergadering te stuur.¹² Die Kaapse kerk het geantwoord dat hul nie in hierdie saak kon saamwerk, voordat die sinode hom nie daaroor uitgespreek het nie. Die kerk in die Transvaal het ds. J.F. Naudé afgevaardig om na Bloemfontein te gaan. Die Sinodale Kommissie van Natal het ook verklaar dat hul sinode binnekort sou sit en dat die saak voor die vergadering gelê sou word.

Die Gereformeerde Kerke was maar te gewillig om saam te werk en het gevra of hul drie afgevaardigdes na die vergadering kon stuur. Hulle het dr. J.D. du Toit, prof. F. Postma en ds. W. Postma gestuur.¹³ In die Gereformeerde Kerk was dr. Du Toit een van die eerste voorstanders vir 'n Afrikaanse vertaling.

¹⁰ sinode van die Vrystaat: Handeling, 1916, 55 en 58.

¹¹ Dies., 1916, 80.

¹² Afrikaanse Bybelkommissie: Notule van die Tweede vergadering; 22 November 1916, in lêer N 366(b), P.J. Nienaber versameling, Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.

¹³ Die Kerkbode 10 Mei 1917, 440.

Op die vergadering is hy aangewys as voorsitter van die Bybelvertalingskommissie.¹⁴

Daar is besluit om dadelik met die werk te begin en nie te wag vir die ander kerke se afgevaardigdes om by te kom nie.

Eers is die basis van die vertaling bespreek. Moes hulle 'n vertaling uit die grondtale m.b.v. die nuutste en beste kritiese navorsing maak, of sou hulle hul aan die grondteks van die Statevertaling bind en dié vertaling oral volg. Na vele gewik en geweeg is besluit om die tweede moontlikheid te volg, hopende dat dit die kritiek van die kritiese kerklike publiek sou demp.

Die kommissie het ses vertalers benoem. Dr. B.B. Keet se naam was ook onder die ses. Hy, dr. J.D. du Toit en Tobie Muller is aangewys vir die vertaling van die Ou Testament. Vir die Nuwe Testament is prof. F. Postma, dr. N.J. van der Merwe en dr. G.B.A. Gerdener aangewys.¹⁵

Ook is 'n veel breër kommissie van revisore benoem.

Op 4 April 1917 het die vertalers weer in Bloemfontein byeengekom. Daar is besluit om dadelik een boek van die Nuwe-Testament en twee van die korter boeke van die Ou Testament te vertaal, te laat druk en privaat as 'n tentatiewe vertaling te laat sirkuleer, ten einde min of meer die teksvorm vas te stel wat vir die hele vertaling gebruik sou word.¹⁶

Die volgende samekoms van die vertalers het op 2 en 3 Julie 1917 plaasgevind.¹⁷ Die tyd is in beslag geneem met die nasien van moontlikhede en punte van verskil in die drie boeke

¹⁴ Afrikaanse Bybelkommissie: Notule 22 November 1916, lêer N366(b), P.J. Nienaber versameling, Afrikaanse Taalmuseum, Paarl. Lees ook artikel in **Die Huisgenoot** 28 Augustus 1953, 21.

¹⁵ **De Kerkbode** 10 Mei 1917, 440.

¹⁶ **De Kerkbode** 10 Mei 1917, 440; Afrikaanse Bybelkommissie: Notule 4 April 1917, lêer N366(b), Nienaber-versameling, Taalmuseum, Paarl.

¹⁷ Afrikaanse Bybelkommissie: Notule 4 April 1917, Nienaber-versameling, Afrikaanse Taalmuseum, Paarl, lêer N366 (b); **De Kerkbode** 23 Augustus 1917, 815.

wat voorlopig gepubliseer en privaat gesirkuleer sou word. Die vertaling van hierdie drie boeke, nl. die Evangelie van Johannes, Hosea, en Jona was ten tyde van die vergadering reeds ter perse. Dit sou gratis versend word aan persone wat gewillig sou wees om dit noukeurig na te gaan en voor 15 Desember 1917 aan ds. van der Merwe terug sou stuur. Die kommissie self het onderneem om teen 15 Oktober die kopieë aan die belangstellendes te gee.

Die sirkulasie van hierdie proefvertalings het die stryd vir of teen Afrikaans weer aangeblaas. Die gevoelens oor Afrikaans kon in die stadium in 3 groepe verdeel word, nl. dié daarteen, dié daarvoor en dié wat daarvoor was, maar gereken het dat gewag moes word dat Afrikaans nog beter ontwikkel. Baie het egter ingesien dat dit 'n onomkeerbare stroom was.¹⁸

Die berigte in **De Kerkbode** oor Afrikaans het in 1918 baie vermeerder. Die stryd om die erkenning van Afrikaans as offisiële taal deur die parlement het ook tot die intensivering van die debat bygedra. Geen brief van dr. Keet in die debat van die blad kon egter opgespoor word nie. Dalk het hy hom eers weerhou van deelname.

In 1919 het hy die Afrikaanse vertaling van die Bybel wel in die tydskrif **Het Gereformeerde Maandblad** verdedig.¹⁹

Miskien was dit juis hierdie debat rondom die Bybelvertaling wat die Breë kommissie vir Bybelvertaling laat besluit het om die kerklike publiek so gou moontlik van die resultate van die Bybelvertaling in die hand te gee, sodat weggekrom kon word van teoretiese kritiek, na 'n meer gegronde beoordeling van die werk. Daarom is besluit dat die vier Evangelies en die Psalme so gou moontlik in druk moes verskyn. Vir die doel moes dr.

¹⁸ **De Kerkbode** 1 Augustus 1918, 726 - 728, het 'n breedvoerige bespreking van die posisie van Afrikaans op daardie stadium in die staat, skole, universiteite en die kerke, asook 'n bespreking van die verskillende gevoelens daaroor.

¹⁹ **Gereformeerde Maandblad**, Januarie 1919, 12-15.

Keet die Evangelie van Lukas, prof. Postma Markus, ds. Van der Merwe Matteus en dr. Du Toit die Psalms vertaal.²⁰

Die onstuitbaarheid van die vooruitgang van Afrikaans is beklemtoon daardeur dat die sinodes van al die ander provinsies die voorbeeld van die Vrystaat gevolg het m.b.t die erkenning van Afrikaans. Teen einde 1919 was Afrikaans in al die ander provinsies deur al drie die Hollandse Kerke as offisiële taal erken.

5.4. Die groot griep

Die jaar 1918 was 'n donker jaar in Keet se lewe. In Oktober 1918 het die verskrikking van die vreeslike griep epidemie losgebars. Op 7 November het die plaaslike koerant rapporteer dat daar reeds 310 kleurlinge en 95 blankes net in die Graaff-Reinet distrik alleen gesterf het.²¹ Twee van die mense naaste aan Ben Keet sterf ook. Die een was sy vriend Tobie Muller.²²

Dr. Muller is oorlede nog voordat die eintlike Bybelvertaling, die vertaling uit die oorspronklike tale, begin het. Dit is tog so ironies dat hy wat sy kragte daaraan gewy het om die Kerk daarvan oortuig te kry, nie die vreugde daarvan sou kon smaak om die voltooiing daarvan te sien nie.

Bennie Keet was nog by Philippolis om vir Tobie by te staan met sy siekte, toe hy hoor dat sy eggenoot Joeye ook deur die griep aangetas is. Hy het hom na Graaff-Reinet teruggehaas. Vir haar was dit egter ook die bestemde tyd. Die griep het hom en hul klein seuntjie Bennie ook aangetas. So siek was hy dat hulle sy vrou se begrafnis by sy kamervenster moes hou.

²⁰ Breë kommissie vir Bybelvertaling: Notule 7 Julie 1919.

²¹ **Onze Courant** 7 November 1918.

²² In die biografie: **Tobie Muller**, hoofstuk 6, word hierdie tydperk verhaal.

Die begrafnis is gelei deur sy medeleraar, ds. P.K. Albertyn.²³

Vir Ben Keet moes dit 'n harde slag gewees het. Om binne een jaar jou suster, jou vrou en jou boesemvriend aan die dood af te staan, is nie maklik nie. Die lewe vorentoe moes vir hom absoluut sinloos gelyk het. Hy het egter sy vyf maande oue seuntjie gehad waarna hy moes kyk.

Onmiddellik het hy met 'n probleem gesit. Wat moes nou gebeur met klein Bennie? Sy skoonouers het gesê dat die seuntjie by hul kon bly, maar daarvoor het die vaderhart nie kans gesien nie. Dan liever die kindjie alleen grootmaak. Sy skoonmoeder was aanvanklik ontevrede. Toe sy sien hoe goed hy hom van sy taak kwyd, het sy berus.

Aanvanklik het een van die gemeentesusters, Alida Minnaar, gehelp met die versorging van klein Bennie. Later jare sou sy met klein Bennie kontak hou. Jare lank sou hy gereeld Kerskaarte van haar ontvang. Die kontak is egter verbreek toe sy later getroud is en na Pretoria verhuis het.²⁴

Geen mens word onaangetas gelaat wanneer twee sulke steunpilare onder jou uitgeruk word nie. Dr. B.B. Keet sou ook nie meer dieselfde wees nie. Dit was asof hierdie gebeure hom laat volwasse word het. Hierna was die entoesiasme en die ywer waarmee hy bv. vir Afrikaans gestry het, nie meer so op die voorgrond nie. Dit was asof hy na hierdie gebeure ook meer in staat was om die prinsipiële van die tydelike te onderskei. In sy prediking sou hy meer as tevore die Woord van God reguit sny. Die lewe was te kort, het hy agtergekom, om doekies om te draai.

Die gemeente, wat self swaar deur die Spaanse griep geraak is, het nie so in hul eie nood vasgekyk dat hulle hul leraar in sy

²³ Inligting omtrent die begrafnis is mondelings van mev. Jessie Keet gekry. Volgens haar het prof. Keet nie met haar daaroor gepraat nie, maar ds. Albertyn het dit later vir haar vertel.

²⁴ Mnr. B.B. Keet het die inligting i.v.m. sy opvoeding deur Alida Minnaar mondelings meegedeel.

nood vergeet het nie. Op die kerkraadsvergadering van 2 Desember 1918 het die vergadering dan ook in sy afwesigheid staande 'n mosie van betuiging van die diepste meegevoel met hom aangeneem.

In die gemeente was daar baie lidmate wat geliefdes aan die dood afgestaan het. Hulle moes bygestaan word. Die kerkraad het probeer help deur die doodskiste van armes vir sy rekening te neem. Ds. Albertyn het ook, met die kerkraad se verlof, 'n lys van afgestorwenes laat druk en onder die gemeentelede versprei.²⁵

'n Paar maande na die dood van sy geliefdes, in Februarie 1919, het dr. Keet 'n beroep na Philippolis ontvang. Die kerkraad van Philippolis het hom natuurlik ten tyde van Tobie se siekte leer ken.²⁶ Hy bedank dit egter.²⁷ Dit is 'n vraag of hy geweet het dat daar 'n moontlikheid bestaan het dat hy op 30 April 1919 in die plek van prof. De Vos na die Kweekskool beroep sou word. Prof. De Vos het al vroeg in 1919 aan die Kuratorium kennis gegee van sy aftrede. Keet sou die beroep na die Kweekskool aanvaar. Min het hy geweet watter onmin nog vir hom voorgelê het voor hy na Stellenbosch sou verhuis.²⁸

5.5. 'n Vredespreek bring onvrede

Dit was nie net die griep wat lyding op Graaff-Reinet veroorsaak het nie. Die tyd van dr. Keet se arbeid op Graaff-Reinet was oorlogstyd. Die Eerste Wêreldoorlog was in volle gang. Dit sou sy rimpelings ook tot op hierdie dorp laat voel. Op maatskaplike gebied het daar groot armoede op Graaff-Reinet geheers. So het mev. Brummer, die werkster onder die armes,

²⁵ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule, 2 Des. 1918, 363 en 364.

²⁶ *De Kerkbode* 6 Februarie 1919, 131.

²⁷ *Dies.*, 27 Maart 1919, 303.

²⁸ sien volgende hoofstuk vir meer besonderhede oor beroep na Stellenbosch.

op 14 Julie 1919 in haar sesmaandelikse verslag aan die kerkraad, rapporteer dat meer as 140 arm gesinne op daardie stadium deur haar bygestaan word. Die kerkraad het toe besluit om, met die oog op die groot tydelike nood waarin die gemeente verkeer het, Woensdag 30 Julie 1919 as 'n dag van verootmoediging en gebed af te sonder en om die gemeente daartoe voor te berei deur 'n bidstonde elke aand vanaf Maandag 21 Julie.²⁹

Polities was dit 'n gespanne tyd in Graaff-Reinet. Die einde van die oorlog gedurende November 1918 is ook verskillend geïnterpreteer. Teen hierdie agtergrond moet die opgewonde reaksie van die gemeente teen die veelbesproke preek van dr. Keet, na die Vrede van Versailles, gesien word. Die verdrag vir die vrede is op 28 Junie 1919 onderteken.

Op Sondag 3 Augustus 1919 het baie gemeentelede van Graaff-Reinet blykbaar na die kerk opgekom om die vrede op godsdienstige wyse te vier. Met die politieke verdeeldheid wat in die hele land geheers het, was daar natuurlik ander lidmate wat nie só daarvoor gevoel het nie. By die geleentheid was dr. Keet op die kansel. Toe kom die leraar en hy preek oor die teks uit Jeremia 8 vers 11: "Vrede, vrede! terwyl daar geen vrede is nie." Dit het geweldige ontsteltenis in die gemeente verwek.

Die preek, wat woordeliks in die plaaslike blad, **Onze Courant**, van 7 Augustus 1919, gepubliseer is, was inderdaad geen partypolitieke woord nie, maar 'n geestelike appèl en wekroep om dieper oor die groot vrae van die dag na te dink. Die leraar het gesê dat die volk Israel gedink het dat daar vrede tussen hulle en God was, omdat hul koning Josia terug na God hervorm het en ook 'n groot paasfees laat hou het waar die volk hul sonde kon bely. Die volk kon egter nie verstaan hoekom God dan net kort daarna die volk in 'n geveg die onderspit laat delf en die koning laat sterf nie. Die Here antwoord die volk dan dat dit was, omdat hulle uiterlik vrede

²⁹ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule, 14 Julie 1919, 378 en 379.

met God gemaak het, maar nie werklik in hul harte tot bekering gekom het nie.

Hierdie sogenaamde vrede tussen God en sy volk, sê Keet, was ook tipies van die vrede wat daar, ten spyte van die Vrede van Versailles, in die wêreld heers.

Die Vrede van Versailles sou nie vrede bring nie, omdat daar nie bekering in die hart van die wêreld plaasgevind het nie, ten spyte van die lyding van die vorige jare. Volgens hom was dit geen vrede as jy jou vyand dwing om 'n vredesooreenkoms te teken wat jy opgestel het nie. Dan is dit maar net die mag van geweld wat op 'n ander manier seëvier. Die vredesvoorwaardes, wat van Duitsland verwag het om 100 000 melkkoeie af te staan, terwyl mense by die dag in daardie land van die honger sterf, was bewys daarvan dat daar geen inkeer in die wêreld gekom het nie.

Die reaksie by sommige was skerp en haastig. Toe die kerk uitkom het 'n hele aantal mense buite die kerk staan en gesels en hul leraar oor die preek gekritiseer. Dit was veral die lede van die Suid-Afrikaanse party wat ontstoke was, aangesien hulle leier, Eerste Minister Jan Smuts, ook die Vrede van Versailles onderteken het.

Die volgende dag, Maandag 4 Augustus, was daar dan ook sommer 'n afvaardiging van 25 lede van die SAP-party wat dr. Keet kom spreek het. Die ontmoeting het in die C.J.-saal plaasgevind. 'n Aantal persone wat ten gunste van die preek was, het ook geslaag om in die saal te kom. Op die protesvergadering was daar sprake van "skeuring", "beroering", "politiek op die kansel", en aan die ander kant "is baie dankbaar" en "gevoed", sonder enige beswaar, aangesien ook genl. Smuts en baie Engelse dieselfde kritiek teen die vredesverdrag gehad het. Dr. Keet se optrede het in die teken van kalme waardigheid en simpatieke begrip gestaan. Tog was hy vasbeslote om ten alle tye sy oortuiging uit te spreek, "al loop die kerk ook leeg".

In meer as een opsig het hy sommige geskok, in alles het hy waardig gebly en die agting van die gemeente bly behou.³⁰

Dr. Keet se kollega, wat nie die preek gehoor het nie, maar op die vergadering in die saal teenwoordig was, het die reg van die predikant verdedig om ook die verkeerde in die gemeenskap uit te lig.

Die vergadering het later verdaag, nadat een van die ontevredenes die leraar gewaarsku het dat hy nie ongelukkig moes wees as daar in die toekoms minder mense in die kerk sou wees nie, aangesien dit deur sy eie toedoen sou wees.

Die Woensdag na die protesvergadering het 'n aantal gemeentevrouens, wat dr. Keet in sy optrede gesteun het, in die C.J.-saal bymekaar gekom. Nadat hulle hom laat roep het, het hulle hom van hulle simpatie en dank vir sy optrede verseker.

In die destydse plaaslike koerant van Graaff-Reinet is daar uitvoerige beskrywings van die botsing gegee. Die preek, tesame met 'n weergawe van beide byeenkomste is ook weergegee.³¹

Die stof oor die vredespreek sou nie onmiddellik gaan lê het nie.

Beoordeling

Dr. B.B. Keet se beroep na Graaff-Reinet was 'n keerpunt in sy lewe. Hy het nou 'n bietjie losgekrom van die invloed van sy studentevriende. Dit is asof sy ware karakter nou sterker na vore tree. Hiervan getuig die stryd rondom die vredespreek. Sy beredeneerde denke, sin vir geregtigheid en afkeer van partyskappe tree nou na vore as hoekstene van sy denke en optrede. Daarby kan gevoeg word dat hy innerlik die roeping

³⁰ Onze Courant 7 Augustus 1919, gee verslag van die vergadering.

³¹ Onze Courant, 7 Augustus 1919.

aanvaar het om die gemeente volgens die Woord van God te rig. Dit is dan ook ten diepste vanweë hierdie getrouheid aan homself dat hy die vredespreek gelewer het en daarvoor in gedrang gekom het by lidmate en die gemeenskap. Alhoewel hy dus 'n afkeer van partyskappe gehad het, het dit nie verhoed dat hy sy roeping as wegwysers na die Woord vervul het nie.

Verder het dr. Keet in hierdie tydperk te Graaff-Reinet die volle impak van leraarskap leer ken. Hy het bekend geraak met al die aspekte daarvan. Die drie en 'n half jaar daar se ondervinding sou hom help om in die jare wat kom sy studente nie net 'n klomp teorie te leer nie. Hy sou uit eie ondervinding kon praat. Sy groot verlies met die sterwe van sy geliefdes sou by hom lei tot groter rypheid en beter onderskeiding tussen dit wat saak maak en dit wat van minder belang is. Die geskil met sommige gemeentelêde oor sy vredespreek sou hom help voorberei vir 'n oorwoë hantering later van die Du Plessissaak en die rassekonflik in Suid-Afrika.

Dit blyk dat Keet nie 'n skeurmaker was nie. Hy bedien 'n reeds verdeelde gemeenskap in 'n baie moeilike politieke tyd. Hy kry dit reg om vir feitlik sy hele bediening te Graaff-Reinet uit die gedrang te bly. Tog bly dit in Keet se aard om die samelewing teologies te onderken en te beoordeel. Toe sy etiese oortuiginge hom dan ook in 1919 dwing om hom teen die Vrede van Versailles te verset, was hy bereid om nie die waarheid te verswyg nie, maar die pyn van teenkanting te vat. Hy het egter nie genoeg met die verdeeldheid geneem nie, maar deur sy tegemoetkomendheid en bereidheid tot gesprek, die vrede probeer herstel. Die geskiedenis self sou later vir Keet gelyk gee, toe die gebrekkige Vrede van Versailles uitgeloop het op die Tweede Wêreldoorlog. Hier kan met oortuiging gesê word dat Keet werklik die roeping van profeet in sy preek vervul het. Opvallend was dat, alhoewel hy in die gedrang by sommige gekom het, hy tog die respek van die meeste bly behou het.

HOOFSTUK 6: BEROEPING EN BEVESTIGING AS HOOGLERAAR AAN DIE TEOLOGIESE SEMINARIUM TE STELLENBOSCH (1919-1920)

In hierdie hoofstuk word behandel dr. Bennie Keet se beroep na en bevestiging as hoogleraar aan die Teologiese Seminarium van Stellenbosch, asook sy aanvanklike aanpassing aldaar. Vrae wat hier uitgeklaar word, is die volgende: Hoekom wou Keet eers die sinode bywoon? Was hy bekommerd oor die petisie teen Afrikaans, of het dit net suiwer gegaan om die ervaring om die sinodesitting by te woon? Hoe het dit gekom dat hy die voorstel oor Afrikaans as kanseltaal by die sinode ingedien het? Verder word sy intreerede te Stellenbosch onder die loep geneem. Waarom het hy dit nodig geag om die onderwerp van die Skrifgesag te behandel? Wat sou hy met sy intreerede by die kerklike publiek wou beklemtoon?

6.1 Die beroep

In 1919 ontstaan daar twee vakatures aan die Kweekskool te Stellenbosch. Die een vakature was as gevolg van die aftrede van prof. De Vos. Hy was 36 jaar lank dosent aan die inrigting. Die ander vakature het ontstaan as gevolg van die afsterwe van prof. Marais op 27 Aug. 1919, nadat hy 42 jaar as hoogleraar gedien het. Twee opvolgers moes aangewys word. Wie sou hulle wees? Sou hulle in die voetspore van Marais en De Vos volg, of sou hulle toetrede 'n nuwe teologiese beklemtoning aan die Kweekskool aankondig?

Prof. De Vos het aan die begin van 1919 aan die Kuratorium kennis gegee dat hy met die aanvang van die wintervakansie sy amp wou neerlê. Op 30 April het die kommissie vergader om 'n hoogleraar in sy plek te kies. Die persoon moes hoofsaaklik vir Dogmatiek en Etiek verantwoordelikheid neem.¹ Op die nominasielys was die name van ds. D.G. Malan, dr. B.B. Keet,

¹ Kuratorium: Notule, 30 April 1919, 162.

ds. P.G.J. Meiring en prof. N.J. Brummer. By die stemming is 13 stemme op dr. Keet uitgebring en 7 op ds. D.G. Malan.²

Die Kerkraad van Graaff-Reinet was baie trots op die keuse van hul predikant as hoogleraar. Op die volgende kerkraadsvergadering is daar dan ook 'n mosie van gelukwensing staande aangeneem.³

Die Kerkbode van 29 Mei 1919 het berig dat dr. Keet die beroep aanvaar het. Hy het geskiedenis gemaak. Hy was die eerste hoogleraar wat voor sy verkiesing gepromoveer het. Maar dit was nie al nie. Hy was ook die eerste om as kwekeling van die Vrije Universiteit tot hoogleraar aan die Stellenbosse Kweekskool beroep te word.

Aangesien Keet begeer het om die sinode as afgevaardigde vir Graaff-Reinet by te woon, is gereël dat hy sy pos aan die Kweekskool eers aan die begin van 1920 sou opneem. Prof. P.J.G. de Vos het ingestem om met sy werk voort te gaan tot aan die einde van 1919.⁴

6.2 Nadraai van 'n omstrede preek

Dr. Keet sou dus nog sewe maande lank in die gemeente wees. Dit sou nie 'n lekker sewe maande wees nie. Die gedoente oor sy vredesprek sou sy herinneringe aan Graaff-Reinet oor daardie sewe maande oorheers. So rapporteer ds. Albertyn op 6 Oktober aan die kerkraad dat hy weer 'n poging aangewend het om die ontevrede broeders in 'n samespreking met dr. Keet byeen te bring. 'n Paar het te kenne gegee dat hulle die samesprekings sou bywoon, maar het op die ou end nie opgedaag nie. Die gevolg was dat dr. Keet alleen verskyn het. Dr. Keet rapporteer terselfdertyd ook dat hy Vrydagmôre 3 Oktober om agtuur 'n brief ontvang het, wat onderteken was deur sewe

² Dies., 30 April 1919, 162.

³ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule, 14 Julie 1919, 379.

⁴ Kuratorium: Notule, 28 Augustus 1919, 162; 30 Oktober 1919, 167.

ontevrede broeders, waarin hulle die wens uitgespreek het om vriendskaplik met hom te konfereer. Hy het dadelik 'n brief gestuur aan broer H.P.O. Muller en hom gevra om so 'n vergadering te belê en hom die plek en tyd te laat weet. Tot op daardie stadium het hy niks verder verneem nie. Die kerkraad het dan ook eenparige besluit dat hul die ontevredenheid betreur en met die tweede leraar saamvoel.⁵

Aan die einde van Augustus 1919 het prof. Marais gesterf. Die kuratorium, wat 'n geskeduleerde vergadering vir 28 Augustus 1919, die dag na prof. Marais se dood, gehad het, het sommer daar en dan besluit om die kieskollege op 30 Oktober 1919 bymekaar te roep om 'n opvolger vir hom te beroep. Byna gelyktydig met prof. Marais het ook generaal Louis Botha, die Eerste Minister gesterf.⁶

Die kieskollege se keuse het op dr. E.E. van Rooyen geval. Nog 'n alumnus van die Vrije Universiteit is beroep.⁷

Dat hiermee die moontlikheid van 'n nuwe teologiese benadering aan die Kweekskool geskep is, is seker. En die besef daarvan het oë en ore nie ontgaan nie - selfs nie in die buiteland nie. Uit Londen het ds. Former Sypkens prof. Du Plessis daaraan herinner dat hy nou twee jonger kollegas het, "die opgevoed zijn door de mannen van de Doleantie." Vir Sypkens was dit 'n seker teken van die tyd. Hy het Du Plessis voorts daarop gewys dat hy twintig jaar tevore voorspel het "dat in onze Z.A. Theol. op de 'Evangelical' periode er eene zou volgen waarin de leer meer werd geaccentueerd dan vroeger."⁸

⁵ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule, 6 Oktober 1919, 389; dit was die voorlaaste kerkraadsvergadering van B.B. Keet op Graaff-Reinet.

⁶ Kuratorium: Notule, 28 Augustus 1919, 166.

⁷ Dies., 30 Oktober 1919, 186.

⁸ P2- 2/1 Ink. briewe: F. Sypkens - J. du Plessis, 14 Augustus 1920. Juis met die sluiting van die akademiese jaar in 1920 het Keet hierop teruggekom. Sien **Gereformeerde Maandblad**, November 1920, 250-258.

6.3 Die Kaapse sinode se erkenning van Afrikaans as kanseltaal

Intussen moes die Kaapse sinode nog besluit of die kerk Afrikaans as kanseltaal sou erken. Die saak was baie aktueel. So ontvang die kerkraad van Graaff-Reinet bv. 'n brief van ds. J. van Niekerk. Hy vra die kerkraad om 'n petisie teen die voorstel van Afrikaans as kerktal in die gemeente te sirkuleer. Alhoewel dit so voorgestel en gesekondeer is, het die kerkraad nie sy weg oopgesien om aan die voorstel te voldoen nie.⁹ Dat dr. Keet die voorstel oor die petisie nie sou steun nie, was te verstane. Daarvoor was hy te "volbloed" Afrikaner.

Voor die sinode het 'n hele aantal beskrywingspunte oor die gebruik van Afrikaans as kerktal gediens.¹⁰ Die sinode het prof. Keet as een van die kommissielede aangewys wat die sinode moes adviseer oor die aangeleentheid.

As skriba van die kommissie was dit sy voorreg om die voorstel van die kommissie by die sinode in te dien. Dit was 'n goed geformuleerde voorstel ten gunste van die erkenning van Afrikaans as amptelike kerktal. Na 'n debat van drie dae is die voorstel op 7 November 1919 met 199 stemme teen 74 aanvaar. Die sinode het hier ook sy steun toegesê aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans.¹¹ Vir prof. Keet en sy geesgenote was dit 'n deurbraak.

Die besluit oor Afrikaans as kanseltaal het die Kaapse sinode in lyn gebring met die ander kerke wat met die Kaapse kerk in verband gestaan het. Wat die Afrikaanse taal betref, was daar nou eenstemmigheid. Ook het die Kerk so tred gehou met wat die mense op staatkundige en opvoedkundige gebied gevoel het.

Die versigtig bewoorde besluit van die sinode van 1919 oor Afrikaans as kanseltaal, was 'n groot deurbraak. Die keurige

⁹ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule, 12 Mei 1919, 376.

¹⁰ Sinode van die Kaapse Kerk: Skema van werksaamhede, 1919, 3.

¹¹ Sinode van die Kaapse Kerk: Handeling, 7 November 1919, 40.

wyse waarop Ben Keet dit self op die kansel gebesig het, het selfs meer beteken. Hy het in die dae toe daar op Middelburg (Kaap) nog baie teenkanting teen Afrikaans op die kansel was, een aand daar in Afrikaans gepreek. So mooi het sy kansel-Afrikaans geklink vir selfs die vyande daarvan, dat een van hulle die Maandag by die predikant kom spog het met die mooi "Nederlands" wat die professor gebruik het. Die predikant kon hom toe triomferend antwoord dat dit niks anders was nie as sy eie Afrikaans wat so soet van die kansel af geklink het.¹²

Anders as dr. Keet, het dr. Van Rooyen nie so goed daarvan afgekome by die sinode nie. Daar was ten minste 'n klompie Stellenbossers wat hy nog voor sy koms na Stellenbosch ontstel het. Op die kuratoriumvergadering van 27 November 1919 het die vergadering kennis geneem van 'n brief waarin die distriksbestuur van die Suid-Afrikaanse Party, kiesafdeling Stellenbosch, beswaar gemaak het teen sekere optredes van dr. van Rooyen op die sinode. Die distriksbestuur het 'n resoluksie aanvaar waarin hul sê dat hulle gegrief en verontwaardig was oor die onwaardige en onchristelike aanval wat dr. Van Rooyen tydens die sinodesitting op die persoon van wyle generaal Louis Botha gedoen het. Hy het dit glo gedoen in sy rede tydens die bespreking van die deportasie van vier Duitse sendelinge uit Duitswes-Afrika.¹³

Dit is nogal 'n vraag hoe dr. B.B. Keet hierdie sinodesitting ervaar het. Hyself het groot klem op die outonomie van die plaaslike gemeente gelê. By die vergadering sou hy agterkom dat die afgevaardigdes van die plaaslike gemeentes baie uitgelewer was aan die "voormanne" in die sinode. Vier jaar later, net na die volgende sinode, sou sy eerste hoofpunt in sy toespraak oor die regeringsvorm van die Ned. Geref. Kerk, die selfstandigheid van die plaaslike gemeente beklemtoon.¹⁴

¹² Suid-Ooster, 5 Junie 1959.

¹³ Kuratorium: Notule, 27 November 1919, 172

¹⁴ Keet, B.B.: Na 100 jaar: De regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerde beginselen getoetst, Stellenbosch, 1925, 9.

Op 15 Desember 1919 het ds. Keet sy demissie van die kerkraad van Graaff-Reinet ontvang. Op die vergadering is die brief van demissie voorgelees, deur die lede onderteken en daarna met 'n gepaste toespraak aan dr. Keet oorhandig. Ter afsluiting het hy kortliks daarop geantwoord.¹⁵

Die gemeente sou tot 31 Julie 1920 moes wag voordat 'n opvolger vir hom te Graaff-Reinet bevestig is.¹⁶ Dit was prop. P.F. Burger. Drie ander beroepe, nl. op di. J.F. Mentz, G.J. Hugo en C.R. Kotze, was onsuksesvol.¹⁷

6.4 Bevestiging te Stellenbosch

Aan die begin van 1920 het die aangewese professor en sy seuntjie na Stellenbosch verhuis. Dit sou 'n tyd neem voordat die Keets hulle finale tuiste sou betrek. Hulle het aanvanklik gaan loseer by mev. Katie Neethling, in die woning "Vredelust" in die Laan. Tant Katie, dogter van ds. J.H. Neethling, en haar sieklike suster Ella, het in die groot huis met sy traliewerk gebly. Hulle twee het aanvanklik vir klein Bennie grootgemaak.¹⁸

Met hul koms na "Vredelust", moes 'n paar damestudente wat by tant Katie loseer het, ander blyplek soek. Onder hulle was Betsie Schoombee, die latere mev. H.F. Verwoerd.¹⁹

¹⁵ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule 15 Desember 1919, 391.

¹⁶ Dies., 5 Desember 1919, 391; 9 Februarie 1920, 400; 5 April 1920, 405; 7 Junie 1920, 411.

¹⁷ P.L. Olivier in sy boek: **Ons gemeentelike feesalbum**, Kaapstad, p. 35 is dus verkeerd as hy die volgende sê: "Keet se opvolger was die onvergeetlike ds. J.F. Naudé wat tydens sy bediening in Graaff-Reinet die stryd t.w.v. die Afrikaanse taal en kultuur moes stry. Dit was ook a.g.v. sy arbeid dat die Afrikaanse kind vandag in Graaff-Reinet geniet wat hom toekom." Keet se opvolger was nie ds. Naudé nie.

¹⁸ oor die Neethlings, verwys na Hofmeyr, A.M.: **Die Laan en sy mense**, Stellenbosch, 1982.

¹⁹ Inligting verkry vanaf prof. Keet se seun, wat dit mondelings van mev. Verwoerd gekry het.

Die Kuratorium het vir dr. Keet die keuse gestel of hy een van die twee Kweekskoolhuise wou betrek, of 120 pond per jaar vir huishuur wou aanvaar. Die nuwe professor het laasgenoemde gekies. Sy salaris was 600 pond per jaar.²⁰

'n Ruk later, toe Ella Neethling se siekte erger geword het, het hy vir 'n kort rukkie onderdak verkry by prof. Cruse en sy vrou Lettie in hul huis "Huis ten Bosch". Die huis was geleë waar die meisiekoshuis, met dieselfde naam, vandag staan. Intussen het prof. Keet 'n erf langs prof. E.T. Stegmann in Jonkershoekweg gekoop. Toe die Cruses hulle eersteling ver wag, het prof. Keet en sy seuntjie na Jonkershoekweg geskuif, waar hy toe reeds laat bou het. Sy skoonmoeder, die weduwee van ds. Van Aarde van Tulbagh, en haar dogter, Lettie, het vir prof. Keet en klein Bennie kom huishou, totdat hy later weer getroud is.²¹

Die bevestiging van die nuwe hoogleraar van die Kweekskool het op Woensdag 4 Februarie 1920 plaasgevind. In die kennisgewing daarvan het **De Kerkbode** geskryf dat die bevestiging van 'n professor altyd 'n saak van groot gewig vir die kerk was. "Zoveel hangt af van de man, die de roeping vervullen moet van de leeraar van leeraren te zijn. In het geval van dr. Keet kan de Kerk met vrijmoedigheid tot zijn bevestiging voortvaren. Niet alleen is hij wetenschappelijk goed toegerust tot de taak, die hem wacht - de Kerk kan ook het beste van hem verwachten in betrekking tot wat te doen heeft met de staat met de leer, en met de verborgenheden van het Koninkryk der hemelen."²²

In **De Kerkbode** van 12 Februarie 1920 is berig gegee van die gebeure. Die bevestiging het in die saal van die Kweekskool plaasgevind. Gewoonlik het dit in die kerk plaasgevind, maar as gevolg van herstelwerk wat in die kerk aan die gang was, is die geleentheid in die kweekskoolsaal gehou.

²⁰ Kuratorium: Notule, 30 Oktober 1919, 171; 4 Februarie 1920.

²¹ Inligting verkry vanaf mev. Keet se seun.

²² **De Kerkbode** 29 Januarie 1920, 113.

Aangesien die president van die Kuratorium, ds. D.J. Pienaar van Uitenhage, nie teenwoordig kon wees nie, is die bevestiging deur die skriba, ds. D.S. Botha, waargeneem.

Ds. Botha se rede vind ons in *De Kerkbode* van 12 Februarie 1920.²³ In dieselfde uitgawe van die blad het die hoofartikel die hooftrekke van die hoogleraar se intreerede weergegee. Volgens die berig het die nuwe dosent dadelik ingang by sy hoorders gevind. Soos te verwagte, het hy'n onderwerp uit die vak wat hy sou doseer, gekies. Hy het oor die gesag van die Heilige Skrif gepraat. Min het hy geweet hoedat juis hierdie onderwerp in die branding sou staan in die Du Plessissaak wat voor die kerk se deur gestaan en wag het. Prof. Keet het dan ook sommer hier by die wegtrek van sy Kweekskoolloopbaan 'n ander standpunt as Du Plessis oor Skrifgesag ingeneem.

Hy het daarop gewys dat die wêreld in daardie tyd in die teken van radikalisme gestaan het. Die mens was nie tevrede met die aanneem van dit wat beweer word nie - hy breek dit af. Die mens wou gronde hê vir dit wat gesê word dat dit bestaan. Ook die teologiese wetenskap was nie vry van die invloed van die radikalisme nie. Daar is gevra na die grond van dit wat die mens glo. So het die gesag van die Skrif ook in die gedrang gekom.

Vir prof. Keet was die gesag van die Skrif die "primum principium" van die gereformeerde teologie. Daarby het hy dit kategories gestel dat die Skrif as die objektiewe waarheid van God gehoorsaam moes word. Daarmee het hy die gereformeerde Skrifbeskouing afgegrens van enige vorm van rasionalisme of subjektivisme. Met name het hy die "Vermittlungstheologie", die subjektivisme van denkers soos James Martineau, die dualistiese skeiding tussen Heilige Skrif en Gods Woord, asook die personale inspirasiebeskouing van Schleiermacher afgewys.²⁴ Hoe weet ons dat die Skrif die Woord van God is? Duidelik op voetspoor van Kuyper en Bavinck, het Keet met hierdie vraag nie verleë gestaan nie. "Zij is geloofwaardig in

²³ p. 169.

²⁴ *Gereformeerd Maandblad*, Februarie 1920, 30-33.

zichselve, autopistos."²⁵ Daarom, het Keet beweer, was die sekerheid nie deur die rede of die apologetiek te verkry nie. Anders gesê, die sekere kennis dat die Skrif die Woord van God is, moes op getuienis van die Skrif self en in die geloof aanvaar word.²⁶

In hierdie verband het hy toe die testimonium Spiritus Sancti, waarvoor prof. Du Plessis soveel geskrywe het, ter sprake gebring, maar op 'n ander wyse. Die inwendige getuienis was nie ten diepste die grond van die geloof nie, maar die bewegende oorsaak om die objektiewe gesag daarvan as sodanig te aanvaar.²⁷ Op die wyse het hy ontkom aan Du Plessis se subjektivisme, waar die Testimonium 'n kenbron van die waarheid geword het.

Prof. Keet het nog iets raakgesien. Die getuienis van die Gees het hy nie eensydig op die Skrif alleen betrek nie. Hy het ingesien dat dit die werking van dieselfde Gees was wat ons van ons kindskap verseker. Daarom was die geloof in Christus en in die Skrif onlosmaaklik aan mekaar verbind en kon geen dualisme tussen Godsgeloof en Skrifgeloof bestaan nie.²⁸

Ten minste wat sy Skrifbeskouing aangaan, het prof. Du Plessis se teologiese erfenis by prof. Keet in die slag gebly. Die nuwe Dogmatiekprofessor het gekies vir die organiese beskouing van Kuyper en Bavinck. Sonder omhaal het hy verklaar dat die vraag na die kanonisiteit van Bybelboeke - teenoor Du Plessis se nadruk op die histories-kritiese ondersoek - prinsipiëel in die Skrif gesoek moes word.²⁹ Du Plessis se wens om die Ned. Geref. Kerk aan die denkstelsel van die Utrechtse skool te hou, is 'n verdere nekslag toegedien. Keet het Van Oosterzee se dogmatiek met dié van Bavinck vervang. Tog is dit opvallend

²⁵ Dies., 32.

²⁶ Dies., 52.

²⁷ Dies., 58, 59.

²⁸ Dies., 59.

²⁹ Dies., 60.

dat hy hier nêrens na Van Oosterzee verwys nie. Wou hy nie ontakvol wees nie?

Prof. Keet het hom voorts bepaal by die menings van verskillende teoloë oor Skrifgesag. Hy het aangetoon hoe Kant die konsekwente standpunt van die rasionalisme as onhoudbaar afgewys het. Hy het ook op Schleiermacher gewys wat die gevoel voorgestel het as die bron van godsdiens en sy siening verwerp, aangesien hy die swaartepunt van die godsdiens in die mens self gevind het. As Keet oor die inspirasie begin praat, dan bestry hy die stelling: Die Woord van God is nie identies met die Skrif nie, maar word in die Skrif gevind. Hy het die aanvaarding dat die Skrif die Woord van God is, verdedig. Dit moes egter nie meganies nie, maar organies verstaan word. Die skrywers van die Bybel was mense en moes dan as mense nie buite hul tyd, aard en opvoeding gedink word nie. Elke skrywer het sy eie eienaardighede behou. Tog, deur die werking van die Gees, was die woorde wat hulle geskryf het, die Woord van God. Min het hy geweet watter groot stryd in die Kerk voorgelê het juis rondom hierdie saak. Later sal meer gesê word oor sy rol en standpunt tydens die Du Plessis-saak. Tot so ver prof. Keet se intreerede.

Na 'n paar bedankings deur prof. Keet is die verrigtinge afgesluit met die sing van "Hou Christus self sy Kerk in stand".

Dat Du Plessis hierdie klemverkuiling in die teologie aan die Kweekskool kommervol gadegeslaan het, is gewis. In dieselfde jaar het sy vriend, Jan Smuts, aan hom die gewigtige pos van voorsitter van die Kommissie van Naturellesake aangebied. Hy moes dit van die hand wys, het hy gesê, want dit het hom voorgekom dat die toekoms van die Kweekskool "nie sonder moeilikheid" was nie: die "grote figure" van vroëer was daar nie meer nie en hy het dit as sy plig beskou om in sy pos te volhard.³⁰

³⁰ *Het Zoeklicht*, 15 April 1935, 75.

Prof. Keet sou sy plek aan die Kweekskool saam met proff. A. Moorrees, J. du Plessis en E.E. van Rooyen volstaan en 'n besondere rol speel.

Beoordeling

Die periode na Keet se beroep tot en met sy bevestiging was 'n moeilike tydperk in sy lewe. Die verantwoordelikheid om na sy vrou se dood met sy babaseuntjie die mas alleen op te kom, was al genoeg. Daarby kom toe die ongelukkigheid met sy preek oor die Vrede van Versailles.

Dit is nogal 'n vraag waarom prof. Keet eers die sinodesitting wou bywoon. Dit kan aangeneem word dat hy eers die saak van Afrikaans in die sinode wou gaan stel.

Was hy dalk bang dat die petisie teen Afrikaans die besluit oor Afrikaans sou kelder - t.s.v die feit dat die ander sinodes almal dit reeds aanvaar het? Hy kon nie sommer net aanneem dat die voorstel goedgekeur sou word nie.

Dit sê ook iets van hom as persoon en van sy opleiding. Soos sy leermeester, Bavinck, en sy geesgenoot, Kuyper, was Keet baie ingestel op die Kerk as instituut. Daarom sy begeerte om nog eers by die sinode as afgevaardigde uit te kom.

Die feit dat die sinode wel sy voorstel dat Afrikaans naas Nederlands kanseltaal kon wees, aanvaar het, het hom laat beseef dat hy tog 'n bydrae kon lewer om die kerk in meerdere verband te dien.

Sy intreerede te Stellenbosch het reeds 'n aanduiding bevat van die teologie wat Keet sy lewe lank sou doseer. Keet het hier getoon hoe diepgaande hy deur sy studie in Amsterdam beïnvloed is. Uit die rede het dit duidelik geblyk dat die nuwe hoogleraar hom as teoloog Skriftuurlik en in 'n gereformeerde sin wou verantwoord. Hy moes beseef het dat hy met sy intreerede op sekere mense se tone getrap het. Tog het

hy die waagmoed aan die dag gelê om op beredeneerde wyse die weg aan te wys wat in die vraagstuk rondom Skrifgesag ingeslaan moes word.

HOOFSTUK 7: DIE EERSTE JAAR TE STELLENBOSCH (1920)

In hierdie hoofstuk word gekyk na prof. Bennie Keet se eerste jaar op Stellenbosch. Daar was 'n hele aantal sake wat hy vir homself moes uitmaak. Eerstens moes hy homself vergewis van hoe hy homself as opvolger van prof. De Vos gesien het. Sou hy net die opleiding by prof. De Vos oorneem en die rigting wat hy aangedui het, met gepaardgaande handboeke, handhaaf? Die tweede vraag, wat hy vir homself moes uitmaak, was in watter sin hy professor wou wees. Wat sou sy verhouding met studente wees? Derdens sou hy vir homself moes duidelikheid kry hoe hy sy roeping gesien het, t.o.v. die kerk, deur wie hy vir hierdie taak afgesonder is? Hoe wou hy hom in die kerk laat ken? Laastens moes hy ook vir hom uitmaak hoe hy homself sou verbind aan die breër gemeenskap. Hoe sou hy inskakel by die kulturele lewe van sy tyd?

7.1 'n Mooi verhouding met studente

Veertig jaar lank, van 1919 tot 1959 was prof. B.B. Keet hoogleraar aan die Kweekskool van Stellenbosch, waar hy Dogmatiek, Etiek en Kerkreg gedoseer het. Slegs prof. N.J. Hofmeyr, onder wie hy self nog gestudeer het, was langer aan die inrigting verbonde.

Hy was die eerste professor aan die Teologiese Seminarium wat sy lesings in Afrikaans gelewer het. En hy het die kuns goed verstaan om die groot en geleerde begrippe van die teologiese wetenskap in duidelike en begrypbare Afrikaans te verduidelik.

Prof. Keet was nie 'n oorverdowende spreker of prediker nie. Ook was hy nie 'n besielende leermeester in die sin dat dit altyd te lewendig gegaan het nie.¹ Dit het eendag daartoe

¹ Die Kerkbode, 23 Januarie 1975: Volgens D.W. de Villiers na Keet se begrafnis.

gelei dat twee verveelde studente agter in die klas saggies oor ander dinge begin gesels het. Hy het sy lesing net vir 'n oomblik onderbreek en gesê: "Sal een van julle vir my net die venster daar agter oopmaak. Daar is 'n brommer wat moet uitgaan!"

Volgens een van sy studente het hy in die klasse "elke vraag tegemoet gegaan met 'n openheid en openhartigheid, terwyl die pragtige 'stout' glimlag elke antwoord as't ware toegedraai aangebied het. Hy het begrip vir ons as studente gehad en toegewings gemaak vir ons voortvarendheid en soms 'studentegemeenheid'."²

Van die 1 500 teologiese studente wat gedurende die eerste honderd jaar van die bestaan van die Kweekskool hul studies op Stellenbosch afgerond het, moes goed sowat 900 van hulle aan die voete van prof. Keet gesit het. Hierdie getal sluit etlike hoogleraars in wat weer op hul beurt 'n belangrike rol as leermeesters aan teologiese inrigtings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou vervul.³

Prof. Keet het sy werk geniet. Sy grootste frustrasie was die manel en keil wat hy elke dag moes dra. Tot aan die einde van sy lewe sou hy die gebeurtenis onthou waar 'n familielid se seuntjie vir sy ma gevra het: "Mommy, what a funny hat Uncle Ben's wearing?" Keet het met sy mooi humorsin ook altyd die staaltjie vertel van die gevatte Bruinman wat in sinodetyd in die Kaap geloop het en gedink het dat die predikante in hul swart gewade soldate van een of ander skip in die hawe was. Hy vra toe vir sy maat: "Watter skip is in die baai vandag?". Van sy maat kry hy toe as antwoord: "Ek weet nie, maar hierdie soldate se uniforms is darem te warm vir ons 'climate'".

Elke jaar met sy verjaarsdag het al die Kweekskoolstudente na die Keetgesin se huis in Jonkershoekweg gegaan. Hulle het eers by die Kweekskool vergader en al singende na sy huis gestap.

² **Die Kerkbode** 23 April 1975, 547, D.W. de Villiers.

³ **Die Kerkbode** 3 Julie 1974.

Daar het hul dan in 'n kring op die gras gesit, terwyl vir hulle iets te drinke en te ete aangebied is.

Dit was ook prof. Keet se gebruik om elke Vrydagaand twee studente vir ete by sy huis te nooi sodat hy hul beter kon leer ken. Dan het hy ook geluister na hul probleme. By hom het hul weer meer geleer van sy liefde vir die Afrikaanse kultuur.

7.2 Skriba van die Raad van Professore

Twee dae na sy intreerede, op 6 Februarie 1920, het prof. Keet sy eerste vergadering van die Kollege Professore bygewoon. Andermaal is die nuwe hoogleraar verwelkom.

Volgens gebruik was die langsdienende professor die voorsitter en die professor met die kortste diensjare die skriba van die vergadering. Prof. Du Plessis was maar te gewillig om die taak aan sy nuwe kollega oor te dra.

Vir prof. Keet was daar seker 'n stukkie nostalgie aan verbonde toe hy die eerste keer die notule van 17 Februarie 1920 in hierdie boek moes skryf. Dit was nog die oorspronklike notuleboek wat vanaf die begin van die Kweekskool gebruik is. Nie dat Keet se handskrif dit gewys het nie. In teenstelling met die netjiese handskrif van prof. Du Plessis, het sy handskrif veel te wense oorgelaat. Hy sou die taak nie lank behartig nie, want vanaf 9 Februarie 1922 het prof. Van Rooyen die notule geskryf.⁴ As daar te kla was oor die netheid van prof. Keet se handskrif, dan was dit soveel te meer waar van die skrif van prof. Van Rooyen!

Eie aan Ben Keet, het sy liefde vir Afrikaans oral tot uiting gekom. So het hy bv. net die tweede keer dat hy die notule neem, die opskrif van die notule verander, van " Vergadering

⁴ Raad van Professore: Notule, 19 Oktober 1921, 221.

van Kollege van Professore" na "Vergadering van Professore". Dit het mos darem meer Afrikaans geklink!.⁵

Op hierdie eerste vergadering van Professore is hy as lid van die biblioteekkommissie aangestel.⁶ Hier sou die ondervinding wat hy in sy studentejare as bibliotekaris van die ATV opgedoen het, hom te pas kom, al was daar by die ATV nie soveel boeke nie. Nie dat 'n mens oor die hoeveelheid boeke van die Kweekskool sou kon huis toe skryf nie! Deur die jare sou hy 'n belangrike rol speel om die boekery van die Kweekskool uit te bou.

Reeds op 10 Mei 1920 het prof. Du Plessis 'n skema aan die vergadering van professore voorgelê ter uitbreiding en aanvulling van die biblioteek. Daar is besluit om 'n duidelike verklaring van die behoefte aan boeke op te trek en in *De Kerkbode* te publiseer ten einde belangstelling van die Kerk vir hierdie saak op te wek.⁷

Ook met die bibliotekaris was die vergadering nie tevrede nie. Aan die biblioteekkommissie is opdrag gegee om die onbevredigde toestand van die biblioteek onder die aandag van die bibliotekaris te bring en hom te waarsku dat, as daar geen verbetering kom nie, die kommissie genoodsaak sou wees om aan iemand anders die betrekking aan te bied. Nie dat die berisping veel gehelp het nie, want op 4 Februarie 1921 is besluit om sekere noodsaaklike pligte nogeens onder die aandag van die bibliotekaris te bring.⁸

Die verklaring aangaande die boekenood het in *De Kerkbode* van 17 Junie 1920 verskyn. Die professore was optimisties en het 8500 pond gevra.⁹

⁵ Dies., 10 Mei 1920, 215.

⁶ Dies., 6 Februarie 1920, 212.

⁷ Dies., 10 Mei 1920, 215.

⁸ Dies., 4 Februarie 1921, 217.

⁹ 645 en 646

Intussen het dit met die Bybelvertaling nie so goed gegaan as wat verwag is nie. Teen die helfte van 1919 was daar net drie van die oorspronklike ses vertalers oor, daar T.B. Muller reeds in 1918 oorlede is, dr. G.B.A. Gerdener bedank het en ds. N.J. van der Merwe na die buiteland vertrek het vir verdere studie. Op sy vergadering op 26 Mei 1920 het die Breë kommissie vir Bybelvertaling die nodige aanvullings gemaak. Toe was die vertalers die volgende: Vir die Ou Testament: proff. J.D. du Toit, B.B. Keet en E.E. van Rooyen, en vir die Nuwe Testament, prof. F.Postma, ds. J.P.H. Steyn, ds. J.F. Naudé en ds. C.F. Kies.

Toe die jong professor dit moeilik gekry het om met sy salaris al die gate wat die verhuising na Stellenbosch meegebring het, toe te maak, het die kuratoriumvergadering van 27 Oktober 1920 darem 'n bietjie verligting gebring. Die raad het besluit om die vier dosente se salaris met 50 pond per jaar, terugwerkend vanaf 1 Julie 1920 te verhoog.¹⁰

7.3 Spreker op die stigtingsvergadering van die ATV aan die Universiteit van Kaapstad

Reeds in sy eerste jaar as professor aan die Kweekskool, het sy ou alma mater, die studente van die Universiteit van Kaapstad, hom gevra om op 2 September 1920 die openingstoespraak by die stigtings-vergadering van die Afrikaanse Taalvereniging te lewer.¹¹

Die stigtingsvergadering is in die Hiddinghsaal gehou. Daar was sowat 250 persone teenwoordig, waaronder oud-pres. F.W. Reitz en adv. W. Beyers. Min het Keet geweet dat hy en pres. Reitz later familiebande sou hê.

¹⁰ Kuratorium: Notule, 27 Oktober 1920.

¹¹ Kwartaalblad Universiteit van Kaapstad 1920, vol.3. no. 1 en 2; Argiewe van Universiteit Kaapstad.

Prof. Keet het sy toespraak begin deur 'n moderne Franse skrywer aan te haal. Die skrywer het vertel hoe 'n ou Griekse standbeeld in moderne Athene skielik lewendig geword het en toe gesê het dat daar niks nuuts in die stad was nie, behalwe die gebruik van sigarette. Keet sê dat dit miskien kon waar wees van die ouere kultuurwêreld, wat in 'n toestand van ontbinding was. Van die ontstaan van Afrikaans kon egter met sekerheid van iets nuuts gepraat word. En wat veral splinternuut was, was die bloei van Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad. Hy het homself herinner aan sy studentejare in die S.A. Kollege, hoe alles wat Afrikaans was, verag was; hoe daar toe g'n Suid-Afrikaanse Kollege, Kaapstad, maar alleen 'n South African College, Cape Town, was. Dit was egter die gees van die tyd. Hy was van harte bly oor die verandering wat gekom het en oor die vooruitgang wat gemaak is. Alles sou nou net van die onversetlike wil van die Afrikaner afhang, of hulle sou slaag of nie en of hulle sou kry waarna hul verlang. Die Afrikaner het 'n kultuurtaak voor hom gehad, wat niks anders was nie as die bewerking, aankweking en ontwikkeling van hul geestelike kragte, van hul natuur. Die Afrikaanse kultuur moes dus die ontwikkeling van hul eie natuur, van hul eie geestes aard wees. En wat was daar wat 'n volk meer laat besef het dat hulle 'n eie natuur het, as juis die taal? "Vyftien jaar gelede het die Afrikaanse taalbeweging begin en vandag bloei Afrikaans orals - in skole, geregshoue, raadsale en selfs die kerk. Orals kan dit met eer gebesig word en dit is nie langer 'n 'kombuistaal' nie. Daar word meer boeke in Suid-Afrika in Afrikaans uitgegee dan in Engels. Die grond vir die ontwikkeling moet egter nog ontdek word. Ons geskiedenis lewer 'n pragtige ontwikkelingsbodem op. Dit moet nagevors word. Die band met die verlede moet heg gehou word, want 'n volk wat sy verlede vergeet, kan g'n volk in die ware sin van die woord wees nie." Verder het prof. Keet gepraat oor die uitdaging wat vir die jong Afrikaner gewag het op die gebied van die wetenskap en die kuns. Dit alles het gewag vir die "jong Afrikaner, want vir hom is daar 'n stryd te stry en 'n werk te vervul." En met die woorde, dat die jongeliede van sy tyd gelukkig was om uitverkore te

wees vir so 'n grootse taak, het prof. Keet sy toespraak geëindig.¹²

Sy optimisme oor die groei van Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad moes seker later jare vervaag het.

7.4 Vervanging van 'n dogmatiekhandboek

Toe Keet aan die Kweekskool begin doseer het, moes hy agterkom dat prof. De Vos Dogmatiek nog feitlik op dieselfde bane aangebied het as toe hy, Keet, tien jaar tevore die Kweekskool verlaat het. Vir Keet met al sy ideale vir hierdie nuwe pos wat hy beklee het, moes dit uitermate frustrer het. In homself het hy gedurende sy paar jaar studie te Amsterdam die teologiese ontwikkelinge van die laat neëntiende eeu in Nederland verwerk. Sy promotor, Bavinck, was een van die leiers in hierdie ontwikkelinge. Daarom was dit te verstane dat prof. Keet dan ook baie gou na sy aankoms wegbeweeg het van die voorgeskrewe handboek **Christelike dogmatiek** van J.J. van Oosterzee. Die boek van Van Oosterzee is reeds in 1876 geskryf en was totaal verouderd. Hy het sy eie dogmatieknotas opgestel en uitgedeel.

Die indeling wat hy daarin gebruik het, was nie veel meer as 'n opsomming van Bavinck se lywige **Gereformeerde Dogmatiek** nie. Hier en daar was daar klemverskille. Die inhoudsopgawe het feitlik identies ooreengestem. Hoewel die diktate eers na 1920 verskyn het, sou ons kan sê dat vanaf 1920 tot 1959 die studente op Stellenbosch Bavinck se dogmatiek indirek gestudeer het. Met hierdie metode van hom het hy natuurlik die gevaar geloop dat in sy diktaat dit 'n geselekteerde oorskryf van Bavinck was.

Prof. Keet sou mettertyd sy teologie-beoefening en sy uitgangspunte by die kerklike publiek legitimeer. Tydens die Du Plessissaak is duidelik bewys gelewer wat 'n hoë premie op sy dogmatiese standpunte geplaas is.

¹² Dies., 86-88.

7.5. Navolging van Geesink in die etiek

Prof. Keet het Etiek gedefinieer as "die sistematiese uiteensetting van die geopenbaarde wil van God vir die bestaan en die gedrag van die mens."¹³

Vir B.B. Keet was daar 'n paar boeke waarop sy etiek berus het en wat hy dikwels in sy klasnotas aanbeveel het, t.w. W. Geesink se **Gereformeerde Ethiek** (2 bande); **Christelike Ethiek** van H. Heppe, en van meer praktiese aard: Chantepie de la Saussaye se **Het Christelike leven**.

Volgens die skripsie van Q.E. Heine **Die etiek van B.B. Keet**, sluit die grootste gedeelte van Keet se diktate inhoudelik by Geesink aan.¹⁴ Heine gee dan ook voorbeelde waar Keet se notas feitlik woordeliks die indeling van Geesink bevat, bv: a) oor die huwelik: (Geesink, Band 2, p.276 ev. en Keet deel 2, p.7 ev.); b) die sosiale kwessie (Geesink II, 1931, p.316 en Keet, dl. 2, p.43); en c.) die hantering van die dekaloo (Geesink Band I, p.231, en Keet, deel I, p.39).¹⁵

7.6. "Uit die buiteland"

Kort na die aanvang van B.B. Keet se loopbaan op Stellenbosch, het hy begin om in **De Kerkbode** berig te lewer van gebeure in die buiteland. Hiermee sou hy vir baie jare volhou. Miskien was dit juis deur hierdie beriggewing wat hy bekendheid onder die kerklike publiek verwerf het, want elke week kon hul sy naam onder die berig "Uit die buiteland" in **De Kerkbode** sien.

In hierdie artikel het Keet die publiek ingelig oor alles en nog wat, wat in die verste uithoeke van die wêreld in die

¹³ In die diktaat van prof. Keet: **Teologiese Encyclopaedie**, 88.

¹⁴ Heine, Q.E.: **Die etiek van B.B. Keet**, ongepubliseerde skripsie, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1986, 46.

¹⁵ Dies., 46-49.

kerklike lewe gebeur het. Ook het hy hul ingelig oor teologiese strominge wat in die wêreld bekend geword het. Prof. Keet het egter nie net berig nie. Hy het ook kommentaar daarop gelewer en teologiese oordele daaroor gevel. So sou hy die kerklike publiek 'n wyer perspektief gee as net die dinge wat in SA aangegaan het. Onder andere sou hy hul bekendstel aan Karl Barth, Niemoller en Billy Graham. Vanaf 1934 het hy hul ingelig gehou oor die opkoms van die nasionaal-sosialisme in Duitsland en die invloed daarvan op die Kerk.

Beoordeling:

Die eerste jaar vir Keet op Stellenbosch was 'n tyd waarin hy sy voete as dosent aan die Kweekskool moes vind. Dit was 'n tyd van aanpassing.

As opvolger in prof. De Vos se plek, slaan hy 'n ander rigting in die teologie in. Dit is duidelik dat hy sy onderrig gegee het vanuit dit wat hy in sy nagraadse studie te Amsterdam geleer het. Hy het aansluiting by Bavinck en Geesink gevind. Daarmee het hy gesorg dat die SA teologie in kontak bly met die nuutste ontwikkelinge in die gereformeerde wêreld.

Dit is 'n vraag of Keet heeltemal besef het wat die implikasies van hierdie besluit was. Met die wegbeweeg vanaf die handboek van Van Oosterzee, sou Keet 'n hele nuwe teologiese benadering in die Kweekskool inlui. Ja, Keet en ook prof. Van Rooyen, het op die breuklyn gestaan van 'n nuwe teologiese bedeling aan die Kweekskool. Dit was die breuklyn tussen die evangeliese en kofessionele rigting in die Kweekskool.¹⁶

Keet staan, wat sy dogmatiek betref, in lyn met sy promotor, Bavinck, en sou sy standpunte aan sy studente verkondig. Van

¹⁶ sien Thom, G.: *The development of theology at Stellenbosch 1895-1919*, Ongepubliseerde proefskrif, Rhodes Universiteit, 1989, 12.

hieruit gesien, is dit natuurlik 'n vraag of Keet nie liever Bavinck se boek as handboek aan die studente moes voorgeskryf het nie.

In die aanpak van sy dosentskap, vind 'n mens 'n eiesoortige benadering. Die pluiskeil en manel het hom gegrief. 'n Liefde vir die mens agter die student kon by hom raakgesien word. Dit sou sy lewe lank kenmerkend van hom bly. Hy het die professoraat nie net gesien as om die studente op te lei nie, maar ook om hul op te voed.

B.B. Keet het die professoraat nie as iets losstaande van die Kerk gesien nie. Behalwe dat hy die Kerk se teologiese studente opgelei het, het hy ook die kerklike publiek ingelig deur die rubriek "Uit die Buiteland". Hy het die rubriek gebruik om die samelewing van sy tyd teologies te onderken en te beoordeel.

Deur die rubriek het hy vir baie jare as wegwysers opgetree en aangedui hoe die predikante en kerklike publiek nuwe ontwikkelinge in die buiteland moes beoordeel. Vanweë sy beredeneerde denke en die feit dat hy hom as teoloog Skriftuurlik en in 'n gereformeerde sin wou verantwoord, het hy hierdie taak baie goed gedoen.

Die rubriek het natuurlik vir hom 'n kanaal van kommunikasie geskep, waardeur hy verandering in die samelewing kon stimuleer.

Deurdat die rubriek hom gedwing het om baie buitelandse tydskrifte te lees, was hy ook meer ingelig oor en in voeling met die buitelandse siening oor sy land. Dit is miskien deels ook waarom hy lank voor sy tydgenote ingesien het dat rassediskriminasie in die wêreld al hoe meer onaanvaarbaar geword het. Sy beredeneerde denke en sin vir geregtigheid sou hom dan ook later lei om sterk daarteen standpunt in te neem.

Die invloed wat die rubriek op hom uitgeoefen het en die invloed wat hy weer daardeur uitgeoefen het, kan moeilik onderskat word.

Keet gaan nog op hierdie stadium voort met die bevordering van die Afrikaanse taal, onder andere deur sy medewerking aan die Bybelvertaling en sy toespraak by die Universiteit van Kaapstad. Die toespraak dui daarop dat dit juis die "veragting" van Afrikaans in sy studentejare te Kaapstad was, wat die drang by hom laat ontstaan het om die vooruitgang van sy moedertaal te bevorder.

HOOFSTUK 8: DIE JONG DOSENT AAN DIE KWEESKOOLOONDERSKEI HOMSELF. (1921-1924)

In hierdie hoofstuk word die aanpassingsjare van prof. Keet te Stellenbosch gedek, tot net voor sy sluitingsrede aan die einde van 1924. Daar word gekyk hoe Keet betrokke geraak het by sy samelewing. Hier val die fokus veral op sy betrokkenheid by die CSV, sy optredes by volksfeeste en die vordering van die Afrikaanse Bybelvertaling.

Hoe sou die hoogleraar sy teologiese oortuiginge en sy betrokkenheid by die samelewing versoen? Is dit twee verskillende wêrelde vir hom, of slaag hy daarin om teoloog in die samelewing te wees? T.o.v. hierdie vrae staan sy optrede as voorsitter van die CSV in die brandpunt. Hoe sou hy hom met die metodistiese inslag van die CSV versoen?

Verder word ook gevra na die oorsake vir die afname in Ben Keet se bevordering van Afrikaans en sy skynbare gebrek aan entoesiasme om voltyds by die Bybelvertaling betrokke te raak. Die invloed van die negatiewe kritiek op die proefvertaling op hom, word ook beoordeel.

8.1 Liefde vir jongmense

B.B. Keet was sy lewe lank lief vir jongmense. Hy het gehou daarvan om met hul besig te wees. Ook het dit hom vreugde verskaf om vir hulle 'n vriend te wees en om hulle toe te rus vir die lewe wat voorlê.

Wat vir hom baie lekker moes gewees het, was die feit dat dit maar 'n klein groepie studente was wat op daardie tydstip aan die Kweekskool gestudeer het. Dit was moontlik om hulle almal persoonlik te leer ken. Om die waarheid te sê, die getal ingeskrewe studente het aan die begin van sy loopbaan 'n laagtepunt in die geskiedenis van die Kweekskool bereik. Op 9 Februarie 1921 is op die Raad van Professore se vergadering rapporteer dat net 5 studente die kandidaatseksamen afgelê

het, teenoor 18 die vorige jaar en 13 die jaar daarvoor.¹ Op die vergadering het prof. Du Plessis op die noodsaaklikheid daarvan gewys dat die professore iets hieromtrent moes laat hoor. Hulle moes die aandag vestig op 'n tekort aan evangeliedienaars in die toekoms. Daar is besluit dat prof. Du Plessis 'n brief sou opstel om in *De Kerkbode* geplaas te word in die naam van die professore. Die brief het op 17 Februarie 1921 verskyn. Daarin het die professore gemeld dat die studentetal in 1920 afgesluit is met 34 en dat 1921 met slegs 27 studente begin is. Dit was die laagste syfer in 42 jaar. Die toestand was sorgwekkend, aangesien daar op daardie stadium ruim 30 gemeentes in die Ned. Geref. Kerk herderloos was. Die brief moes positiewe reaksie gehad het, want geleidelik het die studentegetalle weer vermeerder. Aan die begin van 1924 het 6 studente hul sertifikate ontvang. In 1927 het dit na 19 opgeskuif, 1928 was daar 12, en in 1929 al 20. In die dertigerjare het die getalle steeds verbeter, sodat in 1930 22 studente klaar gemaak het, in 1931 35, en in 1933 nie minder nie as 33. Die toename sou in 1934 voortgesit word, met 39 finalejaarstudente.²

Afrikaans was natuurlik ook 'n aktuele onderwerp onder die studente. Hul wou graag hul "moedertaal" bevorder. So het daar bv. 'n brief van die federale bestuur van die Afrikaanse Studentebond (Transvaal en Vrystaat) en van die Studentebond Werda (Kaapprovinsie) op 'n vergadering van 26 Oktober 1921 voor die kuratorium gedien. In die brief het die studente die moderator van die Kaapse Kerk versoek dat die medium van opleiding aan die Kweekskool Afrikaans sou wees. Prof. Keet moes die behandeling van die brief met meer as die gewone belangstelling afgewag het. Die versoek is eers deur die dosente bespreek en hul gevoel was dat dit elke dosent vry

¹ Raad van Professore: Notule 9 Februarie 1921, 17 Februarie 1920 en 3 Maart 1919, onderskeidelik. Staatsargief, S20/9/1.

² Raad van Professore: Notule 21 Februarie 1924, 241; 15 Maart 1927, 257; 11 Maart 1928, 263; 27 Maart 1929, 269; 28 Februarie 1930, 275; 25 Maart 1931; 28 Maart 1933, 297 en 13 Maart 1934, 306. Staatsargief, S20/9/1.

gestaan het om sy onderrig in Afrikaans te gee al dan nie en dat dit daarom aan eie oordeel oorgelaat moes word.³

'n Mens sou kon raai dat prof. Bennie Keet se positiewe houding teenoor Afrikaans daartoe mede aanleiding gegee het dat 'n student op 22 April 1923 dit sou waag om sy proefpreek in Afrikaans te lewer. Die sinode het mos darem Afrikaans as amptelike kerktaal erken! Die saak is deur die Raad van Professore bespreek, waar prof. Moorrees aanbeveel het dat dosente "deur sedelike pressie" moes probeer om kandidate te oorreed om vir die teenswoordige liefs nog by die Nederlandse taalvorm te bly.⁴ Prof. Keet sou hom sekerlik nie te veel hieraan gesteur het nie. Daarvoor was hy te "volbloed" Afrikaner.

Die hoogleraar se liefde vir sy taal en kultuur het dan ook van hom 'n gewilde spreker by kulturele byeenkomste gemaak. Dit was nie altyd net beperk tot die onmiddellike omgewing van Stellenbosch nie. So is hy bv. gevra om vanaf 14-16 Desember 1923, by die volksfees te Mooimeisiesfontein, die plaas van die Voortrekkerleier Piet Retief, op te tree. Onder die sprekers was ook D.F. Malan, oud-pres. F.W. Reitz en genl. Piet Viljoen.⁵ Pres. Reitz het die skare ingelig oor verskeie monumente wat opgerig is om die Groot Trek te gedenk. Generaal Piet Viljoen het 'n pleidooi gelewer dat Afrikaner en Engelsman saam moes bou aan die toekoms van die land⁶. Prof. Keet self sou by drie geleenthede tydens die naweek aan die woord kom. Onder andere het hy die Sondagaand gepraat oor die tema: Die gesonde voortbestaan van ons volk en dreigende gevare op kerklike gebied. Met so 'n formidabele span

³ Raad van Professore: Notule 19 Oktober 1921, 221, Staatsargief, S20/9/1.

⁴ Dies., 26 April 1923, 236, Staatsargief, S20/9/1.

⁵ Die program vir die volksfees van 1923 is in skrywer se besit. Dit is by mev. J. Keet gekry.

⁶ Die Burger 18 Desember 1923, 5.

sprekers, was dit dan ook te verstane dat prof. Keet se bydrae nie aandag in die verslag van die pers gekry het nie.⁷

8.2. Voorsitter van die CSV

B.B. Keet se liefde vir die studente sou hom ook laat inskakel by die Christenstudentevereniging. In die Julievakansie van 1921 het hy die algemene konferensie van die vereniging in Bloemfontein gaan bywoon.

Die jong professor moes die ander lede van die konferensie baie beïndruk het. Op 1 Julie is hy verwelkom as nuwe lid van die hoofbestuur van die CSV.⁸ Vier dae later is hy deur die hoofbestuur as nuwe voorsitter verkies! Dit was in die plek van G.B.A. Gerdener, wat vanaf 1914 tot 1920 in die amp gedien het.⁹

Alhoewel hy in die diep kant ingegooi is, sou dit nie maak dat hy spoedig tou opgooi nie. Vir 28 jaar sou hy hier leiding aan die jong mense van sy tyd gee, tot met sy uittrede in 1949.

Prof. Keet sou die lief en die leed van hierdie vereniging deel. Daar was maar altyd diegene wat gemeen het dat vrye vereniginge nie in die kerk 'n plek het nie, wat óf teen die bestaan van die CSV was, óf gevra het dat die CSV onder direkte kerklike beheer moes kom. Teenoor hulle moes hy die CSV en sy leiding daarvan kon verantwoord. Gelukkig vir die vereniging was die hoogleraar uitnemend toegerus om dit te doen. Hy sou gebruik maak van die onderskeiding van A. Kuyper tussen die kerk as instituut en as organisme om die bestaansreg van die vereniging te verduidelik. Byna aan die einde van sy loopbaan as voorsitter, in 1946, gee hy dan ook

⁷ **Die Burger** 18 Desember 1923 het slegs verslag gelewer van pres. Reitz en genl. Viljoen se toesprake.

⁸ Hoofbestuursvergadering van CSV van SA: Bloemfontein: Notule, 1-5 Julie 1921, 122.

⁹ Dies., 5 en 6 Julie 1921.

'n klein boekie, **Die kerk en die verenigingslewe**, uit, waarin hy die bestaansreg van vrye vereniginge verduidelik het.

Aan die ander kant was dit sy taak om ook toe te sien dat die CSV op so 'n wyse ontwikkel dat dit nie in konflik met die kerk kom nie. Die kerk en die CSV moes mekaar aanvul en nie opponeer nie. Dit was juis aan die begin van sy voorsitterskap 'n probleem.

Reeds op die hoofbestuursvergadering waar prof. Keet tot voorsitter gekies is, moes hy leiding neem rondom die moeilike kwessie van die redakteur van die lyfblad van die CSV, **Universitas**. Hy het deel gevorm van 'n kommissie van ondersoek wat aangestel is n.a.v die anti-kerklike beeld wat die blad uitgestraal het.¹⁰

Die kommissie het toe die volgende aanbeveling gedoen, wat die besluit van die hoofbestuur geword het: " 1. **Universitas** is een van die twee organe van die CSV en staan vir die rekening van die hoofbestuur, waarom dit die beginsele van die CSV behoort te verdedig. 2.) Die beginsele van die vereniging kan tot hierdie twee herlei word: a) Dit is positief Christelik b) Dit is 'n band van eenheid onder studente wat tot die verskillende Christelike kerke behoort. 3) As tussenkerklike vereniging streef die CSV daarna om die band wat tussen die individuele studente en die kerke waartoe hulle behoort nouer toe te haal en die studente met meer liefde tot hulle kerk en meer getrouheid aan hulle eie kerklike belydenis te vervul. 4.) Die hoofbestuur moet met leedwese sy oortuiging uitspreek dat die rigting van **Universitas** in die verlede nie inter-, maar anti-kerklik was (sien **Universitas** Junie 1921). Hy wens duidelik neer te lê dat terwyl aan individuele kontributante vryheid gelaat moet word om besware en moeilikhede te opper, selfs teen die algemeen-erkende leerstukke van die Christelike kerke, daar van die redaksietafel 'n duidelike en besliste leiding sal uitgaan in positief-christelike sin, sodat dit nie die indruk mag maak dat die blad as sodanig sy goedkeuring aan die afwykinge verleen nie. Die hoofbestuur wil die klem daarop

¹⁰ Dies., 1 - 5 Julie 1921, 130-132.

lê dat die blad nie bedoel is om geleentheid te gee vir bestryding van kerklike leerstukke deur manne wat reeds vyandig teenoor die leerstukke staan nie, maar om besware en moeilikhede te bespreek en leiding te gee wat van 'n beslis Christelike standpunt uitgaan." ¹¹

Die hoofbestuur het besluit dat die voorsitter, die alg. sekretaris en prof. J. du Plessis aan die redakteur, mnr. T. Haarhof, persoonlik sou uitlê wat die opdrag wat in die besluit vervat was, sou behels. Indien hy nie kon voortgaan met die redaksie van *Universitas* nie, sou die volgende kommissie voorlopig daarvoor sorg: Voorsitter (ex officio), S. J. de Villiers, O.B. Bull en J.C. Cronjé. ¹²

Uit hul optrede is dit duidelik dat die hoofbestuur nie bereid was om die CSV in konfrontasie met die Kerk te laat bestaan nie. Hierin het prof. Bennie Keet die bestuur voorgegaan.

8.3. Die teleurstellende ontvangs van die Proefbybel in Afrikaans

Naas sy verpligtinge teenoor die Kweekskool en die CSV, was daar ook die arbeid aan die vertaling van die Bybel.

As 'n mens sien onder watter omstandighede hy en die ander vertalers gewerk het, kan jy nie anders as waarderend oor hul prestasie spreek nie. Van die kant van die staat was hier natuurlik geen steun nie. Deur sekere seksies in die Hollandse Kerke is die werk met 'n mate van afkerigheid aangesien. Die fondse was nie voorhande nie en die werk moes vir eers uit liefde vir die saak gedoen word. Die vertalers moes self stoei met die groot vraag: moes die Statevertaling verafrikaans word, moes die vertaling uit die oorspronklike tale geskied, of moes 'n soort middeweg ingeslaan word? Watter spellingbeleid moes aanvaar word? Hoe moes met die menigte eiename, baie van hulle in die vreemde Oosterse kled,

¹¹ Dies., 1 - 5 Julie 1921, 130- 132.

¹² Dies., 5 - 6 Julie 1921, 135.

gehandel word? Ook die gebruik van die voornaamwoorde, veral die "jy", "u" of "gy" het baie hoofbrekens gekos. Dan nog, die meerderheid van die vertalers was mense met hulle eie leerstoel of preekstoel en het ver van mekaar gewoon en gewerk.¹³

Geen wonder nie dat die eerste poging, soos in die Proefuitgawe van 1922 beliggaam, maar baie beskeie die wêreld ingestuur is. "Wat hierdie vertaling self betref," so lees ons in die Kommissie se Woord vooraf, "dit is gemaak uit die onder ons gebruiklike Statebybel, met inagneming ewenwel van die oorspronklike teks... Op hoofpunte het die vertalers met mekaar oorleg gepleeg, maar verder moes elkeen sy weg selfstandig bewandel, sodat daar, by alle eenheid, nog heelwat verskeidenheid aanwesig is. Selfs die enkele vertaler het hom nie altyd met strenge konsekwensie aan die gebruik van vaste vorme gebind nie."

Die bedoeling van hierdie prosedure was seker goed, nl. ruimte vir gedagtewisseling met die oog op uiteindelijke eenstemmigheid, maar van agter gesien, was hierdie beleid tog gedoem tot mislukking.

Die vertaling is met gemengde gevoelens ontvang. "Dit lees nie lekker nie", "dit is nog vis nog vlees" en dergelike uitsprake het die algemene mening oor daardie proefuitgawe weergegee. In die verskillende kerkblaai is kritiek uitgeoefen omdat die taal nie as goeie Afrikaans beskou is nie. Ook uit die pen van Langenhoven het kritiek van 'n snydende aard gekom.¹⁴ Keet self skryf in 1958 van hierdie vertaling as 'n mislukking.¹⁵ Geen wonder dat die vertalers daarna 'n ander weg ingeslaan het nie.

¹³ Vir meer inligting oor vertaalmoeilikhede, sien Nienaber, P.J.: **Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling**, Kaapstad, 1934, 161 vv.

¹⁴ **Die Burger** 27 Januarie 1923.

¹⁵ **Die Kerkbode** 20 Augustus 1958, 331.

In Julie 1923 het die Breë kommissie weer in Bloemfontein vergader en is daar besluite geneem wat 'n nuwe wending aan die werk van die Bybelvertaling sou gee. Onder andere is besluit dat daar twee eindvertalers aangestel sou word vir die hele Bybel. By hulle sou die eindbeslissing lê, na raadpleging met die kerklike reviseurs. As eindvertalers is deur die vergadering aangewys dr. J.D. du Toit en dr. B.B. Keet. Albei het die benoeming aanvaar op voorwaarde dat hulle 'n jaar lank losgemaak word van hul professorale pligte.

Die vergadering het ook besluit dat hul voortaan die oorspronklike teks sou gebruik.¹⁶

Op hierdie vergadering het prof. Keet dan ook rapporteer dat hy klaar was met die vertaling van die boek Rigters. Die ander vertalers het rapporteer dat hul klaar was met Genesis, Eksodus, Levitikus, die helfte van Numeri en Prediker, die briewe van Paulus, die helfte van Kronieke, Jacobus, Handeling en Psalms.

8.4 Voltydse Bybelvertaling nie moontlik nie

Dr. J.D. du Toit het toestemming gekry om voltydse aan die vertaling te werk. Die kuratorium van die Kweekskool te Stellenbosch het egter nie kans gesien om prof. Keet heeltemal van sy professorale pligte los te maak nie.

Volgens die kuratoriumnotules het ds. J.D. Kestell, as verteenwoordiger van die kommissie vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans, op 31 Oktober 1923 voor die kuratorium verskyn. Hy het die kuratorium versoek dat prof. Keet vir die jaar 1924 vrygestel word van die gee van onderwys in die Seminarium, ten einde hom in staat te stel om saam met dr. J.D. du Toit as eindvertaler van die Bybel op te tree. Hy het sterk daarop aangedring dat die kuratorium aan die versoek moes voldoen, omdat die belange van die Ned. Geref. Kerk en

¹⁶ Breë kommissie vir Bybelvertaling: Notule, 7 Augustus 1923, lêer N366(b), Nienaber versameling, Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.

van die ander kerke en van die hele volk geëis het dat hierdie vertaling van die Bybel 'n goeie een sou wees. Dr. Keet, sou volgens hom, weens sy belangstelling in die saak en weens sy kennis en bekwaamheid baie geskik gewees het om aan die werk deel te neem. Hy het die kuratorium ook meegedeel dat die kommissie vir die besoldiging van dr. Keet vir die jaar sou sorg, sodat die kuratorium sy salaris sou kon gebruik om sy plaasvervanger of plaasvervangers te vergoed. Hy het aan die hand gedoen dat die kuratorium die ander professore van die Seminarium versoek om die werk van dr. Keet vir die jaar onder hulle te verdeel. Die ander professore wat ook in die vergadering was, moes toe sê of hulle gewillig was om die werk op hulle te neem, sonder dat die studente skade ly. Hulle antwoord was dat, alhoewel dit veel inspanning van hulle sou eis, hulle ter wille van die saak gewillig was om verantwoordelikheid vir die volgende vakke op hulle te neem, te wete prof. Moorrees Kerkreg, prof. Du Plessis Etiek en prof. Van Rooyen Encyclopaedie. Dit was vir hulle egter onmoontlik om die Dogmatiek te behandel en dit sou, volgens hulle, nie wenslik wees dat iemand van buite dit doseer nie. Die kuratorium kon nie op die vergadering op 31 Oktober 1923 tot uitsluitel oor die saak kom nie en het toe besluit om die saak tot 3 Desember uit te stel, wanneer hul dan 'n buitengewone vergadering sou hou om die saak te bespreek. Die kuratore het toe die professore versoek om hulle oë intussen oop te hou vir 'n plaasvervanger vir prof. Keet, indien verlof vir afwesigheid wel aan hom toegestaan sou word. Die besluit is so deur die voorsitter aan ds. Kestell bekend gemaak.¹⁷

Op Maandagaand 3 Desember is weer vergadering gehou. Nadat die saak bespreek is, is aan prof. Keet toestemming verleen tot voltydse Bybelvertaling vir een jaar, op voorwaarde dat hy twee maal per week in die Seminarium Dogmatiek sou doseer.¹⁸

Dit het beteken dat dr. Keet die benoeming van die hand moes wys, want hy het dit nie moontlik beskou om eindvertaler te

¹⁷ Kuratorium: Notule 31 Oktober 1923, 190, Staatsargief S20/1/2.

¹⁸ Kuratorium: Notule 3 Desember 1923, 194vv, Staatsargief S20/1/2.

wees, as hy nie heeltemal van klasse vrygestel was nie. Aan die einde van 1923 is dr. J.D. Kestell toe in dr. Keet se plek as eindvertaler benoem.¹⁹

Gou is ingesien dat die taak van eindvertaling vir twee manne te veel sou wees. So word dr. Keet saam met dr. H.C.M. Fourie, op 7 Augustus 1924, as bykomstige eindvertalers benoem.

Op die eersvolgende vergadering van die kuratorium, op 14 Augustus 1924, word 'n brief van prof. Kestell en ds. W.J. Naudé gelees, waarin hulle namens die Kommissie vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans die kuratorium versoek om die besluit oor die vrystelling van prof. Keet in hersiening te neem. Die kuratorium het besluit om die saak in behandeling te neem op 'n vergadering in Oktober 1924.²⁰

Op 25 Oktober 1924 het die versoek om prof. Keet vir die jaar 1925 vry te stel van die gee van onderwys, toe gediën. Die hoogleraar, wat op versoek ter vergadering verskyn het, het die lede meegedeel dat hy nie aan die Bybelvertaling sou kon meedoën nie, as hy nie al sy tyd daaraan kon bestee nie. Verder het hy geoordeel dat, as die vertaling nie aan die hand van die Statebybel was nie, maar uit die oorspronklike tale, hy die werk nie wou onderneem nie. Prof. Keet het dus nog sy standpunt van 1914 gehandhaaf. Na laasgenoemde stelling het ds. Naudé, 'n lid van die vertalingskommissie, 'n mededeling omtrent die voorgestelde metode van vertaling gedoen. Hy het beloof om hierdie metode met dr. Keet te bespreek. Die kuratorium het gemeen dat selfs al was dit nie tot die voordeel van die studente as dr. Keet een jaar vrygestel word van die gee van onderwys nie, dan sou die opkomende geslagte in elk geval veel wen as die vertaling van die Bybel deeglik was. Daarom het die vergadering besluit om aan die versoek te voldoen om Keet vir die jaar 1925 geheel en al vry te stel van alle werk in die Seminarium, onder die volgende voorwaardes:

1. dat die drie ander professore die gedeeltes van sy werk sou

¹⁹ Breë kommissie vir Bybelvertaling: Notule 20 Desember 1923.

²⁰ Kuratorium: Notule 14 Augustus 1924, 198, Staatsargief S20/1/2.

doen, wat hul vantevore onderneem het om te doen. 2. dat iemand deur die kuratorium daarvoor aangestel sou word om twee maal per week in die Dogmatiek onderrig te gee. 3. dat aan die drie professore elk 100 pond sterling vir ekstra werk gedoen gedurende daardie jaar, gegee sou word. Daar sou ook 150 pond aan die persoon wat in die plek van prof. Keet Dogmatiek onderrig, gegee word. Verder is besluit om ds. D.G. Malan van die Paarl te vra om vir die jaar 1925 Dogmatiek te onderrig, indien dr. Keet hom bereid sou verklaar om die vertaling te onderneem. ²¹

Keet sou nou vir 'n jaar lank voltyds aan die Bybelvertaling kon werk. Sou hy dit hierdie keer aanvaar? In sy gemoed was daar twyfel. Die verduideliking wat ds. Naudé i.v.m. die nuwe metode van vertaling gegee het, het hom nie tevrede gestel nie. Op 31 Oktober 1924 het hy 'n brief aan die sekretaris van die vertalers, ds. C.F. Kies, gestuur. Hierin het hy sy besware ten opsigte van die nuwe metode weereens uiteengesit. Vir eers het dit vir hom daaroor gegaan dat "ek my daartoe nie bekwaam ag nie." Verder het hy gevoel dat die verantwoordelikheid wat dan op die vertalers sou rus, m.b.t. eksegetiese beslissinge, te groot sou wees.²²

Watter sake almal daartoe bygedra het dat Keet nie baie entoesiasties was vir die eindvertalerskap, is nie heeltemal duidelik nie. Die feit dat dit voortaan uit die oorspronklike tale gedoen sou word, was natuurlik 'n bydraende faktor. Vanaf 1914 het B.B. Keet gepleit vir 'n vertaling van die Statevertaling, omdat dit teenkanting teen die vertaling sou verminder. Met die besluit om dit voortaan uit die oorspronklike te doen, het Keet se vrees groter geword dat die onenigheid met die ontvangs van die Bybel sou toeneem. Daarvoor het hy miskien nie kans gesien nie.

²¹ Kuratorium: Notule 25 Oktober 1925, 199, Staatsargief S20/1/2. (Dit is op hierdie selfde vergadering wat daar ook 'n brief van ds. P. Meiring in behandeling geneem is oor die korrespondensie in **De Kerkbode** in 1924 tussen Keet en andere oor die Gereformeerde Kerkreg. - sien volgende hoofstuk).

²² Brief B.B. Keet - C.F. Kies, 31 Oktober 1924, Nienaber-versameling, lêer N366(a), Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.

Verder is dit 'n vraag of hy vertrouwe in sy medewerkers se vermoë t.o.v. die oorspronklike tale gehad het. In 1914 het hy reeds gesê dat daar nie genoeg sulke kundigheid in die land bestaan het nie. Het sy opinie daarvoor dieselfde gebly? Was dit dalk die swak gehalte werk wat hom huiwerig gemaak het om hom voortaan te nou met die Bybelvertaling te identifiseer? Feite tot beskikking regverdig nie so 'n afleiding nie.

Dit is ook 'n vraag hoe moeilik dit vir hom was om die kritiek op die proefvertaling persoonlik te verwerk. Het hy nie dalk geredeneer dat hy sy bes vir die vertaling gegee het en dat, as ander persone dan soveel kritiek het, hulle dit maar liever moes doen nie? Het die kritiek nie sy entoesiasme vir die taak wat voorgelê het, tydelik gedemp nie?

'n Ander moontlike verklaring wat oorweeg kan word vir Keet se huiwering om voltyds by die vertaling betrokke te wees, het te doen met sy kollegas aan die Kweekskool. Was sy verhoudinge met sy kollegas aan die Kweekskool dalk van so 'n aard dat hy nie die vrymoedigheid gehad het om die opoffering van hul te vra nie? Hoekom stel hy nie self sy saak by die kuratorium nie, maar laat hy vir dr. Kestell daarvoor kom? Was die ekstra las op die skouers van die ander professore, wat miskien nie almal vuur en vlam vir die vertaling was nie, die oorsaak vir sy huiwering?

8.5. Afname in betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans

Die doseerwerk, verpligtinge by die CSV, asook die Bybelvertaling, moes prof. Bennie Keet baie besig gehou het. Die vol program het hom gedwing om keuses te maak waar hy betrokke wou wees.

In die eerste paar jaar aan die Kweekskool was dit dan ook of sy betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans al minder geword het. Steeds het hy gewerk aan die Afrikaanse Bybelvertaling. Maar van veel meer as dit, verneem ons nie in die bronne nie.

Kan dit wees dat, soos wat die verantwoordelikhede meer geword het en soos wat Keet sy prioriteite uitgemaak het, die bevordering van Afrikaans al hoe minder belangrik geword het?

Dit is reeds opgemerk dat na die dood van sy vriend Tobie en sy eggenoot, dit lyk asof Keet sy jeugdige entoesiasme ontgroei het. Miskien was Tobie juis die dryfkrag agter Keet se ywer vir Afrikaans. Ons leer Keet in die res van sy lewens, nie as iemand wat een of ander saak probeer dryf het nie. Nee, hy was eerder iemand wat probleme aangewys het en beredeneerde antwoorde gegee het.

'n Faktor wat seer sekerlik bepalend in sy houding teenoor die bevordering van Afrikaans op daardie stadium was, was die gebeure in sy vorige gemeente, Graaff-Reinet.

Toe hy hom op die sinode van 1919 beywer het vir Afrikaans as kanseltaal, het hy geweet dat dit 'n saak was wat sensitief hanteer moes word. Die sinodebesluit het dan ook van sensitiwiteit getuig. Dit het gelui: "Het gebruik van het Afrikaansch als kanseltaal word aan het oordeel van elkeen Kerkeraad oorgelaten, met de sterke aanbeveling dat er rekening gehouden moet worden met de gevoelens van allen die er tegen gekant zijn, zelfs indien zij eene minderheid in de gemeente vormen, opdat er geen aantstoot gegeven worde".²³

Die kerkraad van Graaff-Reinet het dié besluit van die sinode gesteun en die prediking in Afrikaans aan die keuse van sy predikante oorgelaat.²⁴

Ds. J.F. Naudé, wat in 1921 leraar te Graaff-Reinet geword het, was 'n onwrikbare stryder vir die Afrikaanse taal. Dit was hy wat op die vergadering van die Raad der Ned. Geref. Kerken in 1919 voorgestel het dat toegesien moes word dat Afrikaans as offisiële taal van die Kerk erken word.²⁵ Daarby

²³ sinode van die Kaapse Kerk: Handeling 1919, 39-40, 41, 43, 44-45.

²⁴ Kerkraad van Graaff-Reinet: Notule, 26 April 1920, Staatsargief G6 1/7.

²⁵ sinode van die Kaapse Kerk: Handeling, 6 Maart 1919 e.v.d., 20.

was hy een van die stigters, asook die eerste president van die Afrikaner Broederbond.²⁶

Hy het nie voldoende rekening gehou met die sterkte van die gevoelens teen Afrikaans as kanseltaal nie. Hy het sy intreepreek in Afrikaans gehou. En, alhoewel prediking in Afrikaans vanaf die Graaff-Reinetse kansel op daardie stadium geen nuwe verskynsel was nie, het een van die Murray-dogters²⁷ nie met ds. Naudé se optrede genoë geneem nie. Sy het tydens die erediens die kerk verlaat en later verklaar: "To think that he is going to use Kitchen Dutch in my father's pulpit. I'd rather send my child to a Roman Catholic church than to let him listen to his Kitchen Dutch".²⁸ So 'n voorbeeld, deur 'n lid van die familie wat die beskouings van die gemeente vir meer as tagtig jaar gelei en gevorm het, kon inderdaad nie anders as steun verleen aan die weerstand teen Afrikaans nie.²⁹

Ds. Naudé sou voortgaan om in Afrikaans te preek en weldra het die leiers van die anti-Afrikaanse groep hom besoek en hom gewaarsku teen die gebruik van "hotnotstaal" op die kansel.³⁰ Die ontevredenheid sou egter uitbrei, sodat die beswaardes by die ring³¹ gaan hulp soek het. Hoewel die beswaardes in hul appèl na die Ring nie korrek volgens die kerklike prosedure gehandel het nie, het die vergadering, ten einde die gemoedere

²⁶ Pelzer, A.N.P.: **Die Afrikaner-Broederbond: Die eerste vyftig jaar**, Kaapstad, 1979.

²⁷ Wie die Murray-dame was, kan nie met sekerheid gesê word nie. 'n Studie van die geslagsregister in Neethling, M: **Unto children's children**, asook die artikel van H.C. Hopkins: "Drie geslagte Murrays", in **Die Kerkbode** 7 Junie 1972 lei tot die volgende gevolgtrekking: Die beste moontlikheid is dat dit Elizabeth Helen(1864-1939), dogter van Charles Murray, was. Sy was getroud met Pieter Booysen, 'n boer van Graaff-Reinet. Hul was die skoonouers van wyle prof. E.E. van Rooyen van die Kweekskool.

²⁸ Naudé, J.F.: **Kerklike moeilikhede op Graaff-Reinet 1921-1928**, Graaff-Reinet, 1928, 2.

²⁹ Naudé, J.F.: a.w., 5.

³⁰ Naudé, J.F. a.w., 2-3.

³¹ Ring van Graaff-Reinet: **Inkomende Briewe**, R. 3/10b.

in Graaff-Reinet tot kalmte te bring, tog die saak in behandeling geneem. Daar is bevind dat die leraar en kerkraad voldoen het aan die sinodale besluit insake Afrikaans en aangesien die Graaff-Reinetse kerkraad nie enige kerklike bepalinge oortree het nie, het nóg die ring, nóg die sinode enige reg om in te gryp in die huishoudelike reëlings van die kerkraad. Die beswaardes is dus nie gelyk gegee nie. 'n Beroep is ook op die ontevredenes gedoen om die pro-Afrikaanse meerderheid in die gemeente in ag te neem.³²

Dit was 'n nugtere besluit wat die Ring geneem het. Dog, die beswaardes was skynbaar met niks minder tevrede as dat Afrikaans van die kansel moes verdwyn nie. Daarom, toe hulle nie by die Ring hul sin kon kry nie, het hulle hul toevlug na die sinodale kommissie geneem.³³ Die sinodale kommissie het strydig met die gereformeerde kerkreg die saak in eie hande geneem. Na negentien maande van tevergeefse pogings het die kommissie besef dat hulle nie die Graaff-Reinetse probleme sou kon oplos nie. Gevolglik het hulle op die vergadering van Desember 1923 die saak na die Ring van Graaff-Reinet terugverwys.³⁴ Intussen het die onmin egter gegroei. In 1927 sou dit tot skeuring in die gemeente lei.

Prof. Keet, wat self nie 'n skeurmaker was nie, moes hierdie verwikkelinge met 'n beklemming in die hart dopgehou het. Hy het besef dat sy aandeel in die sinodale besluite oor Afrikaans as Bybel- en kerktal, indirek ook meegespeel het in die geskil. Miskien was dit juis die rede wat hom huiweriger gemaak het om die Afrikaanse saak voortaan te bevorder. Vir hom sou die waarde van Afrikaans as kanseltaal nie opweeg teen die Bybelse eis van eenheid in die Kerk nie. Die verkeerde hantering van die saak deur die meerdere vergaderinge sou hom ook versterk in sy aksentuering van die outonomie van die

³² Ring van Graaff-Reinet: Notule, 14 Oktober 1925, 263 Staatsargief R. 9/34.

³³ Sinodale kommissie: Notule 1917-1927, Staatsargief S.2/5, 97a, 98, 114.

³⁴ Sinodale kommissie: Notule 4 Desember 1923, Staatsargief S.2/5, 166.

plaaslike gemeente. Dit sou hom in konflik bring met die "voormanne" in die kerk.

Beoordeling

Die jare 1921 - 1924 was 'n tydperk waarin prof. Bennie Keet se liefde vir jongmense sterk na vore getree het. Sy betrokkenheid by die CSV kan teruggelei word na die evangeliese rigting wat tydens sy studiejare op Stellenbosch aan die orde was.

Aangesien die CSV in daardie jare 'n sterk metodistiese inslag gehad het, is dit eienaartig dat prof. Keet so maklik daarmee kon saamleef, terwyl hyself so 'n sterk sin vir die gereformeerde manier van doen gehad het. Miskien was dit omdat die posisie van voorsitter eerder dié van 'n "skynhoof" was, terwyl die sekretarisse die eintlike leidinggewende persone was. Interessant is dat hy hom dan wel so as "skynhoof" laat gebruik het. Die feit dat die CSV die jongmense so sterk aangespreek het, het skynbaar die deurslag gegee. Daarmee saam hang natuurlik dat hy 'n afkeer van verdeeldheid en partyskappe gehad het. Miskien het hy ingesien dat die metodistiese inslag van die vereniging so inherent deel van die vereniging geword het, dat om 'n stryd daarvoor aan die gang te sit, groter skade sou aanrig as wat die metodistiese inslag self gedoen het. Die vraag wat in die gemoed bly, is of dit eerlik was vir 'n man van prinsipiële oordeel. Het hy nie hier teen sy eie grein in pragmaties opgetree nie?

Alhoewel die Bybelvertaling al meer rigting gekry het, was dit asof B.B. Keet se ywer vir die bevordering van Afrikaans getaan het. Die onmin in Graaff-Reinet het gemaak dat hy al meer huiwerig was om Afrikaans voluit te bevorder. Die hantering van die saak sou ook sy standpunt ten gunste van die outonomie van die plaaslike gemeente versterk.

Waarom het prof. Keet nie aangedring op 'n geleentheid om die Bybel voltyds te vertaal nie? Het die gebeure op Graaff-

Reinet, asook die politieke konflik rondom Afrikaner-nasionalisme sy entoesiasme gedemp? Vanaf sy studentedae het hy hom beywer vir die bevordering van Afrikaans. Het hy in die kring van Afrikaner-nasionalisme onvergenoegd geraak met 'n gees van onverbiddelikheid? Het sy persoonlikheid hom meer tuis laat voel by die konsiliasiepolitiek?

Dit is asof daar in hierdie tyd by die kerklike hoogleraar van Stellenbosch 'n bewuswording plaasvind van die verantwoordelikheid wat hy het tot 'n eie mening, wat aan die Woord se eise moes voldoen, eerder as aan die kriterium van sy vriende. In die publiek is hy egter nog hanteer, volgens die beeld wat hy in sy studentejare geprojekteer het, nl. een wat heelhartig die saak van die Afrikaanse taal gesteun het.

Ten slotte kan uit hierdie tydperk van Keet se lewe oor sy persoon afgelei word dat hy in sy lewe geworstel het om 'n balans te kry tussen die sy beredeneerde denke en sy afkeer van verdeeldheid en partyskap. Sy optrede in die CSV en sy huiwering om die Bybelvertaling vanuit die oorspronklike tale te doen, getuig van hierdie spanning in homself.

HOOFSTUK 9 TEENSTAND TEEN PROF. KEET SE INTERPRETASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKREG (1924)

In die vorige hoofstuk is gesien dat prof. Keet se optrede dikwels bepaal is deur 'n balans tussen beredeneerde denke en afkeer van verdeeldheid. In hierdie hoofstuk sien ons egter dat prof. Keet baie sterk prinsipiële leiding neem. Die vraag wat na vore tree is, waarom hy dit nodig geag het om m.b.t. die kerkregtelike inrigting van die Nederduitse Gereformeerde kerk, 'n standpunt in te neem wat hom in die kerkverband in die gedrang sou bring.

In hierdie hoofstuk word dan die gebeure rondom die sluitingsrede van 1924 weergegee en geïnterpreteer. Redes waarom Keet se kerkregtelike standpunte bevraagteken is, word aangedui. Daar word ook gevra na die oorsprong van sy uitgangspunte. Wat het aanleiding gegee dat die jong hoogleraar hom so sterk verbind het aan die spesifieke uitgangspunte? Watter invloed sou hierdie kerkregtelike oriëntering van Keet deur die jare op die Ned. Geref. Kerk hê? Ook word sy optrede binne die polemiëk evalueer. Het hy sy punt gedryf, of wou hy versoenend optree? Het hierdie polemiëk enigsins afbreuk aan sy legitimititeit as teoloog gedoen?

9.1 Agtergrond

Aan die begin van 1924 het daar 'n storm losgebars rondom die Kerkreg wat prof. B.B. Keet aan die Kweekskool doseer het. Die rede vir hierdie geskil was nie geleë daarin dat hy onafhanklik 'n eie kerkreg ontwikkel het nie. Hy het net eenvoudig van 'n ander kerkregtelike standpunt uitgegaan as wat destyds in die kerk gangbaar was. Om hierdie standpunte van prof. Keet en die reaksie daarop te beoordeel, is dit nodig om eers op hoogte te kom met die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, asook die

verskillende denkrigtings van daardie tyd. Daarvoor sal 'n historiese aanloop geneem moet word.¹

Die kerkregtelike tradisie van die Ned. Geref. Kerk het sy beslag in Nederland gekry. Dit was van hier dat Gereformeerdes die kerk aan die Kaap kom vestig het. In Nederland het die Presbiteriaal-sinodale stelsel reeds in die tweede helfte van die sestiende eeu sterk deurgewerk. Dit is vroeg in die sewentiende eeu deur G. Voetius (1589-1676) in sy vierdelige werk *Politica Ecclessiastica* gemodelleer. In hierdie werk het hy die regering van die kerk op Skriftuurlike ordereëls gesistematiseer. Die Kerkorde van Dordrecht het dit onder woorde gebring.

In 1804, met die Kerkorde van De Mist, het die eerste werklik figurerende "kerkorde" vir die Kaap-Hollandse kerk op die tafel beland.² Vanaf 1824, met die instel van die eerste sinode, is reglemente opgestel. Al meer is die kerk regeer, sonder gereformeerde verantwoording.

Dit het gebeur in terme van die kerkbegrip. Gedurende die negentiende eeu is die Kaapse studente hoofsaaklik te Utrecht opgelei. Die gevolg was dat die kerkbegrip van predikante aan die hand van hulle Nederlands Hervormde agtergrond gevorm is. Ook N.J. Hofmeyr, een van die eerste twee professore aan die Kweekskool, in sy boek *Die Kerk en de Regbank* het sy kerkbegrip vanuit 'n Nederlands Hervormde agtergrond vertolk. Die werke van H.J. Rooyards³ en ook G.J. Vos⁴, wat uitgegaan

¹ sien Van Staden, F.A.H.: *Kerkorde in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1970*, Ongepubliseerde DD-verhandeling, Universiteit van Pretoria; asook Vorster, J.D.: *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die Kompanjie 1652-1795*, Potchefstroom, 1956.

² Spoelstra, B: *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering*, Hammanskraal, 1989, 21 ev. toon oortuigend aand dat die Dordtse kerkorde nie juis voor die tyd in die Kaap-Hollandse kerk figureer het nie.

³ Met name *Hedendaagsch Kerkrecht bij de Hervormden in Nederland*, 2 dele, Akademie drukker, 1834.

het van die kollegialistiese Reglement van 1816, is in Suid-Afrika en aan die Kweekskool van Stellenbosch gebruik.

Toe die Ned. Geref. Kerk in 1859, met die opening van die Teologiese Seminarium, daartoe gekom het om sy teologiese opleiding self waar te neem, is die teologiese invloed uit Nederland en veral uit Utrecht aangevul. In teenstelling met die fakulteite in Nederland het die Skotse teologiese inrigtings amptelik erkenning aan die kursus van die Kweekskool op Stellenbosch verleen. Dit is daarom voor die handliggend dat oudstudente van lg. inrigting, wat na die buiteland gegaan het vir verdere studie, dit veral in Edinburgh sou doen. So was dit bv. met J.I. Marais. Op 6 November 1877 is hy as derde professor aan die Seminarium bevestig. Twee en veertig jaar sou hy hier arbeid. Ook P.J.G. de Vos het 'n tyd lank aan die New College van die Free Church of Scotland in Edinburgh studeer. In 1883 is hy ook as hoogleraar na Stellenbosch beroep.

Na die sinode van 1886 het De Vos 'n beskrywingspunt van ds. Moorrees opgevolg en is 'n handboek vir kerkreg voorgeskryf. Die keuse het op 'n boekie uit Skotland, nl. **Presbyterianism** van John Macpherson geval.⁵ Daarmee het kerkreg as vak 'n staanplek in die kurrikulum van die Teologiese Seminarium bekom.

Die voorgeskrewe handboek vir kerkreg was 'n aanduiding daarvan dat hier 'n klemverskuiwing gekom het. Die tendens was om op die Skotse teologiese tradisie in te speel. Die klemverskuiwing het sonder agterdog geskied, hoofsaaklik omdat

⁴ Met name **De tegenwoordige Inrichting der Vaderlandsche kerk**, Dordrecht, 1884; en **Systematische uiteenzetting van het tegenwoordig Nederlandsch-Hervormde Kerkrecht**, Utrecht, 1889.

⁵ Cf. De Villiers, D.R.: **Teologiese opleiding vir wit en swart deur die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika**, RGN, Publikasiereeksno. 54, Pretoria, 1975, 110 ev..

die Skotse uitgangspunte (ook in kerkregtelike sin) vir baie jare reeds in die Ned. Geref. Kerk ingedra was.⁶

Met Macpherson as handboek vir Kerkreg is die Skotse juridiese nuanse van die presbiteriaal-sinodale stelsel gekoppel met die Nederlands-presbiteriale kerkregering in die Ned. Geref. Kerk. Vir Macpherson het die vergaderings, wat van laer tot hoër in gesag funksioneer, voorrang gekry. Hierdie vergaderinge was vir hom kerklike howe.

Aan die einde van die negentiende eeu het daar egter 'n ontwikkeling in Nederland gekom, toe A. Kuyper en F.L. Rutgers begin het om Kerkreg aan die Vrije Universiteit van Amsterdam prinsipieel te verantwoord. Later sou Keet in terme van hierdie standpunte aan die Vrije Universiteit onderrig word.

Aanvanklik is Kuyper se gedagtes die eerste deur ds. S.J. du Toit in Suid-Afrika oorgeneem. Hy het nie daarin geslaag om dit gemeengoed te maak nie. Hy het homself in die kerklike werk isoleer en hom later in die Gereformeerde Kerke onder die Kruis terug getrek. Na die Anglo-Boereoorlog het dr. J.D. du Toit, seun van ds. S.J. du Toit, die groot krag geraak van die gereformeerde verantwoording en oriëntering, wat sy vader voorgestaan het. Hy sou lid en professor word van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kommentaar t.o.v. die kerklike inrigting by die Ned. Geref. Kerk en polemieë tussen die Ned. Geref. Kerk en die GKSA sou nie uitbly nie.

Daarin sou die kollega van prof. Keet, prof. Du Plessis, hom sterk teen die Geref. Kerk se aanvaarding van die kerkregtelike uitgangspunte van Kuyper uitspreek. Volgens hom was dit independisties, onpresbiteriaans, onprakties "en daarom verwerplik".⁷ Teen die wyer dekor was hy 'n kragtige segsman vir die Skots-presbiteriale tradisie binne die Ned.

⁶ Verwys na Sass, F.W.: *The influence of the Church of Scotland on the Dutch Reformed Church in South Africa*; ongepubliseerde proefskrif, Edinburgh, Skotland, 1956.

⁷ Du Plessis, J.: *Die Gereformeerde Kerk in wording en werking*, Paarl, 1925, 143.

Geref. Kerk. Vir Du Plessis was skeiding tussen die wetgewende, uitvoerende en regssprekende funksies van die sinode, teken van 'n deeglike, eendragtige, geordende en effektiewe kerklike lewe. Kollegialistiese en genootskaplike aksente is op hierdie wyse uitgedoof deur dit as eg Presbiteriaans voor te hou. Wat Du Plessis nie besef het nie, was dat dit juis die een kenmerk van die kollegiale stelsel is, dat aan die kerk gedink word as 'n vereniging, wat in terme van 'n stel reglemente bestuur moes word.

En toe word dr. Keet, wat sy opleiding aan die Vrye Universiteit van Amsterdam gehad het, as professor verantwoordelik gemaak vir die Kerkreg aan die Kweekskool te Stellenbosch. Hy sou hom met voorbehoud, by J.D. du Toit, skaar.

Die gevolg is dat Du Plessis toe nie net uit die GKSA geantwoord is nie, maar ook vanuit die Kerk waarvan hy hoogleraar was. Dit het gebeur by monde van sy kollega, prof. B.B. Keet.

9.2 Prof. Bennie se frustrasie

Van die begin af was dit duidelik dat prof. Keet baie sterk ingestel was op die kerk as instituut. Dit was in aansluiting met A. Kuyper en F.L. Rutgers. Tekenend hiervan was juis die begeerte van Keet om net eers die sinode in 1919 by te woon voordat hy sy pos aan die Kweekskool sou opneem.

Toe hy egter by die sinode kom, het hy ervaar dat die kerk in sy "bestuur" aan 'n klomp voormanne uitgelewer was en dat hy as jong man nie juis veel invloed gehad het nie. Aan die gesag van die plaaslike gemeente is daar nie veel gestalte gegee nie. Dit was vir hom baie in kontras met die denke aan die Vrije Universiteit, waar die klem juis op die plaaslike gemeente geval het.

Ook die sinodale kommissie se hantering van die onmin te Graaff-Reinet, wat eintlik heeltemal buite hul bevoegdheid geval het, het hom sekerlik frustreer.

Dié stuk "sinodokrasie" in die Kerk het die dosent in die Kerkreg genoop om sy teenkanting daarteen te laat hoor. Eerstens het hy die boekie **Presbyterianism**, van Macpherson, wat al die jare voorgeskryf is, met sy eie klasnotas vervang. Tweedens het hy op briewe en artikels met kollegialistiese inslag in **De Kerkbode** reageer.

Verder het hy besluit om hieroor, by die sluitingsrede van die Kweekskool in 1924, sy stem te laat hoor. Hy het as onderwerp gekies: **"Na honderd jaar. De regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerde Beginselen getoetst."** Hier het hy die feit dat dit die gedenkjaar was van die eerste sinode van die Kaap-Hollandse Kerk, gebruik om die kerk tot besinning te roep oor sy kerkbegrip. Hy het sy Dogmatiek gebruik om die kerkbegrip reg te stel.

In hierdie toespraak het prof. Keet van sy hart af gekry wat hy graag wou regstel in die kerkregtelike inrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hy het dit veral teen die kollegialistiese "smette" in die kerk gehad.

9.3 Vervanging van Macpherson met eie klasnotas

In prof. Keet se klasnotas kan 'n beeld van sy denke en onderskeidings afgelees word. Hy het hom sterk aan die gedagterigting van mense soos F.L. Rutgers en Joh. Jansen gebind.

In die notas kom 'n dogmatikus, wat beredeneerd dink, aan die woord. Uit die Skrif en konfessie is die Kerk beskryf en onderskei. Vir hom was die wese van die Kerk die vergadering

van ware gelowiges.⁸ Hiervan was Jesus Christus die hoof. Prof. Keet het homself van die onderskeidinge van Kuyper bedien. Hy het onderskeid tussen die sigbare en onsigbare Kerk getref. Verder het hy in die sigbare kerk ook onderskeid tussen die lewe van die gelowiges soos hulle in die lewensverbande en -terreine getuigend na vore tree en die lewe in die kerklike organisasie met sy ampte, bedieninge en samekomste. Hierin was die kerk as organisme en as instituut respektiewelik te ken.⁹ Die ordening van die kerklike lewe het vir hom met die kerk as instituut saamgehang. Dit, het hy gesê, het op die vlak van die welsyn of welwese van die Kerk gelê.¹⁰

Op hierdie wyse wou prof. Keet 'n Skriftuurlike grond vir die ordelike bediening van die kerklike lewe voorsien.¹¹ Hy het daarom die rug gekeer op alle burgerregtelike terme in verband met kerklike howe en kerklike jurisdiksie, wat onder invloed van die Nederlandse Hervormde bestuurswese en die Skotse Presbiterianisme hier ingevoer is. Die gesag in die Kerk kom van Christus en laat hom voel op die terrein van die bediening van die Woord en die sakramente.¹² Van wetgewende en regsprekende mag moes nie in die kerk gepraat word nie. Keet het die plaaslike gemeente in sy volkomenheid en selfstandigheid gehandhaaf.¹³ Die wese daarvan het volgens hom nie in die amp gelê nie. Dit het implikasies met

⁸ Na 100 jaar: **De regeringsvorm van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Gereformeerde beginselen getoetst**, Stellenbosch, 1925, 5.; **Orde in die kerk**, 14: "Die kerk as plaaslike gemeente is die sigbare openbaring van die Kerk in sy onsigbare wese as vergadering van gelowiges".

⁹ Keet, B.B.: **Gereformeerde Kerkreg (Klasaantekeninge)**, dl.1, Stellenbosch, s.d., 3: Sien ook **Na honderd jaar**, 6; **Orde in die Kerk**, 3vv.

¹⁰ **Gereformeerde Kerkreg (Klasaantekeninge)**, dl.1, 32.

¹¹ Dies., 47.

¹² Dies., 17, 65vv.

¹³ **Klasaantekeninge**, 16, 66vv. "Elke lokale kerk is essensieel 'n volledige kerk met volkome mag. Vgl. ook **Na honderd jaar....8 - 9** " Die regeermag kom die plaaslike gemeente toe".

betrekking tot die kerkverband gehad. Sinodes as sterkste uitdrukking van die kerkverband, is daarvolgens gemeentes wat saamkom om gemeenskaplike belange te bespreek en gemeenskaplike besluite te neem. Sinodes was ook nie 'n bestuur vir die Kerk nie. Die enigste bestuur in die Kerk was die kerkraad. Sinodes en ringe was samekomste van kerke deur afgevaardigdes van die plaaslike gemeentes. Hierdie afgevaardigdes het nie kragtens hulle amp gekom nie. Hulle het die gemeente verteenwoordig. Volgens hom het sinodes ook geen hoër gesag nie, maar 'n vermeerderde gesag. Die sinode kan tog nie ampsdraers aanstel, die tug uitoefen of die sakramente bedien nie. Die gesag van die sinode het uit die kerkverband voortgevloei en op 'n vrywillige ooreenkoms ten opsigte van belydenis, kerkregering en liturgie berus.¹⁴ Wat betref die verhouding kerk en staat het prof. Keet dit uitgedruk in terme van die soewereiniteit in eie kring.¹⁵

Dit was duidelik dat die Ned. Geref. Kerk in prof. Keet 'n vakman in die kerkreg gekry het.

Geskifte oor die Kerkreg en -regering uit die geledere van die Gereformeerde Kerke het naas die geskifte van Kuyper dan ook al meer ingang by student en leraar van die Ned. Geref. Kerk gevind. Hier moet veral die werke van F.L. Rutgers¹⁶ en van Joh. Jansen¹⁷ genoem word.

Soos te verwagte sou die kerkregtelike uitgangspunte nie by die kommissie van eksaminatore vir proponente ongemerk verbygaan nie. In hul ondervraging van die studente aan die einde van 1923, het die eksaminatore uit die studente se antwoorde agtergekom dat hier nou 'n ander standpunt gehoor

¹⁴ Onmiskenbaar die voetspoor van Kuyper. Keet beroep hom ook op Voetius. **Na honderd jaar....12-13.**

¹⁵ **Na honderd jaar....12vv.**

¹⁶ By name sy **Kerkelijke Adviezen** in 1921, 2 dele, Kampen.

¹⁷ By name sy **Kerkenordening van die Gereformeerde Kerken in Nederland**, Wageningen, 1917, en **Korte Verklaring van de Kerkenordening**, Kampen, 1923.

word. Hulle sou die saak nie net daar los nie, maar dit by die kuratorium aangee.¹⁸

9.4 Reaksie op die redakteur van De Kerkbode se siening van die kerkreg

Op 26 Desember 1923 het die redakteur van *De Kerkbode*, ds. P. G. J. Meiring, die proefskrif *Kerk en Sending* van dr. P.J.S de Klerk, 'n predikant van die Gereformeerde Kerk, beoordeel. In die proefskrif, wat De Klerk by die Vrye Universiteit van Amsterdam ingelewer het, het hy hom uitgespreek teen die kollegialisme van die Ned. Geref. Kerk.¹⁹ Die redakteur het G.J. Vos se siening, soos ds.(later prof.) S.P. Engelbrecht van die Ned. Hervormde Kerk dit verwoord het, as uitgangspunt ook van die Ned. Geref. Kerk voorgehou, t.w. dat die algemene Kerk 'n ondeelbare geheel gevorm het, waarvan geen plaaslike gemeente hom kon losmaak nie. Volgens hom was 'n mens in die eerste plek lid van die Kerk en uit krag daarvan lid van die gemeente. Hy het beweer dat hy rede gehad het om te glo dat die kerkregtelike standpunt, soos dit deur dr. De Klerk voorgestel is, in die laaste jare onder invloed van die Vrye Universiteit ook in die Ned. Geref. Kerk toegang gevind het. Hy het voorsien dat daar eerlank 'n botsing sou kom tussen die twee beskouinge en hy wou reeds vroegtydig die aandag daarop vestig, sodat die leser dit kon begin oordink en homself vir die stryd voorberei²⁰.

Hiermee was die handskoen neergewerp. Dr. De Klerk het verklaar dat hy tot op daardie stadium nog gehoop het "dat u beginsel van kerkregering meer presbiteriaal dan kollegiaal is, maar nou het uself ons u standpunt uiteengesit."²¹

¹⁸ sien Keet se brief hieroor in *De Kerkbode*, 11 Maart 1925, 332.

¹⁹ *Kerk en Sending in Suid-Afrika*, Amsterdam, 1923.

²⁰ *De Kerkbode* 26 Desember 1923, 1757.

²¹ Dies., 23 Januarie 1924, 118, 119.

Op 5 Februarie 1924 het prof. Keet soos volg op die resensie in *De Kerkbode* reageer. Hy het gesê dat toe hy dit geskryf sien staan, hy sy oë moes vryf om te sien of dit nou werklik daar geskrywe staan, en dit in die offisiële mondstuk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Hy het die redakteur gevra of hy nie besef het dat hy hier heeltemal op Rooms-Katolieke en Kollegialistiese standpunt staan nie.²² Die redakteur het 'n voetnota onderaan die brief geplaas, waarin hy gesê het dat hy oortuig was dat die beskouing wat hy gegee het, ook die beskouing van die Ned. Geref. Kerk van S.A. was. Hy het gesê dat dit aan die "voormanne" in die Kerk oorgelaat moes word om te sê of hulle met hom saamstem of nie.

In die volgende uitgawe van die amptelike blad, het die moderator en lid van die Kommissie vir die Kerkewet Revisie, ds. D.S. Botha, hom met die redakteur vereenselwig.²³ Leidinggewende figure, soos ds. H.J. Pienaar en dr. H. P. van der Merwe het hulle by die rigting van Rooyaards en Vos geskaar.²⁴ In die uitgawe van 27 Februarie het prof. Keet toe 'n tweede brief geskryf, waarin hy daarop gewys het hoe so 'n standpunt kollegialisties, eerder as gereformeerd, was.

Die punt waarop die meningsverskil aangekom het, was die kerkbegrip. Die agterdog teenoor prof. Keet se standpunt is gebore vanuit die voortgaande polemieks met die GKSA. Daarom sou aanvaarding van sy standpunt beteken dat die Ned. Geref. Kerk homself sou skaapvang.

9.5. Die sluitingsrede van 1924

As gevolg van die polemieks in die kerkblaaie, het die kerklike publiek nou al geweet dat daar verskille bestaan het in denke oor die kerkregtelike inrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Nêrens was daar egter 'n duidelike

²² Dies., 5 Februarie 1924, 218.

²³ Dies., 20 Februarie 1924, 251.

²⁴ Dies., 5 Februarie 1924, 218.

formulering van die standpunt van prof. Keet nie. Dit het hy gegee in Oktober 1924, toe hy die sluitingsrede vir die Kweekskool moes lewer. By hierdie geleentheid was gewoonlik 'n groot aantal leraars van die kerk teenwoordig. Om die trefkrag van sy toespraak te vergroot, is die toespraak in 1925 gepubliseer.

Soos wat die titel dit gestel het, wou prof. Keet in die rede die eerste honderd jaar van sinodale weg, 1824-1924, toets aan die beginsels grondliggend aan die gereformeerde kerkreg. Daarom het hy begin om die beginsels eers uit te spel.

Prof. Keet het genoem dat by die kenmerke voorop gestaan het dat die Gereformeerde kerkreg op die Woord gegrond wou wees. Verder wou Gereformeerde kerkreg erken dat Christus alleen die hoof van die kerk is. Aangesien talle, nie-Gereformeerde kerke ook hierdie uitgangspunt het, maar in die praktyk 'n ander uitleg daaraan gegee het, het Keet toe voortgegaan om die besondere kenmerke van die Gereformeerde kerkreg uit te lig. Hy het vier genoem:

1. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente;
2. Die presbiteriale vorm van kerkregering;
3. Noodsaaklikheid van die sinodale verband;
4. Die verhouding tussen kerk en staat.

Hier moet veral gelet word op die volgorde van die kenmerke. Keet het as die eerste besondere kenmerk van gereformeerde kerkreg, die selfstandigheid van die plaaslike gemeente genoem. Rondom hierdie kenmerk was die kern van sy toespraak gebou. Dit was ook daarvoor dat hy die meeste reaksie gekry het.

Die spreker het gesê dat beide uit die Skrif en uit die geskiedenis dit duidelik geblyk het dat die plaaslike gemeente 'n volledige, selfstandige kerk was, wat vir sy bestaan nie afhanklik was van enige algemene instituut van watter aard ook al, wat aan so 'n kerk sy reg van bestaan sou toeken nie. Laasgenoemde was 'n Roomse opvatting wat slegs een kerklike

instituut geken het en al die plaaslike gemeentes dan as onderdele van daardie instituut beskou het. Die eenheid van die plaaslike gemeentes het egter nie in 'n lands- of wêreldinstituut gelê nie, maar in Christus wat die hoof was.

25

Oor die sinodale verband, het prof. Keet gesê, dat die kerk, wat in die sinode verteenwoordig word, geen genootskap was, wat uit verskillende onderdele, die gemeentes, bestaan het nie. Die sinode was 'n gemeenskap van selfstandige gemeentes, wat deur vrywillige ooreenkoms 'n gemeenskaplike leer, kerkregering, erediens, ens. gehandhaaf het. 'n Plaaslike gemeente kon uit so 'n verband tree, sonder dat so 'n gemeente opgehou het om kerk te wees. Keet het egter toegegee dat so 'n uittrede in spesifieke gevalle sondig kon wees.²⁶ In 'n opvallende voetnota, die enigste, het hy die volgende waarskuwing gerig: "Afskeiding is nooit rechtvaardig dan om de ernstigste reden. 't Is alleen wanneer wij er van overtuigd zijn dat de kerk waartoe wij behoren vals is, dat wij ook verplicht zijn ons aan haar te onttrekken; niet om elke afwijking van mindere ernstige aard."²⁷ Was dit aan die adres van die Geref. Kerk van S.A. gerig?

Die hoogleraar het ook aangetoon hoe die Ned. Geref. kerk ontwikkel het in sy denke rondom kerkreg. Die kommissie wat in 1870 aangestel was om die kerkwette te hersien, het die beginsel aanvaar dat die mens nie in die eerste plek lid was van die kerk as genootskap in die algemeen nie, maar van die gemeente. Die genootskap-idee, het hy gesê, het hier begin verdwyn. In 1903 het die sinode aanvaar dat die uitdrukkings "hogere" en "lagere" besture, met "meerdere" en "mindere" vervang word.

²⁵ Keet, B.B.: Na honderd jaar: Die regeringsvorm van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Gereformeerde Beginnselen getoetst, Stellenbosch, 1925, 9.

²⁶ a.w., 13.

²⁷ a.w., 13.

Toe hy nader aan die einde van sy rede gekom het, was hy positief oor hierdie ontwikkelinge in die kerkreg. Hy het gesê: "door de geschiedenis van onze kerk heen vinden wij dus 'n steeds meer zuiver wordende vorm van de kerkelike regering."²⁸

Hy het aan die einde van sy rede na aanleiding van sy doelstelling, gekonkludeer: " Het resultaat van ons ondersoek is, dat de regeringsvorm van de Ned. Geref. Kerk niet in strijd is met die beginselen van het gereformeerde kerkrecht."²⁹

9.6. Reaksie op prof. Keet se standpunte oor die Kerkreg

Op 'n kuratoriumvergadering gehou op 24 Oktober 1924 het daar 'n brief van ds. P. Meiring gedien. Dit het gehandel oor die korrespondensie in *De Kerkbode* in 1924 tussen prof. Keet en andere oor die Gereformeerde Kerkreg. Na 'n breedvoerige bespreking is dit aan 'n kommissie bestaande uit ds. D.J. Pienaar, ds. P.G.J. Meiring, ds. H. P. van der Merwe en ds. D.S. Botha opgedra om skriftelik aan dr. Keet die beskouing van die kuratorium oor Kerkreg, volgens die wette en bepalinge van die Kerk, voor te lê en hom te versoek om hom by die gee van onderrig daaraan te hou.³⁰ Dié vergadering sou egter nie onmiddellik plaasvind nie.

Eers sou daar nog 'n klomp water in die see loop. Op 21 Januarie 1925 het daar 'n brief, onder die skuilnaam van "Senex" in *De Kerkbode* verskyn. Hierdie brief het 'n aanval op prof. Keet geloods. Senex het geskryf dat hy gemerk het dat dit die redakteur ook getref het dat daar so in die stilte 'n omwenteling in die Ned. Geref. Kerk se bestuur plaasgevind het. Hy het gesê dat die fundamente van die kerk daardeur aangetas is, maar almal het gedwee stil gebly. "Vir die

²⁸ a.w., 22.

²⁹ a.w., 26.

³⁰ Kuratorium: Notule 25 Oktober 1924, 200, Staatsargief S20/1/2.

laaste vier of meer jaar word daar 'n kerkreg aan die Theol. Kweekskool op Stellenbosch gedoseer wat, van waar hy dan ook mag kom, stellig nie die kerkreg van die N.G. Kerk van Suid-Afrika is, soos dit in s'n wetboek beliggaam is.... Die ding krenk my al jare lank en ek kyk gedurig uit of daar dan nie iemand sal opstaan nie, wat sy stem daarteen sal verhef en die Kerk van 'n hopelose verwarring sal red. Wat sê die Kuratorium van die Theol. Kweekskool daarvan? En waarom bewaar die Kommissie van Eksaminatore van Kandidate tot die Heilige Diens so volkome die stilswye? Die Kerk stel tog sy vertrouwe in die liggame en verwag om deur hulle beskerm te word. Hoe jammer tog dat die hande van die Hoogeerw. prof. Du Plessis in hierdie saak gebonde is, anders sou hy seker al lang op sy bekende wyse gebrul het."³¹

Senex het voortgegaan om te beskryf hoe die bestuur van die Ned. Geref. Kerk nou eintlik gelyk het. Hy het onder andere gesê dat die ouderlinge wat regeer, nie as afsonderlike persone regeer het nie, maar wel in liggame en besture. Die drie erkende liggame van die Ned. Geref. Kerk was die kerkraad, ring en sinode. "...die uitsprake van 'n mindere bestuur is onderworpe aan die van 'n meerdere bestuur....dit is die fondament waarop die hele wetboek rus, en ooreenkomstig dit word die Kerk bestuur."

Senex het gevra dat die bevoegde outoriteite prof. Keet moes stuit in die verkondiging van hierdie kerkreg. Hulle moes die professor duidelik laat verstaan "dat die kerkreg van die Vrye Universiteit nie die kerkreg van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika is, en deur Gods genade nooit sal word nie."³²

Prof. Du Plessis was egter versigtig om in die openbaar negatief teenoor sy kollega te reageer. In sy blad *Het Zoeklicht* het hy soos volg op prof. Keet se sluitingsrede reageer: "Prof. Keet heeft ons een diens bewezen door deze heldere uiteenzetting van zijn standpunt aangaande het Kerkrecht van de Ned. Geref. Kerk. Dat hy hierin afwyk van de

³¹ *De Kerkbode* 21 Januarie 1925, 89.

³² *De Kerkbode* 21 Januarie 1925, 90.

heersende mening is bekend, en in dit goed gesteld en goed beredeneerd stuk geeft hij de gronden voor zijn beschouwing aan. Het zal met diepe belangstelling in kerklike kringen gelezen worden. Omdat de gehele kwestie nog sub judice is, en om ander begryplike redenen, onthouden wij ons aan kommentaar op de inhoud, maar wij bevelen die pamfletjie van 26 bladsye by al ons kerklike leidsliede en kerkregtelik onderlegde lidmate vrymoediglik aan."³³ Insiggewend in prof. Du Plessis se reaksie was dat hy nie die blaadjie by die gewone lidmate aanbeveel het nie.

Dat Du Plessis nie met prof. Keet saamgestem het nie, was vir elke ingeligte duidelik. Hiervan het sy standpunt dat *De Gereformeerde Kerk in wording en werking*³⁴ 'n afwyking was, getuig. Die aantygings van dié kerk teen die Ned. Geref. Kerk en Kuyper se invloed in beide het hy sterk afgewys. "Op het punt van kerkregering bestaat er tussen de Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika en de Gereformeerde Kerk een gewichtig verskil".³⁵ Hy het dit breedvoerig behandel. Eg. was "Presbiteriaans" in regeringsvorm. Lg. was "independentisties of Kongregasionalisties." Opvallend was sy verwysing na Engelse literatuur, veral van Presbiteriaanse oorsprong. Sy terme en voorbeelde het op Macpherson en 'n Skotse oriëntering gedui, waaraan Du Plessis die Ned. Geref. Kerk wou hou. Volgens hom het die "Presbiteriaanse regeringsvorm" die leer van "de onbepaalde autonomie der gemeente" verwerp. Die Independentisme het juis die nadruk "op de autonomie van (zelfregering) en onafhanklikheid van elke gemeente('church')gelê."³⁶ Die Presbiterianisme het daarteenoor aanvaar "een opklimming van kerklike besturen...waardoor de eenheid der Kerk gehandhaafd wordt, en het nodige wetgevende, uitvoerende en rechtelijke gezag voor het kerkbestier verkregen wordt".³⁷

³³ *Het Zoeklicht*, Maart 1925, 95.

³⁴ Stellenbosch, 1925.

³⁵ Dies., 124.

³⁶ Dies., 125

³⁷ Dies., 125

Agterna gesien, was dit duidelik dat twee teologiese gedagtestrominge met stampe en stote in die persone van proff. Keet en Du Plessis ontmoet het. Die denke van die Vrye Universiteit, wat Keet in die kerk kom help indra het, was 'n nuwe oriëntering. Du Plessis het in 'n ouer oriëntering gestaan, wat sy begin in die destydse Utrechtse hoogleraar, H.J. Royaards, gehad het en toe die invloed van die Skots-evangeliese en pragmatiese presbiterianisme ondergaan het.

Aangesien daar egter 'n goeie persoonlike verhouding tussen die twee professore bestaan het, het die verskil in standpunt nie tot 'n geskil tussen hulle twee ontwikkel nie. Prof. Keet self sou hieraan 'n groot bydrae hê. Hiervan getuig bv. dat hy in die gepubliseerde sluitingsrede, wat vroeg in 1925 verskyn het, 'n advertensie van die maandblad van prof. Du Plessis, **Het Zoeklicht**, geplaas het. Prof. Keet sou ook kon aanstoot geneem het daarteen dat prof. Du Plessis met sy boek **De Gereformeerde Kerk in wording en werking** op sy doseer-terrein beweeg het. Dit het egter nie gebeur nie.

Vir die dosent in Kerkreg moes dit 'n spannende tyd gewees het. Die eksamenkommissie en ook die kuratorium het hul tyd geneem om die saak tot 'n einde te bring. Op 11 Maart 1925 het prof. Keet 'n brief geskryf waarin hy daarvoor gekla het. Hy het geskryf: "Die saak is ongeveer 'n jaar gelede aanhangig gemaak, eers deur die kommissie van eksaminatore vir proponente, meer as 'n jaar gelede, en toe deur die kuratore van die Kweekskool, in Augustus verlede jaar. Ek was opgeroep om voor die laaste liggaam te verskyn, maar my is toe meegedeel dat die saak uitgestel is. En daartoe het dit tot nog toe gebly. Hierop is my antwoord, dat dit nie aangenaam is om so lang onder verdenking te staan' nie, en dat dit vir die onderwys aan die Kweekskool nie bevorderlik is, as daar onsekerheid tussen professore en kuratore aan die ander kant bestaan, omtrent die aard van die onderwys wat daar gegee word nie. Daarom dring ek daarop aan dat daar nou eenmaal 'n definitiewe stap gedoen sal word."³⁸

³⁸ **De Kerkbode** 11 Maart 1925, 332

Prof. Keet se versoek het vrugte afgewerp. Daarvan getuig die kuratoriumnotule. Op die kuratorium se vergadering op 25 November 1925, het die kommissie wat einde 1924 aangestel is om Keet se denke oor die kerkreg te ondersoek, hul verslag gelewer. Hulle het voorgelê 'n kopié van hul skrywe aan prof. Keet, sy antwoord daarop, 'n kopié van vrae skriftelik deur die kommissie aan prof. Keet gedoen, en weereens sy antwoord wat hulle daarop ontvang het. Na 'n bespreking daarvan, het die kuratorium die professor, wat op hul versoek daar teenwoordig was, ondervra. Omdat die antwoorde na die oordeel van die vergadering bevredigend was, het die kuratorium dit aan 'n kommissie bestaande uit ds. D.J. Pienaar, ds. J.P. van Heerden en ds. P.G.J. Meiring opgedra om 'n stukkie ter publikasie op te stel oor die uitslag van die onderhoud met dr. Keet. Dit sou dan, na goedkeuring van die professor, deur die skriba namens die Kuratorium in *De Kerkbode* gepubliseer word.³⁹

Die verklaring het in *De Kerkbode* van 2 Desember 1925 verskyn.⁴⁰ Die kuratorium het verklaar dat, deels as gevolg van die voorstelling deur studente van dr. B.B. Keet, in hul antwoorde oor Kerkreg by die proponentseksamen en deels as gevolg van die briewe wat prof. Keet in *De Kerkbode* oor kerkregtelike kwessies geskryf het, die Kuratorium die indruk ontvang het dat hierdie hoogleraar 'n standpunt toegedaan was, wat verskillend was van die standpunt wat algemeen in die kerk gehuldig is en in die kerkwet neergelê was. Dit was egter vir die kuratorium duidelik dat daar "geen verskil" bestaan het tussen die opvatting van dr. Keet oor die kerkreg en dit wat algemeen in die Ned. Geref. Kerk gangbaar was nie.

Hierdie verklaring van die Kuratorium moes vir Keet verbly het, aangesien dit 'n oorwinning was vir dit waarvoor hy gestaan het. Met die verklaring is die stryd dan ook besleg en is, hoewel nie in woorde nie, ingestem dat die kollegialistiese gedagtes vreemd aan die Gereformeerde kerkreg

³⁹ Kuratorium: Notule 25 November 1925, Staatsargief S20/1/2.

⁴⁰ *De Kerkbode* 2 Desember 1925, 1610.

is. Almal was natuurlik nie oortuig nie, maar prof. Keet sal onthou word as die een wat die Kerk in hierdie tyd op kerkregtelike gebied suiwer gelei het.

Beoordeling

Dit is duidelik dat die bevraagtekening van Keet se kerkregtelike uitgangspunte te make gehad het met die feit dat hy hom met voorbehoude laat vind het vir die kerkreg wat aan die Vrye Universiteit van Amsterdam gedoseer is, wat ander aksente gelê het as die Kerkreg wat voorheen aan die Kweekskool te Stellenbosch gedoseer is.

By terugskoue kan 'n mens sê dat hierdie debat rondom die kerkregering vir die kerk heilsaam was en gehelp het tot 'n meer verantwoorde kerkregtelike korrektief.

In sy sluitingsrede was dit nie Keet se uitgangspunt om Du Plessis en sy medestaanders uit en uit te weerlê nie. Hy wou hom ook nie te nou met die Doppers verbind nie. Hy het eerder die korrekte antwoord aangegee. Hy het begin deur die Kerkreg dogmaties te beredeneer. As vertrekpunt het hy geneem dat 'n korrekte kerkbegrip nodig was om kerkreg te beoefen. Hieruit het hy die swakpunte na beide kante toe uitgewys.

In die debat kom dit duidelik na vore dat prof. Keet 'n segsman was vir die Presbiteriale tradisie, terwyl sy teenstanders voorstanders van die Presbiterianisme was. Eg. het vanuit die amp gedink, terwyl lg. die vergaderinge beklemtoon het.

Dit is baie duidelik dat prof. Keet versoenend tussen die verskillende standpunte probeer optree het. Aan die een kant het hy aan die Doppers toegegee dat daar smette van kollegialisme in die Ned. Geref. Kerk was.⁴¹ Die sisteem van die Ned. Geref. Kerk was egter gereformeerd. Die Kerk was dan ook besig om van daardie smette ontslae te raak.

⁴¹ Na 100 jaar, 22.

Aan die ander kant het hy hom baie sterk uitgespreek teen afskeiding. Hierin was die groot verskil tussen hom en die Doppers, en ook Kuyper geleë. Hulle het te gou na afskeiding, as metode om te reformeer, gegryp. Op hierdie wyse het prof. Keet hom nie met een van die partye in die geskil verbind nie. Hy het probeer om sy eie pad te loop.

Dit was dan ook lewenslank sy uitgangspunt dat hy hom nie wou laat groepeer nie. Wanneer 'n stryd aan die gang was, het hy al die standpunte op die tafel gekry. Dan het hy probeer om die teologiese antwoord daarop te gee. Hy het nooit probeer om partye te weerlê nie, maar dit was altyd sy doel om die korrekte weg aan te wys.

Toe prof. Keet hier op voetspoor van Kuyper gepraat het van Kollegialisme, het dit eintlik om die genootskaplike inrigting van die kerk gegaan, waarteen hy dit gehad het. Die kerk was nie 'n vereniging, wat deur 'n stel reglemente bestuur word nie. Hy was wel heeltemal korrek toe hy gesê het dat die plaaslike gemeente meer tot sy reg moes kom.

Die feit dat prof. Keet so verbaas was toe hy gelees het dat die redakteur van De Kerkbode gedink het vanuit die beginsel dat die gelowige in die eerste plek lid van die Kerk en uit krag daarvan lid van die gemeente is, is 'n aanduiding daarvan dat prof. Keet nie voldoende op hoogte was van die historiese konteks waarbinne hy gedoseer het nie. Hy het nie genoegsaam kennis geneem van die sterk presbiteriaanse tradisie wat in die kerkregtelike inrigting van die Ned. Geref. Kerk in swang was nie. In al sy teologiese arbeid is dit kenmerkend dat hy nie baie moeite met die historiese konteks gemaak het nie.

Die debat oor die Kerkreg sou vorentoe op prof. Keet 'n groot invloed hê. Hy is gedwing om homself te verantwoord ten opsigte van sy kerkbeskouing. In homself het hy dus meer klaarheid daaroor gekry. Verder het dit vir hom die selfvertroue gegee om sy standpunte te lug. Al meer sou Keet rigtinggewend wees vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SA.

In die jare wat kom, sou dit blyk dat prof. Keet nie net 'n ander kerkbeskouing as prof. Du Plessis gehandhaaf het nie, maar dat hulle ook m.b.t. hul Skrifbeskouing verskil het.

Dit is interessant om daarop te let dat dit nie lyk asof Keet met hierdie episode met die kuratorium enige legitimiteit as teoloog onder die kerklike publiek ingeboet het nie. Daarvoor was sy standpunt te goed beredeneerd deurdink en vanuit die Woord gerig.

Die invloed van veertig jaar se onderrig van hierdie standpunt aan die studente, het gemaak dat 'n hele geslag predikante met hierdie uitgangspunte die kerk ingestuur is. Vandag nog pluk die kerk die positiewe vrugte daarvan.

HOOFSTUK 10: STADIGE VORDERING MET DIE VERTALING VAN DIE BYBEL, TERWYL ONWEERSWOLKE OOR DIE KWEESKOOLO SAAMPAK(1925-1927)

In hierdie hoofstuk word die tydperk na die sluitingsrede van 1924 bespreek, tot die einde van 1927, toe prof. Keet benoem is as lid van die Universiteitsraad en senaat. Dit is dus die tydperk voordat die Du Plessissaak in erns begin.

Vrae wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom, is bv. waarom Keet dit nodig gevind het om saam met Gordon Tomlinson 'n biografie van Tobie Muller uit te gee. Het dit vir hom gegaan om sy vriend Tobie, of om die boodskap van Afrikaans verder te dra?

Ook sal gekyk word hoe die Bybelvertaling vorder. Raak sy entoesiasme gedurende hierdie tyd weer meer vir die taak, of staan die vertaling uit die oorspronklike tale hom glad nie aan nie en onttrek hy hom van die onderneming? Watter redes weerhou hom daarvan om by die eindvertaling betrokke te raak?

Hoe sou Keet, wat pas die geskil oor sy standpunte oor die Kerkreg deurgemaak het, reageer as die onweerswolke om prof. Du Plessis se hoof begin saampak? Sou hy saam met die kritici van Du Plessis op die wa klim? Of het hy begrip vir Du Plessis se standpunt gehad? In watter een van die twee opponerende tydskrifte "Die Ou Paaie" en "Het Zoeklicht" sou hy skryf? Of sou hy in altwee skryf?

Wat maak dat Keet raakgesien word as Universiteitsraadslid? Hoe het die posisie van raadslid sy lewe vorentoe beïnvloed?

10.1. 'n Biografie oor sy vriend Tobie Muller

Die kuratorium het nie verder fout gevind met prof. Keet se standpunt oor die Kerkreg nie. Volwasse mens wat hy was, het hy nie daarna voortgegaan om hierdie punt in te vryf nie. 'n Mens sien nie, in die periode na die kommissie se bevinding, dat hy met mening sy oortuiging opdring nie. Miskien was sy

invloed sodanig dat dit nie verdere teenkantiing uitgelok het nie.

Hy was ook by so baie dinge in die samelewing betrokke, dat teenkantiing op 'n bepaalde punt nie sy hele lewe ontwrig het nie. So het hy en sy studentevriend, Gordon Tomlinson, in 1925 saam 'n boekie publiseer, waarin hulle gepoog het om die invloed van Tobie Muller, hul vriend wat so vroeg heengegaan het, in herinnering te roep.¹ Volgens die skrywers het baie mense sy heengaan gevoel as 'n "verlies vir ons jong volk wat nog sy toekoms voor hom het.... Die inspirasie wat van so 'n lewe uitgaan werk kragtig op die lewe van andere: Dit sal 'n ramp wees vir ons volk as daar ooit 'n dag kom, wanneer dit nie meer so 'n uitwerking het nie."² Deur die boek wou hulle iets behou van die indruk wat sy lewe gemaak het. Veral is klem gelê op die gebeure waar Muller leiding gegee het om die Afrikaanse kultuur te bevorder.

Hierdie boekie het in die jaar net nadat die Nasionale Party die verkiesing gewen het, verskyn. Die oorwinning sou die Nasionaliste die geleentheid bied om die belange van die Afrikaner, waarvoor Tobie so gestry het, in die praktyk te bevorder. Dit kan dus aangeneem word dat Keet en Tomlinson hul vriende in die parlement ook hiermee wou herinner aan die ideale waarvoor hulle as jongmanne saam gestry het. Die aanvaarding van Afrikaans as amptelike landstaal in die jaar van die verskyning van die boekie, sou hieraan laat reg geskied.

Die eerste deel van die boek is geskiedkundig en persoonlik. In vyftien hoofstukke word gehandel oor Tobie Muller se kinder- en studentejare hier en in Europa, oor die korte arbeidstyd te Stellenbosch en in die Vrystaat, en oor sy siekte en dood. Dan volg in die tweede deel hoofstukke oor die Afrikaanse Taalvereniging, waarvan Tobie Muller een van die knapste leiers was en ook 'n paar hoofstukke oor hom as

¹ Tobie Muller, 'n inspirasie vir jong Suid-Afrika, Kaapstad, 1925, voorwoord.

² a.w., p. 37.

geleerde en filosoof, as patriot en volksman, teoloog en Christenmens. Dit is interessant om aan die hand van die skrywers te sien hoe die seuntjie self leer letters maak het en so vir homself leer skrywe het, hoe hy opgeklim het langs die leer van geleerdheid, totdat hy naderhand B.A. en M.A en VDM en B.D. en Th.D. en D.D. geword het. En te merk hoe met al sy geleerdheid, hy so beskeie en kinderlik was en die lewe soos 'n onbesorgde seun geniet het. Net so gemaklik soos hy geleer het, net so instinkmatig het hy geweet wat in die harte van sy volk en veral die jongmense was en het hy hom daarby aangepas en hulle gelei.

Die boek laat nogal een vraag by 'n mens. Jy wonder waar prof. Keet tyd gekry het vir die skryf van die biografie, as hy nie kans gesien het om eindvertaler te wees en tegelykertyd twee periodes Dogmatiek te doseer nie. Of was dit 'n kwessie van lojaliteite? Het Tobie Muller hom so na aan die hart gelê dat hy te midde van sy vol program dit nie kon uitstel nie?

As dit 'n kwessie van lojaliteite was, was dit die lojaliteit teenoor sy vriend Tobie Muller, of teenoor die saak wat Muller gedien het? Vanuit die klaarblyklike afname in Ben Keet se entoesiasme vir die bevordering van Afrikaans, sou 'n mens die afleiding kon maak dat dit vir hom eerder oor sy vriend gegaan het. Dit laat ook die vermoede ontstaan dat daar tog iets meer was as net dat hy nie die twee klasse Dogmatiek kon afkry nie, waarom hy nie die aanvanklike aanbod van die kuratorium, insake vrystelling van klasse vir die Bybelvertaling, aanvaar het nie.

10.2. Eindvertaler

Die besluit van die kuratorium om Keet algeheel van sy klasse vry te stel, het dit vir hom moontlik gemaak om vir een jaar lank voltyds aan die Bybelvertaling te werk. Nou het die werklike rede na vore gekom waarom hy nie die eindvertalerskap op hom wou neem nie. In 'n brief, gedateer 19 Februarie 1925, het hy sy standpunt uiteengesit: "Na lange en ernstige oorweging van die aanbod deur die gesamentlike kommissie aan

my gedaan, dat ek as een van die vertalers van die Bybel in Afrikaans moet optree, het ek tot die besluit gekom, om nie die vererende uitnodiging aan te neem nie. Met prof. Du Toit het ek 'n gesprek gehad en hy het die meeste besware wat ek teen die nuwe metode gehad het, weggeruim - daarvoor was ek dankbaar en kan ek nou ook die werk wat tot hiertoe gedaan is, waardeer. Maar die groot beswaar druk hoe langer, hoe meer, d.w.s. hoe meer ek daarvoor nadink, nl. dat ek pas met die werk sal begin het of ek moet dit weer staak. En daarvoor kan ek nie entoesiasme genoeg aankweek om 'n begin te maak nie. Prof. Du Toit meen dat die werk binne vier tot vyf jaar kan klaar wees; my gedagte is dat dit langer sal duur. Ek dink verder dat die verandering van werkmethode nie genoegsaam voor die aandag gekom het nie, sodat die volk voorbereid is op ewentuele koste wat die onderneming sal bedra. Hoe graag ek my dus aan die werk wil wy - dit is met dieper teleurstelling dat ek daarvan afskeid neem - sien ek onder teenwoordige omstandighede geen kans om voort te gaan nie."³ Die Breë kommissie moes noodgedwonge prof. Keet se antwoord aanvaar. In sy plek is prof. E.E. van Rooyen toe as eindvertaler aangestel.

Alhoewel prof. Keet dit begryplikerwys nie as rede in sy brief aanvoer nie, is dit 'n vraag of sy verhouding met prof. Van Rooyen nie in sy besluit 'n rol gespeel het nie. Kollegiaal het hul goed saamgewerk, maar huisvriende sou hulle nooit word nie. As dogmatikus sou hy as eindvertaler korreksies moes aanbring op sy kollega, wat 'n Ou Testamentikus was, se werk. Dit kon net vorentoe die verhouding benadeel.

Dit het nie beteken dat prof. Keet glad nie meer by die vertaling betrokke sou wees nie. So het die vergadering van die gesamentlike kommissie vir Bybelvertaling in Junie 1925 besluit dat die werk van revisie van die Nuwe Testamentiese

³ Afrikaanse Taalmuseum, Paarl: Lêer N366(a); Brief ook aangehaal in Nienaber, P.J.: **Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling**, Kaapstad, 1934, 116.

gedeeltes Romeine tot Titus gedoen sou word deur hom, prof. Du Plessis, prof. Greyvenstein en dr. Gerdener.⁴

In Maart 1926 is 'n vergadering van die vertalers te Bloemfontein gehou. By hierdie geleentheid het prof. Kestell rapporteer dat die Nuwe Testament klaar was, maar nog net nie getik nie. As gevolg van Keet se kundigheid is weereens probeer om hom tot eindvertaling oor te haal. Op voorstel van prof. Kestell is dr. Keet benoem om saam met hom die Nuwe Testament oor te gaan en finaal af te handel.⁵

Hiertoe het Keet ingestem. Dit het beteken dat hy nou, na vele pogings tot oorreding, saam met vier ander 'n eindvertaler was. Die ander persone was drr. J.D. du Toit, J.D. Kestell, H.C.M. Fourie, en E.E. van Rooyen.

Vir die revisiewerk van die vier Evangelies is prof. Kestell aan die einde van 1926 na Stellenbosch. Die twee het hard gewerk. Elke oggend is vanaf nege-uur tot kwart voor een en in die namiddag van drieur tot halfses revisiewerk gedoen.⁶

Die vertalers was haastig om die werk te voltooi. Die feit dat net gedurende vakansies saam gewerk kon word, het hulle gekniehalter. Daarom het ds. Kestell die kuratorium versoek om proff. Keet en Van Rooyen gedurende 1927 ses weke verlof toe te staan, ten einde intensiewe revisiewerk te doen.⁷ Die kuratorium het die verlof toegestaan, op voorwaarde dat hulle 'n skikking sou maak met die ander professore, sodat hulle werk nie skade sou ly nie.⁸

⁴ De Kerkbode 1 Julie 1925, 826.

⁵ Breë kommissie vir Bybelvertaling: Notule, 17 Maart 1926.

⁶ De Kerkbode 15 Desember 1926 869.

⁷ Kuratorium : Notule 30 November 1927.

⁸ Vergadering van Professore: Notule 12 Maart 1928, 265.

10.3. Onrustigheid oor Du Plessis se lering en stellings

Aan die Kweekskool was 'n nuwe storm aan die broei. Prof. Du Plessis het in die gedrang gekom vanweë standpunte wat hy in *Het Zoeklicht* uitgespreek het. Die saak het 'n redelike lang aanloop....Dr. Du Plessis is in 1915 as professor in Stellenbosch aangestel.

Du Plessis as negentiende-eeuer het met die problematiek geloof en rede geworstel. Hy het hierin aansluiting gevind by 'n histories-apologetiese rigting binne die Kweekskool en die Ned. Geref. Kerk. Tydens sy jaar van studie in Skotland en Duitsland is dié benadering opnuut beklemtoon. Hierdie histories-gerigte aanpak, wat in die teken van die negentiende-eeuse Vermittlungsteologie gestaan het, het die oplossing vir die problematiek geloof en rede in die Supranaturalisme gesoek. Dit het die professor in botsing laat kom met 'n dogmatiese en dikwels fundamentalistiese benadering in die teologie, wat veral sedert die aanvang van die twintigste eeu in die Ned. Geref. Kerk nuut georiënteer is en sterk na vore gekom het".⁹

Ten diepste het dit neergekom op 'n verskil in Skrifbeskouing, veral t.o.v. die inspirasieleer, asook m.b.t die christologie.

Wat die Skrif betref, het Du Plessis onderskeid gemaak tussen vorm en inhoud van die Skrif. Die inhoud van die Skrif, nl. die boodskap van verlossing, was geïnspireer, maar die vorm waarin hierdie boodskap gegiet is, het menslike feile bevat.

Wat die Christologie betref, was hy 'n voorstander van die kenosisleer, nl. dat Christus van sy goddelike eienskappe tydens sy menswording afgelê het, insluitende sy alwetendheid. Vir Du Plessis was die aflegging van die goddelike eienskappe nie slegs van akademiese belang nie. Dit was vir hom ook nie alleen 'n poging om die mensheid van Christus tot sy reg te laat kom nie. In hierdie beskouing het hy 'n kragtige middel

⁹ Erasmus, A.E.: *Die bediening van Johannes du Plessis (1868-1935) in die Ned. Geref. Kerk met besondere verwysing na sy teologiese denke*, ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1986, ix en x.

gesien om die gesag van die Skrif apologeties, in die lig van die histories-kritiese ondersoek, te verdedig. So kon hy dan bv. verdedig waarom Jesus uitsprake in Matteus 23:35 en Lukas 4:25 maak wat histories nie juis is nie.¹⁰

Wat die kenosisleer betref, was Du Plessis 'n produk van die Kweekskool van Stellenbosch. Beide die eerste twee professore, J. Murray en N.J. Hofmeyr, was kenotici. Twee van die skrywers van dogmatiekboeke wat aan die Kweekskool voorgeskryf is, nl. Ebrard en Van Oosterzee, was ook kenotici.¹¹

B.B. Keet sou nie dieselfde standpunte as Du Plessis huldig nie. Hy het hom vereenselwig met die standpunte wat hy aan die Vrye Universiteit geleer het.¹² Wat die inspirasieleer betref, het hy geglo in organiese inspirasie, wat die Skrif as 'n eenheid hanteer het.¹³ Wat die aflegging van eienskappe deur Christus betref, het hy geglo dat Christus in sy menslike natuur nie alwetend was nie. Hy het dit egter nie van Christus as Logos gesê nie. So het hy probeer om beide die godheid en die mensheid van Christus tot sy reg te laat kom.¹⁴ Keet het hierdie verskil in siening tussen hom en sy kollega egter nie tot geskilpunte verhef nie. Hy het sy kollega die ruimte gegun om binne die ruimte van die belydenisskrifte teologie te beoefen.

¹⁰ Vgl. hier Du Plessis se getuienis voor die ring, soos geïnterpreteer deur A.S. Erasmus in sy proefskrif: **Die bediening van Johannes du Plessis**, 1986, 324vv.

¹¹ Vgl. Thom, G.: **The development of theology at Stellenbosch from 1859-1919**, Ongepubliseerde proefskrif, Rhodes Universiteit, 1989; 42, 68, 184 en 299.

¹² Vgl. Keet se getuienis voor die ring, Alg. Sinodale Kommissie, 1930, 105 en 106.

¹³ Vanaf September 1926 tot Februarie 1927 het Keet 'n reeks artikels oor die inspirasieleer in **Die Ou Paaie** geskryf.

¹⁴ sien hier Keet se getuienis voor die Ring van Stellenbosch, vervat in sinodale kommissie, Kaapse Kerk: Notule 1930, 105-106.

In 1923 het Du Plessis die maandblad **Het Zoeklicht** begin. In hierdie tydskrif het hy probeer om die teologie apologeties vir die moderne mens aanvaarbaar te maak deur die resultate van die historiese kritiek te verkondig.

Die teenstand teen sy beskouinge het egter toegeneem, sodat in Junie 1926 begin is met 'n ander tydskrif, **Die Ou Paaie**. Die hoofdoel van die blad was om die beskouinge van **Het Zoeklicht** te bestry. Dr. D.R. Snyman van Woodstock was die redakteur. Hy het 'n doktorsgraad in Nuwe Testament van die Southern Baptist Seminary in Louisville, Kentucky ontvang. Vanweë hierdie opleiding wat hy ontvang het, was sy Skrifbeskouing fundamentalisties ingestel. Die totale Skrif was deur God geïnspireer, op so 'n wyse dat daar geen foute in is nie. Die hele Skrif moes aanvaar word net soos dit tot die mens kom.¹⁵ Een van die ywerigste medewerkers van die nuwe blad was dr. E.E.van Rooyen, "ultra-konserwatiewe"¹⁶ kollega van prof. Du Plessis en Keet.

Hiermee is dit dan ook duidelik dat daar in die Kweekskool spanninge tussen die dosente was oor die leer van Du Plessis. Dat Van Rooyen hom teenoor Du Plessis verset het, kan begryp word. Du Plessis het juis in sy standpunte oor die Ou Testament, op die terrein van prof. Van Rooyen se vakgebied beweeg. Prof. Van Rooyen het gevoel dat Du Plessis sy terrein oorskry en sy eie geloofwaardigheid in die gedrang bring.

Prof. Keet het probeer om dit met beide kante goed te hou. Dit sou egter nie moontlik wees om glad nie aan die stryd deel te neem nie. Hy het twee reekse artikels in **Die Ou Paaie** gepubliseer, te wete vyf artikels oor die inspirasie van die Heilige Skrif, tussen September 1926 en Februarie 1927, asook vyf artikels oor die leer van die versoening, tussen Augustus

¹⁵ Vgl. sy getuienis voor die ring, soos geïnterpreteer deur A.S. Erasmus: **Die bediening van Johannes du Plessis**, 331, asook Thom, G.: **The development of theology at Stellenbosch, 1859-1919**, 1989, 329.

¹⁶ Die term "ultra-konserwatief" is die tipering van hom deur Thom, G.: **The development of theology at Stellenbosch 1859-1919**, ongepubliseerde proefskrif, Rhodes Universiteit, 328.

1927 en April 1928.¹⁷ Ook die sluitingsrede van dr. Keet aan die einde van 1928 verskyn in *Die Ou Paaie*.¹⁸ Aanvanklik het prof. Keet nie in *Het Zoeklicht* gepubliseer nie. Later sou die situasie verander. Sy sluitingsrede van 1932 oor "Die Christendom en oorlog" is daarin opgeneem. Na Du Plessis se dood was hy ook vir 'n tydjie redakteur van die blad.

In 1926 het twee ringe, nl. dié van Britstown en Colesberg hulle uitgespreek teen die standpunte van *Het Zoeklicht*. Dit het daartoe gelei dat die kuratore van die Kweekskool 'n afvaardiging na hom gestuur het om hom tot versigtigheid te maan.¹⁹ 'n Hele aantal onderhoude tussen die kuratorium en prof. Du Plessis het toe plaasgevind.²⁰

Prof. Keet se kollega, prof. J. du Plessis, het nie die persoonlikheid van Keet gehad nie. Toe hy sien dat sy oortuiginge in die Kerk in die gedrang kom, het hy voortgegaan om sy standpunte met mening te bevorder.

Hierdie woelinge rondom die Skrifbeskouing van prof. Du Plessis sou 'n bepalende invloed op prof. Bennie Keet se lewe hê. Dit sou hom dwing om seker te maak wat sy eie standpunte was. Hy sou moes bepaal wat sy bydrae hierin gaan wees. Die wyse waarop hy probeer het om hom nie by hierdie geskil te laat betrek nie, het aan hom aansien verleen. Algaande het hy dan ook in die geledere van die Universiteit as teoloog uitgestyg.

10.4 Lid van die Universiteitsraad en Universiteitsenaat

Aan die einde van 1927 is prof. B.B. Keet deur die donateurs van die universiteit, as opvolger van wyle ds. D.S. Botha,

¹⁷ *Die Ou Paaie* sept 1926, 94; Okt 1926, 100; Nov. 1926, 123; Des. 1926, 154; Jan. 1927, 175; en Feb. 1927, 203, asook Aug. 1927, 32; Okt 1932, 68; Des 1927, 92; Feb 1928, 136 en April 1928, 181.

¹⁸ Desember 1928, 260.

¹⁹ Kuratorium: Notule 24 November 1926, 204.

²⁰ Dies., 30 November 1927, 207ev.

tot lid van die Universiteitsraad benoem.²¹ Die Universiteitsraad, op sy beurt, het prof. Keet benoem as verteenwoordiger²² op die senaat.²³ Dit kon hulle doen, aangesien hy deelyds aan die Fakulteit van Teologie van die Universiteit gedoseer het.²⁴ Verder is hy ook in ds. Botha se plek gekies om te dien op die vise-kanselierskomitee. Hierby het ook gekom lidmaatskap van die koshuiskomitee, en later die eregrade-komitee. Hierdie benoeming sou 'n bepalende invloed op die res van prof. Keet se lewe hê. Eerstens sou dit vir hom baie groot eer beteken en postuur gee aan sy openbare beeld. Verder sou dit hom ook betrokke maak by die hartklop van die Universiteit van Stellenbosch, die pottebakkerswiel van jong Afrikanerleiers.

Hoe dit gekom het dat prof. Keet vir die posisie van lid van die Universiteitsraad benoem is, is onduidelik. Dit kan egter aangeneem word dat sy betrokkenheid by die Bybelvertaling in Afrikaans, asook sy voorsitterskap van die CSV hier 'n groot rol gespeel het. Die invloed van prof. Moorrees en sy buurmanvriend, prof. E.T. Stegmann, het seker ook meegespeel.

Hierdie taak sou vir meer as dertig jaar baie van prof. Keet se tyd en energie opneem. Die universiteitsraad alleen sou ses maal per jaar vergader. Voor elke vergadering van die universiteitsraad het die senaat en al die komitees waarop Keet gedien het, ten minste een keer vergader.²⁵

²¹ Universiteitsraad: Notule, 3 Des. 1927, 116.

²² Vanaf 1918 het, benewens die professore van die Universiteit, die vise-kanselier en twee addisionele lede van die Universiteitsraad sitting in die senaat verkry. Prof. Keet het vanaf 1928-1966 in die hoedanigheid gedien. (volgens: Thom, H.B. : **Stellenbosch 1866- 1966**, Kaapstad, 1966, 222).

²³ Universiteitsraad: Notule, 3 Des 1927, dl.iv 116.

²⁴ In die 1922-jaarboek van die Universiteit word die lede van die Fakulteit vir die eerste keer genoem, t.w. proff. A. Moorrees(dekaan), E.E. van Rooyen, J. du Plessis, B.B. Keet (al vier van die Kweekskool), proff. N.J. Brummer en R.W. Willcocks (Filosofie) en proff. J. Basson en C.S. Edgar (Grieks).

²⁵ Universiteitsraad: Notule, 18 Augustus 1928, 171.

Dit sou hom die voorreg gee om met van die bekendste Afrikaners in Suid-Afrika saam te werk. Die lede van die Universiteitsraad van 1929 was bv. prof. A. Moorrees, prof. G.C. Cillié, mnr. J.P. de Wet, mnr. A.F. Markotter, dr. J.H. Neethling, prof. E.C. Pienaar, mnr. P.O. Sauer, sy buurman prof. E.T. Stegman, prof. P.A. van Zijl en ook regter H.S. van Zyl.²⁶

As lid van die vise-kanselierskomitee sou hy ten nouste betrokke wees by die benoeming van lektore. Op sy heel eerste vergadering as lid van die Universiteitsraad neem hy deel aan die besluit om dr. H. F. Verwoerd, wat later Eerste Minister sou word, as professor in Sielkunde en Psigotegniek aan te stel.²⁷ Ook die bekragtiging van die eksamenuitslae namens die raad het deel van die taak van die vise-kanselierskomitee uitgemaak.²⁸

In die Senaat was dit net so 'n formidabele span waarmee hy sou saamwerk. Dit blyk duidelik uit die aanwesiges, wanneer hy en prof. H.F. Verwoerd, op 9 Maart 1928 as nuwe lede verwelkom word. Die ander lede was proff. Basson, Battaerd, Brummer, Cillié, De Villiers, Du Toit, Edgar, Grosskopf, Mackenzie, I.de V. Malherbe, W.E. Malherbe, Morrison, Neethlingh, Nel, Pauw, Pienaar, Serton, Shand, Stegmann, Strassheim, Van Braam, Van der Byl, Van der Riet, Van Niekerk, en Wilcocks.²⁹

Beoordeling

In hierdie hoofstuk kom dit baie duidelik na vore dat prof. Keet iemand was vir wie menseverhoudinge belangrik was. Die boek wat prof. Keet help skryf het as huldeblyk aan sy vriend

²⁶ Dies., 20 April 1929, 241.

²⁷ Dies., 3 Desember 1927, 123.

²⁸ Dies., 25 Februarie 1928, 126.

²⁹ Universiteitsenaat: Notule 9 Maart 1928, 191.

Tobie, lewer bewys daarvan. Die dood van hierdie geliefde vriend van hom, het hy nie ligtelik verwerk nie.

Getrou aan homself het prof. Keet dit goed probeer hou met beide kante van die leergeskil. Die vraag kan gevra word of hy nie sterker standpunt moes ingeneem het nie.

Wanneer hy moet besluit oor die eindvertalerskap, is die koste wat dit van die kerklike publiek sou vra, vir hom belangrik. Hy wou nie hul onguns op die vertalers haal nie. Die ander rede vir sy traagheid om aan die eindvertaling volgens die nuwe metode mee te werk, was dat hy nie kans gesien het om net daarmee te begin om dit dan weer te moes los nie.

Prof. Keet se uiteindelijke instemming tot eindvertalerskap, na vele besware, sou die res van sy lewe beïnvloed. Later jare sou dit die vernaamste saak wees waarvoor hy gehuldig sou word. Min weet egter hoe baie oortuigingswerk nodig was om hom daartoe te beweeg.

Die keuse van prof. Keet tot lid van die universiteitsraad, bo sy twee kollegas Van Rooyen en Du Plessis, dui daarop dat hy groter legitimiteit as hulle by die breë gemeenskap gehad het. Hiervoor het sy betrokkenheid by die Bybelvertaling en die CSV, asook sy onpartydigheid in die geskil aan die Kweekskool, gesorg.

HOOFSTUK 11: 'N VERSOENINGSROL IN "DIE DU PLESSISSAAK" (1928-1930)

Hierdie hoofstuk dek die tydperk vanaf omtrent begin 1928 tot begin 1930. Die datums is gekies, omdat twee dinge aan die begin van 1928 gebeur het wat prof. Bennie Keet se lewe in 'n nuwe fase geplaas het, nl. sy aansluiting by die Universiteitsraad en senaat, asook die kuratorium se indiening van 'n klag teen prof. Du Plessis by die ring. Die hoofstuk eindig Februarie 1930, wanneer die sinode prof. Keet diep teleurstel deur prof. Du Plessis skuldig te vind.

In hierdie hoofstuk word nagegaan hoe prof. Keet reageer het op die druk om kant te kies vir of teen prof. Du Plessis. Het hy 'n inset in die Du Plessissaak probeer lewer, of het hy probeer om nie betrokke te raak nie? Kon hy dit regkry om aan beide kante te bly vashou? Waarom was daar by die publiek onduidelikheid oor sy standpunt, terwyl hy dit tog, soos uit die res van sy lewe blyk, as sy lewensroeping aanvaar het om as 'wëgwysër in die kerk op te tree? Hoe sou die kerklike publiek sy uitgangspunt tydens die geskil interpreteer? In watter rigting het Keet gedink het die oplossing vir die geskil gelê? Waarom het hy die teologie van Karl Barth as tema van die sluitingsrede in 1928 gekies? Is die bewering dat hy 'n Du Plessis-man was, waar? Ook moet die vraag beantwoord word of Keet nie gekies het om die vrede te bewaar, ten koste van die waarheid nie? Waarom wou hy die saak terugbring het na 'n broederlike gesprek? Waarom wou hy hê dat die saak eers na 'n gesamentlike kommissie van die gefedereerde kerke verwys moes word? Verder wil die hoofstuk ook nagaan hoe die leergeskil die ander sake waarby Keet betrokke was, geraak het.

Sy optrede as voorsitter van 'n kommissie oor tweetaligheid kry ook aandag. Was hy enigsens antipaties t.o.v. Engels?

11.1. 'n Bewuswording van die suiwer leer in die CSV

Alhoewel dit vir prof. Keet 'n groot eer was om voorsitter van die CSV te wees, het dit ook menigvuldige verantwoordelikhede meegebring. Uit hoofde van sy amp was hy voorsitter van die Uitvoerende Komitee. Daar was die gereelde hoofbestuurvergaderings wat bygewoon moes word, die konferensies en somer talle ander bekommernisse. Tog sou sy voorsitterskap hom geleenthede en ondervindinge bied, wat andersins by hom sou verbygegaan het.

'n Belangrike besluit wat in hierdie tyd hom aan die CSV-hoofbestuur opgedring het, was die vereniging se verhouding teenoor die Oxfordbeweging. Dit kan aangeneem word dat die bewuswording van leerstellige verantwoording, as gevolg van die Du Plessisgeskil, grootliks hiervoor verantwoordelik was. Die Oxfordbeweging se werkswyse was metodisties van aard. Sommige van die teenstanders van Du Plessis sou vanweë die nou verhouding tussen die twee organisasies negatief teen die CSV staan. Vir hulle was die CSV metodisties en het die vereniging ook die plaaslike gemeente nie genoegsaam in ag geneem nie. Die gevoel was ook sterk dat die CSV liever "spesifiek Calvinisties, of Gereformeerd konfessioneel" moes wees.¹ Hulle sou dan ook nie baie tevrede wees met prof. Keet se betrokkenheid daarby nie.

Aanvanklik is in die CSV met groot dankbaarheid van die invloed van die Oxfordbeweging kennis geneem. Daar is besluit om "die geestelike kragte wat aldus tot ons beskikking gestel word te gebruik, en met die beweging saam te werk tot heil van die studerende jeug."²

Op 'n hoofbestuursvergadering gedurende Desember 1929 is die werk en metodes van die Oxfordbeweging egter bevraagteken. Ds. T. Kotze het gemeld dat die groep goeie werk doen, maar tog gewys op sekere elemente in hulle rigting wat by oordrywing

¹ sien bv. die standpunt van die Federasie van Calvinistiese studenteverenigings, soos dit in 1935 verwoord sou word in **Koers in die krisis**, Stellenbosch, 1935, 386.

² CSV hoofbestuursvergadering: Notule, 17 en 18 Desember 1929, 302.

tot gevare kon lei. Treffend was die woorde van mnr. O. Bull, wat met groot nadruk gewys het dat die CSV natuurlik moet wees in die verspreiding van sy boodskap. " Let us be natural, until we are divine. Touch them at so many human points as possible, and never be too professional", het hy gesê.³ Watter standpunt prof. Keet teenoor dié beweging ingeneem het, is nie uit die bronne duidelik nie.

Twee jaar later sou die saak weer op die agenda wees. Hierdie keer is nie so maklik van die saak afgestap nie. Die besluit sou val dat die Uitvoerende Bestuur, tesame met die twee studentepredikante en die reisende sekretarisse ondersoek instel in hoeverre die Oxford Group-beweging die CSV beïnvloed het.⁴

Ook in sy Universiteitsraadswerksaamhede sou prof. Keet nie verwyder wees van die spanninge van die leergeskil aan die Kweekskool nie. As die vise-kanselierskomitee gevra word om 'n aanbeveling te maak oor die benoeming van prof. J. du Plessis as tydelike lektor in Hebreeus vir die jaar 1929, het Keet en prof. Moorrees dit sekerlik gesteun.⁵ Hierdie pos, teen die bedrag van 300 pond per jaar, sou vir prof. Du Plessis sekerlik genoegdoening verskaf het. Prof. Du Plessis sou elke jaar tot met sy dood vir hierdie pos herbeneem word.⁶ Na sy dood in 1935 sou prof. Keet hierdie pos by hom oorneem.⁷

11.2 Konvenor van 'n kommissie oor tweetaligheid op die Stellenbosse universiteitskampus

In 1929 is prof. Bennie Keet aangewys as konvenor van 'n spesiale kommissie van die Universiteitsraad, wat moes

³ Dies., 302.

⁴ Dies.,

⁵ Rapport van vise-kanselierskomitee in Universiteitsraad: Notule, 20 Oktober 1928, 189.

⁶ Universiteitsraad: Notule, 15 Desember 1934, 115.

⁷ Dies., 16 Februarie 1935, 145.

ondersoek doen na die tweetaligheid van studente op die kampus.⁸ Die komitee het tot die slotsom gekom dat dit in belang van die studente, die Universiteit en die land was dat studente goed tweetalig moes wees. Hulle het toe aanbeveel dat 'n dosent aangestel word wat 'n verpligte kursus in tweetaligheid vir die studente moes aanbied. Die senaat het egter nie sy weg oopgesien om die beginsel van verpligting te aanvaar nie.⁹ 'n Senior lektor is aangestel om die nie-verpligte kursus aan te bied.¹⁰

Die feit dat onder Keet se leiding in die komitee gekies is vir die opsie van 'n verpligte kursus in tweetaligheid gee moontlik blyke van groei in prof. Keet se standpunt oor taal sedert die einde van sy studentedae. Waar hy hom in 1914 bevind het in die kring van manne wat Afrikaans wou bevorder, is nou onder sy leiding aanbeveel dat dit vir die Afrikanerjeug nodig was om ook die internasionale taal, Engels, magtig te wees.

11.3. 'n Voorlopige uitgawe van die Evangelies en Psalms

Intussen het Keet en die ander vertalers voortgegaan met die Bybelvertaling.¹¹ Op die sinodevergadering van 1928 kon die kommissie vir Bybelvertaling vir die Kaapse Kerk bekend maak dat die vertalers klaar was met die hele Bybel en dat hulle op daardie stadium besig was met die revisiewerk.¹² Die sinode was baie bly oor die vordering en het die Kuratorium versoek om te probeer om proff. Keet en Van Rooyen nog meer vrye tyd

⁸ Dies., 20 April 1929, 241.

⁹ Universiteitsenaat: Notule, 13 September 1929, 130.

¹⁰ Dies., 18 Oktober 1929, 156.

¹¹ Die werk aan die Bybelvertaling word bespreek in: Nienaber, P.J.: **Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, 1934**; asook Oberholster, J.A.S.: **Die Bybel in Afrikaans, Kaapstad, 1958.**

¹² Kaapse kerk: Handeling van die sinode, 1928, 116, Staatsargief, S1/1/33.

te gee, ten einde die verskyning van die Bybel in die volkstaal te bespoedig.¹³

Die Kuratorium het dan ook besluit om gedurende die daaropvolgende jaar beide professore vry te stel vir 'n tydperk van drie maande, wat geneem kon word op 'n tyd wanneer dit vir hulle die gerieflikste was.¹⁴

Om die kerklike publiek voor te berei vir die koms van die vertaling van die Bybel in die volkstaal, is besluit tot 'n voorlopige uitgawe van die Evangelies en die Psalms. Die bedoeling kon moontlik gewees het om die ongunstige indruk wat deur die proefuitgawe van vyf jaar tevore geskep was, weg te neem, voordat die hele Bybel beskikbaar sou wees. Die uitgawe het in Junie 1929 verskyn. Hierdie uitgawe is baie gunstig ontvang. Gedurende die eerste veertien dae sedert die aankoms van die boeke in Kaapstad is daar uit die Kaapstadse depot alleen vyfduisend eksemplare verkoop.¹⁵

11.4. Die Kuratorium se klagskrif i.v.m. die leer van prof. J. du Plessis

In die Ned. Geref. Kerk het die besware teen Du Plessis in so 'n mate toegeneem dat 'n klagskrif op 26 Maart 1928 deur die kuratorium by die ring van Stellenbosch ingedien is.¹⁶ Die ringskommissie het egter bevind dat daar nie genoegsame rede vir die opstel van 'n akte van beskuldiging teen prof. Du

¹³ Kuratorium: Notule 28 November 1928, 231 vv., Staatsargief, S20/1/1.

¹⁴ Kuratorium: Notule 28 November 1928, 231vv. Staatsargief S20/1/1. Dit is dieselfde vergadering wat net na die 1928 sinode kennis neem van die sinodebesluit dat die ring van Stellenbosch die Du Plessissaak in behandeling moet neem en ook waar die kuratorium 'n subkommissie aanstel om Du Plessis te vra om vrywillig te bedank.

¹⁵ Volgens **Die Kerkbode** van 26 Junie 1929 is dit 'n rekord vir enige boek in Suid-Afrika.

¹⁶ Kuratorium: Notule, 7 Maart 1928, 212, Staatsargief, S20/1/1.

Plessis was nie. Die ring het hierdie bevinding in Augustus bekragtig.¹⁷

Die Kuratorium was nie hiermee tevrede nie en het met 7 teen 2 stemme besluit om na die sinode te appelleer.¹⁸ Die Sinode was reeds vir 18 Oktober 1928 opgeroep.

Kort nadat hierdie besluit bekend geword het, is daar in *De Kerkbode* gedebatteer of die kerkwet voorsiening gemaak het vir 'n beroep op die sinode in 'n geval waar die ring geweier het om 'n akte van beskuldiging op te stel.¹⁹ B.B. Keet het ook aan die polemieek deelgeneem. Hy het gemeen dat daar nog geen verhoor en dus nog geen vryspraak van prof. Du Plessis was nie. Daarom kon daar nie geappelleer word nie.²⁰ Later sou die hof hom hierin gelyk gee.

Die sinode het egter nie sy oordeel gedeel nie en die ringskommissie opdrag gegee om wel 'n akte van beskuldiging op te stel, sodat die ring dit in behandeling kon neem.²¹ By hierdie sinode is sekere leerbesluite geneem, wat die standpunt van Du Plessis sou prejudiseer.²² Die kuratorium het net na die sinodesitting, op 28 November 1928, vergader. Hulle het dit hul plig geag om 'n kommissie aan te stel wat prof. Du Plessis moes probeer oortuig van die wenslikheid daarvan om vrywillig te bedank. Hulle het gereken dat hy sodoende self die verdere onaangenaamheid sou vermy.²³

¹⁷ Ring van Stellenbosch: Notule, 14 Augustus 1928, 195-200, R22(b)1.

¹⁸ Kuratorium: Notule 7 September 1928, 223 vv., Staatsargief, S20/1/1.

¹⁹ *De Kerkbode*, 7 September 1928 tot 18 Oktober 1928, 436-439, 512-514, 547-550 en 577-579.

²⁰ *De Kerkbode* 26 September 1928, 470.

²¹ Handeling van die Sinode, Oktober 1928, 264 en 265, Staatsargief, S1/1/33.

²² Dies., 255.

²³ Kuratorium: Notule 28 November 1928, 227 vv., Staatsargief, S20/1/1.

11.5. Die sluitingsrede van 1928

Aan die einde van 1928 was dit weer prof. Keet se beurt om die sluitingsrede by die Kweekskool te hou. Die dosent in Dogmatiek het duidelik getoon dat hy met sy vinger op die kerk se pols was toe hy die saak van Skrifbeskouing aan die orde gestel het.²⁴

Hy het die geleentheid gebruik om die teologiese herlewing in Duitsland in oënskou te neem en die Duitse teoloog Karl Barth in Suid-Afrika bekend te stel. Dit kan aangeneem word dat hy hiermee rigting wou gee aan die debat wat rondom die skrifbeskouing van prof. Du Plessis ontwikkel het.

Karl Barth was 'n tydgenoot van Keet, sowat elf maande jonger as Keet. Net soos Keet het hy ook uit 'n patoriegesin gekom. Na die voltooiing van sy studie te Bern, Berlyn, Tübingen en Marburg in 1909, het hy hulpleraar in Genève geword. Vanaf 1911 het hy sy eerste gemeente, Safenwill, bedien. In die tyd het hy kennis gemaak met die bekende teoloog, Eduard Thurneysen. Hulle het lewenslange vriende geword.

In 1919 het sy boek *Der Römerbrief* verskyn, wat hom ineens beroemd sou maak. Met hierdie boek het Barth 'n debat aan die gang gesit wat hy vir 'n halwe eeu en meer sou stimuleer. Protestante en Rooms-Katolieke teoloë sou daaraan deelneem. Om Barth het 'n skool van teoloë in 'n werkgemeenskap saamgekom. Hulle het bekend geraak as voorstanders van die Dialektiese Teologie. Naas Barth en Thurneysen was die bekendes Fr. Gogarten, G. Merz, Emil Brunner en Rudolf Bultmann.

Die dialektiese teologie was gekenmerk veral deur sy antitese met die subjektivistiese teologie van die negentiende eeu. Barth het gesê dat daar in die natuurlike mens geen aanknopingspunt vir die evangelie bestaan het nie. As 'n mens sou praat van enige aanknopingspunt, dan sou jy die absolute verloreheid van die mens relativeer. Met felheid het hy hom

²⁴ Die Ou Paaie, Desember 1928, 260-272.

teen die idee van 'n algemene openbaring en 'n natuurlike teologie verset.

God was vir Barth die totaal anderse. Die enigste kennis wat die mens daarom van God kon hê, was die kennis van die Drie-enige God wat homself in Christus en deur die Heilige Gees openbaar. Alle ander kennis van God was valse kennis. Menslike religieusiteit was vlug vir God en het geen aanknopingspunt vir ware geloof gevorm nie.

Die Gereformeerde wêreld het nie geweet wat om met die teologie van Barth te maak nie. Meningsverskil in Nederland daaroor was groot. Vir sommige Nederlandse teoloë was daar net een ding wat erger was as ongereformeerde. Dit was om enige simpatie met die beskouinge van Karl Barth te toon. In die dertigerjare sou dit tot groot onmin lei, veral ten tyde van die Calvyn-herdenking van 1935.

Wat sou Keet se houding t.o.v. Barth wees? Sou hy die dogmatiek van Bavinck vir dié van Barth prysgee?

Gedagtig aan prof. Bennie Keet se persoonlikheid, dat hy nie 'n skeurmaker was nie, maar 'n beredeneerde denker, kon 'n mens verwag dat hy Barth versigtig sou hanteer, dat hy 'n ware beeld van Barth sou gee en dat hy die goeie uit sy teologie sou neem en daarop sou bou. In hierdie verwagting het hy nie teleur gestel nie.

Prof. Keet het begin deur eers die teologiese situasie in Duitsland te skets. Hy het verklaar dat die teologiese toestand in die destydse Duitsland in een woord beskryf kon word as 'n konsekwente toepassing van die modernisme op elke gebied van die teologie. Daarmee het hy bedoel dat die uitgangspunt was dat die teologie net soos elke ander wetenskap op die algemene veronderstelling van die menslike denke moes rus. Die teologiese fakulteite aan die meeste universiteite was dan ook niks anders as onderafdelings van die filosofiese fakulteite nie.

Wanneer prof. Keet dan die oorsprong vir hierdie toestand gaan soek, gebruik hy die geleentheid om Barth binne die raamwerk

van teologiese strominge te plaas. Hy het gesê dat hierdie toestand sy ontstaan te danke gehad het, ten eerste aan die heerskappy van 'n starre, dooie ortodoksie in die Lutherse kerk van die 17e eeu. Daarop het die Rasionalisme van die 18e eeu gereageer en 'n nog oppervlakkiger, armoediger geestesgesteldheid bewerk, wat die godsdiens nagenoeg volkome uit die samelewing verban het. Van kerklike kant het daar verweer gekom, maar ongelukkig is die vyand op sy eie terrein ontmoet. Rasionalistiese bedenkinge is met rasionalistiese antwoorde begroet. Die historiese supranaturalisme, wat in die grond ook rasionalisties was, het opgekom met sy 'bewyse' vir die bestaan van God. So, het Keet beweer, is die duiwel met Beëlsebul beveg. Want naas die dwaasheid om God se bestaan te ontken, was die grootste dwaasheid om God te wou probeer bewys. Die wysgeer Kant het dan ook met sy vernietigende kritiek 'n teologiese omgang met die rasionalisme in al sy vorme onder verdenking gestel. 'n Ander weg moes gesoek word. Schleiermacher sou die weg aanwys. In plaas van om egter die Christelike godsdiens in sy absolute eiesoortigheid en alleenwaarheid te handhaaf, het hy die godsdiens op die mens se gevoel gebaseer. So het hy die godsdiens probeer losmaak van die mens se verstand. So het hy 'n einde probeer maak aan die stryd tussen wetenskap en godsdiens. Volgens Schleiermacher kon daar nie 'n konflik tussen godsdiens en wetenskap bestaan nie, want hulle het twee aparte terreine beslaan. Godsdiens was nie 'n saak van die leer nie, maar van lewe, nie 'n saak van openbaring nie, maar van ervaring, waarby die vraag na objektiewe waarheid nie ter sake was nie. So het Schleiermacher die vader van die moderne teologie geword. Godsdiens is as waar belewe en wat ervaar is, was waar. Hierdie moderne teologie se beskouing was dat die Skrif die ontwikkeling van die teologie in sy hoogste vorm aangeteken het. In die Skrif is die voorbeeld van religieuse persoonlikhede gebied wat die kragtigste getuienis gelewer het vir die godsdienstige lewe. Inspirasie het nie te make met die inhoud van die geskrifte nie, maar is te vinde in die Bybelfigure as godsdienstige mense. Aangesien die Christendom volgens ervaring die hoogste vorm van ontwikkeling van godsdiens was, was die moontlikheid ook nie uitgesluit dat die

Christendom deur 'n volgende stadium in die ontwikkeling oortref sou word nie.

Prof. Keet het daarop gewys dat Barth teen hierdie agtergrond opgetree het. Wat Schleiermacher nie gedoen het nie, wou hy doen. Hy wou waaragtig erns maak met die Christelike godsdiens in sy eiesoortigheid en alleen-waarheid, asook met die openbaring van God van Homself in sy Woord.

Van die mens af na God, was daar vir Barth geen weg nie; daar was alleen 'n weg van God na die mens. Wat deur menslike nadenke oor God bereik kon word, sê hy, was nie God self nie, maar 'n vergrote mens, 'n verheerlikte mens-god. Die mens kan God dus nie uit homself ken nie, alleen maar uit die objektiewe woorde wat deur God gespreek is. Hierdie kennis wat God van Homself aan die mens bekend gemaak het, was paradoksaal, aangesien dit die onbegryplikheid van God net al hoe meer aan die mens bekend maak.

So het die dogmatikus van Stellenbosch Barth se standpunte weergegee. As 'n mens in die lesing probeer soek wat prof. Keet se eie standpunt oor Barth was, dan is dit nie sondermeer duidelik nie. Hy het dan ook self in sy lesing gesê: "Ek laat hom in hoofsaak self aan die woord en probeer nie om 'n beoordeling van sy standpunt te gee nie, eerstens omdat dit te vroeg is om nou reeds daarvoor uitspraak te doen, en tweedens omdat sy paradoksale spreekwyse maklik aanleiding gee tot misverstand, waarvan een en ander uitspraak wat my onder oë gekom het, reeds duidelik bewys lewer."

Die redakteur van **Die Ou Paaie** het in die Desember-uitgawe die rede van Keet verwelkom en gepubliseer. Die beoordeling wat Keet nie wou uitspreek nie, het hy sommer gedoen. Hy het Karl Barth gesien as die een wat die Duitse volk teruggeroep het na die gesag van Gods Woord. Vir hom is dit ook meer as duidelik dat Barth hom sterk op die voetspoor van Calvyn beweeg het.

Het Zoeklicht het nie dieselfde positiewe gesindheid teenoor die rede geopenbaar nie. Dit het die rede sonder meer laat verbygaan en gekies om eerder die standpunt van prof. J.J. van

Oosterzee oor die Skrifbeskouing in 'n artikel in die November 1928-uitgawe te beklemtoon.²⁵

11.6. Die Christelik-nasionale Bond van Calviniste in Suid-Afrika

Intussen het die gevoel in die geleedere van die Gereformeerde Kerk ontstaan dat iets gedoen moes word t.o.v. Du Plessis en sy medestanders se "afwyking van die gereformeerde spoor". In 1928 het die gedagte posgevat om 'n Calvinistiese kongres o.l.v. manne uit verskillende kerkgroepe in Suid-Afrika te hou. Die doel was dat daaruit "gebore kan word 'n beter waardering van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing".²⁶ Op die vergadering van die Reëlingskommissie is die voorlopige program vasgestel. Onder andere is gedink daaraan om óf prof. Keet óf prof. Van Rooyen, wat nie een teenwoordig was nie, te vra om te praat oor: "Ons nasionale afwyking van die Calvinistiese spoor".²⁷ Uiteindelik is die konferensie op 3 en 4 Julie 1929 gehou. Die onderwerp is nie deur een van die twee persone behandel nie, maar deur dr. S.H. Rossouw.

Op die kongres is besluit om die Christelik-nasionale Bond vir Calviniste in Suid-Afrika te stig. Die doel was dieselfde as dié van die kongres, nl. om die Calvinistiese wêreldbeskouing in Suid-Afrika te bevorder.²⁸ Op die voorlopige bestuur het die name voorgekom van verskeie van die persone wat in sy studentedae saam met Keet gestry het vir die Afrikanerkultuur, asook van diegene wat met hom meegewerk het in die Afrikaanse Bybelvertaling. So was daar onder andere drr. N.J. van der

²⁵ *Het Zoeklicht*, November 1928, 323-337.

²⁶ *Die Kerkblad*, 7 Februarie 1928.

²⁷ *Die Stigting van die Christelik-nasionale Bond van Calviniste*, 11.

²⁸ *Dies.*, 23.

Merwe, J.D. Kestell, H.C.M. Fourie, J.D. du Toit en G.B.A. Gerdener. Ook dr. E.E. van Rooyen en ds. P.G.J. Meiring was onder die agtien name.²⁹

Alhoewel prof. Keet die Calvinistiese lewensbeskouing van harte ondersteun het, het hy nie kans gesien om hom midde-in die Du Plessistryd te laat kategoriseer nie. Daarom het hy nie aan die aktiwiteite van die Bond deelgeneem nie.

Die voorbehoud wat in hierdie kringe geleef het teenoor die CSV sou dit ook vir prof. Keet moeilik gemaak het om te nou met hul te assosieer.³⁰

11.7. 'n Akte van beskuldiging deur die Ringskommissie

Om uitvoering aan die opdrag van die sinode te gee dat 'n akte van beskuldiging opgestel moes word, het die Ringskommissie van Stellenbosch op 15 Maart 1929 'n vergadering met die klaers en die beklaagde in die Hugenote-Gedenksaal, Kaapstad, belê. Professore Moorrees, Van Rooyen en Keet was as assessore teenwoordig. Die Ringskommissie wou nog op hierdie laat stadium probeer om die saak in der minne te skik, maar die Kuratorium het nie daarvoor kans gesien nie en die Ringskommissie versoek om die sinodale opdrag uit te voer.³¹

In hierdie stadium was prof. Du Plessis nog voorsitter van die Kerkbode-kommissie van die Raad van Kerke. Die ander lede van die kommissie was G.J. Hugo, F.X. Roome, H.J. Pienaar, G. Cillié, P. Nel, P.S. van Heerden, primarii en D.G. Malan en B.B. Keet, secundi.³² Op een of twee na was almal "minderheidsmanne". Op die Raad van Kerke se vergadering in

²⁹ Dies., 24.

³⁰ sien bv. **Koers in Krisis**, 386, waar as voorwaarde vir samewerking tussen die CSV en die Federasie vir Calvinistiese Studenteverenigings in SA gestel word dat die CSV "spesifiek Calvinisties of Geref. Konfessioneel" moes wees.

³¹ Kuratorium: Notule 15 Maart 1929, 235vv., Staatsargief, S20/1/1.

³² **De Kerkbode** 26 Maart 1929, 17.

Maart 1929 het die gety egter teen prof. Du Plessis gedraai. Wanneer die nuwe kommissie vir *De Kerkbode* verkies word, word prof. Du Plessis as voorsitter vervang deur prof. B.B. Keet.³³ Omdat hy geen partyman was nie, was hy aanvaarbaar vir die partye wat besig was om teen mekaar op te tree. Van sy kant sou hy poog om die verdeling in die Kerk nie te vergroot nie.

Toe die ringskommissie op 29 en 30 Julie 1929 weer bymekaargekom het om die akte van beskuldiging finaal op te stel, was proff. Keet en Moorrees weer op uitnodiging teenwoordig.³⁴

11.8 Die ringsitting

Op 11 September 1929 het die ring toe in die nuwe kerkgebou van Stellenbosch bymekaar gekom om die akte van beskuldiging teen prof. Du Plessis in behandeling te neem. Die verhoor het 15 sittingsdae lank geduur.

Waar die aanklag herhaaldelik deur die kuratore gemaak is dat daar aan die Kweekskool uit twee monde geleer is en Du Plessis sowel as die kuratore hulle op prof. Keet beroep het, het die Ring besluit om die drie ander hoogleraars self te ondervra. Die kuratore het dit so aanvaar. Du Plessis het dit verwelkom³⁵.

In die ondersoek het dit veral oor twee vrae gehandel: Wat was prof. Du Plessis se standpunt oor die inspirasie van die Skrif, asook wat sy standpunt was oor die goddelike en menslike eienskappe van Jesus. Die kuratorium het probeer aantoon dat prof. Du Plessis op religieus-etiese standpunt gestaan het t.o.v. die inspirasieleer en dat hy die moderne kenosisleer aangehang het t.o.v. die eienskappe van Christus

³³ Raad van Kerke: Notule, 18 Maart 1929, 472.

³⁴ Ringskommissie: Notule 29 en 30 Julie 1929, 29vv R22(c)/1.

³⁵ Ring van Stellenbosch: Notule, 17 September 1929, 222 e.v.R22(b); Die Burger 18 September 1929.

Soos te verwag, het Van Rooyen sy afwysing van sy kollega se standpunt hoorbaar te kenne gegee. Op die "sielsdeursoekende" vraag na sy inspirasiebeskouing het hy volgehou dat die beklaagde op religieus-etiese standpunt staan. Met Bavinck het hy hierdie standpunt as in stryd met die konfessie afgewys.³⁶

Wat Keet en Moorrees betref, was die aksent anders. Nie sonder rede nie het Du Plessis aan Willie Murray geskrywe dat Keet en Moorrees "hul tamelik duidelik aan my kant verklaar het".³⁷

In sy getuienis voor die ring het prof. Keet beklemtoon dat aanvaar moes word dat "ons nog nie 'n leer van inspirasie het, wat in die Belydenisskrifte staan nie, maar die feit wel."³⁸ Vir hom was dit baie duidelik dat prof. Du Plessis nie op die religieus-etiese standpunt gestaan het nie. Die religieus-etiese standpunt het daarvan uitgegaan dat die geskiedenis niks met die openbaring te make gehad het nie. Daarteenoor het prof. Du Plessis die geskiedenis gesien as die draer van die openbaring.

Prof. Keet self was 'n voorstander van die organiese inspirasieteorie, nl. dat die Here God sy Woord aan die wêreld gegee het deur mense en dat Hy nie daardie mense in hul werksaamheid vernietig het nie, maar dat hy hulle persoonlikheid en werksaamhede geheilig het.³⁹

Prof. Du Plessis het sy standpunt soos volg uiteengesit: Hy het verklaar dat die feit van inspirasie die hele Bybel dek. Tog wou hy ook die feite wat hy in die Bybel gesien het, in aanmerking neem. Aangesien daar geen formele definisie van inspirasie bestaan het nie, was dit, volgens hom, die plig van diegene wat van hom verskil, nie om hom aan te kla nie, maar

³⁶ Kyk Sinodale Kommissie, Kaapse Kerk: Notule 1930, 92 en 97.

³⁷ Uitg. Briewe: J. du Plessis- W.H. Murray, p2-2, 20 September 1929.

³⁸ Sinode van die Kaapse Kerk; Handeling 1930, 90.

³⁹ Sinodale kommissie, Kaapse kerk: Notule 1930, 96.

om 'n juiste formulering te vind. Hierop het prof. Moorrees namens homself en dr. Keet verklaar dat hulle met daardie beskouing van prof. Du Plessis kon saamgaan.⁴⁰

Du Plessis het hierdie twee kollegas se getuienis en gesindheid dus as 'n riem onder die hart gevind. Dit het gegeld veral ten opsigte van Moorrees se simpatieke instelling teenoor Van Oosterzee en Doedes. Prof. Keet het ook duidelik verklaar dat hy Van Oosterzee met Bavinck vervang het, nie omdat Van Oosterzee onregsinnig was nie. Dit het vir hom daarom gegaan dat Bavinck meer op datum was, meer in ooreenstemming met die "ware Gereformeerde beginsels" en dat hy, as student van Bavinck, waardering en "bewondering" vir hierdie leermeester gehad het. Keet het dan ook nie gehuiwer om krities teenoor Bavinck te staan nie.⁴¹ Hy het beweer dat Bavinck te sterk op die aanname van 'n foutlose outographa geleun het. Anders as Van Rooyen het hy enduit teenoor die Ring verklaar dat, volgens sy indruk, Du Plessis nie op die religieus-etiese standpunt staan nie. Keet het sy kollega ook onder beskerming geneem deur toe te gee dat dit in die belydenis eerder om die "feit" van inspirasie gaan, as oor 'n dogma wat nog maar "weinig ontwikkel is".⁴²

Prof. Keet het gepleit dat die partye mekaar moes probeer verstaan: "Dit is ons eerste plig en nie om punte van verskil te kry nie. As ons dan mekaar verstaan het en presies weet watter standpunt elkeen inneem, kan ons kyk of die verskil so groot is dat tug moet uitgeoefen word." Hy het egter die indruk gekry dat van albei kante gesoek is om mekaar te oortuig dat wat hy dink van die ander se standpunt, reg was.

Toe die ring die professore se advies verder oor die kenosisleer ingewin het, het prof. Keet verklaar dat die klaers van die veronderstelling uitgegaan het dat die beklagde die moderne kenosisleer toegedaan was. Volgens hom

⁴⁰ Dies., 98.

⁴¹ Dies., 92 en 93.

⁴² Dies., 90, 94, 96 en 97.

was die moderne standpunt dat Christus al sy goddelike eienskappe afgelê het en uit en uit mens geword het. Vandaar het hy ontwikkel en hoër geklim tot hy naderhand weer God was. Volgens prof. Keet was dit baie duidelik dat dit nie die standpunt van die beklagde was nie.

Prof. Keet het gewaarsku dat sommige van die klaers die gevaar geloop het om in die teenoorgestelde dwaling te verval deur aan die Roomse kant uit te gaan. Die Roomse het, volgens hom, nie onderskeid tussen die mensheid en Godheid van Christus getref nie. Daarom het hulle Christus se liggaam aanbid. Volgens prof. Keet moes die onderskeid behou word. Hy het egter verkies om te sê dat Christus waaragtig mens en waaragtig God was, maar dat die goddelike eienskappe van Christus "verberg" was.

Aan die einde van sy advies het prof. Keet openhartig sy standpunt oor prof. Du Plessis gegee. "Ek dink dat die beklagde in sy uitdrukkings soms 'n bietjie onversigtig was. Die manier waarop hy dinge soms sê, hou miskien nie genoeg rekening met die gevoel van die eenvoudige lidmaat van die gemeente nie. Dit is miskien vir ons teoloë gewoon, maar die eenvoudige lidmaat sal somtyds miskien in sy siel gekrenk voel..."⁴³

Mede as gevolg van prof. Keet se getuienis is prof. Du Plessis toe deur die ring vrygespreek. Die kuratorium was nie hiermee tevrede nie en het besluit om na die sinode te appelleer.⁴⁴

Uit prof. Keet se getuienis blyk duidelik dat hy 'n ander Skrifbeskouing as prof. Du Plessis gehuldig het. Tog het hy begrip gehad vir die probleem waarmee prof. Du Plessis geworstel het. Daarom was hy nie bereid om prof. Du Plessis so maklik te veroordeel nie. Die kerklike publiek het egter nie geweet waar hul met prof. Keet in die leergeskil gestaan het nie.

⁴³ Dies., 105 en 106.

⁴⁴ Kuratoriumnotule 10 Oktober 1929, 242, Staatsargief, S20/1/1.

In **De Kerkbode** van 18 September 1929 sien ons dat dr. Snyman uit artikels van prof. Keet aangehaal het om te bewys dat die standpunt wat deur prof. Du Plessis ingeneem is, deur dr. Keet veroordeel is.

J.C.N. Mentz het oor die verwarring oor Keet se standpunt soos volg geskryf: "Dr. Keet word met voorliefde gekwoteer as 'n outoriteit om te bewys dat prof. Du Plessis onregsinnig is, en dieselfde dr. Keet sê dat die kuratore Lutheraans in hul Christologie is. En dieselfde dr. Keet beaam, wat prof. Moorrees gesê het, dat ons nie moet soek om die punte van verskil te beklemtoon nie, maar wel ons punte van ooreenkoms."⁴⁵

In **De Kerkbode** van 12 Februarie 1930⁴⁶ het Snyman dan ook vertel van 'n brief wat hy gekry het van 'n mnr. Minnaar waarin hy beweer het dat proff. Moorrees en Keet met prof. Du Plessis saamstem en die skrywer ook vra of dit nie tyd geword het dat die twee professore saam met prof. Du Plessis aangekla word nie. Snyman het gesê dat hy die persoon kort en bondig geantwoord het dat proff. Keet en Moorrees nie met Du Plessis saamgestem het nie.

11.9. Prof. Bennie Keet se voorstel aan die sinode

Drie weke voor die byeenkoms van die sinode het dr. B.B. Keet in die kolomme van **De Kerkbode** 'n ernstige beroep gedoen "om die tugszaak teen prof. Du Plessis van die publisiteit wat dit verkry het, terug te bring tot 'n vriendskaplike en broederlike samespreking in camera, soos elke kerklike tugszaak behoort behandel te word."⁴⁷ Hy het drie redes vir die wenslikheid daarvan genoem: (a) die ervaring opgedoen in verband met die verhoor met die oop deure deur die ring van Stellenbosch; (b) die leerkwessies sou behoorlik geïsoleer en

⁴⁵ **De Kerkbode**, 29 Januarie 1930, 220.

⁴⁶ p. 301.

⁴⁷ **De Kerkbode**, 5 Februarie 1930, 260.

op hul eie meriete behandel kon word; en (c) die partye sou beter daartoe gebring word om mekaar se standpunte te verstaan. Om die gewenste doel te bereik, het hy gevra dat goed gekyk moes word na die gemeenskaplike grond waarop beide partye gestaan het. Hy het ook aanbeveel dat die sinode die volgende besluit moes neem:

"1. Die sinode berus voorlopig in die besluit van die ring van Stellenbosch.

2. Die sinode verwys die bestaande verskille na 'n spesiale kommissie, wat saam met kommissies uit die drie gefedereerde kerke deur broederlike samespreking grondig daarop sal ingaan om te bepaal of, en in hoeverre, daar wesentlike verskil van opvatting bestaan en, so moontlik tot 'n eenstemmige verklaring te kom van wat die fundamentele leerstukke is, wat deur die verskille geraak word en in watter verhouding hulle tot die leerstukke staan.

3. Die rapport van die gesamentlike kommissies word aan die sinodes van die vier gefedereerde kerke voorgelê en die Kaapse sinode behou hom die reg voor om die saak weer aanhangig te maak en dan finaal af te handel."

Intussen, het prof. Keet gevra, moes daar 'n moratorium oor die geskil uitgeroep word.

Die groot beswaar teen hierdie voorstel, nl. dat die Kerk reeds so lank in onsekerheid verkeer het en die noodsaaklikheid van tot finaliteit te kom, het dr. Keet beantwoord deur daarop te wys "dat dit oneindig veel beter is om te wag, al het ons al lank gewag, as dat 'n beslissing geneem word wat rampspoedig gaan werk in verre nageslagte."

Reaksie op Keet se brief vind ons sommer in die eersvolgende uitgawe van *De Kerkbode*, 12 Februarie 1930.⁴⁸ D. Lategan het geskryf: "In plaas van 'n manmoedige helder getuienis vir die waarheid en suiwerheid van die kerkleer, soos in die belydenisskrifte, op grond van die onfeilbare Woord van God,

bewandel prof. Keet hier die ireniese weg, wat die gevaarlike kanker, die dwaalleer van die modernistiese beskouings, wil troetel, herberg en 'n staanplekkie gee in die boesem van die Kerk." Lategan het hier seker 'n punt beetgehad, maar prof. Bennie Keet se voorstel was so eie aan sy persoonlikheid, nl. iemand wat graag die vrede wat Christus tussen God en mens bewerkstellig het, ook in sy verhouding met sy naaste wou uitleef.

Ook senator F.S. Malan het op prof. Keet se voorstel gereageer. Hy het sy voorstel ten sterkste ondersteun. "Dit is vir my asof die Heer van ons Kerk die geagte Professor wil gebruik om in hierdie tyd van spanning en onsekerheid sy wil aan ons te openbaar... Die professor staan buite die sinode, maar baie na aan die hart van ons Kerk. Laat niemand die verantwoordelikheid om hierdie onbaatsugtige poging van dr. Keet te laat misluk, ligvaardig op hom neem nie."⁴⁹

In *De Kerkbode* van die daaropvolgende week het prof. E.E. van Rooyen ook op Keet se voorstel gereageer.⁵⁰ Hy kon hom geheel en al nie met die voorstel vereenselwig nie. Volgens hom sou die berusting van die sinode by die ontevredenheidsveroorsoekende besluit van 'n ring, die prestige en invloed van die sinode ondermyn. Prof. Moorrees sou 'n week later sy steun aan prof. Keet se voorstel toesê.⁵¹

11.10. Die sinode se standpuntinname teen prof. Du Plessis

En so het die buitengewone sinode van 1930 op die bepaalde dag in die Hugenotegedenksaal byeengekom. Op aanbeveling van die kommissie van orde is besluit dat die verrigtinge in verband met die appèlsaak agter geslote deure sou plaasvind, dog dat leraars van die Gereformeerde en susterkerke, geëmeriteerde

⁴⁹ *De Kerkbode*, 12 Februarie 1930, 299.

⁵⁰ *Dies.*, 19 Februarie 1930, 351.

⁵¹ *Dies.*, 26 Februarie 1930, 395.

leraars, teologiese professore en sendelinge toegelaat sou word.⁵²

Die volgende dag, net na die opening van die môresitting, het oudl. F.S. Malan verlot gekry om as mosie van orde voor te stel: "Die sinode, diep oortuig van die erns van die krisis ontstaan in die boesem van ons kerk, besluit onder biddend opsien tot die Hoof van ons Kerk, om aan die Hoogerwaarde moderator op te dra die benoeming van twaalf lede, saam met proff. Moorrees, Van Rooyen en Keet, om die vergadering onder die huidige omstandighede van advies te dien. "Die mosie is egter met 177 teen 132 stemme verwerp.⁵³

Die sinodebesluit het op Woensdagaand 12 Maart 1930 geval. Prof. Du Plessis is geskors!⁵⁴

Beoordeling

Prof. Bennie Keet het tydens die Du Plessissaak dikwels standpunte ingeneem wat hom in die gedrang gebring het. Die rede daarvoor was dat hy 'n afkeer van verdeeldheid gehad het en beredeneerd oor die saak gedink het. Sy begrip vir die probleem waarmee prof. Du Plessis geworstel het, het daarom daartoe bygedra dat die Ned. Geref. Kerk in hierdie krisissuur nie geskeur het nie.

Die groot rede waarom mense nie met die eerste oogopslag sy standpunt kon waarneem nie, was omdat hy ingesien het dat 'n mens nie op die vraag waarom dit hier gegaan het, 'n ongekwalifiseerde antwoord kon gee nie. Alhoewel hy nie saamgestem het met die oplossing wat sy kollega aangebied het nie, het hy begrip gehad vir die probleem waarmee hy geworstel het. Hy het ook besef dat die standpunt van die kuratore rondom die verhouding geloof-wetenskap self nie aan die eise

⁵² Sinode van die Kaapse kerk, 1930: Handeling, 140.

⁵³ Sinode van die Kaapse kerk, 1930: Handeling, 143.

⁵⁴ Dies., 175-177.

van die probleem voldoen het nie. Prof. Keet het dan ook nie sy taak daarin gesien om kant te kies vir of teen Du Plessis nie. Hy wou eerder by die verskillende partye begrip vir mekaar ontwikkel. Daarom het sy optrede in hierdie situasie sterk in die teken van versoening gestaan. Daartoe het sy afkeer van hierdie uiterste partyskap en verdeeldheid in die Kerk hom gebring.

Prof. Keet was gevolglik uiters versigtig om hom nie as liberaal of ortodoks te laat kategoriseer nie. Daarom het hy nie meegedoen aan die aktiwiteite van die Christelik-nasionale bond van Calviniste nie. Hierin het hy geïsoleerd van sy vroeëre studentevriende en ook van die Bybelvertalers gestaan. Later sou hierdie verwydering tussen hom en die Afrikaner-nasionalisme groter raak.

Dit is ook duidelik dat prof. Bennie Keet in 'n sekere sin tussen twee vure gesit het. Aan die een kant het hy hom meer aangetrokke gevoel tot die leer van Die Ou Paaie as die van Het Zoeklicht. Aan die ander kant het hy wat persoonlikheid betref, meer aanklank by prof. Du Plessis gevind, as by dr. Snyman, en sy medestander, prof. Van Rooyen. Verder sou daar ook nie altyd die nodige begrip by die Ou Paaiane wees vir sy betrokkenheid by die CSV nie.

Alhoewel die Kerk so belanggestel het in prof. Keet se standpunt, het hy tog nie prominent in die Du Plessissaak na vore getree nie. Die rede was dat hy nie 'n polemikus was nie. Hy het beredeneerd te werk gegaan. Dit het hom dan ook gevrywaar daarvan om, soos so baie van sy tydgenote, 'n slagoffer van situasiegebonde teologie te word.

Hiervan het die sluitingsrede aan die einde van 1928 getuig. In hierdie rede het hy die akademiese weg gevolg om vir Du Plessis die weg te wys, sonder om voor te sê. Hy wou vir sy kollega die ontwikkelinge in Duitsland toon en hom wys dat op die weg van die rasionalisme die Kerk doodloop. Barth het die apologetiese rigting heeltemal omvêr gegooi. Dit moes dus vir Du Plessis maan om versigtig te wees vir rasionalisme in sy

teologie en hom laat selfondersoek doen of hy nog op die regte weg was met sy apologetiek.

Die versigtigheid waarmee prof. Keet die teologie van Karl Barth bespreek het, asook die huiwering om sommer halsoorkop 'n oordeel oor hom te vel, is tekenend van die professor se persoonlikheid. Sy besef dat dit nog te vroeg was om oor Barth te oordeel, dui daarop dat dit sy lewensfilosofie was om mense te probeer verstaan, eerder as om hulle te beoordeel.

Uit die hoofstuk blyk duidelik dat dit 'n halwe waarheid is, wanneer dr. F.E. O' Brien Geldenhuys beweer dat prof. Keet 'n Du Plessis-man was.⁵⁵

Keet se voorstel aan die sinode om die saak teen Du Plessis terug te bring na 'n broederlike gesprek, getuig daarvan dat hy die primêre beginsel van tug gesnap het, nl. dat dit 'n liefdeshandeling is.

Sy standpunt dat die saak eers na 'n gesamentlike kommissie van die gefedereerde kerke verwys moes word, dui op sy sin vir die belang van die ekumene. Dit kan ook wees dat prof. Keet gereken het dat dit dan meer 'n algemene saak sou raak, waaroor meer objektief geoordeel sou word.

Die keuse van prof. Keet in hierdie moeilike tyd as voorsitter van die Kerkbode-kommissie, dui op die legitimiteit wat hy as teoloog in die gefedereerde kerke gehad het. Dit moet tot sy eer gereken word dat hy vertrou is om die rigtinggewende amptelike blad in hierdie tyd tot heil van die Kerk te lei.

By terugskoue is dit tog 'n vraag of prof. Keet die onsekerheid wat prof. Du Plessis by die gewone gemeentelid geskep het, genoegsaam besef het. Miskien was sy ondervinding as gemeenteleraar te min.

Ten slotte kan dus gesê word dat prof. Keet tydens die leergeskil hom laat ken het as beredeneerde denker, met 'n groot afkeer van partyskappe. Sy sin vir geregtigheid het

⁵⁵ Geldenhuys, F.E. O' Brien: In die Stroomversnellings: Vyftig jaar van die N.G. Kerk, Kaapstad, 1982, 10.

gemaak dat hy gestry het daarvoor dat prof. Du Plessis nie as gevolg van 'n verkeerde beoordeling van sy standpunt veroordeel word nie. In die hele stryd het hy hom Skriftuurlik en in 'n gereformeerde sin verantwoord. So het hy sy roeping om as wegwyser in die kerk op te tree, met waardigheid volvoer.

HOOFSTUK 12: GESPANNE VERHOUDINGE (1930)

Hierdie hoofstuk handel hoofsaaklik oor gebeure in prof. Keet se lewe gedurende die jaar 1930, na sy diepe teleurstelling oor die optrede van die sinode aan die begin van die jaar teen prof. Du Plessis. Dit sou vir Keet vir die res van sy lewe 'n jaar bly, waarna hy met gemengde gevoelens sou terugkyk. Saam met die sinodesitting het gegaan die onaangename spanning wat die hele jaar tussen die dosente onderling, asook tussen die dosente en studente was. Daarby het die CSV ook nog in die tyd teenkanting gekry oor 'n veelrassige konferensie wat in die wintervakansie gehou is. Aan die ander kant was dit ook die jaar waarin Ben Keet vir Jessie Reitz ontmoet het.

Vrae wat behandel word, sluit in: Hoe sou hy die "teleurstellende sinodebesluit" verwerk? Sou hy in verbittering perspektief verloor op die saak? Of sou hy getrou aan sy persoon steeds vanuit die prinsipe die saak beskou? Sou hy nog aan beide kante probeer vashou? Sou hy hom nou van Du Plessis distansieer? Of sou hy nou juis vir hom kant kies?

Hoe het hy oor die verhouding met Jessie Reitz gedink? Sou die feit dat sy 'n Engelse dame was, hom weerhou daarvan om haar as lewensmaat te kies?

Waarom het hy hom so vir student De Vos vererg? Waarom het hy dit nodig gevind om by die kuratorium oor die student se optrede te gaan kla? Het dit net oor die student gegaan, of wou hy die redakteur van Die Ou Paaie tot orde roep?

Wat sou sy houding wees i.v.m. 'n veelrassige konferensie deur die CSV?

'n Nuwe fase begin in 1931 toe prof. Bennie Keet weer trou en twee nuwe professore aan die Kweekskool bevestig word.

12.1 Vertroebelde verhoudinge a.g.v die leergeskil

Die jaar 1930 sou vir prof. Keet 'n jaar van onmin en spanning wees.

Reeds in 1929 het die spanning tussen die dosente hoog geloop. So het prof. Keet en sy kollegas in die Senaat in Augustus 1929 bv. besluit om prof. Van Rooyen nie langer as koeksaminator met prof. Du Plessis by die B.D.-eksamen in Hebreeus te gebruik nie, vanweë die gebrek aan samewerking tussen die twee professore.¹ Prof. Van Rooyen was baie beswaard oor die beskuldiging van swak samewerking. Hy het dan ook by die senaat beswaar aangeteken oor hulle besluit.²

In November 1929 het die Kuratorium kennis geneem van die "stramme verhouding" tussen die professore. Ds. D.G. Malan het dit tereg aan die hangende kerksaak teen prof. Du Plessis toegeskryf.³

Prof. Moorrees het die plig gevoel dat die professore nog voor die sinodesitting 'n skrywe aan prof. Du Plessis sou rig, waarin waardering uitgespreek word vir die dienste wat hy aan die seminarium verrig het. Toe hy op die Vergadering van Professore so voorgestel het, het prof. Bennie Keet hom gesteun. Prof. Van Rooyen het egter uitstel gevra om die voorstel te oordink.⁴

Later het prof. Van Rooyen rapporteer dat hy nie bereid was om die voorstel te steun nie. Op die volgende vergadering van die professore is toe besluit dat ten spyte van prof. Van Rooyen se teenkanting dit tog 'n wettige besluit van die Raad van Professore was en dat prof. Van Rooyen, in sy kapasiteit as skriba, die brief van waardering aan prof. Du Plessis moes skryf. Die ander twee professore het dit nie aan hom oorgelaat om die inhoud van die brief self te formuleer nie, maar dit

¹ Universiteit van Stellenbosch Senaat: Notule, 16 Augustus 1929, 120.

² Dies., 16 Mei 1930, 256-258.

³ Kuratorium: Notule, 27 November 1929, 254, Staatsargief, S20/1/1.

⁴ Raad van Professore: Notule, 28 Februarie 1930, 275.

tydens die vergadering vasgestel.⁵ Prof. Van Rooyen het in die aanhef van die brief sy kollega duidelik laat verstaan dat hy hierdie brief nie uit vrye wil geskryf het nie, maar net 'n opdrag van die Raad van Professore uitgevoer het. Prof. Du Plessis het die brief in **Het Zoeklicht** gepubliseer.⁶

Die studente het hulle ook nie uit die geskil gehou nie. So het een van die "Uiterste Oupajane", D.J.J. de Vos⁷, prof. Keet nog voor die sinodesitting behoorlik die harnas ingejaag, toe hy sekere beweerde antwoorde van Keet op vrae deur hom in die klas gevra, in **Die Ou Paaie** gepubliseer het⁸. Sy doel daarmee was om prof. Keet se leer met dié van prof. Du Plessis te vergelyk, ten einde aan te toon dat aan die Kweekskool uit twee monde geleer word.

Onder andere het hy in die tweede vraag wat hy genoem het, beweer dat hy vir prof. Keet gevra het: "Prof. hoe is dit moontlik dat die teologie van Poulus in 1 en 2 Thes. primitief kan wees in vergelyking met dié in Efese, siende dat hy alles van God ontvang het?" Volgens student De Vos het prof. Keet daarop geantwoord: "Hier kan nie sprake wees van primitief nie want Poulus het alles reeds geweet toe hy 1 en 2 Thes. geskrywe het. Hy het alleen dit trapsgewyse aan die mens bekend gemaak. Poulus het ook nie vir ons 'n teologie gelewer nie want hy was die medium waardeur God gewerk het."⁹ Daarteenoor, het hy geskryf, het prof. Du Plessis die studente geleer dat die teologie van Paulus in 1 en 2 Thessalonicense "seer primitief" was.

Prof. Keet was ontstoke, omdat die student die beweerde antwoorde gepubliseer het, sonder om dit eers met hom as

⁵ Dies., 25 September 1930, 278.

⁶ **Het Zoeklicht**, 15 Oktober 1930, 339.

⁷ Dit is dieselfde D.J.J. de Vos wat later jare as leraar in Durban in die gedrang sou kom en van die Ned. Geref. Kerk sou wegbreek om 'n eie kerk te vorm.

⁸ **Die Ou Paaie**, Februarie 1930, 324.

⁹ Dieselfde

korrek te kontroleer, en omdat hy van mening was dat hy nooit sulke antwoorde kon gegee het nie.

Prof. Keet het die student gaan spreek en sy aandag op die verkeerde van sy handelwyse gevestig. De Vos het egter geen kwaad daarin gesien nie. Hy het ook daarop gestaan dat sy weergawe van die antwoorde in ooreenstemming was met wat die professor in die klas gesê het. Toe die hoogleraar sien dat hy geen indruk op die student gemaak het nie, het hy die saak by sy kollegas gerapporteer. Die Raad van Professore het daarop gesamentlik besluit dat prof. Moorrees al die studente op die onbetaamlikheid van sulke gedrag moes wys. Dit het geskied.¹⁰

In 'n kort briefie aan **Die Ou Paaie** het die ontstelde professor alle verantwoordelikheid vir die antwoorde ontken, daar hy nooit sulke antwoorde gegee het, of kon gegee het nie. Tot sy verbasing het die redakteur die brief aan student De Vos gegee ter beantwoording. Die student het 'n lang antwoord gegee, waarin daar geen teken van berou oor sy optrede was nie.¹¹

Aangesien dr. Snyman, die redakteur, nie eers die student se aanvanklike brief aan prof. Keet getoon het nie, maar toe wel die professor se brief aan die student ter beantwoording voorgelê het, het prof. Keet hom tot die kuratorium gewend. Dr. Snyman was lid van die Kuratorium. Die vergadering het die professor se brief van beswaar op 11 Junie 1930 in behandeling geneem en besluit om 'n komitee af te vaardig om die saak tussen prof. Keet, student De Vos en die redakteur by te lê.¹² Die ontmoeting sou eers aan die einde van die jaar plaasvind.

Die sinodesitting aan die begin van 1930 het die verhoudinge nie verbeter nie. Die drastiese stap van die sinode om prof. Du Plessis uit sy pos te ontslaan, het die verdeeldheid eerder

¹⁰ Kuratorium: Notule 11 Junie 1930, 260-262, staatsargief S20/1/2.

¹¹ **Die Ou Paaie**, April 1930, 414 en 415.

¹² Kuratorium: Notule 11 Junie 1930, 260-262, staatsargief S20/1/2.

ver groot. Prof. Keet se voorstel in **Die Kerkbode**¹³ dat die saak na 'n broederlike gesprek teruggebring moes word, het prof. Van Rooyen gedwonge laat voel om in die openbaar teen hom standpunt in te neem.¹⁴ Prof. Moorrees se brief van steun aan prof. Keet se voorstel, het prof. Van Rooyen aan die Kweekskool geïsoleer.¹⁵

Die studente sou ook verskil oor 'n afskeidsadres aan prof. Du Plessis. Toe daaroor besluit moes word, het die teenstanders van prof. Du Plessis die stemming met 19 teen 89 verloor en uit die vergadering uitgestap.¹⁶ 'n Paar dae later het hulle toe 'n tak van die "Calvinistiese Bond" gestig, ten einde hul sienswyse aan die Kweekskool te bevorder.¹⁷

Prof. Keet sou baie teleurgesteld wees oor die sinodebesluit. Hy het dan ook in 'n persoonlike gesprek, waar hy met Du Plessis gesimpatiseer het, aan hom gesê dat, as die sinode hom (Keet) so sou behandel het, hy hom op die burgerlike hof sou beroep. Min het die professor in Kerkreg geweet dat prof. Du Plessis hierdie woorde van hom nie daar sou laat nie.¹⁸

Hy het 'n siviele geding teen die kerk begin. In sy tydskrif het hy geskryf dat dit na advies van proff. Moorrees en Keet was wat hy besluit het om hom op die siviele hof te beroep.

Natuurlik het dit die kuratore ontstel. Hierdie "houding" van die twee professore is dan ook op hul vergadering in Junie 1930 bespreek. Ds. D.G. Malan het daarop gewys dat volgens **Het Zoeklicht** die twee professore prof. Du Plessis "aangeraai" het om hom op die burgerlike hof te beroep. Ds. Malan en dr. Snyman het toe voorgestel dat die vergadering sy teleurstelling uitspreek oor die twee professore se optrede.

¹³ **De Kerkbode** 5 Februarie 1930.

¹⁴ **De Kerkbode** 19 Februarie 1930, 351.

¹⁵ **De Kerkbode** 26 Februarie 1930, 394.

¹⁶ De Lange, J.H.: Dagboek, 23 Maart 1930, Staatsargief 3/1.

¹⁷ Sien De Lange, J.H.: Dagboek, 26 Maart 1930, 3 April 1930, 78, 3/1.

¹⁸ Weergawe van Mev. Jessie Keet van die gebeure.

Daar is egter besluit om eers die twee professore daaroor te ondervra. Dit sou later in die jaar gebeur.¹⁹

12.2 'n Junievakansie om te onthou

Al die onmin moes gemaak het dat prof. Bennie Keet baie uitgesien het na die Junievakansie, sodat hy net 'n bietjie kon wegbreek uit die gespanne situasie te Stellenbosch. Hy het beplan om die CSV-konferensie in Fort Hare by te woon en dan daarna 'n bietjie by 'n swaer op Middelburg te gaan ontspan. Min het hy geweet dat die vakansie verdere onmin sou veroorsaak, asook dat iets sou gebeur wat sy hele lewe vorentoe sou beïnvloed.

Dr. Keet is reeds in Desember 1929 deur die hoofbestuur van die CSV versoek om op die komitee te dien wat die program moes optrek vir die konferensie.²⁰ Die konferensie het, vanweë die veelrassige aard daarvan, asook die sake wat bespreek was, groot aandag in die pers geniet. Swart sprekers soos die voorsitter van die ANC, dr. A.B. Xuma, en mnr. Makiwane van die Transkeise Landboudepartement het die probleme van verstedeliking en die breuk tussen swart en wit in Suid-Afrika bespreek.²¹ Die stof wat oor die veelrassige aard opgeskop is, sou egter nie dadelik gaan lê nie, sodat die hoofbestuur by sy volgende vergadering aan die einde van die jaar 'n verklaring daaroor uitgereik het.²²

Vir Keet moes die kuiertjie by sy swaer Fred Koch, te Middelburg, heerlik gewees het. Hier ontmoet die vyf en veertigjarige wewenaar 'n jong onderwyseres, Jessie Reitz. Interessant was dat sy ook by La Rochelle in die Paarl skoolgehou het, waar Ben Keet se eerste vrou, Joeye, ook

¹⁹ Kuratorium: Notule 11 Junie 1930, 143.

²⁰ CSV-hoofbestuursvergadering: Notule, 17-18 Desember 1929, 293.

²¹ **Die Burger** 7 en 10 Julie 1930, 9 en 3 onderskeidelik.

²² CSV-hoofbestuursvergadering: Notule, 17 Desember 1930, dl. 2, 16.

vroeër onderrig het. Jessie het net vir die vakansie op Middelburg gekuier. Sy het onmiddellik sy voete onder hom uitgeslaan.

Die kwartaal het dan ook net pas begin, of die vryer was by haar in die Paarl. Kranige krieketspeler wat hy was, het hy sommer met sy aankoms by haar met die deur in die huis geval: "First ball, clean out. Will you marry me?" Die jong Engelsprekende onderwyseres was uitgeboul. Vir 'n oomblik was sy sprakeloos. Dan sê sy vir hom dat sy nie as predikantsvrou opgelei was nie. Hy stel haar egter gerus dat sy nie eintlik predikantsvrouwerk hoef te doen nie, aangesien hy meer in 'n tipe onderwyser is. Uiteindelik het sy vir hom gesê dat hy 'n week moes wag vir haar antwoord.

Vir haar was dit 'n moeilike besluit om te neem. Sy, wat altyd vir haar ma gesê het dat sy nooit met 'n predikant sou trou nie, moes nou oor 'n predikant se trouaanbod besluit. Aan die einde van daardie week het sy hom die jawoord gegee en hulle het onmiddellik verloof geraak. In sy verjaardagboekie het hy by hierdie datum, 15 Julie 1930, 'n aantekening gemaak: "Weer lente!"²³

Groot was Jessie se verbasing toe sy later uitvind dat hy 'n professor was. Sy het haar nou in hogere geselskap bevind. Nie dat dit heeltemal ongewoon vir haar was nie. Haar ouma se broer, Francis Reitz, was voorheen president van die Vrystaat.

12.3. Steeds in die gedrang

Die stof rondom prof. Keet sou tyd vat om te gaan lê. Die vergadering van die Kuratorium moes natuurlik nog sy geskil met student De Vos en die redakteur van *Die Ou Paaie* afhandel, asook die bewering dat Keet prof. Du Plessis aangeraai het om hom op die hof te beroep.

²³ Mondelingse weergawe van mev. Jessie Keet.

Die kommissie van die Kuratorium, bestaande uit di. P.G.J. Meiring, G.J. Hugo en D.G. Malan, het vir prof. Keet, student De Vos en dr. D.R. Snyman op 18 November 1930 ontmoet. Dr. Keet het op die vergadering erken dat die antwoorde op die meeste van die vrae wat die student publiseer het, redelik juis was, maar dat dit veral die antwoord op die tweede vraag was, waarmee hy geheel en al nie kon saamgaan dat hy dit in die klas sou gesê het nie. Die uiteinde van die saak was dat die kommissie aan die Kuratorium aanbeveel het dat studente wat in publieke blaai publiseer wat professore in klaskamers sê, sodanige stuk eers aan die betrokke professor moes voorlê, ten einde te verseker dat die student die professor korrek rapporteer. Verder het die kommissie ook sy spyt uitgespreek dat die student nie die verklaring van prof. Keet aanvaar het, dat die antwoord op vraag twee, wat hy neergeskryf het, nie 'n juiste rapportering was nie. Die Kuratorium het by hierdie twee aanbevelings van die kommissie berus.²⁴

Op dieselfde vergadering het prof. Keet voor die kuratore verskyn oor sy beweerde advies aan prof. Du Plessis. Prof. Moorrees is vrygestel van die verpligting om op die vergadering teenwoordig te wees, aangesien hy op daardie dag emeritaat aanvaar het. Op die vraag van ds. D.G. Malan, of dit wat hom deur **Het Zoeklicht** in die mond gelê is, korrek was, het prof. Keet geantwoord dat dit materieel korrek was. Nadat Keet die vergadering verlaat het, het die Kuratorium sy diepe teleurstelling en innige spyt oor hierdie handelwyse van die professor uitgespreek.²⁵ Daarmee was hierdie saak, wat die hele jaar gesloer het, dan ook afgehandel.

Dit was nog nie die einde van die rumoer rondom prof. Keet se kop nie. 'n Klomp lidmate van Stellenbosch-gemeente wat beswaard was oor die optrede teen Du Plessis, is op 8 September 1930 deur die Kerkraad ontmoet. Op 8 Oktober, 25 Oktober en 8 November 1930 het hierdie groep toe beswaarskrifte aan die kerkraad oorhandig. Een van die besware

²⁴ Kuratorium: Notule 26 November 1930, 275, Staatsargief S20/1/1.

²⁵ Kuratorium: Notule 26 November 1930, 272, Staatsargief S20/1/1.

wat hulle gehad het, was dat ouderling D.G. Cillié uit die diens gestap het toe prof. Keet 'n preekbeurt waargeneem het. Die kerkraad, waarop o.a. dr. Snyman en prof. E.E. van Rooyen gedien het, het skriftelik soos volg op hierdie beswaar geantwoord: "Ouderling Cillié is 'n ernstige, ervare lid van die kerkraad en is nie die man om somaar onberade stappe te doen nie. Hy het nie om 'n nietige, beuselagtige rede die kerkgebou verlaat nie. Hy het verklaar dat hy werklik in sy gewete ernstig beswaard was oor iets wat dr. Keet gedoen het. Hy het dit aan die kerkraad duidelik gemaak. Dit is om die genoemde rede dat hy die kerkgebou verlaat het. Die kerkraad kan nie oor so 'n ernstige gewetensbeswaar ligvaardiglik heen stap nie. Wat ook hier vreemd is, is dat nóg dr. Keet, nóg ouderling Cillié die onderhawige saak voor die aandag van die kerkraad gebring het."²⁶

Waaroor die broer so beswaard was, is nie duidelik nie. Die saak is ook nie verder gevoer nie.

Daardie Desember vakansie sou Keet ook met besondere gevoelens tegemoet gaan. Hy moes gaan voorbereidings tref vir sy troue op 6 Januarie 1931.

Maar nie net in sy persoonlike lewe sou die situasie verander nie. Twee nuwe professore, di. D.G. Malan en D. Lategan, is aan die einde van die jaar vir die Kweekskool gekies, in die plekke van proff. Moorrees en Du Plessis. Die akademies beter toegeruste dr. G.B.A. Gerdener is nie beroep nie vanweë sy Du Plessissentimente.²⁷ Proff. Keet en Van Rooyen sou skielik die senior professore aan die Kweekskool wees. Hoe sou prof. Keet hierdie veranderde situasie ervaar? Sou dit die spanning aan die Kweekskool verlig, of vererger?

²⁶ Kerkraad van Stellenbosch: Notule 24 November 1930, 319 G2/1/14.

²⁷ Sien van der Watt, G.: G.B.A. Gerdener - Koersaanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending en ekumene, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1990, 147, asook *Het Zoeklicht* November 1930, 341; *Ou Paaie* Oktober 1930, 92.

Beoordeling

Prof. Keet se lewe het 'n nuwe fase betree nadat hy Jessie Reitz ontmoet het. Juis in hierdie tyd van spanning, sou dit sy aandag aflei van sy teleurstelling in die optrede van die sinode.

Prof. Keet was nou nie meer in staat om dit met beide partye goed te hou nie. Sy verhouding met die teenstanders van Du Plessis het versleg en hy het hom al meer met die leed, maar nie die standpunte, van Du Plessis identifiseer.

Tekenend van sy identifisering met Du Plessis se leed, was dat hy Du Plessis aangeraai het om hof toe te gaan met die saak. Daaroor het hy in die kerkverband in gedrang beland. Dit lyk asof prof. Keet hier nie heeltemal prinsipieel gedink het nie. Onder normale omstandighede was die hoogleraar in Kerkreg juis 'n teenstander van die Skots-juridiese idee, wat die vergaderinge van die Kerk as opklimmende in gesag gesien het. Sy emosionele betrokkenheid by die saak het dus sy objektiwiteit hier beïnvloed. Miskien het hy, met sy sterk sin vir geregtigheid, gevoel dat, omdat die sinode volgens hom onreg gepleeg het, die oortreding van normale kerklike reg hier geregverdig was.

Die debakel met student De Vos het die verwydering tussen Keet en die teenstanders van Du Plessis verder gevoer, deurdat hy dr. Snyman verkwalik het vir die wyse waarop hy as redakteur die student se brief behandel het.

Dit lyk of die eintlike rede waarom die brief van die student prof. Keet so ontstel het, was dat dit hom in die posisie sou plaas van die groot 'teenpool' van prof. Du Plessis aan die Kweekskool. Vanuit sy versoeningsrol, wat hy graag wou speel, kon hy dit nie toelaat nie. As hy dit ongemerk sou laat verbygaan, sou hy daarmee vervreemding tussen hom en Du Plessis veroorsaak het. Dit wou hy nie laat gebeur nie.

Dit sal egter nooit van Keet gesê kan word dat hy in sy teologie na die standpunt van Du Plessis begin oorhel het nie.

Die rumoer rondom die veelrassige CSV-konferensie toon prof. Keet ook as iemand wat prinsipieel gedink het. Hy sou nie die beginsel van die saak kon raaksien waarom verskillende rassegroepe nie aan dieselfde konferensie kon deelneem nie. Soortgelyke probleme met rassevooroordeel sou in die toekoms al meer daartoe lei dat hy hom nie kon assosieer met diegene wat nie die menswaardigheid van anderskleuriges erken het nie.

Die debakel oor ouderling Cillié wat uit die erediens gestap het, wys op 'n sekere bevooroordeeldheid in die kerkraad teenoor prof. Keet. Dit is te verstane, vanweë sy begrip vir Du Plessis. Die eerste sewe jaar wat prof. Keet op Stellenbosch was, het nie een van die professore op die kerkraad gedien nie. Die beroeping van dr. Snyman was nie sonder rede nie. Nadat hy op Stellenbosch bevestig is, was dit ook nie lank nie of prof. E.E. van Rooyen is as kerkraadslid verkies. Toe die twee nuwe professore, wat Du Plessis, nie goedgegesind was nie, verkies is, is hulle ook binne drie jaar altwee op die Kerkraad verkies. Hierdie verwydering tussen prof. Keet en die kerkraad sou maak dat hy vir baie jare nie tot die kerkraad verkies sou word nie. Hieruit is dit dan ook te verstane dat sy vrou, nadat hy weer getroud is, liever voluit by die Kindersorgvereniging betrokke geraak het, as by kerklike barmhartigheidswerk.

HOOFSTUK 13: 'N NUWE SITUASIE OP STELLENBOSCH (1931-1933)

Hierdie hoofstuk dek die tydperk vanaf prof. Keet se troue en die bevestiging van twee nuwe professore aan die Kweekskool tot en met die amptelike verwelkoming van die nuwe Bybelvertaling in Augustus 1933. In hierdie tyd word die Du Plessissaak ook afgehandel.

Vrae wat in hierdie hoofstuk behandel word, is: Hoe sou prof. Keet se huwelik met Jessie Reits sy lewenswyse raak? Wat sou die invloed van haar betrokkenheid by die Kindersorgvereniging op hom wees? Hoe sou hy aanpas waar drie van sy kollegas nou anti-Du Plessismanne was? Wat sou hy dink van die sinodebesluit, wat ten spyte van die hofbeslissing, prof. Du Plessis nie weer in sy pos wou herstel nie? Watter invloed het Stellenbosch op prof. Keet se denke gehad? Het prof. Keet aan homself getrou gebly toe hy uit Hodge aangehaal het tydens die hofsaak? Waarom het hy die tradisie verander dat die senior professor voorsitter van die Raad van Professore sou wees?

13.1. 'n Tweede huwelik.

Op 6 Januarie 1931 het prof. Keet en Jessie Reitz in die pastorie van die Ned. Geref. Kerk Woodstock in die huwelik getree. Die diens is gelei deur ds. Anton Stegmann, broer van prof. Keet se buurman, prof. E.T. Stegmann. Die egpaar sou in prof. Keet se huis in Jonkershoekweg, Stellenbosch, gaan woon. Die bruidegom se skoonmoeder en skoonsuster, wat tot op daardie stadium vir hom huisgehou het, het uit die huis getrek ten einde die nuwe eggenote privaatheid in haar woning te verseker. Prof. Keet se seun Bennie was nou al twaalf jaar oud en het by hulle ingebly. Hy het goed met sy stiefmoeder oor die weg gekom en deur die jare is 'n baie hegte verhouding gesmee.

13.2. Sy eggenoot se betrokkenheid by die gemeenskap

Vir Jessie was dit 'n groot aanpassing.¹ Sy, die dogter van ou dr. Reitz van Piketberg, moes skielik huisvrou en moeder wees. Sy sou ook haar Anglikaanse kerklidmaatskap opgee en midde-in 'n verskeurde Ned. Geref. Kerk op Stellenbosch haar weg vind. (Hulle was Anglikaans, omdat haar moeder Engelssprekend was. Haar vader was 'n Afrikaner, maar na sy dood was hul huistaal Engels.) Aangesien sy nie Afrikaans magtig was nie, het hul Engels in die huis gepraat. Algaande het sy Afrikaans egter met al hoe meer vrymoedigheid gepraat. Die taalprobleem het egter nie verhinder dat sy by die gemeente en die gemeenskap betrokke sou raak nie.

Sy was dan ook skaars op Stellenbosch, toe sy gevra is om te gaan kollekteer vir een of ander iets in Jonkershoekweg. Van alles was haar vrees vir die straat se honde die ergste! Daar byt een haar in der waarheid! Met trane in haar oë het sy by die huis aangekom. Die persoon by wie sy gaan kollekteer het, het maar later die geld agterna gestuur.

En al die baie kerklike vergaderings wat sy as predikantsvrou nou moes bywoon! Daaraan was sy glad nie gewoond nie.

Van die Du Plessisstryd het sy niks geweet nie. Dit was eers toe sy op Stellenbosch gekom het dat sy mettertyd ingelig is.

Die tweespalt in die gemeente oor die saak was dalk deels die rede dat Jessie kort na haar aankoms by die werksaamhede van die Kindersorgvereniging ingeskakel het. Daar was minder spanning. 'n Ander rede vir haar jarelange betrokkenheid by die vereniging is die feit dat sy nooit kinders in die wêreld sou bring nie. Sy wou glo later 'n kindjie aangeneem het, maar prof. Keet was nie ten gunste daarvan nie.² Verder was sy ook 'n opgeleide kindertuin-onderwyseres.

¹ Die weergawe van mev. Keet se aanpassing te Stellenbosch is hoofsaaklik haar eie siening daarvan.

² Volgens mnr. B.B. Keet jnr.

Die Kindersorgvereniging is veral gekonfronteer met haglike toestande waarin sommige kleurlingkinders geleef het. Mev. Keet herinner haar bv. die kind wat elke dag van vroegoggend tot middagete deur sy moeder aan 'n tafel vasgebind is, terwyl sy gewerk het.

Haar lewe lank sou sy haar kragte daarvoor gee om die lewensgehalte van kinders op Stellenbosch te verbeter. Daar sou baie frustrasies op haar pad kom en baie daarvan sou deur apartheid en negatiewe rasseverhoudinge van blanke kant veroorsaak word.³

Die werkswyse van die vereniging was soos volg: Aan elke lid van die vereniging is een of meer hulpbehoewende families toegewys. Die lede moes dan gereeld daar besoek aflê en help waar behoefte is. Twee van die plaaslike garages het elkeen 'n motor twee keer per week tot die beskikking van die lede gestel om die mense buite in die distrik te gaan besoek. Mev. Keet het ook persoonlik 'n brief aan sir Leonard Lord, hoof van die Austin-fabriek te Kuilsrivier geskrywe en van hom 'n gratis motor vir die vereniging gekry.

Later het 'n crèche vir die kleurlingkinders ook tot stand gekom. Hiervoor het mev. Keet en 'n mev. Visser die Kaap plat geloop van een ysterwarewinkel na die volgende vir donasies om die gebou in te rig. Vandag heet die een crèche in Idasvallei na Jessie Keet, in erkentlikheid vir wat sy vir die kinders gedoen het.

Mev. Keet se medelye met die nood van kleurlingkinders sou in die Afrikanergeledere nie altyd die nodige begrip geniet nie. So sou dit 'n jarelange gesukkel afgee om bv. kantoorryimte in die dorp vir die vereniging se werksaamhede te kry, aangesien blankes bevrees was oor die toeloop van kleurlinge by so 'n gebou.

³ Bronne oor die betrokkenheid van mev. Keet by Kindersorg is beperk. Die inligting wat weergegee word, is dus hoofsaaklik haar weergawe van spesifieke gebeure.

Alhoewel prof. Keet nooit direk by die Kindersorg betrokke sou word nie, is sy houding teenoor anderskleuriges daardeur grondliggend beïnvloed. Hierdie vereniging het hom, saam met sy eggenoot, in kontak gebring met die nood in kleurlinggeledere. Die frustrasies wat sy ervaar het, sou hy met haar deel.

Sy vrou se ervarings van diskriminasie teen anderskleuriges, het die professor in Etiek al meer krities laat staan teenoor die politieke denke van die Afrikaner. Al meer sou die benadeling van ander volkere en die bevoordeling van die Afrikaner hom hinder. Tesame hiermee sou sy positiewe gevoel teenoor die ekumene versterk word.

Dit is nogal 'n vraag wat die houding van die gemeentelede daaroor was dat die noodlenigingswerk wat sy gedoen het, nie deur die kanale van die Ned. Geref. Kerk of die ACVV gedoen is nie, maar deur die kanale van 'n buitekerklike instansie? Hoe sou haar man daaroor dink?

13.3. 'n Nuwe situasie aan die Kweekskool

Prof. Keet het nie net by die huis verandering beleef nie. Met die aftrede van prof. Moorrees en die skorsing van prof. Du Plessis was die situasie nou heeltemal anders aan die Kweekskool. Waar prof. Van Rooyen vroeër alleen gestaan het in sy veroordeling van Du Plessis, het hy nou twee medestanders gekry. Die twee nuwe professore wat in Maart 1931 bevestig is, was beide teenstanders van Du Plessis. Prof. Keet sou nou die een wees wat verskil, aangesien hy dit nie eens was met die veroordeling van prof. Du Plessis nie.

Skielik was prof. B.B. Keet die senior professor aan die Kweekskool. Hy het op 25 Maart 1931 die eerste keer die voorsitterstoel van die Raad van Professore ingeneem.⁴ Saam met die twee nuutgekose professore is ooreengekom om af te sien van die gebruik dat die oudste professor die voorsitter

⁴ Raad van Professore: Notule 25 Maart 1931, 230.

sal wees en die jongste in diensjare die skriba. Die vergadering het besluit dat die voorsitterskap en skribaat voortaan by rotasie waargeneem sou word, op so 'n wyse dat die persoon wat die voorsitterskap gedurende 'n sekere jaar bekleed, vir twee jaar sou rus en dan weer die skribaat sou waarneem. Die skriba sou dan die volgende jaar die voorsitter opvolg.⁵

Op die vergadering is ook besluit om die professorebiduur wat "weens sekere omstandighede" in onbruik geraak het, weer in die lewe te roep. Die vergadering sou in die toekoms die eerste Maandag van elke maand by een van die wonings van die professore gehou word.⁶

Die aftrede van prof. Moorrees het ook 'n leemte by die Fakulteit van Teologie aan die Universiteit gelaat. Op 8 Mei 1931 het die Uitvoerende komitee van die Senaat aanbeveel dat prof. Keet tot dekaan van die Fakulteitsraad van Teologie van die Universiteit benoem word.⁷

Die kerk sou na prof. Keet as senior teoloog te Stellenbosch opsien vir leiding. Die afsterwe van sy voorganger, prof. P.G.J. de Vos, op 1 Oktober 1931, sou die posisie nog meer beklemtoon.⁸ Hoewel sy leiding nie altyd aanvaar is nie, het die tyd dikwels later uitgewys dat daar met meer erns na hom geluister moes gewees het. Daarvoor sou sy beredeneerde denke sorg. So was dit ook met die Du Plessissaak, m.b.t. die kerkregtelike optrede.

⁵ Dies.

⁶ Dies., 284.

⁷ Universiteit van Stellenbosch Senaat: Notule 8 Mei 1931, 93.

⁸ Kuratorium: Notule, 9 November 1931, 10. (Prof. Keet was een van die slippedraers op die begrafnis.)

13.4. Die afhandeling van die Du Plessissaak

Die sinodebesluit om prof. Du Plessis in sy amp te stuit, het nie die leergeskil beëindig nie.

Prof. Du Plessis het geweier om hom neer te lê by die sinodebesluit en het hom tot die burgerlike hof gewend om die besluit tersyde gestel te kry.⁹

Die redakteur van *Die Kerkbode*, Du Plessis se vriend, P.G.J. Meiring, het tydelik afstand gedoen van die redakteurskap. A.C. Murray is gevra om die blad te redigeer. Op 8 April 1931 het die eerste artikel uit die pen van die tydelike redakteur verskyn. Hy was duidelik bewus van sy taak en opdrag. Die Raad van Kerke het 'n "behoudende" beleid, wat in ooreenstemming met die kerk se tradisionele siening van die Skrif en die belydenisskrifte was, verlang.

Die tydelike redakteur het die voorsitter van die Kerkbode-kommissie, B.B. Keet, nader geroep om die inleidingsartikel te skryf, om so te help met 'n bevredigende standpuntstelling. Keet is genooi om die geestelike doodsheid in die kerk aan te spreek. Die hoogleraar in dogmatiek het met die leer en die lewens erns gemaak. Hy het geskryf dat die prediking van die Woord nie die enigste saak van belang in gereformeerde godsdiensoefening was nie. Daar moes ook aktiewe meelewing wees. Anders sou dit lei tot geestelike doodsheid. Met gereformeerde verantwoording moes daar voldoen word aan hierdie "versugting" dat die kerk geestelik lewend sou bly.¹⁰ Dit was 'n bedekte waarskuwing aan sommige.

Op 24 November 1931 het die verhoor van die saak 'n aanvang geneem. Al drie die toenmalige professore aan die Kweekskool is opgeroep om getuie af te lê, Keet en Moorrees aan die kant van die eiser en Van Rooyen aan die kant van die verweerder. Ook een van die nuwe professore, D.G. Malan, en

⁹ *Die Burger* 9 April 1930 het aangekondig dat die moderatuur gedagvaar is.

¹⁰ *Die Kerkbode* 27 Mei 1931, 964.

prof. J.D. du Toit het teen Du Plessis getuig. Die getuienisse sou hoofsaaklik wentel rondom die Skrifbeskouing, kenosisleer, asook die regmatige of onregmatige optrede van die sinode.

In sy getuienis het die eiser, prof. Du Plessis, hom gehou by die onderskeid tussen vorm en inhoud in die Skrif, asook dié tussen Skrif en Woord van God.¹¹ Oor die kenosisleer het hy hom versigtig uitgelaat. Hy het beweer dat Christus by die aanname van die menslike natuur van sekere eienskappe afstand gedoen, dit verberg, of soos 'n kleed afgelê het.¹²

Prof. Keet het in sy getuienis op 1 en 2 Desember 1931 aan die verweerders toegegee dat die Skrif onfeilbaar vir sy doel is, naamlik vir die mededeling van saligmakende kennis. Hy het egter daarop gewys dat die "waarheid" van Skrifgedeeltes verskil met betrekking tot die betrokke literatuursoorte waarin dit voorkom.¹³ Die skeiding tussen vorm en inhoud in die Skrif het hy verwerp. Hy het ook nie met Du Plessis saamgegaan met die opvatting dat die teoloog die bevoegdheid het om die Woord van God van die Skrif te skei en wou nie daarvan weet dat die onfeilbaarheid van die Skrif alleen op die religieus-etiese boodskap daarvan betrek mag word nie.

Daarmee saam het hy by sy standpunt van 1929 gebly dat die kuratore die menslike natuur van Christus oorbeklemtoon het ten koste van sy Goddelike natuur.¹⁴ Hy het ontken dat Christus Goddelike eienskappe in die eintlike sin afgelê het.¹⁵ Hy het byvoorbeeld verklaar: "Natuurlik was Hy in Sy mensheid nie alwetend nie, anders sou Hy nie waaragtig mens gewees het nie."

¹¹ Die Kerksaak, 28-32, 46, 49.

¹² a.w., 35, 36.

¹³ a.w., 93.

¹⁴ Nasionale Pers: Die kerksaak tussen prof. J. du Plessis en die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 102.

¹⁵ Die Kerksaak, 99-101.

Vir die verweerders het Totius in ooreenstemming met prof. Keet se getuienis, die eiser se dualistiese Skrifbeskouing afgewys. Ook is prof. Du Plessis se afleggingsleer en die meriete van die Hoër Kritiek verwerp.¹⁶

In die kruisverhoor van prof. Keet is veral op die kerkregtelike korrektheid van die optrede van kerklike kant teen Du Plessis gekonsentreer. Prof. Keet het aangehaal uit **The Church and its Polity** van dr. Hodge¹⁷, asook uit die offisiële wetboek van die United Free Church of Scotland¹⁸ om aan te dui dat die kuratorium nie reg gehad het om na die vryspraak van die ring van Stellenbosch na die sinode te appelleer nie.

Vir die ingeligte moes hierdie aanhalings deur prof. Keet vreemd voorgekom het. Hodge was 'n woordvoerder van die Skots-juridiese stelsel van die presbiterianisme, wat regering deur vergaderings wat opklimmend in gesag is, beklemtoon het. Daarteenoor was prof. Keet juis 'n voorstander van die presbiteriale regering, m.a.w. regering deur die amp en het hy die gesag van die plaaslike gemeente beklemtoon.¹⁹ Vir sy argument het hierdie aanhalings hom egter gepas.

Toe die advokaat vir die verdediging, adv. Centlivres, prof. Keet na sy opinie van prof. H.J. Royaards van Utrecht se boek: **Hedendaagse Kerkreg van die Hervormdes in Nederland**, vra, was prof. Keet se antwoord daarop: "Ek het nog nooit met hom kennis gemaak nie, ek ken hom glad nie. Ek het nog nooit met daardie boek gewerk nie." Volgens prof. Keet was die rede daarvoor dat hy sy opleiding in Kerkreg te Amsterdam ontvang het by "die jong Kuyper en hy is iemand wat ek beskou as 'n outoriteit op die kerkreg vandag. En sy lesse was gebaseer meestal op wat skrywers voor hom gesê het, soos Voetius en

¹⁶ a.w., 126-132.

¹⁷ p. 479, in **Die Kerksaak**, 96.

¹⁸ **Practice and Procedure of the United Free Church of Scotland**, artikel 5, p. 81, in **Die Kerksaak**, 96 en 97.

¹⁹ **Na honderd jaar....**, 1924, 8, 9, 14.

Rutgers." Volgens Keet was sy dosente te Amsterdam van mening dat die Hervormde Kerk in Nederland op meer as een punt nie die Gereformeerde beginsels gehandhaaf het nie en daarom het hy nie soveel kennis met die Hervormde skrywers gemaak nie.²⁰

Die hof het die skuldigbevinding van prof. Du Plessis, sowel as die tug wat op hom toegepas is deur die sinode van 1930, nietig verklaar, op grond daarvan dat die sinode nie sy eie kerkregtelike prosedures gevolg het nie. So is die vrypraak van die ring van Stellenbosch gehandhaaf. Prof. Keet is dus deur die hof gelyk gegee, wat betref sy standpunt van 1928, dat die sinode kerkregtelik verkeerd opgetree het deur die appèl van die kuratorium in behandeling te neem, nadat die ringskommissie geweier het om 'n akte van beskuldiging op te stel.²¹

Onmiddellik was die kerk in 'n moeilike posisie geplaas. Die hof het aan Du Plessis die reg gegee om sy professorale werksaamhede aan die Kweekskool te hervat, terwyl die sinode sy leer as onregsinnig veroordeel het. Die klasse aan die Kweekskool sou aan die einde van Februarie 1932 weer in aanvang neem en tensy 'n ander reëling getref sou kon word, sou prof. Du Plessis sy werksaamhede hervat. Die moderatuur wou nie hieroor 'n besluit op hul eie neem nie en het die meer verteenwoordigende Sinodale Kommissie opgeroep vir 'n vergadering op 18 Februarie 1932. Ten einde die sinodale kommissie in die geleentheid te stel om van die reg van appèl gebruik te maak, het die moderatuur op 27 Januarie 'n formele kennisgewing van appèl by die griffier van die hof ingedien. Die Sinodale Kommissie het met prof. Du Plessis ooreengekom dat aan hom verlov van afwesigheid met behoud van salaris en huistoelaag verleen word tot by die volgende sinode in Oktober 1932. Dit sou die sinode die geleentheid gee om self handelend op te tree.

²⁰ Die Kerksaak, 102.

²¹ De Kerkbode 26 September 1928, 470.

Opmerklik is dat prof. Keet nie meegedoen het aan 'n brief van die ander drie professore van die Kweekskool in *Die Kerkbode* van 16 Maart 1932 nie. Professore Van Rooyen, Malan en Lategan het daarin die sinode opgeroep om aan homself getrou te bly en Du Plessis nie weer as dosent toe te laat nie.

'n Deel van die rede hiervoor kon wees dat prof. Keet deur die moderator gevra is om in 'n onoffisiële kommissie te dien wat moes oorweeg wat die beste was om onder die omstandighede in verband met die kerksaak te doen.²²

By die sinode van 1932 is die leerbesluite van 1928 herroep in die oortuiging dat die Formuliere van Enigheid 'n genoegsame toets vir die suiwerheid van die leer was.²³ Daarmee is afgesien van 'n benadering met 'n fundamentalistiese strekking.

Op die sinode self het prof. Du Plessis in sy toespraak gewaarsku teen die "verdoppering", die verenging van die Kerk. Indien dié weg ingeslaan word, sou die Ned. Geref. Kerk 'n sekte word wat veral intellektueles en jongmense sou vervreem.²⁴

Die moderator, ds. G.J. Hugo, het op die vergadering baie sterk leiding geneem. Op sy voorstel het die sinode besluit dat die professor se dienste beëindig word, met behoud van sy volle salaris en huistoelae, totdat hy self besluit om as professor uit diens te tree. Dan sou die professorale pensioen tot sy beskikking wees.²⁵

Prof. Keet was nie gelukkig met die besluit van die sinode nie. In *Die Kerkbode* van 14 Desember 1932²⁶ het hy sy

²² *Die Kerkbode* 14 Desember 1932, 1092 verwys Keet na sy deelname aan die onoffisiële kommissie.

²³ sinode van die Kaapse Kerk: *Handelinge* 1932, 148.

²⁴ vir die oorspronklike kopie van sy toespraak, kyk P2-3/1 Kerksaak; *Dokumente en Uitgaande Briewe*.

²⁵ Kaapse Kerk: *Handelinge van die Sinode*, 1932, 175-178.

²⁶ p. 1092.

standpunt gestel. Hy het gesê dat hy op die onoffisiële kommissie van die moderator nooit te kenne gegee het dat hy die beëindiging van die dienste van prof. Du Plessis sou ondersteun as die professor sou weier om vrywillig van sy leerstoel afstand te doen nie. Die finale besluit van die sinode het vir hom uiters noodlottig gelyk. Dit het beteken dat die sinode die wettige weg van tugoefening verlaat het en sy eie wette en bepalinge gerepudieer het, die wrange vrugte waarvan tot in lengte van dae gepluk sou word. Miskien sou die gevolge uiterlik nie so duidelik gesien word nie, maar aan innerlike, geestelike krag sou daar 'n verlies gely word, wat nie maklik herstel kon word nie. "Want, verklaar dit soos ons wil, dit is 'n sedelike vergryp, duidelik vir elkeen wat nie sy oë daarvoor wil sluit nie. Alle ware sedelikheid is gegrond op reg; en waar onreg gepleeg word, kan dit deur geen redenering uitgewis word nie, maar alleen deur die herstel van die reg."

'n Tyd na hierdie brief van Keet het 500 persone, onder leiding van prof. E.C. Pienaar, hoogleraar in Hollands aan die Universiteit van Stellenbosch, 'n proteskrif teen die hantering van die sinode van die saak onderteken en is dit aan die sinodale kommissie oorhandig.²⁷ Hulle het prof. Keet aangehaal wat gesê het dat die sinode 'n "daad van onreg gepleeg het".²⁸

Dit is 'n vraag wat prof. Keet dan wou gehad het dat die sinodebesluit moes wees. Wou hy hê dat die sinode die saak weer van vooraf in verhoor moes neem, of prof. Du Plessis in sy pos herstel? As dit die geval was, het Keet die verdeeldheid wat die saak in die Ned. Geref. Kerk veroorsaak het, onderskat. Was hier tekens dat Keet in die "ivoortoring" van Stellenbosch nie meer in voeling met die lidmaat op gemeentevlak was nie?

²⁷ Sinodale kommissie van die Kaapse Kerk; Notule, 504, gedateer 10 September 1933.

²⁸ Aangehaal uit **Die Kerkbode** 14 Desember 1932, 1092.

13.5. 'n Nuwe Blad

Geleidelik het die toneel rondom prof. Johannes du Plessis verander. Hy het op die periferie van die kerklike lewe gaan staan. Die "saak" het uit die bladsye van **Die Kerkbode** verdwyn.

Aan die begin van 1933 het **Die Ou Paaie** oorgegaan in 'n nuwe blad, **Die Gereformeerde Vaandel**. Al drie prof. Keet se kollegas was op die redaksie. Die blad was uitgesproke konfessioneel. Du Plessis sou glad nie met die blad se standpunte genoeë neem nie. Hy het dit veroordeel as iets wat in die dampkring van die Amerikaanse fundamentalisme tuis gehoor het.²⁹

Prof. Keet, wat op die stadium voorsitter van die Kerkbode-kommissie was, sou versigtig moes wees. As persoon wat nie partyskappe wou bevorder nie, wou hy hom nie teenoor die drie professore stel nie.³⁰ Insiggewend is dan ook dat die Kerkbode-kommissie op 7 Junie 1933 'n nuwe voorsitter gekry het, in die persoon van ds. A.J. van Wyk.³¹

13.6. Begeleiding van die studente

Prof. Keet het besef dat die sinodebesluit finaal was. Hy het dit nie as sy taak gesien om verder vir Du Plessis te ywer nie. Hy sou voortgaan om na sy oortuiging leiding te gee op alle gebiede waar hy betrokke was. Verder sou hy hom toewy aan die finalisering van die Bybelvertaling, sy doseerwerk, die CSV en Universiteitsraadswerksaamhede.

²⁹ **Die Soeklig**, 15 November 1932.

³⁰ Sy siening oor partyskappe kan gesien word in **Die Kerkbode** 12 Februarie 1936, 311.

³¹ Kerkbode-kommissie: Notule, 7 Junie 1933, 16.

Reeds op 25 Maart 1931 het die Raad van Professore besluit om voortaan studente in hul kamers te besoek om hul te begelei in hul geestelike lewe en saam met hulle te bid. Aan elke dosent sou jaarliks 'n spesifieke jaargroep toegewys word. Vir 1932 is die eerstejaars aan Keet toegewys.³²

Hierdie gebruik sou prof. Keet nog meer op die golflengte van die studente bring. Sy fyn aanvoeling vir wat in die studentegemoedere aangaan, sou ook neerslag vind in die gebeure van 20 April 1932, toe drie Kweekskoolstudente die vergadering van professore gevra het om sekere griewe van die studente te bespreek. Toe die ander drie dosente besluit het om nie die sake dadelik aan te spreek nie, het prof. Keet in die minderheid teen die uitstel daarvan tot 'n later datum gestem.³³ Prof. Keet het die hart van jongmense verstaan, dat hulle nie gediend sou wees met voeteslepery nie.

As lid van die koshuiskomitee van die Universiteitsraad sou hy ook ten nouste betrokke wees by die handhawing van goeie verblyf vir die studente. Hierdie komitee was onder andere verantwoordelik vir die aankoop van meublement, die aanstel van koshuispersoneel, klagtes vanuit die koshuise, die hersiening van koshuisreëls, ontgroening, losiesgelde, en koshuistelefone. In prof. Keet, met sy liefde vir die jongmense en sy noue kontak met hulle deur die CSV, het die studente 'n pleitbesorger soos min gehad.

Dit sou hom soms in moeilike posisies plaas. So bv. het die studenteraad met 'n voorstel gekom, na 'n monstervergadering, dat dames 2 maal per kwartaal, met toestemming van hul ouers tot 00:30 uit kon wees. Die koshuiskomitee, wat die saak ondersoek het, het toe aanbeveel: "Die Raad is van oordeel dat die heil van die universiteit en die goeie naam van die kosinrigtings in verband daarmee bevorder sou word wanneer studente wat daar loseer, geen deel sou neem aan danspartye en verwag dan ook van die bestuurders van die inrigtinge dat geen

³² Vergadering van Professore: Notule 25 Maart 1931, 285, en 16 Nov 1931, 286.

³³ Vergadering van Professore: Notule 20 April 1932, 291.

verlof daarvoor gegee sou word nie. Die verantwoordelikheid van die bestuurders vir die handelwyse van studente hou dan op waar hul vir vakansietyd en ander vrye dae by vriende tuis is met die medewete van hul ouers of voogde."³⁴ Dit is vandag 'n vraag of prof. Keet met hierdie voorstel sou saamgaan. Hy het geweet watter teenkanting die besluit van die studente sou kry. Die negatiewe reaksie op die besluit het dan ook daartoe gelei dat die koshuiskomitee na 'n vergadering op 11 September 1931 aanbeveel het dat die besluit opgeskort moes word en dat die studente se voorstel as 'n proefneming ingestel sou word.³⁵

Prof. Keet sou hom ook nie net met die fisiese behoeftes van die studente bemoei nie. Net soos aan die Kweekskoolstudente, moes daar aan die ander studente op Stellenbosch se geestelike versorging aandag gegee word. Aan die einde van 1931 het dr. Keet die bevinding van 'n komitee oor Bybelstudie aan die CSV-hoofbestuur voorgelê dat 'n begin gemaak moes word met kort kursusse vir kringleiers.³⁶ Hierdie opleiding sou in die jare wat kom, 'n groot bydrae lewer tot die geestelike verdieping van baie studente.

Juis vanweë hierdie kontak met die studente sou prof. Keet sien hoe groot die nood was dat die Bybelvertaling voltooi moes word. Vir die meeste studente het die Nederlandse Bybel hul godsdiensbeoefening in 'n milieu geplaas waaraan hulle vreemd was. Die einde was darem in sig.

13.7. Die afhandeling van die Bybelvertaling

Nog voor die verskyning van die Bybelvertaling in Mei 1933, het prof. Keet 'n brief vanaf die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap ontvang. Hierin is hy meegedeel dat hy op 'n vergadering gehou op 20 Maart 1933 verkies is tot lewenslange

³⁴ Universiteitsraad: Notule 22 Augustus 1931, 195.

³⁵ Dies., 10 Oktober 1931, 197.

³⁶ CSV hoofbestuursvergadering: Notule 17 Des 1931, 31.

eregoewerneur van die genootskap.³⁷ Dit sou die eerste wees van vele huldeblyke wat hy sou ontvang vir sy bydrae tot die Afrikaanse Bybelvertaling.

Op Maandag 29 Mei 1933 het die eerste 10 000 Bybels in Kaapstad aangekom.³⁸ Daarna is die Bybels met periodieke besendings van 10 000 elk deur die land versprei.

Op Sondag 27 Augustus het die offisiële verwelkoming van die Afrikaanse Bybel in al die Hollandse Kerke plaasgevind. Proff. Keet en Van Rooyen was tydens die feesvieringe 'n paar dae van die Kweekskool afwesig ten einde die dankfees in Bloemfontein by te woon.³⁹

Die instemming waarmee die nuwe vertaling ontvang is, moes vir prof. Keet groot vreugde verskaf het. Dit sou hom laat voel dat al die sweet en arbeid van baie jare die moeite werd was. Hiermee het prof. Keet se lewe dan ook 'n nuwe fase ingegaan. Alhoewel hy nog betrokke sou wees by die hersiening van die vertaling, sou dit nie meer al sy vrye tyd in beslag neem nie.

Beoordeling

As persoon slaag prof. Keet daarin om gedurende die Du Plessissaak die vriendskap van sy kollega te behou, sonder om Du Plessis se leer te onderskryf. Hy slaag ook daarin om die vertroue van die breë kerklike publiek in hom te behou. Die hofsaak het hom egter gedwing om te kies. Hy kon nie vir beide partye getuig nie. Steeds behou hy egter sy geloofwaardigheid, ten spyte daarvan dat hy hom met sy getuienis vir Du Plessis apart gestel het van die ander drie professore aan die Kweekskool, asook van sy medevertaler, Totius.

³⁷ Brief, gedateer 7 April 1933, is in een van plakboeke van mev. Keet, in Kaapse kerkargief.

³⁸ **Die Kerkbode** 7 Junie 1933, 1046.

³⁹ Kuratorium: Notule 6 Desember 1933, 38; Program ingebind in lêer N367(d), Nienaber-versameling, Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.

Wanneer hy, na die bevestiging van die twee nuwe dosente, die enigste dosent is wat nie 'n anti-Du Plessisman is nie, isoleer hy hom nie van sy kollegas nie. Sy afkeer van partyskappe en ingesteldheid tot versoening het eerder mettertyd die verskeurdheid wat daar in die Kweekskool was, verwater.

Sy voorstel dat die senior professor nie permanent die voorsitter van die Raad van Professore sou wees nie, kan gesien word as 'n poging om prof. Van Rooyen nie ondergeskik te laat voel nie. Hy is immers nie lank na prof. Keet aan die Kweekskool bevestig nie. Dit is ook tekenend van prof. Bennie Keet se eie persoon dat senioriteit en eer nooit vir hom belangrik was nie. Verder was dit die konsekwente deurvoering van die beginsel van die gelykheid van die ampte.

Die feit dat Keet onder die eindvertalers⁴⁰ was, was 'n aanbeveling in ere sin in die oë van die Afrikaanse publiek en sou hom vir die res van sy lewe positief toegereken word.

Dat mev. Keet eerder by die werksaamhede van die Kindersorgvereniging as die ACVV ingeskakel het, is tiperend. Die Kindersorgvereniging het daarin van die ACVV verskil dat die Kindersorg/Childcare nie spesifiek Christelik en Afrikaans georiënteerd was nie en hom ook nie op die Afrikaner se nood nie, maar spesifiek die kleurlingnood toegespits het. As daarmee saam geneem word prof. Keet se betrokkenheid by die interkerklike CSV, kan afgelei word dat die gesin Keet nie die reikwydte van die evangelie tot die Afrikaner wou beperk nie. In die geledere van die Afrikaner-Nasionalisme sou hiervoor nie altyd begrip wees nie. In die volgende hoofstuk word hierop teruggekom.

Die opvatting dat dit prof. Keet se Engelse eggenoot was wat hom mettertyd van die Afrikaner-Nasionalisme vervreem het, is 'n halwe waarheid. Baie ander redes kan aangevoer word waarom prof. Keet al verder van dié stroming te staan gekom het. Die

⁴⁰ Nienaber, P.J.: Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, Kaapstad, 1934, 110 en 116 beskou Keet as "eindvertaler".

belangrikste hiervan is sy beredeneerde denke en sy ruim ekumeniese ingesteldheid. Dit was al kenmerkend van hom voordat hy Jessie Reitz ontmoet het. So was hy bv. al 'n dekade lank voorsitter van die CSV voor hy haar ontmoet het. Die feit dat hy hom nie kon vereenselwig met die ongekwalifiseerde veroordeling van prof. Du Plessis nie, soos dit by baie in daardie kring gangbaar was, het ook afstand tussen hom en sommige gebring.

Dit is duidelik dat die tydperk wat hy reeds op Stellenbosch deurgebring het, 'n beduidende invloed op prof. Keet se uitgangspunte gehad het. Tiperend van die breër gemeenskap van die dorp was 'n bemiddelende siening van dinge. So was daar die akkommodering van die Engelse, die ineenloop van die Gereformeerde en Evangeliese tradisie en ook die aanvaarding van 'n presbiteriale kerkreg, maar akkommodering van die Presbiteriaanse beginsels daarin. Prof. Keet sou geleidelik die aanpassing maak van die Vrye Universiteit en sy Neo-Calvinisme, na dié Stellenbosche tradisie. Mev. Keet sou haar van die begin af ook daarvoor laat vind.

Tekenend van hierdie nuanseverskuiwing is prof. Keet se inleidingsartikel as voorsitter van die Kerkbodekommissie in 1930. Toe het hy geskryf dat met gereformeerde verantwoording daar voldoen moes word aan die "versugting dat die kerk geestelik lewend sou bly."⁴¹ Dit is seker in 'n poging om aan hieraan te voldoen dat prof. Keet hom so met die CSV vereenselwig het. Met hierdie denke was hy op dieselfde golflengte as prof. Du Plessis, wat op die sinode van 1930 gewaarsku het teen die opgaan in 'n "verdoppering", wat die intellektueles en die jongmense van die kerk sou vervreem.⁴²

⁴¹ Die Kerkbode 27 Mei 1931, 964.

⁴² Kerkzaak: Dokumente en uitgaande briewe P2-3/1: Du Plessis se toespraak voor sinode.

HOOFSTUK 14: VERSET TEEN ENGHEID IN DENKE (1933-1938)

Met die afhandeling van die Du Plessissaak en die Bybelvertaling het Barend Bartholomeus Keet se lewe nou 'n nuwe fase binne gegaan. Hy kon nou sy onverdeelde aandag aan sy werk aan die Kweekskool gee. In hierdie tyd het hy hom teen engheid van denke verset. Volgens hom het dit die gevaar van geestelike doodsheid ingehou. Met sy sin vir geregtigheid kon hy hom verder nie vereenselwig met groepe wat nie ruimte vir andere gebied het nie.

Vrae wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word, is: Waarom het hy dit teen partyskappe in die kerk gehad en wou hy hom nie laat groepeer nie? Sou hy hom laat vind vir medewerking aan die nuwe blad Die Gereformeerde Vaandel?

Verder word gevra: Hoe skakel die egpaar in by die gemeenskap? Hoe sou die professor se verhouding met sy kollegas en Du Plessis wees na die sinodesitting van 1932? Hoe sou hy voel oor die Konfessionele Vereniging? Waarom kon prof. Keet hom nie identifiseer met die skorsing van student Jordaan nie? Waarom het hy sonder om prof. Lategan in die saak te ken, aansoek om revisie van die saak gedoen? Wat sou sy bydrae wees om die Du Plessissaak aan die Kweekskool te verwerk? Hoe het hy die verhouding tussen die CSV en die Kerk gesien? Hoe was hy as beredeneerde denker in staat om sy teologiese standpunte met die uitgangspunte van die CSV te vereenselwig? Waarom het hy dit nodig gevind om die CSV te verdedig, wetende dat hy daardeur in die gedrang sou kom?

Die hoofstuk eindig met die afsterwe van prof. Moorrees op 17 November 1938, die laaste van die ou garde Kweekskoolprofessore.

14.1. Die Keet-gesin geniet agting by inwoners van Stellenbosch

Professor en mev. Keet het algaande aanvaarde inwoners van Stellenbosch geword. Bo en behalwe prof. Keet se werk as

dosent, sou die gesin se betrokkenheid by die gemeenskap hiertoe bydra. Hieronder tel veral die professor se voorsitterskap van die interkerklike CSV se hoofbestuur en ook sy lidmaatskap van die Universiteit se raad en senaat. Mev. Keet was veral baie betrokke by die Kindersorgvereniging. Hierdie dinge sou baie van hul tyd in beslag neem.

Die ondervindinge wat hulle in hierdie verband opgedoen het, sou 'n besliste invloed hê op hul standpuntstelling. Prof. Keet sou hom laat vind vir die tradisie van denke wat so kenmerkend was van Stellenbosch, nl. 'n soort bemiddelende houding, wat deurgewerk het op alle aspekte van die lewe.

In die Ned. Geref. Kerk het die klem, anders as by die Kindersorgvereniging, op die nood in blanke geledere geval. Die armblankevraagstuk is deur die Kerk aangepak. Skemas is ontwikkel om die werkloosheid onder die Afrikaner, wat in die stede moes meeding met die swartes, te verminder. Die probleme wat blankes gehad het om by die industriële stad aan te pas, is omtrent net so afgewentel op die "swart gevaar". Hierdie oriëntasieproses het die gedagte van "geen gelykstelling", die latere apartheidsidee, verdere beslag gegee.

Vakansietye het die Keetgesin dikwels die pad see toe gevat. Seker die mees geliefde kampplek vir die gesin was die afgesonderde plekkie "Huisklip", naby Humansdorp. Daar het hulle jaarliks saam met goeie vriende, Mike en Emmie Rademeyer, gekampeer. Oor die pragtige plekkie het dr. Kosie Gericke, toe hy eenmaal saam met hulle daar gekampeer het, gesê: "As daar 'n strand in die hemel sal wees, dan sal dit Huisklip wees."

Eendag het mev. Keet 'n nare ondervinding daar gehad. Toe sy die oggend die matras ophig waarop hul die vorige nag in die tent geslaap het, het sy 'n yslike pofadder onder die matras ontdek. Vier tree het sy deur die lig geretireer, by die besef dat sy die hele nag op die pofadder geslaap het!

Prof. Keet was 'n ywerige hengelaar. In hul voorhuis sou vir jare 'n foto van die groot vis wat hy op 'n keer by Waenhuiskrans gevang het, staan.

Op Stellenbosch het die gesin 'n wye vriendekring opgebou. Onder hul huisvriende het getel hul bure, prof. en mev. Stegman, tant Katie Neethling, waar prof. Keet en klein Bennie vroeër gebly het toe Keet nog wewenaar was, prof. en mev. Cruse, waar die professor en sy seun ook gebly het terwyl sy huis in aanbou was, asook die gesinne van proff. ^eSurton en Reinecke.

Die bure het dikwels oor en weer gekuier. Dit was veral die Stegmans se dogtertjie, Elsa, wat baie lief was om by oom Bennie en tannie Jessie 'n draai te gaan maak.

Hul vriendekring sou ook mettertyd verbreed, vanweë hulle betrokkenheid by die gemeenskap. Hulle baie verpligtinge het meegebring dat die Keet-gesin nie altyd die aandag aan hul vriende kon gee soos hulle graag wou nie. So het die verpligtinge bv. vermeerder met die verkiesing van prof. Moorrees tot kanselier.¹

Regter H.S. van Zyl, die nuwe vise-kanselier het dit 'n gewoonte gemaak om as voorsitter van die universiteitsraad by elke vergadering vir prof. Keet te vra om óf die vergadering met gebed te open óf af te sluit. Die vise-kanselierskomitee het ook aanbeveel dat prof. Keet in die plek van prof. Moorrees, wat nou nie meer deel van die Universiteitsraad was nie, op die eregradekomitee aangestel word.² Hier sou hy sy invloed laat geld. In die daaropvolgende jare sou verskeie persone met wie hy voorheen te doene gehad het, eredoktorate kry. So is 'n eredoktoraat bv. in 1936 aan prof. Moorrees en in 1937 aan prof. J.D. du Toit (Totius) toegeken.³

¹ Universiteitsraad: Notule 4 Maart 1933, 138 en 140.

² Dies., 17 Junie 1933, 163.

³ Dies., 10 Oktober 1936, 124; 9 Oktober 1937, 320.

14.2 Verontrusting oor konfessionele studente in die Kweekskool, wat as "elite groep" getipeer is.

Die meningverskil in die gemeenskap as gevolg van die Du Plessissaak sou tyd vat om te heel. Prof. Du Plessis se eggenote en kinders was verbitterd na die saak en het nie meer die eredienste in die moederkerk bygewoon nie. Prof. Du Plessis self was egter elke Sondag op sy pos in die erediens.

Na afloop van die Du Plessissaak was dit duidelik dat 'n nuwe teologiese denkstroom voortaan die leiding sou oorneem binne die Ned. Geref. Kerk. Jong teoloë wat meestal hul studies aan die Vrije Universiteit en Princeton voltooi het, het na vore getree as die ware kampvegters vir die Gereformeerde leer - ortodoks en behoudend. Uit hierdie oord is Du Plessis en sy medestanders bestry. Dit is ook sommige van hierdie teoloë wat in die laat dertigerjare ongeduldig sou raak met 'n bloot pragmatiese benadering tot die rassebeleid. Die apartheidsmodel moes in 'n Skriftuurlik-begronde denksisteem gegiet word.

Op 27 Augustus 1933, die dag toe die Afrikaanse vertaling van die Bybel amptelik in gebruik geneem is, het die Calvinistiese verenigings van Potchefstroom en Stellenbosch 'n federasie tot stand gebring. Die doel van Die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika (F.C.S.V.) was "om die Calvinistiese beginsels, soos vervat in Gods Woord, op al die terreine van die wetenskap te eerbiedig, aan te kweek, voort te plant en te verdedig."⁴ Om hierdie doel te bevorder, is onder andere besluit om 'n 'samelwerk' uit te gee. Prof. H.G. Stoker en dr. F.J.M. Potgieter is as hoofredakteurs aangestel⁵. Die redaksie het van die begin af vir prof. J.D. du Toit en dr. E.E. van Rooyen as adviseurs benoem. Later het die redaksie die behoefte gevoel om die aantal adviseurs uit te brei en prof. Bennie Keet en prof. J.C. van Rooy is verder benoem.

⁴ Federasie van die Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika: **Koers in die Krisis I**, Stellenbosch, 1935, 381-383.

⁵ Dies., 384.

Vir prof. Keet moes dit in 'n moeilike posisie geplaas het. Vir hom was versoening tussen mense baie belangrik.⁶ Deur aan hierdie bundel mee te werk sou hy meehelp om prof. Du Plessis en sy aanhangers nog meer die harnas in te jaag. Aan die ander kant sou hy kon meehelp om die soms skewe beeld van die Calvinisme reg te stel. Hy het egter ook met die probleem gesit dat hy net 'n adviseur was en dus nie 'n beslissende invloed kon hê nie. Wat moes hy maak as hy met die redakteurs oor hulle standpunte verskil? Die sinnetjie in die redaksionele voorwoord, nl. "Prof. Keet het as adviseur aangebly tot einde van Desember 1934." is veelseggend. Dit beteken dat hy hom net voor die publikasie van die versamelwerk onttrek het.⁷ Die redes hiervoor sou met die publikasie duidelik word.

Aan die Kweekskool het die verdeeldheid rondom die leringe van prof. Du Plessis voortgeduur. 'n Stryd het ontstaan rondom die "Konfessionele Studiekring" se vereistes vir lidmaatskap. By hierdie vereniging, wat in 1933 deur 'n groep studente gestig is "om die studente die geleentheid te bied om die belydenisskrifte van die kerk te bestudeer", was lidmaatskap alleen op uitnodiging moontlik. Die studenteliggaam, Polumnia, was nie daarmee tevrede nie en het 'n spesiale vergadering van die Raad van Professore aangevra, waarin hulle die professore versoek het om aan te dring daarop dat die "Konfessionele Vereniging"⁸ hul toelatingsklousule moes rojkeer om aan meer studente toegang te gee. Hulle rede was dat die klousule verdeeldheid onder die studente bewerk het. Die Konfessionele Vereniging daarteenoor het aangevoer dat die rojering daarvan die uitgangspunt van die vereniging en sy konstitusie in gevaar sou stel. Na drie en 'n halwe uur se

⁶ Bewys hiervan is bv. sy brief in **De Kerkbode** 29 Januarie 1930, 220 waar hy die partye in die geskil aanmoedig om te soek na "gemeenskaplike grond".

⁷ Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings van SA: **Koers in die Krisis I**, 1935, xi.

⁸ Volgens die Notules van die Raad van Professore lyk dit asof die "Konfessionele Studiekring" in die gewone omgang "Konfessionele Vereniging" genoem is.

debat het die professore besluit dat hulle nie hul weg oopgesien het om so 'n versoek aan die genoemde vereniging te rig nie. Hierop het prof. Keet sy teenstem laat aanteken.

Nadat die besluit aan Polumnia oorgedra is, het die beswaardheid van 71 studente oor die antwoord die Raad van Professore genoop om op 20 Augustus 1934 'n spesiale vergadering te hou. Die Raad van Professore het vyf verteenwoordigers van die 71 studente en vyf van die Konfessionele Vereniging toegelaat om hul saak te kom stel. Die afvaardiging van die Konfessionele Vereniging het bestaan uit studente J.D. Vorster, H. Reynecke, J. Strumpher, J. Krige en F.J.M. Potgieter. Die verteenwoordigers van die 71 studente was W. Straus, P. Jordaan, B.J. Marais, Z.B. Loots en W. Landman.

Nadat 'n aantal vrae gevra is, het prof. Keet 'n kort pleidooi ten gunste van die rojering van die toelatingsklousule van die konstitusie gehou. Heeltemal aan die einde, net voor die vertrek van die twee deputasies, het die voorsitter, prof. Lategan, sy gevoel uitgespreek dat, as die professore die rojering sou adviseer of gelas, dit sou neerkom op die opdringing van die sienswyse van die een party op die ander en dat dit nie daadwerklik die eenheid sou bevorder nie. Toe die Raad van Professore weer ten gunste van laasgenoemde standpunt stem, het prof. Bennie Keet weer sy stem in die minderheid laat aanteken.⁹

14.3. Versoening

In hierdie tyd het daar iets op Stellenbosch gebeur wat vir baie na die onmoontlike gelyk het. Daar het versoening tussen dr. Snyman en prof. Du Plessis gekom. Dr. Snyman het prof. Du Plessis vroeg in Oktober 1934 gaan besoek en bely dat in die hitte van die stryd "gedagtes gekoester, metodes gevolg, ja selfs 'n onheilige ambisie gekoester, wat ek in my nugtere oomblikke nie in myself kan goedkeur nie. toe die stryd

⁹ Raad van Professore: Notule, 10 Augustus en 20 Augustus 1934, 314-316.

al heftiger geword het, het gesindhede en metodes van my kant ingesluip, wat ek nou veroordeel".¹⁰

Sommige van die anti-Du Plessismanne het dr. Snyman dit verkwalik. Dit het prof. Keet ontstel. In *Die Kerkbode* het hy geskryf: "Ons moes bv. in die laaste tyd die allervreemdste verskynsel belewe dat Christene hul vererg as iemand in diepe sielsbewoënheid sy skuld voor God bely. - dit was natuurlik nie tot voordeel van die party nie!"¹¹

14.4. Die afsterwe van prof. Du Plessis

Die Du Plessisstryd het 'n laaste fase betree met die afsterwe van prof. Du Plessis.¹² Maandagoggend 18 Februarie 1935 het die teraardebestelling vanuit die kerk waar Du Plessis die laaste jare van sy lewe die kansel belet is, plaasgevind. Die voorgangers by die geleentheid het in 'n sekere sin die lewensloop van die oorledene verhaal. A. F. Louw, sy jeugvriend, het Psalm 23 gelees en in gebed voorgedaan. Piet Meiring, sy studentevriend en jarelange medewerker aan *Die Kerkbode*, het die rede gelewer.

Prof. B.B. Keet is gevra om die rede by die graf te lewer. Volgens G.B.A. Gerdener, in sy boek *Die boodskap van 'n man*, het prof. Keet 'n treffende woord gespreek. Hy het drie trekke van die karakter van die oorledene genoem: sy werklikheidsbesef, sy blanke opregtheid en eerlikheid en sy kinderlike ootmoedigheid en geloof. Verwysende na sy opregtheid, het die spreker getuig: "Hy het gesê wat hy bedoel, en hy het gemeen wat hy sê. Dit is in die dae van stryd en beproewing, wanneer 'n mens in die hitte van die nag versoek word om dit minder nougeset met jou Christelike plig op te neem, dat die ware toets gestel word. Uit daardie toets

¹⁰ *Die Kerkbode* 13 oktober 1934, 722.

¹¹ *Die Kerkbode* 12 Februarie 1936, 311.

¹² Op 16 Februarie 1935.

het hy as ridder sonder vrees en sonder blaam te voorskyn gekom."¹³

Op 15 Maart het die kollege professore met algemene stemme 'n mosie van leedwese aangeneem.¹⁴

Die CSV-hoofbestuur het ook 'n mosie van diepe simpatie met mev. Du Plessis in haar verlies, en van die hoogste waardering vir prof. Du Plessis se dienste aan die beweging aanvaar.¹⁵

Die universiteit het vir prof. Keet genader met die versoek dat hy in prof. Du Plessis se plek Hebreus aan die universiteit sou doseer. Hy het die benoeming op 'n proefgrondslag aanvaar, met dien verstande dat die kuratorium by hul volgende vergadering hulle goedkeuring daaraan sou verleen. Hy het daarmee op 1 Maart 1935 begin.¹⁶ Aan die einde van die jaar het die kuratorium toe verlof aan prof. Keet verleen om die lektoraat te aanvaar, aangesien hy verklaar het dat hierdie nuwe werksaamheid sy doseerwerk aan die Kweekskool geheel en al nie strem nie.¹⁷ Hierdie pos sou hy tot na die helfte van die veertigerjare beklee.¹⁸

Hy is ook gevra om die redakteurskap van **Die Soeklig** oor te neem. Dit sou hom voor 'n moeilike keuse plaas. Hy was die enigste professor van die Kweekskool wat nie op die redaksie van die nuwe blad **Die Gereformeerde Vaandel**, wat in **Die Ou Paaie** se plek gekom het, gedien het nie. Hyself het verkies om liewer in die amptelike blad van die Kerk, **Die Kerkbode** te skryf.

Hy het wel ingestem en het as redakteur opgetree tot aan die einde van 1936. Toe het hy die uitgawes van die tydskrif

¹³ Gerdener, 1943, p.240.

¹⁴ Raad van Professore: Notule 15 Maart 1935, 223.

¹⁵ CSV-Hoofbestuur: Notule, 16 en 17 Des, 1935, dl.2, 99.

¹⁶ Universiteitsenaat: Notule 22 Maart 1935, 152.

¹⁷ Kuratorium: Notule 4 Desember 1935, 70.

¹⁸ Universiteitsenaat: Notule 2 Augustus 1945, 236.

gestaak.¹⁹ As rede is aangevoer dat met die afsterwe van prof. Du Plessis die aanvraag vir die tydskrif sodanig verflou het dat dit nie langer ekonomies geregverdig kon word nie. Die tydjie wat hy redakteur was, het hy kontroversiële sake vermy.

14.5. Die geval "Jordaan"

Nie lank na prof. Du Plessis se begrafnis nie, het daar 'n lelike vete tussen prof. Lategan en 'n sekere student Jordaan ontstaan. Dit het begin toe die student op 2 April 1935 in prof. Lategan se klas 'n boek gelees het terwyl hy moes aandag gee aan die lesing. Die professor het hom vererg vir die student en hom na 'n woordewisseling aangesê om die klas te verlaat. Hy is met die saak na die Raad van Professore toe, wat die hele aangeleentheid na die Kuratorium verwys het.²⁰ Dit het aanleiding gegee tot 'n brief op 12 April aan die Kuratorium deur 'n aantal studente wat hul by die student geskaar het. Op 2 Mei het 'n spesiale kuratoriumvergadering die student vir een jaar van die Kweekskool geskors. Prof. Bennie was nie ten gunste van die voorstel nie en het 'n amendement aan die Kuratorium voorgestel dat, indien die student sou weier om onvoorwaardelik om verskoning te vra, hy vir 'n jaar geskors sou word. Sy amendement is egter verwerp.

Weereens het die student se maats vir hom opgekom. Agt en veertig van hulle het 'n brief geteken waarin hulle gevra het dat die swak klasse van prof. Lategan ondersoek moes word. Op prof. Keet se versoek is nog 'n spesiale kuratoriumvergadering op 12 Junie 1935 gehou, waar Keet revisie gevra het van die Kuratorium se besluit om die student te skors. Dit het daartoe gelei dat die Kuratorium besluit het dat die student se skorsing opgehef sou word as hy bereid sou wees om voor die

¹⁹ Prof. Keet self het hoofsaaklik "Maandkroniek" in **Die Soeklig** behartig. (pp. 1, 33, 64, 97, 129, 160, 193, 215, 247, 279, 310 en 349.) Daarby het hy ook 'n artikel geskryf oor "Die genadeverbond" (15 April 1936, 106) en oor "Die teks van die Bybel" (16 November 1936).

²⁰ Raad van Professore: Notule 3 April 1935, 326.

studente en die professore 'n skriftelike verklaring van verskoning voor te lees. Daartoe het die student ingestem.

Prof. Lategan was nie baie gelukkig met sy kollega se optrede nie en op die Vergadering van Professore van 27 Mei 1935 het hy daarteen beswaar aangeteken dat prof. Bennie om revisie gevra het sonder om hom daarvan in kennis te stel. Prof. Keet het erken dat dit 'n versuim van sy kant was om nie die Raad van Professore van sy voorneme te verwittig het nie.²¹

14.6. 'n Soeke na die ware aard van die Calvinisme

Die afsterwe van prof. Du Plessis het nie die teologiese groeppvorming besweer nie. Die verskillende partye het steeds probeer om hulle siening van sake te bevorder. Veral in die jaar 1935 was daar aansienlike teologiese aktiwiteit. Die Kuyperiaanse Calviniste het hul saak met die publikasie van **Koers in die krisis** bevorder. Die opponerende standpunt is in 'n reeks artikels deur ds. A.A. Weich, onder die skuilnaam "Bekommerd" in **Die Kerkbode** gestel. In dieselfde jaar het die Ned. Geref. Kerk ook 'n "Sendingbeleid" aanvaar.

Koers in die Krisis I was die eerste van drie publikasies van die Federasie van Calvinistiese verenigings, wat in 1933 gestig is. Die ander twee uitgawes het in 1940 en 1941 verskyn. Volgens tipies Kuyperse wyse is die "Calvinistiese beginsels" uitgespel vir elke terrein van die Suid-Afrikaanse samelewing. God se skeppingsordinansies is uitgelig.

Van die vroegste teorieë en teologiese beskouinge, waarin die kerk-volk samehange in Christelik-nasionale gedaante ook op die verhoudingsvraagstukke toegepas is, word in die bundels gekry. Die nasionalistiese denkkeelde wat in die vorige jare in Afrikanergeleedere gangbaar geraak het, soos bv. roeping en

²¹ Dies., 27 Mei 1935, 329.

taak en bestemming, is nou in 'n prinsipiële raamwerk gegiet en "Calvinisme" genoem.²²

Baie duidelik blyk dit dat die apartheidsparadigma ter wille van praktiese eise geleidelik plek maak vir 'n prinsipiële benadering. "Geen gelykstelling" word nou 'n "groot gebod" wat 'n erkenning van die ordinansies van God is en om prinsipiële redes gehoorsaam moes word.²³

Die drie bundels **Koers in die Krisis** het groot invloed in die Kerk uitgeoefen. Volgens Botha het dit vir predikante "standaardnaslaanwerke" oor die "Calvinisme" geword.²⁴

Natuurlik sou daar kommer uitgespreek word oor hierdie teologiese rigting waarin die Ned. Geref. Kerk gelei is. Du Plessis se minderheidsmanne was onvergenoegd met die "ontwikkeling" in die kerk. Ds. A.A. Weich het onder die skuilnaam "Bekommerd" 'n reeks artikels in **Die Kerkbode** geskryf. Hy het homself as 'n "volbloed-Calvinis" tipeer en oor "die twee rigtings van die Calvinisme" geskryf. Die twee benaderings het hy aangewys as die "evangeliese benadering" en die "Neo-Calvinisme"²⁵. Volgens hom was daar "geweldige magte aan die werk om ons Ned. Geref. Kerk van al sy karakteristieke kenmerke te beroof en al meer en meer enkel-Gereformeerd te laat word." Volgens hom "is die Ned. Geref. Kerk veral gekenmerk deur sy sterk Evangeliese rigting, wat hy deur woord en daad handhaaf, terwyl dit stellig nie die kenmerk van die (Enkel) Gereformeerde Kerk is nie".²⁶ Hy spel dan uit wat alles opgegee sou moes word as die Neo-Calvinisme of

²² Botha, A.J.: **Die evolusie van 'n volksteologie**, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984, 410.

²³ sien hier veral dr. H.C.M. Fourie se artikel: "Ons houding teenoor die naturel."

²⁴ Botha, A.J.: **Die evolusie van 'n volksteologie**, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984, 417.

²⁵ sien "Bekommerd" -korrespondensie in **Die Kerkbode** gedurende 1935. Die korrespondensie is later as 'n boekie, met titel **Christus die deur: die twee rigtings van die Calvinisme, deur "Bekommerd"**, gepubliseer. (Kaapstad, 1936).

²⁶ **Christus die deur**, Kaapstad, 1936, 2.

Kuyperisme die oorhand behaal. "Ons sal moet opgee - die soort prediking wat ons vandag ken, ons Bidure, die Sondagskool, ons spesiale prediking, ons sendingywer, die Vroue- en Mannesendingbond, die Mede-sendingarbeidsters en Kinderkrans, die strewersvereniging en die Studentevereniging, ons pragtige Kersbome, ons heerlike Sondagskoolpieknieks! Al hierdie dinge sal moet gaan, want hulle is mos onkalvinisties!"²⁷ Dit is te verstane dat hierdie Bekommerd-korrespondensie tot 'n hewige polemiekie aanleiding sou gee.

In die Geref. Kerk se tydskrif, **Die Kerkblad**, is kritiek uitgespreek teen die bekeringsprediking wat "Bekommerd voorgestaan het. Die blad het betoog dat daar wel "reformasie" en "suiwering" gepreek moes word, maar nie "bekering" nie, want die kerk het nie met ongelowiges te doen nie.²⁸ Die redakteur van **Die Kerkbode** het daarop gewys dat bekering Skriftuurlik verstaan moes word. Die besware teen metodistiese prediking van bekering is erken, maar daar is gepleit dat dit nooit die oorsaak moes wees dat gesonde bekeringsprediking agterweë gelaat sou word nie.²⁹

In **Die Soeklig** en **Die Kerkbode** is aan die einde van die polemiekie deur prof. Keet 'n "besadigde aanwysing" in verband met die twee rigtinge in die Calvinisme gedoen. Prof. Keet het "Bekommerd" se korrespondensie saamgevat as dat die skrywer gevoel het dat "in die laaste jare 'n rigting in die Ned. Geref. Kerk te bespeur is wat deur eensydig klem te lê op die leer van die Soewereiniteit van God die evangeliese roeping van die Kerk verwaarloos en so afdwaal van die rigting wat van oudsher die karakter van ons Kerk geteken het."

In sy bespreking het die professor begin deur te sê dat daar op daardie stadium miskien 'n suiwerder onderskeiding besig was om pos te vat as wat in die vorige jare die geval was. Hy het gesê dat met die bekende kerksaak partyskappe gevorm is.

²⁷ Dies., 47.

²⁸ **Die Kerkblad**, 19 Februarie 1936.

²⁹ Dies., 333.

"Die gevolg was dat alles van die kant van partyvoordeel beskou is; selfs sedelike begrippe is gerek om tegemoet te kom aan die belange van die party (wat soos gewoonlik met die Kerk self vereenselwig is.)". Prof. Keet het voortgegaan om te sê dat partyskappe in die Christelike kerk altyd valse toestande skep en dit vir die partygenoot onmoontlik maak om sy Christelike geloof in beoefening te bring. Hy het gemeen dat die valse waarde wat geheg word aan sogenaamde beginselvastheid miskien niks anders as koppigheid was nie. "Die groot verraad teen die Christendom is dat ons onself nie wil verneder nie en daartoe werk niks so sterk mee as wanneer die een sê: Ek is van Paulus, en die ander: Ek is van Apollos, terwyl 'n derde dit nog erger maak deur te sê: Ek is van Christus!" Hierdie gesindheid, het prof. Keet gesê, is tiperend by beide partye.

Die dogmatikus van Stellenbosch sê dan dat dit in die grond van die saak gaan om dieselfde onderskeiding wat van die vroegste tye onder gereformeerdes gevind is en wat sy dogmatiese uitdrukking gevind het in die supra- en infralapsariese beskouing oor die leer van die uitverkiesing. 'n Eënsydige beklemtoning van een van hierdie beskouinge, het volgens hom, tot die gevaarlikste uitwasse aanleiding gegee. Aan die een kant sou die Christelike lewe ontaard "in 'n koue, gevoellose ortodoksisme, aan die ander kant in 'n geesdrywery wat die werk van God misken en diwels tot mismoedigheid en wanhoop lei." Volgens Keet was die kuns om die regte verhouding te bewaar. Daarin, het hy geglo, het die Ned. Geref. Kerk in die verlede, ten spyte van veel swakheid, tot 'n aansienlike hoogte geslaag. Hy het dit as ongeoorloof beskou dat die sterke beklemtoning van die evangeliese taak van die kerk as "Methodisties" bestempel word.³⁰

³⁰ Die Kerkbode 12 Februarie 1936, 311.

14.7. Die CSV se gebondenheid aan die Ned. Geref. Kerk

Die aanklag van Metodisme het veral dikwels na die kant van die CSV gekom. Die Du Plessissaak het natuurlik gemaak dat die suiwer leer oral beklemtoon is. Keet sou ook t.o.v sy leiding in die CSV hiermee moes rekening hou. Die verhouding van die CSV met die Kerk, in besonder, was 'n saak wat aandag moes kry.

Een van die redes waarom prof. Keet hom nie met **Koers in Krisis I** sou kon vereenselwig nie, was die standpunt wat in hierdie boek oor die CSV gestel is. In die slotwoord van die werk is die verhouding van hierdie Federasie met die CSV onder die loep geneem. Volgens die skrywer het die Federasie reeds uit die staanspoor met die CSV daarin verskil dat dit nie "siele win" en bekeerlinge werf nie, omdat dit van sy lede verwag dat as hulle aansluit, hulle alreeds oortuigde Christene moes wees. Verder het hulle van die CSV daarin verskil dat menige CSV-lid wetenskap neutraal beoefen het en hul so skuldig gemaak het aan 'n fatale dualisme van geloof en wete en godsdiens en wetenskap. Die Federasie het verklaar dat as die CSV spesifiek Calvinisties of Geref. Konfessioneel sou wees, dan sou daarmee saamgewerk kon word.³¹

Stemme het begin opgaan ten gunste van die stigting van 'n Konfessionele Christen Studentevereniging (KCSV), wat die bestaande CSV moes vervang. Prof. Keet se drie kollegas en **Die Gereformeerde Vaandel** het dit ondersteun.³² Vir prof D.G. Malan was dit "waarlik een van die bemoedigende tekens van die tyd dat, waar ons dit aan die een kant moet betreur dat so baie van ons jongmense losraak en wegdrywe van die godsdienstige ankers van ons volks- en kerklike lewe, die konfessionele bewussyn aan die ander kant so sterk oplewe onder die studerende jeug wat binne die afsienbare aantal jare die leiers en leidsters sal wees op kerklike, maatskaplike en

³¹ FCSV: **Koers in die Krisis**, 1935, 386.

³² **Die Gereformeerde Vaandel** Junie 1935: **Die Kerkbode** 4 Maart 1936, 469.

politieke gebied."³³ Prof. Keet het aanvanklik gedink dat dit die beste was om uit die polemieks te bly.³⁴

Die voorstanders van die KCSV het op 3 Julie 1935 in die Sinodale Saal in Bloemfontein bymekaargekom, met die aanvanklike doel om die CSV "direk onder die kerkbesture te kry".³⁵

'n Omsendbrief, waarin die saak uiteengesit is, is aan alle predikante van die Gefedereerde Kerke gestuur. Daar is versoek dat almal wat die saak gesteun het, hulle handtekening daarby moes voeg. In die brief is as rede vir die omvorming van die CSV, of stigting van 'n KCSV aangevoer dat "Selfrespek sowel as die vyfde gebod eis dat die jeug sal leer om hulle eie geestesgoedere te ken, te waardeer en hoog te ag." Verder is aangevoer dat "binne, sowel as buite die geledere van die CSV, baie ontevredenheid en onaangenaamheid was oor die intergeaardheid van die CSV".³⁶

Vyf en sewentig predikante het die brief onderteken.³⁷ Onderhandelinge wat tussen die leiers van genoemde beweging en die Hoofbestuur van die CSV plaasgevind het, het vir eg. "nie besonder bevredigend" verloop nie.³⁸

Op die hoofbestuursvergadering van 16 Desember 1935 is die saak bespreek.³⁹ Prof. Keet het 'n aantal riglyne voorgelê ten einde die kritiek te hanteer. Daar is besluit dat dit moontlik was om 'n "Konfessionele Bond" in die CSV te hê op dieselfde wyse as die Studente Vrywilliger Beweging. Daar is ook aanbeveel dat die plaaslike leraars as ere-presidente van

³³ Die Kerkbode 4 Maart 1936, 470.

³⁴ Dies., 12 Februarie 1936, 309.

³⁵ Dies., 11 Maart 1936, 518.

³⁶ Dies., 11 Maart 1936, 519.

³⁷ Dies., 12 Februarie 1936, 309.

³⁸ Dies., 4 Maart 1936, 469.

³⁹ CSV-hoofbestuur: Notule, 16 Desember 1935, 86.

takke sou ageer en dat hul gevra sou word om normaalklasse te lei. Verder sou elke tak 'n jaarlikse rapport by die plaaslike kerkraad inhandig en leiers en sprekers by kampe en konferensies sou gevra word in oorleg met die plaaslike leraars. Die sinodale komissie van 'n kerk sou 'n verteenwoordiger op die Raad van die CSV kon nomineer en die Raad sou dan daaruit 'n verteenwoordiger kies wat 'n addisionele stem sou hê. 'n Kerklike verteenwoordiger sou ook op die provinsiale- en universiteitskomitee kon dien. Na verduidelikings van dr. Keet is hierdie aanbevelings deur die hoofbestuur aangeneem.⁴⁰ Daar is gehoop om die teenstand teen die CSV vanuit kerklike geledere met hierdie besluite te verminder. Sommige is tevrede gestel, maar andere was nie oortuig nie.⁴¹ Die voorsitter van die Hoofbestuur het ook aan die polemiekie hieroor deelgeneem.⁴²

In die gedenkblad van die CSV van 1936 het prof. Keet hom saam met die sekretaris, prop. F.J. Liebenberg, weer teen die omskepping van die CSV in 'n konfessionele vereniging verset. Hulle het daarop gewys dat die eerste gevolg van so 'n omskepping die verlies van al die besittings van die CSV sou wees. Verder sou dit beteken dat die vereniging al sy toegang tot die skole sou verloor. By dit alles was die bestuur van die CSV in die praktyk in elk geval feitlik heeltemal in die hande van die Ned. Geref. Kerk. Daarom het die twee gevoel dat die verandering nie die moeite werd was nie.⁴³

In 'n ander artikel in die gedenkboek het prof. Keet toe die vraag behandel waarvoor die CSV eintlik gestaan het en wat dit beoog het. Hy het gesê dat die CSV gestaan het vir interkerklike samewerking. Volgens hom was "interkerklik" nie onkerklik of neutraal op die gebied van die Kerk nie, maar dit het ingesluit "die handhawing en aankweking van die eie

⁴⁰ Dies.,

⁴¹ **Die Kerkbode** 12 Februarie 1936, 310; 4 Maart 1936, 475; 11 Maart 1936, 518 en 519; 18 Maart 1936, 581.

⁴² **Die Kerkbode** 12 Februarie 1936, 309.

⁴³ **Die Christen-Studentevereniging (1896-1936)**, 31 en 32.

kerklike lewe, die aanwakkering van liefde tot die Kerk van Christus in die vorm waarin elke lid daarin gebore is en opgegroeï het."

Vervolgens het hy die feit, dat die CSV 'n "internasionale" beweging was, verdedig. Volgens hom het internasionaal nie onnasionaal beteken nie. Internasionaal het volgens hom, beteken dat "ons die eie besit van elkeen nie alleen sal respekteer nie, maar ook wins doen met alles wat ons met voordeel in ons eie kan aanvaar." "Christus is nie 'n seun van Ooste of van Weste nie....die godsdiens wat by Sy Naam genoem word, is 'n universele godsdiens, universeel in 'n tweërly sin: dat dit die hele wêreld insluit wat sy uitgestrektheid en rasseverskille betref, en dat dit die hele lewe in al sy verhoudinge omvat. Met betrekking tot die universele uitgestrektheid van die Christendom beteken dit nie dat alle nasies hul eiendommelikeid moet prysgee en dan opgaan in iets wat geeneen van hulle individueel is nie..." Hy het ook betoog: "Die gemeenskap van die heiliges wat ons bely, beteken niks as dit alleen in teorie bestaan nie".⁴⁴

Hy sê ook dat die vernaamste van die arbeid van die CSV was om evangelisasiewerk te doen, d.w.s om elke student voor die besliste keuse te stel dat hy Jesus Christus as sy persoonlike Saligmaker moes ken. Volgens prof. Keet het die CSV die persoonlike evangeliese element van die godsdiens beklemtoon, nie omdat dit gekant was teen die leerstellige Christendom nie, maar omdat dit die uiterste belangrikheid van die persoonlike beslissing besef het. Prof. Keet was daarvan oortuig dat die groot gevaar vir die student van sy dag nie was dat hy teen een of ander leerstuk van die Kerk sou optrek nie, maar dat hy totaal onverskillig sou word met betrekking tot die ewige, onsienlike dinge.⁴⁵

Op 'n hoofbestuursvergadering in Julie 1936 is 'n brief van die sekretaris van die Federasie van Calvinistiese studenteverenigings (FCSV) voorgelees waarin hulle 'n

⁴⁴ p. 89.

⁴⁵ Die Christen-Studentevereniging(1896-1936), 88 en 89.

afvaardiging van die CSV uitgenooi het om die kommissie van die FCSV te ontmoet. Dr. Keet het verduidelik dat die doel van die FCSV was om die CSV in 'n kerkbeweging te verander, maar dat dit teenstrydig was met die doel van die CSV. Hy het tog voorgestel dat die CSV 'n afvaardiging stuur ten einde tot 'n vriendskaplike ooreenkoms met die FCSV te kom.⁴⁶

Of die ontmoeting plaasgevind het, is nie duidelik nie. Aan die einde van 1937 het die hoofbestuur egter besluit dat die CSV nie onder die direkte beheer van die Kerk geplaas sou word nie, maar dat dit baie nou met kerke sou saamwerk.⁴⁷

14.8 Spesialisasiemoontlikhede vir die studente

Reeds sedert die begin van die dertigerjare het die idee ontstaan om die vierdejaarstudente te laat spesialiseer. Dit sou egter tyd neem voordat eenstemmigheid oor die spesifieke wyse van spesialisasie sou kom.⁴⁸ By die sinode van November 1936 is 'n voorstel goedgekeur waardeur 'n student onder sekere voorwaardes 'n M. Th.-graad kon behaal.⁴⁹

Aan die einde van 1937 het die eerste twee studente, ds. H.A. de Waal van Christiana en Ds. J. le F. le Roux van Mc Gregor, dan ook die M.Th.-graad behaal.⁵⁰

Die instel van die M. Th graad het natuurlik ook meer werk vir professor Keet gebring. Voortdurend was daar maar studente vir wie hy as promotor aangewys is. Hier volg 'n lys van onderwerpe waarvoor prof. Keet gedurende sy loopbaan promotor was: "Perfeksionisme" en "Die Metodisteleer van die 'second

⁴⁶ CSV-hoofbestuur: Notule, 7 Julie 1936, 103.

⁴⁷ Dies., 15-17 Desember 1937, 118.

⁴⁸ Kuratorium: Notule 6 Desember 1933, 28; 3 Desember 1934, 49 en 4 Desember 1935, 67.

⁴⁹ Kuratorium: Notule, 2 Desember 1936, 79.

⁵⁰ Dies.,, 30 November 1937, 88.

blessing'" (1939),⁵¹ "Heilige Engele", "Die posisie van die vrou in die Kerk", "Die taak van ons kerk en die jeug" (al drie in 1940)⁵², "Die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned. Geref. Kerk" en "Die hemel" (1941)⁵³, "Die determinisme en indeterminisme in die etiek", "Die stadsgemeente, sy organisasie en bearbeiding", "Die Persoon van die Antichris", "Die toepassing van die tug in die gemeente"(1943)⁵⁴, "Die sunergisme en die heiligmaking", "Die kneg van die Here" en "Loterye"(1944)⁵⁵, "Die openbaringsgedagte by Karl Barth", "Motifikasie en vivikasie in die lewe van die gelowige"(1947)⁵⁶, "Rasse-apartheid" en "Die Skrifbeskouing van Karl Barth"(1949)⁵⁷, "Die plek van geluk in die sedelike lewe" en "Die Roomse verering van Maria eksegeties uiteengesit en eksegeties-dogmaties beoordeel."(1951)⁵⁸, "Skrif, kerk en staat en menslike verhoudings in ons vaderland" en "Die reg van die kinderdoop".⁵⁹ "Die individuele eskatologie by die adventistiese sektes".(1954)⁶⁰ "Die openbaringshistoriese plek en betekenis van Abraham(1955).⁶¹ "Die werk van ons kerk onder manne in militêre diens" en "Wederkoms-gelykenisse(1956).⁶² Deur die jare sou hierdie taak van promotorskap prof. Keet stimuleer. Dit sou hom help om oor al hoe meer sake 'n

⁵¹ Raad van Professore: Notule, 28 Februarie 1941, 2; en 24 Februarie 1939, 356, onderskeidelik.

⁵² Dies., 1 Maart 1940, 363.

⁵³ Dies., 2 Junie 1941, 5.

⁵⁴ Dies., 26 Februarie 1943, 29; 19 April 1943, 31 en 18 Mei 1943, 34.

⁵⁵ Dies., 30 November 1943, 41 en 5 April 1944, 46.

⁵⁶ Dies., 21 Februarie 1947.

⁵⁷ Dies., 4 Des. 1948, 150, en 29 April 1949, 162.

⁵⁸ Dies., 23 Februarie 1951, 190 en 6 April 1951, 195.

⁵⁹ Dies., 27 Februarie 1953, 217 en 18 Sept. 1953, 228.

⁶⁰ Dies., 27 Julie 1954, 241.

⁶¹ Dies., 17 Mei 1955, 256.

⁶² Dies., 25 November 1955, ongepagineer, en 3 Maart 1956.

eie onafhanklike, gefundeerde mening te verkry. Daarmee sou hy die kerk dien.

14.9 Waarskuwing teen sektarisme

Op 3 Maart 1937 het prof. D.G. Malan gesterf. Op 26 Mei 1937 is 'n spesiale kuratoriumvergadering gehou om 'n opvolger vir hom aan te wys. Proff. Keet, Van Rooyen en Lategan was ook teenwoordig. Dr. G.B.A. Gerdener is tot hul kollega beroep.⁶³ Prof. Gerdener sou egter eers aan die einde van 1937 met sy werk kon begin.

Dit het meegebring dat prof. Keet en sy twee oorblywende kollegas heelwat addisionele werk moes doen. Die Kuratorium het dit raakgesien en aan die einde van 1937 aan elkeen van hulle 'n honorarium van 50 pond toegeken.⁶⁴ Opvallend was dat by die eersvolgende Kuratoriumvergadering daar net van prof. Keet 'n briefie van dank was vir die vyftig pond.⁶⁵

Op 1 Desember 1937 is prof. Gerdener bevestig. Gerdener was net soos prof. Keet nie deel van die kamp van anti-Du Plessismanne nie. Verder het hy prof. Keet se positiewe gesindheid teenoor die CSV en die ekumene gedeel. Hy was van 1906 tot 1912 reisende sekretaris van die CSV en toe tot 1919 voorsitter van die hoofbestuur van die CSV. Dit was dus te verstane dat prof. Keet die koms van hierdie kollega verwelkom het.

Intussen het die noue identifikasie tussen kerk en volk en die Christelik-nasionale strewe wat al meer in die Ned. Geref. Kerk op die voorgrond getree het, neerslag gevind en probleme geskep in die Kerk se interkerlike verhoudinge.

In 1936 het die Christenraad van Suid-Afrika ontstaan as 'n raad waarop die kerke onderling kon beraadslaag en saamwerk. Reeds op die Federale Raad van Kerke se vergadering van 1935

⁶³ Kuratorium: Notule, 26 Mei 1937, 84.

⁶⁴ Dies., 30 November 1937, 91.

⁶⁵ Dies., 29 November 1938, 93vv.

het ds. Nicol voorgestel dat die Gefedereerde kerke daarby moes aansluit.⁶⁶ Slegs die Transvaalse sinode het kans gesien om die aanbeveling te aanvaar.

Op die dag van prof. Gerdener se bevestiging, het prof. Keet die sluitingsrede gelewer oor "Die algemene Christelike Kerk."⁶⁷ In die rede het hy die Ned. Geref. Kerk gewaarsku om nie in 'n sektariese gees te verval nie. Hy het dan ook die houding van "goedwillige neutraliteit", wat die kerk teenoor die Christenraad van Suid-Afrika ingeneem het, betreur. Hy het gemeen dat so 'n houding in stryd was met die belydenis van die kerk, nl. dat hy geglo het in 'n heilige, algemene, Christelike kerk. "Dit is in stryd met die Christendom, wat nie saak is van bloed en bodem, ras of kleur nie; die Christendom is wêreldwyd in omvang."⁶⁸

Op 17 November 1938, dertig jaar nadat hy in 1908 dosent aan die Kweekskool geword het, het prof. Moorrees gesterf. Hy was reeds 83 jaar oud.⁶⁹

Vir prof. Bennie self moes dit 'n slag gewees het. Prof. Moorrees was sy dosent, sy kollega en sy kanselier.⁷⁰ Prof. Moorrees was ook die laaste persoon om te sterf van diegene wat voor prof. Keet by die Kweekskool aangesluit het. Die druk sou hiermee op hom vermeerder om voor te loop en rigting aan die kerk te gee. Hyself kon nie meer in die oë van ander daarvoor kyk nie. Dit lyk dan ook asof met die afsterwe van prof. Moorrees 'n nuwe fase in Keet se lewe intree. In hierdie fase sou hy veral deur sy pen in **Die Kerkbode** leiding aan die kerklike publiek gee.

⁶⁶ Raad van Kerke: Handeling 1935, 25.

⁶⁷ Kuratorium: Notule, 30 November 1937, 87.

⁶⁸ **Die Kerkbode** 8 Desember 1937, 1064-1067.

⁶⁹ Kuratorium: Notule 29 November 1938, 94.

⁷⁰ Universiteitsraad: Notule 10 Desember 1938, 131.

Beoordeling

Die jare 1933 tot ongeveer 1938 was jare van beslissende betekenis vir prof. B.B. Keet. Met die Bybelvertaling en die Du Plessissaak agter die rug, kon Keet nou sy volle aandag aan die werk by die Kweekskool gee. Hy sou hom egter geroepe voel om standpunt in te neem teen enge denke.

In hierdie fase van sy lewe blyk dit duidelik dat Keet ontwikkel het tot iemand wat selfstandig gedink het en ook bereid was om alleen standpunt in te neem, al het ander nie met hom saangestem nie. Dit is ook duidelik dat hy hom laat vind het vir die kenmerkend bemiddelende tradisie van die Stellenbosse gemeenskap. Dit het meegehelp om hom 'n aanvaarde inwoner van die dorp te laat word.

Die feit dat al drie sy kollegas anti-Du Plessismanne was, sou hierdie groei by hom verhaas. In hierdie tyd het die anti-Du Plessisgees sterk deurgewerk in die gemeenskap van Stellenbosch. Verskeie strukture is geskep om "die gereformeerde waarheid" te beskerm en uit te bou, dikwels op 'n sektariese wyse wat getuig het van engheid van denke en 'n gebrek aan die skeep van ruimte vir die naaste. Prof. Keet met sy sin vir geregtigheid, beredeneerde denke en afkeer van partyskappe, sou nie hieraan meedoen nie. As voorbeeld dien waar Keet twee keer in die minderheid gestem het, toe hy nie saam met die res van die dosente gestem het oor die rojering van 'n konfessionele vereniging nie.

Sy teenstand teen die enge lidmaatskap van die konfessionele vereniging, dui nie daarop dat die leer nie vir hom belangrik was nie. Eerder was dit 'n verset teen 'n gees van sektarisme, waar nie begrip getoon word vir ander wie die saak nie heeltemal dieselfde as jy sien nie. Volgens prof. Keet kon so 'n gesindheid net tot geestelike doodsheid lei. Verder het dit die kiem van ongeregtigheid teenoor die persoon wat anders as jy dink, gedra.

Sy waarskuwing dat partyskappe in die Christelike Kerk altyd valse toestande skeep en dit vir die partygenoot onmoontlik

maak om sy christelike geloof in beoefening te bring⁷¹, was 'n riglyn wat prof. Keet sy eie gemaak het. Daarvan getuig sy optrede in die Du Plessisgeskil.

Sy aanvra van revisie van die saak teen student Jordaan wys ook op selfstandige oordeel, asook van 'n sin vir geregtigheid. Dit dui ook daarop dat hy die felle optrede van die Kuratorium as in stryd met die eis van vergifnis van die naaste beskou het. Daardeur is die student se menswaardigheid, wat vir prof. Keet deurgaans so belangrik was, ontken. Die feit dat hy prof. Lategan nie in die saak geken het nie, dui weer op 'n gebrek aan goeie verhoudinge tussen hulle. Sy grootmoedigheid om dit as 'n versuim te erken, is weer teken van sy volwassenheid.

Die feit dat prof. Keet nie saam met die ander drie dosente op die redaksie van Die Gereformeerde Vaandel gedien het nie, is veelseggend. Hy het hom nie tuis gevoel by diegene wat prof. Du Plessis verwerp het nie. Hoewel Keet nie met die teologie van Du Plessis saamgestem het nie, wou hy hom ook nie veroordeel nie. Uit prof. Keet se gesigspunt, waar hy gestreef het na versoening, sou die Gereformeerde Vaandel net meewerk aan die skepping van verdere verdeeldheid. Dit is ook daarom dat hy eerder in Die Kerkbode geskryf het, wat die amptelike blad was en waar Du Plessis se goeie vriend, Piet Meiring, redakteur was.

Die versoek om redakteurskap van Die Soeklig op hom te neem, moes hom voor 'n moeilike keuse geplaas het. Prof. Keet se aanvaarding daarvan kan nie geïnterpreteer word as sou hy die mantel van Du Plessis op hom laat val het om sy gedagterigtings te propageer nie. Dan sou hy nie die tydskrif so gou 'n stille dood laat sterf het nie. Miskien het hy juis daarin die geleentheid gesien om die twee kampe weer bymekaar te bring.

⁷¹ Die Kerkbode 12 Februarie 1936, 311.

Tog kan ook geoordeel word dat hy nou nie meer heeltemal vry gestaan het nie. Hy het hom teen die enge denke van die anti-Du Plessismanne gekeer.

Dit moet natuurlik in gedagte gehou word dat die redakteurskap hom in dieselfde tyd aangebied word as die verskyning van Koers in die Krisis. Die vraag kan gevra word of dit nie dalk uit teleurstelling is vanweë die kritiek teen die CSV dat hy hierdie redakteurskap aanvaar het nie.

Ook het die redakteurskap van Die Soeklig hom in die geleentheid gestel om die Du Plessissaak in die Kerk te help verwerk. Dit is egter 'n vraag of hy hom geroepe gevoel het om die saak te help verwerk. Dit lyk in elk geval nie so nie. Hoewel hy met die redakteurskap 'n gulde geleentheid gehad het om die lidmate hieromtrent te beïnvloed, het hy nie daarvan gebruik gemaak nie. Dit lyk eerder of hy maar wou hê dat die saak so gou moontlik vergeet moes word.

Sy bydrae in die verwerking van die Du Plessissaak aan die Kweekskool self, was hoofsaaklik in sy persoon geleë. Met sy persoonlikheid, nl. dat hy altyd uit sy pad uit gegaan het om begrip te toon vir die ander party, het hy baie bygedra om rustigheid in die Kweekskool te bring.

Prof. Keet se onttrekking as adviseur van Koers in die Krisis moes verdere verwydering tussen hom en die gehardste anti-Du Plessismanne gebring het. Vir baie mense was die feit dat hy vir Du Plessis in die hofsaak getuig het, genoeg getuienis dat hy 'n Du Plessisman was. Hierdie gebeure behoort hulle idee aangaande hom net te versterk het. Vir hom het hulle noue interpretering van die Calvinisme die gevaar van sektarisme ingehou.

Prof. Keet se kritiek teen die kerk se houding van goedwillige neutraliteit teenoor die Christenraad van Suid-Afrika val in lyn met sy teenkanting teen die enge lidmaatskap van die konfessionele vereniging. In beide het hy dit teen 'n gees van sektarisme. Prof. Keet het ook ingesien dat hierdie houding teenoor die Christenraad nie vanuit Skriftuurlike motiewe

gekom het nie. Sy waarskuwing teen die motief van rasse-eksklusiwiteit staan in die teken van sy beredeneerde denke. Later sou hy hom fel teen rassisme verset.

Sy waarskuwing dat die kerk nie 'n saak van "bloed en bodem, ras of kleur" was nie,⁷² toon dat hy ooreenkoms ingesien het tussen die Nazisme en die situasie in Suid-Afrika. "Bloed en bodem" was bekende Nazi-terme. In sy rubriek Uit die Buiteland in Die Kerkbode het hy dan ook dikwels verslag gedoen van die situasie in Duitsland en op die gevare van Nazisme gewys.⁷³

Sy verdediging van die interkerklike karakter van die CSV laat die vraag ontstaan of hy, wat so groot klem op die plaaslike gemeente gelê het, hier inkonsekwent was in sy standpunte. Hoekom lyk dit asof hy die subjektivisme van die CSV nie raaksien nie? Of het die praktyk hier voorrang bo teologiese uitgangspunte geniet? Dit sou beter gewees het as prof. Keet die probleem gestel het en dit dan met die teenstanders van die CSV deurgepraat het as om net te verdedig. Miskien het hy die openbare debat nie as die plek gesien waar hierdie stryd gevoer moes word nie. Is dit miskien die rede dat so baie van die onderwerpe waarvoor hy promotor was, tipiese probleme was waarmee die CSV geworstel het?

Die teologiese argument wat aangevoer is deur die voorstanders van 'n konfessionele Christenstudentevereniging dat die vyfde gebod geëis het dat die jeug sou leer om hul eie geestesgoedere te waardeer, was 'n teologiese regverdiging vir Afrikaner-nasionalisme. Prof. Keet het die wangebruik van die Bybel reeds hier raakgesien en kon hom daarom nie met die stryd om 'n Konfessionele Christenstudentevereniging vereenselwig nie.

Dit blyk dus dat in hierdie fase van prof. Keet se lewe hy dit nodig gevind het om standpunt in te neem teen engheid van denke, vanweë sy versugting dat die gehegtheid aan die

⁷² sluitingsrede in *Die Kerkbode* 8 Desember 1937, 1064-1067.

⁷³ *Die Kerkbode* 21 Maart 1934, 541; 2 Mei 1934, 812; 26 Februarie 1936, 399; 29 April 1936, 870; 3 Februarie 1937, 224.

gereformeerde leer nie so moet wees dat dit tot geestelike doodsheid lei nie en vanweë sy ingesteldheid dat geregtigheid eis dat 'n mens ook ruimte vir ander mense moes hê.

Met die afsterwe van prof. Moorrees in 1938 gaan prof. Keet se lewe oor in 'n nuwe fase. Daarin sou hy sterk leiding gee aan die kerk deur reekse in Die Kerkbode.

HOOFSTUK 15: WEGWYSER IN 'N TYD VAN SOEKE NA GRONDLIGGENDE UITGANGSPUNTE (1939-1942)

Hierdie hoofstuk handel oor die tydperk na die afsterwe van prof. Moorrees, tot en met prof. Keet se sluitingsrede oor die roeping van die kerk einde 1941.

Dit is asof prof. Keet in hierdie tyd nog meer onder die besef gekom het dat daar op hom 'n verantwoordelikheid gerus het om die kerklike sowel as algemene publiek te lei in hul denke oor die Kerk, asook oor die sosiale lewe.

Vrae wat in hierdie hoofstuk aan die beurt kom, is die volgende: Wat was die omstandighede wat daartoe gelei het dat prof. Keet hom verantwoordelik gevoel het om die Kerk die weg te wys? Hoekom kon hy hom nie versoen met die nasionaal-sosialisme in Duitsland en die totalitarisme in Suid-Afrika nie? Hoe het hy die verband tussen nasionalisme, totalitarisme en rassisme gesien? Was hy tevrede met die moraal in die volkslewe? Hoe sou hy die Tweede Wêreldoorlog beleef. Laastens word ook aandag gegee aan hoe hy op daardie stadium gedink het oor die regering van die Kerk?

15.1. Besorgdheid oor die gevare van verkeerde nasionalisme

Die tydperk rondom 1938 kan gesien word as 'n tyd van soeke na grondliggende uitgangspunte in die Suid-Afrikaanse politiek. Van verskillende kante is oplossings aangebied. Genl. Jan Smuts het hom laat vind vir die liberalisme. Vanuit Duitsland het die opsie van die Nasionaal-sosialisme oorgewaai. In arbeidsgeledere was die Kommunisme 'n aanloklike antwoord.¹ Koers in die Krisis II en III het die "Calvinisme" as uitgangspunt beklemtoon.

¹ sien Stoker, H.G.: Die stryd om die ordes, Potchefstroom, 1942.

'n Merkwaaardige oplewing van patriotisme en nasionalisme is in 1938 deur die eeufeesviering van die Groot Trek meegebring. Oor die hele land het Afrikaners in hierdie jaar die Voortrekkers gehuldig. Daar is besluit om op 16 Desember 1938 op 'n heuwel buite Pretoria 'n hoeksteen te lê van 'n waardige monument vir die Voortrekkers. 'n Simboliese ossewatrek is van al die uithoeke van die land na Pretoria georganiseer. 'n Golf van patriotisme het deur die land gespoel. Hierdie opstuwende nasionalisme het op politieke terrein meegewerk aan die versterking van die Nasionale Party, op ekonomiese gebied aanleiding gegee tot die stigting van die Reddingsdaadbond en op kulturele vlak uitgeloop op die totstandkoming van die Ossewa-Brandwag (O.B) - almal liggame wat die Afrikaner se belange wou beskerm en bevorder. Die gevaar het bestaan dat 'n aanmatigende nasionalisme gekweek kon word en nie rekening gehou word met sentimente en aspirasies van ander bevolkingsgroepe van Suid-Afrika nie.

In die Ned. Geref. Kerk het onder die invloed van Kuyper se teologie 'n aksentverlegging plaasgevind. Die hele apartheidsparadigma is in 'n prinsipiële raamwerk geplaas, met die beklemtoning van "beginsels". Die selfstandige aard van die entiteit "volk", het 'n religieuse inhoud verkry en al meer begin funksioneer as 'n eie soewereine kring met eie wetmatigheid en eie gesag en in sigself normatief. Skeppingsordinansies begin telkens in dié beredeneringe, bewysvoeringe en Skrifbewysplase funksioneer. Maar veral in Suid-Afrika het die "beginsel van verskeidenheid", teenoor die "beginsel van eenheid", om 'n "teologiese balans" te handhaaf, na vore gekom. Hierdie teologiese beginsel van verskeidenheid was die teologiese konsep wat gefunksioneer het om 'n verskansing te bied vir die bevordering van volksbelange, die handhawing van die eie en vir die siening van 'n roeping en bestemming in wyer verband.²

Prof. Keet sou hom verontrus voel oor die verskillende oplossings wat vir die vraag na grondliggende uitgangspunte

² vgl. Koers in die Krisis I, III en III.

aangebied sou word. In die jare wat kom, sou sy waarskuwende woorde al ernstiger raak, veral namate hy gesien het watter ideologiese en politieke keuses sy volk, die Afrikanervolk, besig was om te maak.

Omtrent hierdie tyd, op 19 Desember 1938, het die hoofbestuursvergadering van die CSV in Johannesburg plaasgevind. Die voorsitter het dit juis nodig geag om daarop te wys dat tot sy spyt daar in die afgelope aantal jare agteruitgang in die verhouding van die blankes teenoor die naturel te bespeur was. "Die rede is eenvoudig omdat die naturelpolitiek 'n saak van partypolitiek gemaak is." As gevolg daarvan het hy dit nie gerade geag om die Chinees T.L. Koo na Suid-Afrika te nooi nie.³

In Die Kerkbode het hy geskryf dat hy die jaar 1938 as 'n jaar van "onrus en gevaar" belewe het. Die gees van totalitarisme wat hy beide in Suid-Afrika en in Duitsland sien veld wen het, het hom ontstel. In die artikel "In die Buiteland" het hy vroeg in 1939 geskryf dat dit vir hom baie pynlik was toe hy gelees het dat in Duitsland die uitskrywing van 'n biddag vir vrede gedurende die Tsjeggo-Slowaakse krisis verbied is op grond van die oorweging dat dit hoogverraad teenoor die volk sou wees. Prof. Keet het geskryf dat daaruit geblyk het hoe maklik vanuit sulke staatsbeginsels die verkondiging van die evangelie as staatsgevaarlik bestempel kon word.⁴ Hyself sou hom voortaan teen enige vorm van totalitarisme verset.

Die posisie van die kerk in Duitsland het vir prof. Keet bevestig dat die Kerk vry moes wees van die staat. In Suid-Afrika sou hy hierdie beginsel beklemtoon.

³ CSV-Hoofbestuur: Notule, 19 Desember 1938, 151 en 152.

⁴ Die Kerkbode, 15 Februarie 1939, 292.

15.2. "Ons Kerklike Regering"

Hy het geleentheid gekry om sy gedagtes oor die kerkregering te laat gaan toe die redakteur van *Die Kerkbode* hom versoek het om 'n reeks artikels oor die kerkreg te skryf. In die inleidende artikel, op 8 Maart 1939, het die professor geskryf dat hy wou probeer om die artikels op so 'n wyse te skryf dat die gewone gemeentelid wat belang gestel het in die aard en gebruike van die kerklike regering, dit met gemak sou kon volg. Hy wou nie 'n tegniese wetenskaplike uiteensetting van die kerkreg gee nie, maar 'n populêre uiteensetting wat die eise van wetenskaplikheid nie uit die oog sou verloor nie.

In hierdie reeks sou die hoogleraar ook rekenskap gee van die ontwikkelinge in sy denke, sedert hy die Vrye Universiteit van Amsterdam verlaat het. Die invloed van die polemieke rondom die sluitingsrede van 1924 sou eweneens verantwoord word.

Prof. Keet het beklemtoon dat die kerklike regering 'n eie, selfstandige karakter moes dra. Die plek waar die kerklike regering in die eerste instansie gefunksioneer het, was die plaaslike gemeente. Die regeerwerk moes deur die gemeente self gedoen word, onder leiding van die amp. Die kerklike regering was geen heerskappy van die een oor die ander nie, maar het sy doel gevind in die wedersydse diens van gelowiges aan mekaar. Dit was altyd daar om te help in die geestelike lewe; nie om heerskappy te voer nie. Die kerkraad ontvang egter nie sy bevel van die gemeente nie, maar het 'n eie verantwoordelikheid om te dra en 'n eie taak om te verrig. Die kerklike regering is nie 'n demokrasie nie. Dit is ook nie 'n hiërargie nie. Eerder kan dit getipeer word as 'n aristokrasie (regering deur die beste en geestelik goed toegeruste lede) waarby egter die gemeente as sodanig nie bloot as onderdane beskou word nie, maar deur hul aktiewe deelname aan en belangstelling in die regering saamwerk met die kerkraad.⁵

Oor die meerdere vergaderinge het hy geskryf dat dit saamgestel word uit afgevaardigdes wat die gemeentes

⁵ Dies., 5 April 1939, 623 en 624.

verteenwoordig. Hulle is dus nie samekomste van ampsdraers as sodanig nie, maar van verteenwoordigers van die gemeentes. Die ampte is alleen aan die plaaslike gemeente verbonde. Daar is dus 'n groot verskil tussen die samestelling van die kerkraad en dié van die sinode of die ring. Dit sou dus verkeerd wees as die sinode hom inmeng met sake wat bloot van gemeentelike aard is, want dit sou ingryp in die regte van die amp.

Uit bogenoemde het prof. Keet dan tot die gevolgtrekking gekom dat die sinode nie aan die plaaslike gemeente sy reg van bestaan verleen nie, maar andersom. Die plaaslike gemeente is dus nie 'n onderdeel van die algemene kerkorganisasie nie, maar 'n selfstandige liggaam. Tug oor ampsdraers moet deur die plaaslike gemeente uitgevoer word, al het die breër vergadering uitspraak gegee.⁶

Oor die roeping en verkiesing van ampsdraers, het prof. Keet onderskeid gemaak tussen die subjektiewe oortuiging van die persoon (hy moet hom geroepe voel) en die objektiewe beroeping van die gemeente. Die objektiewe beroeping gaan in elke geval van die gemeente uit. Die gemeente se bevestiging van die kerkraad se verkiesing van nuwe lede is essensieel vir die roeping tot die amp. Advies kan ingewin word en mag van groot belang wees, maar die verantwoordelikheid vir die keuse lê by die plaaslike gemeente.⁷

Hoewel prof. Keet in hierdie reeks dieselfde dinge gesê het as in 1924, het hy hierdie keer nie dieselfde teenstand gekry nie. Die oorsaak daarvoor was natuurlik deels dat hy in die vyftien jaar wat verloop het, sy invloed laat uitgaan het op die teologiese studente in sy klasse. Sy outoriteit was op die gebied van die Kerkreg nie meer bevraagteken nie. Die omstandighede was ook anders.

⁶ Dies., 10 Mei 1939, 851 en 852.

⁷ Die Kerkbode 28 Junie 1939, 1158 en 1159.

Vir professor Keet het dit selfvertroue gegee. Hy sou voortgaan om die gevare wat die kerklike en volkslewe bedreig het, uit te wys.

15.3. Oproep tot die adel in die Volkslewe

Vir prof. Keet was dit duidelik dat die waarde van die menslike persoonlikheid in Suid-Afrika nie altyd ten volle besef is nie. Daarom het hy daarvoor sy stem laat hoor.

Op 9 Junie 1939 het 'n verklaring in *Die Burger* verskyn, waarin die hoogleraar in Etiek en 'n aantal Suid-Afrikaners wat verantwoordelike posisies beklee het, 'n oproep op die volk van Suid-Afrika gedoen het om opnuut die soewereiniteit en leiding van die Almagtige God te erken. Hiermee het prof. Keet 'n antwoord probeer gee op die vraag na grondliggende uitgangspunte vir die politiek. Volgens die verklaring was daar 'n behoefte aan hernuwing van die geloof "van ons vadere", en daarby ook 'n verskerpte besef van die waarde van menslike persoonlikheid as 'n gawe van God. Daartoe was nodig manne en vroue wat bereid was om die Christelike etiek as maatstaf in hul lewe en wandel te aanvaar.

In die blad *Op die Horison* het prof. Keet oor die agteruitgang van die verhoudinge tussen blank en gekleurde geskryf. Vir hom was dit duidelik dat daar die vorige tien jaar besliste agteruitgang in die verhouding tussen blank en gekleurde was. Hy het voorbeelde genoem van die verharding wat ingetree het teen enige kontak of skakeling tussen wit en gekleurde. Die redes vir die agteruitgang het hy gesien as die opstoking vanuit Kommunistiese geledere, maar ook as die gevolg van die passering van resolusies ten gunste van segregasie sonder enige toeligting van wat onder segregasie verstaan word. Lg. het volgens hom bygedra tot 'n gevoel van onrus en vrees onder die gekleurde bevolking. As derde rede het hy aangevoer die feit dat die natuurelle- en gekleurde politiek van 'n nasionale na 'n partypolitieke saak verskuif is. In hierdie situasie het Keet gesien dat die Christen sy roeping kan vervul deur die evangelie in al sy konsekwensies te aanvaar en toe te pas. Hy

het beklemtoon dat, waar die blanke so baie praat oor sy voorgedyskap oor die anderskleurige, dit belangrik was dat die "kind" wat onder die voog staan, altyd as persoonlikheid behandel sou word. Die kind moes by elke stadium van sy ontwikkeling die redelikheid van die maatreëls wat aangewend word, besef. "Boweal sal hy sy volkome vertrouwe in sy voog moet stel, anders word hy net deur vrees gedrywe en kom nooit tot gesonde rypheid nie."⁸

Op 3 September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Suid-Afrika het op 6 September tot die oorlog toegetree.

Prof. Keet het dit belewe as "toestande wat ontsettend duister is vir die toekoms van die Kerk van Christus op aarde."⁹ Vir hom was dit 'n feit dat die Christendom onder sulke omstandighede nie kon vorder nie, omdat dit broederliefde onmoontlik gemaak het. Hy het die kerk se roeping egter daarin gesien dat, te midde van oorlogsrumoer en propagandastryd, die Kerk moes getuig van Christus wat sy volk onder alle nasies en rasse het. "Nooit mag sy haar laat verlei om mee te doen aan die kweking van rassehaat in enige vorm nie".¹⁰

Op 3 Julie 1940 het die eerste van 'n reeks artikels van prof. Keet oor "Christendom en oorlog" in *Die Kerkbode* verskyn. Die laaste het op 4 September 1940 verskyn. Hy het die standpunt gestel dat die christen wel aan oorlog mag deelneem, mits die oorlog nie uit veroweringsug gebore is nie, maar die verdediging van die noodsaaklike bestaansreg van die staat beoog het en hieronder het hy ingesluit die bestaan van 'n geordende volkslewe en die vryheid van die enkeling. "In een woord dit moet 'n regverdige oorlog wees."¹¹ In geval van 'n onregverdige oorlog, het die individu nie die reg gehad om geweld teen die owerheid te gebruik nie; vir hom was daar alleen die weg van lydelike verzet. Oor revolusie was die

⁸ Op die *Horison* Julie 1939, 111-114.

⁹ *Die Kerkbode* 20 Desember 1939, 1138.

¹⁰ *Dies.*, 1138.

¹¹ *Die Kerkbode*, 28 Augustus 1940, 380.

professor se standpunt dat die beginsel van reformasie teenoor revolusie 'n gesonde beginsel was. Op burgerlike terrein, het hy gesê, het dit beteken dat solank as die regering konstitusioneel gehandel het, daar geen regverdiging vir gewelddadige teenstand was nie; niemand mag onkonstitusioneel optree omdat hy ontevrede is met die vrugte wat die konstitusie dra nie. Al wat moontlik was, was om dan te arbeid aan die verandering van die konstitusie.¹²

15.4. 'n Nuwe wêreldorde

Op '18 Januarie' 1941 het daar 'n artikel vanuit die pen van prof. B.B. Keet in die blad *Forum* verskyn, waarin hy die vraag bespreek het of dit moontlik was om ooreen te kom oor 'n nuwe wêreldorde, waarin oorlog verbode sou wees.¹³ Prof. Keet het begin deur te sê dat so 'n orde baie nader gebring sou word as die mensdom sou leer om die probleem van vrede met net soveel energie aan te pak as wat hulle energie spandeer het aan die probleem van oorlog. Hy het gevoel dat die Volkebond 'n groot rol in die bereiking van die doel kon speel, op voorwaarde dat Amerika sy deel van die las sou dra. Hy het toe die vraag gevra hoe anders die geskiedenis miskien sou verloop het as Amerika sy eie skepping van 1919 sou geëer het. Prof. Keet sê dat totale ontwapening as die einddoel gesien moes word. Dit sou egter net moontlik wees as aan 'n aantal voorwaardes voldoen sou word: Elke deelnemende staat aan so 'n bond moes vry wees om sy eie vorm van regering te kies, of dit nou 'n demokrasie was of nie. Sekere fundamentele sake sou egter essensieel wees, bv. geregtigheid, asook vryheid van denke en spraak en gewete. Die volk van elke land sou ook 'n werklike inspraak in sy regering moes kon hê.

Prof. Keet het voorspel dat die hegting van 'n groter waarde aan gelykheid uit die oorlog sou voortvloei. Hy het verder oor die nuwe wêreldorde gesê dat in 'n wêreld wat regeer word deur

¹² Dies., 4 September 1940, 413.

¹³ *Forum*, 18 Januarie 1941, 8.

die beginsels van geregtigheid en vryheid, daar geen plek sou wees vir die uitbuiting van een ras of volk deur 'n ander nie. Die verhouding van die beskaafde teenoor die onbeskaafde volkere moes een van trusteeskap wees. Dit sluit die opvoeding van onbeskaafde rasse in om hul in staat te stel om hul roeping te vind en hul eie bydrae tot die gemeenskaplike welsyn te lewer.

Daar was die moontlikheid vir een of ander vorm van segregasie, waarin eie nasionale karakteristieke en aspirasies hul uitdrukking kon vind. Hierdie segregasie moes egter totaal van enige motiewe van vyandigheid of onderdrukking geskei word. Die hoofdoel sou moes wees om 'n gees van nasionale trots en nasionale geroepenheid te bevorder.

Prof. Keet het die artikel afgesluit deur te sê dat dit was hoe hy die Christelike weg na 'n nuwe wêreldorde gesien het. Die belangrikste was egter die menslike liefde en welwillendheid waarvan Paulus spreek. As daar so 'n verandering in die harte kon kom, sou al die probleme nie onmiddellik verdwyn nie. Dit sou egter die gesonde atmosfeer skep waarbinne gesonde politiek beoefen kon word. Daarteenoor sou geen menslike planne ooit suksesvol wees as die dryfkrag daaragter nie van die godsdiens kom nie.¹⁴

15.5 Teenkanting teen totalitarisme

Intussen het die Ossewa-Brandwag baie opgang onder Afrikaners gemaak. Reeds op 29 Oktober 1940 is daar 'n ooreenkoms tussen dr. D.F. Malan van die Herenigde Party en die O.B. gesluit, waarvolgens die Herenigde Party die Afrikanerdom in die politieke sfeer sou verteenwoordig, terwyl die O.B. hom tot die nie-politieke terrein sou beperk. Die ooreenkoms het egter tot niet gegaan toe dr. Hans van Rensburg as administrateur van die Vrystaat bedank het en op 15 Januarie 1941 die nuwe kommandant-generaal van hierdie semi-militêre organisasie geword het. Van Rensburg sou hom nie van die

¹⁴ Dies., .

politieke terrein onthou nie. Hy het 'n staatsfilosofie gehuldig wat nie veel van die van Adolf Hitler verskil het nie. Sy veragting van die demokrasie het hy nie geheim gehou nie.¹⁵ Dit het prof. Keet ontstel. Hy was bang dat dr. D.F. Malan, onder wie se leiding hy vroeër jare vir die Afrikaanse Taalvereniging geywer het, sou radikaliseer. Hy het homself afgevra wat die konsekwensies van so 'n radikalisering sou wees.

In April 1941 het 19 professore en lektore, o.l.v. prof. Keet, 'n verklaring vrygestel waarin gewaarsku is teen die wydverspreide en openlike propagering van die leer van totalitarisme. Met hulle manifes wou hulle daarteenoor die demokratiese lewensbegrip bevorder. Die manifes was 'n protes teen "die slaafse navolging van uitlandse strydmetodes, blinde vooroordeel, en bittere onverdraagsaamheid wat ongelukkig vandag in so baie Afrikaanssprekende kringe reeds die botoon voer." Die ondertekenaars het hul oortuiging verklaar dat so 'n ideologie net kon lei tot die vernietiging van die Afrikanerdom.

Hulle het 'n aantal kenmerke van hierdie totalitarisme uitgewys. Dit was bv. nie die regte van die enkeling wat getel het nie, maar die regte van die volk as organisatoriese eenheid. Ook die onrusbarende verskynsel dat alle Afrikaanse volksorganisasies in een groot Afrikaanse verband ingeskakel word, met die duidelike doel om een breë politieke, ekonomiese en kulturele volksfront tot stand te bring, is veroordeel. So 'n volksfront sou, volgens die ondertekenaars, ongekende wrywing en botsing ten gevolge hê in die land met sy verskillende bevolkingsgroepe. Hulle het gewaarsku dat die totalitêre staatsidee 'n stelsel is wat dit noodsaaklik maak dat teenstanders meedoënloos onderdruk moes word.

Die verklaring is deur sowel Afrikaanse as Engelse koerante opgeneem.¹⁶

¹⁵ Muller, C.F.J.: *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Pretoria, tweede uitgawe, 1975, 430.

¹⁶ *Cape Times* 15 April 1941; *Die Burger* 19 April 1941.

Dr. D.F. Malan het hom daarna ook openlik distansieer van die Ossewa-Brandwag. Hy het die lede van sy party versoek om uit die organisasie te bedank. Vanaf hierdie tydstip (middel 1941), het die O.B. agteruitgegaan. Prof. Keet en die ander ondertekenaars se verklaring was egter op meer as net die O.B. gemik.

Op 3 Mei 1941 het prof. Keet op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die CSV na die verklaring verwys. Hy het daarop gewys dat van die kant van die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat die beswaar teen die CSV geopper is dat dit interkerklik en internasionaal was. In hierdie verband het hy sy beweegredes tot die mede-ondertekening van die verklaring gestel. Hy het gesê dat hy gestaan het by wat in die verklaring gesê was, "want een van die eerste bewegings wat hierdie totalitariese stelsel gaan onderdruk, is die CSV - eenvoudig omdat dit internasionaal en interkerklik is". Hy was beslis dat die karakter van die vereniging nie kon verander nie en liever as om dit sien gebeur, sou hy uit die beweging terugstaan. "Die Christendom staan nie teenoor nasionalisme nie, maar wel as mens jou nasionale gevoel lei tot uitsluiting van Christelike liefde teenoor ander volke."¹⁷

15.6. Die roeping van die Kerk

Aan die einde van 1941 was dit weereens prof. Bennie Keet se beurt om die sluitingsrede te hou. Hierdie keer het hy die tema "Die roeping van die Kerk" gekies.¹⁸

Hy het die prediking van die Woord as die een groot roeping van die Kerk gesien. Daarby was inbegrepe die bediening van die sakramente, die tug en die diens van barmhartigheid.¹⁹ Hy het toe beskryf hoe die kerk hierdie roeping moes uitvoer in die onderskeie lewensterreine.

¹⁷ Uitvoerende Bestuur van die CSV: Notule, 3 Mei 1941, 164.

¹⁸ Kuratorium: Notule, 3 Desember 1941, 119.

¹⁹ **Die Kerkbode** 17 Desember 1941, 1018.

Met betrekking tot die verhouding tussen die Kerk en die staat, het die hoogleraar gekies vir die leuse: 'n vrye Kerk in 'n vrye Staat. Op terreine waarby die Kerk en die staat albei betrokke was, moes die Kerk die reg van sy getuienis te alle tye handhaaf, selfs teen die owerheid as dit nodig was, sonder om oor die owerheid te wou heers of te doen wat aan die owerheid behoort.

Verder het prof. Keet gesprek oor die Kerk se taak tot armsorg. Hy het gesê dat die Christelike barmhartigheid altyd ten doel het om die arme tydelik en geestelik te red, terwyl staatsarmsorg alleen die tydelike redding in die oog het.²⁰ Op grond daarvan het die professor gepleit om die herstel van die diakenamp.

Hy het ook uitgebrei oor die verhouding van die Kerk tot die maatskappy. Hy het gevoel dat die Kerk inderdaad 'n roeping teenoor die hele volkslewe gehad het. Die kerk was egter nie die middel waardeur die volkslewe gelei en gevorm word nie, maar moes die evangelie so verkondig dat dit nie sonder inwerking op die volkslewe sou bly nie. Die Kerk mag hom nie direk met die nasionale lewe inlaat nie, alhoewel sy getuienis altyd die gesonde nasionalisme sou bevorder, omdat dit die nasionale lewe onder die heerskappy van die evangelie gestel het. "Die Kerk.... mag hom met geen politiek vereenselwig nie, want daardeur sou hy sy vryheid om te getuig prysgee. Die Kerk het wel met die politiek in hierdie sin te doen, dat dit die geestelike en sedelike beginsels waarvan enige rigting uitgaan of die gevolge waarheen dit lei, kan aantoon en beoordeel; maar oor die vorms wat die staatkundige en ekonomiese politiek aanneem, word die Kerk nie geroep om te oordeel nie - dit behoort tot die terreine van die natuurlike lewe wat elkeen sy eie selfstandigheid moet handhaaf en sy eie verantwoordelikhede moet dra."

Volgens prof. Keet was dit 'n feit dat waar die Kerk deel gehad het aan sosiale, maatskaplike en ekonomiese bewegings, dit moes lei tot onvryheid, omdat die Kerk dan vasgekoppel was

²⁰ Dies., 24 Desember 1941, 1047.

aan die een of ander sisteem. Die Kerk sou daarvoor ingespan word en so in die mag van die wêreld oorgelewer word. Waar die Kerk onvry was, sou sy roeping noodwendig verlore gaan.

Hy het gesluit met die vraag: "Hoe vêr het ons nog getrou gebly aan ons roeping soos dit met die wese van die Kerk saamhang? Is ons nie met die uitbreiding van ons onderneminge op allerlei terrein besig om ons kragte te verstrooi en te verkwis, terwyl die vernaamste waarvoor die Kerk staan, verwaarloos word nie." Hy het die vraag nie beantwoord nie, maar dit vir elke lid van die Kerk gelos om vir hom of haarself uit te maak.

Dit was duidelik dat prof. Keet die Kerk deur hierdie rede wou lei tot 'n beter begrip van sy taak. Hierdie siening van prof. Keet het drasties verskil van dié van Abraham Kuyper, wat die Kerk ingespan het om die "Calvinistiese beginsels" in die politieke sisteem te implementeer.

Later, in die veertigerjare, sou hy ook die grense van die Kerk as instituut aandui. Die veertigerjare sou in prof. Keet se lewe gekenmerk word deur die stryd teen die verandering van die karakter van die CSV. Hierin sou hy hom op Abraham Kuyper beroep.

Beoordeling

In die krisistydperk waar Suid-Afrika worstel met die vraag na grondliggende uitgangspunte vir die ordening van die samelewing en ook betrokke raak by die Tweede Wêreldoorlog, het prof. Keet hom geroepe gevoel om die weg aan te wys vir die Kerk. Die opkoms van die "totalitarisme", ook in Suid-Afrika, het hom gedwing om daarteen standpunt in te neem. 'n Nuwe fase in sy lewe is hiermee binnegegaan, waar hy hom voortaan tot die hele Suid-Afrikaanse publiek sou rig.

Die feit dat hy die reeks oor die kerkreg op die gewone gemeentelid gerig het, dui daarop dat hy die behoefte aangevoel het dat die algemene publiek korrek oor die Kerk

moes dink. Daarmee sou die gevaar wat die Kerk in Duitsland bedreig het, nl. dat dit deur baie verkeerdelik as 'n verlengstuk van die staat gesien is, in Suid-Afrika vermy kon word.

As etikus het hy die kerklike publiek se houding teenoor die oorlog gevorm. Sy aandrang daarop dat die Christen net 'n defensiewe oorlog mag voer, staan vandag nog eties vas.

Hy het ook nie gehuiwer om te waarsku teen die totalitarisme van die Ossewa-Brandwag nie. Daarmee het hy hom baie na aan die politiek bevind, maar sonder dat hyself partypolitiek beoefen het. In alles het hy getrou probeer bly aan sy roeping.

Met die afwysing van 'n totalitêre uitkyk op die samelewing, asook van die siening dat die regte van die volk as organiese eenheid bo die van die enkeling voorrang geniet, het prof. Keet hom per implikasie uitgespreek teen die siening van Abraham Kuyper oor die kerk-volkverhouding.

Die artikel wat prof. Keet oor die nuwe wêreldorde geskryf het, het sy eie oortuiginge weergegee. Later jare sou dit steeds sy oortuiging bly dat daar in 'n wêreld gebaseer op reg en vryheid, geen plek was vir die uitbuiting van een ras of volk deur 'n ander nie.

Op hierdie stadium het hy nog ruimte gesien vir die toepassing van 'n mate van segregasie, waarin die nasionale karakteristieke en aspirasies hul uitdrukking kon vind. Hy het egter as voorwaarde gestel dat sulke segregasie nie vyandiggesindheid en onderdrukking mag insluit nie. Later jare sou prof. Keet die beleid van segregasie, soos dit in Suid-Afrika toegepas is, veroordeel, juis omdat dit, volgens hom, nie aan hierdie voorwaardes voldoen het nie.

Dit is duidelik dat die oorlog 'n onuitwisbare indruk op prof. Keet gemaak het. Dit het hom net meer oortuig dat die kerk vry moes staan van die staat.

Die verklaring waar prof. Keet en andere 'n oproep tot die volk van Suid-Afrika gedoen het om opnuut die soewereiniteit en leiding van die Almagtige God te erken, kan gesien word as die antwoord wat prof. Keet op die soeke na 'n deurslaggewende orde vir die land wou gee. Vir hom was dit noodsaaklik dat die inwoners van Suid-Afrika hul toekoms moes rig volgens die wil van die Here. In die jare wat volg, sou hy homself daardeur laat lei. Hy sou ook andere probeer omhaal om dit te doen.

Die sluitingsrede aan die einde van 1941 toon dat prof. Keet t.o.v. die kerk-staatverhouding al meer selfstandig gedink het. Hy het hom in die rede nie van Kuyper se sisteem van beginsels, soewereiniteitskringe, skeppingsordinansies en ander terme bedien om die roeping van die Kerk aan te dui nie.

Ten slotte kan vandag gesê word dat prof. Keet in hierdie tyd die weg na grondliggende uitgangspunte op so 'n wyse aangewys het dat hy werklik uitgestyg het as beredeneerde denker, bo die ander denkers en die weë wat hulle aangewys het.

HOOFSTUK 16: RIGTINGGEWENDE TEOLOOG IN DIE KERK EN CSV (1942-1949)

Hierdie hoofstuk dek die tydperk vanaf prof. Keet se sluitingsrede einde 1941 tot sy uittrede as voorsitter van die hoofbestuur van die CSV aan die einde van 1948. In prof. Keet se lewe het die klem nou veral op sy verdediging van die bestaansreg van die CSV geval. In die hoofstuk word gevra na die redes waarom prof. Keet dit nodig geag het om so op te kom vir die karakter van die CSV? Waarom het hy die internasionale en interkerklike karakter van die CSV so belangrik geag? Hoe sou hy nou dink oor die werk van die CSV onder ander rasse as die blankes? Het sy verdediging van die CSV te make gehad met sy ekumeniese ingesteldheid? Sou hy hom hou aan die bemiddelende tradisie van Stellenbosch? Hoe bring hy die Gereformeerde leer uit by die bestaan van vrye verenigings? Wat sou sy kollegas in die CSV se mening wees van sy leierskap van die vereniging?

16.1. Uitreiking na anderskleuriges

Prof. Bennie Keet se dreigement dat hy eerder uit die CSV sou terugstaan as dat hy moes toesien dat die CSV se karakter verander en dit nie meer interkerklik en internasionaal sou wees nie¹, het nie beteken dat hy sommer sou boedel oorgee nie. Dit was asof die nuwe hoofgebou wat die CSV in die begin van die veertigerjare op Stellenbosch in gebruik geneem het, die oë geopen het dat die CSV nie besig was om sy swanesang te sing nie, maar dat die toekoms voorgelê het.²

Die CSV het in hierdie tyd ook met 'n groot poging begin om sy werksaamhede onder die kleurlinge uit te brei. Die werk is aan die begin van die veertigerjare deur die Hoofbestuur van die CSV van die Studente Vrywilligersbeweging oorgeneem. Dit het daartoe gelei dat die takke vermeerder het van twee in

¹ Uitvoerende Bestuur van die CSV: Notule 3 Mei 1941, 164.

² Dies., 6 September 1941, 172.

1940 tot 8 in 1942. Die voorsitter het met sy woorde en "daadwerklike belangstelling" die hoofbestuur laat beseef dat daar 'n deur vir die CSV aan die oopgaan was, wat nie toegelaat moes word om weer te sluit nie. Die aantal takke het in 1943 tot 45 uitgebrei.³

Iets wat prof. Keet moes gekwel het, was die feit dat hy die plaaslike gemeente so in sy lesings beklemtoon het, maar vir twintig jaar nie op die kerkraad van Stellenbosch se gemeente gedien het nie. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. Een van die redes is natuurlik dat die vooroordeel by sommige, vanweë sy standpunte in die Du Plessissaak, jare sou neem om te verander. Dit is daarom dan ook te verstane dat toe hy aan die einde van 1941 tot die kerkraad beroep is, hy ja gesê het en sy termyn uitgedien het. Nog twee keer het hy daarna in die kerkraad gedien, nl. in die jare 1954-55 en 1961-62.⁴

Mev. Keet het voortgegaan om die kleurlinggemeenskap d.m.v. die Kindersorgvereniging te dien. Een van die groot probleme waarmee die vereniging geworstel het, was om 'n geskikte kantoor te verkry. Volgens mev. Keet wou niemand vir hulle 'n kantoor laat kry nie, hoofsaaklik vanweë die toeloop van kleurlinge wat daar by so 'n kantoor sou wees. Toe, in 1943, is 'n kantoor by ds. Louw in die A.P. Ventersaal verkry. Vir die eerste keer het Kindersorg sy eie kantoor en sy eie telefoon gehad. Daar was groot blydskap. Die vereniging sou egter nie lank by die kantoor bly nie en het 'n tydjie later na 'n stuk grond oorkant die ou Rhenishskool geskuif.⁵

Waar prof. en mev. Keet hulle besig gehou het met die evangelie oor grense heen, was dit nie orals in die Ned. Geref. Kerk gedoen nie. In die geleedere van die kerk het dit vir die meerderheid duidelik geword dat "apartheid" die regverdige "beleid" vir die kerk en vir die land is.

³ Die Jeug vir Christus - CSV 1896-1946, 25.

⁴ Kerkraad van Stellenbosch: Notule 11 Maart 1940, 119; 4 Desember 1961, 408.

⁵ Inligting mondelings van mev. Jessie Keet verkry.

Stelselmatig is begin om ten behoeve van die volksbelange te werk en om die beginsels van die beleid ook in die politiek en landsbestel aanvaar te kry.

So het in die tyd die Federale Sendingraad, die amptelike liggaam wat namens die Ned. Geref. Kerke moes optree, wanneer daar met die Regering of ander instansies oor rasse-aangeleenthede onderhandel moes word, hul begin beywer vir groter rasseseiding. Prof. G.B.A. Gerdener sou hierin die leiding neem. In 1942 het hulle samesprekings met kol. Deneys Reitz, minister van Naturellesake, gevoer. Benewens die kommissie se pleidooi dat gemengde huwelike verbied word en kleurlingstemreg apart beoefen moes word, is ook by monde van prof. Gerdener gepleit vir afsonderlike universiteite vir swartes.⁶ Die handhawing van die "beginsel van rasse-apartheid" is beklemtoon as die "enigste redding vir die volksbestaan."

Volgens Botha sou die verslag van hierdie onderhoud later in die geskiedenis 'n deurslaggewende rol speel as motivering van die N.G. Sendingkerk vir sy besluit om die Ned. Geref. Kerk van kettery te beskuldig. Die N.G.Sendingkerk glo dat hiermee 'n soteriologiese rol toegeken is aan die beginsel van apartheid, waar dit gesien is as die "enigste redding" vir die volksbestaan.⁷

Toe die lede van die Federale Raad nie gou genoeg van die minister 'n bevredigende antwoord gekry het nie, het hulle met die Eerste Minister self onderhandel. Die regering was positief oor die gedagte van 'n afsonderlike universiteit, maar het nie kans gesien vir die ander aanbevelings nie.⁸

⁶ Federale Sendingraad: Notule 1942, 24.

⁷ Botha, A.J. **Die evolusie van 'n volksteologie**, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984, 235.

⁸ Federale Sendingraad: Notule 1943, 53.

6.2. Leiding aan die Kerk deur "Die Kerkbode"

Intussen het prof. Keet nog gereeld die rubriek "Uit die buiteland" in *Die Kerkbode* behartig. Dit was egter moeilik, aangesien daar as gevolg van die oorlog so min inligting van die kerke in die buiteland hom bereik het.

Afgesien van die rubriek oor buitelandse nuus, het hy ook 'n reeks artikels oor dogmatiese kwessies, onder die opskrif "Ons redelike godsdiens" geskryf.⁹

Prof. Keet het gevoel dat daar 'n behoefte in die Kerk was dat die waarhede van die Christelike geloof vir die gewone, intelligente lidmaat uiteengesit word. Hy wou veral die studerende jeug laat ervaar dat die Christelike geloof tog nie onredelik is nie. Die Christelike geloof, wou hy aantoon, was ook nie teen die rede gekant nie. Inteendeel, hoe helderder die denke op die gebied van die godsdiens is, hoe vrugbaarder is die Christelike lewe.¹⁰

Die professor het die dogma in volgorde behandel: Openbaring, Die Heilige Skrif, Die geloof, Skrif en belydenis, Die kennis van God, Die Raad van God, Die Skepping, Die wese en bestemming van die mens, Die voorsienigheid, Die genadeverbond, Die persoon van Christus, Die werk van Christus, Die heilsorde, Die Kerk, Die genademiddels en Die leer van die laaste dinge.

Die reeks artikels is in 1945 in boekvorm gepubliseer. Uit hierdie artikels is dit baie duidelik dat prof. Keet na vyf en twintig jaar aan die Kweekskool in sy dogmatiek steeds aan die uitgangspunte wat hy aan die Vrye Universiteit geleer het, gehou het.

Wat sy Skrifbeskouing betref, is dit van spesiale belang dat Keet nie die Skrif verstaan het op 'n simplisties fundamentalistiese manier, as 'n bron van betroubare

⁹ *Die Kerkbode* April 1941 - Augustus 1943.

¹⁰ Dies., 2 April 1941, 591.

teologiese inligting nie, maar as 'n getuienis aangaande Jesus Christus.¹¹

Keet het geglo dat die Skrif die middel is waardeur die ewige gedagtes van God, die vleeswording van die Seun van God, aan ons bekend gemaak word. Dit is die weg waarlangs die genadige verlossingsgedagte van God aan die mensheid meegedeel word. Die Skrif moet dié openbaring vir ons openbaar, bestendig en meedeel. Die Skrif is nie die openbaring self nie, maar sy oorkonde of die optekening daarvan. Hierdie onderskeiding moet die mens egter nie daartoe verlei om 'n werklike skeiding tussen die twee te maak nie. Verder het hy beklemtoon: Die Skrif is die woord van God. Wat inspirasie betref, het hy vir die organiese inspirasie-opvatting gekies.¹²

Die Du Plessissaak het nie gemaak dat prof. Keet oor die Christologie van standpunt verander het nie. Volgens Keet het Jesus van die begin af die naam Seun van die Mens aanvaar om sy persoon in die regte lig te stel. Van sy geboorte af is Christus op besondere wyse deur die Heilige Gees geheilig en deur sy hele lewe heen het hy onder die besondere leiding van die Gees gestaan.

Wat die aflegging of verbergings van die goddelike eienskappe van Christus betref, het Keet gemeen dat ons nie aan die menslike natuur van Christus goddelike eienskappe kan toeskryf nie, want dan sou hy nie waaragtig mens wees nie. Jesus het gekom in die gelykheid van die sondige vlees (Rom 8:3), m.a.w. in die swakke menslike natuur, sodat niemand in hom iets anders as 'n gewone mens kon sien nie. Hy het toegeneem in kennis. Sy kennis was ook nie ineens kompleet nie, maar het gegroei saam met die ontwikkeling van sy menslike natuur.¹³

B.B. Keet het die heilsorde behandel, in die volgorde roeping en wedergeboorte, geloof en bekering, regverdiging en

¹¹ vgl. Thom, G: **The development of theology at Stellenbosch from 1859-1919**, Ongepubliseerde proefskrif, Rhodes Universiteit, 334.

¹² Keet, B.B.: 32-43.

¹³ Keet, B.B.: **Ons redelike godsdiens**, Stellenbosch, 1945, 140-146.

heiligmaking. Vir hom was dit logies dat wedergeboorte die geloof voorafgaan.

Keet het geglo dat die Christelike kerk, wat wortel in die nasionale kerk van die Ou Testament, van Pinksterdag af selfstandig bestaan. Toe is dit volkome losgemaak van die nasionale bande van Israel en het dit 'n eie lewensbeginsel ontvang, nl. die inwoning van die Heilige Gees. Die algemene karakter van die Kerk (d.w.s. dat dit bestem is vir die hele wêreld, sonder onderskeid van ras of tyd of kleur) is volgens hom in ooreenstemming met die algemene strekking van die evangelie self. Die evangelie self is nie vir enkele uitgesoektes bedoel nie, maar is wêreldwyd in omvang. Enigiets wat minder as dit is, sou die evangelie van sy waarheidskarakter berowe en tot 'n nasionale godsdiens verlaag. In sy verdere bespreking van die Kerk het hy van die tipiese Amsterdamse onderskeidings van instituut-organisme en sigbaar-onsigbaar gebruik gemaak.

Dit was nie net m.b.t. die dogmatiek wat Keet leiding gegee het nie.

Vanaf Oktober 1943 tot Julie 1945 het hy ook 'n reeks artikels oor die etiek in Die Kerkbode geskryf. Die oorgrote meerderheid van die artikels was opsommings van sy klasnotas.¹⁴ Sedelike vraagstukke wat in sy tyd in die brandpunt van algemene belangstelling gestaan het, is so bespreek dat die gewone leser dit kon volg.

Binne die verskeidenheid onderwerpe wat behandel is, is gepoog om 'n sekere struktuur te skep. Die eerste paar hoofstukke is suiwer filosofies. Aan die begin het hy eers die begrip "sedelikheid" verklaar. Daarna het probleme op die gebied van die algemene etiek gevolg. Die grootste gedeelte verder het gehandel oor probleme op die gebied van die sosiale etiek. Onderwerpe wat in die reeks aangeroer is, was: Wat is die gewete?; Kan ons deug volkome wees?; Is geluk die hoogste doel

¹⁴ Vgl. Heine, Q.E.: Die etiek van B.B. Keet, B.Th-skripsie, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 51.

in die lewe?; Genotmiddels; Dobbelspel; Die huwelik; Egskeiding; Geboortebeperking; Oorlog en Vrede; Kapitalisme en kommunisme; Die eenheid en veelvormigheid van die kerk, asook Nasionalisme en Internasionalisme.

Wanneer prof. Keet handel oor nasionalisme en internasionalisme, sê hy: "dit is 'n oordrewe en valse nasionalisme wat uitgaan van die standpunt dat die volk 'n wonderbare, bonatuurlike skepping is, wat nooit kan verander nie en dat derhalwe die volksband teen elke prys gehandhaaf moet word. Volkstrou is wel 'n prysenswaardige deug, maar dit kan nie ons hele lewe in beslag neem nie, en as daar botsing kom tussen ons plig teenoor die volk en ons trou aan God, dan kan daar geen twyfel bestaan oor ons keuse nie."¹⁵

Verder het die professor gesê dat volke sowel as enkelinge in sonde ontvang en gebore is. "Miskenning van hierdie feit lei tot verafgoding van ras en volk, die bittere wortel van rassehaat en valse nasionalisme. Die gesonde nasionalisme kan sonder of buite die gemeenskap met ander volke nie bestaan nie, en dit wil sê dat nasionalisme sonder die internasionalisme ondenkbaar is. As daar geen gesonde verhouding met ander nasies bestaan nie, sal die volkslewe altyd innerlik swak en kranklik bly, want dan gaan dit op in 'n lewe van selfbehoe en selfsug, wat onfeilbaar sy eie doel verydel."¹⁶

In die slot van hierdie artikel stel prof. Keet dan 'n standpunt, wat net sowel as die credo van sy lewe gesien kan word: "As ek die waarde van my naaste net so hoog of hoër ag as my eie, word ek nie minderwaardig nie; inteendeel, dit is alleén die sterk karakters wat hulself kan verloën, hulself kan vind deur hulself te verloor. So moet ook op die gebied van die volkslewe ons strewe wees, nie om onself te bevorder of verryk nie, nie groot te wees ten koste van ander volke nie, maar groot in diens ten bate van die geheel." In sy

¹⁵ Die Kerkbode 11 April 1945, 319; Keet, B.B.: Sedelike vraagstukke, 1945, 129.

¹⁶ Keet, B.B.: Sedelike Vraagstukke, 1945, 130 en 131.

laaste sin van die artikel het hy saamgevat: "Die Christendom staan nie vreemd teenoor die nasionale lewe nie; dit is juis die supra-nasionale van die Christendom wat die nasionalisme bewaar van ontarding."¹⁷

Q.E. Heine kritiseer prof. Keet dat hy in sy beoefening van etiek baie min van die Bybel gebruik maak. Volgens hom het prof. Keet eerder van algemene Skrifbeginsels gebruik gemaak as dat hy van spesifieke gedeeltes gebruik maak. Hy gee toe dat Keet die Skrif nie misbruik nie, maar voel dat Keet met sy non-direktiewe manier van Skrifhantering die Skrif te min gebruik.¹⁸ Hierdie wyse van Skrifgebruik hang natuurlik saam met Keet se Skrifbeskouing, nl. dat die Skrif "nie 'n versameling van wetsartikels (is), waarin ons direkte uitsprake oor allerlei moontlike lewensvraagstukke vind nie; dit gee ons slegs beginsels wat in hulle historiese verband en toepassing verstaan moet word."¹⁹

16.3. Die CSV as vrye vereniging

Vanaf 1944-1946 het prof. Keet by verskeie geleenthede die bestaansreg van die CSV as vrye, internasionale en interkerklike vereniging verdedig.

Op die hoofbestuursvergadering van die CSV van 5-7 Julie 1944 het hy as voorsitter gesê: "Die Kerk kan nie die hele lewe beheers nie, selfs op geestelike gebied is dit nie waar dat die kerk alleen ons hele lewe moet beheers nie. Dit is 'n Roomse gedagte....Daar is 'n terrein waarop ons as skrifgelowige Protestante selfstandig (ook geestelik) kan en moet optree." Verder het hy gesê: Die CSV-lid het sy eie kerk lief en glo in die waarhede wat sy kerk bely; stel hom ook graag onder die beskerming en leiding van sy Kerk. Daarom soek ons die nouste samewerking met die Kerk, maar die Christendom is breër as my eie Kerk. Die waarheid is groter en veelsydiger. Deur ander kerke word sommige waarhede duideliker

¹⁷ Dies., 133.

¹⁸ Heine, 51.

¹⁹ Keet, B.B.: **Sedelike vraagstukke**, Stellenbosch, 1945, 95.

beklemtoon. En dit is deur openhartige bespreking hiervan dat ek in my eie groei en ontwikkel. As ons ons in ons eie dop terugtrek, watter invloed gaan ons hê?" Oor die werk onder anderskleuriges het hy gesê: "Nuwe deure gaan vir ons oop soos dié in kleurling- en bantoe-afdelings. Die Heer gee ons groot geleentheid in 'n land waar die Christendom vandag die grootste toets deurgaan. Laat ons tog nooit die Christendom verloën nie."²⁰

Intussen het hy by die Kweekskool voortgegaan met sy werksaamhede. Alhoewel hy nie 'n goeie orator was nie, het sy persoonlikheid, sy toegeneentheid tot die studente, die feit dat hy klasnotas beskikbaar gestel het en sy fyn humorsin hom gewild gemaak. Vele studente onthou vandag nog die keer toe hy 'n kuratoriumbesluit aan die studente moes oordra dat dit as onwenslik beskou word dat Kweekskoolstudente tydens hul studiejare trou.²¹ Toe 'n getroude student aan prof. Keet gevra het, wat sy spesifieke situasie aan die Kweekskool nou was, het prof. Keet op sy eie humoristiese wyse aan die student gesê: Al wat ek kan sê is, moet dit net nie weer doen nie!"

Aan die einde van 1945 was dit weereens prof. Bennie Keet se taak om die sluitingsrede te lewer. Hierdie keer het hy tot tema gekies: "Is daar in ons kerklike lewe plek vir vrye verenigings? Indien ja, watter plek moet hul inneem in ons kerklike lewe?"²²

Prof. Keet het die onderskeiding tussen Kerk as organisme en Kerk as instituut gebruik om die plek van die CSV uit te spel. Met die Kerk as organisme het hy bedoel "die sigbare handeling van gelowiges buitekant en oor die grense van die verskillende institute, op allerlei terreine van menslike aktiwiteit soos die familie, die staat, die maatskappy, die opvoeding, die wetenskap, die kuns, die liefdadigheid en ook

²⁰ CSV-Hoofbestuur: Notule 5-7 Julie 1944, 281-285.

²¹ Kuratorium: Notule 11 Desember 1945, 159.

²² Dies., 167.

die godsdiens, want ons godsdienstige lewe gaan nie in die kerklike instituut op nie."²³

Prof. Keet het gesê dat "vir ons wat uitgaan van die standpunt dat die beginsels van die kerklike regering in die Skrif gevind word, is dit vanselfsprekend dat die Kerk, met sy ampte en dienste en tug, geen plek het vir vrye vereniginge nie. Daarom is dit so vreemd wanneer manne van onverdagte regsinnigheid hulle beywer om alle vereniginge van Christelike aard onder die jurisdiksie van die Kerk te bring. Die konsekwensies het geëis dat hulle teen elke gedagte van kerklike vereniginge in verset sou kom, want die vrye vereniginge het in geen opsig tot die Kerk as instituut behoort nie, maar wel tot die Kerk as organisme."²⁴

Wanneer die Kerk as instituut wou hê dat alles wat Christelik is, vanuit die Kerk gedoen moet word, is dit, volgens hom, niks anders as Rooms nie.

Prof. Keet het hom op A. Kuyper beroep, wat gesê het dat wanneer georganiseerde samewerking tussen lede van verskillende Kerke plaasgevind het, 'n kerklike institutêre band nie hoef te bestaan nie.²⁵ Hy het ook vir F.L. Rutgers aangehaal wat met Kuyper saamgestem het dat die Kerk geen reg het om te eis dat vereniginge onder sy vleuels moes bestaan nie.²⁶ Daaruit kom die voorsitter van die CSV tot die slotsom: "Want hoe hoog ons waardering van die kerklike instituut ook al is, dit mag ons tog nooit daartoe bring om die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, prys te gee nie."²⁷

Aan die einde van 1945 is daar van prof. Lategan afskeid geneem. Sy gesondheid het hom soveel probleme besorg dat hy

²³ Keet, B.B.: **Die Kerk en die verenigingslewe**, Stellenbosch, 1946, 4.

²⁴ Dies., 5.

²⁵ Dies., 5 en 6.

²⁶ Dies., 6.

²⁷ Dies., 7.

gevra het om te emeriteer. Die sinode het terselfdertyd ook besluit dat die tyd nou gereed was om 'n vyfde professor aan te stel. Dit was 'n ideaal wat in 1928 al in beginsel oor besluit is, maar wat nooit werklikheid geword het nie. Die keuse het geval op dr. F.J.M. Potgieter as professor in Kerkgeskiedenis in die plek van prof. Lategan en op dr. J. J. Muller as addisionele professor.²⁸ Dr. Muller sou Nuwe Testament as hoofvak doseer. Die twee professore is op 22 Februarie 1946 bevestig, maar studieverlof is toegestaan tot 29 April.²⁹

As professor Keet gehoop het dat die koms van 'n vyfde hoogleraar die druk op hom 'n bietjie sou verlig, dan het hy dit mis gehad. Reeds op 25 November 1945 het die Raad van Professore besluit dat die vakke wat aan hom toevertrou was, sou bly soos voorheen.³⁰

16.4. Segregasie in die CSV?

Op die hoofbestuursvergadering van 1-4 Julie 1946 het die rassevraagstuk aan die orde gekom. Dr. J.J. Muller het in 'n referaat voorgestel dat die CSV die vertroue van die Kerk in die vereniging kon vermeerder deur die aanvaarding van "die beginsel van differensiasie en groepering waarin rekening gehou word met die drie afdelings blankes, bantoes en kleurlinge."³¹ In sy sluitingsrede het prof. Keet die vraag gevra: "Wat gaan ons doen omtrent segregasie? Ons moet 'n rigting inslaan. Het ons sover reg gedoen? Hoekom ontwikkel ons dan in vyandige rigtings? Die gevaar is verwydering. Moet daar nie geleentheid gesoek word om uiting te gee aan die eenheid in Christus nie? Ons moet aanknopingspunte soek - bv. saam nagmaal vier.... Het ons altyd die moed om te doen wat

²⁸ Kuratorium: Notule 7 November 1945, 151.

²⁹ Dies., 11 Desember 1945, 159.

³⁰ Raad van Professore: Notule 25 November 1945, 59.

³¹ CSV-hoofbestuur: Notule 1-4 Julie 1946, 293 en 294.

ons as ons plig besef? God gaan lei, ons moet getrou wees aan die lig wat God gee."³²

Die Hoofbestuur het toe besluit om navorsing te doen oor die rassekwessie. Prof. Keet het deel gevorm van die leierspan wat veelrassige studiekommissies daaroor landwyd moes organiseer. Die idee was dat die CSV " 'n bydrae kan lewer aan pogings op kulturele en kerklike gebied om rasseverhoudings te bestendig".³³

In die gedenkblad wat die CSV in hierdie tyd met sy vyftigjarige bestaan uitgegee het, het prof. Keet 'n artikel oor die verhouding tussen die CSV en die Kerk geskryf.³⁴ Hy het weereens die voorstanders van die standpunt wat gevra het dat die CSV 'n kerklike vereniging moes word, gekritiseer. Hy het gesê dat "waar daar in ons tyd so 'n groot behoefte bestaan om die eenheid van die Christendom tot uiting te bring, glo ons dat die CSV 'n treffende getuienis is vir die eenheid wat selfs in die omwentelinge van die oorlogsjare nie vernietig is nie. "Prof. Keet het ook gevoel dat "die sug om alles direk onder kerklike beheer te bring veel van die inisiatief by ons studerende jeug sal smoor."

In dieselfde gedenkblad het prop. F.J. Liebenberg, algemene sekretaris van die CSV sedert 1929, geskryf dat die interkerklike en internasionale karakter nog dwarsdeur sy bestaan vir sommige 'n steen des aanstoots was. Daardeur het die CSV egter "'n aansienlike aandeel gehad... in die bevordering van en die daarstel van 'n gesonde christelike verhouding onder die leidende groepe in Suid-Afrika..."³⁵ Dr. G.B.A. Gerdener het ook saamgestem dat "die gedagte aan drie of vier aparte verenigings maar nie in(gaan) by iemand wat glo

³² Dies., 339-341.

³³ Dies., 20 Desember 1946, 359.

³⁴ Die Jeug vir Christus - CSV 1896-1946, 50.

³⁵ Dies., 12.

dat die Christendom teenoor die magte van die sekularisme en die ongeloof nie sy stryd magte onnodig mag verdeel nie."³⁶

Geleidelik het prof. Keet die behoefte begin voel om hom van die voorsitterskap van die hoofbestuur los te maak. Op die hoofbestuursvergadering van 20 Desember 1946 het hy dan ook sy voorneme bekend gemaak dat hy " vas van plan is om nie langer te dien nie, aangesien sy kragte nie meer toereikend is nie en die CSV nou 'n jonger man wat meer kan doen se dienste nodig het." Dr. J.F. Kirsten het egter gereageer deur daarop te wys dat "wat die CSV nou nodig het, bo alles besadigde, wyse leiding" was. Daarom, het hy gevoel, was dit "so dringend noodsaaklik dat die voorsitter nie sal aftree nie."³⁷ Prof. Keet het aan die versoek voldoen en nog tot 1949 gedien.³⁸

16.5. 'n Nuwe situasie in Suid-Afrika

Onder die Afrikaners het die gedagte van apartheid al meer veld gewen. Op die FAK se volkskongres van 29 tot 30 September 1944 is een van die eerste daadwerklike pogings aangewend om apartheid prinsipiëel as 'n Bybelse model te begrond. Daar is verwoord en geformuleer wat in kerlike, politieke en kulturele kringe reeds vir dekades bespreek is. Dr. J.D. du Toit het die leiding geneem. Hy het God die groot "skeidingmaker" genoem.³⁹ Die kongres het besluit dat apartheid "gebaseer (is) op die Heilige Skrif, wat vir ons leer dat God geen eenvormigheid nie, maar veelvormigheid van nasies gewil het en deur die pluriformiteit van rasse en kulture, sy raad verwerklik." Gerdener het hierdie besluite in die mondstuk van die Federale Sendingraad, **Op die Horison**, sonder kommentaar weergegee.⁴⁰

³⁶ Dies., 52.

³⁷ CSV-hoofbestuur: Notule 20 Desember 1946, 363.

³⁸ Dies., 10-13 Januarie 1949, 25.

³⁹ **Inspan**, Desember 1944, 7-17.

⁴⁰ **Op die Horison**, Maart 1945, 16-23.

Die kerklike volkskongres wat in Julie 1947 in Johannesburg plaasgevind het, het dit as sy oortuiging uitgespreek dat "doelbewus 'n omvattende beleid van rasse-apartheid op elke gebied van die lewe deurgevoer moet word", en dat "christelike voorgedyskap die taak en verantwoordelikheid van die blanke ras is".⁴¹

Dit was duidelik dat daar twee benaderings teenoor rasse-apartheid in die Kerk gangbaar was. Die een groep teoloë wou apartheid op praktiese gronde verdedig. Die ander het geglo dat die beleid Skriftuurlik begrond moes en kon word. Vir 'n geruime tyd bestaan die twee standpunte naas mekaar, maar lg. standpunt het al meer die toon begin aangee.

Die prinsipiële benadering sou aanstons amptelike kerklike sanksie kry. Die Raad van Kerke het in 1947 'n verslag van prof. E.P. Groenewald aanvaar, waarin apartheid Skriftuurlik begrond is. In die stuk het Groenewald die volgende standpunte uit die Skrif verdedig: "Die Here wil dat aparte volke hul apartheid moet bly handhaaf"⁴²; "Die apartheid strek hom oor die hele terrein van die volkslewe uit"⁴³, "Gods seën rus op die eerbiediging van die apartheid."⁴⁴ Hoewel Kuyper nie direk aangehaal word in die verslag nie, lê sy denkbeelde tog duidelik die verslag ten grondslag. So word bv. verwys na skeppingsordinansies, die beginsel van verskeidenheid wat gehandhaaf moet word, asook die religieuse waarde van "volk" as 'n eie afsonderlike gesagskring met eie aard en karakter.

Die verslag is ook opgeneem in die boek, **Regverdige Rasse-apartheid**, van G. Cronjé. In 1948 is die verslag aan die Transvaalse sinode voorgelê, wat na kritiek, onder andere van dr. B.J. Marais, net besluit het dat rasse-apartheid op die Skrif gebaseer is, sonder om die hele verslag te aanvaar.

⁴¹ Besluite aangehaal in Cronjé, G.; Groenewald, E.P. en W.M. Nicol: **Regverdige Rasse-Apartheid**, Pretoria, 1947, 42.

⁴² Dies., 47.

⁴³ Dies., 49.

⁴⁴ Dies., 57.

Prof. Keet sou nie met die Skrifgebruik in die verslag saamstem nie. Sy kommentaar hieroor sou egter uitbly tot na die sinodesitting van die Kaapse Kerk van 1949.

Op 23 September 1948 is die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede gestig. Prof. G.B.A. Gerdener sou hierin sterk leiding neem. As eerste doelwit is gestel "die propagering van die apartheidstandpunt en die bekamping van die gelykstellingstrewe."⁴⁵

Ook in 1948 het die volksverkiesing plaasgevind, waarin die Nasionale Party aan bewind gekom het. In die toekoms sou wetgewing dien om bevolkingsgroepe apart te ontwikkel. Dit het daarom gepaard gegaan met die verskuiwing van die kleurlinge uit die dorp Stellenbosch. Die ontwrigting wat daardeur in kleurlinggeledere veroorsaak is, het tot in prof. Keet se huis gekom, vanweë sy eggenote se betrokkenheid by Kindersorg.

Die Kindersorgvereniging was net gerieflik ingerig by die kantoor oorkant die Rhenishskool. Toe is die kleurlinge uit die dorp uitgeskuif. Dit was ook nie lank nie, toe kry die vereniging kennis dat die munisipaliteit die grond waarop hul kantoor geleë was, vir 'n ander doel wou gebruik. Weer moes die vereniging trek. Vir die doel is 'n huis van 'n kleurling in Krigestraat, wat ook moes skuif, gekoop.⁴⁶

16.6. Uittrede as voorsitter van die CSV

Aan die einde van 1948 het prof. Bennie Keet aangedui dat hy as voorsitter van die CSV gaan aftree. Op Donderdagmiddag 13 Januarie 1949 het die hoofbestuur in die hoofgebou op Stellenbosch van hom afskeid geneem.

⁴⁵ SABRA-dokument: Staatsargief S5 11/27/1; Sien ook Van der Watt, G: **G.B.A. Gerdener: Koersaanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending en ekumene**, D.Th.-verhandeling, Bloemfontein, 1990, 202.

⁴⁶ Inligting mondeling van mev. Keet verkry.

Dr. Ben Marais van Pretoria het as seremoniemeester opgetree. In sy inleidende woord het hy gesê dat "met die afskeid van dr. Keet die CSV 'n sekere tydperk afsluit, 'n tydperk waarin daar baie storm en drang was, maar waarin die kalme, takvolle en besliste koersvaste optrede van dr. Keet die CSV op veilige bane gelei het."

Dr. H.P. Cruse, adviserende raadslid, het in sy huldeblyk die noodsaaklikheid beklemtoon dat die CSV sy verband met die buitewêreld en veral met die Federasie moes behou om mee te doen aan die wyer front van Christelike aksie.

Mnr. R.F. Sansbury het op gevoelvolle wyse die dank en waardering van die Engelssprekendes teenoor dr. Keet uitgespreek. "In 'n tyd toe die verhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekende studente nie van die beste was nie, het dr. Keet daarin geslaag om 'n hegte en innige eenheidsband tussen die rasse te smee."

In sy antwoord het dr. Keet gesê dat die tyd van diens aan die CSV een van sy grootste voorregte was wat die Meester hom gegee het. Ten slotte het hy 'n beroep op die hoofbestuur gedoen om nie af te wyk van sy groot en heerlike roeping om die studente van alle rasse tot hulle eenheid in Christus saam te snoer nie. "Hierin lê die heil van ons volk en solank die CSV op hierdie pad voortgaan, sal die seën van die Here voortdurend op Hom rus". Hy het geëindig met 'n beroep op die leiers om aan die nuwe voorsitter, ds. W.S. Conradie, dieselfde liefde en vertroue te gee as wat hom te beurt geval het.⁴⁷

Beoordeling

Die tydperk van 1942 tot 1949 in die lewe van prof. Keet staan hoofsaaklik in die teken van stryd vir die behoud van die karakter van die CSV. Prof. Keet het enduit gestry vir die behoud van die CSV as interkerklike en internasionale vereniging, omdat die Christendom vir hom breër was as sy eie

⁴⁷ Die Wekroep, Februarie 1949, 1.

kerk en kerklike instituut. Vrye verenigings vorm nie deel van die kerklike instituut nie, maar is deel van die kerk as organisme.

Dit is baie duidelik dat prof. Keet die Evangelie nie kon versoen met dit wat hy as "totalitarisme" getipeer het nie. In 'n tyd waar die Afrikaner homself al meer van ander rasse geïsoleer het, het hy die CSV, so te sê, stroomop gelei.

Juis in hierdie tyd het die CSV homself bv. daarop toegespits om sy werksaamhede onder die kleurlinge uit te brei.

Dit is dan ook duidelik dat dit sy ondervinding in die CSV was wat 'n reuse-aandeel daarin gehad het dat hy later die apartheidstelsel so fel sou bevraagteken het.

Sy kerkbegrip, waarvolgens hy die bestaansreg van die CSV verdedig het, het aangesluit by Abraham Kuyper. Hiermee het hy die kritici van die CSV, wat juis na die voorbeeld van Kuyper die Calvinisme wou beskerm, op hulle eie terrein aangevat en weerlê.

Dit moet hom ter ere nagegee word dat hy in staat was om die CSV deur hierdie "woelige waters" te lei, sonder dat dit geskeur het of van die Kerk verwyder geraak het. Dit herinner sterk aan die dae toe hy in Graaff-Reinet in staat was om die twee pole in die gemeente bymekaar te hou, iets wat ds. J.F. Naudé nie sou regkry nie. Prof. Keet se groot invloed in die vereniging was dus saambindend van aard.

In alles blyk dit dat hy baie sterk beïnvloed is deur die bemiddellende tradisie van Stellenbosch. Hiervan getuig sy stryd vir die internasionalisme naas die nasionalisme, asook vir die ekumeniese karakter van die CSV.

Opsommend kan van hierdie tydperk in prof. Keet se lewe gesê word dat hy in 'n baie moeilike tyd op 'n kalm, besadigde en beredeneerde wyse die weg gewys het vir die Afrikanervolk en in besonder vir die CSV.

HOOFSTUK 17: "BROERS IN CHRISTUS, BEPERK" (1949-1955)

Aan die einde van die veertigerjare het prof. Bennie Keet se lewe 'n nuwe fase betree. As beredeneerde denker sou hy hom in 'n nuwe situasie moes laat geld. Hierdie nuwe situasie is veral veroorsaak deur die groot gebeure op politieke gebied in Suid-Afrika, nl. die bewindsoorname van die Nasionale Party en die gepaardgaande beleid van apartheid.

Die kernvraag wat in die hoofstuk beantwoord word, is waarom prof. Keet dit in hierdie tydperk nodig gevind het om teen die algemeen gangbare opvattinge oor rassesake in te gaan. Waarom het hy dit bv. nodig gevind om standpunt in te neem teen die sinodale rapport oor rasse-aangeleenthede? Waarom het hy so 'n opskudding op die veelrassige konferensie van November 1953 veroorsaak? Waarom het hy aangedring op veranderinge in die formuleringe in die verslag van prof. A.B. du Preez oor die kerk se standpunt oor rassesake? Was prof. Keet op hierdie stadium reeds 'n teenstander van 'n beleid van apartheid as sodanig?

Ander vrae wat aan die orde kom, is: Hoe het hy gevoel oor die gelykheid van alle mense? Was hy reg in sy beoordeling van die situasie in Suid-Afrika? Is sy bevraagtekening van apartheid veroorsaak deur partypolitieke oogmerke, of was dit 'n poging om die lig van die Woord op die situasie van sy dag te laat val? Het hy in die hele situasie teologies onbevooroordeeld gebly?

Verder word daar in hierdie hoofstuk gevra na sy ingesteldheid teenoor die ekumene. Was daar 'n verband tussen sy positiewe houding teenoor die ekumene en sy bevraagtekening van apartheid? Het hy nie met sy ekumeniese ingesteldheid die Gereformeerde waarheid onderbeklemtoon nie?

Die hoofstuk eindig net voor prof. Keet in die gedrang kom met sy boek "Suid-Afrika - Waarheen?".

17.1. Die Heilige Skrif en apartheid

Aan die einde van die veertigerjare het Afrikaner-nasionalisme 'n hoogtepunt bereik. In 1948 het die Nasionale Party, met sy beleid van rasse-apartheid, die verkiesing gewen. Vir die Afrikaner was dit 'n oorwinning oor die Engelse oorheersing. Die opbruising is tot 'n klimaks gevoer op 16 Desember 1949, toe die Voortrekkermonument in Pretoria onthul is.

Tegelykertyd het die ekumeniese beweging wêreldwêreld inslag gevind. In 1946 is die Gereformeerde ekumeniese sinode gestig en in 1948 word die eerste vergadering van die Wêreldraad van Kerke gehou. In hierdie kringe sou kerke mekaar onderling tot verantwoording roep.

Die sendingbenadering van die Afrikaanse kerke en die beleid van die owerheid het aansluiting by mekaar gevind. Ten onregte is dit egter deur baie sonder meer met mekaar vereenselwig. Deur buitelanders veral. Maar selfs deur lidmate. In die kring van die ekumene sou die kerk hom daarvoor moes verantwoord.

Kerklike en volkskongresse was in hierdie tyd aan die orde van die dag. Die kerklike publiek en Afrikanervolk het besin oor sy standpunte en rol vorentoe.

In die kerke was daar van die begin af verskil van mening oor die teologiese fundering van die kerklike benadering en regeringsbeleid. Daarby het die party-politieke toepassing van die beleid hom nie gehou aan die voorbehoude en kwalifikasies wat die kerke gestel het nie. As grootste probleem is ervaar die politieke verdeling wat teen die beleid gesaai is, asook die georganiseerde teenstand daarteen vanuit die buiteland. In die Suid-Afrikaanse samelewing het die Liberale en die Kommuniste hul veral hierin laat geld. Verder het die wêreld se ervaring van nasionaal-sosialisme enige vorm van rasse-skeiding gediskwalifiseer. Blanke voogdyskap is eenvoudig met Europese kolonialisme en uitbuiting vereenselwig.

In die Ned. Geref. Kerk was daar onder die voorstanders van apartheid twee strominge. Eerstens was daar die groep wat 'n

pragmatiese benadering vanuit evangelies-gereformeerde hoek tot die rasseprobleme gehad het. Van hierdie groep was G.B.A. Gerdener een van die voorste denkers. Die ander stroom was die voorstanders van 'n dogmatiese apartheidssteologie. Hier het die teoloë wat hulle deur Calvin wou laat lei, die leiding geneem.¹ Hulle sou mettertyd die senior vennoot in die Ned. Geref. Kerk se besinning oor rassese sake word.²

Die verslag wat prof. E.P. Groenewald in 1947 oor die Skriftuurlike gronde vir apartheid vir die Federale Raad van Kerke opgestel het,³ het in 1948 ook op die Transvaalse sinode gedien. Daar het dit groot teenkanting van dr. B.J. Marais uitgelok.⁴ Dr. Marais het voorgestel dat slegs met dank van die rapport kennis geneem word. Vanweë die groot verskil t.o.v die gronde aangegee, is besluit om "die saak desnoods van 'n nuwe oogpunt te benader, nl. dat ons tot die beleid van apartheid gedwing word in belang van die Koninkryk van God en die voortbestaan van die Christendom in Suid-Afrika."⁵ Uiteindelik het die sinode tog verklaar "dat sy besluit nie slegs uit omstandighede" gebore is nie, maar sy grondslag in die Heilige Skrif het.⁶ In 1949 sou die Kaapse sinode hom ook oor die standpunte van prof. Groenewald en die Transvaalse sinode moes uitspreek.

Prof. Keet sou gedurende die jaar 1949 self baie oor die gebeure in Afrikanergeleedere dink. Hy was in hierdie jaar promotor van 'n M.-tesis, wat vir homself ook baie aktueel moes gewees het. Student O.S.H. Raubenheimer het onder hom

¹ Baie van hierdie persone was vroeër medeskrywers in die **Koers in die Krisis**-reeks.

² sien bv. die debat in **Op die Horison** April 1939, 50 en Julie 1939, 98 tussen di. J. Reynecke en J.G. Strydom.

³ Raad van Kerke: Handeling, 1947, 8, 53-57. Hierdie verslag is ook opgeneem in Cronjé, G.: **Regverdige Rasse-apartheid**, Pretoria, 1947.

⁴ Sinode van die Nederduitse Hervorde of Gereformeerde Kerk: Handeling, 1948, 369 en 382.

⁵ Dies., 279-284, 328 en 369.

⁶ Dies., 446.

gewerk oor die onderwerp: **Die Skrif en die Rassevraagstuk; 'n Eksegeties-dogmatiese ondersoek na die Skriftuurlike beginsels vir Rasseverhoudinge.**⁷ Raubenheimer het tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel die Heilige Skrif nie 'n eksplisiete rasse-beleid aan die hand doen nie, daar tog sekere Skriftuurlike beginsels vir rasse-verhoudinge aangestip kan word.⁸ So noem hy bv. as sesde beginsel: "God het die verskillende nasies ook ooreenkomstig hulle onderlinge verskille versprei, nie deurmekaar nie, maar juis "begrensd", aan elkeen is gegee om selfstandig te ontwikkel. Ons moet hierdie verspreiding erken en handhaaf, want daarmee hang hul roepingsvervulling saam, en volks- en rassuiwerheid is bevorderlik vir roepingsvervulling..."⁹

In dieselfde jaar is 'n kerklike kongres ter bestryding van maatskaplike euwels in Johannesburg gehou. Maatskaplike euwels is geïdentifiseer, veral in samehang met regeringsbeleid. Die kongres het sy afkeuring uitgespreek "oor die leer van gelykstelling en assimilasië tussen blank en nie-blank, omdat dit bereken is om rassuiwerheid te vernietig, rasseverskille wat God daar gestel het, op kunsmatige wyse uit te wis en die ondergang van die Christelike beskawing in Suid-Afrika te bewerk." Die kongres het dit ook as sy oortuiging uitgespreek "dat die Heilige Skrif in breë trekke die bestaan van aparte rasse en volkere handhaaf en sodanige vermenging tussen rasse en volkere wat die Christelike godsdiens en beskawing kan benadeel, veroordeel."¹⁰ Besluite is geneem en versoeke aan die regering gerig. Segregasie van blanke, naturelle en gekleurde woongebiede moes verpligtend gemaak word. Gesonde rassetrots moes by blankes en gekleurdes in skole aangemoedig word. Gemengde huwelike, sowel as buite-egtelike verkeer

⁷ Raad van Professore: Notule 7 Desember 1948, 150.

⁸ Raubenheimer, O.S.H.: **Die Skrif en die Rassevraagstuk**, M.Th.-thesis, Universiteit van Stellenbosch, 1949, 147.

⁹ a.w., 149.

¹⁰ Federale Raad vir die bestryding van maatskaplike euwels: **Om hulle ontwil: Referate en besluite van die kerklike kongres van die gefedereerde N.G. kerke insake maatskaplike euwels, gehou te Johannesburg 6-8 Julie 1949**, Pretoria, 1949, 213.

tussen blankes onderling en blankes met swartes en gekleurdes moes verbied word. Toe die wetgewing oor ontug in 1949 egter aanvaar is, het die Kerk se Skriftuurlike kwalifikasie in die slag gebly.¹¹ Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die regering versoek "om die Romeins-Hollandse regsbeginsel van die strafwaardigheid van ontug tussen persone van dieselfde ras in ons wette te herstel, en so mee te werk in die handhawing van 'n gesonde peil in ons volkslewe."

In die Kaapse sinode sou die beleid van apartheid op 14 November 1949 aan die orde kom. Oor die kritiek dat die apartheidsstelsel onregverdig is, sou die Ned. Geref. Kerk homself moes uitspreek. Dit het gebeur toe die rapport van die tydelike kommissie oor rasse-aangeleenthede in behandeling geneem is.¹² Die kommissie moes leiding aan die sinode verleen, t.o.v. beskrywingspunte dat die sinode sy "tradisionele beleid van vertikale apartheid" sal handhaaf, hom uitspreek oor die Skriftuurlike grondslag van apartheid in Kerk en Staat, asook oor samewerking met die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede.

Die kommissie het hom oor die Skriftuurlike grondslag van apartheid veral laat lei deur die verslag wat in 1947 deur prof. E.P. Groenewald opgestel is.

Die Kaapse sinode het nie gehuiwer om die beleid teologies en Skriftuurlik te fundeer nie. "Die Heilige Skrif", so is aangevoer, "miskien nêrens die natuurlike onderskeid tussen volk en volk, ras en ras nie. Inteendeel, God het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die aarde te woon, terwyl hy vooraf bepaalde tye en grense van hulle woonplekke vasgestel het."

¹¹ vgl. Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Handeling 1953, 348.

¹² Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Handeling 1949, 432.

Die Kaapse sinode het die kort opsomming van die verslag van prof. Groenewald aanvaar.¹³

Die hoogleraar in Etiek, Dogmatiek en Kerkreg was ook op die Kaapse sinode teenwoordig. Hy het die voorreg gehad om as gas van die sinode 'n ereplek voor die verhoog in te neem toe die rapport agter geslote deure in behandeling geneem is. In ooreenstemming met die gebruik van die sinode, wat aan sy teologiese professore geen reg van sitting verleen nie, kon prof. Bennie Keet egter nie 'n beurt vra om aan die diskussie deel te neem nie, hoewel hy dit baie graag wou gedoen het.¹⁴

Die kommissie het bevind dat die beginsel van die beleid van eiesoortige ontwikkeling tot selfstandigheid skriftuurlik was. As motivering is o.a. gegee dat Gal. 3:28 alleen 'n geestelike eenheid bedoel en dat volgens Hand. 17:26 die bestaan van afsonderlike rasse en volke deur God "gewil en verorden is". Die kommissie was van oortuiging "dat hierdie beleidsrigting onder die leiding van die Heilige Gees gevorm en sover gevolg is, en dat dit op die weg van Gods wil lê."¹⁵

Vir prof. B.B. Keet het die wyse waarop die Skrif gebruik is, gegrief. Omdat hy nie in die sinode hierop kon reageer nie, het hy hom tot die openbare mondstuk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, **Die Kerkbode**, gewend. In 'n artikel, wat in vier dele op 30 November, 7, 14 en 21 Desember 1949 verskyn het, het hy sy standpunt onder die opskrif "**Die Heilige Skrif en Apartheid**" weergegee.

In die artikelreeks het prof. Keet veral oor die Skriftuurlike gronde wat vir apartheid aangevoer is, gehandel. Hy het gevra waar die Tydelike Kommissie, wat die verslag opgestel het, aan so 'n Skrifbeskouing en Skrifverklaring gekom het. Hy het gesê dat, in sigself beskou, was die uitleg wat aan die tekse gegee was, nie onjuis nie, maar in sy verband, as 'n

¹³ sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: Handeling 1949, 432-434.

¹⁴ **Die Kerkbode**, 30 November 1949, 1004.

¹⁵ sinode van die Kaapse Kerk: Handeling 1949, 433.

regverdiging van 'n apartheidsbeleid, was die hele beredenering van die kommissie vals en onskriftuurlik.

Verder het hy geskryf: "Die kommissie sê dat hulle niks in die letter of gees van die Ou of Nuwe Testament vind wat in stryd met hierdie beleid van afsonderlike, eiesoortige ontwikkeling is nie: dit hang alles af van wat met afsonderlike ontwikkeling bedoel word. Is die bedoeling: afgesonder, geskei van, soos dit in die hele verband moet gelees word, dan is dit in stryd met alles waarvoor die evangelieboodskap, in Ou en Nuwe Testament albei, staan."

Daarna het prof. Keet eksegetiese gedoen van 'n paar van die tekste wat die kommissie aangehaal het. Hy het oortuigend aangetoon dat die kommissie die Skrif aan die praktyk gebind het, i.p.v. om hul sonder voorbehoud direk tot die Skrif te wend en dan, in ooreenstemming met die hele strekking van die Skrif, te probeer verneem het wat daar op 'n bepaalde plek gesê word. Die praktyk moes dan daarmee in ooreenstemming gebring word. Verder het hy gereken dat hulle na die Skrif gegaan het om direkte uitsprake oor die sosiale lewe te verkry, terwyl die Skrif gegee is vir 'n bepaalde doel, nl. om die mens wys te maak tot saligheid.¹⁶

In die slotgedeelte het hy soos volg geskryf: "Laat ek net weer daaraan herinner dat die Skrif geen mure tussen volke van die wêreld optrek nie, maar dat alle mense voor God gelykwaardig is. Dit beteken dat almal my naaste is, nie net die bevoorregte of gelykgesinde nie, maar almal van watter ras of nasie of kleur hulle ook mag wees. Nog meer, dit is juis die behoeftige, minderbevoorregte, gesonke mens wat my naaste is, en as hy my naaste is, moet ek hom nie vermy nie, maar tot sy hulp kom.....In alle geval, daar bestaan geen twyfel dat die evangelie niks van sosiale apartheid weet nie. Dit is alleen die feitlike toestande soos ons dit in ons land ken, wat ooit die gedagte in ons kon laat opkom dat die evangelie dit leer. Ons wil ons verontskuldig; dan gaan ons na die Skrif en vind wat ons soek.

¹⁶ Die Kerkbode 7 Desember 1949, 1047.

Uit die artikel is dit duidelik dat dit nie prof. Keet se doel was om apartheid in die Kerk te veroordeel nie. Hy wou net hê dat die gronde daarvoor nie in die Skrif gesoek moes word nie. "As dus aan my gevra word waarop ek die apartheidsbeleid van die Kerk bou (wat ook die sosiale lewe in die algemeen geld) dan antwoord ek: op suiwer praktiese gronde." Prof. Keet het gesê dat sommige kon sê dat dit 'n swak standpunt was om in te neem, "maar liever dit as om 'n prinsipiële standpunt in te neem en dan die Skrif te buig na my prinsiep."¹⁷

Verder wou hy aantoon dat die ideaal nie absolute skeiding tussen rasse in die Kerk was nie, maar die afbreek van dit wat skeiding maak. "Ek erken dat die sloping van die skeidsmuur 'n ideaal is wat in ons omstandighede moeilik is om te verwesenlik, maar ek wil my nie die reg toe-eien om die ideaal prys te gee omdat dit so moeilik bereikbaar is nie. Gee ek die ideaal prys, dan gee ek die evangelie prys...."¹⁸

Beide die **Cape Times** en die **Cape Argus** het op 9 Desember 1949 die hooftrekke van prof. Keet se artikel in **Die Kerkbode** weergegee. **Die Burger** het verkies om daaroor te swyg.

Die kerkraad van Reitz het beswaar aangeteken en sy spyt en verbasing te kenne gegee omdat 'n hoogleraar van die Kerk, "in stryd met die neergelegde beleid van al vier Gefedereerde Kerke, hierdie beleid in die openbaar aanval en die egtheid daarvan in twyfel trek." Die kerkraad was oortuig dat "deur die beginsel van segregasie tussen blank en gekleurd op elke terrein van die lewe toe te pas," die belange van die koninkryk van God die beste gedien kon word.¹⁹

Dr. A.B. du Preez, prof. Keet se vakgenoot aan die Universiteit van Pretoria, sou dit sy plig ag om 'n ander standpunt as Keet oor "Die Skrif en Rasseverhoudinge" in **Die Kerkbode** te gee. Volgens hom was dit duidelik dat God die ontstaan van aparte volke gewil het en dat Hy ook die

¹⁷ Dies., 21 Desember 1949, 1138.

¹⁸ **Die Kerkbode**, 21 Desember 1949, 1137.

¹⁹ Dies., 22 Maart 1950, 576.

verdeling in rasse en volke wou bestendig.²⁰ "Die humanistiese eis van gelykstelling is...onskriftuurlik omdat dit geen rekening hou met die feit dat God vir elke gemeenskapsordening gesagsverhoudinge ingestel het nie. Soos wat die kind nie gelyk gestel kan word met die ouers nie, die werksman nie met die werkgewer nie, en die onderdaan nie met die owerheid nie, so is daar ook verskil in stand in die volksgemeenskap.... Paulus het die eenheid van die gemeente gewil en nie die gelykheid nie. Verder het hy gesê: "Geregtigheid beteken volgens Gods Woord nie gelyke behandeling van almal nie, maar wel billike en regverdige behandeling, sodat elkeen in sy stand kry wat God aan hom toebedeel het en elkeen die grootste moontlike geleentheid tot ontwikkeling en diens kry....."

Hy het ook geredeneer: "Uit die Woord van God leer ons dat die oplossing van die probleem van rasseverhoudings nie gevind kan word in menslike pogings om die Goddelik beskikte verskille uit te wis nie, maar juis met lojale instandhouding van die eiesoortige volkskarakter en kultuurtype...." "As die mens "onverskillig staan teenoor hierdie dinge, is hy ondankbaar teenoor God en 'n onverantwoordelike mens". Daarom behoort by die sosiale verkeer "elkeen sy volkskarakter te handhaaf deur homself terug te trek tot sy eie aparte kring." Die apartheidsgedagte was dus 'n "voortdurende verpligting van elke volk uit eerbied vir Gods beskikking." Die ware oplossing vir die rasseprobleem kon dus, volgens hom, alleen gevind word in die "erkenning van Gods verdelingswerk en met respektering van die volkseie van elke groep." ²¹

Prof. Keet het nie die nut daarvan ingesien om daarvoor in **Die Kerkbode** verder direkte polemie te voer nie. Hy sou die polemie vermy en liever, waar die geleentheid hom voordoen, opkom vir die Skrifbeskouing wat hy gehandhaaf het. Hy het ook ingesien dat hierdie 'n onderwerp was wat nie deur 'n

²⁰ Dies., 15 Maart 1950, 503.

²¹ Dies., 29 Maart 1950, 620 en 621.

twisgeskryf opgelos sou word nie, maar waarom 'n deeglike verantwoording gedoen moes word.

Intussen is begin om die beleid van apartheid op alle terreine van die samelewing in werking te stel. Op Stellenbosch het die Universiteitsraad dienoooreenkomstig besluit om die inwoners van naturellekwartiere op die kampus geleidelik te verminder.²²

Die Ned. Geref. Kerke het gepoog om die regeringsbeleid Christelik te oriënteer. In 1950 het die Federale Raad die ander Afrikaanse kerke uitgenooi om 'n "kerklike kongres"²³ in Bloemfontein te hou. Daar is gevoel dat 'n voltydse Federale Sendingsekretaris aangestel moes word om "behalwe vir die informasie tuis, hom toe te lê op die nodige propagandawerk vir ons saak in die buiteland." Prof. Keet se kollega, prof. G.B.A. Gerdener, wat die voorsitter van die kongres was, sou hom onderskei in sy ywer om die beleid aan die hand van Christelike oorwegings te deurdink en toe te pas. Reeds in 1911 het hy beweer: "A wise, constructive policy of segregation is the only solution. But it must be positive and constructive."²⁴ By die kongres van SABRA in die volgende jaar is hy aangewys as voorsitter. Met hierdie buro het die kerke saamgewerk omdat dit apartheid as 'n vertrekpunt onderskrywe het en die rassevraagstuk buite party-politiek bestudeer het.

Besware teen die kerklike standpunt t.o.v. die rassevraagstuk, van buite en van binne, moes beantwoord word. Gerdener het nie op hom laat wag nie. In die *Race Relations Journal* van 1950

²² Universiteitsraad: Notule 20 Oktober 1951, 236.

²³ sien **Referate van die kerklike kongres van die Gefedereerde NG Kerk insake Naturellevraagstuk, 1950**; sien ook Ned. Geref. Kerk(Inligtingsburo): **Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en Rasseverhoudinge; Opsomming van die belangrikste uitsprake en besluite vanaf 1950-Desember 1960**, Pretoria, 1949.

²⁴ Gerdener, G.B.A.: **Studies in the evangelisation of South Africa**, London, 1911, 21.

verduidelik hy "The Dutch Reformed Church and the Racial situation in South Africa."²⁵

17.2. 'n Getuie vir die ekumene

Op 21 Junie 1950 het prof. Van Rooyen afgetree. Hy het in 1920 saam met prof. Keet aan die Kweekskool begin. Prof. P.A. Verhoef is in sy plek beroep.²⁶ Prof. Van Rooyen het nie lank na sy aftrede geleef nie. Hy is op 12 September 1951 oorlede.²⁷

Prof. Van Rooyen was natuurlik een van die groot voorstanders vir die handhawing van die "Calvinisme". Tydens die Du Plessissaak was hy van die felste kritici van prof. Du Plessis. Hy het ook in die dertigerjare meegewerk aan **Koers in die Krisis**, waarin die ekumeniese inslag van die CSV bevraagteken is.²⁸ Dit het tot gevolg gehad dat daar soms maar 'n ongemaklike verhouding tussen hom en prof. Keet geheers het.

Prof. Van Rooyen was nie die enigste van prof. Keet se kollegas wat nie met alle uitsprake van prof. Keet saamgestem het nie. In 1951 het prof. G.B.A. Gerdener, die boekie: **Reguit Koers hou; die wording, wese en werking van die N.G. Kerk se Sendingbeleid** gepubliseer. In hierdie boekie het hy die feit verdedig dat die Ned. Geref. Kerk "sy standpunt vierkantig op die beleid van aparte en eiesoortige ontwikkeling ingeneem" het.²⁹

Alhoewel Gerdener apartheid bepleit het, was hy 'n groot voorstander van die ekumene. So het hy bv. op die Federale

²⁵ Vol. XVII, no.1 en 2, pp. 41, 14-22.

²⁶ Kuratorium: Notule 21 Junie 1950, 189.

²⁷ **Die Kerkbode** 19 September 1951, 567.

²⁸ Federasie van Calvinistiese Studente verenigings: **Koers in die Krisis** 1, 1935, 386.

²⁹ p. 118.

Sendingraadsvergadering van 9-11 November 1950 voorgestel: "Die FSR spreek hom uit ten gunste van 'n skakelkommissie met die Christenraad."³⁰ Hiervoor kon hy egter nie steun kry nie. Eers sou die Afrikaanse kerke ten opsigte van die rassekwessie hul geleedere sluit en 'n eendragtige beleidsbenadering formuleer voordat die gesprek met die Engelse groepering van kerke aangeknoop kon word. As uitvloeisel van die groot kerklike kongres van 1950, waartydens breë konsensus in Afrikanergeleedere verkry is, het prof. Gerdener hom onvermoeid beywer daarvoor om hierdie beleid aan die swart leiers in die Ned. Geref. Sendingkerke te verduidelik. Hy het gedurende 1951 en 1952 'n reeks streekkonferensies gehou en dit uiteindelik afgesluit met die uniale konferensie met swart leiers in 1952.³¹

Ekumene was natuurlik in daardie tyd 'n baie aktuele kwessie. Die Tweede Wêreldoorlog het die noodsaaklikheid van ekumeniese betrekkinge beklemtoon. Die een kerk is mede-verantwoordelik vir die ander kerk, vir die Kerk van Christus, gehou. In 1945 het die "Duitse kerk" hierdie verantwoording aanvaar. Hy het sy skuld t.o.v. die rassisme van nasionaal-sosialisme in Stuttgart bely en homself gereorganiseer as die Evangeliese Kerk in Duitsland.

Nadat die Wêreldraad van Kerke in 1948 tot stand gekom het, het die Transvaalse Sinode besluit om sy samewerking daaraan te verleen.³² Prof. Keet sou graag wou hê dat die Kaapse sinode ook sou deelneem.

Dit was egter nie vanselfsprekend nie. Reeds by sy eerste vergadering het die Wêreldraad hom skerp teen alle rassese segregasie uitgespreek. Alle skeiding in die Kerk op

³⁰ Federale Sendingraad: Notule 1950, 253.

³¹ Van der Watt, G: **G.B.A. Gerdener: Koersaanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending en ekumene**, D.Th.-verhandeling, Bloemfontein, 1990, 177.

³² Transvaalse sinode: Handeling 1951, 336.

grond van ras of kleur is as 'n "scandal within the Body of Christ" veroordeel.³³

'n Groot aantal predikante wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling verdedig het, het daarom maar min ooghere vir die ekumene gehad. Hulle sou vanuit die Kuypere pluriformiteitsleer kerklike eenheid as bloot 'n geestelike aspek van die onsigbare kerk verstaan. Diegene wat gepleit het vir groter sigbare eenheid en ekumeniese strewe is uit hierdie oord selfs van humanisme en 'n beheptheid met 'n sieklike nivelleringsdrang, beskuldig.³⁴

Prof. Keet sou egter altyd ten gunste van die ekumene bly. In 'n tyd waarin die skeidslyne tussen Christene van verskillende kultuurgroepe skerper getrek is, sou hy al meer uitkom vir die eenheid van die Kerk. Op 13 Februarie 1952 het hy geskryf: "Een van die bedroewende verskynsels in die Gereformeerde lewe is die toenemende verwydering tussen Kerke wat op dieselfde konfessionele grondslag staan en die versplintering wat in die bestaande Kerke toeneem."³⁵

Op 12 Maart 1952 het 'n artikel oor "Die Gereformeerde Kerke en die Ekumeniese beweging" in *Die Kerkbode* uit sy pen verskyn. Hy het die ekumeniese beweging gesien as die "strewe om die werklikheid van die Christelike lewe in ooreenstemming te bring met die bede van ons Heiland in Joh. 17: 20, 21: 'Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woorde in My sal glo - dat almal een mag wees net soos U, Vader, in my en ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het.'" Volgens hom het hierdie ekumeniese beweging sy beliggaming in die Wêreldraad van Kerke gevind. Gereformeerde kerke het egter skepties teenoor die Wêreldraad gestaan, omdat die raad geen genoegsame leerstellinge waarborg in sy grondslag gebied het

³³ World Council of Churches: *The First Assembly of the W.C.C.*, 56, in Lombard, E.T.J.: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek, 1948-1961*, Silverton, 1974, 111.

³⁴ Vorster, J.D. (red.): *Veelvormigheid en eenheid*, Kaapstad, 1978.

³⁵ *Die Kerkbode*, 13 Februarie 1952, 308.

nie. Daarom was daar die strewe om 'n eenheid op Gereformeerde grondslag. Prof. Keet het beklemtoon dat die weg na eenheid suiwer moes wees en die fondament heg. Tog was dit vir hom "uiters noodsaaklik dat die huidige Gereformeerde eenheidsbeweging doelbewus na 'n wyer as Gereformeerde eenheid moet strewe, anders sal dit sy aanspraak op ekumenisiteit moet laat vaar." Na sy oordeel kon "die beweging wat hom tot hiertoe vir ekumenies aangedien het,op die naam geen aanspraak maak nie; dit kan hoogstens beskou word as aanvoring of voorbereiding vir die ekumeniese gedagte."³⁶

In "Uit die Buiteland" sou prof. Keet die kerklike publiek in die toekoms op hoogte hou met die vordering van die ekumeniese beweging. Sy positiewe houding teenoor die Wêreldraad van Kerke sou die weg berei vir die Kaapse sinode se besluit i.v.m lidmaatskap van die organisasie. So het hy bv. die beplanning vir die algemene vergadering van die Wêreldraad van Kerke van 15-31 Augustus 1954 in Evanston deurgegee.³⁷ Op 8 April 1953 het hy geskryf "dat sowel wat die hooftema as die ondergeskikte temas betref, daar nie veel is waarteen 'n gereformeerde beswaar kan maak nie." Die hooftema was: "Christus, die Hoop van die Wêreld".

Deels as gevolg van sy voorbereidingswerk het die Kaapse sinode in 1953³⁸ volle lidmaatskap van die Wêreldraad aanvaar. Die Vrystaatse en Natalse sinodes het egter besluit om nie lede van die Wêreldraad te word nie.

Op 1 Julie 1953 het dr. J.D. du Toit, prof. Keet se vriend en medevertaler in die Gereformeerde Kerk, gesterf. Prof. Keet het daarvan verneem toe hy op 2 Julie op weg na Johannesburg by sy vriend Gordon Tomlinson op Vredevort aangegaan het. In Die Kerkbode van 12 Augustus 1953 was dit prof. Keet se voorreg om 'n waardering oor Totius te skryf. Hy het Totius se kinderlike eenvoud en nederigheid beklemtoon. Hy skryf dat dit

³⁶ Dies., 12 Maart 1952, 551.

³⁷ Dies., 8 April 1953, 463; 9 Desember 1953, 898.

³⁸ Kaapse sinode: Handeling 1953, 119.

vir hom 'n voorreg was om soveel jare met Totius saam te werk aan die Afrikaanse Bybelvertaling - 'n arbeid wat sedert die dood van prof. Kestell deur prof. Keet en Totius alleen gedoen is. Juis in daardie jaar het die uitgawe wat hul hersien het, verskyn.

Afgesien van die besluit oor die Wêreldraad van Kerke het die Kaapse sinode van 1953 ook besluit om 'n grondige hersiening van die kerkorde te maak, ten einde van "kollegialistiese smette" wat in die wette en bepalinge ingesluip het, ontslae te raak. B.B. Keet was ook een van die kommissielede wat die hersieningstaak, wat by die sinode van 1957 goedgekeur is, onderneem het.³⁹ O.a. is deur hulle aanbeveel dat die sinode moes vra dat Ordonnansie 7 van 1843 herroep word.⁴⁰

17.3. Debat tussen teoloë

Intussen het die regering voortgegaan om apartheid toe te pas. In 1949 reeds is die Wet op Verbod van Gemengde Huwelike, en in 1950 die Ontugwysigingswet aanvaar. Dieselfde jaar is ook die Bevolkingsregistrasiewet deurgevoer, waardeur elke inwoner van Suid-Afrika as lid van 'n bepaalde bevolkingsgroep geregistreer is. Ook die eerste wet op Groepsgebiede is in 1950 aanvaar. Die fisiese instelling van apartheid sou die debat oor die beleid tussen die teoloë stimuleer.

Na die suksesvolle konferensies wat vanaf 1950 tot 1952 gehou is, was G.B.A. Gerdener gretig dat 'n konferensie met Engelssprekende kerkleiers en daarna 'n veelrassige konferensie gehou sou word. Die Uitvoerende Komitee van die Federale Sendingraad, onder voorsitterskap van prof. Gerdener, het die voorbereidings vir die interkerklike konferensie op 17 tot 19 November 1953 te Pretoria getref. Die onderwerp was die toepassing van Christelike beginsels in Suid-Afrika, met

³⁹ Kleynhans, E.P.J. **Die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1795-1962**; 1974, 143.

⁴⁰ Sinode van die Kaapse Kerk: **Handelinge, 1957**, 391: Verslag van die Permanente Regskommissie.

spesiale verwysing na die "nie-blanke" mense. Die konferensie is deur 150 afgevaardigdes en waarnemers van oorsese instellings bygewoon.⁴¹ Afgevaardigdes is gestuur deur al die groot Protestantse kerke en sendinggenootskappe in Suid-Afrika.

Die doel van die Federale Sendingraad met die konferensie was natuurlik om die ander kerke te oortuig van die Ned. Geref. Kerk se standpunt van eiesoortige ontwikkeling. Die organiseerders het egter die "fout" gemaak om prof. Keet te nooi om die openingsrede te lewer.

Hier was 'n uitstekende geleentheid vir hom om getuienis te lewer oor wat hy in die verband geglo het. Vir sommige was die toespraak 'n hoogtepunt, vir andere was dit 'n ontugtering.⁴²

In sy rede het prof. Keet na die oorsprong van kleurgevoelens gaan kyk. Volgens hom het daar met die aankoms van Jan van Riebeeck nie sulke gevoelens bestaan nie. Eerder was daar die besef van verskil in beskawingspeil en ook tussen Christendom en heidendom. Wanneer van die inboorlinge dan ook tot die Christendom oorgegaan het, het huwelike tussen die nedersetters en die inboorlinge wel plaasgevind. Omdat die oorgrote meerderheid anderskleuriges heidene was, het die behoud van die blankedom mettertyd sinoniem geword met die bewaring van die Christendom. Hierdie vooroordele het al sterker geword. In 1953 was daar dan die tendens dat enigiemand wat vanuit Christelike oortuiging probeer het om vir alle mense die reg op vryheid en geleentheid tot ontwikkeling te verseker, uitgemaak was as sentimentaliste, humanistiese liberaliste en 'Kafferboeties'. Hieroor wou prof. Keet waarsku dat daar geen weg na God was wat jou medemens verbygaan nie. Volgens hom was daar baie van die anderskleuriges wat geestelik honger was. "And we from whom they seek strengthening, push them away or do not worry ourselves about them. The relationship at present existing

⁴¹ *Daily Telegraph*, 18 November 1953.

⁴² *The Christian Council Quarterly*, Desember 1953, 1.

between white and coloured Christians can well be described as a cynic has dubbed it, as the Firm of "Brethren in Christ, Limited".⁴³

Prof. Keet wou nie 'n idealis wees, wat werklikheidsvreemd was nie. Die kerk moes met die werklikheid rekening hou, maar sonder om in die omstandighede te berus, die regte rigting of koers aandui.

Prof. Keet het self die weg aangewys deur riglyne uit te spel wat die kerk moes verkondig oor die verhouding waarin nasies en rasse teenoor mekaar staan. Eerstens het hy die essensiële eenheid van die Kerk van Christus beklemtoon. Hierdie eenheid is sekerlik nie uniformiteit nie, maar 'n identiteit binne 'n verskeidenheid. Die Christelike eenheid het, volgens hom, die verskeidenheid ingesluit, maar dit moes nooit as skeiding gesien word nie; en apartheid was skeiding. Skeiding kon nie die model wees vir 'n Christelike gemeenskap nie. Die enigste apartheid waarvan die Skrif geweet het, was die afskeiding van die sonde, nie van jou medemens nie en glad nie van jou medebroer in Christus nie.

Volgens die professor moes hierdie Christelike ideaal die ideaal bly. As die Kerk sou waag om te konformeer na die werklikheid toe, dan sou die werklikheid die norm word. Daardeur sou die Christelike ideaal ontken word.

As dit die geval was, waarom kon die kerk dan nie onmiddellik die standpunt konsekwent stel dat absolute gelykheid en gelyke behandeling aan almal sonder diskriminasie toegepas moes word nie? Hierop was prof. Keet se antwoord dat die mens sondaar is en dat dit alleenlik stap vir stap uitgevoer kon word. Daarom kon apartheid nie sonder voorbehoud veroordeel word nie. Hy het gesê: "It can be justified only on the ground that the ultimate goal may be missed if we proceed overhastily to it." "Wat egter vandag bevredigend is, kan môre totaal onbevredigend wees. In die snel veranderende omstandighede is

⁴³ **The Forum**, Desember 1953, 17; Die opskrif van die hoofstuk is van hier geneem - Broers in Christus, Beperk.

die belangrikste dat kontak gesoek word en deure geopen word en nie toegemaak word nie."

Prof. Keet het ook verklaar dat sy standpunt dikwels, veral deur Engelse kerkleiers, eensydig voorgestel is en dat dit nie so is dat hy geen waardering vir sy kerk se jarelange sendingwerk het nie. Inteendeel, hy het die hoogste waardering vir die werk gehad. "But I am chiefly concerned with the Biblical grounds of the theological standpoint of my church on race relations which I am convinced are wrong. I have no quarrel with our policy of apartheid under present circumstances."⁴⁴

Prof. Keet het met sy referaat groot ontsteltenis veroorsaak, omdat hy hom nie gehou het by die amptelike beleid van die Ned. Geref. Kerke nie. Prof. Gerdener het egter vir hom in die bres getree en sy reg verdedig om 'n eie standpunt te stel.⁴⁵

Vir prof. Potgieter was apartheid 'n bevel van God: "...because of the fifth commandment, there can be no doubt that it is the will of God that such separate churches should exist."⁴⁶

Dit is te verstane dat almal nie ingenome was met prof. Keet se rede nie. Volgens die redakteur van *Die Kerkbode*, dr. M.J. van der Westhuizen, het "die konferensie vir ons 'n mate van teleurstelling ingehou. Andermaal het dit duidelik geword dat ons in eie kring nie eenstemmig oor hierdie saak is nie, al is dit waar dat ons Kerk se tradisionele beleid deur 'n oorweldigende meerderheid van ons lidmate aanvaar word.Alleen maar wil ons konstateer dat so 'n onderlinge geskil in hierdie tyd so ongelukkig is as wat dit onverwags gekom

⁴⁴ Dutch Reformed Church: **Christian Principles in multi-racial South Africa**, Johannesburg, 1953, 161.

⁴⁵ **Christian principles in multi-racial South Africa. Report on the Dutch Reformed Conference of Church leaders, Pretoria, 17- 19 November 1953**, 142.

⁴⁶ Dutch Reformed Church: **Christian Principles in multi-racial South Africa**, Johannesburg, 1953, 145-150.

het. Apartheid op kerklike terrein, soos ons dit het in ons selfstandige Sendingkerke onder Kleurlinge en Naturelle, is nog altyd deur ons almal aanvaar, nie maar as die beste praktiese reëling in ons land nie, maar ook as ooreenkomstig die wil van die Here..."⁴⁷

Die redakteur van **Op die Horison**, dr. M.W. Retief, het daarop gewys dat die menings wat by die konferensie uitgespreek is, in drie groepe verdeel kon word. Volgens hom het die eerste groep die standpunt gehuldig dat apartheid op die Skrif gegrond was en dat dit die enigste beleid was wat aan alle rassegroepe reg laat geskied het. Die meeste van die Ned. Geref. Kerke se afgevaardigdes, o.a. proff. F.J.M. Potgieter, E.P. Groenewald en dr. T.N. Hanekom, was hierdie mening toegedaan. Die tweede groep wat ook hoofsaaklik uit afgevaardigdes van die Ned. Geref. Kerk bestaan het, o.a. proff. B.B. Keet en B.J. Marais, was weer van mening dat daar geen Skrifgronde vir apartheid bestaan nie, maar dat vanweë praktiese omstandighede dit die enigste realistiese beleid vir Suid-Afrika was. Die derde groep op die konferensie was die afgevaardigdes van die Engelse kerke. Hulle het apartheid as kerklike sowel as staatkundige beleid as onrealisties, onregverdig en onskriftuurlik verwerp.⁴⁸

Die teologiese professore van Stellenbosch en Pretoria het op 8 en 9 Desember 1953 op Stellenbosch bymekaar gekom om die verskil in menings te bespreek en tot groter eenstemmigheid te kom.

Na die vergadering het die dosente 'n gesamentlike verklaring uitgereik waarin hulle die versekering gegee het dat die sendingbeleid wat die Ned. Geref. Kerke reeds vir baie jare met seënryke vrug gevolg het, in die afgelope jare geensins verander het nie. Daar het onder hulle eenstemmigheid bestaan oor die beleid, maar daar was verskil in mening oor die gronde vir die beleid. Sommige het dit as in ooreenstemming met die Skrif aanvaar, terwyl andere dit op grond van praktiese redes

⁴⁷ **Die Kerkbode** 9 Desember 1953, 892.

⁴⁸ **Op die Horison**, Maart 1954, iv.

aanvaar het. Vir laasgenoemdes was afsonderlike kerke nie die ideaal vir die Christelike kerk nie. Ter wille van groter eenstemmigheid is die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke van die Raad van kerke versoek om verdere ondersoek in te stel na 'n duidelike formulering van die Kerk se beleid, wat vir almal aanvaarbaar sou wees. Daar is ook verklaar dat "die beleid van aparte Kerke vir die verskillende rassegroepe (intussen) in die land deur almal aanvaar en verdedig behoort te word." Skakels en middels moes deur almal gesoek word om sover moontlik die Christelike gemeenskap tussen die aparte Kerke te bevorder. Dit is aan elkeen oorgelaat hoe hy dit wou doen.⁴⁹

Prof. Keet het hom seker maar moeilik aan hierdie standpunt verbind. Later sou dit hom verkwalik word dat hy hom nie hieraan gehou het nie.

Met die veelrassige konferensie wat daarna in 1954 gehou is, is prof. Keet nie weer gevra om 'n lesing te lewer nie.⁵⁰ Sekerlik is gevoel dat sy bydrae nie die doel wat Gerdener en die Federale Sendingraad met die konferensie gehad het, sou bevorder nie.

Intussen het prof. A.B. du Preez, die sameroeper van die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke van die Raad van Kerke, probeer om 'n duidelike formulering van die kerk se beleid, wat vir almal aanvaarbaar sou wees, daar te stel. Hy het veral korrespondensie en onderhoude met proff. B.B. Keet en B.J. Marais gevoer. Hy het toe 'n konsepverslag oor "Die Skriftuurlike gronde vir rasseverhoudinge" opgestel. Die konsepverslag is in Junie 1955 aan die Raad van Kerke voorgelê "as gemeenskaplike basis, waarop verder voortgebou kon word. Die verslag het 'n breë uiteensetting van Skrifbeginsels in die algemeen gegee. Daarna is kortliks op die invloed wat hierdie beginsels op rasseverhoudinge in Suid-Afrika behoort te hê, ingegaan, met besonder verwysing na die toepassing daarvan

⁴⁹ Die Kerkbode, 23 Desember 1953, 956.

⁵⁰ Van die Watt, G: G.B.A. Gerdener - Koersaanwyser in die Ned. Geref. Kerk se sending en ekumene, D. Th.-verhandeling. Bloemfontein, 1990, 230.

op die Kerk van Christus.⁵¹ Nadat die Raad die konsepverslag bespreek het, is besluit om 'n ad hoc-kommissie te benoem om 'n beleid vir die Kerk op te stel en 'n verklaring vir die buiteland gereed te maak. Ten einde die verslag so deeglik en algemeen aanvaarbaar moontlik te maak, het die ad hoc-kommissie die medewerking van 'n aantal leraars, hoogleraars en amptenare van die Ned. Geref. Kerke ook verkry. Volgens ds. P.E.S. Smit was dit veral prof. Keet wat tot op die einde aangedring het op wysigings in die teks van sy vakgenoot te Pretoria, prof. Du Preez en ook heelwat toegewings verkry het.⁵²

Anders as in die vorige verslag, is in hierdie verslag veel groter klem op die eenheid van die Kerk geplaas. 'n Groter erkenning is ook aan die praktiese omstandighede verleen. Tog is nog beginselgronde aangedui, veral die beginsel van "verskeidenheid". Hierdie verskeidenheidsbeginsel was natuurlik 'n Kuyperiaanse denkbeeld.

Met hul toestemming is die name van die medewerkers by die verslag gevoeg. O.a. het die name van proff. B.B. Keet, B.J. Marais, T.N. Hanekom, E.P. Groenewald en F.J.M. Potgieter verskyn.⁵³

In ekumeniese kringe is die verslag van die ad hoc-kommissie beskou as 'n verandering in die beleid van die Ned. Geref. Kerke en dat die Skriftuurlike en teologiese gronde vir eiesoortige ontwikkeling laat vaar is.⁵⁴

⁵¹ Raad van Kerke: Handeling, 1955, 30-47.

⁵² Voetnota 27 in Lombaard, R.T.J.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek, met spesiale verwysing na die jare 1948-1961**, Silverton, 1974, 185.

⁵³ Raad van Kerke, Briewe en verslae 1953-1961: C.B. Brink - Skriba van die Raad van die Kerke, 19 Desember 1955.

⁵⁴ Division of Ecumenical Action, lêer 24, South African Crisis: Conversation with Archdeacon Cecil Wood, 13 April 1960, 9, (Wêreldraad van Kerke-Argief, Genève), aangehaal in Lombaard, R.T.J.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en Rassepolitiek, met spesiale verwysing na die jare 1948-1961**, Silverton, 1974, 146.

Intussen is die beleid van apartheid met groot ywer in die Suid-Afrikaanse gemeenskap geïmplementeer. In 1954 het die Universiteitsraad besluit om 'n verdere poging aan te wend om die inwonende kleurling- en swart werkers op die kampus te verminder. Die waarnemende rektor is versoek om die nodige reëlins te tref "sodat sommige van die naturelle in naturellekwartiere so gou doenlik na Kya Mandi oorgeplaas en die getal in die naturellekwartiere dus verminder word".⁵⁵

Die bekendheid wat prof. Keet vanweë sy standpunt verwerf het, het gemaak dat hy veral in die Engelse gemeenskappe daarvoor geëer is. Op Vrydag 25 Junie 1954 het die Universiteit van Kaapstad 'n eredoktoraat in die letterkunde aan hom toegeken. As hoofrede is sy bydrae tot die Afrikaanse Bybelvertaling aangevoer. Op dieselfde dag is ook 'n eredoktoraat aan 'n eertydse klasmaat, regter L. Greenberg, toegeken.⁵⁶

Prof. Keet het die behoefte begin aanvoel om dit wat hy geglo het i.v.m. die toekomstige weg vir die Suid-Afrikaanse samelewing, logies in boekvorm uiteen te sit. Gedurende 1955 werk hy dan aan so 'n boekie. Min sou hy weet hoe groot die reaksie op Suid-Afrika - Waarheen? sou wees.

Beoordeling

Die kernvraag wat in hierdie hoofstuk na vore gekom het, was waarom prof. Keet dit nodig geag het om in hierdie jare teen die algemeen gangbare opvattinge oor rassesake in te gaan. Verskeie redes kan aangevoer word.

Prof. Keet het geoordeel dat die "Totalitarisme" wat hy gevrees het, begin seëvier het.⁵⁷ Op politieke gebied het die Afrikaner hom geïsoleer van ander bevolkingsgroepe. Hiermee saam het gegaan 'n vervreemding van ander kerkgroepe. Vir prof. Keet was hierdie gees in stryd met die eenheid van die

⁵⁵ Universiteitsraad: Notule 12 Junie 1954, 201.

⁵⁶ Universiteit van Kaapstad Senaat: Notule 19 Oktober 1953; Universiteitsraad: Notule 28 Oktober 1953 en 25 November 1953.

⁵⁷ Die begrip "totalitarisme" het hy in die verklaring wat hy en 19 ander professore in 1941 uitgereik het, gebruik.

algemene Christelike kerk. Daarom het hy die Skrifbeskouing van die Tydelike Kommissie oor Rasse-aangeleenthede op die sinode van 1949 bevraagteken, het hy die essensiële eenheid van die Kerk van Christus tydens sy toespraak op die konferensie in Pretoria beklemtoon, en het hy hom herhaaldelik ten gunste van die ekumene uitgespreek.

Met sy klem op die ekumene het prof. Keet egter nie die klem op die strewe na suiwer leer verlaat nie. Tog het hy die Bybelse eis om die eenheid van die Kerk belangriker geag as die verskil in interpretasie oor die uitleg van die Skrif.

Prof. Keet se kritiek op die gronde van apartheid, soos aanvaar deur die sinode van 1949, dui daarop dat hy hom in hierdie stadium nog laat vind het vir die oortuiging van diegene in die Ned. Geref. Kerk wat eiesoortige ontwikkeling op praktiese gronde verdedig het. Hierin was hy dit bv. eens met sy kollega, G.B.A. Gerdener. Hy het egter daarin van hom verskil dat hy die rigting vir die toekoms gesien het as die afbreek van skeidsure, terwyl Gerdener 'n groot voorstander was van die uitbouing van die praktiese beleid van eiesoortige ontwikkeling.⁵⁸

Die feit dat 'n dogmatikus van die Ned. Geref. Kerk die Skrifuitleg van 'n sinodale verslag as "vals en onskriftuurlik" veroordeel het, is 'n saak wat nie daar gelos moes gewees het nie. Dit dui daarop dat die kerk so in hierdie debat vasgevang was, dat dit hom lamgelê het.

Hy wou erns maak met die gelykheid van alle mense. Hierin het hy verskil van prof. A.B. du Preez, wat nie die gelykheid as Bybelse voorskrif voorop gestel het nie.

Die feit dat prof. Keet nog bereid was om in 1953 hom te verbind met die verklaring dat "intussen die beleid van aparte kerke vir die verskillende rasse-groepe in die land deur almal aanvaar en verdedig behoort te word", dui daarop dat hy hom

⁵⁸ sien Van der Watt, G: G.B.A. Gerdener - Koersaanwyser in die Ned. Geref. Kerk se sending en ekumene, D.Th.-verhandeling, Bloemfontein, 1990, 188.

nog met die bestaan van die verskillende kerke kon vereenselwig, omdat dit nie vir die lidmate van die dogterkerke 'n probleem was nie. Tog het hy as ideaal voorgehou dat die skeidsure afgebreek moet word.

Uit die hoofstuk is dit duidelik dat prof. Keet, saam met prof. B.J. Marais, vanaf 1949-1955 'n groot rol gespeel het om die Ned. Geref. Kerk te oortuig dat die poging om Skriftuurlike en teologiese gronde vir apartheid aan te voer, laat vaar moes word.

Die vraag kan gevra word waarom prof. Keet Die Kerkbode as medium van sy kritiek op sinodale besluite gekies het, eerder as die weg van 'n gravamen na 'n sinode. Die rede moet miskien daarin gesien word dat prof. Keet gesien het dat dit hier gegaan het oor 'n spesifieke Skrifbeskouing van die kerklike publiek, eerder as dat 'n spesifieke besluit gekorrigeer moes word.

'n Ander vraag wat mag opkom, handel oor prof. Keet se kritiek dat die kommissie wat verantwoordelik was vir die sinodale verslag van 1949, na die Skrif gegaan het om direkte uitsprake oor die sosiale lewe te verkry, terwyl die Skrif gegee is vir 'n bepaalde doel, nl. om die mens wys te maak tot saligheid. Speel hier nie 'n bepaalde teologiese opvatting 'n rol in die wyse waarop hy teologiese kritiek lewer nie? Het prof. Keet nie hier 'n verskraalde siening van die Skrif voorgehou nie? Vanuit die konteks waarbinne hy dit gesê het, asook vanuit prof. Keet se bedryf van sosiale etiek in die algemeen, moet sodanige kritiek verwerp word.

Prof. Keet se beoordeling dat die skrywers van die verslag na die Skrif gegaan het om die praktyk te bevestig, was 'n baie raak siening van wat besig was om in die kerk te gebeur. Dit is juis dié kenmerk van natuurlike teologie dat "beginsels" of "ordes" wat duidelik in die natuur waargeneem, of uit die ervaring gegroei het, na die Skrif gebring word vir "bevestiging". Keet sê heel tereg dat die Skrif sonder voorbehoud ondersoek moet word, sodat die praktyk daarmee in ooreenstemming gebring moet word.

Dit is baie duidelik dat prof. Keet se teenkanting teen die Skriftuurlike begronding van eiesoortige ontwikkeling in homself niks met politiek te make gehad het nie. Vir homself het dit gegaan om 'n poging om die lig van die Skrif helderder op die situasie van sy dag te laat val. Sy beredeneerde denke en sin vir geregtigheid was deurslaggewend.

Dit is miskien as gevolg van sy Skrifbeskouing dat hy vir so lank nie in die gedrang gekom het nie. Dit sou egter nie meer lank so bly nie. Daarvoor sou die reaksie op Suid-Afrika - Waarheen? te groot wees.

HOOFSTUK 18: OMSTREDE AFRIKANER (1956)

Hierdie hoofstuk begin met die verskyning van die boekie Suid-Afrika - Waarheen? en bespreek hoofsaaklik die polemieke wat daarvoor ontstaan het.

Prof. Bennie Keet se bevroagtekening van apartheid sou nou 'n storm om sy kop laat losbars. Van oral af is oor sy standpunte geoordeel.

Vrae wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel word, is: Waarom het prof. Keet dit nodig geag om sy standpunte oor rassiesake te boek te stel, wetende dat dit teen die algemeen gangbare standpunt ingegaan het? Waarom het sy beskouinge so opspraak verwek? Waarom het diegene wat van hom verskil het, ten diepste van hom verskil? Was hy reg? Hoe sou hy reageer op die feit dat hy in gedrang gekom het? Het prof. Keet reg laat geskied aan die apartheidsstelsel in sy boek, of het hy 'n karikatuur daarvan gemaak? In watter rigting het hy die oplossing vir die rasse-probleem in SA gesoek? Wat was die invloed van die boekie?

18.1. "Suid-Afrika - waarheen?"

Aan die begin van 1956 het prof. B.B. Keet 'n boekie met die titel Suid-Afrika - Waarheen? gepubliseer. Daarin het hy hom tot sy mede-Afrikaners gerig. Hy het die skrywe van die boekie in die voorwoord soos volg gemotiveer: "Ons belewe sulke ernstige tye dat dit byna as 'n misdadige beskouing kan word as elkeen wat meen dat hy 'n boodskap het, dit nie uitspreek nie, en ook gou uitspreek nie. Die vraag is of dit nie al te laat is om 'n ander rigting in te slaan nie. Nogtans gaan hierdie werke in die geloof uit, in die oortuiging dat geen mens in staat is om te sê wanneer dit in die geskiedenis te laat is nie."

Die boekie bestaan uit sewe kort hoofstukke. In die eerste hoofstuk word die vraag behandel, waar die Afrikaner se kleurgevoel vandaan kom. Hy het gereken dat die kleurgevoel

sy oorsprong het by die feit dat in die wêreldgeskiedenis die hoogste en waardevolste kultuur- en beskawingsgoedere deur die blanke en nie deur die gekleurde rasse voortgebring is nie. Dit, tesame met die stryd tussen die blanke se voorgeslagte en die anderskleuriges, het die blanke laat glo dat alle anderskleuriges barbare was, waarteen hyself beskerm moes word.¹ Prof. Keet het gesê dat dit juis die onredelike en sondige van alle kleur- en rassevooroordeel is dat ten opsigte van wat buite die mag van die mens staan - sy kleur of ras - hy onder 'n ongunstige oordeel val (asof hy sy eie voorouers gekies het), maar ten opsigte van wat hy wel kan verander - sy karakter - hy geen erkenning ontvang nie.² Die professor het die hoofstuk afgesluit deur te sê dat hoe die Afrikaner ook al daarvan oortuig was dat die apartheidsbeleid tot voordeel van die gekleurde rasse was, omdat dit selfstandigheid by hulle sou bevorder, die feit bly staan dat die vrug daarvan altyd groter verwydering en vyandskap was. Daarom moes die Afrikaner homself afvra of dit altyd so moes voortgaan en of daar nie 'n beter weg was vir hulle as Christenvolk nie.³

In die tweede hoofstuk het prof. Bennie Keet die argumente wat vanuit die Bybel gebring is om apartheid te verdedig, hanteer. Hy het tot die slotsom gekom dat gemeenskaplik aan al die voorbeelde was die valse veronderstelling waarvan uitgegaan is, nl. dat verskeidenheid dieselfde was as geskeidenheid. Wanneer van apartheid gespreek is, het prof. Keet gesê, is nie net van onderskeidings gepraat nie, maar van skeidings wat in stryd was met die verordeninge van God en die eenheid van die menslike geslag.⁴

In die derde hoofstuk het prof. Keet oorgegaan om oor kerklike apartheid te spreek. Hy het begin deur te sê dat die nouste gemeenskap wat daar op aarde bestaan, die Christelike gemeenskap is, wat die Kerk genoem word. Daarom bely die Kerk

¹ **Suid-Afrika - Waarheen?**, Stellenbosch, 1955, 8,

² Dies., 2.

³ Dies., 16.

⁴ Dies., 32.

ook elke Sondag "Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges."⁵ Daarom was verskeurdheid op kerklike gebied sonde voor God. Daardeur is die eenheid wat onder alle Christene bestaan, verloën. Dit was aan sonde te wyte dat die eenheidsideaal nie werklikheid kon word nie. Maar hierdie erkenning het die Christen nie van die plig onthef om altyd na die sigbare eenheid te strewe en in daardie rigting te beweeg nie.⁶ Oor die afsonderlike bestaan van die N.G. Sendingkerk, het prof. Keet geoordeel dat dit tot stand gekom het vanweë die sondige kleurvooroordeel van blankes, wat kleurlinge nie in staat gestel het om tot hul reg te kom nie. Onder die spesifieke omstandighede het Keet egter geoordeel dat apartheid in die kerke wenslik en noodsaaklik sou bly, totdat daar 'n radikale verandering van lewenshouding by die blankes sou kom. Solank as dit nog nie daar was nie, sou die kleurling alleen in sy eie kerk die geleentheid vind om kerklik en geestelik te ontwikkel. Maar hierdie toestand moes nie beskou word as die uitvoering van 'n beginsel wat daarom vir altyd bestendig moes word nie.⁷

In die vierde hoofstuk het prof. Keet politieke apartheid bespreek. Sy vraag was: "Wat moet ons houding op politieke gebied wees teenoor die verskeidenheid van rasse met wie ons in 'n gemeenskaplike land saamwoon?"⁸ Vanuit die Skriftuurlike beginsels wat hy in die vorige hoofstukke uitgestippel het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die evangelie die mens in geen opsig van sy naaste afsonder nie, maar hul juis saambind op elke terrein van die lewe. Apartheid was daarom 'n ontvlugting van die Christelike roeping, wat die mens verplig om nie alleen met gelykgesindes en gelykontwikkeldes saam te leef nie, maar ook en veral vir die minderbevoorregtes in te tree, hul laste te dra en hulle

⁵ Dies., 33.

⁶ Dies., 35.

⁷ Dies., 39.

⁸ Dies., 43.

te help om 'n menswaardige bestaan te laat voer.⁹ Verder het hy gesê, het apartheid die anderskleuriges in 'n vyandige groep, wat deur geen ander gemeenskaplike belange 'n eenheid vorm nie, saamgedryf. So het apartheid tot groter apartheid en vyandigheid gelei.¹⁰ Die professor het ook voorspel dat as apartheid die blywende patroon van die staatslewe moes wees, die gekleurdes altyd aan die kortste end sou trek.¹¹

Wat sosiale apartheid betref, het prof. Keet in hoofstuk 5 beklemtoon dat hy nie vir algemene onbelemmerde sosiale omgang tussen blank en nie-blankes gepleit het nie. Vir die onafsienbare tyd sou dit nog nodig wees om, op die breë maatskaplike terrein sowel as in die sosiale omgang, apartheidsmatreëls te tref. Hy het egter vir minder kwetsende metodes gepleit en ook vir meer rekbare skeidslyne wanneer dit "nie-blankes" geraak het wat nie meer so ver in ontwikkeling van die blanke verwyder gestaan het nie.¹²

Hy het die beswaar dat die blanke beskawing daardeur sou verdwyn soos volg hanteer: Ware beskawing kon nooit gepaard gaan met, of gedien word deur die onthouding van menslike regte nie; intendeel, daardeur sou onbeskaafdheid juis die oorhand kry en sou alle ware kultuur uitsterf. In die mens se houding teenoor minderbevoorregtes het, volgens prof. Keet, sy peil van beskawing tot openbaring gekom. Alles wat die stempel van onderdrukking dra, verlaag die onderdrukker in dieselfde mate as wat dit die onderdrukte verneder. Prof. Keet betreur dan veral die gevolge van trekarbeid. "Wat ons vir onself as onontbeerlike voorwaarde vir die ontwikkeling van 'n gesonde maatskappy beskou, nl. 'n hegte familielewe, word op gevoellose wyse die nie-blanke ontsê."

In die sesde hoofstuk het hy tot die slotsom gekom dat hoe meer die standpunt van volkome, permanente apartheid ondersoek

⁹ Dies., 44.

¹⁰ Dies., 46.

¹¹ Dies., 57.

¹² Dies., 66.

is, hoe meer is tot die besef gekom dat hier 'n illusie werksaam was wat in die land van drome tuis hoort. Omdat die droom vir die eie gemoedsrus so bekoorlik was, het dit in die plek van die uitdagende roeping wat hier en nou tot die mens kom, te staan gekom; "dit het 'n skoonklinkende ideaal sonder inhoud geword, wat as self vir die gewete moes dien."¹³ Prof. Keet het die oplossing eerder daarin gesien dat die Christen getrou aan sy roeping moes wees en sonder voorbehoud sy plig moes doen. "Dan kan ons maar vir die res gerus die uitkoms in die hande van Gods voorsienigheid laat, waar dit behoort."¹⁴

In die slothoofstuk het prof. B.B. Keet verklaar dat die oplossing vir Suid-Afrika nie geleë was in 'n regverdiger vorm van apartheid nie. Die oplossing was geleë in 'n verandering van die hart, sodat samesprekings en samewerking tussen die rasse van Suid-Afrika sou plaasvind, in die soektog na 'n gesamentlike oplossing van die probleem.¹⁵ Aan hierdie samesprekinge moes so 'n breed moontlike verteenwoordiging van "nie-blankes" deelneem. Sonder sodanige samewerking sou daar geen blywende rassevrede geskep kon word nie.¹⁶

Prof. Keet het gewet dat hierdie denke van hom teen die algemene stroom van oortuiging ingegaan het. Hy het egter geoordeel dat geestesbewegings altyd klein begin, maar dan onder Gods wyse bestuur al sterker vloei, totdat hulle 'n oorweldigende stroom word wat nie gekeer kon word nie. "In alle geval was daar vir die Christen geen ander weg as dié van die geloof nie; hy moet elke dag vertrou al sien hy geen vrug nie. As hy moet wag totdat die groot massa met hom saamgaan, sal hy geen vordering maak nie, want die geloof staan altyd teenoor die skyn van dinge. Maar wat meer is, as hy sou weier om die geloof te beoefen, pleeg hy verraad teen die Christendom wat hy bely. Vir hom is daar dus geen ander keuse

¹³ Dies., 85.

¹⁴ Dies., 75.

¹⁵ Dies., 93.

¹⁶ Dies., 95.

nie."¹⁷ In hierdie laasgenoemde stelling van die etikus van Stellenbosch was sy hele lewensfilosofie opgesluit.

18.2. Reaksie op "Suid-Afrika - Waarheen?"

Prof. Keet het op die tone van die voorste Afrikaners getrap. Die reaksie was daarom ook fel.

Die Engelse pers het die boekie aangegryp.¹⁸ Die **Rand Daily Mail** het dit "a devastating attack on apartheid and upon European colour prejudice" genoem.¹⁹ Dieselfde koerant het oor prof. Keet gesê: "He is a Christian among Christians, an Afrikaner among Afrikaners. His record is impeccable, his motives above suspicion. This man, concerned about our drift from Christian reality, has done some hard thinking about apartheid and colour-prejudice, and his conclusions must seem as radical as the views of Copernicus, Galileo, Voltaire and Rousseau were to their contemporaries."²⁰

Die Afrikaanse pers het dit veroordeel.²¹ Die **Burger** het dit as 'n "frontaanval op apartheid" beskrywe en 'n opskudding verwag. Vir maande was daar dan ook in die pers 'n debat daaroor.

In die Senaat van die land het verskeie Opposisielede uit prof. Keet se boekie aangehaal, ten einde hul argumente te staaf. Hierop het sen. H.J. Van Aarde van die N.P. geantwoord dat predikante kan dink wat hulle wil, maar hulle

¹⁷ Dies., 94 .

¹⁸ bv. **The Star**, 21 Januarie 1956; **Natal Daily News**, 21 Januarie 1956.

¹⁹ **Rand Daily Mail**, 1 Februarie 1956.

²⁰ **Rand Daily Mail**, 3 Februarie 1956.

²¹ bv. **Die Burger**, 21 Januarie 1956.

verklaringe moet nie by politieke argumente ingesleep word nie.²²

Dr. D.R. Snyman was die eerste teoloog wat op **Suid-Afrika - Waarheen?** gereageer het. In *Die Volksblad* skryf hy op grond van die koerantberigte, sonder dat hy die boek gelees het, dat hy verbaas was dat prof. Keet die vraag: Waar is geregtigheid in apartheid? kon vra. Het die beleid dan nie sovele nuwe geleenthede vir die anderskleuriges geskep nie? Tot sy spyt moes hy sê "dat die skrywer nie reg laat wedervaar het aan sowel die owerheid as die N.G. Kerk nie, en hierdie betreurde woorde sal ongetwyfeld later aangehaal word deur kwaadwilliges in die V.V.O.-vergaderings - teen die Regering en teen die N.G. Kerk."²³

In *Die Kerkbode* van 15 Februarie 1956 het G.B.A. Gerdener, wat pas as prof. Keet se kollega aan die Kweekskool en ook as voorsitter van SABRA afgetree het, die boekie geresenseer.²⁴ Hy het krities teenoor sy kollega gestaan. Hy het beklemtoon dat die siening van die Ned. Geref. Kerk en SABRA oor eiesoortige ontwikkeling wel positiewe bevordering van alle bevolkingsgroepe beoog en nie vrugtelose skeiding en terughouding nie. Vir hom was dit moeilik om te begryp "waarom verantwoordelike persone, na twintig jaar eers, frontaanvalle waag op die land se verklaarde beleid en die N.G. Kerk se sendingbeleid, waar lg. reeds jare gelede verklaar het: 'Alle aparte behandeling word steeds deur die N.G. Kerk verstaan en bedoel om lewe en selfstandigheid te bevorder' ".²⁵

Gerdener het ook gevoel dat prof. Keet nie ander wetenskaplikes se eerlikheid en wetenskaplikheid erken het nie. Hy het dit ook naïef gevind "dat die skrywer hom feitlik tot die kleurlinggroep beperk en daarin 'n sleutel vir die

²² *Die Volksblad*, 27 Januarie 1956.

²³ Dies., 2 Februarie 1956.

²⁴ p. 278.

²⁵ *Die Kerkbode*, 15 Februarie 1956, 280.

hele vraagstuk meen te vind." Hy het ook 'n breër en meer realistiese uiteensetting van waar en hoe die oplossing eintlik lê, gemis. Oor die feit dat prof. Keet gesê het dat die land uit pas was met die algemene Christelike Kerk, het Gerdener gesê: Dit kan wees dat dit meer belangrik is vir ons om met ons eie mense 'n verenigde front te soek as om ons te laat lei deur die groot wêreld wat tog nooit ons situasie ten volle kon aanvoel nie..." Hy het gesluit deur te sê: "Wat deur onwyse gebruik of selfs misbruik as blote skeiding voorkom, kan die ware vrede bewerk en uiteindelik die beste belange van almal bevorder".²⁶

Prof. F.J.M. Potgieter het op Stellenbosch ingestem dat alle mense gelyk is voor God, maar gevoel dat prof. Keet in sy boek nie die diversiteit van die mensdom in ag geneem het nie.²⁷

Twee weke na die verskyning van die resensie in **Die Kerkbode**, het prof. Keet daarop gereageer. Hy het gevoel dat dr. Gerdener glad nie reg aan sy boek laat geskied het nie. Hy het beklemtoon dat die hele doel en opset van die geskrif was om te vra of die rigting reg was, d.w.s of dit die Christelike rigting was. "Daarmee word geen oplossing bedoel of gegee nie."

Prof. Keet het ook onskuldig gepleit teen 'n verwyd van prof. Gerdener dat op 9 Desember 1953 "ons ooreengekom het om kerklike apartheid te verdedig. Ek pleit onskuldig omdat ek dit nog altyd (ook in die geskrif) onder omstandighede verdedig, net soos die vaders dit in 1857 verdedig het, maar ek het my nie verbind om nie na 'n beter weg te soek nie."

18.3. Blanke Voogdyskap

In die gesprek oor rasseverhoudinge in Suid-Afrika is dikwels verwys na die voogdyskap van die blankes oor die ander rasse

²⁶ **Die Kerkbode**, 15 Februarie 1956, 281.

²⁷ **Cape Times**, 16 Februarie 1956; sien ook sy resensie oor die boek in **Die Gereformeerde Vaandel**, Maart 1956.

in die land. Die gedagte van die voogdyskap het sy oorsprong gehad by die Duitser Fabri wat die Duitse sending gevorm het.²⁸ Prof. Keet se kollega, G.B.A. Gerdener, wat op die sendingstasie van 'n Duitse sendinggenootskap grootgeword het, en in Duitsland studeer het, sou hierdie gedagte in Suid-Afrika verkondig. Hiermee was hy in lyn met die tradisionele beskouing in die Ned. Geref. Kerk, dat die "moederkerk" geroep is tot "voogdyskap".²⁹

Op 1 Augustus 1956 het prof. Keet onder die naam van die CSV en Polumnia in die Neethlingsaal oor "Christelike blanke voogdyskap in Suid-Afrika" gepraat. Hier het hy gesê dat alle vorme van voogdyskap van 'n tydelike aard alleen kon wees. Vir so 'n voog was dit noodsaaklik dat hy beide die materiële en geestelike welstand van die "kind" op die hart dra. So 'n kind sou onder die dissipline en reëls van sy voog staan om te verhoed dat die huishouding in chaos verval. Maar eendag sou die kind volwassenheid ontwikkel en dan sou hy ook in 'n vennootskap in die familie optree. Hierteenoor het sommige blankes die gedagte gehad dat die inboorlinge van Afrika altyd ondergeskik moes bly. Hierdie houding is, volgens prof. Keet dikwels ook met Bybelse argumente gestaaf. Dit het die idee van permanente voogdyskap laat ontstaan. Die geskiedenis was egter aan die kant van die gelykheid van alle mense.

Prof. Keet het dit as ondenkbaar beskou dat 'n opgevoede anderskleurige permanent aan blankes ondergeskik moes bly. Hulle moes, as hul opgevoed was, dieselfde regte en stemreg as hul blanke eweknieë hê.

Hy het ook gesê dat die uitdaging daarin geleë was dat die anderskleuriges betrek moes word. Hulle moes medewerkers word in die uitwerk van voorwaardes en omstandighede om saam te bestaan. Hy het dit betreur dat geen ernstige poging tot op

²⁸ vir 'n bespreking van die invloed van Fabri, sien Van der Watt, G.: **G.B.A. Gerdener - Koersaanwyser in die Ned. Geref. Kerk se sending en ekumene**, D.Th.-verhandeling, Bloemfontein, 1990, 26.

²⁹ Gerdener, G.B.A.: **Reguit koers gehou: die wording, wese en werking van die NG Kerk se sendingbeleid**, Kaapstad, 1951, 118.

daardie stadium gemaak is om die medewerking van anderskleurige intellektuele te verkry nie.³⁰

Die reaksie was vinnig. In 'n hoofartikel het **Die Burger** op 6 Augustus geskrywe: "Ons vrees egter dat prof. Keet se vertolking van voogdy veel verder gaan as die uiteindelijke selfstandigheid van die waard (kind). Dit wys reguit in die rigting van die oornam van die voog se huis deur diegene wat deur hom tot mondigheid gelei word."

Die redakteur van **Die Kerkbode**, ds. M.J. van der Westhuizen, het in 'n hoofartikel ook kritiek gelewer: "Afgesien van die feit dat die geagte hoogleraar baie enkelvoudige konstruksie op ons geskiedenis plaas, wat hoegenaamd nie reg doen aan al die feite uit die verlede nie en ook nie so aanvaar kan word nie, is sy kritiek onbillik en sy voorstelling van ons beleid en houding eensydig.Dit is ewenwel ook duidelik dat hierdie opvattinge grootliks ooreenstem met reaksionêre denkrigtinge in ons na-oorlogse wêreld." Verder lui die hoofartikel: "Die Christelike ideaal is eenheid in Christus, nie enersheid nie; ons onderskei die volksgroepe ook nie op grond van minderwaardigheid nie, maar omdat hulle andersoortig is - 'n onderskeiding wat ons nie maak nie, maar alleen erken en aanvaar, ook as Kerk van Christus. Dit is so jammer dat ons geagte hoogleraar hom hierin telkens so van ons distansieer, en daarmee in die buitewêreld die ongelukkige indruk wek dat hy, onder ons, alleen oorgebly het as 'n eensame stem des roepende in die woestyn vir 'n beter gesindheid en 'n Christelike houding teenoor nie-blankes in ons land. Dit is nie reg nie en ook nie waar nie."³¹

Prof. Keet het later hierop gereageer deur te skrywe dat die kritiek van **Die Kerkbode** erger was as die van die politici.³² Daarop het die redakteur, ds. M.J. van der Westhuizen,

³⁰ **Cape Times**, 2 Augustus 1956; **Die Burger**, 2 Augustus 1956; **Die Volksblad**, 2 Augustus 1956; **The Cape Argus**, 2 Aug 1945.

³¹ **Die Kerkbode**, 15 Augustus 1956, 292 en 293.

³² **Die Kerkbode**, 29 Augustus 1956; ook aangehaal in **Cape Times** 28 Augustus 1956.

gereageer dat "sy optrede telkens die indruk wek dat hy totaal geïsoleerd en verwyderd staan van die lewensdrang rondom hom soos dit sy Kerk en volk aangryp. In hierdie dae dreig sy akademiese afsydigheid om oor te slaan in 'n ontsettende eensaamheid."³³ Prof. Keet het dit as arrogant beskou van die redakteur om hom die reg toe te eien om te sê dat hy in isolasie beskou.³⁴

Op 20 Augustus 1956 het prof. Keet gereageer op die artikels in **Die Burger** oor sy standpunte. Hy het die geleentheid gebruik om te argumenteer oor die vraag of daar, wanneer van 'n Christelike standpunt die saak van rasseverhoudinge benader, in terme van groepe of individue gedink moes word. Volgens hom was die antwoord dat **Die Burger** die klem laat val het op die groep, terwyl hy die klem op die individu laat val het. Volgens hom was dit 'n gevaarlike abstraksie om groepe as individue in die grote te beskou; "daardie beskouing lei reguit op die pad na fascisme en kommunisme". Dit sou ook lei tot onmenslikheid, aangesien die groep verantwoordelik gemaak word en die individu intussen al die persoonlike onreg moes verduur, totdat die groep sogenaamd 'ryp' sou word.³⁵

Die redakteur van **Die Burger** het daarop gereageer deur te sê dat prof. Keet se beginsel van "individuele voogdy" in teenstelling met "groeptoogdy" na die wortel gaan van die politieke verdeling oor rassebeleid in Suid-Afrika. "As ons hoofsaaklik dink ook in terme van individue en hul 'mondigwording', dan kom ons noodwendig uit by 'n gesamentlike kieserslyste vir alle rasse, waarop nie-blankes geplaas sal word namate hulle aan sekere vereistes voldoen. Dit is die beleid van die Liberale Party, en wat die Kleurlinge altans betref, ook van die Verenigde Party. Dié mense sien dus in

³³ **Die Kerkbode**, 5 September 1956; **The Cape Argus**, 4 September 1956; **Die Vaderland**, 5 September 1956.

³⁴ Brief in **Die Kerkbode**, aangehaal in **The South African Outlook** 1 November 1956, 174.

³⁵ **Die Burger**, 20 Augustus 1956.

prof. Keet 'n bondgenoot en ons sien in hom 'n prinsipiële teenstander."³⁶

Omtrent dieselfde tyd as wat prof. Keet se boekie verskyn het, is die opsomming van die verslag van die Tomlinsonkommissie vrygestel. Hierdie kommissie, onder voorsitterskap van prof. F.R. Tomlinson, is aangestel om 'n deurtastende ondersoek in te stel en 'n verslag uit te bring oor 'n omvattende skema vir die rehabilitasie van Naturellegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, met die oog op die uitbouing van 'n eie volkskultuur. Vanaf 4 tot 6 Oktober 1956 het die Interdenominational African Ministers Federation, 'n organisasie van Bantoeleraars, 'n kongres in Bloemfontein gehou om die Tomlinsonverslag te bespreek. Die konferensie het die verslag in sy geheel verwerp en die apartheidsbeleid as 'n bedreiging vir goeie rassebetrekkinge in Suid-Afrika veroordeel. 'n Beroep is op alle kerke, die Ned. Geref. Kerke ingesluit, en ander organisasies in die land gedoen om saam te werk om alle mense in 'n verenigde front teen apartheid te mobiliseer en gesamentlik na 'n oplossing vir die land se rassevraagstuk te soek.³⁷

Die Uitvoerende komitee van die Christenraad van Suid-Afrika was van mening dat dit van die allergrootste belang was dat alle kerke aan hierdie oproep gehoor moes gee en het 'n beroep op die Federale Raad van die Ned. Geref. Kerke gedoen om saam te werk om 'n konferensie vir dié doel te hou.³⁸ Van so 'n konferensie het egter niks tereggekome nie. Prof. Keet, wat 'n groot voorstander vir onderhandelinge met nie-blanke leiers was, het dit later as 'n groot tragedie beskou omdat daar in "verantwoordelike kringe" geen notisie van die "merkwaardige

³⁶ Die Burger, 20 Augustus 1956.

³⁷ Paton, A.: *Hope for South Africa*, London, 1958, 78vv.

³⁸ Raad van Kerke, Briewe en verslae: A.W. Blaxall-A.J.V. Burger 11 Februarie 1957; A.J.V. Burger-A.W. Blaxall, 17 Junie 1957 (Staatsargief, Kaapstad).

gebaar" van samewerking van die kant van Bantoeleiers geneem is nie.³⁹

Die jaar 1956 sou nie sonder hartseer afsluit nie. In November het prof. Keet se skoonmoeder, mev. Reitz, gesterf.⁴⁰

Beoordeling

Aan die begin van die hoofstuk is die vraag gevra waarom prof. Keet dit nodig geag het om die boekie Suid-Afrika - Waarheen?, wat hom in die gedrang laat kom het, te publiseer. Die antwoord is in die voorwoord van die boekie te vind. Dit blyk duidelik dat hy dit as sy roeping beskou het om as wegwysers in die samelewing op te tree. Die weg wat hy wou aanwys, wou hy as teoloog Skriftuurlik en gereformeerde verantwoord. Daarmee saam hang die feit dat hy sy tyd as so ernstig beskou het, dat "dit byna as 'n misdaad beskou kan word as elkeen wat meen dat hy 'n boodskap het, dit nie uitspreek nie, en ook gou uitspreek nie."⁴¹ Die feit dat hy die rassekwessie beredeneerd en met 'n sin vir geregtigheid benader het, het gemaak dat hy so 'n boodskap gehad het. Sy afkeer van partyskappe sou verder daartoe bydra dat hy nie wou toesien dat die verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse samelewing vergroot, sonder dat hy iets daaraan probeer doen het nie.

Die vraag na die invloed van prof. Keet se boek en standpunte is moeilik om te beantwoord. Tog kan die volgende opmerkings gemaak word.

Dit is baie duidelik dat, alhoewel prof. Keet in die gedrang gekom het oor sy etiese beoordeling van apartheid, daar in die samelewing groot respek vir hom was. Insiggewend is dat die redakteur van Die Burger prof. Keet so laat as 20 Augustus 1956 steeds beskou het as 'n "prinsipiële teenstander". Prof.

³⁹ vgl. artikel: "Die klok het al gelui", in Geyser, A.S. e.a.: **Vertraagde Aksie**, Pretoria, s.a., 9.

⁴⁰ Raad van Professore: Notule, 20 November, p. QR.

⁴¹ Suid-Afrika - Waarheen?, voorwoord.

Keet kon dit gewis as 'n pluimpie beskou het vir die wyse waarop hy in hierdie debat opgetree het.

Prof. Keet se aanwysing dat die weg na 'n oplossing geleë was in samesprekinge tussen so 'n wyd moontlike verteenwoordiging van die inwoners van Suid-Afrika is vandag weer baie prominent op die tafel.⁴²

Sy geloof dat die geestesbeweging wat hy propageer het, onder Gods wyse bestuur al sterker sou vloei totdat dit 'n oorweldigende stroom sou word wat nie gekeer kon word nie, het vandag baie waar geword. Vandag is die weg wat hy in hierdie verband aangewys het, die gangbare weg onder 'n groot aantal van die leiers van Suid-Afrika.⁴³

Die feit dat die Engelse pers prof. Keet se woorde aangegryp het, het veroorsaak dat 'n beeld by baie mense ontstaan het dat hy 'n "Sap" was. Hierdie beeld van hom strook nie met die feite nie.

Hyself het nooit aan die partypolitiek deelgeneem nie. Volgens sy eggenote het hy altyd gesê hy is nasionaal, maar hy het nooit aan die party behoort nie. Hy het volgens haar wel in 1948 vir Malan, wat hy persoonlik geken het, gestem.

Mev. Keet sê ook dat haar man nooit vir haar gesê het vir wie hy in verkiesings gestem het nie. Toe sy eendag vir hom vra vir wie sy in 'n verkiesing moes stem, het hy haar geantwoord dat sy moes stem wat haar gewete vir haar hart sê.

Prof. Keet het egter gevoel dat dit sy plig was om kritiek uit te spreek. Hy het aan sy gesin gesê dat hy dit kon doen omdat hy nie in 'n gemeente gestaan het nie. In 'n gemeente sou dit onenigheid veroorsaak.

⁴² Dies., 95.

⁴³ Dies., 94.

HOOFSTUK 19: OMSTREDE, MAAR GERESPEKTEERDE HOOGLERAAR (1957-1959)

Hierdie hoofstuk dek die laaste drie jaar van prof. Keet se bediëning aan die Kweekskool te Stellenbosch. In Afrikanergeledere is nou reeds kennis geneem dat hier 'n teoloog was wat die rigting van die apartheidsdenkers bevraagteken het. Die teenkanting teen dit wat hulle geglo het, sou al groter raak. Die kritiek sou al feller raak. Daar sou probeer word om prof. Keet te kategoriseer, ten einde sy denke te neutraliseer.

Sou sy kritici daarin slaag dat hy nie gehoor word in Afrikanergeledere nie? Sou hy ywer daarvoor om gehoor te word? Het hy begin om apartheid aktief teen te staan? Of het hy dit net bevraagteken? Waarom het hy dit nodig gevind om standpunt in te neem teen die sg. kerkartikel van die Naturelle-wetsontwerp, en oor die kerklike afvaardiging se hantering van die saak in die gesprek met die minister? Waarom het hy dit nodig gevind om in 'n etiese beoordeling van apartheid in die Hoernlé-gedenklesing, apartheid te weeg en te lig te bevind? Waarom het die Hoernlé-gedenklesing soveel opslae gemaak? Was dit omdat hy aan baie seer punte van die beleid van apartheid geraak het?

Het hy steeds die respek van sy kollegas deur hierdie omstredenheid behou?

Die hoofstuk sluit dan waar prof. Keet aan die einde van 1959 emeriteer.

19.1. Die sg. "Kerk-artikel".

Gedurende die eerste helfte van 1957 is die "Naturelle-wetsontwerp" in die parlement in behandeling geneem. Onder andere was daar 'n artikel wat die minister gemagtig het om

eredienste, waar naturelle in blanke gebiede aanbid, te verbied.¹

Verskeie kerke en individue het teen die wetsontwerp geprotesteer omdat dit aan die minister die reg sou verleen om met die soewereiniteit van die kerk in te meng.² Op 6 Maart het die biskoppe van die Church of the Province of South Africa 'n brief aan die Eerste Minister gerig waarin hulle dit gestel het dat wat hulle betref, die wetsontwerp 'n verkragting van godsdiensvryheid was.³ Die Christenraad van Suid-Afrika het hom op 19 Maart 1957 met die inhoud van die brief van die C.P.S.A. vereenselwig.⁴

Prof. Keet was baie bly toe dit bekend geword het dat die Federale Raad van Kerke 'die kerk-artikel' in die wetsontwerp sou behandel. Die Federale Raad het agt punte wat die wet bevraagteken, geformuleer.⁵ Dit sou hulle gebruik in 'n gesprek met die Eerste Minister oor die artikel. Met die punte het die professor saamgestem.

Na die vergadering het die afgevaardigdes slegs die eerste vier punte van die beginselverklaring in 'n persverklaring uitgereik.⁶ Die vier punte is ook so gewysig dat die beginselstandpunt daarmee prysgegee is. Dit was vir prof. Keet onbegryplik toe hy verneem het dat, na die gesprek, die afvaardiging verklaar het dat die artikel nie in stryd was met hul standpunt dat dit uitsluitlik die reg van die Kerk was om

¹ Klousule 29 van die wysigingswetsontwerp op Naturelleswetgewing; **Statute van die Unie van Suid-Afrika, 1957**, deel 1, no 1-44, 423-425.

² Die polemieek word beskryf in Lombard, R.T.J.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek, met spesiale verwysing na die jare 1948-1961**, silverton, 1974, 165-174.

³ **The Christian Council Quarterly**, Mei 1957, 8.

⁴ **The Christian Council Quarterly**, Mei 1957, 1 en 8; **The South African Outlook**, 1 April 1957, 52.

⁵ Raad van Kerke: **Handelinge**, 1957, 96.

⁶ **Die Kerkbode** 17 April 1957, 676 vv; **Sinode van die Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk: Handelinge** 1957, 487 vv.

te bepaal aan wie hy die evangelie sou verkondig nie. In **Die Kerkbode** het hy hom hieroor uitgespreek.⁷ Hy was absoluut gekant daarteen dat die owerheid 'n kerkdienst waarby 'n aantal "nie-blankes" aanwesig was, kon belet. Prof. Keet het gesê: Ons weet almal dat die gewraakte artikel op die Engelse kerke gemik is, waar daar soms groot getalle nie-blankes die blanke kerke besoek;Moet ons nie die reg van die Engelse kerke ondersteun om te beslis oor die wyse waarop hulle verkies om te aanbid nie? "

Op Maandag 29 April 1957 is die verslagstadium van hierdie wet in die parlement goedgekeur.⁸

19.2. Die Hoernlé-gedenklesing

Drie maande later sou prof. Bennie Keet weer in die gedrang kom, toe hy die dertiende Hoernlé-gedenklesing op 3 Julie 1957 in Johannesburg gelewer het. Die gedenklesing is jaarliks gegee ter herdenking aan professor R.F. Hoernlé, president van die Instituut vir Rasseverhoudinge. 'n Uitnodiging om die lesing te lewer, is jaarliks tot een persoon wat besondere kennis en ervaring van die rasseprobleme in Afrika en elders het, gerig.⁹

Prof. Keet het die onderwerp "Die etiek van apartheid" behandel. Hy het die lesing begin deur eers 'n definisie van apartheid te probeer gee wat nie aan die apartheidsbeleid geweld sou doen nie. Hy het dit gedefinieer as die beleid wat vir sy einddoel het die totale skeiding van die veelrassige bevolking in onafhanklike groepe, ongeag of dit nou 'n korter of 'n langer tyd van uitvoering vra. Hy het ook daarop gewys dat hierdie definisie inkonsekwent was daarin dat dit nie die

⁷ **Die Kerkbode**, 1 Mei 1957: Die brief was dus geskryf voor die goedkeuring, maar gepubliseer na die goedkeuring daarvan deur die parlement op 29 April 1957.

⁸ **Die Burger**, 30 April 1957.

⁹ Voorwoord: **The ethics of apartheid.**

verskillende blanke groepe op dieselfde wyse wou behandel nie. Keet wou dan hierdie beleid vanuit die christelike etiek beoordeel.

Hy het heel eerste rassevooroordeel hanteer, wat hy geglo het ten grondslag van die beleid van apartheid gelê het. In die agterkop van blankes was daar die gedagte dat dit 'n goeie ding was, want dit het vermenging en so die vernietiging van die blanke beskawing verhoed. Volgens prof. Keet moes hierdie rassevooroordeel gesien word vir wat dit was, nl. 'n sondige meerderwaardigheidsgevoel, wat bely moes word. In plaas daarvan dat introspeksie gedoen word en die sonde by die blanke self gesoek word, het die blanke egter by die swarte gaan soek vir redes vir sy meerderwaardigheidsgevoelens en het hy daarmee sy optredes regverdig.¹⁰

Daarna het prof. Keet die feit dat die blanke homself as beskermheer van die onontwikkelde, gekleurde rasse van die land gesien het, hanteer. Volgens hom was met die beskermheerskap niks mee verkeerd nie. Maar dan moes nie vergeet word nie, dat van die een wat jy beskerm, nie verwag kon word dat hy vir altyd jou mindere sou wees nie. Die hele idee van so 'n beskerming moes dan wees om die beskermde voor te berei vir 'n onafhanklike, verantwoordelike lewe. In die geval van apartheid, het dit vir die professor gelyk asof daar voorsiening gemaak word vir 'n permanente onderdanigheid. Verder, het prof. Keet redeneer, kon aan so 'n trusteeskap nie voldoen word wanneer jy die beskermde wegstuur en hom aan sy eie lot oorlaat met so min as moontlik kontak met hom nie. Dit was, volgens hom, wat apartheid by implikasie doen.

Volgens die etikus van Stellenbosch het die apartheidsbeleid ook uitgegaan van die feit dat anderskleuriges nie as gelykes behandel kon word voordat hulle volwassenheid bereik het nie. Prof. Bennie Keet het toe gevra hoe bepaal sou word op watter stadium 'n hele gemeenskap tot volwassenheid gekom het, sodat hulle kon kwalifiseer vir die voorreg om as gelykes behandel te word. Wie sou die arbiter in hierdie geval wees? Hy

¹⁰ The ethics of apartheid, 4.

beklemtoon dan dat die Christelike etiek groot klem op die waarde van die individu, sy persoonlikheid en sy vryheid lê. Apartheid het vir hom daarin gefaal dat dit die individu opgeoffer het vir die veralgemening van groepdenke.¹¹

Vanuit 'n etiese hoek beskou, het prof. Keet geargumenteer, het groepdenke egter altyd tot die verdwyning van die individu en in hierdie sin ook tot die onderdrukking van persoonlikheid, gelei. Hierteenoor, het hy geglo, behoort 'n goeie staatsbeleid nie te diskrimineer teen een van die groepe in 'n land nie, nie die een onder die ander te plaas nie, maar aan almal die vryheid te verleen om te ontwikkel volgens hul vermoëns sodat hulle hul bydrae kon lewer vir die beswil van almal.¹²

Polities het apartheid ook die kriteria van die christelike etiek gefaal deurdat dit aan die mens die mees fundamentele regte ontnem. het, nl. die gawes van vryheid en verantwoordelikheid. In die apartheidsstelsel het die anderskleurige geen regte gehad om op te staan nie, slegs pligte om te vervul.¹³

Die somtotaal van alles, het prof. Keet gesê, was dat apartheid gefaal het omdat dit nie die "nie-blankes" op 'n regverdigte en gelyke basis hanteer het nie.

Prof. Keet het die groot probleem waarmee die regering geworstel het, soos volg analiseer: As hulle gelyke regte aan alle burgers sou verleen, sou barbarisme oor beskaafdheid seëvier. Om dit te oorkom, het prof. Keet die voorstel van gekwalifiseerde stemreg as moontlikheid voorgedra, waar net persone wat aan sekere opvoedkundige kwalifikasies voldoen, stemreg kon kry. Hierdeur sou die probleem vinniger aangespreek word, eerder as wat daar gewag moes word vir 'n hele gemeenskap om die nodige volwassenheid te bereik. So 'n

¹¹ a.w., 5-7.

¹² a.w., 9-10.

¹³ a.w., 12.

gelaaide stemreg sou dan ook die deur open vir samewerking op die basis van gemeenskaplike belange, wat veel eerder te kies is as die uitmergelende antagonisme wanneer ras die norm vir stemreg gemaak word.

Die argument wat teen al hierdie redenasies ingebring sou word, het prof. Keet voorspel, was dat dit sou lei tot integrasie en vermenging. Vanuit 'n etiese hoek was daar volgens hom geen beswaar teen vermenging nie. Dan sou hy die bestaan van die hele kleurlingbevolking moes veroordeel.¹⁴

In sy slotparagraaf het die professor gesê dat die keuse tussen samewerking en onderdrukking gelê het. Laasgenoemde sou tot vernietiging lei.¹⁵

19.3. Reaksie op die Hoernlé-gedenklesing

Soos te verwagte was daar weer groot reaksie op hierdie toespraak. Die Engelse koerante het klem daarop gelê dat prof. Keet gesê het dat apartheid "impractical", "immoral" en "a threat to white South Africa" was.¹⁶ Die Afrikaanse koerante het dit as "die jongste in 'n reeks aanvalle wat prof. Keet in die laaste tyd op apartheid gedoen het" getipeer.¹⁷ Volgens *Die Burger* was dit sy "eenmanskruistog" teen apartheid wat hy met verskerpte toon voortgesit het. Tog het *Die Burger* hom gelyk gegee dat hy suiwer probeer dink het. "Sy roem is reeds wêreldwyd, nie soseer om sy standpunte as sodanig nie, maar omdat dit hy is wat dit formuleer. Dit is iets besonders dat 'n N.G. kerkleier so sterk teen apartheid uitvaar. Hierdie soort roem, soos dié van Boeregeneraals wat in kritieke tyd vriende van 'n voormalige vyand was, bring sy eie reaksies, twiste en spanninge, wat gevaarlik kan wees vir die suiwerheid van denke en koers wat

¹⁴ a.w., p.17.

¹⁵ a.w., p.19 en 20.

¹⁶ *Cape Times*, 4 Julie 1957; *The Cape Argus*, 4 Julie 1957.

¹⁷ *Die Burger*, 4 Julie 1957.

prof. Keet vir ander aanbeveel en sonder twyfel nastrewe."¹⁸ **Die Burger** vra dan ook die vraag: "Is hy regverdig teenoor sy teenstanders? Is dit waar dat tot onlangs die gekleurde rasse aanvaar was as 'n deel van die nasie?" Dan beskuldig die koerant prof. Keet dat hy 'n karikatuur van die beste denke en voornemens van die Afrikaner gemaak het. Vir die redakteur was dit niks meer as 'n mening van 'n teoloog wat hom buite sy gebied gewaag het nie. **Die Vaderland** het prof. Keet verdoem omdat hy die rede by die gedenklesing vir Alfred Hoernlé, "die erkende hoëpriester van die hedendaagse liberalisme" gelewer het.¹⁹

Op 8 Julie het **Die Transvaler** geskryf dat prof. Keet se toespraak vir die Engelse dagblaaië koring op die meule was. "Hulle het dit dadelik aangegryp om hoofartikels daaroor te skryf en die beleid van die Regering vir die soveelste maal op verdoemende wys te veroordeel."

Dr. H.G. Lawrence, Verenigde Party Volksraadslid het in prof. Keet se woorde gesien dat daar 'n groot groep Afrikaners was wat ontnugter was met die Nasionale Party se beleid.²⁰ Vir **Die Burger** was dit 'n uitgemaakte saak dat adv. Lawrence prof. Keet as partypolitieke bondgenoot geannekseer het. Die vraag van **Die Burger** aan adv. Lawrence was of die party ook met prof. Keet saamgestem het dat daar 'n gemeenskaplike kieserslys moes wees, met gelyke stemvereistes vir almal.²¹ Dr. Louis Steenkamp van die Verenigde Party het hierdie insinuasie dat hulle gelykheid wou hê, "met die minagting wat dit verdien", verwerp.²²

Op 11 Julie het prof. L.J. du Plessis geskryf dat prof. Keet se opvatting van die Christendom net met die enkeling

¹⁸ Hoofartikel in **Die Burger**, 4 Julie 1957.

¹⁹ **Die Vaderland**, 4 Julie 1957.

²⁰ **The Cape Argus**, 8 Julie 1957.

²¹ **Die Burger**, 19 Julie 1957.

²² **The Cape Argus**, 23 Julie 1957.

rekening gehou het. "Die meer Calvinistiese opvatting is dat die Christendom ook rekening hou met nasies en rasse."²³

Op 24 Julie het **Die Transvaler** aangekondig dat hulle "letterlik oorstrom word met briewe" oor die aangeleentheid sodat hulle verplig was om net grepe daaruit te publiseer.

Op 26 Julie 1957 het SABRA, o.l.v. sy voorsitter ds. W.A. Landman, 'n verklaring uitgereik dat die beleid van apartheid op 'n beginselstandpunt berus wat eties regverdig was.²⁴

Die debat in die koerante hieroor het die eerste helfte van Augustus voortgeduur.

Die derde kwartaal van 1957 was Prof. Keet met verlof. Terwyl hy in hierdie tyd met vakansie in die Oostelike Provinsie was, het hy siek geraak en is hy in Port-Elizabeth in die St. Joseph hospitaal geopereer.²⁵ Dit het sy kragte dermate verswak dat hy ook in die vierde kwartaal geen lesings kon gee nie.²⁶

Op 18 Oktober 1957 het sy kragte sodanig herstel dat hy weer die Senaatsvergadering kon bywoon. Hy is deur die rektor terugverwelkom.²⁷

19.4. Verering in sy laaste dosentejare

Die standpunte wat prof. Keet gestel het, het gemaak dat hy veral in die Engelse gemeenskappe in aansien gegroei het. Dit

²³ **Die Weste**, Klerksdorp, 11 Julie 1957.

²⁴ **Die Burger**, 27 Julie 1957; **The Cape Argus**, 27 Julie 1957; **Cape Times** 27 Julie 1957; **Pretoria News**, 27 Julie 1957; **Evening Post P.E.** 27 Julie 1957.

²⁵ **Eastern Province Herald**, 17 Augustus 1957.

²⁶ Verslag van die Raad van Professore van die Teologiese Kweekskool, voorgelê aan die Kuratorium t.o.v. die jaar 1957, in die Kuratorium: Notule 4 Desember 1957, 219.

²⁷ Senaat: Notule 18 Oktober 1957, 242.

was dus ook nie vreemd dat die tweede Universiteit wat hom 'n eredoktoraat verleen het, ook 'n Engelse universiteit was nie. Dit was die Universiteit van Witwatersrand in 1958.

By sy eie universiteit sou hy deur sy kollegas gelukkig word met hierdie eer wat hom te beurt geval het.²⁸ Sou hulle nalaat om te doen wat die ander universiteite gedoen het?

In Oktober 1958 het sy kollega, prof. F.J.M. Potgieter veelvormige ontwikkeling as die wil van God in die **Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede** verdedig. Hy het die standpunte van A. Kuyper op Suid-Afrika toegepas en tot die gevolgtrekking gekom: "Ook op kerklike gebied moet hierdie Skrifbeginsel van veelvormigheid met wysheid deurgevoer word. Dat daar onderskeie kerkformasies vir Blankes, Kleurlinge en Bantoes sal wees, is prinsipieel die wil van God vir hierdie bedeling."²⁹ Dié etiek van sy kollega het glad nie met prof. Keet se benadering ooreengekom nie.

Sy eweknie by die Teologiese Kweekskool te Pretoria, prof. A.B. du Preez, het ook glad nie sy siening gedeel nie. In 1959 het sy boek **Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop vir Suid-Afrika** verskyn. Hierin het prof. Du Preez duidelik te kenne gegee dat hy prof. Keet se standpunte nie positief ervaar het nie. Hy het dit wat prof. Keet geskrywe het, gesien as iets "wat ons in die buiteland benadeel."³⁰ Hy noem hom ook 'n "andersdenkende."³¹ Vir hom was selfs die standpunt van apartheid op praktiese gronde onhoudbaar. Hyself was 'n voorstander van die Skriftuurlike regverdiging van apartheid.³² Hy het prof. Keet se kritiek dat die voorstanders van apartheid nie gedink het aan die diep wonde

²⁸ Universiteit van Stellenbosch se senaat: Notule 14 Maart 1958, 227, word hy deur die rektor van Stellenbosch daarmee gelukkig.

²⁹ **Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede**, oktober 1958, 14.

³⁰ Du Preez, A.B.: **Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop vir Suid-Afrika**, Pretoria, 1959, 14.

³¹ Dies., 5.

³² Dies., 6.

en bittere smart wat die anderskleuriges aangedoen word nie, maar dat hulle, of hulle onbeskaafd is of nie, as "uitvaagsels en onaanraakbares behandel word", as onverantwoordelik beskou.³³ "Dit is onverantwoordelike uitlatings soos hierdie van ons eie mense wat die buitelanders alle moontlike gruwelverhale van ons land laat glo."³⁴ Du Preez het ook gesê dat Keet en andere die Christelike kerk in Suid-Afrika in die beskuldigdebank geplaas het. Hy het die uitdaging gerig dat aangetoon moes word watter onreg "ons om en by die tyd(1948) aan die gekleurde rasse van Suid-Afrika gedoen het." Hy het prof. Keet verder daarvan beskuldig dat hy 'n "karikatuur" van apartheid gemaak het.³⁵

Dit lyk nie of prof. Keet die nodigheid ingesien het om op prof. Du Preez te reageer nie. Hy het begin dink aan emeriteer. Maar sou daar iemand wees wat sy plek kon vul wat dieselfde etiese uitkyk op die samelewing as hy gehuldig het?

Nog voor sy voorneme amptelik aan die Kuratorium te kenne gegee is, het dit onder die aandag van die Kuratorium gekom dat daar gedagtes aan 'n herverdeling van vakke tussen die professore was. Die Kuratorium het dan ook aan die einde van 1958 besluit dat, indien prof. Keet voor die einde van 1959 sy voorneme te kenne gee om af te tree, die skriba die professore en veral dr. Potgieter sou raadpleeg i.v.m. die moontlike herverdeling van vakke onder die professore.³⁶ Dit het daartoe gelei dat prof. Potgieter op 15 Julie 1959 skriftelik ingestem het om met prof. Keet se aftrede verantwoordelikheid oor te neem vir die dogmatologiese vakke. Dr. T.N. Hanekom van **Die Kerkbode** is beroep as hoogleraar in die kerkhistoriese vakke, waarby toe ook die Kerkreg ingeluit is, 'n vak wat voorheen deur prof. Keet gedoseer is.

³³ Keet, B.B.: **Suid-Afrika - Waarheen?**, Stellenbosch, 1955, 61.

³⁴ Du Preez, A.B.: **Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop vir Suid-Afrika**, Pretoria, 1959, 246.

³⁵ Dies., 239.

³⁶ Kuratorium: Notule 3 Desember 1958, 223.

Soos wat dit wyer bekend geraak het dat prof. Keet aan die einde van 1959 sou emeriteer, het meer persone en instansies daaraan gedink om hulde aan hom te bring.

Op Humansdorp is op Vrydagaand 1 Mei 'n taalfees gehou waarop prof. Bennie en sy broer A.D. gehuldig is. Die **Re-Echo**, asook **Die Suid-Ooster** het later daarvoor berig gelewer. Die oggend moes die broers eers voor die kinders by die skool opgetree het en die aand is die taalfees gehou. Ds. J.L. Nel het die huldigingsrede gehou. In sy rede het prof. Keet beklemtoon dat die toekoms van Afrikaans nog voorlê. "Ons het nog maar net die oorwinning om die erkenning behaal maar die groot werk lê nog voor."³⁷

Op 8 Mei 1959 het prof. Bennie Keet skriftelik aan die kuratorium kennis van sy voorneme om af te tree, gegee.³⁸

Op 29 Julie is hy ook deur die Universiteit van Stellenbosch met 'n eredoktoraat, D.Litt, vereer. Ander persone wat saam met hom in daardie jaar eredoktorate van Stellenbosch ontvang het, was die goewerneur-generaal E.G. Jansen, dr. H.F. Verwoerd, dr. T.E. Donges, prof. D.F. Malherbe en dr. H.J. van Eck.³⁹

Met die oog op sy emeritaat het die FAK se uitvoerende komitee aan die einde van September 1959 in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch 'n huldigings-geleentheid vir hom gereël. Dit is gehou in die koshuis Minerva op Stellenbosch. By die geleentheid het prof. Keet gesê dat die Afrikaner moes oppas dat daar nie in sy land 'n snertliteratuur versprei word, terwyl die goeie dinge agterbly nie.⁴⁰

³⁷ **Re-Echo** 6 Mei 1959; **Suid-Ooster** 5 Junie 1959, 5.

³⁸ Kuratorium: Notule 1 Desember 1959, 1.

³⁹ Vir die sitaat oor Keet se doktoraat, sien Universiteitsraad: Notule, 20 Junie 1959, 217 en 218.

⁴⁰ Eikestadnuus 2 Oktober 1959, 12.

Alhoewel hy aan die einde van 1959 sou emeriteer, sou hy nie al sy bande met die Kweekskool losmaak nie. Drie dae voordat hy sy emeritaat aanvaar het, is hy nog op 'n kommissie aangestel van kuratorium-, kweekskool- universiteitsamptenare, om ondersoek in te stel na die inskakeling van die Kweekskool by die Universiteit. Hy het daarop saam met die rektor, prof. Yeats, prof. J.J. Muller en ds. A.J. van Wyk gedien.⁴¹

Soos gebruikelik is daar ook van prof. B.B. Keet 'n waardering geskryf en opgeneem in die kuratoriumnotule. Dit is opgestel deur prof. J.J. Muller. Afgesien van die feite oor sy lewensloop, het prof. Muller ook die volgende geskryf: "Hy betoon hom 'n uitmuntende kenner van die Geref. Kerkreg en 'n helder denker en teoloog van formaat, en het in die Geref. Dogmatiek en Etiek diep spore op sy honderde studente afgedruk. By sy aftrede het hy die voorreg gesmaak dat al die hoogleraars in die Teologie te Stellenbosch en Pretoria sy oudstudente was."⁴²

Prof. Keet se emeritaat het saamgeval met die eeufeesvieringe van die Kweekskool. Volgens die program sou die feesvieringe van 2 tot 4 Desember 1959 plaasvind. Prof. Bennie sou op die laaste dag van die feesvieringe die sluitingsrede hou. Sy tema was: "Honderd jaar van Teologie in voëlvlug".⁴³ Net daarna sou hy sy demissie ontvang.⁴⁴

Vir die fees is 'n eeufeesbrosjyre saamgestel. Prof. Keet het daarin 'n artikel geskryf wat kort lewensketse van al die professore die vorige eeu bevat het.⁴⁵ Dit sou seker met groot heimwee wees wat Keet oor al die professore geskryf het. Behalwe vir prof. John Murray het hy hul almal persoonlik geken. Interessant is hoe hy prof. J. du Plessis beskryf, sonder enige verwysing na die groot kerkzaak. Dit was ou koeie

⁴¹ Kuratorium: Notule 1 Desember 1959, 250.

⁴² Dies., 257.

⁴³ **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Desember 1959.

⁴⁴ Kuratorium: Notule 3 Desember 1958, 224.

⁴⁵ Dies., 229.

wat maar in die feesuitgawe in die sloot kon bly lê. Een professor se lewenskets moes vir hom effens moeilik gewees het, nie omdat hy nie die feite geken het nie, maar omdat hy nie geweet het wat om te noem nie. Hyself! Nederig wat hy was, gee hy dan net die paar koue feite oor homself in die artikel.⁴⁶

Die Kuratorium, wat op 1 Desember 1959 vergader het, het eenparig besluit om vir prof. Bennie Keet 'n afskeidsgeskenk van 250 pond aan te bied.⁴⁷

Die teologiese studente het 'n afskeidsoorkonde, wat op hout uitgebrand was, vir hom gegee. Hierdie oorkonde sou 'n ereplek in sy studeerkamer teen die muur kry.

Op sy beurt het prof. Keet, soos dit die gebruik was, 'n foto van homself aan die Kweekskool geskenk. Eers het hy egter daarin 'n geleentheid gesien om met sy mooi humorsin hul 'n streep te trek. In plaas van die verskriklik formele foto, soos dit die gebruik was, het hy 'n foto waar hy staan met 'n groot vis wat hy by Waenhuiskrans gevang het, toegedraai en aan hul oorhandig! Hy het dit darem later teruggekry. Eiesoortige mens wat hy was, was die pak klere wat prof. Keet op die foto, wat hy in die plek van die visfoto aan hul oorhandig het, aangehad het, ook nie die formele predikantspak nie, maar 'n gewone pak.

Na veertig jaar was sy verbintenis met die Kweekskool nou amptelik beëindig. Hy sou dit egter nie sien as die einde van sy teologiese loopbaan nie. Gedurende sy aftreejare het hy hom steeds met die teologie besig gehou.

Beoordeling

Dit is baie duidelik dat prof. Keet in sy laaste drie jaar aan die Kweekskool volstoom voortgegaan het om sy roeping as wegwyser in kerk en samelewing uit te voer. Die polemieks wat

⁴⁶ **Eufoesuitgawe van die Kweekskool, Stellenbosch, 1859-1959, 27-31.**

⁴⁷ **Kuratorium: Notule 1 Desember 1959, 240.**

hy in 1956 oor sy boek Suid-Afrika - Waarheen? moes deurmaak, het by homself 'n helderheid gebring dat die hele stelsel van apartheid in kerk en samelewing eties onverdedigbaar was. Sy beredeneerde denke, sin vir geregtigheid en afkeer van verdeeldheid tussen mense, sou maak dat hy in hierdie tydvak van sy lewe ook standpunte inneem wat hom in die gedrang gebring het. Sy ingesteldheid om hom as teoloog altyd Skriftuurlik en in 'n gereformeerde sin te wil verantwoord, het gemaak dat die kritiek wat teen sy standpunte ingebring is, meestal nie veel gewig gedra het nie.

So bv. was prof. Keet se beswaar teen die Federale Raad se verklaring oor die kerkartikel, na hul gesprek met die minister, gegrond. Dit is baie duidelik dat die Federale Raad hier aan die politiek dienstig was. Hulle het hul beginselstandpunt prysgegee, ten einde nie in konfrontasie met die regering te kom nie. Die artikel het ingedruis teen die beginsel van godsdiensvryheid.

Die Hoernlé-gedenklesing was die werk van 'n etikus, wat Christen-Afrikaner wou wees.

Die beswaar dat prof. Keet 'n karikatuur van apartheid gemaak het in sy beoordeling daarvan, hou nie water nie. Vanuit die voorstanders daarvan se subjektiewe oogpunt kon dit miskien so gelyk het. Die definisie wat hy egter in die aanvang van die lesing van apartheid gegee het, en soos hy dit verder geteken het, was werklikheidsgetrou.

Ook die beswaar dat prof. Keet die probleem waarmee die regering geworstel het, nie ingesien het nie, hou nie heeltemal grond nie. Prof. Keet se analise in die Hoernlé-lesing dat dit die vrees was dat barbarisme oor beskawing sou seëvier, is in die kol. Dit kan miskien wel gesê word dat hy met sy voorstel van gekwalifiseerde stemreg hierdie vrees vir konfrontasie onderskat het. Dit is dalk daaraan te wyte dat hy die grootste deel van sy lewe in die Kaapprovinsie deurgebring het. Hy was dus 'n suidelike mens in sy denke en het nie die omvang van die vrese in die Noorde van Suid-Afrika besef nie.

Sy beoordeling dat 'n meerderwaardigheidsgevoel ten grondslag van die blanke se rassevooroordeel gelê het, is ook grootliks waar. Die aanwysing daarvan as sonde wat bely moes word, was die uitvoering van sy taak as etikus.

Prof. Keet se waarskuwing teen permanente voogdyskap was 'n nodige waarskuwing. Sommige Afrikaners het hulself werklik as God se geroepe, permanente voogde vir die swartes gesien.⁴⁸

Die uiteindelijke beoordeling dat die apartheidsstelsel diskriminerend was en dat dit die anderskleurige nie op 'n regverdige en gelyke basis hanteer het nie, het in die praktyk waar blyk te wees. As etikus het hy dus net sy roeping vervul deur hierdie oordeel uit te spreek. Die oordeel dat die lesing net die mening was van 'n teoloog wat hom buite sy gebied gewaag het, was verkeerd en van mense wat nie wou hoor wat die Skrif werklik sê nie. As etikus was dit juis prof. Keet se roeping om die lewenswyse en denke van sy dag eties te beoordeel. Die kerk mag nie vir die staat voorskryf hoe hy moet regeer nie, maar het die roeping om die staat te vermaan waar hy nie in ooreenstemming met die wil van God optree nie.

⁴⁸ Vgl. Cronjé, G: Voogdyskap en Apartheid, Pretoria, 1948.

HOOFSTUK 20: DAADCHRISTENE GEVRA (1960-1963)

Hierdie hoofstuk handel oor prof. Keet se lewe na sy emeritaat in 1959, tot net voor hy in die gedrang kom as hy vir ds. Beyers Naudé in die bresse tree. Waarmee sou prof. Keet hom na sy emeritaat besig hou? Sou hy voortgaan met sy bevraagtekening van apartheid? Die kernvraag wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom, is waarom prof. Keet dit nodig gevind het, dat indien die staat sou weier, die Kerk self moes onderneem "om deur onderlinge samesprekinge en beplanning 'n beter weg te soek." Verder word ook ondersoek hoe hy die afbrand van sy huis en die gepaardgaande vernietiging van sy boekery sou verwerk.

20.1. Steeds betrokke

Na sy aftrede het prof. Keet nie ledig by die huis gaan sit nie, maar homself besig gehou deur op hoogte te probeer bly met nuwere ontwikkelinge in die teologie. Hy wou kennis neem van die nuwe rigtinge in die teologie en het ook veel wat verdienstelik is, daarin gevind. "Ons kan nie stilstaan op een plek nie, het hy gesê, "anders is ons morsdood. Ons moet voortgaan, al maak ons foute. Ons moet hulle net nie twee maal maak nie." ¹

In sy vrye tyd het hy dikwels gholf gaan speel. Op 75 jarige ouderdom het hy nog die maandelikse "Tankard competition" gewen. Ook was hy 'n keer of wat die plaaslike klub op Stellenbosch se kampioen in die afdeling vir seniors.²

Die jaar 1960 was 'n krisisjaar in Suid-Afrika se geskiedenis. Prof. Bennie Keet, met sy intense belangstelling in die samelewing rondom hom, moes dit as spanningvol beleef het. Die verset teen die apartheidsbeleid van die regering het toegeneem. Druk is vanuit die buiteland toegepas. Aktivistiese groepe soos die African National Congress en die Pan Africanist Congress het binnelands versetpogings

¹ **Die Burger** 20 Junie 1970, op Keet se 85ste verjaardag.

² **Die Burger** 13 November 1965.

georganiseer. Op 21 Maart 1960 is 'n protesoptog na die polisiestrasie van Sharpeville gereël as demonstrasie teen die paswette. Die polisie het reageer; nege en sestig swartmense is doodgeskiet en meer as honderd en tagtig beseer. Ook in die nabygeleë Langa is mense doodgeskiet. 'n Noodtoestand is daarna afgekondig. Die wêreld was geskok; die Veiligheidsraad van die VVO en talle buitelandse kerke het skerp kritiek gelewer. Ook van die Wêreldraad van Kerke het skerp kritiek gekom. Dit alles sou lei tot die die bekende Cottesloe-beraad aan die einde van daardie jaar.

In hierdie jaar, 1960, het die boek **Vertraagde Aksie**, as 'n "ekumeniese getuienis uit die Afrikaanse kerke", verskyn.³ In sy bydrae tot die boek⁴, het prof. Keet bevind dat daar tye in die geskiedenis kom wanneer die gesprek tot 'n einde moes kom en tot die daad oorgegaan moes word. "En as die tyd ernstig genoeg is, sal die daad 'n buitengewone wees, d.w.s. anders as wat in normale omstandighede sou geskied het." Prof. Keet het die situasie van sy dag as so 'n tyd gesien. Hy het gevoel dat die Christelike kerke van Suid-Afrika die beginsels gestel het. Tot 'n groot mate is ooreenstemming bereik dat die Skrif "in geen opsig die verdeling van die Kerk van Christus op grond van ras of kleur leer nie." Die knoop het egter gekom wanneer die beginsels op die praktyk van die rassesituasie in Suid-Afrika toegepas moes word. Volgens prof. Keet kon hy maar net verwys "na die berugte kerklousule" in die wetgewing, "wat selfs met sy versagte toepassing die Kerk in sy arbeid wesenlik aan bande lê."

Oor apartheid het prof. Keet die vraag gestel: "Is daar net een manier om 'n ondraaglike toestand te verbeter, nl. om die voorwerp van jou misnoeë van jou te verwyder? Is dit in alle geval die Christelike manier om vrede te bewerkstellig, moet die vrede nie eers vir jou in jou eie hart kom nie?" Volgens hom het die wetgewing van die vorige tien tot twaalf jaar

³ Geyser, A.S. e.a.: **Vertraagde Aksie: 'n Ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende kerk**, Pretoria, s.a.

⁴ "Die klok het al gelui." in **Vertraagde Aksie**, 5.

duidelik genoeg gesprek van 'n voortgaande inkorting van die regte en voorregte van die "nie-blanke" bevolking, waarmee grootskaalse teleurstelling en ellende gepaard gegaan het. As gevolg daarvan het Suid-Afrika die muishond van die wêreld geraak en "niks behalwe die verandering van die beleid sal hierin wysiging bring nie." Die rede daarvoor was dat dit gegaan het "oor die waardigheid van die menslike persoonlikheid wat.... self ook seggenskap het in die bepaling van sy toekoms."

Prof. Keet het sy vrese oor die toekoms soos volg uitgedruk: "Of daar nog tyd oorbly, weet ons nie, maar ons moet ons haas (die klok het reeds gelui) of ons verloor alles waarvoor ons in hierdie land gestry het. En dan dink ek nie in die eerste plek aan ons materiële voorspoed nie, maar aan ons geestelike goedere wat, veral in die geval van ons Afrikaanssprekendes, met soveel stryd verkry is." Vir hom was dit duidelik dat as op die ingeslane weg voortgegaan sou word, dit net op 'n gewelddadige kragmeting sou kon uitloop, wat vir beide noodlottig sou wees.

Hy het die moontlikheid verwerp dat die verskillende bevolkingsgroepe deur segregasie en 'n verdeling van die land uiteindelik almal tot hulle reg sou kom en gesê dat die Afrikaanse kerke aan die staat kennis moes gee dat hulle nie langer kans sien om die regeringsbeleid te steun nie. Die kerke moes 'n beroep op die regering doen om samesprekings tussen blank en nie-blank op die hoogste vlak te reël om tot 'n vergelyk te probeer kom. As die staat nie op die beroep sou reageer nie, moes die kerk "in die buitengewoon ernstige omstandighede wat ons tans belewe", self onderneem om "deur onderlinge samesprekings en beplanning 'n beter weg te soek". Daarna kon die kerk weer na die staat gaan en sy bevindinge voorlê. Prof. Keet het gewet dat die beswaar hierteen ingebring sou word dat die Kerk op hierdie wyse buite sy terrein sou tree. Die professor het dit toegegee: "Dit is wel

waar, maar in buitengewone gevare is buitengewone maaatreëls geregverdig."⁵

Dit was nie net prof. Keet wat die nood van hierdie tyd aangevoel het, nie. Aan die einde van 1960, vanaf 7-14 Desember, het samesprekings tussen verteenwoordigers van Suid-Afrikaanse lidkerke van die Wêreldraad van Kerke o.l.v. verteenwoordigers van dié organisasie plaasgevind. Die redakteur van *Die Kerkbode*, dr. A.P. Treurnicht, was nie baie opgewonde oor die vergadering nie. Op 8 Desember 1960 het hy geskryf: "Die prediking van geregtigheid op maatskaplike en politieke terrein bly die verantwoordelikheid van die Kerk, maar wanneer hy hom met politieke formules inlaat, is dit 'n "ontoelaatbare staatsgreep".⁶

Dr. Treurnicht het seker geweet wat kom. Op hierdie beraad in die Cottesloe-koshuis van die Universiteit van Witwatersrand het die verteenwoordigers van die Ned. Geref. Kerk 'n verklaring ondersteun waarin, onder andere, gevra is vir: volle politieke regte vir kleurlinge; spesiale politieke regte vir stedelike swartes; die wettiging van rasgemengde huwelike, asook die toelating van gesamentlike eredienste.⁷

Die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, het in sy Nuwejaarsboodskap sy teenkating teen hierdie besluite skerp en duidelik bekend gemaak.⁸ Binne 'n jaar na die vergadering het die Kaapse⁹ en Transvaalse Sinodes¹⁰ hul eie

⁵ *Vertraagde Aksie*, 10.

⁶ *Die Kerkbode* 28 Desember 1960, 917.

⁷ Die volledige teks van besluite verskyn in die amptelike verslag van die konferensie: *Cottesloe Consultation*, Johannesburg, 7-14 Desember 1960, 74.

⁸ Pelzer, A.N.(red): *Verwoerd aan die woord* (Toesprake 1948-1966) Johannesburg, 1966, 404.

⁹ Sinode van die Kaapse kerk: *Handelinge*, 1961, 50 vv.

¹⁰ Sinode van die Ned. Hervormde of Geref. Kerk: *Handelinge*, 1961, 382 vv.

verteenwoordigers gerepudieer en die besluite van die konferensie verwerp.¹¹

Prof. Keet sou vanuit sy oortuiginge nie met hierdie optrede saamstem nie. 'n Dekade later sou hy sy standpunt daaroor stel.¹²

As deel van die debat wat sou volg op die Cottesloe-beraad, het daar in 1961 'n boek, getiteld *Grense - 'n simposium oor rasse- en ander verhoudinge*, verskyn. In die boek, wat deels ook 'n antwoord was op *Vertraagde Aksie*, het teoloë merendeels gepleit dat die Ned. Geref. Kerk hom liever moes onttrek aan die wêreldekumene. In navolging van A. Kuyper het dr. J.D. Vorster dit soos volg gestel: "In hierdie bedeling, waar ons nog in bittere stryd teen die sonde staan, word die eenheid egter beter gedien en voorberei deur die splitsing wat rekening hou met die differensiasie wat bewerk is om die sonde te beteuel."¹³

Een van die verteenwoordigers van die Ned. Geref. Kerk op die Cottesloe-vergadering, ds. C.F.B. Naudé, het as gevolg van die reaksie van die Ned. Geref. Kerk op die Cottesloe-beraad, net meer oortuig geraak van die korrektheid van die Cottesloe-besluite. Sy daadwerklike optrede om dié saak te bevorder, sou hom 'n jaar of wat later in die gedrang bring. Prof. Keet sou vir hom opkom.

Ds. Beyers Naudé het begin met 'n maandblad met die naam *Pro Veritate*. Die eerste uitgawe verskyn op 15 Mei 1962. Sou prof. Keet met die maandblad meewerk? Die vraag is vyf maande later beantwoord met die verkyning van 'n artikel uit prof. Keet se pen oor "Ekumenisiteit".¹⁴

¹¹ Vir 'n volledige bespreking van die beraad, sien Luckhoff, A.H.: *Die Cottesloe-kerkeberaad*, Proefskrif(Ph.D.), Universiteit van Witwatersrand, 1975.

¹² *Die Kerkbode* 21 Oktober 1970, 593.

¹³ *Grense - 'n simposium oor rasse- en ander verhoudinge*, Stellenbosch, 1961, 79.

¹⁴ *Pro Veritate*, 15 Oktober 1962, 6 en 8.

In die artikel het prof. Keet hom duidelik ten gunste van die ekumene verklaar. Volgens hom het hy in homself ook "volkome ooreenstemming met die voorwaardes tot lidmaatskap soos deur die Wêreldraad vasgelê", gevind.¹⁵ Die rede was dat alle kerke wat Jesus Christus as Verlosser erken, verwelkom word. "Elkeen wat die Here Jesus Christus bely, behoort welkom te wees in die 'Congregatio Fidelium', en elkeen wat in hierdie sin as Christelike kerk beskou kan word is deel van die algemene kerk, wat die gemeenskap van die heiliges is." Daarteenoor het hy maar skepties gestaan teenoor die Gereformeerde Ekumeniese Sinode. Volgens hom was dit "nóg sinode nóg ekumenies".

Hierdie artikel was maar net die eerste van 'n hele aantal artikels in die tydskrif. Sou dit inhou dat Keet op hierdie laat stadium van sy lewe 'n ander Christelike blad as die amptelike blad van sy kerk sou gebruik as medium om sy standpunt te stel? Die tyd sou leer.

Afgesien van prof. Keet se belangstelling in die rasseproblematiek van sy dag, het hy ook nie as lid van die universiteitsraad en senaat uitgetree nie, maar tot begin 1966 in beide liggame bly dien.¹⁶ In die tyd het hy gehelp met die samestelling van 'n gedenkboek vir die voorgenome Eufeesevieringe van die Universiteit in 1966.¹⁷

In 1962 is 'n kontrak tussen die Kweekskool en die Universiteit opgestel waarvolgens die Kweekskool deel geword het van die Universiteit. Prof. Keet was een van die komiteelede wat die voorbereidende onderhandelinge hiervoor gevoer het.¹⁸

¹⁵ Dies., 6.

¹⁶ Universiteitsraad: Notule 27 April 1963, 202 is hy herbenoem tot lid tot 30 Junie 1965.

¹⁷ Senaat: Notule 24 Maart 1961, 3.

¹⁸ Universiteitsraad: Notule 23 Junie 1962, 233 en 244.

20.2 Vernietigende brand in die Keetwoning

In Januarie 1963 het 'n ramp die Keet-gesin getref. Hul grasdakwoning het afgebrand, nadat 'n weerligstraal die huis getref het. Prof. en mev. Keet was met vakansie by Huisklip, naby Jeffreysbaai toe dit gebeur het. 'n Man te perd het die nuus vir hulle aangebring. Later het iemand hulle met 'n voertuig by die strandplek kom haal sodat hul Stellenbosch toe kon gaan. Brandweermanne kon die vlamme nie keer nie, maar het met die hulp van die bure al die meubels, selfs die koppies en pierings, gered. Prof. Keet se waardevolle versameling boeke het egter in die slag gebly. Onvervangbare boeke, dokumente, odertekende portrette van sy Amsterdamse leermeesters, Nederlandse en Duitse beslane Bybels, en talle meer kosbaarhede is verbrand.

Tipies van prof. Keet was sy seldsame gelykmoedigheid en kalmte in alle omstandighede. So was dit ook met die afbrand van die huis. Mev. Keet het vertel dat toe hy gehoor het dat sy boeke ook in die slag gebly het, hy sy arm vertroostend om haar gesit het en gesê het: "Nou sal jy eendag geen probleme hê om uit te maak aan watter instansie ek die boeke en dokumente bemaak het nie".¹⁹

Dit was duisende rande se skade. Kontant was nie voorhande nie. Prof. Keet het toe geld by die Jannie Marais trustfonds gaan leen om sy huis te herstel. Vir langer as 'n dekade sou hy aan die lening afbetaal. Drie maande voor sy dood was die lening afbetaal. Landwyde bydraes van sy oudstudente het ook meegehelp om die heropbou van die huis te finansier.

Na die afbrand van die huis het hulle tydelik in die huis van die weduwee Brummer gaan bly. Haar seun Vincent was in Nederland en het sy ma gedurig gepols om by hulle te kom bly. Toe sy van die brand gehoor het, het sy besluit om onmiddellik te gaan. Bennie Keet, prof. Keet se argitekseun, het die

¹⁹ Eikestadnuus 28 Junie 1974.

afgebrande huis herbeplan. Teen Desember 1963 was hul huis herstel en kon hul weer intrek.²⁰

20.3. Orde in die Kerk

In dieselfde jaar as wat die huis afgebrand het, het prof. Keet se boekie oor die Kerkreg, **Orde in die Kerk** verskyn. Die boekie was bedoel om aan die gewone lidmaat leiding te gee aangaande die eie aard van die Gereformeerde kerkregeringstelsel. In die voorwoord het hy verklaar dat dit nie sy doel was om die bepalinge en reglemente van die Kerk te bespreek nie. Hy wou eerder die beginsels grondliggend daaraan deurgee.

As uitgangspunt het hy volgehou dat Kerkreg aan die norm van die Skrif ontleen is. Daarin was dit duidelik dat God aan die Kerk gesag gee om die kerklike lewe te reël. Volgens Keet het hierdie gesag nooit los van die gemeente gestaan nie. Dit kon alleen uitgeoefen word waar daar 'n gemeente was.²¹ Die amp was die orgaan waardeur die gesag van die gemeente werk. Die amp was nie 'n gevolmagtigde van die gemeente wat die besluite van die gemeente uitvoer nie, maar was 'n selfstandige orgaan wat 'n eie roeping gehad het as uitvoerder van die gesag van Christus.²²

Prof. Keet het die outonomie van die plaaslike gemeente beklemtoon. Elke plaaslike kerk is komplette kerk. Dit blyk onder andere uit die feit dat die ampte plaaslik van aard is. Die vergadering van die kerkraad is 'n vergadering van die ampte. Daarteenoor is die meerdere vergaderinge samekomste van verteenwoordigers van die verskillende gemeentes. Die kerkraad is "die enigste bestuur in die kerk, omdat hy optree kragtens die amp van dié wat daarin dien". Daarom mag die sinode nooit

²⁰ Mondelinge meedeling van mev. Jessie Keet.

²¹ Keet, B.B.: **Orde in die kerk**, Kaapstad, 1963, 11.

²² Dies., 12.

besluite neem wat die outonomie van die plaaslike gemeente in gevaar stel nie.²³

Prof. Keet het ook sy oortuiging uitgespreek dat die kerk vry moes wees van alle staatsinmenging. Hy het geglo dat vir die Kerk "elke staatsbemoeiing, gunstig of ongunstig, belemmerend werk en die bereiking van sy doel onmoontlik maak."²⁴ Die korrekte verhouding tussen staat en kerk vind hy in die formule: " 'n Vrye Kerk in 'n vrye staat."²⁵

Die wese van die Kerk het prof. Keet in die gelowiges gevind, en nie in die amp nie. Die regte bediening van die Woord en die sakramente raak die welwese van die Kerk, maar nie die wese nie.²⁶

Prof. Keet was oortuig dat die kerk uit die gelowiges in 'n volk bestaan en nie uit 'n hele volk nie. Daarom het die Gereformeerdes nooit iets soos 'n volkskerk geken nie.²⁷

Oor die rol van die Kerk tot die politiek het prof. Keet hom ook uitgelaat. Hy het gesê dat dit vir die kerk nie nodig of wenslik is om 'n politiek staatkundige keuse te maak nie. "Wel het die kerk belang by die uitwerking wat politieke beginsels op sy lede kan hê, daarom is dit sy roeping om te waak teen alles wat indruis teen die gesonde Christelike belydenis en lewe; of dit nou uit die volk, of van staatsweë ontstaan. Die eis wat soms gestel word, dat die kerk hom nie met die politiek moet bemoei nie, maar op sy eie terrein moet bly, word dikwels gebore uit die vrees dat die sondige in een of ander politieke beleid aan die kaak gestel sal word. Die kerk het wel 'n roeping om ook op politieke terrein, waar die

²³ Dies., 17.

²⁴ Dies., 22.

²⁵ Dies., 23.

²⁶ Dies., 34-35.

²⁷ Dies., 36.

grootste kwaad verrig kan word, te waak en sy stem te laat hoor."²⁸

Met betrekking tot die kerk se verhoudinge tot Christelike vereniginge, het prof. Keet soos vroeër gewaarsku dat die kerk nie elke Christelike inisiatief wat van die lede van die Kerk uitgaan, moes smoor nie. Die selfstandigheid van die vereniging moes geëer en hul werksaamheid aangemoedig word. "Anders word die vryheid wat kenmerk is van die verantwoordelike Christenmens, geloën. Om elke Christelike vereniging onder leiding (ons sê nie toesig nie) van die kerklike instituut te stel, gaan die Roomse kant op, waar die kerk vir die hele lewe moet sorg."²⁹

Ook het hy die leraarsamp behandel. Hy het verklaar dat 'n leraar sy amp as leraar permanent behou, tensy die Kerk dit deur tug van hom wegneem, of hy dit self sou neerlê. Wanneer 'n persoon die gemeentebediening verlaat ten einde geestelike werk buite die gemeente te verrig, verbeur hy nie sy status as leraar nie. Aangesien hy egter in so 'n taak nie direk onder die leiding van 'n kerkraad werk nie, moes by sy terugkeer na gemeentelike bediening eers na hom ondersoek ingestel word, alvorens hy weer in 'n gemeente bevestig kon word.³⁰

By die verskyning van prof. Keet se boekie het niemand juis hul teenkating teen bogenoemde siening oor die behoud van status gegee nie. In die volgende paar maande sou daar egter iets in die Ned. Geref. Kerk gebeur wat getoon het dat daar ook ander idees daarvoor geheers het.

As prof. Keet oor die diakensamp handel, gaan hy van die standpunt uit dat die kollektering by onkerklikes nie tot eer van die kerk gestrek het nie. Vir hom was die vernaamste die

²⁸ Dies., 40.

²⁹ Dies., 56.

³⁰ Dies., 59.

kollekte by die erediens. Hy het geglo dat as dit daar goed gaan, dan sou die middele nie ontbreek nie.³¹

Oor hulpverlening deur die diakens, het hy die beginsel gestel dat dié wat waarlik behoeftig was, goed gehelp moes word, en dié wat deur hul eie skuld en sonde in armoede verkeer het, alleen in so 'n mate bygestaan moes word dat hulle nie van gebrek omkom nie.³²

Hy het die boekie afgesluit deur die ekumene te behandel. Hy het beklemtoon dat die Christendom wêreldwyd in omvang is, dat Christus die Saligmaker van die wêreld is en nie van enkele kerke of volke nie. Daarom het elke vorm van Christendom wat hom van sy mede-Christene sou afsluit, van watter taal of ras hulle ook mag wees, geen besef gehad van die universele karakter van die evangelie nie. So 'n kerk gee 'n valse voorstelling van die universele karakter van die kerk. "Daarom moet in die lewe van die Kerk plek gemaak word vir die wydste verband wat bekend staan onder die naam van 'ekumene'."³³

Beoordeling

Dit lyk asof die tydperk 1960-1963 'n tydperk was waarin prof. Keet gefrustreerd geraak het dat die voortdurende kritiek teen die regering se apartheidsbeleid skynbaar op dowe ore geval het. Hy het 'n "voortgaande inkorting van die regte en voorregte van die nie-blanke bevolking" ervaar, waarmee hy met sy sin vir geregtigheid nie vrede kon maak nie.³⁴ Van sy kant af het hy voortgegaan om sy roeping na te kom, deur 'n getuienis te lewer wat "waak vir die geestelike en sedelike behoud van die volk."³⁵

³¹ Dies., 84.

³² Dies., 85.

³³ Dies., 130.

³⁴ Geyser, A.S. e.a.: *Vertraagde Aksie*, Pretoria, s.a., 5.

³⁵ *Pro Veritate* 15 Maart 1965, 15.

Dit was as gevolg van hierdie frustrasie wat prof. Keet ervaar het, dat hy in Vertraagde Aksie voorgestel het dat in die buitengewone omstandighede dit nodig kan wees dat die Kerk met 'n politieke voorstel na die staat gaan. Die kritiek hierop was sekerlik gegrond. Die professor was egter reg waar hy sê dat die kerk vir owerheid en onderdaan moes sê dat die Bybel bepaalde eise stel vir elke politieke beleid wat aan kiesers voorgehou word. Die Bybel vra van Christene om 'n beleid te steun wat reg en geregtigheid aan al die inwoners van die land wil laat geskied - 'n beleid wat aan ander wil doen soos jy aan jouself gedoen wil hê.

Sy woorde in Vertraagde aksie dat niks behalwe 'n verandering van die beleid wysiging sou bring in die feit dat Suid-Afrika die muishond van die wêreld genoem word, het na dertig jaar 'n korrekte analise blyk te wees. Die teenkanting teen die land het in die jare daarna net toegeneem. Namate die Nasionale Party in 1990 die beleid van apartheid agtergelaat het, het die wêreld meer positief teenoor die land begin reageer.

Uit Vertraagde aksie is dit ook duidelik dat prof. Keet se teenkanting teen apartheid nie was omdat hy sy liefde vir die Afrikaner se geestesgoedere verloor het nie. Hy was juis bang dat die Afrikaner dit met sy beleid van apartheid sou verloor.

In sy siening dat die oplossing vir die land geleë was in samesprekinge tussen blank en nie-blank tot op die hoogste vlak, was hy sy mede-Afrikaners dertig jaar vooruit.

Die beredeneerde uitgangspunt van prof. Keet, soos wat dit in Orde in die Kerk verwoord is, nl. dat 'n predikant wat die gemeentelike bediening verlaat, ten einde ander geestelike werk te gaan doen, nie sy status verloor nie, maar by terugkeer na die gemeentelike bediening weer aan ondersoek onderworpe sou wees, hou nie genoeg rekening met die feit dat die ampsopdrag altyd in naam van die kerk en onder toesig van die kerk plaasvind nie. Hierdie standpunt van prof. Keet sou hom kort voor lank in die gedrang bring.

HOOFSTUK 21: GEORGANISEERDE VERDEELDHEID (1963-1966).

In die jare 1963-1966 is die verdeeldheid wat daar in die Ned. Geref. Kerk en die CSV was, verder gevoer. Met die totstandkoming van die Christelike Instituut het die teenstanders van apartheid 'n eie organisasie verkry. In die CSV sou die stryd om afsonderlike organisasies vir die verskillende bevolkingsgroepe lei tot die verdeling van die organisasie. Hoe sou prof. Keet hierdie gebeure beleef?

Die kernvraag wat in hierdie hoofstuk na vore tree is waarom prof. Keet dit nodig gevind het om vir ds. Beyers Naudé in die bres te tree. Was dit reg van hom om vir ds. Naudé in te tree? Wat sou sy houding wees teenoor Pro Veritate en die Christelike Instituut? Sy standpunt oor die Afrikaner Broederbond word ook belig. Sou die CSV voortgaan om die weg wat hy aangewys het, te bewandel? Aan die vrae word in hierdie hoofstuk aandag geskenk.

Die hoofstuk eindig wanneer prof. Keet uit die Universiteitsraad en -senaat tree.

21.1. In die bres vir ds. Beyers Naudé

Gedurende 1963 het prof. Ben Keet die aandag op hom gevestig toe hy ingetree het vir die moderator van die Suid-Transvaalse sinode, ds. Beyers Naudé, wat in die gedrang gekom het by leidinggewende Afrikaners.

Ds. Naudé was in Augustus 1963 'n stigterslid van 'n nuwe ekumeniese liggaam, die "Christelike Instituut".¹ Die Christelike Instituut het beoog om "langs die weg van studie en besprekingskringe Christene 'n dieper insig te gee in die wil van Christus vir Sy Kerk en in die wese van Christelike broederskap." Hy is toe gevra om die pos van voltydse

¹ Die Burger 17 Augustus 1963, 4.

direkteur van die Christelike instituut te aanvaar.² Ds. Naudé, wat leraar van die gemeente Aasvoëlkop en moderator van die Suid-Transvaalse sinode was, het onmiddellik aansoek gedoen om sy status as leraar te behou as hy die benoeming sou aanvaar.³

Die bepalinge en reglemente van die Ned. Geref. Kerk het op daardie stadium gelui dat 'n predikant sy status verbeur "wanneer hy uit diens van die Kerk tree met die doel om 'n sekulêre amp of burgerlike betrekking te aanvaar of hom aan geestelike arbeid van enige aard te wy waartoe hy geen roeping of sending van die Kerk ontvang het nie, of hom aan verdere studie te wy, tensy hy voor sy uittreding verlof tot behoud van die Proponents-eksamenkommissie verkry het."⁴ Verder het die artikel gelui dat verlof tot behoud van status alleen deur die Proponents-eksamenkommissie verleen sou word "indien die amp of diens ten opsigte waarvan die aansoek gedoen word: 'n amp, betrekking of diens ten bate van die Kerk in die algemeen is"; of 'n "amp, diens of betrekking is wat 'n geestelike karakter dra en met die kerklike roeping van die evangelie in verband staan."⁵

Die redakteur van *Die Kerkbode* was van mening dat voordat die kerk hom teenoor die Instituut kon kompromitteer, deur behoud van status aan ds. Naudé toe te ken, daar eers sekere bedenkinge uit die weg geruim moes word. "Ons twyfel daar nie aan dat hierdie 'veelrassige' Instituut met sy toespitsing op eenheid en broederskap, bedoel is om ons Afrikaanse kerke die leviete voor te lees oor ons beleid van afsonderlike kerke vir die verskillende bevolkingsgroepe." Die blad het ook gemeen dat "uit hierdie kring ook nie steun te wagte is vir die kerke se verklaring, nl. dat 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika nie strydig is met die Skrif indien dit

² Dies., 27 Augustus 1963.

³ Dies., 28 Augustus 1963.

⁴ *Die bepalinge en reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika*, 1961:Artikel 270 (ii).

⁵ Artikel 270 (v) d.

regverdig toegepas word nie." Verder is voorspel dat die Afrikanervolk ook nie besondere genade in die oë van die Instituut sou vind nie. Op grond van hierdie bedenkinge wou die redakteur weet wat die posisie van die direkteur sou wees, indien hy wel 'n ampsdraer van die Ned. Geref. Kerk sou wees, "met toegang tot die kansels van ons kerk met geleentheid tot propaganda."

Toe besluit is dat ds. Naudé sy status sou verloor⁶, het prof. Keet dit in **Die Kerkbode** bevraagteken.⁷ **Die Burger** het die daaropvolgende week sy brief oorgeneem.⁸ Hy het gemeen dat "Solank ons kerklike geskille nog op die gebied van ope gesprek beweeg het, was daar geen rede om te kla nie, maar noudat lidmaatskap van 'n interkerklike instituut 'n saak van tug oefening geword het, het dit tyd geword om halt te roep en te vra op watter gronde dit bedreig of gedoen word."

Hy het ook gewys op die feit dat dieselfde kerk wat in die geval van ds. Naudé met verlies van status gedreig het, ander manne wat nie-kerklike arbeid aanvaar het en aan louter kulturele en sekulêre dienste hulle lewe gewy het, sonder enige beswaar in hul status gehandhaaf het. Hy wou weet waarom in die spesifieke geval anders opgetree is.

Prof. Keet het gepleit vir groot versigtigheid in die behandeling van kerklike sake. "Laat ons baie seker wees dat in ons kerklike optrede geen ander as Christelik-kerklike motiewe sal weeg nie: die gevaar is nie denkbeeldig dat ons voet geplaas word op die weg van 'n nasionale Christendom (nie) ..."

Dr. J.D. Vorster het op prof. Keet gereageer. Volgens hom het die skrywe van prof. Keet hom "werklik geskok en teleurgestel." Hy het prof. Keet se vraag of die kerk nie met twee mate meet nie, verwerp. Volgens hom het die

⁶ Verslag van die eksamenkommissie in Sinode van die Ned. Geref. Kerk Suid-Transvaal, 1968: Handeling, 432.

⁷ **Die Kerkbode**, 16 Oktober 1963, 540.

⁸ **Die Burger**, 12 Oktober 1963.

verantwoordelike kommissie "op grond van 'n ou bepaling, waarvolgens elke jaar vir jare al in sulke gevalle gehandel word", geoordeel dat ds. Naudé nie sy status kon behou nie. Dit was 'n "nugtere, objektiewe en ook broederlike oordeel" wat uitgespreek is. Volgens hom was daar van tugtoefening geen sprake nie. Die beskuldiging dat andere in dergelike omstandighede hul status behou het, was "van alle waarheid ontbloot". Die waarskuwing teen 'n nasionale Christendom het hy as onbillik beskou, "wat nie van die versigtige behandeling van kerksake getuig het nie."⁹

In sy reaksie op dr. Vorster het prof. Keet sy vraag na die gronde vir die kommissie se oordeel herhaal. Hy het ook sy stelling verdedig dat die verlies van status van enige predikant, in 'n sekere sin, tugtoefening was, "want nie alleen verloor hy die reg om op uitnodiging van 'n gemeente of ander kerklike liggaam op te tree nie, maar ook sy lewensonderhoud word hom ontnem."¹⁰

Ds. C.W.I. Pistorius van Observatory het toe tot die debat toegetree. Hy het gevoel dat prof. Keet se stelling dat daar ander gevalle was waar persone nie hul status verloor het nie, 'n geweldige wanindruk gewek het. Volgens hom was die feite dat daar daar miskien predikante in vroeër jare tot 'n ander staat van lewe oorgegaan het met behoud van status, "dit was nog voordat ons huidige statuswetgewing in swang was." Gevalle waar predikante na hierdie wetgewing in die politiek gegaan het met behoud van status, was slegs wanneer so 'n predikant die ouderdomsgrens bereik het en volgens die kerklike reglement sy emeritaat aanvaar het.¹¹

Prof. Keet het geantwoord dat hy van bogenoemde feite bewus was. Volgens hom was dit egter so dat baie groter veranderinge in lewenswyse gekondoneer is, terwyl in die geval van ds.

⁹ Dies., 15 Oktober 1963, 12.

¹⁰ **Die Burger**, 17 Oktober 1963, 14.

¹¹ Dies., 22 Oktober 1963, 12.

Naudé, "wat eintlik geen verandering van lewenstand meebring nie, onder die ban gekom het."

Volgens hom was die wette en bepalinge nie wet van Mede en Perse nie. "Aan ons kerklike bepalinge lê die beginsels van die gereformeerde kerkreg ten grondslag en die bepalinge moet altyd in die lig van daardie beginsels toegepas word. En dan is die heel eerste vereiste om te beseft dat ons nie met "gevalle" te doen het nie, maar met persone en omstandighede. Anders gaan ons die weg van die Middeleeuse 'Libri penitentiales' op: dit is die oortreding - staan bladsy soveel en soveel op: dit is die straf."

Weer het prof. Keet die feit dat hy die statuskwessie met tug in verband gebring het, verdedig: "Ds. Naudé het nie sy amp neergelê of emeritaat aanvaar nie; intendeel, hy stel daar groot prys op om sy status as predikant te behou. Wanneer hy dus teen sy sin gedwing word om daarvan afstand te doen, staan hy onder tug wat hom as evangeliedienaar baie regte en voorregte ontnem.

Teen dié tugmaatreël was sy beswaar dat daar geen ondersoek was nie en dat ds. Naudé se enigste oortreding was dat "hy hom geroepe gevoel het om 'n Christelike plig te vervul, wat deur die Kerk in koelbewaring gestel is. Moet ons nou aanneem dat lidmaatskap van die Christelike Instituut en deelname aan Pro Veritate voortaan as sensurabel sal beskou word?" Op hierdie vrae wou hy graag 'n antwoord hê.¹²

Ds. O.S.H. Raubenheimer het nou ook tot die debat toegetree. Hy wou weet of 'n mens die werk van 'n sinodale kommissie in die pers kon bevraagteken en hom om redes vir sy optrede vra voordat hy aan die betrokke sinode verantwoording gedoen het.¹³ Prof. Keet het gemeen dat hy hier die kerklike tug op een lyn wou stel met burgerlike howe. Volgens hom was dit begryplik dat 'n saak wat burgerlik sub judice was, nie in die openbaar bespreek mag word nie. In die Kerk was dit egter die

¹² Dies., 25 Oktober 1963, 22.

¹³ Dies., 1 November 1963, 16.

plig van elke lidmaat om te wys op moontlike misvattinge, juis omdat die Kerk soek om te behou en nie om te veroordeel nie.¹⁴

Intussen het ds. Naudé die direkteurskap aanvaar en ook oor sy status na die Sinodale Kommissie van die Suid-Transvaalse sinode geappelleer.¹⁵ Op 3 November 1963 het hy sy afskeidspreek in sy gemeente gelewer oor Handeling 5:29 dat gelowiges aan God meer gehoorsaam moes wees as aan mense.¹⁶

Die Suid-Transvaalse Sinodale Kommissie het op 5 November 1963 vergader, maar kon na 'n bespreking van byna vyf uur nie tot 'n besluit kom nie. Ds. Naudé het by die geleentheid 'n versoekskrif ingehandig waarin hy sy saak gestel het. Hierin het hy o.a. verwys na prof. P.F.D. Weiss, direkteur van die Afrika-Instituut, wat sy status behou het. "Na watter kant toe ook al geredeneer word, kom dit my voor dat 'n beslissing gevel is wat nóg op grond van presedente, nóg op grond van die bepalinge van die kerkorde gehandhaaf kan word."¹⁷

Prof. Keet se vraag of lidmaatskap van die Christelike Instituut 'n sensurabele daad geword het, sou vir hom van 'n heel gesaghebbende kant beantwoord word. Op Maandag 18 November het **Die Burger** 'n verklaring van die Breë Moderatuur van die Ned. Geref. Kerk se algemene sinode gepubliseer, dat hulle "die stigting en voortbestaan van die Christelike Instituut nie kan goedkeur nie". Die Breë Moderatuur het die redes vir hul besluit verskaf, nl.: 1. "omdat dit duidelik is dat die stigting van die Instituut noodwendig moet lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van die Kerk."; 2. "omdat die Instituut hom begeef op die terrein van die Kerk deur vir hom sekere funksies wat tot die roeping en terrein van die Kerk behoort, toe te eien"; 3. "omdat die Ned. Geref. Kerk vir die reëling van verhoudinge tussen moeder- en dogterkerke en die behartiging van ekumeniese belange van tyd

¹⁴ Dies., 8 November 1963, 16.

¹⁵ Dies.,, 30 Oktober 1963, 15.

¹⁶ Dies., 4 November 1963, 13.

¹⁷ Dies., 6 November 1963, 16.

tot tyd na die eis van die behoeftes en omstandighede die nodige liggame en kanale vir konsultasie en samewerking geskep het."¹⁸

Die debat sou in die tweede helfte van November 'n wending neem. In hierdie tyd het die dokumente oor die vertroulike organisasie, die Afrikaner Broederbond, wat in ds. Naudé se besit was, via 'n medeteoloog, prof. A.S. Geysers van die Universiteit van Witwatersrand, in die pers beland. Ds. C.F.B. Naudé het reeds in Maart 1963 die Broederbond verlaat, na 22 jaar se lidmaatskap. Hy het sekere dokumente van die Broederbond vir prof. Geysers gewys, wat sonder sy medewete afdrukke daarvan gemaak het en dit aan die pers laat kry het. Volgens ds. Naude' het hy die dokumente vir sy kollega gewys, aangesien die dokumente sy persoonlike bekommernis versterk het dat die Broederbond die Kerk van Christus vir die bevordering van sy eie doelwitte wou gebruik.¹⁹ Ds. Naudé self het in verband met die verbreking van sy belofte van vertroulikheid aan die Broederbond, gesê dat hy dit nie goed wou praat nie, maar nadruklik wou stel dat 'n aanvanklike belofte aan 'n sekulêre organisasie, wat later van die spoor afgaan, moes swig voor 'n mens se hoogste lojaliteite voor God.²⁰

Dr. J.D. Vorster het die Vrydag na die openbaarmaking van die dokumente op ds. Naudé se aantyginge oor die bemoeiing van die Broederbond met kerklike sake, in *Die Burger* beklemtoon dat die Broederbond geen gesag oor of houvas op die Kerk het nie, en nog nooit probeer het om hom met die Kerk te bemoei nie.²¹

Prof. Keet was nie 'n lid van die Afrikaner Broederbond nie. Volgens sy seun wou sy vader se vriend, prof. E.T. Stegman,

¹⁸ Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk van S.A.: Verslag van Breë Moderatuur in Handeling, 1968, 38.

¹⁹ *Cape Times* 20 November 1963.

²⁰ *Die Burger* 22 November 1963.

²¹ Dies.

hom vroeg al voorstel vir lidmaatskap van die organisasie.²² Die professor het egter geweier omdat hy gekant was teen 'n organisasie wat een deel van die samelewing bevoordeel ten koste van die res. Hy het dit nie teen die A.B. as Afrikaner-organisasie gehad nie, maar wel teen hul eksklusiwiteit en heimlikheid.

In die **Sunday Times** van Sondag 24 Oktober 1963 het die koerant in groot swart letters aangekondig dat prof. Keet gesê het dat die Ned. Geref. Kerk deur die gebeure gedwing word om die saak oor die invloed van die Broederbond in sy geledere uit te klaar. Hy het voorspel dat 'n groot poging aangewend sou word om ds. Naudé te diskrediteer, terwyl, volgens hom, ds. Naudé eintlik met eer uit die saak getree het. Volgens prof. Keet het ds. Naudé sy Christelike gewete bo sy Broederbondlojaliteite gestel. Hy het ook die moontlikheid geopper dat die oopvlekking van die Broederbond teen ds. Naudé gebruik kon word in die kontroversie rondom sy status. Die groot aantal predikante in die Ned. Geref. Kerk wat Broederbondlede was, "could well put on pressure against ds. Naudé."

Die **Sunday Times** het ook berig dat prof. Keet gesê het dat hy al 'n geruime tyd daarvan bewus was dat die Broederbondszaak tot 'n punt sou kom "and he was extremely glad that it has broken."²³

Dit was duidelik dat die koerant prof. Keet se standpunte vir propaganda-doeleindes misbruik het. Toe prof. Keet se seun Bennie hom daarvoor konfronteer het en aanbeveel het dat hy iets daaraan moes doen, het sy vader skouerophalend gesê: Ek kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir wat hulle met my standpunte maak nie."²⁴

²² Mnr. B.B. Keet jnr. het dit tydens 'n onderhoud aan skrywer meegedeel.

²³ **Sunday Times** 24 November 1963.

²⁴ Inligting persoonlik van mnr. B.B. Keet(jnr) verkry.

Daardie Maandag, 25 November, was daar 'n verklaring van die Kaapse Moderatuur in *Die Burger*, dat daar geen waarheid in die bewering steek dat die kerk "deur 'n pressiegroep van buite beheer word nie."

Ds. Naudé is deur baie beskou as sou hy die saak van die Afrikaner verrai het. Oor prof. Keet kon hulle nie so maklik so 'n oordeel vel nie. Daarvoor was sy standpunte te goed beredeneer. Verder was hul bewus van sy groot bydrae tot die stryd vir Afrikaans, asook m.b.t. die vertaling van die Afrikaanse Bybel. Hierdie feit is juis beklemtoon toe die studente op 21 Augustus 1964 die toespraak wat prof. Keet 50 jaar tevore in 1914 oor die Bybel in Afrikaans gemaak het, gedenk het. Hulle het ook 'n album aan hom oorhandig wat die hoogtepunte van die stryd vir Afrikaans in herinnering geroep het.²⁵

21.2. Die verdeling van die CSV

Reeds aan die einde van 1964 het dit duidelik geblyk dat die CSV by 'n kruispad in sy bestaan gekom het. *Pro Veritate* het die keuses uitgespel waarvoor die vereniging te staan gekom het.²⁶ Volgens die blad het verskeie faktore bygedra tot die ontstaan van die kruispad-situasie. Eerstens was daar die toenemende onwilligheid van die nie-blanke studente om die struktuur van kulturele en rasse-afdelings te aanvaar. Tweedens was daar toenemende druk van die kant van die Wêreld Christen Studente Federasie oor apartheid in die CSV. Derdens was daar die "onverdiende en onware aantygings teen die CSV gemaak tydens die Anti-kommunistiese kongres te Pretoria in April vanjaar(1965) as sou die liggaam gevaar loop om 'n instrument te word in die hande van Kommunisme." Laastens was daar ook die toenemende aandag wat individuele kerke deur eie studenteleraars en kerklike studentevereniginge aan hulle studente gegee het, waardeur die CSV se posisie noodwendig in

²⁵ Die album is in mev. Keet se besit.

²⁶ *Pro Veritate* 15 November 1964.

gedrang gekom het. Volgens **Pro Veritate** was een ding duidelik: "die huidige skyneenheid kan nie langer gehandhaaf word nie. Die keuse lê duidelik tussen die stigting van algeheel onafhanklike vereniginge met taal, kultuur, kleur en ras as skeidingstoets (in watter geval die enigste godsdienstige verbintenis tussen Christenstudente van verskillende kulture en rasse wat nog lossies en wankelend bestaan het, totaal verbreek en die geestelike isolasie van die Afrikaanse Christenstudente voltooi word) of die skepping van 'n volwaardige ekumeniese Christenstudenteliggaam waar die sondige beheptheid met kleur en ras plek maak vir die Bybelse besef en beoefening van ware eenheid in Christus."²⁷

Aan die begin van 1965 het gebeur waarteen prof. Keet tydens sy voorsitterskap van die CSV, altyd standpunt ingeneem het. Op die algemene vergadering van die CSV te Bloemfontein, op 12 Januarie 1966, is met 104 stemme teen 2 besluit om die ou samestelling van die vereniging met vier afdelings te ontbind en vier selfstandige en onafhanklike verenigings vir die vier afdelings in die lewe te roep, elk met sy eie naam, eie hoofbestuur en eie konstitusie. Hierdie stigting het dan ook plaasgevind en sodoende het die Afrikaanse Christenstudentevereniging van Suid-Afrika tot stand gekom, in die plek van die voormalige Afrikaanse afdeling van die CSV. Die nuwe ACSV het ds. J.S. Gericke as sy eerste voorsitter aangewys, en as ondervoorsitter, dr. A.P. Treurnicht. In die konstitusie van die ACSV is voorsiening gemaak vir 'n duidelike belydenisgrondslag, nl. die onderskrywing van die Drie formuliere van Eenheid as voorvereiste vir volle lidmaatskap.²⁸

In **Die Kerkbode** van 27 Januarie 1965 het die redakteur, dr. A.P. Treurnicht, ingegaan op die redes vir hierdie besluit. Volgens hom het die band van een vereniging vir almal soms verleentheid veroorsaak. "Die rede hiervoor was dat bepaalde afdelings standpunte oor teologiese, politieke en rasse-

²⁷ Dies., 3.

²⁸ **Die Kerkbode** 17 Februarie 1965, 203.

aangeleenthede gehuldig het wat nie altyd deur ander afdelings onderskryf is nie, terwyl laasgenoemdes deur die buitewêreld tog dikwels vir sodanige standpunte verantwoordelik gehou is. Hierbenewens was daar 'n groeiende drang tot selfstandige organisasie en beheer. Die verskil in godsdienstige benadering en kerklike belydenis het ook om aparte verenigings geroep. Hierdie verskille, saam met dié oor werkmetodes, rasse-aangeleenthede en kulturele agtergrond, het by samesprekings van verskillende afdelings dikwels eerder spanning geskep as dat dit 'n gevoel van eenheid bevorder het."²⁹

Pro Veritate was baie negatief oor die besluit: " As hierdie besluit geneem is omdat die meerderheid afsondering verkies bo eenheid, en eensaamheid bo kontak, dan is dit 'n deur en deur sondige saak, en sal dit wrange vrugte dra vir die jeug van ons land."

Vanaf 1965 het prof. Keet 'n gereelde medewerker van hierdie maandblad, **Pro Veritate**, geword. Eerste het 'n paar artikels oor die verhouding tussen kerk en staat uit sy pen verskyn. Oor die onderwerp het prof. Keet geskryf dat die roeping van die kerk nie verder strek as 'n getuienis wat waak vir die geestelike en sedelike behoud van die volk nie. Daarin moet die kerk getrou en onverskrokke wees en nie deur die geroep van "politiek in die kerk" afgeskrik word nie. Die Kerk "is die bewaarder en verkondiger van die profetiese woord en verantwoordelik vir die wyse en omstandighede waarin dit gebruik word. As die kerk nie getuig nie, wie sal dit dan doen?....Belangrik is dat die Christelike beginsels wat op staatkundige terrein van betekenis is, suiwer bely en konsekwent toegepas word."³⁰

Prof. Keet sou ook voortaan elke maand verantwoordelikheid aanvaar vir 'n artikel: "**Die Kerk buite Suid-Afrika**". Die

²⁹ **Die Kerkbode** 27 Januarie 1965, 100; vir die reaksie van die Christelike Instituut daarop, sien **Pro Veritate**, 15 Februarie 1965, 5-9.

³⁰ **Pro Veritate** 15 Maart 1965, 15.

artikels het aansluiting gevind by dié wat hy vroeër vir **Die Kerkbode** geskryf het, maar daarin verskil dat hy hom nou meer toegelê het daarop om aan die lesers inligting deur te gee oor wat i.v.m. rasseverhoudinge in die buiteland gebeur. So rapporteer hy bv. oor samesprekinge in Pennsilvanië oor rasseverhoudinge³¹, oor Billy Graham se besoek aan Alabama i.v.m die sosiale stryd daar³², die optrede van Martin Luther King³³ en hoe oor SA in die buiteland gedink word.³⁴

Nie almal was so positief teenoor **Pro Veritate** en die Christelike Instituut soos prof. Keet nie. Dr. J.D. Vorster het **Pro Veritate** "ontmasker ... as 'n frontorganisasie van die vyande van ons beleid." Prof. P.A. Verhoef het die hoop uitgespreek dat die "groot en beslissende rol wat die Christelike Instituut nog sal speel, daarin sal bestaan dat hy spoedig en sag van die toneel sal verdwyn."³⁵ Prof. A.B. du Preez het die Christelike Instituut as 'n sekte beskou. Hy was daarom oortuig daarvan dat, as 'n lidmaat by die Christelike instituut sou aansluit, hy hom reeds van die Ned. Geref. Kerk afgeskei het, aangesien dubbele lidmaatskap nie moontlik was nie.³⁶

21.3. Uittrede uit die Universiteitsraad en -senaat

Aan die begin van 1966 het prof. Keet as lid van die Universiteitsraad en -senaat van die Universiteit van Stellenboch afgetree. Op 13 Februarie het hy sy laaste Raadsvergadering bygewoon. Dit moes vir hom 'n aandoenlike geleentheid gewees het, toe die vise-kanselier, ds. Gericke,

³¹ Dies., 15 Junie 1965, 6 en 13.

³² Dies., 15 Julie 1965, 7.

³³ Dies., 15 Desember 1965, 13; 15 April 1966, 11.

³⁴ Dies., 5 November 1966, 11.

³⁵ Beide aangehaal in **Pro Veritate** 15 Desember 1965, 16.

³⁶ **Die Kerkbode** 6 September 1967, aangehaal ook in **Pro Veritate** 15 Oktober 1967, 16.

na afhandeling van die formele agenda gemeld het dat dit die laaste vergadering was wat prof. Keet as lid van die Raad bygewoon het. Die vise-kanselier het op gevoelvolle wyse die opregte dank en waardering van die Raad aan prof. Keet oorgedra vir die waardevolle en onbaatsugtige dienste wat hy oor 'n tydperk van byna 40 jaar as lid van die Universiteit gelewer het. Volgens hom het die Universiteit die professor nie net geëer vir wat hy gedoen het nie, maar ook vir die persoon wat hy was.³⁷

In prof. Keet se plek is J.F. Haak toe vanaf 1 April 1966 deur die donateurs tot lid van die Universiteitsraad benoem.³⁸ Op 2 April 1966 het dr. P. Sauer in sy plek die verteenwoordiger van die Raad op die Senaat geword.³⁹

Beoordeling

As gevolg van prof. Keet se frustrasie dat die kritiek teen die regering se apartheidsbeleid skynbaar op dowe ore geval het, het hy aansluiting gevind by die Pro Veritate- en Christelike Instituut-manne. Tog het hy sy onafhanklikheid behou en nie in hierdie beweging opgegaan nie.

Sy bevraagtekening van die motiewe grondliggend aan die weiering van behoud van status van ds. Beyers Naudé, staan in lyn met die een karaktertrek van prof. Keet, nl. sy beredeneerde denke. Vir hom was dit duidelik dat politiek hier in die Kerk se sake 'n rol gespeel het. Tog kan gevra word of prof. Keet hier met die probleem rekening gehou het.

Prof. Keet se waarskuwing dat die Kerk versigtig moes wees "dat ons voet geplaas word op die weg van 'n nasionale Christendom" was 'n tydige waarskuwing, veral in die lig van die redes wat Die Kerkbode se redakteur, dr. Treurnicht aangevoer het, waarom die Kerk ernstig moes besin of ds. Naudé sy status sou behou.

³⁷ Universiteitsraad: Notule, 12 Februarie 1966, 88.

³⁸ Universiteitsjaarboek, Universiteit van Stellenbosch, 1967, 29.

³⁹ Dies.,

Dit is 'n vraag of die verlies van status van 'n predikant, soos in die geval van ds. Beyers Naudé, wel as 'n tughandeling gesien kan word, soos wat prof. Keet dit beskou het. Vanuit 'n gereformeerde gesigspunt is hy hier verkeerd. 'n Ampsopdrag is altyd in opdrag van die kerk en onder toesig van die kerk.

Die Breë Moderatuur se verklaring dat hy die bestaan van die Christelike Instituut nie kon goedkeur nie, vanweë die feit dat die Instituut die rasse-standpunt van die Kerk sou bestry, het tekens van politieke verbondenheid getoon.

Dit sou gesê kan word dat in die hele debat rondom ds. Naude' baie min mense vry gestaan het. Tog kan geoordeel word dat prof. Keet in die situasie ook prinsipieel wou dink.

Die feit dat hy self nie lid van die Afrikaner Broederbond wou word nie, dui op sy strewe na onafhanklike, prinsipiele denke, wat al die jare so kenmerkend van die professor was.

In geheel gesien, sou hierdie tydperk dus gesien word as 'n tydperk waarin prof. Keet voortgegaan het om prinsipiele wegwyser vir die Kerk te wees. Die Skrif het steeds by hom die eerste plek ingeneem.

HOOFSTUK 22: DIE LAASTE JARE AS OMSTREDE, MAAR GERESPEKTEERDE TEOLOOG VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (1966-1974)

Hierdie hoofstuk dek die periode na prof. Keet se uittrede uit die Universiteitsraad tot met sy afsterwe in 1974.

Vrae wat in die hoofstuk aan die beurt kom, is onder andere: Waarom het hy dit nodig geag om die kerklike publiek in 1968 te herinner aan sy kritiek op die sinode van 1949 se besluite? Was die beskuldiging, dat hy deur die "anti-apartheidspolitiek... subjektief verblind" was, waar? Was die beskuldiging dat hy 'n "leer van rassevermenging" aan die Kerk voorgehou het, geregverdig? Wat was sy siening oor sommige voorstanders van die Calvinisme van sy dag? Waarom het hy dit nodig gevind om teen die redakteur van Die Kerkbode in te gaan oor 'n tweede Cottesloe? Was sy opmerking dat dit vir die kerk baie beter daaraan toe sou gegaan het as hy die Cottesloe-besluite sou uitgevoer het, 'n verantwoordbare stelling? Waarom het hy die moontlikheid van 'n nuwe Wêreldraad van Kerke geopper?

Aan hierdie vrae word aandag geskenk in die verhaal van hierdie laaste lewensfase van prof. Barend Bartholomeus Keet.

22.1. 'n Noodsaaklike herinnering

Prof. Keet was nou 'n ou man. Reeds in 1965 het hy sy tagtigste verjaardag gevier. Die kragte was daar nie meer soos voorheen nie. Op 15 Januarie 1968 het **Pro Veritate** aangekondig "Dit spyt ons dat ons gereëlde rubriek 'Die Kerk buite SA' nie vandeemaand kan verskyn nie. Van ons bejaarde, dog immergroen medewerker, emeritus-professor B.B. Keet het ons berig ontvang dat hy weens ongesteldheid nie sy gebruikelike bydrae vir hierdie nommer van **Pro Veritate** kon lewer nie."¹ Dit sou eers ses maande later wees voordat prof. Keet daarmee kon voortgaan.

¹ p. 5.

Hy het sy gholfstokke gebêre, om nooit weer te gebruik nie. Tog het hy op hoogte gebly met die lief en die leed van die Ned. Geref. Kerk. Hy sou nog steeds probeer om 'n invloed te laat uitgaan om die kerk te rig volgens die Woord van God.

Dit was asof die tyd van ongesteldheid hom opnuut gemotiveer het om sy profetiese stem teen ongeregtigheid te laat hoor. So het hy gevoel dat dit tyd geword het dat die kerklike publiek weer herinner moes word aan wat hy in 1949 oor die tydelike kommissie oor rasse-aangeleenthede se verslag aan die sinode geskryf het. In *Pro Veritate* het hy die hoofpunte van sy kritiek agtien jaar tevore weer saamgevat.² Weer het hy die onhoudbaarheid van die Bybelse argument ten gunste van apartheid aangetoon. Op sy versoek is dit ook in *Die Kerkbode* gepubliseer. Die redakteur, ds. W.J.G. Lubbe, het dit nodig geag om daarby 'n aantekening te maak: "Die redaksie wil beklemtoon dat dit prof. Keet se persoonlike standpunt is wat hier uiteengesit word - en nie dié van ons blad nie."³ Prof. Keet het die Skrifuitleg wat in die verslag voorkom "uiters swak en onverdedigbare eksegeese" genoem. Hy het gesê: "As daar nog in ons kerk een of ander is wat die bogaande skrifverklaring (eksegese) onderskryf, dan kry ek hom jammer. Hy het in byna 20 jaar op een plek in sy teologiese ontwikkeling bly staan..."

In sy slotwoord het prof. Bennie die vraag gevra: "Wat moet nou gedoen word?" Hy het dit kort en saaklik geantwoord: "In een woord, moet kerklike apartheid losgemaak word van alle politieke of staatkundige apartheid, dan verdwyn die meeste van ons moeilikhede en ons kan saamwerk om die belange van Gods Koninkryk; die Kerk moet hom nie laat lei deur ander instansies nie; maar hy moet die weg aanwys vir ander."

Volgens mev. Keet was dit prof. Keet se ideaal in sy laaste jare om dan ook 'n opvolg te skrywe op sy boekie *Suid-Afrika - Waarheen?* As titel wou hy dan ook bogenoemde vraag gebruik:

² *Pro Veritate* 15 Julie 1968.

³ *Die Kerkbode* 24 Julie 1968, 113.

Suid-Afrika - Wat nou? Daarby het hy egter nooit uitgekom nie.

Hierdie "noodsaaklike herinnering" sou ene J. Gerber sy pen op papier laat sit. Hy het gesê dat volgens prof. Keet die betrokke kommissie die onding "apartheid" aanvaar het en daarna 'n soektog op tou gesit het om dit Skriftuurlik te verantwoord. Hy het gereken dat die kommissie sou kon sê dat prof. Keet teen apartheid standpunt ingeneem het en daarna probeer het om sy standpunt as Bybels te bewys.⁴

Op 19 Maart 1969 het prof. Keet reageer. Hy het weer verklaar dat alle pogings om Skrifbewyse vir apartheid aan te toon, nie stand hou nie. Verder het hy die argument dat apartheid die tradisionele beleid van Suid-Afrika was, bestry. "Ek bestry egter die bewering dat geforseerde apartheid, soos ons dit ken, ooit ons tradisionele beleid is of was en dat mense daardeur van mekaar geskei word, en beweer dat ons gelukkig kan getuig dat, tot vandag toe, niemand selfs uit die kerk weens sy kleur uitgesluit word nie."

Ds. Nico van Loggerenberg van Benoni het op 14 Mei 1969 die volgende kommentaar gelewer op prof. Keet se 'noodsaaklike herinnering': "Prof. Keet en sy vriende is deur hul anti-apartheidspolitiek so subjektief verblind dat die Bybel vir hulle 'n anti-apartheidsgeskrif is."⁵

W.F. Arendt het prof. Keet beskuldig dat hy "sy leer van rassevermenging" op tekste soos Gal 3:27-29, Kol.3:11 en Ef. 2:14 bou. Hy het gevra: "as prof. Keet dan die 'middelmuur van skeiding' letterlik opvat, waarom leef hy en ander voorstanders van rassevermenging so apart?"⁶

Op 20 Mei het dr. A.P. Kriel van Pinelands geskryf ter ondersteuning van prof. Keet. Hy het gesê: "Maar om beginselgronde vir so 'n skeiding te soek in 'n Bron waarin

⁴ Dies., 13 November 1968, 641.

⁵ Dies., 14 Mei 1969, 703.

⁶ Dies., 8 April 1970, 504.

dit nie te vind is nie, beteken net dat ons die deur vir al groter verwarring oopmaak."⁷

Op sy vyf en tagtigste verjaarsdag in 1970 het prof. Keet hom uitgelaat oor die teologie van sy dag. Hy het gesê dat hy in Suid-Afrika graag 'n suiwerder begrip van die Calvinisme sou wou sien. Daar was alte baie mense wat gesê het dat hul Calviniste was, maar die Calvinisme inderdaad nie begryp het nie. Volgens hom het hulle 'n soort neo-Calvinisme verkondig. Die ware Calvinisme was byvoorbeeld nie eksklusief nie. Dit het dr. Keet getref dat die mense wat die naaste aan Calvyn en sy denkbeelde gestaan het, dikwels standpunte ingeneem het wat as "liberaal" bestempel sou kon word.⁸

In Oktober 1970 het hy in **Die Kerkbode** reageer teen 'n artikel van die redakteur oor die kerkberaad van die Wêreld-Alliansie van Gereformeerde Kerke in Nairobi. Volgens die redakteur het die kerkberaad besluit om 'n afvaardiging vir samesprekings met die Ned. Geref. Kerk na Suid-Afrika te stuur. Die redakteur het hom verset teen so 'n "tweede Cottesloe" en geskryf: "Dit kan onses insiens eerder tot gevolg hê dat verwarring vir en spanning tussen rasse, kerke en Christene geskep word waar dit nie bestaan nie, of vergroot word waar dit wel bestaan."⁹

Prof. Keet het in sy reaksie gesê dat hy glo dat as die besluite van die Cottesloeberaad "in sy oorspronklike vorm uitgevoer was, ons nie vandag al die teenwoordige misère sou beleef het nie".¹⁰

Terselfdertyd het prof. Keet hom gedistansieer van die ontwikkelinge wat na die Cottesloe-beraad in die Wêreldraad van Kerke self gekom het: "ek is net so geskok oor sy huidige houding aangaande terrorisme as enigiemand anders, en as hy

⁷ Dies., 20 Mei 1970, 718.

⁸ **Die Burger** 20 Junie 1970.

⁹ **Die Kerkbode** 9 September 1970, 364.

¹⁰ Dies., 21 Oktober 1970, 593 en 11 November 1970, 699.

daarin volhard, bly daar niks anders oor as om 'n ware Christelike Wêreldraad te stig, en nie een wat al die tien gebooe oortree nie."

22.2. Verswakking van gesondheid

Prof. Bennie Keet het vir baie jare besonder goeie gesondheid geniet. Op 17 Januarie 1973 het **Die Kerkbode** egter gerapporteer dat verneem is dat prof. Keet reeds sedert 19 Desember ongesteld was. Hy het sy been ernstig beseer en as gevolg daarvan baie pyn verduur. Die ongeluk het gebeur toe prof. Keet oudergewoonte gaste by die hek gaan afsien het. Toe die gaste se motor vat, het hy teruggestaan. Met die agteruittrap het hy sy balans verloor en agteroor geval. Met hierdie val het hy n knou weg en sou hy nooit weer ten volle herstel nie.

In **Die Kerkbode** van 3 Mei 1973¹¹ vind ons nog 'n kort briefie van hom waar hy die eksegeese van prof. H.D.A. du Toit oor "Offers, straatkollekte, Basaars" bevraagteken het. Na 'n antwoord van prof. Du Toit¹² was prof. Keet nog nie tevrede nie en het hy weer in **Die Kerkbode** van 21 Junie 1973 reageer.¹³ Ook in hierdie klein polemiekie het prof. Keet sy mooi manier van debatvoering, wat sy hele lewe lank kenmerkend van hom was, behou.

22.3. Die einde van 'n sinvolle lewe

Die Woensdag voor prof. Keet se dood was die dokter by hom aan huis. Hy het gesê dat die professor hospitaal toe moes gaan. Prof. Keet het geantwoord dat hy net op een voorwaarde sou gaan, nl. as sy vrou Jessie saam sou gaan en by hom sou bly.

¹¹ p. 577.

¹² 24 Mei 1973, 672.

¹³ p. 799.

Die volgende dag was sy verjaarsdag. Hy het nog sy vrou herinner om die mense te bedank wat blomme vir sy verjaarsdag gestuur het en minute daarna in n koma weggesak. Die volgende dag, 21 Junie 1974, het Barend Bartholomeus Keet gesterf.

Die wegwysers vir die Afrikaner en sy kerk was daar nie meer nie. Tog sou die Afrikaner hom nie vergeet nie. Die geestesbewegings waaraan hy sy lewe gewy het, het klein begin, maar sou "onder Gods wyse bestuur al sterker vloei, totdat hulle 'n oorweldigende stroom word, wat nie gekeer kon word nie"¹⁴

Verskeie huldeblyke aan prof. Keet het die dag daarna in koerante verskyn. In *The Argus* was die opskrif: "Keet was 'man of integrity'."¹⁵ *Die Burger* het hom "een van die grootste figure van die N.G. Kerk" genoem. Prof. F.J.M. Potgieter het hom as 'n man "met buitengewone gawes van hoof en hart" geloof. "Elke woord van hom was oorwoë en verantwoord".¹⁶ Prof. P.A. Verhoef het veral sy "sedelike integriteit" beklemtoon. "Selfs diegene wat nie altyd met hom oor belangrike sake saamgestem het nie, kon nie anders as om hom te waardeer en lief te hê nie."¹⁷

Die begrafnis het op 26 Junie om drie-uur uit die Ned. Geref. Kerk op Stellenbosch plaasgevind. Dit is gelei deur prof. Jac J. Muller. As teksvers het hy geneem Maleagi 2 vers 7, "toevallig" dieselfde teks wat ds. W.A. Joubert in 1916 vir Keet se bevestigingsrede te Graaff-Reinet gebruik het: "Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare. Volgens prof. Muller was die suiwerheid van die leer wat daar op daardie stadium in die Ned. Geref. Kerk te vinde was, in 'n hoë mate toe te skryf aan die suiwerheid van onderrig wat ontvang is aan die voete van prof.

¹⁴ B.B. Keet se eie woorde in *Suid-Afrika - Waarheen?*, 94.

¹⁵ *The Cape Argus* 22 Junie 1974.

¹⁶ *Die Burger* 22 Junie 1974.

¹⁷ Dies.

B.B.Keet. Verder het prof. Muller sy ruim ekumeniese gees gemeld, wat "altyd anderkant die grense van sy eie kerk of kerkverband Christene ontdek het" met wie hy bereid was om saam te werk.¹⁸

In die weke na die begrafnis het daar nog huldeblyke in verskeie tydskrifte verskyn.¹⁹ Die Voorligter het van hom gepraat as 'n "sieraad" vir die Kerk. In Die Kerkbode het prof. P.A. Verhoef die bede uitgespreek: "Mag sy nagedagtenis tot in die verre toekoms tot 'n seën wees."

Beoordeling

Prof. Keet se laaste jare op aarde staan in die teken van iemand wat die stryd vir die evangelie met volharding tot die einde gestry het. Baie mense sou dit wat hy gesê het, vanweë hul bevooroordeeldheid, nie begryp nie. Daarom sou 'n hele aantal valse beskuldiging in sy rigting geuiter word.

So was byvoorbeeld die beskuldiging dat hy deur die anti-apartheidspolitiek subjektief verblind was en 'n leer van rassevermenging aan die Kerk voorgehou het, van alle waarheid ontbloot. Prof. Keet het vanweë beredeneerde denke gesien dat die ideologie van apartheid, soos dit in die praktyk van Suid-Afrika gestalte gevind het, nie aan die norm van die Skrif voldoen nie. Hy het dit daarom as sy roeping geag om die Kerk daarteen te waarsku. Die beskuldiging dat die Bybel vir hom 'n anti-apartheidsgeskrif was, was eweneens 'n verdraaiing van sy standpunt. Sy standpunt was dat apartheid nie vanuit die Bybel regverdig kon word nie.

Die invloed wat prof. Keet gedurende sy leeftyd uitgeoefen het, het dikwels ongemerk verbygegaan. Na sy afsterwe is egter in verskeie huldeblyke daarvan melding gemaak. Daaruit blyk duidelik dat prof. Keet se invloed nie daarin geleë was

¹⁸ Dies., 27 Junie 1974.

¹⁹ Die Kerkbode 3 Julie 1974, Die Voorligter sept 1974; Zuid-Afrika, September 1974.

dat hy groot en verbeeldingryke projekte aangepak het nie. Sy invloed was in sy persoon geleë. Sy beredeneerde denke, sedelike integriteit, sin vir geregtigheid, afkeer van partyskappe, ekumeniese ingesteldheid en liefde vir die gereformeerde leer het vir 89 jaar 'n invloed van hom laat uitgaan, wat die Kerk en samelewing tot voordeel was. Daarvoor is hy dan ook na sy afsterwe in die talle huldeblyke geëer.

Prof. Verhoef se bede "Mag sy nagedagtenis tot in die verre toekoms tot 'n seën wees" het hy miskien nie so bedoel nie. Maar jare na sy dood het die Ned. Geref. Kerk agtergekom dat daar vroeër met meer erns na prof. Keet geluister moes gewees het. Vandag is daar groot waardering vir die rigting wat hy t.o.v. die eenheid van die kerk, asook m.b.t. die staatkundig-politieke gebied aangewys het.

Ten slotte kan die opmerking gemaak word dat die teks van Maleagi 2:7, wat beide by Barend Bartholomias Keet se intrede tot die bediening te Graaff-Reinet en by sy uittrede uit die bediening tydens sy begrafnis gebruik is, seker die mees beskrywende van die lewe van hierdie rots in die Ned. Geref. Kerk was: "Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare."

SAMEVATTING

Die nege en tagtig jaar van die lewensloop van Barend Bartholomeus Keet is nou stap vir stap gevolg. **Wie was hierdie man?** Daar is probeer deurdring na die **grondliggende karaktertrekke** in sy lewe. In samehang daarmee is die **kernvraag**, waarom prof. Keet dit nodig gevind het om standpunte in te neem wat hom in kerk en samelewing in gedrang gebring het, nagevors. **Wie en wat het hom beïnvloed?** Ook sy **invloed** is ondersoek en **krities geëvalueer**. Dit alles is op biografiese wyse nagevors.

Nadat ter sake bronne deurgewerk is, kan gesê word dat prof. Keet homself gesien het as **iemand met 'n roeping** om die weg na die Woord van God aan te wys. Sy lewensfilosofie was "dat die Kerk hom nie moes laat lei deur ander instansies nie; maar hy moet **die weg aanwys** vir andere."¹ Deur sy lewe het hy hierdie roeping met onderskeiding uitgevoer. Die teksvers wat by beide sy bevestiging te Graaff-Reinet en sy begrafnis gebruik is, was daarom heel gepas: "Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare." (Mal. 2:7). 'n Wegwyser was hy inderdaad. Op kulturele gebied het hy die weg aangedui m.b.t. 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Wat die Kerkreg betref, het hy beklemtoon dat in die kerklike regering die plaaslike gemeente nie sonder meer negeer mag word nie. In die Dogmatiek het hy die gereformeerde-konfessionele benadering van die Vrije Universiteit van Amsterdam aanbeveel. Tydens die Du Plessissaak het hy gepleit vir begrip vir die probleem. Met betrekking tot die bediening van die jeug in skole en aan universiteite het hy gestry vir 'n interkerklike en internasionale vereniging. Verder het hy gewys op geregtigheid in die politieke beleid teenoor ander bevolkingsgroepe as die Afrikaner. Die kerk het hy probeer lei

¹ Die Kerkbode 24 Julie 1968, 115.

om getrou aan die Skrif te bly en nie die Skrif onderdanig aan die politiek te maak nie.

Die wyse waarop hy hierdie roeping uitgevoer het, het ten nouste met sy geloofsbeleving saamgehang. Dit kan met groot stelligheid beweer word dat hy sy geloof in ooreenstemming met wat tradisioneel as gereformeerde spiritualiteit gesien is, beleef het. Met sy hele lewe wou Keet die klem laat val op die eer van God. Selfverloëning en die begeerte tot dankbare gehoorsaamheid aan al die gebooie van God het die hart van sy geloofsbeoefening gevorm. Hy was egter deeglik bewus daarvan dat die wet 'n reël van dankbaarheid was, wat nie moes lei tot 'n wettiese gestrengheid nie. Daarom het hy ook deur diegene gesien wat in die slagat geval het van wettisisme en moralisme wat niks met Bybelse vroomheid te make gehad het nie.

Dit was miskien juis die oplewing van die "Kuyperiaanse Calvinisme" en die gepaardgaande gevaar van geestelike doodsheid wat hom laat aansluiting vind het by die CSV, waar die klem op die geloofsbeleving geval het.

Prof. Keet het die vreugde wat saamhang met die liefde vir God, wat in die omgang met Hom gesmaak word, geken. Daardie vreugde het by hom nie trekke van verwronge entoesiasme of ekstase gehad nie. Soos eie aan die gereformeerde vroomheid, was dit die getemperde vreugde van die kind van God, wat maar te bewus was van sy eie verdorwenheid.

Hy het verder geglo dat die koningsheerskappy van Christus oor alle terreine moet geld. Hy het hom daarvoor beywer dat elke duimbreedte van hierdie werklikheid aan God onderwerp word. Die lewe in al sy uiterlikheid, selfs die ordening en regering van die gemeenskap in die politiek, was vir hom 'n heilige saak. Hy het van die owerheid verwag dat sonde en onreg nie in die openbare lewe geduld moes word nie. So het hy dit as gelowige ook as sy roeping beskou om in die openbaar daarteen te stry.

1. Uit . . . die navorsing het drie prominente persoonlikheidstrekke van Keet duidelik geword. Een daarvan, wat hom gehelp het om sy roeping met soveel onderskeiding uit te voer, was sy gawe om sake **beredeneerd te deurdink**. Wanneer ander in hul subjektiewe betrokkenheid na antwoorde in die praktyk gesoek het en weë gevolg het wat nie altyd gefundeerd is nie, het hy met nugterheid die weg na die wil van die Here aangewys. 'n Voorbeeld hiervan is na die Ossewatrek van 1938 toe Afikaner-nasionalisme 'n nuwe klimaks bereik het. Hy het die gevaar van "totalitarisme" raakgesien, dit deurdink en saam met andere op die gevare daarvan gewys. Dieselfde het in 1949 gebeur toe hy kritiek gelewer het op die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika se aanvaarding van 'n Skriftuurlike grondslag van apartheid. In "Die Kerkbode" het hy prinsipiële en Skriftuurlike besware daarteen geopper.

Die mens se verstaan en belewing van sy tyd weerhou hom natuurlik daarvan om totaal objektief te wees. Soms word aangevoel dat Keet in spesifieke situasies hom by 'n spesifieke groep geskaar het. Nooit was hy egter so betrokke dat hy gekategoriseer kon word nie.

Dit wil soms voorkom asof die gewaardeerde hoogleraar die prinsipiële ingesteldheid gehad het om, wanneer almal te sterk na een kant toe opgegaan het, hy die saak gaan deurdink het, die swakpunte evalueer het en dit dan as sy roeping gesien het om daardie punte in sy standpunt te verreken. So het hy dan na 'n ander kant toe uitgegaan. Wanneer hy so standpunt ingeneem net, het hy daarby gebly en nie teruggekrabbel nie. Deur debatte wat rondom hierdie verskilpunte sou ontstaan, het hy dan sy eie standpunte verder ontwikkel.

Prof. Keet het egter nooit geradikaliseer nie. As teoloog het hy dit sy roeping beskou om akademies leiding te gee. So was dit veral deur geskrifte en lesings wat sy oorwoë menings bekend geword het.

In sy standpuntstelling is dit duidelik dat 'n dogmatikus aan die woord is. Met die geskiedenis het hy nie veel moeite

gemaak nie. Dit het hom blootgestel aan die beswaar dat hy nie altyd genoeg begrip vir die wyer probleem gehad het nie.

By sy beredeneerde denke was ook sy sonderlinge **sin vir persoonlike en sosiale geregtigheid**. Sy sedelike integriteit het nooit in gedrang gekom nie. Eerder was dit hy wat dikwels aan andere uitgewys het waar hulle nie reg laat geskied nie. So pleit hy tydens die kerksaak teen prof. J.D. du Plessis vir begrip, voordat hy beoordeel en veroordeel word. In sy later jare het hy weer erns daarmee gemaak dat reg aan die anderskleurige bevolking van Suid-Afrika geskied. Ook in die geval toe die predikantstatus van ds. Beyers Naudé in gedrang gekom het, het prof. Keet gewaarsku dat die kerk hom regverdig moes behandel.

'n Derde karaktertrek van prof. Bennie Keet was sy **afkeer van partyskappe en verdeeldhede**. Met sy gebalanseerde lewensuitkyk was hy daarom in konfliktsituasies by uitstek 'n "bemiddelaar en 'n "versoener". Die rol het hy met groot toewyding tydens die Du Plessissaak gespeel. Dit lê ook onderliggend aan sy positiewe gesindheid teenoor die ekumene en ander kultuurgroepe. Hy wou nie hê dat die verskille tussen mense tot isolasie en verdeeldheid lei nie. Daarom het hy ook die "interkerklike", en "internasionale" karakter van die CSV verdedig.

Alhoewel hy dus beredeneerd probeer dink het, was hy bereid om ter wille van die liefde en eensgesindheid praktiese toegewings te maak. Dit het egter nooit oorgegaan na 'n pragmatisme nie. Dit het 'n gebalanseerdheid in sy persoon gebring, wat gemaak het dat hy deur die samelewing aanvaar en gerespekteer is. Later in sy lewe lyk dit egter asof hy hom minder aan die praktyk gesteur het en al meer akademies met sake omgegaan het. Dit het daartoe gelei dat hy die gebeure van die oomblik nie altyd genoeg verreken het nie.

2. Die oorsprong en ontwikkeling van hierdie drie karaktertrekke het met die naspeur van sy lewensloop mettertyd duidelik geword, asook gebeurtenisse en ervarings wat sy lewensuitkyk diep beïnvloed het. Daarmee saam is gekyk

na die presiese aard van prof. Keet se standpunte. Menige skrywer gebruik vandag die naam van prof. Keet ten einde hul argumente te versterk. Dit wil voorkom of daar by sommige onduidelikhede bestaan oor presies wat hy gesê het.

Dit is 'n uitgemaakte saak dat prof. Bennie Keet grondliggend beïnvloed is deur sy afkoms. Hy stam uit 'n familie van independente gelowiges. Sy predikante-ouers het gemeentes van die Ned. Geref. Kerk bedien, maar ook aandag gegee aan Engelssprekendes, wat nie lidmate van die gemeente was nie.

In sy jeugjare beleef hy die uiterste verdeeldheid wat die Anglo-Boereoorlog in die gemeenskap van Humansdorp bewerk het. Binne hierdie situasie sou sy ouers se voorbeeld by hom 'n diepe godsdienssin, eerbied vir die gesag van die Skrif, 'n gees van onafhanklike denke, die waardering van eie kultuurgoedere, maar ook die vermoë om ander kultuurgroepe te waardeer, wek.

Sy skooljare aan die South African College het hierdie persoonlikheidstrekke versterk. In 'n skool ver van sy ouerhuis, saam met baie Engelssprekende kinders, het hy selfstandigheid, die handhawing van die eie kultuurgoedere, asook die saamleef met anderstaliges geleer.

Sy aanvanklike naskoolse studie, met die oog op 'n regsberoep, het sy sin vir dit wat reg is, versterk. Die "veragting" van Afrikaans aan die South African College het hom laat betrokke raak by die stryd om die erkenning van sy moedertaal.

Die studentejare te Stellenbosch staan in die teken van 'n versterking van sy waardering vir sy eie kultuurgoedere. 'n Lesing deur dr. D.F. Malan: "Het is ons ernst" het hom aangespoor tot deelname aan die werksaamhede van die Afrikaanse Taalvereniging. Hy ervaar tog ook die bemiddelende siening van sake, wat so tipies van Stellenbosch is.

Dogmaties is hy in die Eikestad onderrig in die denktradisie van die Bybels-apologetiese skool van Utrecht. Die Woord van God en belydenisskrifte het by die dosente aan die Kweekskool

te Stellenbosch egter meer op die voorgrond gestaan as by Doedes en Van Oosterzee van Utrecht. Hy het hom wel laat vind vir die twee teoloë se strewe na eenheid van die Kerk. Hulle oplossing vir die vraagstuk geloof-rede sou nie by hom vassteek nie. Wat die Kerkreg betref, is hy onderrig volgens die Skots-juridiese gedagterigting, soos verwoord in Macpherson se voorgeskrewe boekie: "Presbiterianism."

In Ben Keet se jeugjare het mense 'n belangrike en soms toonaangewende rol in sy keuses gespeel. Hy gaan nie alleen na Princeton nie, maar saam met 'n vriend, N.J. van der Merwe. Sy besoek aan vriende in Nederland, op pad na Pinceton, laat hom twyfel of hy moet voortgaan na Princeton. Die onderwerp waarvoor hy doktoreer, kom nie van homself nie, maar van prof. H. Bavinck.

Wanneer hy in Amsterdam verder studeer, leer hy om 'n eie onafhanklike teologiese mening te handhaaf, wat verskil het van die gangbare, evangeliesgesinde standpunte in Suid-Afrika. Sy studie van die teologie van Ernst Troeltsch, wat konsekwent en radikaal die Christendom op gelyke voet met al die godsdienste van die wêreld wou plaas, het die uniekheid van die Christelike geloof by hom ingeskerp. Om die rede was hy later so positief ingestel teenoor Karl Barth, wat juis die uniekheid van die Christelike geloof beklemtoon het. Verder het dit hom daarvan bewus gemaak om eers 'n ander mens te verstaan, voordat hy beoordeel word. In die Du Plessissaak sou juis hierdie besef maak dat hy die probleem waarmee sy kollega worstel, raakgesien het, toe andere miskien haastig was om prof. Du Plessis te veroordeel.

Te Amsterdam is hy ingelei in die teologie van sy promotor, Herman Bavinck. Sy Skrif- en kerkbeskouing het vir prof. B.B. Keet sy lewe lank as riglyn gedien.

By Bavinck het hy die belang van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente geleer. In 1924 sou hy in Suid-Afrika oor die propagering daarvan in die gedrang kom. Daarmee saam het hy ook geleer om hom as teoloog Skriftuurlik en in 'n gereformeerde sin te verantwoord. Die organiese siening van

die inspirasie van die Skrif sou verhoed dat hy tekort doen aan die volle inhoud van die Bybel.

Prof. B.B. Keet sou in die beoefening van die teologie nie in intellektuele formalisme, waarvan die Bybels-apologetiese skool Kuyper beskuldig het, verval nie. Alhoewel hy kies vir die gereformeerd-konfessionele benadering, het hy die leer nie ten koste van die lewe beklemtoon nie. By hom was daar nooit sprake van 'n gees van sektarisme nie. Dit het hom onderskei van sommige van sy tydgenote. Die "engheid van denke" wat na die Du Plessissaak die Ned. Geref. Kerk al meer begin oorheers het, het meegehelp dat, soos B.B. Keet gewaarsku het, die jongmense vandag in 'n mate van die Ned. Geref. Kerk vervreemd geraak het.

Terug in Suid-Afrika het dr. B.B. Keet sy betrokkenheid by die Afrikaanse Taalvereniging hervat. Hier is hy sterk deur sy briljante studentemaat, **Tobie Muller**, beïnvloed om standpunt vir die Afrikaanse taal in te neem. Dit het daartoe gelei dat hy in 1914 vir die vertaling van die **Bybel in Afrikaans** gepleit het. Hy sou daad by die woord voeg toe hy later betrokke geraak het by die vertaling van die Bybel.

Beoordeel vanuit die res van B.B. Keet se lewe, lyk dit asof in hierdie tydvak die situasie waarin hy hom bevind het, 'n groot rol in sy standpuntstelling speel. So was hy nie in staat om die onsuiverhede in Tobie Muller se standpunte oor nasionalisme raak te sien nie. Dit lyk of hy in 'n mate deur sy vriend op sleeptou geneem is. Eers lank na Tobie Muller se afsterwe het hy gekom tot 'n bevraagtekening van elemente in die Afrikaner-nasionalisme.

Kenmerkend van die geëerde hoogleraar is dat hy sy lewe lank **hegte vriendskappe met 'n paar mense** gesluit het. Hy was baie na aan die mense wat na aan hom was. Dit is natuurlik kenmerkend van enige ware vriendskap. Op skool te Alice was hy bevriend met die Engelse predikant se seun; op universiteit was dit o.a. Tobie Muller. In die boek wat hy en Gordon Tomlinson na Tobie se dood oor hul vriend geskryf het, word 'n sterk identifisering met hom gemerk.

Na sy beroep na Graaff-Reinet vervul sy eggenote hierdie rol. Later was daar mense soos prof. E.T. Stegmann en Mike Rademeyer. Die invloed van hierdie vriendskappe op sy lewe en standpuntstelling was nie altyd ewe groot nie. Dit wil lyk asof Tobie Muller hom in 'n mate op sleeptou geneem het vir die saak van Afrikaans. In ander gevalle wil dit lyk of daar minder inspelings van die mense om hom was.

Wanneer die jong dr. Bennie Keet die bediening betree, aanvaar hy die roeping om leiding aan die Kerk en die samelewing te gee. Dit het dan ook van tyd tot tyd gebeur dat sy teologiese oortuigings hom gedwing het om standpunt in te neem teen opvattinge van sy tyd. Hy het egter nie gehuiwer om die weg aan te wys nie. So het hy in 1919 in gedrang gekom toe hy die Vrede van Versailles gekritiseer het.

Die afsterwe van sy eggenote en Tobie Muller tydens die Groot Griep, sou by hom lei tot groter rypheid en beter onderskeiding tussen sake van mindere of meerdere belang. Deels as gevolg daarvan het sy betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans bv. afgeneem.

In 1920 word hy dosent in Etiek, Dogmatiek en Kerkreg aan die Kweekskool te Stellenbosch. Tydens sy veertig jaar lange arbeid aan die inrigting, het hy hom geleidelik al meer laat vind vir die **bemiddelende tradisie van Stellenbosch**.

In sy lesings het hy hom laat vind vir die teologie van die Vrye Universiteit van Amsterdam. Sommige sou reken dat hy te maklik die resultate van die Nederlandse teologie op die Suid-Afrikaanse situasie toegepas het, sonder om rekening te hou met die unieke inrigting van die Ned. Geref. Kerk. Die kritiek hou egter nie rekening met sy beredeneerde denke nie. Dit het hom gehelp om rekening te hou met die konteks.

Keet het kritiek gelewer. Hy het dit veral gehad teen die kollegiale kerkbegrip by die ordening van die kerklike lewe in die Ned. Geref. Kerk. 'n Winspunt in sy benadering was die **prinsipiële en Skriftuurlike beoefening van die Kerkreg**. Hy het die plaaslike kerk in sy eie reg in die kerkregering en

kerkregtelike denke laat figureer. Tipies van sy bediening was dat hy nie sy siening tot teologiese sterkpunte verskans het, van waaruit hy die praktyk van die Ned. Geref. Kerk sou peper nie. Hy het nie daarin geslaag om die korporatiewe of gesentraliseerde kerkbegrip totaal af te breek nie. Daarvoor het die aanvoeling vir die bestaansreg en -funksie van die kerkverband te swaar geweeg. 'n Splinternuwe begin met betrekking tot die kerkregtelike inrigting kan in elk geval nouliks gemaak word. B.B. Keet het egter die Ned. Geref. Kerk bewus gemaak dat die plaaslike kerk in eie reg Kerk is.

As gevolg van hierdie kerkbeskouing wat hy aan die studente voorgehou het, en ook in "Die Kerkbode" in polemië gestel het, het hy by die Kuratorium van die Teologiese Seminarium in gedrang gekom. In die debatte het dit duidelik na vore gekom dat prof. Keet 'n segsman was vir die presbiteriale tradisie van die Vrye Universiteit, terwyl sy kritici voorstanders van die Skotse Presbiterianisme was. Eg. het vanuit die amp gedink, terwyl lg. die vergaderinge beklemtoon het.

Wat die beoefening van Dogmatiek en Etiek betref, het prof. Keet in sy diktate sterk op sy Nederlandse leermeesters, H. Bavinck en W. Geesink geleun. Die indeling wat hy in sy dogmatieknotas gebruik het, was nie veel meer as 'n opsomming van Bavinck se lywige "Gereformeerde Dogmatiek" nie. Hier en daar was daar klemverskille. Sy etieknotas het groot ooreenstemming met Geesink se "Gereformeerde Ethiek" getoon.

In die laat twintigerjare het die professor in Dogmatiek onvermydelik betrokke geraak by die leergeskil wat die groot kerksaak teen prof. Du Plessis opgeroep het. As teenstander van partyskappe het hy beide kante gekonsidereer. Sy begrip vir die probleem waarmee prof. Du Plessis geworstel het, het bygedra daartoe dat die Ned. Geref. Kerk in hierdie krisisuur nie geskeur het nie.

Die groot rede waarom mense nie met die eerste oogopslag Keet se standpunt in die geskil kon waarneem nie, was omdat hy ingesien het dat 'n mens nie ongekwalfiseerd op die vraag waarom dit hier gegaan het, kon antwoord nie. Alhoewel hy nie

saamgestem het met die oplossing wat sy kollega aangebied het nie, het hy begrip gehad vir die probleem waarmee hy geworstel het. Hy het ook besef dat die standpunt van die kuratore, rondom die verhouding geloof-wetenskap, self nie aan die eise van die probleem voldoen het nie. Prof. Keet het dan ook nie sy taak daarin gesien om kant vir of teen Du Plessis te kies nie. Hy wou eerder by die verskillende partye begrip vir mekaar ontwikkel. So het sy optrede in hierdie situasie sterk in die teken van versoening gestaan.

Vanweë sy poging om dit goed te hou met albei kante, het hy hom weerhou van deelname aan die aktiwiteite van die Christelik Nasionale Bond van Calviniste. Daarom het hy ook tot op die laaste probeer om die saak tot 'n broederlike gesprek terug te bring.

Die feit dat prof. Keet nie bereid was om prof. Du Plessis prys te gee nie, is te verstane vanuit sy mens-georiënteerde karakter. Hy het die bydrae wat prof. Du Plessis tot teologie gemaak het, besef.

Dit was ook, omdat hy uitgestyg het as beredeneerde denker, dat die Kerk in die spanningsvolle tyd, die vertroue in hom gestel het om as voorsitter van die Kerkbode-kommissie op te tree.

Aan die einde van die Du Plessissaak was Keet nie meer in staat om dit met beide partye goed te hou nie. Sy verhouding met die teenstanders van Du Plessis het versleg en hy het hom al meer met die leed, maar nie die standpunte, van Du Plessis geïdentifiseer. Tekenend hiervan was dat hy na sy eertydse kollega se skorsing, hom aangeraai het om hof toe te gaan met die saak. Daaroor het hy in die kerkverband in die gedrang beland. Dit lyk asof Keet hier nie prinsipiëel gedink het nie. Onder normale omstandighede was die hoogleraar in Kerkreg juis 'n teenstander van die Skots-juridiese idee, wat die vergaderinge van die Kerk in opklimmende gesag gesien het. Sy emosionele betrokkenheid by die saak het dus sy objektiwiteit hier beïnvloed.

Dit is 'n vraag wat prof. Keet wou gehad het dat die sinodebesluit moes wees. As hy wou hy hê dat die sinode die saak van voor af in verhoor moes neem, of Du Plessis in sy pos moes herstel, dan het hy die verdeeldheid wat die saak in die Ned. Geref. Kerk veroorsaak het, onderskat.

In die plaaslike gemeente waar hy gewoon het, het daar egter a.g.v. sy posisie in die saak, by sommige 'n antagonisme teenoor hom ontstaan. Die gevolg was dat hy en sy eggenote hul geloof al meer buite gemeenteverband uitgeleef het. In die later jare, toe die spanning verby was, het hy wel by geleentheid op die kerkraad gedien.

Die ontwikkelinge aan die Kweekskool na die Du Plessissaak sou prof. Keet agterlaat as die enigste dosent wat nie 'n "anti-Du Plessisman" was nie. Dit het hom geskool in die handhawing van sy standpunte in 'n omgewing teenoor 'n meerderheid wat nie met hom saamstem nie. Later het dié ondervinding hom gehelp om nie terug te krabbel nie, maar sy standpunte oor rassesake te bly handhaaf.

Prof. Keet was sy lewe lank 'n voorstander van die ekumene. Hiervan getuig sy sluitingsrede in 1937, sy kritiek teen die Ned. Geref. Kerk se neutraliteit t.o.v. die Christenraad, sy positiewe gesindheid teenoor die Wêreldraad van Kerke, asook sy besware teen die enge lidmaatskapsvereistes van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.

Die vraag kan gevra word hoe prof. Keet se betrokkenheid by en verdediging van die ekumene met sy kerkbeskouing gerym het. Was hy wat so sterk klem gelê het op die plaaslike gemeente, nie inkonsekwent deur tegelyk 'n voorstander van die ekumene te wees nie? Het die praktyk weer hier sy beredeneerde denke oorheers? Hierop moet met 'n besliste "nee" geantwoord word. Vir die hoogleraar was dit 'n beginselsaak. Hy het dit beoordeel vanuit die onderskeiding van die Kerk as organisme teenoor die Kerk as instituut. Sy klem op die plaaslike gemeente het nie afbreek gedoen aan die belangrikheid van die kerkverband nie. Hy het gesê: "Die kerk kan nie die hele lewe beheers nie, self op geestelike gebied is dit nie waar dat die

kerk alleen ons hele lewe moet beheers nie. Dit is 'n Roomse gedagte.... Daar is 'n terrein waarop ons as skrifgelowige Protestante selfstandig (ook geestelik) kan en moet optree.... Die Christendom is breër as my eie Kerk. Die waarheid is groter en veelsydiger. Deur ander kerke word sommige waarhede duideliker beklemtoon. En dit is deur openhartige bespreking hiervan dat ek in my eie groei en ontwikkel."²

In hierdie opsig het prof. Keet verskil van sommige ander voorstanders van die kerkregtelike uitgangspunte van die Vrye Universiteit van Amsterdam. Hulle sou minder klem op die belang van kerkverband en die ekumene plaas. Het die bemiddelende invloed van Stellenbosch hom mettert tyd losser laat staan van die streng gereformeerde-konfessionele benadering van sy alma mater?

Vir agt en twintig jaar lank het prof. Keet as **voorsitter van die hoofbestuur** van die ekumeniese studentevereniging, die **CSV**, opgetree. Die evangeliese benadering waarin hy in sy kweekskooljare te Stellenbosch onderrig is, het gemaak dat hy nie probleme gehad het met die "metodistiese" inslag, waarvan die vereniging beskuldig is nie. Vir hom het dit nie gegaan oor die Calvinisme teenoor die Metodisme nie. Hy het homself laat vind vir die onderskeiding wat in die vroegste tye onder gereformeerdes geheers het en wat in die supra- en infralapsariese beskouing oor die leer van die uitverkiesing uitgedruk is. Volgens hom het 'n oorbeklemtoning van een van hierdie beskouinge tot die gevaarlikste uitwasse aanleiding gegee. Aan die een kant kon die Kerk ontaard in 'n koue, gevoellose ortodoksisme, aan die ander kant in 'n geesdrywery wat die werk van God misken en dikwels tot mismoedigheid en wanhoop lei. Die kuns was om die regte verhouding te bewaar. Hy was oortuig dat die Ned. Geref. Kerk in die verlede, t.s.v. veel swakheid, tot 'n aansienlike hoogte daarin geslaag het. Dit was vir hom ongeoorloof dat die sterke beklemtoning van

² CSV-Hoofbestuur: Notule, 5-7 Julie 1944, 281-285.

die evangeliese taak van die kerk as "metodisties" bestempel word.³

Nabetragtend kan geoordeel word dat prof. Keet t.o.v. die "metodistiese inslag" liewers anders te werk moes gegaan het. Dit sou beter gewees het as hy die probleem op die tafel geplaas het, eerder as om dit te ontken. Die vraag wat in die gemoed hieroor bly, is of dit eerlik was vir 'n man van prinsipiële oordeel. Het hy nie hier teen sy eie grein in pragmaties opgetree nie? Het hy nie die prinsiep hier gebuig om sy eie betrokkenheid by die CSV te regverdig nie?

Prof. Keet se ekumeniese ingesteldheid het gemaak dat hy die CSV as interkerklike en veelrassige organisasie met hand en tand verdedig het, in 'n tyd toe dit van baie kante aangeval is. Dit het grootliks bygedra daartoe dat die verskillende afdelings van die vereniging nie in sy tyd as voorsitter in aparte verenigings uiteengegaan het nie.

Sy betrokkenheid by die CSV en sy eggenote se betrokkenheid by die Kindersorgvereniging het sy oë vroeg geopen vir die **toenemende rassevooroordeel** wat daar by blankes voorgekom het. Dit het daartoe gelei dat hy hom teen engheid van denke van sommige Afrikaners sou verset.

Toe die rassevooroordeel in die apartheidsbeleid gesistematiseer is en deur sommige teoloë vanuit die Skrif geregverdig is, het prof. Keet hom daarteen verset. Aanvanklik kon hy hom nog met apartheid op praktiese gronde vereenselwig, maar later het hy tot die oortuiging gekom dat die sisteem onregverdig was.

Gevolglik het hy begin om deur geskifte en lesings die beleid te bevraagteken. Hy wou nie self 'n oplossing aanbied nie, maar het probeer om die weg daarheen te wys. Hy het dit noodsaaklik geag dat leiers vanuit alle bevolkingsgroepe saam 'n oplossing moet uitwerk. Hy het die nood van sy tyd so aangevoel dat hy oortuig was dat, as die regering nie so 'n

³ Die Kerkbode 12 Februarie 1936, 311.

gesprek kon reël nie, die kerke in die buitengewone omstandighede die buitengewone stap moes doen om so 'n gesprek van die grond af te kry.

Prof. Dawid de Villiers het na prof. Keet se dood dan ook die volgende van hom geskryf: "In sy geskifte staan daar uitsprake wat as profetiese vooruitgrype vandag eers waar word. 'n Mens kan nie ontken dat prof. Bennie in baie opsigte sy tyd vooruit was nie. Vir hierdie soort mense in hul ongekompromitteerdheid is daar in hulle eie tyd gewoonlik nie plek nie. Profete was nog nooit geliefde mense nie, van die dae van die Ou Testament tot vandag toe."⁴

Vandag het prof. Keet se **aandrang op geregtigheid** in die konstitusionele bedeling van Suid-Afrika in standpunte in regeringskringe neerslag gevind. Die toepassing van geregtigheid teenoor alle inwoners is 'n waarde wat steeds vas bly staan. Prof. Keet se voorstel dat al die leiers bymekaar moet kom om saam 'n oplossing uit te werk, is nou meer aktueel as ooit tevore. In 'n beoordeling van Keet se lewe, het hy dus vandag die voordeel dat dit lyk asof hy reg bewys is.

Tog moet gesê word dat die "akademiese ivoortoring" van Stellenbosch dalk gemaak het dat die erkende hoogleraar se voete nie altyd op die grond was nie, dat hy nie genoeg met die werklikheid rekening gehou het nie. Hy was miskien in 'n mate dogmatikus wat die beredeneerde weg gestel het, sonder om genoegsaam rekening te hou dat dit gaan oor die lewenswyse van mense met gevestigde waardes en houdings. So was die rassegevoelens teenoor anderskleuriges dalk 'n werklikheid wat in sy uitsprake nie genoeg gewig gedra het nie.

Prof. B.B. Keet se aftrede was vir die teenstand teen 'n Skriftuurlike begroning van apartheid 'n slag. Thom stel dit soos volg: " In spite of the heavy influence of apartheid, B.B. Keet remained steadfastly obedient to Scripture. When he was

⁴ D.W. de Villiers in **Die Kerkbode** 23 April 1975, 547.

succeeded by F.J.M Potgieter in 1960, the victory of ideology seemed complete."⁵

In sy laaste jare moes prof. Keet ervaar dat dit gelyk het of sy teenkanting teen die uitgangspunte van die apartheidsbeleid nie gehoor is nie. Hy is al meer getipeer en gekategoriseer as "Sap" en teenstander van apartheid. Daarmee is probeer om sy invloed te relativeer. Sy deelname aan "Pro Veritate", die mondstuk van die Christelike Instituut, sou hierdie antipatie by baie versterk. Tog het almal hulle respek vir hom behou.

3. Na sy dood op 21 Junie 1974 was die invloed wat hy op teoloë, predikante, die Kerk en die samelewing uitgeoefen het, die een saak wat almal beklemtoon het.

Hierdie invloed het oor baie jare en oor 'n breë terrein gestrek. Aanvanklik was dit veral sy invloed in die **Tweede Afrikaanse Taalbeweging**. Sy ywer vir dié saak het bygedra tot die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in staat en kerk. In die verband is veral sy insette tot verkryging van 'n Afrikaanse Bybelvertaling baie belangrik. Hy het nie alleen standpunt ingeneem ten gunste van die vertaling nie, maar ook lank meegewerk om dit die lig te laat sien. Daarna het hy vir dekades gehelp met die voordurende hersiening daarvan.

Daarby kom sy invloed as teoloog aan die Kweekskool. Vir veertig jaar het hy voornemende predikante onderrig en by sy aftrede was al die dosente aan die twee Teologiese inrigtings vir die Ned. Geref. Kerk te Stellenbosch en Pretoria sy oudstudente! Die feit dat hy aan hulle almal die uitgangspunte van die Vrye Universiteit van Amsterdam geleer het, het 'n kentering in die teologiese benadering in die Ned. Geref. Kerk gebring. Van belang is die klem wat hy in sy onderrig van die Kerkreg op die plaaslike gemeente gelê het. Die vervanging van J.J. van Oosterzee se "Christelike Dogmatiek" met die onderrig van H. Bavinck se "Gereformeerde Dogmatiek" het gelei tot 'n wegbeweeg van die behoudende

⁵ Thom, G.: **The development of theology at Stellenbosch from 1859-1919**, ongepubliseerde proefskrif, Rhodes Universiteit, 1989, 342.

Bybels-apologetiese denkrigting na die gereformeerde-konfessionele benadering van die Vrye Universiteit van Amsterdam.

Sy ekumeniese ingesteldheid het daartoe bygedra dat daar teenkanting was teen die toenemende isolering van die Afrikaner-Christen van homself. Dit kan vandag gesê word dat dit veral aan prof. Keet te danke was dat die CSV vir baie jare 'n interkerklike, interrassige en internasionale vereniging gebly het.

Prof. Keet was een van die eerstes wat **teenkanting teen die Skriftuurlike begroning van apartheid** gebied het. So het hy meegehelp dat 'n geestestroming wat aan die begin klein gevloei het, al wyer geraak het, totdat vandag 'n punt bereik is waar die Afrikaner sy standpunte hieroor in heroorweging geneem het en 'n ander weg probeer.

Vandag is prof. Keet se standpunt dat die Kerk hom nie moet laat lei deur ander instansies nie, nog net so van toepassing. Die Kerk moet die weg aanwys vir andere. Die riglyn wat hiervoor gebruik word, moet die Woord alleen wees. Daarvoor is nodig dat alle predikante soos prof. Keet die woorde van Maleagi 2:7 ernstig sal opneem: "Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare."

4. Wanneer kritiek op Keet uitgeoefen word, is 'n vraag wat na vore tree, waarom hy oor sekere sake, soos die erkenning van Afrikaans, die inter-geaardheid van die CSV en rassediskriminasie sterk standpunte ingeneem het, terwyl in ander belangrike situasies, soos die Du Plessissaak en die invloed van die "metodisme" in die CSV, hy op die agtergrond gebly het. Lg. was tog ook belangrike sake. Was dit in sommige situasies sy geaardheid wat die deurslag gegee het en in andere die Skrif wat hom oortuig het? Was hy m.a.w. inkonsekwent?

Die antwoord moet miskien gesoek word in die waarde wat prof. Keet aan goeie menseverhoudinge geheg het. As inherent lojale mens het hy probeer om sy vriende en kollegas te steun in sake waarvoor hulle sterk gevoel het, sover hy kon. Dit het hy met Tobie Muller en die CSV-bestuur gedoen. Hy het dit tydens die Du Plessissaak nie nodig geag om sy gewaardeerde kollega te verlaat nie.

Met prof. Keet se standpunt teen rassediskriminasie was dit ietwat anders gesteld. Hy het as akademikus 'n oordeel oor die sinode van 1949 se standpunte gefel. Daarmee het hy hom egter polities laat kategoriseer, wat hom gedwing het om al meer sy standpunt te verdedig. Dit het algaande groei in sy etiese beoordeling van die politieke standpuntstelling van die staat veroorsaak, wat hom al meer van die gangbare standpunte vervreem het. Daar was dus nie hier sprake daarvan dat dit as gevolg van sy identifisering met vriende, kollegas of medebestuurslede was dat hy hieroor standpunt ingeneem het nie. Dit kan dus met stelligheid aanvaar word dat hy nie in sy standpuntinname oor verskillende sake inkonsekwent was nie.

Waar daar wel op kritiek uit te spreek is, is op prof. Keet se kerk- en ampsbeskouing. Wat sy **kerkbeskouing** betref, was hy inkonsekwent deur in sy lesings die belang van die plaaslike gemeente te beklemtoon, maar dan die buitekerklike aard van die CSV op grond van die onderskeiding instituut-organisme te verdedig. Hy het ook nie daarin geslaag om sy beredeneerde standpunt in sy eie lewe te laat gestalte kry nie. In sy persoonlike lewe het hy en sy eggenote redelik los van die plaaslike gemeente in die CSV en Kindersorgvereniging hulle geloof beoefen.

Prof. Keet se **ampsbeskouing**, soos wat hy dit verwoord in "Orde in die Kerk" is inherent inkonsekwent. Aan die een kant het hy daaraan vasgehou dat die amp in opdrag van die kerk en onder toesig van die kerk funksioneer. Aan die ander kant het hy verklaar dat 'n leraar sy amp permanent behou, tensy die Kerk dit deur tug van hom wegneem, of hy dit self sou neerlê. Wanneer 'n persoon die gemeentebediening verlaat ten einde geestelike werk buite die gemeente te verrig, volgens Keet,

verbeur hy nie sy status as leraar nie. Aangesien hy egter in so 'n taak nie direk onder die leiding van 'n kerkraad werk nie, moes by sy terugkeer na die gemeentelike bediening eers na hom ondersoek ingestel word, alvorens hy weer in 'n gemeente bevestig kon word.⁶

As 'n slotwoord oor die lewe van Barend Bartholomeus Keet kan met vrymoedigheid gesê word: God het hierdie beskeie dienaar in hierdie wêreld geplaas met 'n roeping as wegwysers na sy Woord. Ten spyte van beperkte insigte, want hy was maar net mens, het hy dié taak met onderskeiding uitgevoer. Sy beredeneerde standpuntstelling, sonderlinge sin vir geregtigheid en afkeer van partyskappe bly vandag nog rigtingwysers vir die weg vorentoe.

⁶ Keet, B.B.: *Orde in die Kerk*, Kaapstad, 1963

CONCLUSION

The eighty-nine years of Barend Bartholemeus Keet's life are recounted systematically in this thesis. **Who was this man?** This study attempts to distill the **fundamental characteristics** of his life and to answer, in that context, this **central question**: Why did Prof Keet find it necessary to hold views which brought him into conflict with church and society? Who and what **influenced him?** **His influence** on others is examined and **critically evaluated** too. All of these questions are dealt with on the basis of biographical research.

The relevant sources reveal that Prof Keet felt he had a **calling** to show others the way to the Word of God. His philosophy was "dat die Kerk hom nie moes laat lei deur ander instansies nie; maar hy moet **die weg aanwys** vir andere." (that the Church must not allow itself to be led by others; it should rather **show others the way**.)¹ His entire life was an exemplary fulfilment of this calling, making the text used at his ordination, and also at his funeral, wholly appropriate: "For the priest's lips should keep knowledge, and they should seek the law at his mouth: for he is the messenger of the Lord of hosts." (Mal. 2:7). He was truly a lodestar. Culturally he led the way in the Afrikaans translation of the Bible. In the field of church polity, he was adamant that the voice of the local congregation should be heard. Doctrinally he advocated the reformed confessional approach of the Free University of Amsterdam. In the Du Plessis case, he pleaded for a real understanding of the problem. As far as ministering to the youth in schools and churches was concerned, he fought for an interdenominational and international association. In political terms, he favoured a policy which would deal fairly with population groups other than the Afrikaners. He encouraged and directed the church to remain true to Scripture and not to subordinate Scripture to political interests.

¹ *Die Kerkbode*, 24 July 1968, 115.

The manner in which he fulfilled this calling was closely bound up with his **perception of spirituality**. Undoubtedly he experienced his faith in terms of what is traditionally seen as reformed spirituality. Keet wanted the emphasis of his total life to be to the glory of God. Self-denial and the striving for grateful obedience to all God's commandments was the essence of his religious observance and should therefore not lead to legalistic inflexibility. He saw through those who had fallen into the trap of legalism and moralism which had nothing to do with Biblical piety.

Indeed, it might well have been the upsurge of "Kuyperian Calvinism" and the concomitant danger of spiritual deadness which led him to identify with the CSV, in which the emphasis was on the experiential.

Prof Keet knew the joy which love for God brings, a joy savoured through communion with Him. That joy, for him, was not characterised by distorted enthusiasm or ecstasy. It was the tempered joy unique to reformed piety, that of the child of God who is only too aware of his own depravity.

Furthermore, he believed that Christ's sovereignty should be all-encompassing, and he strove to extend God's dominion over every aspect of reality. All the externals of life, even the ordering and governing of society through politics, were to him holy matters. He expected that the civil authorities would brook no sin and injustice in public life and therefore saw it as his calling, as a believer, to speak out against such failings.

1. **Three prominent personality traits** of Keet's emerge clearly from this research. The first was his ability to **think clearly**, a gift which helped him fulfil his calling with such distinction and to discern the will of the Lord. Others unable to rise above their subjective involvement took paths which were not always well founded. After the Oxwagon Trek of 1938, for instance, when Afrikaner Nationalism had reached new heights, he perceived the danger of "totalitarianism", considered it with greater insight and, together with others,

he pointed out its dangers. The same thing happened in 1949, when he criticised the acceptance by the Dutch Reformed Church in South Africa of a Scriptural basis for apartheid. The objections he raised through "Die Kerkbode" were based both on Scripture and principle.

Man's understanding and perception of his times naturally doesn't allow him to be totally objective. Though at times we sense Keet identifying with a specific group, he never became so deeply involved that he could be categorised.

It seems that whenever there was a strong favouring of one side in a dispute, the respected professor, as a matter of principle, would give the matter thorough consideration, evaluate points of weakness and then see it as his calling to take those points into account when formulating his own position. Consequently, he often found himself taking up another direction to the majority. Having adopted a particular position, he would stand his ground firmly. Through the debates arising from such disputes his own refined position was arrived at.

Despite this Prof. Keet never became an extremist. As a theologian he saw it as his calling to give guidance in an academically responsible way. His considered opinions became known mainly through his writings and lectures.

His approach is that of the systematic theologian. He was not overly concerned about history. This laid him open to the accusation that he did not always adequately grasp the wider implications of a problem.

Secondly, his powers of reasoning were coupled with an acute **sense of personal and social justice**. His moral integrity was never in dispute. It was he who often pointed out to others where they had failed to act justly. Therefore his plea in the case against Prof. J.D. du Plessis was that he should be understood before being judged and condemned. In his later years, he took up the cause of justice for people of colour in South Africa. When Ds. Beyers Naudé's clerical status was in

dispute, Prof. Keet warned that the church should treat him fairly.

A third characteristic of Prof. Bennie Keet was his **rejection of partisanship and disunity**. His balanced view of life enabled him to be an outstanding "mediator" and "conciliator" in situations of conflict, a part he played with great commitment in the Du Plessis case. This approach was also fundamental to his positive attitude towards ecumenical affairs and other cultural groups. He did not want the differences among people to result in isolation and dissension. For that reason he also defended the "interdenominational" and "international" character of the CSV.

He always strove to think matters through in a reasoned way. He was nevertheless willing to make practical concessions for the sake of love and harmony, but this never led to his becoming a pragmatist. This balance in his personality won him the acceptance and respect of society. Later in life, however, he seemed to become less concerned about practicalities and dealt with matters in an increasingly academic manner. As a result, he sometimes took inadequate account of events of the moment.

2. The origin and development of these three characteristics gradually become clear as one traces the course of Keet's life, as do the events and experiences which profoundly influence his view of life. This study also examines the precise nature of Prof. Keet's views. Many of today's writers use Prof. Keet's name to bolster their own arguments, but it would appear that some of them are unclear as to precisely what he said.

It is common cause that Prof. Bennie Keet was profoundly influenced by his **ancestors**. He was descended from a family of independent believers in free congregations. His parents, who were in the ministry, served Dutch Reformed Church congregations, but they also gave pastoral care to English speakers who were not members.

In his youth he saw the extreme polarisation which the Anglo-Boer War wrought among the people of Humansdorp. In this situation the example of his parents aroused in him a profound religious awareness and a respect for the authority of the Scriptures with a spirit of independent thoughtfulness, as well as an appreciation of his own cultural assets which embraced an ability to appreciate the cultures of other groups.

His **school years** at the South African College reinforced these traits. At a school far from his home, together with many English-speaking children, he learned to be self-reliant and to cherish his own cultural assets, while co-existing with people of other language groups.

His initial **tertiary studies** in the practice of law reinforced his sense of justice, while the "contempt" for Afrikaans he experienced at the South African College led to his involvement in the struggle for the recognition of his mother tongue.

His **student years at Stellenbosch** enhanced his appreciation of his own cultural assets. A lecture by Dr. D.F. Malan entitled "Het is ons ernst" [This is a matter of grave importance to us] inspired him to participate in the activities of the Afrikaanse Taalvereniging [Afrikaans Language Society]. He also experienced the conciliatory approach so typical of Stellenbosch.

The instruction he received in dogmatics at Stellenbosch was based on the apologetic tradition of Utrecht, although the teachers at the Stellenbosch Seminary gave more prominence to the Word of God and articles of faith than did Doedes and Van Oosterzee of Utrecht. He went along with the two theologians' quest for Church unity, but not with their approach to resolving the faith-vs-reason debate. As far as church polity was concerned, he was trained in the Scottish juridical approach as articulated in Macpherson's prescribed work "Presbyterianism".

In Ben Keet's youth, people played an important and sometimes crucial role in his choices. He did not go to Princeton alone, but with a friend, N.J. van der Merwe. His visit to friends in the Netherlands, on the way to Princeton, made him unsure as to whether he should go on to Princeton. The choice of subject for his doctorate was more that of Prof. H. Bavinck than his own.

In Amsterdam, where he continued his studies, he learned to maintain an independent theological opinion which differed from the evangelical views prevailing in South Africa. His study of the theology of Ernst Troeltsch, who consistently propounded the radical aim of placing Christianity on an equal footing with all other world religions, impressed upon him the uniqueness of the Christian faith. It was precisely because of this that he later became so positively disposed towards Karl Barth, who emphasised the uniqueness of the Christian faith. This also made him aware of the necessity of understanding others before judging them. This very awareness would enable him, in the Du Plessis case, to discern the problem with which his colleague was grappling, while others were perhaps over-hasty in their condemnation of Prof. Du Plessis.

In Amsterdam he was initiated into the theology of his supervisor, Herman Bavinck, whose view of Scripture and church served as a lifelong guideline for him.

It was from Bavinck that he learned the importance of the independence of local congregations. His propagation of this principle in South Africa was to make him a controversial figure in 1924. At the same time he learned to justify himself as a theologian both Scripturally and in terms of reformed theology. His organic view of the inspiration of the Scriptures prevented him from neglecting any part of the Bible.

In the practice of theology Prof B.B. Keet did not lapse into the intellectual formalism of which the Biblical Apologetical School accused Kuyper. Although he favoured the reformed confessional approach, he did not emphasise doctrine at all

costs. With Keet there was never any hint of sectarianism, something which distinguished him from a number of his contemporaries. The intellectual inflexibility which began to dominate the Dutch Reformed Church after the Du Plessis case contributed to the present alienation of many young people from that church, as Prof. B.B. Keet had warned it would.

Back in South Africa, Dr B.B. Keet resumed his involvement with the **Afrikaanse Taalvereniging**. He was strongly influenced by his brilliant fellow student and friend **Tobie Muller** to take a stand on the Afrikaans language. This resulted in his call in 1914 for a translation of the **Bible into Afrikaans**. This interest appeal would later evolve into a personal involvement in the translation of the Bible.

Judged in the context of the rest of B.B. Keet's life, it appears that the formulation of his views during this period was greatly influenced by the situations in which he found himself. He therefore failed to discern the flaws in Tobie Muller's views on nationalism. It seems that his friend led him by the nose to some extent. Only long after Tobie Muller's death did he come to question elements of Afrikaner nationalism.

It was characteristic of the respected professor that, throughout his life, he formed **only a few firm friendships**. He was very close to those who were close to him, something which is, of course, a mark of any true friendship. At school in Alice he befriended the English minister's son, and at university Tobie Muller, among others. In the book which he and Gordon Tomlinson wrote about their friend Tobie after his death, one discerns a strong identification with him.

When he was called to Graaff-Reinet, his wife filled this role in his life. Later there were friends such as Prof. E.T. Stegmann and Mike Rademeyer, but the influence of these friendships on his life and on the formulation of his views was not always equally strong. It would seem that Tobie Muller swept him along somewhat in the cause of Afrikaans. In other

cases he seems to have been less strongly influenced by those around him.

When the young Dr. Bennie Keet entered the ministry, he accepted it as his calling to give guidance to the Church and society. From time to time, his theological convictions obliged him to take a stand against prevailing assumptions, but he did not hesitate to show the way. In 1919, for example, he controversially criticised the Peace of Versailles.

The death of his wife and Tobie Muller during the great influenza epidemic led to greater maturity and an enhanced ability to distinguish between matters of greater and lesser importance. His reduced involvement in the cause of Afrikaans, for example, was partly a result of this.

In 1920 he became a teacher of ethics, dogmatics and church polity at the Stellenbosch Seminary. During his forty years' service at that institution, he came to identify increasingly with the conciliatory tradition of Stellenbosch.

In his lectures he favoured the theology of the Free University of Amsterdam. Some would say that he was too quick to apply the perspectives of Dutch theology to the South African situation, without making provision for the uniqueness of the Dutch Reformed Church as an institution, but such criticism does not take into account his intellectual thoroughness, which ensured that he took account of context.

Keet was critical of certain aspects of D.R.C. practice. He was particularly opposed to the collegial view of the church in the ordering of ecclesiastical life. Theology gains by this approach of basing his practice of church polity on principle and on Scripture. He felt that the local churches were entitled to a role in their own right in church government both practical and theoretical. However - and this was typical of his ministry - he did not regard his views as theological battle lines upon which to base an assault on the practices of the Dutch Reformed Church. He did not entirely succeed in discrediting the concept of the church as a corporate or

centralised entity. An awareness of the church's functioning in relation to the wider church, as well as its right to exist in this way, was too strong for that. In any case, a complete reorganisation along new lines of church polity would have been virtually impossible. However, B.B. Keet did make the Dutch Reformed Church aware of the fact that the local churches constituted the Church in their own right.

This view of the church, which he presented to students and also expressed polemically in "Die Kerkbode", brought him into conflict with the Curators of the Theological Seminary. It became clear in debate that Prof. Keet represented the presbyterial tradition of the Free University, while his critics were proponents of Scottish Presbyterianism. The former saw church office as pre-eminent, while the latter emphasised the councils of the church.

As far as the practice of **dogmatics** and **ethics** was concerned, Prof. Keet leaned strongly on the dictates of his Dutch teachers, H. Bavinck and W. Geesinck. The basic outline of his dogmatics notes was not much more than a summary of Bavinck's substantial "Gereformeerde Ethiek" with, here and there, differences in emphasis. His ethics notes corresponded to a large extent with Geesinck's "Gereformeerde Ethiek".

In the late 1920s the professor of dogmatics could not escape involvement in the doctrinal dispute evoked by the major case brought against Prof. Du Plessis by the church. Being an opponent of partisanship he considered both sides. His insight into the problem with which Prof. Du Plessis was grappling helped prevent schism in the Dutch Reformed Church in this critical hour.

People could not at first make out where Keet stood in the dispute. This was because he realised that it was impossible to give an unqualified answer to the question at issue. Although he did not agree with his colleague's proposed solution, he fully understood the problem confronting him. He realised too that the position of the curators on the relationship between faith and science did not adequately meet

the demands of the problem. Prof. Keet saw it as his duty not to take sides for or against Du Plessis, but rather to inculcate a mutual understanding between the parties in dispute. His conduct in this situation was strongly characterised by a spirit of reconciliation.

His desire to maintain good relations with both sides led him to abstain from participation in the activities of the Christelik Nasionale Bond van Calviniste [Christian National League of Calvinists], and to his unceasing attempts to persuade the parties to settle the matter through fraternal dialogue.

Prof. Keet's unwillingness to desert Prof. Du Plessis was characteristic of his personal concern for individuals. He appreciated the importance of Prof. Du Plessis's contribution to theology.

It was also because he excelled as a thorough and logical thinker that the Church showed its confidence in him, in a time of great tension, by appointing him chairman of the Kerkbode Commission.

By the time the Du Plessis case ended, Keet was no longer able to maintain good relations with both parties. His relationship with Du Plessis's opponents deteriorated, and he found himself identifying increasingly with the suffering of Du Plessis, if not with his views. Evidence of this was the fact that, after his former colleague's expulsion, he encouraged him to take the case to court, something which aroused controversy within his church. It seems that Keet was not acting strictly in accordance with his principles here. In normal circumstances this distinguished ecclesiastical jurist was in fact an opponent of the Scottish juridical approach, which saw the councils of the church in terms of ascending degrees of authority. Emotional involvement affected his objectivity in this case.

Prof. Keet would have preferred a synodical decision on the matter. If, however, he thought the synod could be persuaded

to institute a completely fresh review of the case, or to reinstate Du Plessis, he underestimated the dissension which the case had caused in the Dutch Reformed Church.

His position on the case antagonised certain members of his own congregation, as a result of which he and his wife practised their faith outside that congregation to an increasing extent. In later years, however, when the tension had passed, he occasionally served on the church council.

The upshot of the Du Plessis case for the Seminary was that Prof. Keet was the only member of the teaching staff left who was not an "anti-Du Plessis man". This schooled him in the discipline of defending his views in a largely hostile environment. This experience later helped him stand firm when he was almost alone in his views on racial matters.

Throughout his life Prof. Keet was an **advocate of ecumenical relations**, as evidenced by his 1937 closing address, his criticism of the Dutch Reformed Church's neutrality in respect of the Christenraad [Christian Council], his positive attitude towards the World Council of Churches, and his objections to the restrictive membership requirements of the Gereformeerde Ekumeniese Sinode [Reformed Ecumenical Synod].

One might well ask whether Prof. Keet's involvement in and defence of ecumenism was consistent with his view of the church. Was his strong emphasis on local congregations not inconsistent with his advocacy of ecumenical relations? Was this another case of practicality overriding logic? The answer must be a categorical "no". For Prof. Keet it was a matter of principle, based on the distinction between the Church as an organism and the Church as an institution. His emphasis on the local congregation did not detract from the importance of a broader denominational affiliation. He said: "Die kerk kan nie die hele lewe beheers nie, self op geestelike gebied is dit nie waar dat die kerk alleen ons hele lewe moet beheers nie. Dit is 'n Roomse gedagte.... Daar is 'n terrein waarop ons as skrifgelowige Protestante selfstandig (ook geestelik) kan en moet optree.... Die Christendom is

breër as my eie Kerk. Die waarheid is groter en veelsydiger. Deur ander kerke word sommige waarhede duideliker beklemtoon. En dit is deur openhartige bespreking hiervan dat ek in my eie groei en ontwikkel." [The church cannot control life in its entirety. Even in the spiritual realm it is not true that the church alone must control our entire lives. That is a Roman idea... There is an area within which we, as Protestants true to the Scriptures, can and must act independently (even in spiritual terms).... Christianity is wider than my own Church. The truth is greater and has more facets. Some truths are emphasised more clearly by other churches. And it is by open-hearted discussion of this that I grow and develop within myself.]²

In this respect Prof. Keet was at odds with some other advocates of the approach of the Free University of Amsterdam on matters of church polity. They placed less emphasis on denominationalism and ecumenism. Was it the mediating influence of Stellenbosch which, over a period of time, tempered the strict reformed confessional approach he had learned at his alma mater?

For 28 years Prof. Keet served as **chairman of the national executive** of the ecumenical students' association, the **CSV**. Because he had been instructed in the evangelical tradition during his seminary years at Stellenbosch, he did not experience problems with the "methodist" tendency of which the association was accused. He did not see this as a matter of Calvinism as opposed to Methodism. He concurred with the distinction observed in the earliest days of the reformed tradition and articulated in the supralapsarian and infralapsarian views of the doctrine of predestination. In his view, an overemphasis on either of these views could give rise to the most dangerous excesses. The Church could degenerate, on the one hand, into cold, unfeeling orthodoxy, and, on the other, into a fanaticism which misrepresented God's work and might well lead to dejection and despair. One had to learn the art of maintaining the correct balance. He was convinced that

² CSV Executive: Minutes, 5-7 July 1944, 281-285.

the Dutch Reformed Church had achieved that balance to a considerable extent in the past, in spite of all its failings. He regarded it as quite improper to brand an emphasis on the evangelical task of the church as "methodist".³

In hindsight, perhaps Prof. Keet should not have dealt with the issue of the "methodist element" in the way he did. He should have brought the problem out into the open, rather than denying its existence. One asks oneself whether it was honest for a man of principled judgment to deal with the matter as he did. Was he not, against his own nature, acting pragmatically? Was he not bending the principle involved in order to justify his own involvement in the CSV?

As a committed adherent of ecumenism, Prof. Keet defended the CSV's interdenominationalism and multiracialism tooth and nail at a time when it was under attack from many quarters. Thanks largely to his efforts, the various sections of the association did not split up into separate associations during the period of his chairmanship.

His involvement in the CSV, as well as his wife's in the Kindersorgvereniging [Child Care Association], opened his eyes at an early stage to **increasing racial prejudice** among whites, and set him against the narrow-mindedness of some Afrikaners.

Prof. Keet opposed the institutionalisation of racial prejudice in the policy of apartheid and its Scriptural justification by some theologians. Initially he was able to accept apartheid on practical grounds, but he later came to the conclusion that the system was unjust.

Consequently he began to question the policy in his writings and lectures. He did not claim to have a solution himself, but he tried to show how the problem should be approached. He regarded it as essential that leaders of all population groups should work out a solution together. His view, so convinced was he of the urgency of the problem, was that if the

³ *Die Kerkbode*, 12 February 1936, 311.

government could not arrange such a dialogue, the churches would have to take the extraordinary step, in these extraordinary circumstances, of getting such a discussion off the ground.

After Prof. Keet's death, Prof. Dawid de Villiers wrote the following of him: "In sy geskryfte staan daar uitsprake wat as profetiese vooruitgrype vandag eers waar word. 'n Mens kan nie ontken dat prof. Bennie in baie opsigte sy tyd vooruit was nie. Vir hierdie soort mense in hul ongekomplimiteerdheid is daar in hulle eie tyd gewoonlik nie plek nie. Profete was nog nooit geliefde mense nie, van die dae van die Ou Testament tot vandag toe." [There are pronouncements in his writings which, in their prophetic prolepsis, are coming true only now. One cannot deny that Prof. Bennie was, in many respects, ahead of his time. The uncompromising nature of such people usually means that there is no place for them in their own time. Since the days of the Old Testament, prophets have always been unloved.]⁴

Prof. Keet's insistence on justice has found its way into the constitutional dispensation of present-day South Africa, and can be discerned in views held by those in government office. The just treatment of all inhabitants is a principle which still endures. Prof. Keet's proposal that all leaders should meet to work out a solution together could hardly be more topical. If one assesses Keet's life in the context of current events, he certainly seems to have been proven right.

It has to be conceded, however, that Stellenbosch was an "academic ivory tower" for the respected professor, and this is probably why his feet were not always on the ground, and why he did not take sufficient account of reality. To some extent, perhaps, he was a dogmatist who reasoned analytically and logically without adequately recognising the fact that he had to deal with the day-to-day lives of people with established values and attitudes. The reality of racial

⁴ D.W. de Villiers in *Die Kerkbode*, 23 April 1975, 547.

feelings towards people of colour, for example, probably did not carry enough weight in his analyses.

Prof. B.B. Keet's retirement was a blow to those who opposed the Scriptural justification of apartheid. Thom put it as follows: "In spite of the heavy influence of apartheid, B.B. Keet remained steadfastly obedient to Scripture. When he was succeeded by F.J.M. Potgieter in 1960, the victory of ideology seemed complete."⁵

In his final years it must have seemed to Prof. Keet that his opposition to the tenets of apartheid had gone unheeded. In an attempt to relativise his influence, he was increasingly typified and characterised as a "Sap" and an opponent of apartheid. His participation in "Pro Veritate", the official organ of the Christian Institute, caused even greater antipathy. Yet he never lost the respect he enjoyed.

3. After his death on 21 June 1974, the influence which he had exerted on theologians, clergymen, the Church and society was the one factor that was universally emphasised.

This influence extended over many years and over a wide area, beginning with his involvement in the **Second Afrikaans Language Movement**. His zeal in this cause contributed to the recognition of Afrikaans as an official language of state and church. His part in creating an Afrikaans translation of the Bible was of particular importance. He not only advocated such a translation, but also participated over a long period of time in the work which culminated in its publication. For decades after that, he assisted in the continual process of revision.

Then there was **his influence as a theologian** at the Seminary. He taught prospective clergymen for forty years, and by the time he retired, all the teachers at the Dutch Reformed Church's two theological institutions in Stellenbosch and Pretoria were former students of his! The fact that he taught

⁵ Thom, G: **The development of theology at Stellenbosch from 1859-1919**, unpublished dissertation, Rhodes University, 1989, 342

all of them the tenets of the Free University of Amsterdam brought about a turning point in the theological approach of the Dutch Reformed Church. Of particular importance was the emphasis he placed on the local congregation in his teaching of church polity. J.J. van Oosterzee's "Christelijke Dogmatiek" was replaced by H. Bavinck's "Gereformeerde Dogmatiek", which precipitated a movement away from the tradition of the Biblical apologetic movement and towards the reformed confessional approach of the Free University of Amsterdam.

His ecumenical disposition made him into an opponent of the increasing self-isolationism of the Afrikaner Christian. It is true to say that it was thanks to Prof. Keet in particular that the CSV remained an interdenominational, interracial and international association for many years.

Prof. Keet was one of the first to **oppose the Scriptural justification of apartheid**. Partly thanks to him, what began as a trickle began to flow with increasing force, culminating in the fact that Afrikaners have reconsidered their position and are today trying a different approach.

Prof. Keet's view that the Church should not take its lead from other institutions is as valid today as ever. It is the Church that must take the lead, and guidance should be sought from the Word alone. If this is to be achieved, all clergymen should, as Prof. Keet did, take to heart the words of Malachi: "For the priest's lips should keep knowledge, and they should seek the law at his mouth: for he is the messenger of the Lord of hosts."

4. In **criticism of Keet**, an important question is why he took a firm stand on certain matters, such as the recognition of Afrikaans, the inclusiveness of the CSV and racial discrimination, while in other important situations, such as the Du Plessis case and the influence of "methodism" in the CSV, he remained in the background. These were, after all, important matters. Was the nature of his personality the

deciding factor in some situations and Scripture in others? In other words, was he inconsistent?

Perhaps the answer should be sought in the value which Prof. Keet attached to sound human relations. As an inherently loyal person, he tried, as far as he was able, to support his friends and colleagues in matters about which they felt strongly. This is how he approached Tobie Muller and the CSV executive. In the Du Plessis case, he saw no reason to desert his esteemed colleague.

Prof. Keet's opposition to racial discrimination was a somewhat different matter. As an academic, he gave his verdict on the positions of the 1949 synod. In doing so, however, he exposed himself to being politically categorised, which forced him to an increasing extent into a defence of his own position. This led to a gradual development of his ethical assessment of the political policies of the state, which increasingly alienated him from prevailing views. There was therefore no question of his views in this area being influenced by identification with friends, colleagues or fellow executive members, and it can be concluded that he was definitely not inconsistent in his approach to different matters.

An aspect which does merit criticism is Prof. Keet's view of the church and church office. As far as his **view of the church** was concerned, he was inconsistent in emphasising the importance of local congregations in his lectures, while defending the extra-ecclesiastical character of the CSV on the basis of the distinction between an institution and an organism. Neither did he succeed in putting this theoretical approach into practice in his personal life, in that he and his wife practised their faith chiefly in the CSV and the Child Care Association, and remained somewhat aloof from their own local congregation.

Prof. Keet's **view of church office**, as expressed in "Orde in die Kerk", was inherently inconsistent. On the one hand he held firmly that the office functioned under the direction and

supervision of the church. On the other hand, he maintained that a minister of religion held office permanently, unless the Church removed him by way of a disciplinary action, or he stepped down himself. Whenever a person left the service of a congregation in order to perform spiritual work outside a congregation, according to Keet, he did not forfeit his status as a minister. However, since he did not work directly under the guidance of a church council in performing such a task, he should, upon returning to the ministry of a congregation, first be investigated before he could again be installed in a congregation.⁶

By way of a **concluding remark** on the life of Barend Bartholomeus Keet, one can state with confidence that God called him to humble service in this world to show others the way to His Word. The limitations of his insights notwithstanding - he was, after all, merely human - he carried out this task with distinction. Even today, his exceptional powers of reasoning, his outstanding sense of justice and his strong feeling against partisanship are beacons, showing the way forward.

⁶ Keet, B.B.: **Orde in die Kerk**, Cape Town, 1963.

BRONNELYS**1. LITERATUUR**

Afrikaanse Studentebond: **Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners, 1875-1925**, Potchefstroom, 1926.

Algra, H.: **Het wonder van de negentiende eeuw, van vrije kerken en kleine luyden**, Franeker, 1965.

Bavick, H.: **De wetenschap der Heilige Godgeleerdheid**, Kampen, 1883.

Booyens, B: **Die lewe van D.F. Malan**, Kaapstad, 1969.

Botha, A.J.: **Die evolusie van 'n volksteologie: 'n Historiese en dogmatiese ondersoek na die samehang van kerk en Afrikanervolk in die teologie van die N.G. kerk met besondere verwysing na die apartheidsdenke wat daaruit ontwikkel het**, Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984.

Botha, M.E.: **Christelik-nasionaal: Outentieke, ideologiese of gesekulariseerde nasionalisme? Die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika gedurende die periode 1877-1910**, Instituut vir Reformatoriese studies, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1982.

Bremmer, R.H.: **Herman Bavinck en zijn tijdgenoten**, Kampen, 1966.

Bremmer, R.H.: **Herman Bavinck als dogmaticus**, Kampen, 1961.

Brown, W: **Dominee Johannes Henoeh Neetling(1851-1904), 'n yweraar vir Godsvrug**, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenosch, 1987.

Christelik-nasionale Bond van Calviniste: **Die stigting van die Christelik-nasionale Bond van Calviniste**, s.l., 1928

Cottesloe Consultation, Johannesburg, 1960.

Cronjé, G., Groenewald, E.P. en W.M. Nicol: **Regverdige Rasse-apartheid**, Pretoria, 1947.

Cronjé, G: Voogdyskap en apartheid, Pretoria, 1948.

De Klerk, P.J.S.: Kerk en Sending in Suid-Afrika, Amsterdam, 1923.

De Villiers, C.C. en C. Pama: Genealogies of Old South African families, Kaapstad, 1981.

De Villiers, D.R.: Teologiese opleiding vir wit en swart deur die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing, Publikasiereeksno. 54, Pretoria, 1975.

Die Christen-Studentevereniging(1896-1936), Stellenbosch, 1936.

Die jeug vir Christus - CSV 1896-1946, Stellenbosch, 1946.

Die Kerksaak tussen prof. J.du Plessis en die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, Kaapstad, s.a.

Dingaansfeeskomitee Kaapse Skiereiland: Soewenier program honderdjarige herdenking Dingaansdag (1838-1938), Kaapstad, 1938.

Dreyer, A: Eeufees-gedenkboek van Bredasdorp, 1838-1938, Kaapstad, 1938

Dreyer, A: Eeufeest Album van de Nederduitse Gereformeerde kerk in Zuid-Afrika, 1824-1924, Kaapstad, 1924.

Du Plessis, J.: Die Gereformeerde Kerk in wording en werking, Paarl, 1925.

Du Plessis, J.A.: Die Gereformeerde Kerk en kerkregering gehandhaaf teen prof. J. du Plessis van Stellenbosch, Bloemfontein, 1925.

Du Preez, A.B.: Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: Die hoop vir Suid-Afrika, Pretoria, 1959.

Dutch Reformed Church: Christian Principles in multi-racial South Africa: a report on the conference, Pretoria 17-19 November 1953, Johannesburg, 1953.

Du Toit, P.R.: Die drie Afrikaanse kerke en die Rebelle, Proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1982.

Du Toit, S.J.: Di Bybel in Afrikaans, Dri proewe, Paarl, 1889.

Ebrard, J.H.A.: Christliche Dogmatik (2 vols.), Königsberg, 1863 en 1863.

Erasmus, A.E.: Die bediening van Johannes du Plessis (1858-1935) in die Ned. Geref. Kerk, met besondere verwysing na sy teologiese denke; ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1986.

Eeufeesuitgawe van die Kweekskool, Stellenbosch, 1859-1959, Kaapstad, 1959.

Fagan, G. en G: Kerkstraat in't Land van Waveren, Tulbagh, 1975.

Federale Raad vir die bestryding van maatskaplike euwels: Om hulle ontwil: Referate en besluite van die kerklike kongres ter bestryding van maatskaplike euwels, gehou te Johannesburg 6-8 Julie 1949, Pretoria, 1949.

Federasie van die Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika: Koers in die Krisis I, Stellenbosch, 1935.

Ferreira, I.L: Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch, 1858-1963, D.Th.-verhandeling Universiteit van Stellenbosch, 1972.

Fullard, W.S.(sam.): Eeufeesalbum van die Ned. Geref. gemeente Kimberly, 1872-1972, Kimberly, 1972.

Gedenkboek van die Teol. Seminarie (N.G.Kerk) Stellenbosch; Driekwart eeufes (1895-1934), Stellenbosch, 1934.

Geldenhuis, F.E. O'Brien: In die stroomversnellings: Vyftig jaar van die N.G. Kerk, Kaapstad, 1982.

Gerdener, G.B.A.: **Studies in the evangelisation of South Africa**, London, 1911.

Gerdener, G.B.A.: **Die boodskap van 'n man; Lewenskets van Prof. J. du Plessis**, Stellenbosch, 1943.

Gerdener, G.B.A.: **Reguit koers gehou: die wording, wese en werking van die N.G. kerk se sendingbeleid**, Kaapstad, 1951.

Gerrytz, E.J.: **Humansdorp se groei en bloei, 1049-1949**, Stellenbosch, 1949.

Geschiedenis van het ontstaan der Ned. Geref. gemeente Kruisvallei (saamgestel deur die plaaslike kerkraad), Kaapstad, 1886.

Geyser, A.S. e.a.: **Vertraagde Aksie, 'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende kerk**, Pretoria, s.a.

Goudzwaard, B: **Soewereiniteit in eiger kring**, Studiestuk no. 118, Instituut vir die bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1977.

Grense: 'n Simposium oor rasse- en ander verhoudinge, Stellenbosch, 1961.

Haitjema, Th.L: **De nieuwere geschiedenis van Neerlands kerk der Hervorming, van Gereformeed kerkstaat tot Christus-belydende volkskerk**, 's Gravenhage, 1964.

Haitjema, Th.L: **Nederlands Hervormde Kerkrecht**, Nijkerk, 1951.

Heine, Q.E.: **Die etiek van B.B. Keet**, B.Th-skripsie, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1986.

Henning, C.G.: **A cultural history of Graaff-Reinet (1786-1886)**, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971.

Hodge, C: **The Church and its Polity**, London, 1879.

Hodge, C.: **Systematic Theology** (3 vols.), London en Edinburgh, 1883

Hofmeyr, A.M.: **Die Laan en sy mense**, Stellenbosch, 1982.

Hofmeyr, N.J.: **Die Kerk en de regbank**, Kaapstad, 1865.

Hoge, J.: **Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806: Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis, negende jaargang**, 1946.

Jansen, J: **Kerkenordening van die Gereformeerde Kerken in Nederland**, Wageningen, 1917.

Jansen, J: **Korte Verklaring van de Kerkenordening**, Kampen, 1923.

Jonker, W.D.: **Om die regering van Christus en sy kerk**, Pretoria, 1965.

Joubert, W.A.: **De verhouding van gelooven en weten in de Nederlandsche Theologie der 19e eeuw, in het bijzonder bij Doedes en Van Oosterzee**, Amsterdam, 1910.

Keet, B.B.: **De Theologie van Ernst Troeltsch**, proefskrif Amsterdam, 1913.

Keet, B.B.: **Na honderd jaar: Die regeringsvorm van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Gereformeerde Beginnselen getoetst**, Stellenbosch, 1925.

Keet, B.B. en G. Tomlinson: **Tobie Muller, 'n inspirasie vir jong Suid-Afrika**, Kaapstad, 1925.

Keet, B.B.: **Christelike gereformeerde etiek: Klasaantekeninge**, Stellenbosch, s.a.

Keet, B.B.: **Gereformeerde Kerkreg: Klasaantekeninge**, Stellenbosch, s.a.

Keet, B.B.: **Ons Redelike godsdiens**, Stellenbosch, 1945.

Keet, B.B.: **Sedelike Vraagstukke**, Kaapstad, 1945.

Keet, B.B. **Die Kerk en die verenigingslewe**, Stellenbosch, 1946.

Keet, B.B.: **Suid-Afrika - Waarheen?**, Stellenbosch, 1955.

- Keet, B.B.: **Whither South Africa?**, Stellenbosch, 1956.
- Keet, B.B.: **Die etiek van apartheid**, Johannesburg, 1957.
- Keet, B.B.: **The ethics of apartheid**, Johannesburg, 1957.
- Keet, B.B.: **Orde in die Kerk**, Kaapstad, 1963.
- Keet, B.B.: **Klasaantekeninge Dogmatiek**, s.a.
- Keet, B.B.: **'n Noodsaaklike herinnering**, s.l., 1968.
- Kleynhans, E.P.J.: **Die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned. Geref.Kerk in Suid-Afrika, 1795-1962**, s.l., 1974.
- Kok, J.H.M.: **De Nederduits Gereformeerde Gemeente van Kruisvallei**, Paarl, 1899.
- Kristelik-Nasionale Bond van Calviniste in Suid-Afrika: **Die stigting van die Christelik-nasionale Bond van Calviniste in Suid-Afrika: verslag van die Stigtingskonferensie**, 1929.
- Lombard, R.T.J.: **Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek, met spesiale verwysing na die jare 1948-1961**, Silverton, 1974.
- Luckhoff, A.H: **Die Cottesloe-kerkeberaad**, Proefskrif(Ph.D), Universiteit van Witwatersrand, 1975.
- Mackinnon, J.: **South African Traits**, Edinburgh, 1887.
- Macpherson, J: **Presbyterianism**, Edinburgh, s.a.
- Malan, D.F.: **Afrikaner volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen**, Kaapstad, 1959.
- Malan, F.S.: **Ons Kerk en prof. Du Plessis**, Kaapstad, 1933.
- Malan, F.S.: **Gedenboek van die Ned. Geref. gemeente Kruisvallei**, 1927.
- Malan, C.J.: **De nadere reformatie**, Potchefstroom, 1981.

- Mulder, H.W.J.: **Groen van Prinsterer: Staatsman en Profeet, Franeker, 1973.**
- Muller, C.F.J.: **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, Pretoria, tweede uitgawe, 1975.**
- Muller, T.B.: **Die geloofsbelydenis van 'n nationalis. Voorlesing gehou in verband met die Afrikaanse Taalvereniging, Stellenbosch, 1913.**
- Muller, T.B.: **Nationaalbewustzijn en Godsbewustzijn, Preke geleverd door dr. T.B. Muller, s.l., 1913.**
- Moorrees, A.: **Die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, Kaapstad, 1937.**
- Naudé, J.F.: **Kerklike moeilikhede op Graaff-Reinet 1921-1928, Graaff-Reinet, 1928.**
- Nauta, D. (red.): **Biographisch Lexicon voor de Geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme, II, Kampen, 1983.**
- Ned. Geref. Kerk: **Christian principles in multi-racial South-Africa: Report on the Dutch Reformed conference of church leaders, Pretoria, 17- 19 November 1953, Johannesburg, 1953.**
- Ned. Geref. Kerk(Inligtingsburo): **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en Rasseverhoudinge; Opsomming van die belangrikste uitsprake en besluite vanaf 1950-Desember 1960, Pretoria, 1961.**
- Neethling, M.: **Unto children's children, London, 1909.**
- Nienaber, P.J.: **Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, Kaapstad, 1934.**
- Oberholster, J.J.: **Historiese monumente van Suid-Afrika, Kaapstad, 1972.**
- Oberholster, J.A.S.: **Die Bybel in Afrikaans, Kaapstad, 1958.**

- Odendaal, B.J. : **Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland, 1652-1952, veral met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk, Franeker, 1957.**
- Olivier, P.L.: **Ons gemeentelike feesalbum, Kaapstad, 1952.**
- Paton, A.: **Hope for South Africa, London, 1958.**
- Pelzer, A.N. (red.): **Verwoerd aan die woord (Toesprake 1948-1966); Johannesburg, 1966.**
- Pelzer, A.N.P.: **Die Afrikaner-Broederbond: Die eerste vyftig jaar, Kaapstad, 1979.**
- Pienaar, S.W.: **Glo in u volk: Dr. D.F. Malan as redenaar, 1908-1954, Kaapstad, 1964.**
- Rasker, A.J.: **De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795, haar geschiedenis en theologie in die negentiende en twintigste eeuw, Kampen, 1974.**
- Raubenheimer, O.S.H.: **Die Skrif en die rassevraagstuk, M.Thesis, Universiteit van Stellenbosch, 1949.**
- Referate van die kerklike kongres van die gefedereerde N.G. kerk insake Naturellevraagstuk, 1950**
- Royaards, H.J.: **Hedendaagsch Kerkrecht bij de Hervormden in Nederland, 2 dele, Utrecht, 1834.**
- Runia, K: **Evangelisch-Reformatorisch-Gereformeerd, Appeldoorn, 1984.**
- Rutgers, F.L. en De Savornin Lohman, A.F.: **Het kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde kerken, gelijk dat gekend word uit de handelingen van den Amsterdamschen kerkeraad in den aanvang der seventiende eeuw, Amsterdam, 1882.**
- Rutgers, F.L.: **De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken, Amsterdam, 1887.**
- Rutgers, F.L.: **Acta van de Nederlandsche synoden der zestiende eeuw, 's Gravenhage, 1889.**

Rutgers, F.L.: **De geldigheid van de oude kerkenordeningen der Nederlandsche Gereformeerde kerken**, Amsterdam, 1890.

Rutgers, F.L.: **Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt**, Amsterdam, 1894.

Rutgers, F.L.: **De beteekenis van de gemeenteleden als zoodanig, volgens de beginselen, die Calvyn heeft toegepast**, Amsterdam, 1906.

Rutgers, F.L.: **Kerkelijke Adviezen**, Kampen, 2 dele, 1921.

Schmidt-Pretoria, W: **Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes**, Hannover, 1938.

Sass, F.W.: **The influence of the Church of Scotland on the Dutch Reformed Church in South Africa**, Ongepubliseerde proefskrif, Edinburgh, Skotland, 1956.

Schram, P.L.: **Jacobus Isaac Doedes**, Wageningen, 1952.

Smuts, F.(red.): **Stellenbosch drie eeue**, Stellenbosch, 1979.

Spoelstra, B: **Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering**, Hammanskraal, 1989.

Stodart, C. F. le R.: **Die Nederduitse gereformeerde ring van Graaff-Reinet - 'n tipering en beskrywing van sy werksaamhede, 1824-1928**, ongepubliseerde D.Th.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1983.

Stoker, H.: **Oorsprong en Rigting 1**, Kaapstad, 1967.

Stoker, H.G.: **Die stryd om die ordes**, Potchefstroom, 1942.

Statute van die Unie van suid-Afrika, 1957, deel 1.

Thom, H.B.: **Stellenbosch 1866-1966; Honderd jaar van Hoër onderwys**, Kaapstad, 1966.

Thom, G: **The development of theology at Stellenbosch from 1859-1919**, ongepubliseerde proefskrif, Rhodes Universiteit.

Van der Watt, G: **G.B.A. Gerdener - Koersaanwyser in die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sending en ekumene**, D.Th.-proefskrif, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein, 1990.

Van Oosterzee, J.J.: **Het Leven van Jesus**, Utrecht, 1846.

Van Oosterzee, J.J.: **Christelike Dogmatiek**, Utrecht, 1872.

Van Rhijn, M: **Gemeenskap en Vereenzaming. Een studie over J.J. van Oosterzee**, Amsterdam, 1940.

Van Staden, F.A.H.: **Kerkorde in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1970**, ongepubliseerde D.D.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1973.

Veenhof, J: **Revelatie en inspiratie: de Openbarings- en Schriftbeskouing van Herman Bavinck in vergelyking met die der ethische theologie**, Amsterdam, 1968.

Von Sauberzweig, H: **Er der Meister wir die Brüder**, Denkendorf, 1977.

Vorster, J.D.: **Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse kerk onder die Kompanjie, 1652-1795**, Potchefstroom, 1956.

Vorster, J.D.: (red.): **Veelvormigheid en Eenheid**, Kaapstad, 1978

Vos, G.J.: **De tegenwoordige Inrichting der Vaderlandsche kerk**, Dordrecht, 1884.

Vos, G.J.: **Systematische uiteenzetting van het tegenwoordig Nederlandsch-Hervormde Kerkrecht**, Utrecht, 1889.

Weich, A.A.: **Christus die deur: de twee rigtings van die Calvinisme, deur "Bekommerd"**, Kaapstad, 1936.

Winckel, W.F.A.: **Leven en arbeid van dr. A. Kuyper**, Amsterdam, s.a.

2. PERIODIEKE PUBLIKASIES

2.1 KOERANTE

Cape Times, verskeie uitgawes

Daily Telegraph, 18 November 1953

Die Burger, verskeie uitgawes

Die Kerkbode, verskeie uitgawes

Die Vaderland, 5 September 1956, 4 Julie 1957

Die Volksblad, 27 Januarie 1956; 2 Februarie 1956; 2 Augustus 1956

Die Weste, Klerksdorp, 11 Julie 1957

Eastern Province Herald, 17 Augustus 1957

Eikestadnuus, 2 Oktober 1959; 26 Junie 1974

Evening Post, Port Elizabeth, 27 Julie 1957

Natal Daily News, 21 Januarie 1956

Onze Courant, 7 Augustus 1918, 7 November 1918, 7 Augustus 1919

Pretoria News, 27 Julie 1957

Rand Daily Mail, 1 Februarie 1956, 3 Februarie 1956

Re-Echo, 5 Oktober 1910; 6 Mei 1959

Suid-Ooster, 5 Junie 1959

Sunday Times, 24 November 1963

The Cape Argus, verskeie uitgawes

The Star, 21 Januarie 1956

2.2 TYDSKRIFTE

Die Gereformeerde Vaandel, verskeie uitgawes

Die Huisgenoot, 28 Augustus 1953

Die Kerkblad, 7 Februarie 1928

Die Ou Paaie 1926-1932

Die Wekroep, Februarie 1949

Forum, 18 Januarie 1941;

Gereformeerde Maandblad, Januarie 1919, Februarie 1920, Maart 1920, November 1920

Het Zoeklicht/Die Soeklig, 1924-1936

Inspan, Desember 1944

Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, Desember 1959, Junie 1965

Ons Land, 23 Julie 1914

Ons Moedertaal, 15 Augustus 1914; 15 September 1914

Op die Horison, Maart 1954

Pro Veritate, 1962 - 1974

Stellenbosch Students' Quarterly, 1907 - 1910

The Christian Council Quarterly, Desember 1953, Mei 1957

The Forum, Desember 1953

The South African Outlook, 1 November 1956; 1 April 1957

Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Oktober 1958

Zuid-Afrika, September 1974

3. ARGIVALE BRONNE

3.1 GEPUBLISEERDE BRONNE

Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk van S.A.: Handeling, 1968

Die bepalinge en reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1961

Raad van Kerke: Handeling, 1929, 1947, 1955, 1957

Sinode van Kaapse Kerk: Skema van werksaamhede, 1919

Sinode van Kaapse Kerk : Handeling 1915-1970

Sinode van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk: Handeling 1957, 1961

Sinode van die Vrystaatse Kerk: Handeling 1916

Sinode van die Ned. Geref. Kerk Suid-Transvaal: Handeling 1968

3.2 STAATSARGIEF, (KERKARGIEF), KAAPSTAD

De Lange, J.H.: Dagboek, P 78-3/1

Federale Sendingraad, Notule 1950, SA(A) 1/1/1/3

Generale monsterrolle, 1750 -1755, VC44

Huweliksregister, Kruisvallei-gemeente, 5 Desember 1916, G43-5\1

Huweliksregister, Ned. Geref. gemeente Kaapstad, 1762 G1-13

Huweliksregister, Ned. Geref. gemeente Murraysburg, 1878, G38-3/2.

Inkomende briewe; F. Sypkens-J. du Plessis, 14 Augustus 1920; P2-2/1

Inkomende briewe: P.J.G. de Vos - J. du Plessis, 3 April 1916;
P2-2/1

Kerkbode-kommissie: Notule 25 Maart 1931, AS 8/1/1

Kerksaak: Dokumente en Uitgaande briewe, P2-3/1

Kuratorium: Notule 1907-1960, S20 - 1/2

Ned. Geref. gemeente Graaff-Reinet: Kerkraadsnotule 1900-1928,
G6 1/6

Ned. Geref. gemeente Humansdorp: Kerkraadsnotule 1894-1920,
G58 1/2

Ned. Geref. gemeente Noorder-Paarl: Kerkraadsnotule 1913-1916,
G42 1/2

Ned. Geref. gemeente Roodezand, Kerkraadsnotule 1816-1817, G4-
1/3

Politieke Raad: Rekweste en nominasies, 1766, vol. 1145

Plakboeke met artikels uit koerante i.v.m prof. Keet, P86/1-5

Raad van Kerke: Briewe en verslae 1953-1961, SA(A)4 2/1-2/5

Raad van professore van Teologiese Seminarium Stellenbosch:
Notule 1907-1974, S20/9/1-3

Ring van Graaff-Reinet: Notule 1916-1928 R3/6-10

Ring van Graaff-Reinet: Inkomende briewe R 3/10b

Ringskommissie van die Ring van Stellenbosch, Notule 1929-
1933, R22 (d)

Ring van Stellenbosch: Notule 1926-1932 R22(b)

Ring van Paarl: Notule 1914-1917, R10/(b) 1

Sinodale kommissie van die Kaapse Kerk: Notule 1917-1927,
S2/1/5

Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk: Notule 1930 S2/1/6

Uitgaande Briewe: J.du Plessis-W.H.Murray, 20 September 1929,
p2-2

3.3. ARGIEF: UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

Calender South African College School and SA College, 1901 en
1904

Kwartaalblad Universiteit van Kaapstad, 1920, vol. 3, no. 1 en
2

South African College: Toelatingsregister 1902, 1903, 1904

South African College: Punteregister, Classical Department,
1900-1903

Universiteit van Kaapstad universiteitsenaat: Notule 19
Oktober 1953

Universiteit van Kaapstad universiteitsraad: Notule 28 Oktober
1953 en 25 November 1953

University of Cape of Good Hope: Calender 1917-1918

3.4. BIBLIOTEK: UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Universiteitsraad: Notules 1907-1966

Universiteitsenaat: Notules 1907-1966

Jaarboek 1920-1967

3.5. ARGIEF: ACSV-HOOFKANTOOR STELLENBOSCH

Hoofbestuur: Notule 1920-1966

Uitvoerende bestuur: Notule 1920-1966

3.6. AFRIKAANSE TAALMUSEUM: Nienaberversameling

Afrikaanse Bybelkommissie: Notule 22 November 1916, Lêer N366(b).

Breë kommissie vir Bybelvertaling: Notule 1917-1933.

Brief B.B. Keet - Breë Kommissie vir Bybelvertaling, 19 Februarie 1925, Lêer N366(a).

Brief B.B. Keet - C.F. Kies, 31 Oktober 1924, lêer N366(a).

Program vir die verwelkoming van die Bybel in Afrikaans te Bloemfontein, lêer N367 (d).
